

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 63 | Volume 63 | **JUNIE 2023**
Nommer 2 | Number 2 | **JUNE 2023**



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751

Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opperig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra



2

Uitgewer/Publisher

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

The South African Academy for Science and Arts

Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574

Privaat sak/Private bag X11

Sunnyside 0132

Suid-Afrika/South Africa

Junie/June 2023

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

HOOFREDAKTEUR / EDITOR-IN-CHIEF:

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

REDAKSIEKOMITEE / EDITORIAL COMMITTEE

DP (Danie) Goosen – Godsdienwetenskap/Religious Studies (Akademia, Pretoria)

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics (Nelson Mandela Universiteit, Port Elizabeth)/(Nelson Mandela University, Port Elizabeth)

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

JJ (Koos) Malan, Publikereg/Public Law (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

Susan Meyer – Afrikaans, Opvoedingswetenskappe/Afrikaans, Education Sciences (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JP (Cillers) van den Berg – Duits; Algemene Literatuurwetenskap/German; Theory of Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL (vervolg)

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

REDAKSIE – INTERNASIONAAL / EDITORIAL BOARD – INTERNATIONAL

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)/(Leiden University, The Netherlands)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)/(Free University and University of Amsterdam, The Netherlands)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdienfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)/(Free University, Amsterdam, The Netherlands)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)/(Radboud University, Nijmegen, The Netherlands)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)/(University of Maastricht and Catholic University of Leuven, Belgium)

Ex officio: A (Anne-Marie) Beukes – Hoof- Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

Journal of Humanities by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

Intekengeld vir 2023 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):

Subscription fees for 2023 in South Africa (VAT and postage included):

Tydskrif vir Geesteswetenskappe: R400,00 per jaargang/volume

S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie: R350,00 per jaargang/volume

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

Rig korrespondensie aan/Correspondence to:

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Sunnyside 0132, Suid-Afrika/South Africa

E-pos: publikasies@akademie.co.za

Webwerf: <http://www.tgwsak.co.za>

Tel: 0861 333 786

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Jaargang 63 Nummer 2, Junie 2023 / Volume 63 Number 2, June 2023

Inhoudsopgawe

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (1): Geloof en wetenskap

INA WOLFAARDT-GRÄBE Redakteursnota.....	191
JOHAN DREYER, KOBUS VAN DER WALT EN RUDY DENTON Die oorsprong van alles: “Dit was aand en dit was oggend” / <i>The origin of everything: “And there was evening and there was morning”</i>	192
JOHAN DREYER EN KOBUS VAN DER WALT Die ontstaan van lewe: “In die begin was die Woord daar” / <i>The origin of life: “In the beginning was the Word”</i>	211
JOHAN DREYER EN KOBUS VAN DER WALT Die oorsprong van die mens: “Laat Ons mense maak” / <i>The origin of man: “Let us make humans”</i>	229
JOHAN DREYER EN KOBUS VAN DER WALT Boosheid in die mens: “Tot stof sal jy terugkeer” / <i>Evil in humankind: “To dust you shall return”</i>	246

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (2)

FANIE CLOETE Die Nasionale Party se Machiavelliaanse strategieë vir demokratisering in die 1980's en 1990's in Suid-Afrika / <i>The National Party's Machiavellian strategies for democratisation in the 1980s and 1990s in South Africa</i>	262
ESMARIE MYBURGH, LINDIE DU PLESSIS EN RENÉ VAN DER VYFER Die belangrikste kultuurelemente van Afrikanerbesienswaardighede / <i>The most important cultural elements of Afrikaner attractions</i>	285
JANNIE ROSSOUW Die laaste geografies omvattende kulturele viering van Afrikaans: Die fakkelloop tydens die Taaljaar 1975 / <i>The last geographically inclusive cultural celebration of Afrikaans: The torch run of the Language Year 1975</i>	307
NEIL VAN HEERDEN Die spanningsverhaal: 'n Teoretiese beskouing en bespreking van drie voorbeelde in Afrikaans / <i>The suspense novel: A theoretical overview and discussion of three examples in Afrikaans</i>	327

RONÉ WIERINGA

“Gaan loop speel!”: Die inchoatiewe niehoofwerkwoorde *gaan* en *loop* / “*Gaan loop speel!*”:
The inchoative auxiliary verbs gaan and loop in Afrikaans 346

CHRISTO BISSCHOFF EN DOROTHY FLINT

Faktore wat handelsmerklojaliteit bepaal in ’n pandemiese besigheidsmilieu / *Factors
determining brand loyalty in a pandemic business environment* 364

STEPHAN GEYER en JOYCE JORDAAN

Professionele persone in maatskaplike diensberoepe se kennis van en houding teenoor
ouer persone: Implikasies vir voortgesette professionele ontwikkeling / *Social service
professionals’ knowledge of and attitudes towards older persons: Implications for continuing
professional development* 383

PIET STRAUSS

Die hervorming van apartheid in die 1980’s: Die politieke benadering van PW Botha en die
kerklike inset van JA Heyns / *The reform of apartheid in the 1980’s: The political approach
of PW Botha and the ecclesiastical contribution of JA Heyns* 402

RIAAAN EKSTEEN

Historiese perspektief: Redes vir en gevolge van die betrokkenheid van groot moondhede in
die Suezkanaal (Egipte) in besonder voor 1956 (1) / *Historical perspective: Reasons for and
consequences of the involvement by great powers in the Suez Canal (Egypt) in particular
before 1956 (1)* 420

TAALRUBRIEK

TOM McLACHLAN

Om te *ge-* of nie te *ge-* nie 452

BOEKBESPREKINGS / BOOK REVIEWS

G POOL

*Jagters, Slagters en Wildwagters in Suidwes-Afrika: Kroniek van Mens en Wild: Die
verhaal tot 1960* deur ELP Stals 455

HEIN VILJOEN

Petra Müller se ryk oeuvre uit nuwe hoeke betrag. *Petra Müller: Die skerpgevyelde oomblik;
’n Huldiging* deur Karen de Wet 457

UITNODIGING

Oproep om bydraes: *Afrikaans 100: 1925–2025* 462

VOORSKRIFTE / GUIDELINES 464

Redakteursnota

In hierdie afdeling word die eeu oue vraagstuk oor die verwantskap tussen geloof en wetenskap op 'n boeiende wyse beredeneer.

Elke artikel word ingelui met 'n verslag oor die mees resente natuurwetenskaplike navorsing – vanaf evolusieteorie tot die jongste “ontdekkings” met behulp van die James Webb-teleskoop. Die outeurs toon aan dat alhoewel die meerderheid kontemporêre wetenskaplikes steeds bewyse voorhou dat lewe 'n natuurlike oorsprong gehad het, daar ook 'n groeiende getal gesaghebbende navorsers is wat beweer “dat die voorwaardelike toestande vir lewe, sowel as die kompleksiteit daarvan, dui op fyn beplande, begeleide meganismes”. In hierdie vier artikels bevraagteken en problematiseer die outeurs daarom 'n uitgangspunt wat by voorbaat enige metafisiese interpretasies oor die ontstaan van die skepping uitsluit.

In teenstelling met 'n uitsluitend-normatiewe materialistiese vertrekpunt, skaar die outeurs hulle by navorsers wat oop is vir ander verklarings en wat die data volg tot die mees waarskynlike, logiese gevolgtrekking, naamlik “die voortdurende betrokkenheid van 'n Skepper vanaf voor die beginmoment van die skepping, tot op hede”.

Die sentrale uitgangspunt – wat stap-vir-stap uiteengesit word – is daarom “dat kontemporêre waarnemings in alle dissiplines van die natuurwetenskap, die beste verklaar word deur die bestaan en betrokkenheid van God in die skepping”. Die outeurs redeneer dat daar steeds talle onbeantwoorde vraagstukke is wat nóg deur natuurwetenskaplikes, nóg deur teoloë afdoende verklaar kan word en dat dit daarom noodsaaklik is dat:

Natuurwetenskaplikes wat strewende na integriteit in hul wetenskapsbeoefening, ... alle moontlike verklarings vir empiriese data met 'n gelyke mate van respek en aandag [behoort] te oorweeg in hul soeke na die waarheid

Die redaksie nooi lesers hiermee uit om te reageer op die artikels, hetsy deur 'n (kort) meningstuk of 'n volwaardige navorsingsartikel. Ons akkommodeer graag debat en diskoers oor belangwekkende vraagstukke vanuit verskillende uitgangspunte.

INA WOLFAARDT-GRÄBE

Redakteur: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*

E-posadres: publikasies@akademie.co.za

Die oorsprong van alles: “Dit was aand en dit was oggend”

The origin of everything: “And there was evening and there was morning”

JOHAN DREYER

Onafhanklike navorser

Coligny

Suid-Afrika

E-pos: johandreyer@truenw.co.za



Johan Dreyer



Kobus v/d Walt

KOBUS VAN DER WALT

Filosofie van Natuurwetenskap en Tegnologie

Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

Suid-Afrika

E-pos: kobus.vanderwalt@nwu.ac.za

RUDY DENTON

Praktiese Teologie

Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

Suid-Afrika

E-pos: rudydenton@outlook.com



Rudy Denton

JOHANNES HENDRIK DREYER verwerf die grade BSc Agric (UP), BSc Agric Hons (UOVS), sowel as MSc Agric (NWU), telkens met Landbou-ekonomie as spesialisveld. In 2022 verwerf hy die PhD in Dogmatiek¹ aan die NWU, nadat hy verskeie teologiese toelatingseksamens suksesvol afgelê het. In sy loopbaan bestuur hy die Landbou-ekonomie-afdeling van Sentraal-Wes Koöperasie, tree op as Ekoonom by die Suid-

JOHANNES HENDRIK DREYER obtained the degrees BSc Agric (UP), BSc Agric Hons (UOVS), as well as MSc Agric (NWU), with Agricultural Economics as specialist field. In 2022, he obtained the PhD in Dogmatics² at the NWU, after having successfully completed several theological entrance exams. In his career he managed the Agricultural Economics Department of Central-West Cooperation, acted as

¹ Erkenning word gegee aan Prof. CFC Coetzee (Promotor), wat saam met Dr. Rudy A Denton (medepromotor), en Prof. IJ vd Walt die studieleiding van die PhD waarop hierdie artikel gegrond is, behartig het.

² Acknowledgment is given to Prof. CFC Coetzee (Promoter), who together with Dr. RA Denton and Prof. IJ vd Walt co-supervised the PhD on which this article is based.

Datums:

Ontvang: 2022-11-30

Goedgekeur: 2023-03-20

Gepubliseer: Junie 2023

<p>Afrikaanse Wolraad, en dien ook as Projekbestuurder by die Ontwikkelingsbank van Suid-Afrika. Sedert 1987 boer hy naby Coligny in die Noordwes-provinsie, Suid-Afrika.</p>	<p>Economist at the South African Wool Council, and served as Project Manager at the Development Bank of South Africa. Since 1987, he has been farming near Coligny, Northwest Province, South Africa.</p>
<p>IZAK JACOBUS VAN DER WALT is sedert 1990 'n dosent in die Fakulteit Natuurwetenskappe aan die NWU. Sy aanvanklike navorsingsfokus was Aardkundige wetenskappe, met spesialisasie in Omgewingsbestuur. Na verwerwing van die PhD-graad in 1993, vorder hy tot departementshoof van Geografie en Omgewingsbestuur. In 2010 is hy benoem as professor in die Filosofie van Natuurwetenskap en Tegnologie aan die NWU. Hy dien die afgelope 9 jaar as Raadslid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.</p>	<p>IZAK JACOBUS VAN DER WALT was appointed as lecturer in the Faculty of Natural Sciences at the Northwest University, South Africa, in 1990. His initial research focus was Earth Sciences, with specialisation in Environmental Management. After obtaining the PhD degree in 1993, he was promoted to Head of Department of Geography and Environmental Management. In 2010 he was appointed as professor in Philosophy of Natural Science and Technology at the NWU. He served as Council member of the South African Academy for Science and Arts for the past 9 years.</p>
<p>RUDY A DENTON is 'n buitengewone navorser in Praktiese Teologie in die Fakulteit Teologie aan die Noordwes-Universiteit. Sy navorsingsveld is pastoraatstudies, met 'n fokus op vergifnis en Christelike sielkunde vanuit 'n Gereformeerde perspektief. Hy is die outeur van verskeie artikels in geakkrediteerde tydskrifte en hoofstukke in versamelde werke. Hy dien as sekretaris van die Vereniging vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika en is 'n lid van plaaslike en internasionale akademiese vakverenigings.</p>	<p>RUDY A DENTON is an extraordinary researcher of Practical Theology in the Faculty of Theology at the North-West University. His field of research is pastoral studies, focusing on forgiveness and Christian psychology from a Reformed perspective. He authored numerous articles in accredited journals, as well as chapters in several collective works. He serves as secretary of the Society for Practical Theology in South Africa and is a member of local and international academic associations.</p>

ABSTRACT

The origin of everything: “And there was evening and there was morning”

Darwin's 18th century theory of evolution was an elegant, sensible, and logical explanation of observed data. It was embraced by the scientific community of the time since it offered an alternative to the creation narrative in the Bible. Proponents of the theory were convinced that the origin and multitude of life on earth could be fully explained by evolution and natural selection. Over time, the theory of evolution acquired normative status, which led to the totality of human knowledge being interpreted through a filter of random chance. Opponents of this materialistic view were in many cases branded as fringe figures.

Subsequently, however, science and technology have developed dramatically, and new observations have led to a growing number of questions that cannot be explained by an unguided, random process.

In this article (the first in a series of four on this topic), a few examples of such contemporary observations are presented. These include:

- *Origin of the universe*

Seminal work by scholars such as Slipher, Hubble, Lemaitre, Einstein and others indicate that the universe came into being at a specific moment. This was contrary to the idea of a perpetual

universe, as believed by e.g., classical Greek scholars. The implication of a moment of creation is that there must have been a “cause of creation” (Creator) that is not bounded by, or subject to, matter, energy, space, or time, because none of these existed before the moment of creation.

- *Fine-tuning of the universe*

Since the 1950's, numerous scientific discoveries indicate that life depends on a highly unlikely combination of forces, characteristics, and balances in the universe, such as e.g., fundamental forces that have exactly the right magnitudes, contingent properties that exhibit exactly the right characteristics, as well as the initial configuration of matter and energy perfectly tuned to allow for anything to exist. These life-permitting properties of the universe fall within highly improbable, precise boundaries, commonly referred to as “anthropic contingencies” by materialist scientists. If any one of these properties were changed even in an infinitesimal way, the life-promoting conditions, found in the universe would not exist. Not only is the observed simultaneous, conditional accuracy highly improbable, but there appears to be no conceivable physical cause (reason) or philosophical necessity why these parameters exhibit the particular values they do. Contrary to scientists with a materialistic worldview, who attribute the fine-tuning to a happy accident (a random accident of physics), a growing number of scientists and philosophers conclude that the universe was designed with great care by a Creator who transcends time, matter, space, and energy in order to have achieved the fine-tuning of conditions before the moment of creation.

- *Age of the universe*

The age of the universe extends from the time of the Big Bang, which is currently calculated to have occurred 13.8 billion years ago (± 0.020 billion years), according to the Lambda Cold Dark Matter (ACDM) model. Contemporary empirical evidence indicates that the universe consists of approximately 68% dark energy, 27% dark matter and only 5% matter. This means that although the ACDM theory has a thorough scientific basis, it still represents imperfect knowledge of only approximately 5% of everything that exists.

- *Origin of the earth*

The conditions necessary for the earth to form have been determined before the moment of creation. A literal understanding of the narrative in Genesis is problematic since the sun and the moon were only created on day four. To summarily interpret the first 3 “days” of creation as 24-hour days is therefore without any justification, because the heavenly bodies that are responsible for 24-hour days as we know them, did not yet exist. From this it can be deduced that a 24-hour-a-day interpretation of the days of creation, is at most a human construct and that the repeated use of the words, “and there was evening, and there was morning”, should rather be seen as a delimitation of events.

- *Age of the earth*

Pre-scientific thinking about the age of the earth was dominated by a fundamentalist, biblical paradigm. This included calculating the age of the earth according to generations given in the Bible, which resulted in general consensus that the earth was created on “the entrance of the night preceding the 23rd day of October [...] the year before Christ 4004”. Geological and paleontological evidence however made it clear that well over 6,000 years must have passed in the formation of the earth. This empirical evidence was ultimately the cause of the literal understanding of Genesis’ six days of creation being openly questioned. Immanent

scientists such as Newton (1687), Hutton (1788) and Lyell (1830-1833) took a uniformitarian paradigm as point of departure in their calculations about the age of the earth. Contemporary evidence indicates that the earth's age is approximately 4,6 billion years.

- *Origin and age of life*

The origin and age of humankind has been central in debates about evolution since the publication of the theory almost 200 years ago. Currently, however, sources of information such as genetics and genetically based studies (e.g., Ontogeny, Phylogeny and Evolutionary Biology) have, together with developments in deoxyribonucleic acid (DNA) analysis since the early 1970's, substantially added to the knowledge obtained from the fossil record. A vast volume of data must have been generated to account for the multitude of life observed (including humankind). The visible range and depth of information, as well as the survival rate within the time available, make "coincidence" as a method of gathering the information, logically impossible. Only one out of every hundred species that could mutate survived, which means that to obtain the correct DNA information the mutation rate would have had to be 99% higher, or the period 99% longer than observed in natural science. The only plausible origin of such information is an intelligent designer.

In conclusion, the central theoretical premise of this article series is that contemporary observations in all disciplines of natural science are best explained by the existence and involvement of God in creation. Academic integrity requires that scholars depart from a normative materialistic interpretation of empirical data (i.e., the a-priori exclusion of any metaphysical interpretations), which is currently still widely adhered to.

The authors' point of departure is a Reformed³ understanding of reality. The four articles all have the same structure, namely a problem statement, a natural science discussion, an exploration of what information the Bible offers on the various topics, closed by a conclusion. The article series is supposed to provide a broad, critical overview of the topic of normative materialism in the natural sciences and no new research results per se are presented. However, the insights reached in the respective conclusions are unique, and the authors are of the opinion that they contribute to the existing knowledge about the relationship between faith and science.

KEYWORDS: creation, creationism, normative materialism, unguided process, random process, intelligent design, God, evolution, chance, Big Bang, universe, life, science and religion

TREFWOORDE: skepping, kreasionisme, normatiewe materialisme, onbegeleide proses, ewekansige proses, intelligente ontwerp, God, evolusie, toeval, Oerknal, heelal, lewe, geloof en wetenskap

OPSOMMING

Darwin se evolusieteorie wat in die 18^e eeu gepubliseer is, was 'n elegante, sinvolle en logiese verklaring van waargenome data. Hierdie teorie is deur die destydse wetenskaplike gemeenskap

³ In Christianity, the Protestant Reformation was a movement in the 16th century that aimed to reform the practices and beliefs of the Catholic Church. This movement gave rise to several Protestant denominations that emphasised the importance of personal faith and direct access to God. A Reformed view of reality, in the context of these papers, refers to a modern or contemporary perspective on religious beliefs and practices that incorporates new insights and interpretations of traditional teachings. It involves a critical re-examination of religious teachings and a willingness to adapt and evolve in response to new scientific, cultural, and social understandings of the world.

aangegryp, omdat dit vir die eerste keer 'n alternatiewe gebied het vir die skeppingsverhaal in die Bybel. Voorstanders van die teorie was oortuig daarvan dat die ontstaan en verskeidenheid van lewe op aarde volledig deur evolusie en natuurlike seleksie verklaar kon word. Die evolusieteorie het mettertyd normatiewe status verwerf, wat daartoe gelei het dat die totaliteit van die menslike kennis deur 'n filter van ewekansige toeval geïnterpreteer is. Teenstanders van hierdie materialistiese praktyk is in baie gevalle gebrandmerk as randfigure.

Sedertdien het die natuurwetenskap en die tegnologie egter dramaties ontwikkel en nuwe waarnemings op die makro-, sowel as op die mikrovlak, het gelei tot 'n groeiende aantal vrae wat nie deur 'n onbegeleide, willekeurige meganisme verklaar kan word nie.

In hierdie artikel (die eerste van vier artikels oor hierdie onderwerp) word enkele voorbeelde van sodanige empiriese gegewens voorgelê. Die sentrale teoretiese uitgangspunt is dat kontemporêre waarnemings in alle dissiplines van die natuurwetenskap, die beste verklaar word deur die bestaan en betrokkenheid van God in die skepping. Akademiese integriteit verg dat daar afgewyk moet word van 'n normatiewe materialisme (wat by voorbaat enige metafisiese interpretasies uitsluit), wat tans nog wyd aangehang word.

Die outeurs se vertrekpunt is 'n Reformatoriese⁴ verstaan van die werklikheid. Die vier artikels het almal dieselfde struktuur, naamlik 'n probleemstelling, 'n natuurwetenskaplike bespreking, 'n verkenning oor watter inligting die Bybel oor die verskillende onderwerpe aanbied, afgesluit deur 'n gevolgtrekking. Die artikelreeks is veronderstel om 'n breë, kritiese beskouing van die onderwerp van normatiewe materialisme in die natuurwetenskap te verskaf en geen nuwe navorsingsresultate *per se* word aangebied nie. Die insigte waartoe gekom word in die onderskeie gevolgtrekkings is egter wel uniek en die outeurs is van mening dat dit 'n bydrae lewer tot die bestaande kennis oor die verband tussen geloof en wetenskap.

Inleiding

Die idee dat natuurwetenskap en geloof in konflik is, het sy oorsprong veral in die werk van John Draper (1875:xiii) wat in sy boek, *History of the conflict between religion and science*, die stelling gemaak het dat geloof en wetenskap totaal onversoenbaar is. Gesaghebbende natuurwetenskaplikes soos Kepler, Boyle en Newton was egter gelowige mense wat die natuurwetenskap beskou het as 'n wyse om God se handewerk te ontdek en dit aan die mensdom bekend te stel (Meyer, 2021:25).

Gelowige natuurwetenskaplikes gaan van veral twee voorveronderstellings uit, naamlik:

- daar is 'n onderliggende, omvattende orde in die natuur wat empiries bestudeer en wiskundig beskryf kan word (bv. $111,111,111 \times 111,111,111 = 12345678987654321$). Hierdie orde word beskryf in natuurwette wat die voorsienigheid en teenwoordigheid van God in die skepping impliseer; en

⁴ In die Christendom was die Protestantse Hervorming 'n beweging in die 16de eeu wat ten doel gehad het om die gebruike en oortuigings van die Katolieke Kerk te hervorm. Hierdie beweging het aanleiding gegee tot verskeie Protestantse denominasies wat die belangrikheid van persoonlike geloof en direkte toegang tot God beklemtoon het. 'n Reformatoriese siening van die werklikheid, in die konteks van hierdie artikels, verwys na 'n moderne of kontemporêre perspektief op godsdienstige oortuigings en praktyke wat nuwe insigte en interpretasies van tradisionele leerstellings inkorporeer. Dit behels 'n kritiese herondersoek van godsdienstige leerstellings en 'n gewilligheid om aan te pas en te ontwikkel in reaksie op nuwe wetenskaplike, kulturele en sosiale begrippe van die wêreld.

- die oorsprong van die orde is ’n rasonale God, wat ook die oorsprong is van die rasonale denkvermoë van die mens, wat nodig is om die orde in die skepping te kan ontdek en verstaan (Balz, 1934:281).

Die oorsprong van die heelal

Die vraag of die heelal ewig en staties is, teenoor die idee van ’n ontstaansoomblik en daaropvolgende ontwikkeling, word reeds vir eeue lank in filosofiese kringe. Enkele seminale wetenskaplike ontdekkings, veral sedert die begin van die twintigste eeu, dui egter uiteensleglik op laasgenoemde siening, naamlik dat daar ’n spesifieke oomblik in tyd was waartydens alles in die heelal ontstaan het. Hierdie empiriese wetenskaplike getuienis sluit in:

- die rooiverskuiwing van verafgeleë nebulae (sterrenewels), soos ontdek deur Slipher (1917:407), wat daarop dui dat die meeste nebulae wegbeweeg van die aarde af;
- die verfyning van Slipher se postulering deur Hubble (1929:155), wat met verbeterde waarnemingsinstrumente kon wys dat wat Slipher as nebulae aangesien het, in der waarheid ander sterrestelsels was; en
- die daaropvolgende werk van Lemaitre (1931:706), wat Slipher se rooiverskuiwingsdata met die afstande na ander sterrestelsels gekorreleer het. Hy het daarmee bewys dat verafgeleë sterrestelsels vinniger van die aarde af wegbeweeg as nabygeleë sterrestelsels. Hierdie ontdekking dui op ’n sferiese uitdying van die heelal in alle rigtings, wat op sy beurt wys na ’n sentrale punt waaruit alle energie, materie, ruimte en tyd te voorskyn gekom het.

Lemaitre se idee (wat mettertyd as die “Big Bang”-teorie of die Oerknal bekendgestaan het), is later bevestig deur Einstein se teorie van Algemene Relatiwiteit, waarin hy aanvanklik ’n arbitrêre “kosmologiese konstante” gepostuleer het wat gravitasie presies teëwerk, sodat ’n statiese, ewigdurende model van die heelal verkry is. Hy het egter later op grond van oorweldigende empiriese getuienis erken dat hierdie “kosmologiese konstante” die grootste fout van sy lewe was en hy het op grond van empiriese getuienis die model van ’n uitdyinge heelal aanvaar (Meyer, 2021:95). Die waarde van sy aanvanklike arbitrêre kosmologiese konstante is vervolgens gewysig om die uitwerking van donker energie te beskryf.

Tans bied die Oerknalteorie die beste verklaring vir astronomiese waarnemings, maar in die materialistiese natuurwetenskaplike wêreld is daar steeds pogings om alternatiewe teorieë te formuleer wat die heelal as staties en ewig beskryf. Sulke teorieë negeer die noodsaak om ondersoek in te stel na die oorsprong van materie, energie, tyd en ruimte by ’n spesifieke oomblik in die verlede. Sir John Maddox (1989:425), vroeër ’n redakteur van *Nature*, vind die gedagte van ’n begin vir die heelal “thoroughly unacceptable”. Charles H Townes (1995), Nobelpryswenner vir Fisika (1964), skryf daarenteen soos volg: “In my view, the question of origin seems to be left unanswered if we explore it from a scientific point of view. Thus, I believe there is a need for some religious or metaphysical explanation. I believe in the concept of God and in his existence”.

Daar moet erken word dat alle huidige (2023) kosmologiese modelle voorlopig van aard is en dat nuwe waarnemings huidige teorieë voortdurend uitdaag. Een so ’n waarneming is in 2023 met behulp van die James Webb-ruimteteleskoop gemaak. Hierdie teleskoop het ’n ongelooflike vermoë om verder terug in ruimte en tyd te sien as ooit tevore. Veral twee sterrekundige waarnemings het opspraak verwek. Die eerste is die bestaan van spiraalvormige sterrestelsels, soortgelyk aan ons eie Melkweg, wat ’n gevorderde struktuur het, wat miljarde

jare vroeër bestaan het as wat moontlik geag is volgens die huidige kennis. Die tweede ontdekking wat volgens huidige kosmologiese modelle onmoontlik behoort te wees, is die opsporing van ses massiewe sterrestelsels wat meer as 12 miljard jaar oud is. Die eienaardigheid van hierdie waarneming is dat die sterrestelsels veel meer massief is as wat volgens die huidige kennis moontlik behoort te wees. Trouens, hierdie sterrestelsels bevat meer massa as wat daar in die hele heelal op daardie stadium aanwesig moes gewees het. Hierdie sterrestelsels is heeltemal te groot om met behulp van huidige modelle verklaar te word en mag ons begrip oor hoe die vroegste sterrestelsels in die heelal gevorm het, fundamenteel verander (Labbé *et al.*, 2023).

Dit blyk dat die vorming en ontwikkeling van die heelal meer kompleks is as wat voorheen gedink is en dat bykomende prosesse, buiten dié wat in die Oerknalteorie ingesluit is, waarskynlik betrokke is. Verdere studie van hierdie antieke sterrestelsels sal nodig wees om ons begrip van die oorsprong van die heelal en die prosesse wat dit oor tyd gevorm het, te verfyn.

Geeneen van die nuwe ontdekkings dui egter daarop dat die heelal nie 'n definitiewe begin gehad het nie. Die implikasie van 'n skeppingsoomblik is dat daar 'n "skeppingsoorsaak" (Skepper) moet wees, wat nie begrens word deur, of onderhewig is aan materie, energie, ruimte of tyd nie, omdat niks hiervan bestaan het in die tyd voor die skeppingsoomblik nie. Hierdie afleiding resoneer met die woorde van Gen. 1:1: "In die begin het die Here die hemel en die aarde geskape" (Bybel, 2020-vertaling).

Die Antroposentriese beginsel

Die beste interpretasie van waargenome data, sowel as teoretiese fisiese modelle, impliseer die bestaan van 'n Skepper wat die voorwaardes bepaal het vir die heelal om te bestaan, voordat die skeppingsmoment plaasgevind het (Meyer, 2021:416).

Sedert die 1950's dui talle wetenskaplike ontdekkings daarop dat lewe afhanklik is van 'n hoogs onwaarskynlike, presiese kombinasie van kragte, kenmerke en balanse in die heelal, soos byvoorbeeld fundamentele kragte wat presies die regte groottes het, kontingente eienskappe wat presies die regte kenmerke vertoon, sowel as die aanvanklike konfigurasie van materie en energie wat perfek ingestel is om die lewe toe te laat. Hierdie lewenstoelende eienskappe van die heelal val binne hoogs onwaarskynlike presiese grense, waarna algemeen verwys word as "antroposentriese toevallighede" deur materialistiese wetenskaplikes soos Dawkins (2009:7). As enige een van hierdie eienskappe selfs op 'n infinitesimale wyse verander sou word, sou die lewenstoelende toestande wat in die heelal voorkom nie bestaan nie.

Sommige van hierdie eienskappe van die heelal, om maar 'n paar te noem, is die sterkte van gravitasie-aantrekking, wat koolstof in staat stel om uit berillium en helium in sterwende sterre te vorm. As gravitasiekrag selfs net met 'n onbeduidende grootte verander sou word, sou sterre nie vir 'n voldoende tyd bestaan het sodat sonnestelsels kon vorm wat in staat is om lewe te onderhou nie. 'n Ander fyn-ingestelde konstante is die elektromagnetiese krag wat 'n akkuraatheid van 1 uit 25 vertoon, terwyl die sterk kernkrag 'n akkuraatheid van 1 uit 200 het. Meer indrukwekkend is egter die verhouding tussen hierdie twee kragte, wat fyn ingestel is op 'n akkuraatheid van 1 uit 10 000. Selfs meer indrukwekkend is die verhouding van elektromagnetisme tot swaartekrag, wat akkuraat is tot 1 uit 10^{40} om sterre in staat te stel om kernreaksies te ondergaan teen 'n tempo wat geskik is om die verskeidenheid elemente te produseer wat in die heelal waargeneem word. As 'n mens die akkurate fyn-instelling van die aanvanklike toestande van die heelal in ag neem, is die aanvanklike uitbreidings tempo van

die heelal verfyn tot 1 uit 10^{24} , en aanvanklike entropietoestande moes akkuraat gewees het tot 'n waarde van 100000000000^{123} . Om hierdie getal as 'n 1, gevolg deur nulle uit te skryf, is meer nulle nodig as wat daar elementêre deeltjies in die totale heelal is (Meyer, 2021:151).

Die fyn-instelling van die heelal het die gedagtes van wetenskaplikes en filosofe oorheers sedert die ontdekking daarvan (Weinberg, 1976:13). Nie net is die waargenome gelyktydige, voorwaardelike akkuraatheid hoogs onwaarskynlik nie, maar daar blyk geen denkbare fisiese oorsaak (rede) of filosofiese noodsaaklikheid te wees waarom hierdie parameters die spesifieke waardes vertoon wat hulle het nie. In teenstelling met wetenskaplikes met 'n materialistiese wêreldbeskouing wat die fyn-instelling aan 'n gelukkige toeval ('n toevallige ongeluk van fisika) toeskryf, kom 'n groeiende aantal wetenskaplikes en filosofe tot die gevolgtrekking dat die heelal met groot sorg ontwerp is (Barnes, 2012:531). Wilczek (2006), soos aangehaal deur Barnes (2012:531), sê: "It is logically possible that parameters determined uniquely by abstract theoretical principles just happen to exhibit all the apparent fine-tunings required to produce, by a lucky coincidence, a universe containing complex structures. But that, I think, really strains credulity".

Nie alle geleerdes was egter oortuig daarvan dat die fyn-instelling van die heelal bestaan van God bewys nie. In 'n poging om naturalistiese verklarings te vind, is die "Swak antropiese beginsel" voorgestel deur Carter (1974), wat verklaar het dat dit logies is dat mense fyn-ingestelde parameters in die heelal sal waarneem, want as toestande enigszins anders was, sou mense glad nie bestaan het nie. Hierdie beginsel is egter erg gekritiseer en dit is daarna vervang deur die "Sterk antropiese beginsel", wat voorstel dat dit onvermydelik is dat die heelal toestande moes gehad het wat bevorderlik was vir lewe op 'n stadium in sy ontwikkelingsgeskiedenis (Hawking, 1988). Geen poging is egter aangewend om die oorsprong van die fyn-verstelling te verduidelik nie.

Die onwaarskynlikheid van die ensemble van pragtige, verfynde, funksionele parameters verhinder egter die appèl op willekeurige toeval, en die bestaan van 'n super-intellek – 'n "Verstand", lyk intuïtief voor die hand liggend. Dit het gelei tot 'n herleefde belangstelling en 'n diepgaande intellektuele verskuiwing na natuur-teologie onder filosofe en wetenskaplikes. Hierdie intellektuele beweging is egter erg deur natuurkundiges gekritiseer as net nog 'n "God of the gaps"-argument (Meyer, 2021:409).

Materialistiese verklarings toon 'n fundamentele oorsaaklike ontoereikendheid – iets wat slegs verantwoord kan word deur die aanvaarding van God as Skepper van die heelal. 'n Ensemble van fisiese konstantes moes reeds voor die skeppingsmoment gevestig gewees het, met 'n akkuraatheid wat die menslike verstand te bowe gaan. Die enigste logiese verklaring hiervoor is dat 'n Skepper tyd, materie, ruimte en energie moet transendeer om die fyn-afstemming van toestande voor die skeppingsmoment te kon bewerkstellig. Dit beteken dat so 'n Skepper nie deel van die heelal self kan wees nie, maar transendent moet wees (Lennox, 2019).

Die ouderdom van die heelal

Entropie en die rigting van tyd ("arrow of time") impliseer, volgens die Oerknalteorie, mettertyd 'n noodwendige einde van die heelal (Dreyer, 2022:138). Die Oerknalteorie is egter nie verhewe bo kritiek nie en die meeste probleme rondom hierdie teorie spruit uit materialiste se onverdraagsaamheid teenoor die godsdienstige merkers daarin.

Al vind sommige, soos byvoorbeeld Maddox, 'n heelal met 'n begin totaal onaanvaarbaar, is die "Lambda-koue-donker-materie" (Λ CDM)-model tog wetenskaplik goed bevestig met betrekking tot bewyse, soos die volgende:

- Die Kosmiese Mikrogolf-Agtergrond (KMA)-uitstraling soos ontdek deur Penzias en Wilson (1965);
- “Cosmic Background explorer” (COBE)-data: Resultate van die ontledings van COBE-data in 1990 toon dat die heelal die termodinamiese begrip van “blackbody radiator” ten volle nakom. Die COBE-satelliet se resultate het ’n hoë spesifieke entropie (“high specific entropy of 1 billion per proton”) vir die heelal bereken, wat alleen verbind kan word met ’n na-aan-oueindige warm model soos in die Λ CDM-model (Ross, 1993:33);
- Volgens Heisenberg se onsekerheidsbeginsel sou daar tydens die inflasiefase termiese kwantum-oueweredighede in die digtheid van die veld – wat die uitdying veroorsaak het – gewees het, wat na kosmiese skaal sou vergroot (Sen, 2014:203). Hierdie kwantum-oueweredighede in die digtheid van die veld kon as oorsprong van huidige kosmiese strukture dien (Ryden, 2003:207), want hierdie kwantum-oueweredighede in die veld wat inflasie gedryf het, plant in die oerplasma voort as longitudinale golwe. Dit het kleiner en groter digthede tot gevolg, met ooreenkomstige veranderinge in materiedigtheid en uitstraling;
- Hoewel koue donker materie nie deel van die druk-geïnduseerde golwe is nie, dra koue donker materie deur gravitasie by om die longitudinale golwe in die fotone en barione te versterk of te verswak (Hu & White, 2004). Hierdie oneweredighede is reeds akkuraat gemeet en bevestig met betrekking tot die KMA-uitstraling, onder andere deur middel van COBE (Spergel, 2007:377-408; Smoot *et al.*, 1992:L1-L6);
- Die stabiele wentelbane van sterre spruit direk voort uit gravitasie. In die Λ CDM-model van ontstaan van die heelal word die inverse-vierkantswet gehoorsaam, waarvolgens voorwerpe (planete) stabiele wentelbane in ’n driedimensionele ruimte beskryf. Die Λ CDM-model is die enigste model waarvolgens daar drie dimensies aan die heelal is. ’n Tweedimensionele heelal sou beteken dat planete deur sterre uitgewerp word, terwyl in ’n vierdimensionele heelal, planete deur sterre vernietig sou word (Ross, 1993:43);
- Einstein se kosmologiese konstante. Sedert die negentigerjare het studies getoon dat ongeveer 68 persent van die massa-energie digtheid van die heelal toegeskryf kan word aan sogenaamde donker energie (Redd, 2013). Die kosmologiese konstante “Lambda” (Λ) is die eenvoudigste moontlike verklaring vir donker energie en word gesien as bevestiging van die Λ CDM-model;
- Die laaste bevestiging van die Λ CDM-model spruit uit die ooreenkoms tussen teoretiese voorspelle en waargenome eienskappe van die volgende empiriese ondersoeke:
 - Die “Boomerang Project” van NASA het gedien om die plat geometrie en temperatuurverskille in die uitstraling van die vroeë heelal te bevestig: “The measurements fit with the ‘best fitting cosmological model’ with very little error” (Preuss, 2000);
 - In die Λ CDM-model is voorspel dat ’n klein oorskot protone en neutrone teen die einde van die hadron-periode (1 sekonde na die Oerknal) oorgebly het. Die teoretiese een neutron vir elke sewe protone is die verhouding wat voorspel is en wat vandag bevestigbaar is uit die waterstof, deuterium (’n waterstof isotoop), helium en ander elemente wat in ’n later stadium daaruit gevorm het (Karki, 2010);
 - Die Hubble-konstante beskryf die tempo waarteen hemelliggame van mekaar af wegbeweeg. Die presiese waarde daarvan hang af van die afstand tussen twee

wegbewegende liggame. Empiriese getuienis wys dat ’n sterrestelsel wat 100 megaparseks van die aarde af is, van ons af wegbeweeg teen ’n spoed van nagenoeg 100 km/s. In die Λ CDM-model kan hierdie gegewens gebruik word om die waarskynlike ouderdom van die heelal te bereken (White, 2020).

Die ouderdom van die heelal strek sedert die tyd van die Oerknal, wat tans op 13.8 miljard jaar gelede ($\pm 0,020$ miljard jaar) bereken word, volgens die Λ CDM-model. Die data wat gebruik is om hierdie berekening te maak, is afkomstig van verskeie ruimte-ondersoeke van KMA-uitstraling wat die “Planck Probe” en die “Wilkinson Microwave Anisotropy Probe” insluit (Ade *et al.*, 2016:13).

Kontemporêre empiriese getuienis dui aan dat die heelal uit nagenoeg 68% donker energie, 27% donker materie en slegs 5% materie bestaan (NASA, 2023). Dit beteken dat alhoewel die Λ CDM-teorie (wat gegrondves is op die kennisontploffing wat die mens tans beleef) ’n grondige wetenskaplike basis het, dit steeds onvolmaakte kennis van slegs nagenoeg 5% van alles wat bestaan verteenwoordig. Hierdie feit word in die Bybel duidelik gestel – “Nou ken ek slegs gedeeltelik...” (1 Kor. 13:12b, 2020-vertaling).

Die oorsprong van die aarde

Die natuurwetenskap is in wese hipoteties, terwyl die teologie geïnterpreteerde geloofswaarhede verteenwoordig. Dat wetenskaplike hipoteses kan verander is ’n werklikheid – trouens, dit is standaardpraktyk in die natuurwetenskappe dat alle kennis beskou word as voorlopig van aard.

Teologiese interpretasies en geloofswaarhede is nie sonder meer sinoniem nie en mag volgens Otto (2018:127) nie met mekaar verwar word nie, omdat die tweede gebod stel dat mense verstandelik geen beeld anders as dit wat aan ons geopenbaar is van God mag vorm nie (Bybel, 2020: Eks. 20:4). Teologiese interpretasies kan daarom verander oor tyd, maar geloofswaarhede nie.

Dat die geskape werklikheid baie groter is as wat aanvanklik geglo is, word vandag algemeen aanvaar. Empiriese getuienis dui eweneens daarop dat die heelal, sowel as die aarde, baie ouer is as wat aanvanklik gemeen is. Hierdie wetenskaplike gegewens stem ooreen met die skeppingsverhaal soos gestel in Genesis 1:2: “Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef”. Die Bybel gee geen aanduiding van hoe lank die tyd is wat verloop het tussen “die begin” en die “ordening” van die skepping deur God nie (soos beskryf in Genesis 1:3 en verder). Die aarde kon “heeltemal onbewoonbaar” gewees het vir miljarde jare voordat God die aarde as bewoonbaar vir die mens omvorm het, sodat die mens Hom kan eer en prys – want die hele skepping bestaan ter wille van die eer van God (Heb. 2:10a; van Genderen & Velema, 2008:257). Die skeppingsverhaal in Genesis 1:3 en verder beskryf die volgorde waarin God die aarde georden en geoptimaliseer het om vir die mens ’n geskikte woonplek te skep.

Voorwetenskaplike denke oor die ouderdom van die aarde is oorheers deur ’n fundamentalistiese, biblisistiese paradigma. Sowat 200 jaar voor Darwin se publikasie van *On the Origins of species*, het James Usher, Ierse aartsbiskop van Armagh, die ouderdom van die aarde bereken deur die geslagte, soos gegee in die Bybel (byvoorbeeld in Matt. 1:1-17) van Adam tot by Jesus te tel. Dit het beteken dat slegs die aantal jare wat per geslag toegelaat was, arbitrêr was. Argumente oor die ouderdom van die aarde het daarom destyds oor ’n foutgrens van ongeveer 50 jaar gegaan. Daar was algemene konsensus dat die skepping plaasgevind het op “the entrance of the night preceding the 23rd day of October [...] the year before Christ 4004” (Barr, 1985:603-607). Hierdie berekening is bevestig deur prominente wetenskaplikes soos Newton en Kepler,

met die gevolg dat dit algemeen aanvaar is en dat die ouderdom van die aarde selfs in ou Engelse Bybels onder die titel “Genesis” aangedui is as “B.C. (BEFORE CHRIST), 4004” (Die 4 ekstra jare (4 004) is bygevoeg deur Kepler wat die elliptiese bane en sonsverduisterings bereken het. Hy het geglo dat ’n sonsverduistering die duisternis met Jesus (Luk. 23:44) se sterwe veroorsaak het, vandaar die 4-jaar-aanpassing om by die naaste sonsverduistering aan te pas).

’n Verdere argument wat die getal 4 000 ondersteun het, was gegrond op Psalm 90:4 wat lui: “Duisend jaar is vir U soos gister as dit verby is, soos een enkele wagbeurt in die nag”. Dit het beteken dat die Bybelse geskiedenis in 1 000-jaar-segmente opgedeel kon word, naamlik dat die ses dae van die skepping 6 000 jaar verteenwoordig het: 4 000 jaar voor Christus en 2 000 jaar daarna. Martin Luther, soos aangehaal deur Vogel (1986:256), het ook gereken dat die mens nou in die sesde en finale skeppings“dag” was.

Die Industriële Rewolusie het omstreeks 1750 in Engeland begin en die vraag na steenkool en minerale het uitermate vergroot. Dit het op sy beurt die kartering en klassifisering van gesteentes tydens die “heroic age of geology” gevoed. Die ontwikkelende wetenskap van geologie het dit duidelik gemaak dat heelwat meer as 6 000 jaar moes verloop het in die vorming van die aardkors. In die boek, *The testimony of the rocks* (Miller, 1858), is die ontdekking van verskillende fossiele in elke geologiese laag en veral die afwesigheid van menslike fossiele in ouer gesteentelae beskryf. Hierdie empiriese getuienis was uiteindelik die oorsaak daarvan dat die letterlike verstaan van Genesis se ses skeppingsdae openlik bevraagteken is. Smith (1815) het ’n kaart met die gesteentes (strata) en die meegaande kenmerkende fossiele van elke laag van Engeland en Wallis bekendgestel, wat ’n nieletterlike interpretasie van die ses skeppingsdae ondersteun het. Met hierdie inligting as basis het Buckland (1820:30), in weerwil van erge kritiek, vroeë begin vra oor die letterlike interpretasie van die ses skeppingsdae, soos verhaal in die boek Genesis.

Geen mens was teenwoordig by die skepping nie (Job 38:4). Daarom kan die mens slegs Moses se vertelling van God se dae gebruik om die skeppingsgebeure te probeer verstaan. Hoewel gelowiges glo dat die Bybelvertelling ’n betroubare weergawe is van die skeppingsgebeure, is dit nodig om te begryp dat die vertelling baie kort en bondig is. Verder is dit in ’n spesifieke tyd, vir lesers met ’n spesifieke wêreldbeeld geskryf. Genesis 1 is verhalend, met die klem daarop om oorsigtelike inligting oor te dra, en nie gevoel en emosie soos byvoorbeeld in die digterlike boeke van die Bybel nie.

In terme van die eerste lesers se wêreldbeeld, is hulle ongebondenheid aan tyd in vergelyking met vandag seker een van die sterkste verskille. ’n Dag soos dit in Genesis 1: “... en dit was aand en dit was oggend – dag een” (Genesis 1:5(b) 2020-vertaling) voorkom, is ’n vertaling van die antieke Hebreeuse woord *Yom* (Hebreeus: יוֹם) (Strong, 2009:#3117).⁵ Dit is egter slegs in Genesis 1:5, 8, 13, 19, 23 en 31 wat *Yom* as ’n dag met 24 ure vertaal word. In die ander boeke van Moses en in die res van die Bybel word *Yom* vertaal as:

- “tyd” (Gen. 4:3, Jes. 30:6);
- “jaar” (1 Kon. 1:1, 2 Kron. 21:19, Amos 4:4);
- “periode van tyd” (Gen. 18:11, 24:1, 47:18, Jos. 23:1, 23:2);
- “altyd” (Deut. 5:29, 6:24, 14:23, 2 Kron. 18:7);
- “seisoen” (Gen. 40:4, Jos. 24:7, 2 Kron. 15:3), (Bible Hub, 2014-2020).

⁵ Strong’s Bybelkonkordansie word aangehaal want dit is steeds geldig en het die toets van die tyd deurstaan. Strong’s vorm onder andere ’n belangrike onderdeel van die Bible Hub (<https://biblehub.com/>) wat gebruik is in hierdie navorsing .

Volgens Genesis 1:17-19 is die son en die maan eers op dag vier geskape. Om die eerste 3 skeppingsdae summier as 24-uur-dae te interpreteer, is daarom sonder enige wesentlike begroning, omdat die hemelliggame wat verantwoordelik is vir 24-uur-dae soos ons dit ken, nog nie bestaan het nie. Hieruit kan afgelei word dat 'n 24-uur-dag-interpretasie van die skeppingsdae hoogstens 'n menslike konstruksie is en dat die herhalende gebruik van die woorde, “en dit was aand en dit was oggend”, eerder as 'n afbakening van gebeure gesien moet word.

Indien die ses skeppingsdae van Genesis op hierdie wyse verstaan word, kom dit ooreen met Calvyn se kommentaar op Genesis 1:5 wat lui: “God het die lig Dag genoem, en die duisternis Nag”. Calvyn het geglo dat hierdie vers God se mag oor die skepping demonstreer en wys dat Hy die gesag het om dinge te benoem. Calvyn het die “lig” geïnterpreteer as 'n simbool van God se goedheid en waarheid, terwyl die “duisternis” boosheid en onkunde simboliseer. Hieruit kan ons aflei dat Calvyn gemeen het dat die ordening en indeling van die skeppingsgebeure geen historiese basis het nie, maar dat ons veel eerder moet aanvaar “dat God die ses dae ter sprake bring om sy werke te organiseer en af te baken, sodat vanaf die eerste luisteraars oor tyd almal dit sal kan begryp en verstaan” (Calvin, 2018:78).

Die ouderdom van die aarde

Die hipotese dat die fisiese wette en prosesse wat tans op die aarde waarneembaar is ook die geskiedenis van die heelal bepaal het, staan bekend as Uniformisme. Dit stel dat fisiese prosesse in tyd en ruimte identies is en dat die hede dus die sleutel tot die verlede is. Gesaghebbende wetenskaplikes soos Newton (1687), Hutton (1788) en Lyell (1830–1833) het 'n Uniformistiese paradigma as vertrekpunt geneem in hul berekeninge oor die ouderdom van die heelal en die aarde.

Hierdie hipotese was 'n revolusionêre afwyking van die destyds geldende Aristoteles-beginsel (Falcon, 2005:29), naamlik dat ander fisiese wette en prosesse in die heelal geld as wat op die aarde geld. Aristoteles se aansprake op historiese tydsverloop vertoon daarom nie 'n presiese mate van akkuraatheid nie en is in wese niks meer as 'n relatiewe aanduiding van die verloop van tyd nie.

Empiriese metodes wat gebruik word om tydsverloop in die geskiedenis te bestudeer, is almal gegrond op Uniformisme, met ander woorde om prosesse uit die verlede te bestudeer wat in die hede steeds voortgaan. Voorbeelde daarvan is:

- Die jaarringe van bome, opgehoopte slik in riviermondings en yslae in gletsers;
- Versamelde fotone in kristalle van flint en tandemalje, waar die hoeveelheid fotone 'n aanduiding is van die tydsverloop van blootstelling aan sonlig;
- Neutrale mutasies wat in deoksiribonukleïensuur (DNS) versamel en waar die tydsverloop bereken word op grond van die bekendheid van die mutasietempo van 'n organisme;
- Gesmelte gesteentes wat bepaalbare tempo's van afkoeling het, waarvolgens tydsverloop bereken kan word;
- Koraalriwe wat kompakte kolonies van identiese kalsiumkarbonaatpoliepskelette van die werwellose diertjies van die klas *Anthozoa,ylum Cnidaria* is. Hierdie diertjies is ligafhanklik en leef op verskillende dieptes. Hulle skei kalsiumkarbonaat af om 'n harde eksoskelet te vorm waarbinne hulle woon. In 'n kolonie lewe elke nuwe generasie bo-op die vorige generasie, wat sodoende tot massiewe massas kan aangroei, maar dit neem tyd. Die vinnigste wat koraalgroei nog ooit op Eniwetok ('n koraalring-eiland in die Marshall-eilandgroep) aangeteken is, is 10,16 mm/jaar: dit is 305 mm

elke 30 jaar of 10 058 meter in 1 000 jaar, as die rif voortdurend teen sy maksimum tempo groei. Om die eerste Amerikaanse waterstofbom op Eniwetok te kon toets, moes wetenskaplikes deur die koraalbolaag tot in die rotsbasis boor. Die boor het deur 1 405,128 meter koraalbolaag geboor, wat ten minste 140 000 jaar se koraalgroei teen optimum groei verteenwoordig (Wonderly, 1977:3). Sodoende was daar 'n betroubare tydsaanduiding beskikbaar oor die ontstaanstyd van die koraalrif;

- Henri Becquerel (1896), wat ontdek het dat 'n onstabiele atoomkern energie verloor deur uitstraling van subatomiese deeltjies, wat die basis vorm van die vervaltempo van radioaktiewe stowwe. Die probleem met die berekening van die aarde se ouderdom deur radioaktiewe verval van die oudste rotse, is egter dat selfs die oudste rotse jonger is as die aarde self vanweë voortdurende tektoniese prosesse. Daar kan met redelike sekerheid aangeneem word dat asteroïede in ons sonnestelsel onveranderd gebly het sedert die ontstaan daarvan, aangesien daar geen tektoniese prosesse op sulke hemelligame plaasvind nie. In 1953 het Patterson vervalverspreidings van drie lood-isotope in meteoriete gemeet en daarvolgens die sonnestelsel (en daarom ook die aarde) se ouderdom op 4.6 miljard jaar bereken. Die berekening word tans as akkuraat aanvaar en verskille oor die berekening van die ouderdom van die aarde gaan tans nie oor radioaktiewe verval-berekeninge nie, maar oor die chronologie van die vorming van die sonnestelsel, wat die ouderdom van asteroïede bepaal (Patterson, 1956:230).

Die ouderdom van lewe

Hoewel die Bybel in Genesis die mens se ontstaan kortliks verhaal, moes dit, soos trouens die hele skeppingsverhaal, sekerlik meer omvat het as wat in Genesis weergegee word. Soos Bavink (2003:500) dit stel: "Creation was a series of awesome miracles that the biblical story portrays to us with a single brushstroke without giving details. Each day's work of creation must have been much grander and more richly textured than Genesis summarily reports in its sublime narrative".

Darwin (1859) bespreek nie die ontstaan van die mens in sy oorspronklike *Origin of Species* nie, alhoewel hy wel daarna verwys het in sy boek *Descent of Man* (Darwin, 1871). Nieteenstaande die gebrek aan 'n diepgaande bespreking in enige van dié bronne, was die ontstaan van die mens altyd sentraal in die debatte rondom evolusie, soos gesien kan word uit byvoorbeeld die 1860 Harvard-debat tussen Huxley en Owen, sowel as verskeie hofsake in Amerika wat begin met die Scopes Trial van 1920 (1925, Criminal Court of Tennessee). Gedurende daardie tyd was 'n gebrekkige fossielrekord die belangrikste bron van inligting en interpretasies van ontdekkings soos byvoorbeeld Neandertaloorskot in 'n kalksteenuitgraving 3 jaar voordat Darwin sy *Origin of species* gepubliseer het, het gelei tot grootskaalse verwarring (Montgomery, 1988:95-96).

Tans word wye en uiteenlopende bronne van inligting benut om die ontstaansgeskiedenis en die ouderdom van *Homo Sapiens* te bestudeer. Studieveldde soos Genetika en geneties gebaseerde studies (soos bv. Ontogenie, Filogenie en Evolusionêre Biologie) het, tesame met ontwikkelings in DNS-analise sedert die vroeë 1970's, net so belangrik soos die fossielrekord geword in navorsing oor die oorsprong van die mens.

Die belangrikste rede vir die onsekerheid wat kenmerkend is van hierdie studieveld, is die ordegrootte van die tydsverloop ter sprake. Brandt (2015) sê tereg: "No new technology can overcome the fundamental mismatch between the human lifespan and the timescales of the Earth, stars, and universe itself."

Die aarde se ontstaan as planeet word geologies in 'n tydskaal van vier sogenaamde "Eons" ingedeel (die Hadeaanse Eon, 4,6-4 miljard jaar gelede; die Argeikum Eon, 4-2,5 miljard jaar gelede; die Proterosoïese Eon, 2,5 miljard tot 541 miljoen jaar gelede; en die Faneroosoïese Eon, ongeveer 541 miljoen jaar gelede) (Cohen *et al.*, 2013). Die Faneroosoïese Eon is die tydperk waarin ons tans verkeer. Hierdie Eon, waartydens die meeste van die biologiese ontwikkeling plaasgevind het, word op sy beurt in drie "Eras" verdeel, naamlik: die Paleosoïese, Mesosoïese en Sensosoïese Eras (Cohen *et al.*, 2013).

Om die voorkoms van lewe op aarde te bestudeer, moet die konsep "lewe" eers gedefinieer word. Vir die doeleindes van hierdie bespreking is "lewe" gegrond op koolstof en water, waar die eerste organismes baie klein en onbeduidend was. Hulle fossiele is daarom baie klein staafagtige vorms wat moeilik van niebiologiese strukture onderskeibaar is. Moontlike tekens van lewe is geïdentifiseer wat so vroeg as 4,1 miljard jaar gelede bestaan het (Bell *et al.*, 2015:14518-14521), terwyl Dodd (*et al.*, 2017:60-64) tekens van lewe met 'n ouderdom van 4,28 miljard jaar gelede gevind het. Hierdie getuïenis is egter op die oomblik nog spekulatief omdat die fossiele moontlik 'n niebiologiese oorsprong kon gehad het (Pearce *et al.*, 2018:343-364; Papineau *et al.*, 2011:367-379; Nemchin *et al.*, 2008:92-95).

Daar is 'n groot verskil in terme van kompleksiteit tussen anorganiese en organiese chemiese reaksies en biochemie in lewende organismes, soos byvoorbeeld biologiese molekulêre masjiene en die hoogs komplekse bergingstelsel in die kern van elke lewende sel wat die 4-syfer digitale gekodeerde bloudruk vir lewe bevat (Meyer, 2009:215). Een van die vroegste algemeen aanvaarde aanduidings van lewe op aarde kom van biogeniese koolstof-handtekeninge, wat 'n produk of onderdeel van lewe (biomolekules) is (Rosing, 1999:674-676; Ohtomo *et al.*, 2014:25-28). Nog 'n aanduiding van lewe is stromatolietfossiele, wat as opgehewe dele, kolomme of plat oppervlaktes in sedimentêre rots aangetref word. Hierdie fossiele is gevorm deur die groei van lagies enkelsellige, fotosinterende mikrobies: soos sianobakterieë wat ontdek is in 3,7 miljard jaar oue metasedimentêre rots in die weste van Groenland (Riding, 2007:321-330; Nutman *et al.*, 2016:535-558). Hierdie eerste bakterieë en argeikum was Prokariote (eensellige organismes met geen interne organelle nie) waaruit Eukariote (meersellige 1,85 miljard jaar oue organismes met 'n selkern, mitochondria, Golgi-apparaat en chloroplaste in plante en alge (Knoll *et al.*, 2006:1023-1038) ontwikkel het.

Fossiele is baie insiggewende inligtingsbronne, maar hulle is uitsonderlik want die meeste fossiele gaan verlore deur erosie, of verandering van samestelling en struktuur voordat hulle ontdek word. Die fossielrekord is daarom onvolledig en hoe ouer die gesteentes wat bestudeer word, hoe meer onvolledig is die rekord. Tog bestaan daar genoeg fossiele om die breër trekke van die geskiedenis van lewe te illustreer, maar weens die baie spesifieke, unieke omstandigheidsvereistes vir fossiele om te vorm, is daar 'n inherente dilemma in die studieveld van Paleontologie. Behalwe by Lagerstätten-fossilering (soos in modderstortings wat uitsonderlike toestande vereis en dus nie veralgemeen kan word nie), fossieleer net die mineraalgedeelte van enige organisme. Daar moet dus in ag geneem word dat weens die raarheid van fossielvorming, organismes lank kon bestaan het voor so 'n fossiel gevorm kon word, wat tot onakkurate afleidings kan lei. Hierdie verskynsel word die Signor-Lipps-effek genoem (Signor & Lipps, 1982:291-296).

Die voordele van die ontwikkeling van meersellige organismes is legio, soos byvoorbeeld 'n meer doeltreffende benutting van voedingstowwe wat buite die sel verteer word (Koshwane *et al.*, 2011); groter weerstand teen aanvalle; beter aanhegting op onderliggende oppervlakke; beter voeding deur opwaarts te kon uitreik, wat beter fotosintese insluit (Butterfield, 2000:386-404); skepping van 'n interne omgewing wat beskerming kon bied teen 'n eksterne omgewing

(Bonner, 1998:27-36); die geleentheid vir so 'n groep selle om gesamentlik te reageer op inligting van die omgewing (Nakagaki *et al.*, 2000:470); asook diversifikasie deur die skepping van alternatiewe omgewings (Butterfield, 2000:386-404).

Meersellige ontwikkeling het egter vereis dat geneties nuwe transkripsiefaktor-families en gekoppelde regulatoriese netwerkmotiewe, wat wesenlik is vir 'n meersellige organisme, eers moes ontwikkel het (Jin *et al.*, 2015:1767-1773). Teen die tyd toe Darwin (1859) die evolusieteorie gepubliseer het, was Mendel (1865) se wette van oorerwing nog onbekend. Met die kartering van die menslike genoom was die beheersiklusse van gene nog onbekend, waar die genotipe en sy funksionering in die beheersiklusse opgesluit lê.

In terme van waarnemings in die paleontologiese rekord kan verskeie diskontinuiteite onderskei word, waarvan die “Kambriese ontploffing” prominent is. Gedurende 'n baie kort tydperk (geologies gesproke) het 'n groot “inspuiting” van data in lewende organismes plaasgevind, wat gelei het tot 'n groot aantal heeltemal nuwe spesies met gevorderde eienskappe soos breine met neurale netwerke, spysverteringstelsels en kardiovaskulêre stelsels – iets wat nie voor die Kambriese ontploffing bestaan het nie. Hierdie nuwe organismes het geen sigbare verbintenis met enige vorige organismes nie. Soortgelyke diskontinuiteite kan regdeur geologiese tyd gevind word, wat bewys dat lewe op aarde diskontinu ontwikkel het, wat daartoe lei dat die oorsprong van nuwe data in DNS heeltemal nuwe organismes tot gevolg het (Morris, 2000:4426).

Volgens die aanpassings in opvolgende geslagte, wat wel in die natuur waarneembaar is, is die “sigbare omvang en diepte van inligting” in die aanpassings verstommend, veral as die tydlyn in berekening gebring word. Materialiste stel voor dat suiwer ewekansige prosesse van mutasies en natuurlike seleksie van voordelige eienskappe alle lewensvorme wat op aarde waargeneem is, tot gevolg gehad het (Dawkins, 2009:18). Hierdie bewering kan egter maklik weerlê word deur die geweldige omvang van data te oorweeg wat nodig was om die groot menigte en verskeidenheid van lewensvorme wat deur die eeue bestaan het, te produseer.

Volgens Crick (1958:159) bevat die opeenvolgende rangskikking van basispare in DNS die inligting wat nodig is vir die bou van funksionele proteïene en sisteme wat nodig is vir lewe, data soortgelyk aan die masjienkode in rekenaars. In Bill Gates se woorde: “DNA is like a computer program but far, far more advanced than any software ever created” (Meyer, 2009:12).

Materialiste stel voor dat ongeleide prosesse, gegewe genoeg tyd, onvermydelik tot nuwe funksionele inligting in DNS sal lei. Vir sulke lukrake prosesse om egter die gewenste uitwerking te hê, is tyd nodig en dit is waar die argument vir willekeurigheid misluk. Daar is bereken dat die kans dat ewekansige mutasie die data sal skep wat nodig is om 'n nuwe funksionele geen te verkry, wat in staat is om 'n baie beskeie proteïen te produseer wat slegs uit 150 aminosure bestaan, 1 in 10^{77} is. Dit beteken dat toevalligheid as oorsaak onwaarskynlik is, aangesien die totale aantal atome in ons sterrestelsel op 10^{65} geskat word. 'n Ewekansige proses wat in staat is om 'n enkele nuwe funksionele volgorde te produseer, kan daarom vergelyk word met die suksesvolle soeke na 1 spesifieke atoom in 1 triljoen sterrestelsels so groot soos die Melkweg (Meyer, 2009:212). Ofskoon paleontologiese data aandui dat lewe op aarde vir 4 miljard jaar reeds bestaan, was daar eenvoudig nie genoeg tyd vir lukrake, ongeleide prosesse om alle lewensvorme wat sedert die begin van lewe op aarde bestaan het, tot gevolg te hê nie (Meyer, 2009:212).

Die voorbeeld wat hier bo genoem is, het slegs betrekking op 'n baie eenvoudige funksionele proteïen, wat die totale onwaarskynlikheid onderstreep om die groot volume data te bekom wat nodig is om 'n verklaring te bied vir die menigte lewe wat waargeneem word.

Die enigste aanneemlike oorsprong van sulke inligting is ’n intelligente ontwerper (Meyer, 2009:218). Die sigbare omvang en diepte van inligting, sowel as die oorlewingskoers binne die tyd beskikbaar, maak “toeval” as metode van versameling van die inligting, logieserwys onmoontlik. Slegs een uit elke honderd spesies wat kon muteer het oorleef, wat beteken dat om die regte DNS-inligting te verkry, die mutasietempo 99% hoër, of die tydperk 99% langer moes gewees het as wat waargeneem word. Daarom dat selfs Richard Dawkins (1986:7), aktivis van die outonome natuur-oortuiging skryf: “It is grudgingly, creakingly, crushingly obvious that, if Darwinism were really a theory of change, it couldn’t work”.

Alle hipotetiese meganismes wat deur natuurkundiges voorgestel is om die aanduidings vir intelligente ontwerp te omseil, is mettertyd weerlê, soos die Miller-Urey-eksperiment in 1952, RNA-wêreldtesis (1962), Punctuated Equilibrium (1972) en Natural Genetic Engineering (1992). Die fatale fout met al hierdie voorstelle bly die oorsprong van die aanvanklike inligting, wat die argument vir ’n ontwerpende “Verstand” in die heelal versterk.

Gevolgtrekking

Kontemporêre natuurwetenskaplike gegewens dui onteenseglik op ’n heelal wat geskape is deur God. In hierdie heelal is daar talle sterrestelsels met miljarde sterre en planeete. Tot op hede is die aarde egter die enigste planeet waarop lewe aangetref word. Die natuurwetenskap bevestig die skeppingsverhaal in Genesis wat beskryf hoe God die aarde georden het, sodat dit ’n geskikte habitat vir die mens kan wees. Jesaja 45:18 sê: “... Hy is God – wat die aarde gevorm en dit gemaak het – Hy het dit gevestig – nie as ’n onherbergsame plek het Hy dit geskep nie, maar om bewoon te word, het Hy dit gevorm...”.

Bewyse uit biologiese wetenskappe soos die digitale inligting vervat in DNS, sowel as die groot toevoeging van nuwe genetiese inligting tydens die Kambriese ontploffing en ander diskontinuiteite (Behe, 2019:10), dui onteenseglik daarop dat die Skepper nie net die aanvanklike toestande en fisiese konstantes van die heelal daargestel het nie, maar dat Hy aktief betrokke is by die geskiedenis van die heelal as ’n alomteenwoordige, bewuste Agent met ’n vrye wil (Meyer, 2021:449).

Die mens is met rasonale vermoëns beklee sodat hy/sy in staat is om die handewerk van God te kan herken, te ondersoek en te beskryf, sodat Sy grootheid en almag vir almal geopenbaar kan word. Die natuurwetenskap en geloof is nie in konflik met mekaar nie, maar bevestig wedersydse waarhede. Aspekte waaroor daar steeds onduidelikheid is, is die gevolg van ’n gebrekkige verstaan van óf die natuurwetenskap, óf die Bybel. Namate navorsing voortgaan en nuwe getuienis voortdurend die lig sien, sal die almag van God, soos geopenbaar in die Bybel en die skepping, al hoe duideliker sigbaar word.

BIBLIOGRAFIE

1925. Criminal Court of Tennessee. A Monkey on Tennessee’s Back: The Scopes Trial in Dayton. Ade, PA, Aghanim, N, Arnaud, M, Ashdown, M, Aumont, J, Baccialupi, C, Banday, AJ, Barreiro, RB, Bartlett, JG, Bartolo, N & Battaner, E. 2016. Planck 2015 results-xiii. cosmological parameters. *Astronomy & Astrophysics*, 594: A13.
- Balz, AGA. 1934. Whitehead, Descartes, and the bifurcation of nature. *The Journal of Philosophy*, 31:281-297.
- Barnes, L. 2012. The Fine-Tuning of the Universe for Intelligent Life. *Publications of the Astronomical Society of Australia*, 29:529-564.

- Barr, J. 1985. Why the world was created in 4004 BC: Archbishop Ussher and biblical chronology. *Bulletin of the John Rylands Library*, 67:575-608.
- Behe, MJ. 2019. *Darwin devolves: The new science about DNA that challenges evolution*. New York: HarperCollins.
- Bell, EA, Boehnke, P, Harrison, TM & Mao, WL. 2015. Potentially biogenic carbon preserved in a 4.1-billion-year-old zircon. *Proceedings of the National Academy of Science*, 112:14518-14521.
- Bonner, TJ. 1998. The origins of multicellularity. *Integrative biology*, 1:27-36.
- Brandt, TD. 2015. Dating the earth, the sun, and the stars. *Institute for advanced study*. Available: <https://www.ias.edu/ideas/2015/brandt-dating-the-earth>. [Accessed 23/02/2023].
- Buckland, W. 1820. *Vindiciæ Geologicæ: The Connexion of Geology with Religion, Explained in an Inaugural Lecture Delivered Before University of Oxford, May 15, 1819, on the Endowment of Readership in Geology*. Oxford: University Press.
- Butterfield, NJ. 2000. *Bangiomorpha pubescens* n. gen., n. sp: implications for the evolution of sex, multicellularity and the mesoproterozoic/neoproterozoic radiation of eukaryotes. *Paleobiology*, 26, 386-404.
- Calvin, J. 2018. *Commentaries of the First Book of Moses Called Genesis*, Ontario:Lulu.com.
- Carter, B. 1974. Large number coincidences and the Anthropic principle in cosmology. In: Longair, M ed. *IAU Symposium 63: Confrontation of cosmological theories with observational data 1974* Krakow, Poland. Dordrecht: D. Reidel Publishing Co, pp. 291-298.
- Cohen, KM, Finney, SC, Gibbard, PL & Fan, JX. 2013. International chronostratigraphic chart 2013. Available: <http://www.stratigraphy.org/icschart/chronostratchart2013-01.pdf>. [Accessed 21/02/2023].
- Crick, FHC. 1958. Protein synthesis. *Symp. Soc. Exp. Biol*, 12:138-163.
- Darwin, C. 1859. *On the origin of species by means of natural selection, or the preservation of favoured races in the struggle for life*. London: John Murray.
- Darwin, C. 1871. *The descent of man. (Darwin online)*. Available: <http://darwin-online.org.uk/content/frameset?pageseq=1&itemID=F937.1&viewtype=text>. [Accessed 02/01/2023].
- Dawkins, R. 1986. *The blind watchmaker*; London: Longman.
- Dawkins, R. 2009. *The greatest show on earth: The evidence for evolution*. London: Transworld.
- Dodd, MS, Papineu, D, Grenne, T, Slack, JF, Ritner, M, Pirajno, F, O’Niel, J. & Little, CTS. 2017. Evidence for early life in earth’s oldest hydrothermal vent precipitates. *Nature*, 543:60-64.
- Draper, JW. 1875. *History of the Conflict between Religion and Science*. New York: D. Appleton.
- Dreyer, JH. 2022. Interpretasieverskille ten opsigte van die natuurwetenskaplike werklikheid – ’n reformatories-teologiese beoordeling. PhD, Noord-Wes Universiteit (Suid-Afrika).
- Falcon, A. 2005. *Aristotle and the science of nature: unity without uniformity*, Cambridge University Press.
- Hawking, SW. 1988. *A brief history of time*. New York: Bantam.
- Hu, WWM. 2004. The cosmic symphony. *Scientific American*, 209:44-53.
- Hubble, EP. 1929. A spiral nebula as a stellar system, Messier 31. *The Astrophysical Journal*, 69:103-158.
- Jin, JP, He, K, Tang, X, Li, Z, Lv, L. & Zhao, Y. 2015. An Arabidopsis transcriptional regulatory map reveals distinct functional and evolutionary features of novel transcription factors. *Molecular biology and evolution*, 32:1767-1773.
- Karki, R. 2010. The Foreground of Big Bang Nucleosynthesis. *Himalayan Physics*, 1:79-82.
- Knoll, AH, Javaux, EJ, Hewitt, D & Cohen, P. 2006. Eukaryotic organisms in Proterozoic oceans. *Philosophical transactions of the Royal Society*, 361:1023-1038.
- Koshwane, JH, Foster, KP & Murray, AW. 2011. Sucrose utilization in budding yeast as a model for the origin of undifferentiated multicellularity. *PLoS Biology*, 9: pe 1001122.
- Labbé, I, Van Dokkum, P, Nelson, E *et al*. 2023. A population of red candidate massive galaxies ~600 Myr after the Big Bang. *Nature*. Available: <https://doi.org/10.1038/s41586-023-05786-2>. [Accessed 23/02/2023].
- Lemaître, G. 1931. The beginning of the world from the point of view of quantum theory. *Nature*, 127: 706-706.

- Lennox, JC. 2019. John Lennox discusses the beginning of the Universe. *Video clip: Science Uprising*. Available: <https://www.youtube.com/watch?v=mKh51FxQ4io&t=4s>. [Accessed 29/11/2022].
- Maddox, J. 1989. Editor's comment. *Nature*: 340.
- Mendel, G. 1965. *Experiments in plant hybridisation*, Harvard University Press.
- Meyer, SC. 2009. *Signature in the cell: DNA and the evidence for intelligent design*. New York: HarperOne.
- Meyer, SC. 2021. *Return of the God Hypothesis: Three Scientific Discoveries That Reveal the Mind Behind the Universe*. New York: HarperCollins.
- Miller, H. 1858. *The Testimony of the Rocks: Or, Geology in Its Bearings on the Two Theologies, Natural and Revealed. With Memorials of the Death and Character of the Author*. Boston: Gould and Lincoln.
- Morris, SC. 2000. The Cambrian "explosion": Slow-fuse or megatonnage? *Proceedings of the National Academy of Sciences*, 97:4426-4429.
- Nakagaki, T, Yamada, H & Toth, A. 2000. Intelligence: maze solving by an amoeboid organism. *Nature*, 40:470.
- Nasa Science, N. 2023. Dark energy, dark matter. Available: <https://science.nasa.gov/astrophysics/focus-areas/what-is-dark-energy>. [Accessed 21/01/2022].
- Nemchin, AA, Whitehouse, MJ, Menneken, M, Geisler, T, Pidgeon, RT & Wilde, SA. 2008. A light carbon reservoir recorded in zircon-hosted diamond from the Jack Hills. *Nature*, 454:92-97.
- Nutman, AP, Bennet, VC, Friend, CRL, Karendronk, MV & Chivas, AR. 2016. Rapid emergence of life shown by discovery of 3,700-million-year-old microbial structures. *Nature*, 537:535-538.
- Ohtomo, Y, Kakegawa, T, Ishida, A, Nagase, T & Rosing, MT. 2014. ¹³C-depleted carbon microparticles in >3700Ma sea floor sedimentary rocks from West Greenland. *Nature geoscience*, 7:25-28.
- Otto, J. 2018. *Lewensbrood*. Pretoria: Geloofsbond van Hervormde gemeentes.
- Papineau, D, Gregorio, BT, Cody, GD, O'Neil, J, Steel, A, Stroud, RM & Fogel, ML. 2011. Young poorly crystalline graphite in the >3.8-Gyr-old Nuvvuagittuq banded iron formation. *Nature geoscience*, 4:376-379.
- Patterson, C. 1956. Age of meteorites and the earth. *Geochimica et Cosmochimica Acta*, 10:230-237.
- Pearce, BKD, Tupper, AS, Pudritz, RE & Paul, G. 2018. Constraining the time interval for the origin of life on earth. *Astrobiology*, 18:343-364.
- Penzias, AA & Wilson, RW. 1965. Measurement of the Flux Density of CAS at 4080 Mc/s. *The Astrophysical Journal*, 142:1149.
- Preuss, P. 2000. Strong evidence for flat universe reported by Boomerang project. Berkeley International Labs.
- Redd, NT. 2013. What is dark energy? Available: <https://www.space.com/20929-dark-energy.html> [Accessed 01/02/2023].
- Riding, R. 2007. The term stromatolite: towards an essential definition. *Lethaia*, 32:321-330.
- Rosing, MT. 1999. ¹³C-depleted Carbon microparticles in > 3700Ma sea-floor sedimentary rocks from West Greenland. *Science*, 283:674-676.
- Ross, HN. 1993. *The Creator and the Cosmos: How the Greatest Scientific Discoveries of the Century Reveal God*. Colorado Springs: NavPress.
- Ryden, B. 2003. Astronomy 162 – Lecture 44. The first three minutes. USA: Ohio State University. Available: http://www.astronomy.ohio-state.edu/~ryden/ast162_10/notes44.html. [Accessed 01/02/2023].
- Sen, D. 2014. The uncertainty relations in quantum mechanics. *Current Science*: 203-218.
- Signor III, PWA L, JH. 1982. Sampling bias, gradual extinction patterns, and catastrophes in the fossil record. *Geological Society of America Special Publication*, 190:291-296.
- Slipher, VM. 1917. Nebulae. *Proceedings of the American Philosophical Society*: 403-409.
- Smith, W. 1815. *A Memoir to the Map and Delineation of the Strata of England and Wales with Part of Scotland*. London: John Cary.
- Smoot, GF, Bennett, CL, Kogut, A, Wright, EL, Aymon, J, Boggess, NW, Cheng, ES, De Amici, G, Guklis, S, Hauser, MG, Hinshaw, G, Jackson, PD, Janssen, M, Kaita, E, Kelsali, T, Keegstra, P, Lineweaver, C, Loewenstein, K, Lubin, P, Mather, J, Meyer, SS, Search by Orclid, Moseley, SH, Murdock, T, Rokke, L, Silverberg, RF, Tenorio, L, Weiss, R, Wilkinson, DT. 1992. Structure in the

- COBE Differential Microwave Radiometer First-Year Maps. *Astrophysical Journal Letters*, 396: L1-L6.
- Spergel, DN. 2007. Three-Year Wilkinson Microwave Anisotropy Probe (WMAP) observations: implications for Cosmology. *The astrophysical journal supplement series*, 170:377-408.
- Strong, J. 2009. *Strong's exhaustive concordance of the Bible*. Hendrickson Publishers.
- Townes, C H. 1995. *Making waves*. University of Maryland, Woodbury N.Y: American Physical Society.
- Van Genderen, JV, WH. 2008. *Concise reformed dogmatics*. Phillipsburg, New Jersey: P & R publishing.
- Vogel, W. 1986. The Eschatological Theology of Martin Luther. Part I: Luther's Basic Concepts. *Andrews University Seminary Studies (AUSS)*, 24:14.
- Weinberg, S. 1976. *The first three minutes*. Fontana: Cambridge.
- White, M. 2020. The Hubble Expansion. UC Berkeley: Lawrence Berkeley National Lab. Available: <https://w.astro.berkeley.edu/~mwhite/darkmatter/hubble.html>. [Accessed 02/02/2023].
- Wilczek, FIB, L. 2012. 2006. The Fine-Tuning of the Universe for Intelligent Life. *Publications of the Astronomical Society of Australia*, 24:529-564.
- Wonderly, DE. 1977. *God's Time-records in Ancient Sediments: Evidences of Long Time Spans in Earth's History*. London: Crystal Press.

Die ontstaan van lewe: “In die begin was die Woord daar”

The origin of life: “In the beginning was the Word”

JOHAN DREYER

Onafhanklike navorser
Coligny, Suid-Afrika
E-pos: johandreyer@truenw.co.za



Johan Dreyer



Kobus v/d Walt

KOBUS VAN DER WALT

Filosofie van Natuurwetenskap en Tegnologie
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: kobus.vanderwalt@nwu.ac.za

JOHANNES HENDRIK DREYER verwerf die grade BSc Agric (UP), BSc Agric Hons (UOVS), sowel as MSc Agric (NWU), telkens met Landbou-ekonomie as spesialisveld. In 2022 verwerf hy die PhD in Dogmatiek¹ aan die NWU, nadat hy verskeie teologiese toelatingseksamens suksesvol afgelê het. In sy loopbaan bestuur hy die Landbou-ekonomie-afdeling van Sentraal-Wes Koöperasie, tree op as Ekonomoom by die Suid-Afrikaanse Wolraad, en dien ook as Projekbestuurder by die Ontwikkelingsbank van Suid-Afrika. Sedert 1987 boer hy naby Coligny in die Noordwes-provinsie, Suid-Afrika.

JOHANNES HENDRIK DREYER obtained the degrees BSc Agric (UP), BSc Agric Hons (UOVS), as well as MSc Agric (NWU), with Agricultural Economics as specialist field. In 2022, he obtained the PhD in Dogmatics² at the NWU, after having successfully completed several theological entrance exams. In his career he managed the Agricultural Economics Department of Central-West Cooperation, acted as Economist at the South African Wool Council, and served as Project Manager at the Development Bank of South Africa. Since 1987, he has been farming near Coligny, Northwest Province, South Africa.

IZAK JACOBUS VAN DER WALT is sedert 1990 ’n dosent in die Fakulteit Natuurwetenskappe aan die NWU. Sy aanvanklike navorsingsfokus was Aardkundige wetenskappe, met spesialisasie in Omgewingsbestuur. Na verwerwing van die PhD-

IZAK JACOBUS VAN DER WALT was appointed as lecturer in the Faculty of Natural Sciences at the Northwest University, South Africa, in 1990. His initial research focus was Earth Sciences, with specialisation in Environmental Manage-

¹ Erkenning word gegee aan Prof. CFC Coetzee (Promotor), wat saam met Dr. Rudy A Denton (medepromotor), en Prof. IJ vd Walt die studieleiding van die PhD waarop hierdie artikel gegrond is, behartig het.

² Acknowledgment is given to Prof. CFC Coetzee (Promoter), who together with Dr. RA Denton and Prof. IJ vd Walt co-supervised the PhD on which this article is based.

Datums:

Ontvang: 2022-11-30

Goedgekeur: 2023-03-20

Gepubliseer: Junie 2023

<p>graad in 1993, vorder hy tot departementshoof van Geografie en Omgewingsbestuur. In 2010 is hy benoem as professor in die Filosofie van Natuurwetenskap en Tegnologie aan die NWU. Hy dien die afgelope 9 jaar as Raadslid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.</p>	<p>ment. After obtaining the PhD degree in 1993, he was promoted to Head of Department of Geography and Environmental Management. In 2010 he was appointed as professor in Philosophy of Natural Science and Technology at the NWU. He served as Council member of the South African Academy for Science and Arts for the past 9 years.</p>
---	---

ABSTRACT

The origin of life: “In the beginning was the Word”

Many scientists and researchers agree that biological life on earth most likely arose naturally, but they cannot account for the exact method by which life arose. Numerous experiments and observations have provided evidence that the basic building blocks of life (amino acids) can form spontaneously under the conditions thought to be those present on ancient earth. The recent discovery of Extremophiles (organisms that thrive in extreme conditions such as high temperature and pressure) gave further impetus to the belief that it is possible for unguided, random mechanisms to produce life. However, contrary to scientists who present contemporary scientific evidence as proof of life having a natural origin, there is a growing number of authoritative scholars who claim that the a priori conditions for life to exist at all, as well as its complexity, are indicative of carefully planned, guided mechanisms. Contrary to a materialistic/atheistic view, these researchers advocate a willingness to follow contemporary data to its most likely, logical conclusion. This conclusion involves the continuous involvement of a Creator right from the moment of creation, to the present.

The group of theories that centre around a belief that life was created by a supernatural force or deity is known as Creationism. It is based on religious beliefs that determine the way in which natural scientific data is interpreted. Creationists argue that the complexity of living organisms, as well as the existence of consciousness, cannot be explained by random, unguided processes and must have been designed by a higher power. One of the arguments for a supernatural origin of life, is the Anthropocentric principle (or the so-called “fine-tuning” argument), which claims that the universe has precise values for certain physical constants and laws that make it possible for life to exist. Proponents of this view argue that the universe’s design could only have been orchestrated by a conscious, purposeful designer. Further evidence cited for supernatural involvement includes the Cambrian explosion and other discontinuities in the paleontological record, as well as the belief that the information in the DNA (deoxyribonucleic acid) molecule must have had an intelligent author.

Criticism of Creationism is that there is no scientific evidence that the universe was fine-tuned solely for the purpose of facilitating life, or that a conscious designer was responsible for it. Furthermore, the “Multiverse” hypothesis, which postulates that there can be many universes with different physical constants, offers a possible naturalistic explanation for why our universe possesses the properties that are observed. As for the paleontological discontinuities and the information in DNA, these are indeed interesting phenomena that have been and still are the subject of much scientific investigation. However, it is important to note that there is ongoing scientific debate about possible unguided mechanisms that could have caused the Cambrian explosion, and the information in DNA can, according to materialists, also be explained by natural processes such as evolution through natural selection.

One of the Naturalistic theories about the origin of life on earth is Abiogenesis, which claims that life arose spontaneously from non-living matter through an optimal coincidence of chemical reactions under favourable conditions. This theory is based on the idea that the conditions on the early earth were perfect for the formation of simple organic molecules, which eventually gave rise to more complex structures capable of self-replication. The Miller-Urey experiment, for example, showed that simple organic molecules formed under conditions that, according to the knowledge at the time, were identical to those on early earth. However, this experiment was discredited over time because the researchers assumed that the primordial atmosphere consisted mainly of methane, ammonia, and water vapour, but later research showed that the early atmosphere more likely consisted of nitrogen, carbon dioxide and water vapour. In addition, some scientists have pointed out that the conditions simulated in the experiment were too reducing in nature (that is, too poor in oxygen), to accurately reflect the conditions on the early earth which had a more oxidizing atmosphere. Therefore, while the Miller-Urey experiment remains an important milestone in the history of origin of life research, it is widely recognised that its results should be viewed with caution and that its implications for the natural formation of life on earth should not be overstated.

Another naturalistic theory is that life was brought to earth by comets or meteorites. This theory, known as Panspermia, suggests that life may have originated elsewhere in the universe and was transported to earth by comets or meteorites. Panspermia is supported by the discovery of organic molecules and microorganisms in some meteorites, as well as the presence of microbial life in extreme environments on earth that may be similar to conditions on other planets.

Each of these theories has its own strengths and weaknesses and there is no consensus among scientists as to which theory is the most accurate. Abiogenesis, for example, is supported by the evidence of the formation of simple organic molecules under conditions, presumably like those on the early earth, but it is difficult to explain how these molecules gave rise to complex structures capable of self-replication. Panspermia is in turn supported by the discovery of organic molecules and microorganisms in some meteorites, but this does not explain the original origin of life itself. Creationism, on the other hand is not directly supported by scientific evidence but is based on the interpretation of empirical data from a religious paradigm.

The origin of life on earth therefore remains a subject of scientific inquiry and naturalistic explanations, based on empirical evidence and well-established scientific theories are still considered in mainstream science to be the only valid basis of human understanding of this complex and interesting subject. However, this normative materialist interpretation is increasingly being questioned by a growing number of eminent scholars.

This article focuses on the origin and complexity of information as found in life on earth. All forms of information known to man, whether hieroglyphs, radio signals, printed media or TV broadcasts have an intelligent author, and the question is why mainstream science insists on considering the most complex information observed by humankind to date (namely the code in the DNA molecule), as strictly materialistic in origin.

KEYWORDS: origin of life, normative materialism, Creationism, Panspermia, Abiogenesis, information in DNA, Anthropocentric³ principle, data,

³ In the context of Christian religion, the Anthropocentric principle refers to the belief that humans are central to God's plan for the universe. Man was created in God's image and received dominion over the earth. The purpose of all creation, including humans, is to glorify God.

information, knowledge, causal determinism, Thermodynamics, Irreducible complexity, biological reproduction, Stochasticity

TREFWOORDE: oorsprong van lewe, normatiewe materialisme, kreationisme, panspermia, abiogenese, inligting in DNA, antroposentriese⁴ beginsel, data, inligting, kennis, kousale determinisme, termodinamika, onreduseerbare kompleksiteit, biologiese voortplanting, stogastisiteit

OPSOMMING

'n Groot aantal natuurwetenskaplike navorsers beweer dat biologiese lewe op aarde heel waarskynlik natuurlik ontstaan het, maar geeneen kan die presiese meganisme waardeur lewe ontstaan het, weergee nie. Talle eksperimente en waarnemings het bewyse gelewer dat die basiese boustone van lewe, soos aminosure, spontaan kan vorm onder die toestande wat op die vroeë aarde teenwoordig was. Daarbenewens dui die ontdekking van ekstremofiele (organismes wat floreer in uiterste toestande soos hoë temperature en druk) daarop dat lewe moontlik deur 'n onbegeleide, willekeurige meganisme in sulke omgewings kon ontstaan het. Alhoewel die meerderheid wetenskaplikes dus kontemporêre wetenskaplike gegewens aanvoer as bewyse dat lewe 'n natuurlike oorsprong gehad het, is daar 'n groeiende stem van gesaghebbende navorsers wat beweer dat die voorwaardelike toestande vir lewe, sowel as die kompleksiteit daarvan, dui op fyn beplande, begeleide meganismes. In teenstelling met 'n normatiewe materialistiese vertrekpunt, propageer sulke navorsers 'n openheid om die data te volg tot die mees waarskynlike, logiese gevolgtrekking. Hierdie gevolgtrekking behels die voortdurende betrokkenheid van 'n Skepper vanaf voor die beginmoment van die skepping, tot op hede.

Inleiding

Die oorsprong van lewe op aarde bly 'n onderwerp van natuurwetenskaplike, teologiese en filosofiese spekulاسie en debat. Daar is verskeie teorieë oor hoe lewe moontlik ontstaan het. Hierdie teorieë kan breedweg in twee kategorieë ingedeel word, naamlik: naturalistiese en metafisiese verduidelikings.

Die groep teorieë wat sentreer rondom 'n oortuiging dat lewe geskep is deur 'n bonatuurlike/metafisiese krag of godheid, staan bekend as kreationisme (Ruse, 2022). Dit is gebaseer op godsdienstige oortuigings wat die wyse waarop die natuurwetenskap geïnterpreteer word, bepaal. Kreationiste voer aan dat die kompleksiteit van lewende organismes, sowel as die bestaan van bewussyn nie deur willekeurige, onbegeleide prosesse verklaar kan word nie en deur 'n hoër mag ontwerp moes gewees het (Menuge, 2008:54; Meyer, 2021:279).

Een van die argumente vir 'n bonatuurlike oorsprong van lewe is die antroposentriese beginsel (of die sogenaamde “fine-tuning”-argument), wat beweer dat die heelal presiese waardes het vir sekere fisiese konstantes en wette, wat dit moontlik maak vir lewe om te bestaan. Voorstanders van hierdie siening voer aan dat die heelal se ontwerp slegs deur 'n bewuste, doelgerigte ontwerper georkestreer kon word (Meyer, 2021:276). Verdere getuienis vir bonatuurlike betrokkenheid sluit in die Kambriese ontploffing en ander diskontinuiteite in

⁴ In die konteks van die Christelike godsdienst verwys die antroposentriese beginsel na die oortuiging dat die mens sentraal in God se plan vir die heelal is. Die mens is na God se beeld geskape en het van Hom heerskappy oor die aarde ontvang. Die doel van die hele skepping, insluitende die mens, is om God te verheerlik.

die paleontologiese rekord, sowel as die oortuiging dat die inligting in die DNS (deoksiribonukleïensuur)-molekule 'n intelligente outeur moes gehad het (Meyer, 2021:449).

Kritiek op kreasionisme is dat daar geen wetenskaplike bewyse is dat die heelal fyn ingestel is uitsluitlik met die doel om lewe te fasiliteer nie, of dat 'n bewuste ontwerper daarvoor verantwoordelik was nie (Munro, 2012:186). Verder bied die “multiversum-”hipotese, wat postuleer dat daar talle heelalle met verskillende fisiese konstantes kan wees, 'n naturalistiese verduideliking vir hoekom ons heelal oor die eienskappe beskik wat waargeneem word (Aguirre, ongedateer). Wat die paleontologiese diskontinuiteite en die inligting in DNS betref, is dit inderdaad interessante verskynsels wat die onderwerp van baie wetenskaplike ondersoekes was en steeds is. Dit is egter belangrik om daarop te let dat daar voortgaande wetenskaplike debat is oor moontlike natuurlike meganismes wat die Kambriese ontploffing kon veroorsaak het, terwyl die inligting in DNS volgens materialiste soos Dawkins (2009:397) ook verklaar kan word deur natuurlike prosesse soos evolusie deur natuurlike seleksie.

Een van die naturalistiese teorieë oor die oorsprong van lewe op aarde is abiogenese, wat beweer dat lewe spontaan ontstaan het uit nielewendende materie, deur 'n gelukkige, willekeurige sameloop van optimale toevalle van chemiese reaksies in gunstige toestande. Hierdie teorie is gebaseer op die idee dat die toestande op die vroeë aarde perfek was vir die vorming van eenvoudige organiese molekules, wat uiteindelik aanleiding gegee het tot meer komplekse strukture wat tot selfreplisering in staat was (Miller *et al.*, 1979:352). Die Miller-Urey-eksperiment (Miller, 1953:528) het byvoorbeeld getoon dat eenvoudige organiese molekules gevorm het onder toestande wat volgens die destydse kennis identies aan dié op die vroeë aarde was. Hierdie eksperiment is egter mettertyd gediskrediteer omdat die navorsers aanvaar het dat die oer-atmosfeer hoofsaaklik uit metaan, ammoniak en waterdamp bestaan het, terwyl latere navorsing daarop gedui het dat die vroeë atmosfeer waarskynlik uit stikstof, koolstofdioksied en waterdamp bestaan het. Daarbenewens het sommige wetenskaplikes daarop gewys dat die toestande wat in die eksperiment gesimuleer is, te reduserend van aard was (dit wil sê te arm aan suurstof) om die toestande op die vroeë aarde, wat 'n meer oksiderende atmosfeer gehad het, akkuraat te weerspieël. Daarom, terwyl die Miller-Urey-eksperiment 'n belangrike mylpaal in die geskiedenis van oorsprong van lewensnavorsing bly, word dit wyd erken dat die resultate daarvan met omsigtigheid beskou moet word en dat die implikasies daarvan vir die natuurlike vorming van lewe op aarde nie oorskat moet word nie (Sossi *et al.*, 2020).

Nog 'n naturalistiese teorie is dat lewe deur komete of meteoriete na die aarde gebring is. Hierdie teorie, bekend as panspermia, stel voor dat lewe dalk elders in die heelal ontstaan het en deur komete of meteoriete na die aarde vervoer is (Mitton, 2022:1379). Panspermia word ondersteun deur die ontdekking van organiese molekules en mikroörganismes in sommige meteoriete, asook die teenwoordigheid van mikrobiiese lewe in uiterste omgewings op aarde wat soortgelyk kan wees aan toestande op ander planete (Mitton, 2022:1381).

Elkeen van hierdie teorieë het sy eie sterk- en swakpunte, en daar is geen konsensus onder wetenskaplikes oor watter teorie die mees akkurate is nie. Abiogenese, byvoorbeeld, word ondersteun deur die bewyse van die vorming van eenvoudige organiese molekules onder toestande wat vermoedelik soortgelyk kon wees aan dié op die vroeë aarde, maar dit is moeilik om te verduidelik hoe hierdie molekules aanleiding kon gee tot komplekse strukture wat in staat was tot selfreplikasie (Sossi *et al.*, 2020). Panspermia word op sy beurt ondersteun deur die ontdekking van organiese molekules en mikroörganismes in sommige meteoriete, maar dit verklaar nie die oorspronklike oorsprong van lewe self nie (Wickramasinghe, 2022:123). Kreasionisme, aan die ander kant, word nie direk deur wetenskaplike bewyse ondersteun nie,

maar is gebaseer op die interpretasie van empiriese gegewens vanuit ’n godsdienstige paradigma (Clatterbuck, 2022).

Die oorsprong van lewe op aarde bly ’n onderwerp van wetenskaplike ondersoek, en naturalistiese verduidelikings, gebaseer op empiriese bewyse en goed gevestigde wetenskaplike teorieë word in die hoofstroomwetenskap steeds beskou as die enigste geldige grondslag van die mens se begrip van hierdie komplekse en interessante onderwerp. Hierdie normatiewe materialistiese interpretasie word egter toenemend bevraagteken (Meyer, 2021:8).

In hierdie artikel word gefokus op die vraagstuk oor die oorsprong en kompleksiteit van inligting soos aangetref in lewe op aarde. Alle vorme van inligting aan die mens bekend, hetsy hiërogliewe, radioseine, gedrukte media of TV-uitsendings het ’n intelligente outeur en die vraag is waarom die hoofstroomwetenskap die mees komplekse inligting wat tot op hede deur die mens waargeneem is (naamlik die kode in die DNS-molekule), normatief wil uitsonder as materialisties van oorsprong.

Natuurwetenskaplike bespreking

Dit is interessant dat ten spyte van talle wetenskaplike interpretasies, daar geen algemeen aanvaarde definisies van die elementêre terme “data”, “inligting” en “kennis” is nie. Varga *et al.* (2020:297:) beskryf wel inligting in beginsel as hulp met besluitneming, probleemoplossing of benutting van ’n geleentheid, maar daar is geen universele standaardgebruik van die onderskeie terme nie.

Hoewel die terme data, inligting en kennis soms as sinonieme gebruik word, is daar tog wesentlike verskille. Die verwarring oor die terme kan moontlik uitgeklaar word deur te let op die “areas” wat hulle op dieselfde tydstip beslaan. Inligting is in beginsel ’n boodskap wat ontstaan uit aksies en situasies, maar dit word in stoommedia (databasisse, gedrukte media en video’s) geberg in die vorm van data (of in die mens se verstand as kennis). Hieruit word duidelik dat een mens se “data” ’n ander se “kennis” kan wees (en omgekeerd), afhangende van die konteks. ’n Boek verteenwoordig terselfdertyd die kennis van ’n outeur, inligting vir die moontlike leser sowel as data in ’n stoommedium (Stewart, 2002:6). Kennis is egter nie net ’n eienskap van ’n mens as individu nie, maar kan ook aan kulture en groepe toegedig word en selfs aan biologiese areas, soos die kode in DNS of die immuunstelsel van die mens (Traill, 2008).

’n Inligtingstruktuur is enige materiële objek wat data bevat, maar abstrakte niemateriële fenomene soos gedagtes of idees kan ook inligtingstrukture wees (Doyle, 2018). ’n Boodskap wat vanaf ’n inligtingstruktuur afkomstig is, bevat bruikbare inligting wat die mens se kennis vermeerder of sy onsekerheid verminder. Hierdie onsekerheidsbeginsel as gevolg van ’n gebrek aan inligting, kan geïllustreer word deur die idee van Pierre-Simon Laplace in 1914, wat ’n beeld van ’n alleswetende draak gebruik het waarmee hy die noodsaak van inligting in Newton se wiskundige wêreld van oorsaak en gevolg probeer verduidelik het (Bishop, 2005:3). Die idee van die draak het ikonies geword in die soeke na oorsaaklike bepaaldheid (“causal determinism”) in die natuurwetenskap.

Nielewende objekte kan data bevat en oordra (bv. ’n reënboog kan kleurinligting aan die mens se oog verskaf). Hierdie data kan vermeerder of verander soos byvoorbeeld wanneer watermolekules in die reënboog sou kristalliseer. Inligtingsprosessering is egter primêr ’n kenmerk van lewende organismes (Doyle, 2018), ofskoon kunsmatige intelligensiestelsels die illusie skep dat dit in staat is om inligting te kan prosesseer. Volgens chatGTP (OpenAI, 2023) verteenwoordig kunsmatige intelligensie egter tans slegs die organisering van data na gelang van voorafbepaalde algoritmes.

'n Noodsaaklike voorwaarde vir enige nuwe inligting om te ontstaan, is 'n herorganisasie van materie, want hoewel inligting 'n eienskap van materie is, is dit nie noodwendig die materie self nie. Negatiewe entropie behels 'n herorganisasie van materie wat 'n verandering in energie, eerder as 'n verlies aan energie soos by warmte-oordrag, teweegbring. Die tweede wet van termodinamika, wat stel dat entropie (wanorde) in 'n geslote sisteem sal toeneem, beteken ook dat by termodinamiese ewewig in 'n stelsel, daar totale wanorde sonder enige inligting sal wees (Prigogine & Stengers, 1984:103-107). Hierdie stelling is bevestig deur Boltzman (2003:262-349) se H-stelling, waarvoor Einstein die wiskundige bewyse gepubliseer het in die eerste van sy wetenskaplike artikels (Mehra, 1974:17). Totale wanorde sonder enige inligting in 'n termodinamiese ewewig is vormloos, wat beteken dat digtheid, druk en temperatuur oral dieselfde is, met deeltjies wat eweredig versprei is in ruimtetyd. Die snelhede van die deeltjies is bepaalbaar volgens die Maxwell-Boltzman snelheidsverspreidingsvergeelyking (Lloyd, 1997:3380).

Daar is vier prosesse wat lokale entropie kan verminder (dit wil sê negatiewe entropie kan skep, terwyl algehele entropie toeneem volgens die tweede wet van termodinamika) sodat nuwe inligting geskep kan word. Hierdie vier prosesse is gravitasie, kwantum-samewerkingsverskynsels (kristallisering, swak- en sterk-atoomkragte en molekulêre bindingskragte), nielineêre termodinamika (sogenaamde “dissipative structures”) en biologiese lewe (Layzer, 1975:57). 'n Verdere bron van negatiewe entropie is wat Einstein in sy bewyse van Boltzman se H-stelling, “swak fluktuasies rondom termodinamiese ewewig” genoem het. In hierdie fluktuasies (wat in wese oneweredige uitbreidings in entropie is), voorspel hy skielike korttermynuitbarstings van gelokaliseerde hoër digthede of bewegings, wat die grondslag van korttermyn- gelokaliseerde negatiewe entropie kan vorm (Mehra, 1974:21).

Shannon (1948:325) het 'n wiskundige vergelyking opgestel vir die oordra/kommunikasie van inligting, wat Von Neumann (1955:358) as identies aan Boltzman se H-teorie bewys het maar met 'n minusteken (wat op negatiewe entropie dui). Negatiewe entropie het die wetenskaplike naam van “ergo” gekry wat as “inligting” beskou kan word, wat in wese beteken dat verskille in die termodinamiese ewewig as inligting manifesteer. Negatiewe entropie (ergo of inligting) kan daarom beskou word as 'n abstrakte termodinamiese idee wat vry energie beskryf. Shannon se vergelyking en Von Neumann se bevindings is 'n bewys dat Einstein se idee van negatiewe entropie as bron van inligting korrek was in sy 1905-artikel (Mounts, 1970:1542).

Ten opsigte van die heelal beteken dit dat hoewel die Oerknal termodinamiese ewewig aanvanklik versteur het, daar sedertdien voortdurend 'n uitdying is teen 'n tempo vinniger as wat dit deeltjies neem om termostaties ewewig te bereik. Gevolglik is daar 'n voortdurende bron van negatiewe entropie, wat groei in inligtingstrukture moontlik maak (Layzer, 1975:56). Die rede hiervoor is dat die maksimum moontlike entropie vinniger toeneem as werklike entropie, met die verskil tussen die twee entropieë wat as negatiewe entropie manifesteer. Shannon (1948:325) se vergelyking verbind die fisiese negatiewe entropie met abstrakte niemateriële inligting. Inligtingstrukture (sterre, planeete en sterrestelsels) was in staat om onder negatiewe entropie, deur gravitasie en kwantum-samewerkingsverskynsels (swak, sterk atoomkragte en molekulêre kragte) te vorm, met kinetiese energie wat deur uitstraling verwyder is om stabiele, sigbare inligtingstrukture te laat (Layzer, 1975:56).

Al meer navorsing bevestig dat die aanvanklike aanduidings dat die uitdying van die heelal in tempo toeneem (Weaver & Villard, 2018; Scharping, 2017) korrek is. Dit beteken ook dat inligting nie net sal toeneem nie, maar teen 'n toenemende tempo sal toeneem – 'n waarneembare tendens in die “inligtingsontploffing” wat tans op aarde voorkom.

Schrödinger (1943:67-75) het die idee dat lewe voed op negatiewe entropie, bekendgestel. Dit beteken dat daar in toestande ver van termodinamiese ewewig, 'n invloed van materie en energie met negatiewe entropie is deur inligtingstrukture wat, in die geval van lewe, deur Schrödinger as “orde uit orde” beskryf is. Einstein se spesiale relativiteitsteorie en die verhouding $E=mc^2$, is as gevolg van energieverlies aangepas na die massa-energie ekwivalensieteorie (Cockcroft & Walton, 1932). Volgens hierdie teorie is die invloed lae entropie, maar die uitvloei is hoë entropie. Dit beteken dat volgens die beginsels van massa- en energiebewaring, materie en energie behou bly, maar inligting toeneem (Volkenstein, 2009:20).

Inligting is niematerieel, hoewel dit materie gebruik wanneer dit beliggaam is en energie wanneer dit gekommunikeer of oorgedra word. Biologiese stelsels (soos die mens), verskil van suiwer fisiese stelsels omdat sulke stelsels in staat is om inligting te skep, te stoor en te kommunikeer. Dit word gedoen deur die gebruik van bewuste verstandelike prosesse (kognitiewe stelsels), sowel as subjektiewe kennis om die objektiewe omgewing te herken en daarop te reageer. Biologiese stelsels kommunikeer betekenisvolle inligting intern (metakognisie), sowel as met individue van hulle spesie, deur arbitrêre simbole (taal) in 'n poging om hulle voortbestaan te verseker en/of kennis uit te brei deur te leer uit ervaring (Doyle, 2018). Die mens se vlak van ontwikkeling van uitsonderlike kommunikasie en buiteliggaamlike kulturele inligtingstrukture, is verskillend van alle ander biologiese stelsels en is een van die mens se unieke, onderskeidende kenmerke.

Die materiële werklikheid, wat die biologiese werklikheid insluit, is een van die produsente van inligting. Die menslike verstand, deel van die biologiese werklikheid, skep nie net inligting nie, maar verwerk en berg ook inligting. Daar is egter geen fisiese verband tussen woorde in die mens se verstand en objekte in die geskape werklikheid nie. Dié verwantskap is die resultaat van die werking van die menslike verstand. Neurone, wat selfs in die mens se vroegste ervarings impulse tot gevolg het, vuur later weer saam (“neurons that wire together, fire together”) (Hebb, 1949:141) en deur wederkerige verbindings en die integrasie van die neurale netwerk (wat die geheue insluit), kry woorde inhoud met betrekking tot vorige ervarings en ander waarnemings en verander sodoende in “subjektiewe belewenisse” (Penn *et al.*, 2008:176; Parkinson & Wheatley, 2013). Inligting word dus kennis in die mens se verstand en verteenwoordig woordstrukture wat afgelei is van inligtingstrukture wat voorkom in die werklikheid wat die mens beleef (Doyle, 2018).

Biologiese reproduksie behels veel meer as duplisering of konstruksie. Rekenaars moet byvoorbeeld ontwerp en gekonstrueer word deur mense of ander masjiene, maar lewende organismes reproduseer sonder die noodsaak van enige addisionele insette. By biologiese reproduksie word die nuwe lewe se DNS uniek gekodeer, wat beteken dat elke nuwe individu, hoewel genus-getrou, individueel uniek is. Biologiese reproduksie impliseer daarom variasies (Kratz, 2017:157). Hoewel beide die mens en rekenaars data kan verwerk, is dit (met huidige tegnologie) slegs die mens wat inligting tot unieke individuele kennis kan omvorm. In die menslike verstand word inligting in die geheue geberg en onthou. Hierdie gebergde inligting word soms bewustelik (maar meestal onbewustelik) herroep om toekomstige aksies in soortgelyke omstandighede (geassosieerde idees) te beoordeel en te rig (Parkinson & Wheatley, 2013:645). Die gebergde gebeure bevat nie net fisiese feite nie, maar ook die geskiedkundige (en daarom ook potensiële) geestelike gevolge van fisiese oorsake. Hierdie geestelike gevolge sluit al vyf sinuïe en interne emosies in, soos belewenisse van plesier, pyn, hoop en vrees, sowel as herinnerings wat geassosieer word met die betrokke ervaring (Parkinson & Wheatley, 2013:645).

Die mees uitsonderlike eienskap van die menslike verstand is egter die versameling van abstrakte idees en gedagtes, wat die som van menslike kennis is. Dit is hierdie som van bewaarde kennis wat die mens onderskei van alle ander vorms van lewe (sowel as kunsmatige intelligensie), maar ook die instrument vorm van die mens se invloed op die werklikheid (Doyle, 2018). Om die mens se kennis te begryp, is om te verstaan dat afgeleide woordstrukture in die geestelike niemateriële wêreld, kennis van inligtingstrukture in die materiële wêreld verteenwoordig (Doyle, 2018). Volgens die SFL-hipotese (*Systematic Functional Linguistics*) (Halliday, 1994:58-63) is daar drie doelwitfunksies (metafunksies) in die gebruik van taal, wat gelyktydig opereer in die uitdrukking van betekenis, aangesien sekere aspekte van grammatika die ideefunksie realiseer, terwyl ander aspekte die interpersoonlike funksie en nog ander die tekstuele funksie realiseer. Die ideefunksie kan taal toepas op ervarings en/of logika, terwyl die interpersoonlike funksie taal op modaliteite of gemoedstrukture toepas. Met betrekking tot teks, is taal die metode van oordra van inligting.

Alle menslike kennis het die aantekene van gebeure as oorsprong. Gebeure soos dink, waarneem, weet, voel, behoefte en besluit is alles verstandelike prosesse, maar in terme van die kennis wat geproduseer word, net so werklik soos fisiese prosesse (alhoewel nie materieel nie). Dit wil sê, alle wetenskap begin met die versameling van inligting, waar waarneming die aantekene van gebeure is. Alle kennis van die werklikheid wat die mens beleef, berus dus op verstandelike aantekeninge. Wetenskaplike kennis is daarom gedeeltes verstandelike inligting van 'n gemeenskap van navorsers. Dit is daarom in wese niks meer as 'n voorlopige versameling van gedagtes en idees nie.

Die kompleksiteit van lewe en die inligting wat dit moontlik maak

Francis Crick was 'n Britse molekule bioloog wat saam met James Watson en Rosalind Franklin bekendheid verwerf het vir die ontdekking van die struktuur van DNS. Crick het besef dat DNS inligting in die vorm van 'n kode bevat, en hy het vervolgens die vier veranderlikes in die kode geïdentifiseer. Deur X-straal kristallografie van Franklin en Wilkins te kombineer met sy eie teoretiese insigte, was Crick in staat om te bepaal dat die vier veranderlikes in die DNS-kode, die vier stikstofbasse was, naamlik: adenien (A), sitosien (C), guanien (G) en timien (T) (Watson & Crick, 1953:130).

DNS is 'n molekule wat die genetiese instruksies vir die liggaamsvorm, groei, ontwikkeling, funksionering en reproduksie in alle lewende organismes, virusse en viroïede bevat. Dit word in selle deur chromatene (soos bv. histone) as chromosome verpak, georganiseer en gereguleer (Russel, 2001:32-60). DNS kan beskryf word as twee biopolimeerstringe wat uit nukleotiede saamgestel is. Elke nukleotied bestaan uit 'n stikstofbevattende nukleobasis (wat saamgestel is uit A,C,G, of T), 'n suiker (deoksiribose) en 'n fosfaatgroep. Kovalente waterstofbindings tussen opeenvolgende nukleotiede skep 'n suikerfosfaat-rugstring. In die dubbelheliksstruktuur dikteer basisbindingreëls dat nukleotied A slegs met nukleotied T en nukleotied C met nukleotied G bind, om die bekende dubbelheliks-DNS molekule te vorm.

Die kodering van genetiese inligting is saamgevat in die spesifieke volgorde van die nukleotiede waaruit die verskillende gene (spesifieke reekse nukleotiedvolgordes) van die menslike genoom saamgestel is. Agt-en-negentig persent van die DNS in die menslike genoom is niekoderend, met ander woorde dit kodeer nie vir proteïensintese nie (Purcell, 2016). Dit beteken dat slegs 2% van die menslike genoom se inligting wat in die genetiese materiaal gekodeer is, regstreeks in proteïene gesintetiseer word. Die res van die genoom bestaan uit

transkripsie-elemente en terugvoerlusse, wat tesame met transkripsiefaktore (proteïene) die ontsluiting van die genetiese inligting in die genoom reguleer.

In DNS vorm die nukleotiedbassis (A, G, C, T) die eenhede wat die DNS-kodons (“woorde”), saamstel. Hierdie kodons bestaan uit drie nukleotiede bekend as triplete en word in DNS-“sinne” georganiseer, wat gene genoem word. Die menslike genoom bevat meer as 20 000 verskillende gene. Elke geen bevat die inligting van die bousteenvolgorde van die verskillende proteïene en hierdie inligting staan bekend as die genetiese kode. Die spesifikasie van die proteïene is afhanklik van die volgorde van die nukleotiedbassis in die kodons. Proteïene is molekulêre kettings (polimere) wat uit aminosure bestaan. Elke kodon spesifiseer ’n spesifieke aminosuur in die ketting (bv. alfa hemoglobien – ’n proteïenketting wat uit 156 aminosure bestaan. Die DNS (geen) wat hierdie proteïene beskryf, bestaan dus uit 468 nukleotiedbassis wat 156 kodons vorm).

Dit is duidelik dat ’n “kodon” verwys na ’n spesifieke aminosuur, terwyl ’n “geen” na ’n proteïen verwys. In DNS is daar, soos in enige taal, “kodes”, “aanduidende kodes” en “sinonieme” waar elke geen (“sin”) deel van die “DNS-instruksies” wat bepaal watter proteïene deur ’n organisme op ’n bepaalde tyd gevorm moet word (Shapiro, 1987:85).

Crick het besef dat die volgorde van die basisse die genetiese inligting in DNA bepaal. Hy het voorgestel dat die basisse ’n kode vorm waarin die volgorde van A, C, G en T die volgorde van die aminosure in ’n proteïen spesifiseer, wat op sy beurt die funksie daarvan bepaal. Dit was ’n fenomenale deurbraak in die menslike begrip van genetica, aangesien dit gewys het dat die volgorde van die vier stikstofbasisse in DNS die genetiese inligting bevat wat van een generasie na die volgende oorgedra word.

In die vorming van ’n proteïen uit opeenvolgende aminosure, is daar egter heelwat meer vereistes as slegs die korrekte volgorde van aminosure, want die vorming van aminosuur-peptiedkettings in ’n sel geskied teen die tweede wet van termodinamika in. “Now the second law has a statistical character – it does not absolutely forbid physical systems going against the flow ‘uphill’, but it stacks the odds very much against it” (Davies, 1998:60). Hierdie feit beteken dat “toevallige bindings” hoogs onwaarskynlik is.

Slegs 20 natuurlike aminosure is betrokke by proteïenvorming en word tydens proteïensintese deur peptiedbindings in die gekodeerde volgorde gekoppel. Proteomika (die studie van proteïene en hulle funksies) leer verder dat funksionele proteïene vereis dat aminosuurbindings peptiedbindings moet wees (in teenstelling met isopeptiedbindings), wat geneties beheer word deur ander proteïene. In die afwesigheid van genetiese beheer, is peptiedbindings selde in meer as 50% van gevalle aanwesig, vanweë die invloed van die tweede wet van termodinamika. Die aminosuurbindings is weer deels bepalend vir die driedimensionele voupatroon van ’n proteïen, wat op sy beurt die funksionaliteit van daardie proteïen bepaal.

Die kleinste, eenvoudigste funksionele proteïene bestaan uit meer as 100 aminosure, waarvan net ’n enkele, spesifieke volgorde die verwagte funksie tot gevolg sal hê. Dit beteken dat die alternatiewe 10^{130} moontlike rangskikkings nie funksioneel sal wees nie. Selfs net ’n enkele aminosuur op die verkeerde plek, sal totale verlies aan funksionaliteit beteken (Axe, 2000:585-596). Lennox (2009:156) sê in hierdie verband dat: “this fact entails that the probability of a purely random origin for a specified sequence of biological significance is so small as to be negligible”.

Die kompleksiteit van die DNS en die wyse waarop lewe deur die kode in DNS gereguleer word, verdiep egter nog verder. Hoewel metasoë baie gene deel (die mens deel volgens Altendorf & Dessimoz (2012:259-279) 90% van sy gene met muis, 70% met sebravisse en

15% met vrugtevlieë), is daar fenotopies tog groot verskille. Dit is aanduidend dat die oorsprong van fenotipiese verskille nie in gene geleë is nie, maar in die transkripsiefaktore (TF) van die gene. Die meeste proteïene wat onder invloed van gene geproduseer word, is juis transkripsiefaktore – boodskappe aan ander gene. Hieruit volg dat slegs ’n klein gedeelte (2-15% van enige genoom), verantwoordelik is vir proteïen-kodering (Ponting & Hardison, 2011:1769-1776; Kellis *et al.*, 2014:6131-6138; Rands *et al.*, 2014:e1004525). Die res van die genoom is niekoderende DNS, wat in die verlede kontroversieel “gemors-DNS” genoem is. Die hoeveelheid “gemors-DNS” (niekoderende DNS), wissel baie tussen spesies.

Niekoderende DNS speel egter ’n bepaalde rol in die netwerk van gene se interaksie en die niegenetiese (epigenetiese) faktore van geen-uitdrukking (Carey, 2015:1-7; Kellis *et al.*, 2014:6131-6138; Morris, 2012:3-31). Epigenetiese faktore verwys na faktore wat nie as sulks deel is van die genoom nie, maar wat ’n belangrike rol speel in die ontsluiting van die genetiese inligting in die genoom. Die sogenaamde “gemors-DNS” is meestal verdiepende volgordes van terugvoerlusse (Carey, 2015:1-7). Die veranderende genetiese inligting en mutasies kom daarom moontlik voor by die kriptiese ontvangsposisies van terugvoerlusse wat vorm tussen gene, transkripsiefaktore en niekoderende DNS (Kellis *et al.*, 2014:6131-6138; Morris, 2012:3-31).

Verdere toenemende en verdiepende kompleksiteit is sigbaar in die feit dat die menslike genoom tussen 30 000 en 40 000 gene bevat, terwyl die menslike molekulêre stelsel meer as 100 000 verskillende proteïene produseer. Lennox (2009:141) sê hieroor: “There is simply too few genes to account for the incredible complexity of our inherited characteristics, let alone for the great differences between, say plants and humans”. Hiërdie verskynsel is die oorsaak daarvan dat die genoom van ’n organisme enigiets tussen ’n paar en duisende verskillende gene bevat wat vir ’n enkele produk of meer kan kodeer, net soos ’n enkele geen vir ’n meervoud proteïene kan kodeer deur ’n proses van alternatiewe splitsing. Splitsing neem toe saam met die kompleksiteit van ’n organisme. ’n Geskatte 75% van menslike gene is onderhewig aan splitsing (Mironov *et al.*, 1999:1288-1293). DNS en die genetiese oordrag van inligting is dus baie meer kompleks as wat dit op die oog af lyk, maar dit bly steeds die basis van die voorskrif vir die samestelling van proteïene.

Omdat proteïene chemies baie verskil van DNS, kan die spesifikasies vir die samestelling van nuwe proteïene nie van die DNS verkry word sonder bystand van sekere ander proteïene nie (Shapiro, 2007:26). Wat belangrik is met betrekking tot die kompleksiteit van die inligting vir lewe, is dat DNS nie self dupliseer nie, maar dat dit gedupliseer word met behulp van sommige van die proteïene wat dit beskryf (molekulêre masjiene).

Om die eerste lewende organisme daar te stel, was daar dus reeds bestaande DNS nodig as bron van inligting. Hierdie DNS moes op so ’n wyse gerangskik gewees het dat dit reeds ’n organisme beskryf het, maar dit moes ook terselfdertyd as produsent van die proteïene, wat in staat is om die duplikasie te kan uitvoer, gedien het. Die rede hiervoor is dat die proteïene wat die duplikasie uitvoer, slegs binne die konteks van ’n metaboliserende (dit is lewende) stelsel kan funksioneer. ’n Belangrike punt is dat die DNS-volgorde wat kodeer vir ’n funksionele proteïen, gespesifiseerde kompleksiteit vertoon as voorwaarde om te kan kodeer vir daardie spesifieke proteïen. Proteïene vertoon ’n hoë mate van molekulêre sensitiwiteit, wat beteken dat die foutiewe voorkoms van selfs net ’n enkele aminosuur in ’n lewensvatbare proteïen, katastrofiese mislukking kan beteken (Axe, 2000:585-596). Hierdie gespesifiseerde kompleksiteit vereis dat die genetiese inligting in die DNS-algoritme presies en spesifiek moet wees.

Wanneer 'n DNS-string ewekansig is (soos materialiste beweer), sal enige program wat geskryf is om dit te genereer, in wese dieselfde lengte moet wees as die string self. Dit beteken dat die string algoritmies onsaampersbaar (en gevolglik ook wiskundig ewekansig) sal moet wees (Lennox, 2009:156). Davies (1998:88, 21-22) skryf daarom: “can specified randomness be the guaranteed product of a deterministic, mechanical, law-like process, like a primordial soup left to the mercy of familiar laws of physics and chemistry? No, it couldn't. No known law of nature could achieve this... Darwinism can only operate when life (of some sort) is already going. It cannot explain how life starts in the first place”.

RNS (ribonukleïensuur, wat saam met DNS die draer is van erflike inligting in alle bekende organismes) is tans die nommer een kandidaat vir 'n boodskap/meganisme-verwantskap in die soektog na 'n eenvoudiger begin van lewe. Tog noem Orgel (1974:229) 'n “replicator prescribing a metabolic machine” die “holy grail” van die soektog, want “spontaneous appearance of RNA chains on the lifeless Earth would have been a near miracle”. Selfs in die eenvoudigste beskrywing is lewe as proses meesterlik ingewikkeld: “Even the tiniest of bacterial cells weighting less than a trillionth of a gram... made up of 100 thousand million atoms, far more complicated than any machine built by man and absolutely without parallel in the non-living world” (Denton, 1986:250). “It is hard for us to get any kind of picture of the seething, dizzyingly complex activity that occurs inside a living cell, which contains within its lipid membrane maybe 100 million proteins of 20 000 different types and yet the whole cell is so tiny that a couple of hundred could be placed on the dot in this letter ‘i’” (Lennox, 2009:123).

Wilcox (2004:53) stel onomwonde dat lewende organismes nie bloot komplekse strukture is nie, maar eerder gespesifiseerde, fyn gekonstrueerde en komplekse strukture, vervaardig volgens 'n voorafbestaande plan. Materialiste en Christene stem almal saam dat daar 'n plan is, maar hoe die plan met sy ongelooflik gekompliseerde inligting van verstommende omvang ontstaan het, lê aan die basis van die verskille. 'n Christen glo dit is Godgegewe, soos wat die Bybel in Gen 1:24 stel: “Laat die aarde lewende wesens voortbring, elkeen na sy aard: mak diere, diere wat kruip, wilde diere, elkeen na sy aard. So het dit gebeur.” Materialiste propageer egter 'n siening dat lewe die resultaat is van 'n gelukkige toevaligheid. Dawkins (2007:15) beweer dat 'n besonder merkwaardige molekule op 'n stadium “per ongeluk” gevorm is, wat die buitengewone eienskap gehad het om kopieë van homself te kan skep. Monod (1971:44) sê hieroor: “die mens weet uiteindelik dat hy alleen is in die heelal se gevoellose grootheid, waaruit hy slegs toevaldig te voorskyn gekom het”.

Onreduseerbare kompleksiteit

Die konsep van onreduseerbare kompleksiteit is bekendgestel deur biochemikus Michael Behe in sy boek, *Darwin's Black Box* (Behe, 1996). Dit verwys na die idee dat sekere biologiese sisteme te kompleks is om deur geleidelike, inkrementele prosesse te ontwikkel en daarom van meet af aan volledig gevorm moes gewees het. Benewens die kompleksiteitsargument, is daar ook die argument van funksionaliteit, wat stel dat dit wel moontlik is dat selle mutasies kan ondergaan, maar voordat sulke mutasies nie 'n funksionele voorsprong aan organismes bied nie, dit geen kompeterende voordeel vir daardie organisme sal inhou nie. Die evolusieteorie verskaf geen verklaring waarom so 'n niefunksionele mutasie deur die proses van natuurlike seleksie voortgeplant sal word sodat dit inkrementeel verder kan ontwikkel nie.

Volgens Behe (2019:232) word onreduseerbare kompleksiteit geïllustreer deur onder andere molekulêre masjiene soos die bakteriële flagellum, wat 'n komplekse stelsel van

onderling verwante komponente is wat saamwerk om bakterieë te laat beweeg. Behe voer aan dat as selfs net 'n enkele komponent van die flagellum verwyder word, die stelsel glad nie sou werk nie. Daarom kon sulke stelsels nie deur geleidelike, inkrementele prosesse ontwikkel het nie, maar hulle moes van meet af aan volledig gevorm gewees het.

Behe se argumente word egter deur baie materialistiese wetenskaplikes gekritiseer. Hulle argumenteer onder andere dat onreduseerbare kompleksiteit gebaseer is op 'n wanbegrip van evolusie en die maniere waarop komplekse sisteme kan ontwikkel. Sommige het byvoorbeeld beweer dat talle biologiese stelsels, soos die flagellum, ontwikkel het uit eenvoudiger strukture wat mettertyd gekoöpteer is om nuwe funksies te verrig. Volgens sulke skeptici het empiriese studies getoon dat sommige van die komponente van die flagellum aanvanklik ander funksies binne die sel kon gehad het en onafhanklik sou kon ontwikkel, voordat dit in die flagellêre stelsel gekoöpteer is. Hierdie bewyse ondersteun die idee dat komplekse stelsels geleidelik kan ontwikkel deur inkrementele prosesse (Carroll, 2005:1251; Franklin & Wilkens, 1953:741; Matzke, 2007:125; Miller, 2003:90).

Dit is verder empiries bewys dat willekeurigheid of stogastisiteit 'n beduidende rol speel in die samestelling en ontsluiting van byvoorbeeld die soogdiergenoom⁵ (Weinberger & Hwa, 2013:241-264). Eerstens kom daar tydens die proses van DNS-replikasie soms foute voor in die kopiëring van die genetiese kode van een generasie selle na die volgende. Hierdie foute is nie heeltemal willekeurig nie, aangesien sekere reekse meer geneig is tot mutasies as ander, maar hulle is stogasties in dié sin dat hulle nie heeltemal voorspelbaar is nie. Hierdie ewekansige mutasies kan nuwe genetiese variasie in 'n populasie inbring, wat voordelig, skadelik of neutraal kan wees, afhangende van die spesifieke mutasie en die omgewing (Flanagan & Jones, 2010:629-655).

Tweedens is die regulering van geen-uitdrukking ook onderhewig aan stogastisiteit (Raj & Van Oudenaarden, 2008:216-226; Kaern *et al.*, 2005:451-464). Geen-uitdrukking verwys na die proses waardeur die inligting in 'n geen gebruik word om 'n funksionele proteïen of RNS-molekule te skep. Hierdie proses word gereguleer deur 'n komplekse netwerk van molekulêre seine wat deur verskeie interne en eksterne faktore beïnvloed kan word. Selfs in identiese selle met identiese genetiese inligting, kan daar variasies in die vlak van geen-uitdrukking wees as gevolg van stogastiese fluktuasies in hierdie molekulêre seine. Stogastisiteit kan belangrike gevolge vir sellulêre funksie hê en kan bydra tot die diversiteit van selstipes en -funksies in meersellige organismes.

Derdens kan stogastisiteit 'n rol speel in die proses van epigenetiese modifikasie, wat die byvoeging of verwydering van chemiese merkers op DNS of geassosieerde proteïene behels (Bird, 2007:396-398). Epigenetiese modifikasies kan beduidende invloede op geenuitdrukking en sellulêre funksies hê. Dit kan beïnvloed word deur omgewingsfaktore soos dieet, stres en blootstelling aan gifstowwe. Die presiese patrone van epigenetiese modifikasie wat in 'n gegewe sel of weefsel voorkom, word beïnvloed deur ewekansige gebeure soos DNS-replikasie en molekulêre interaksies tussen epigenetiese reguleerders en hul teikens.

⁵ Hoewel willekeurigheid of stogastisiteit soms as sinonieme gebruik word, verwys willekeurigheid ("randomness") na 'n gebrek aan 'n patroon of voorspelbaarheid. Daarteenoor verwys 'n stogastiese proses na enige proses wat 'n willekeurige verandering oor tyd beskryf. Die term "willekeurigheid" word egter dubbelsinnig gebruik in die wetenskap: as wanorde in termodinamiese verband; as verskeidenheid; as hoogs gekompliseerde biologiese stelsels; as agtergrondgeraas in stogastiese stelsels, sowel as waar willekeurigheid verbind word met verandering en aanpassingsmoontlikhede.

Die vraag of die onbegeleide, willekeurige proses van evolusie ’n oorgang vanaf suiwer kompleksiteit in ’n fisiese staat, na beherende spesifikasies wat gene kodeer kan bewerkstellig, behels meer as net ’n vraag van blote waarskynlikheid – dit is ’n vraag aangaande die omvang en funksionele kompleksiteit van die inligting wat voorwaardelik vir lewe is. Geen biologiese proses kan volkome willekeurig (in ’n wiskundige sin) wees nie, want dit is vasgevang in die stelsel waarbinne dit plaasvind. Warren *et al.* (2018:676) sê in hierdie verband: “Completely unbiased random changes in a sustainable complex system are impossible, by virtue of constraints imposed by the intrinsic organization in the system”. Daarom kan die grense van willekeurigheid in biologie nie vasgestel word nie (Longo *et al.*, 2012:232; Longo *et al.*, 2015:955-968; Buiatti & Longo, 2013:139-158; Montevil *et al.*, 2016:36-50).

Die Reformatoriese siening hiervan is dat God in totale beheer is, al skyn biologiese prosesse in sekere gevalle willekeurig te wees. God bepaal die omstandighede waarbinne alle prosesse plaasvind. Indien die eenvoudige toets van “Occam’s razor” binne die konteks van die kompleksiteit van lewe aangelê word, is die getuienis dat sekere biologiese sisteme eenvoudig te kompleks is om deur geleidelike prosesse te ontwikkel, oorweldigend. Al ondersteun materialistiese kundiges in hierdie velde die idee dat komplekse sisteme deur inkrementele prosesse kan ontwikkel, maak die konsep van onreduseerbare kompleksiteit dit duidelik dat onbegeleide, willekeurige prosesse nie in staat is om beherende spesifikasies, wat gene vir volledig funksionele lewensprosesse nodig het, te kan kodeer nie. Veral die feit dat reeds bestaande DNS nodig is as bron van inligting wat op so ’n wyse gerangskik is dat dit die volledige bouplan van ’n organisme verteenwoordig, maar dat hierdie DNS terselfdertyd die inligting moet bevat waarmee proteïene gekonstrueer moet word wat in staat is om die duplikasie te kan uitvoer, is ’n hoender-eier-situasie wat nie deur willekeurigheid verklaar kan word nie. Medawar (1984:79) skryf: “no process of logical reasoning – no mere act of mind or computer programmable operation – can enlarge the information content of the axioms and premises or observation statements from which it proceeds”. Hierdie stelling word bevestig deur Dembski (1997:180-190) wat sê: “although natural processes involving only chance and necessity can effectively transmit complex specified information, they cannot generate it”.

Tot op hede is die oorgang waarna Dembski verwys (vanaf suiwer kompleksiteit in ’n fisiese staat na beherende spesifikasies) nog nêrens in enige dissipline waargeneem nie (Meyer, 2021:449). Eerstens is die vlak van waarskynlikheid om op willekeurige wyse so ’n merkwaardige vlak van kompleksiteit te bereik, onberekenbaar klein (Behe, 2019:235). Tweedens is die omvang van inligting onberekenbaar groot en die oorsprong daarvan onbekend (Meyer, 2021:164). Derdens, die vermoë om ’n meganisme waarvolgens verandering in die DNS kan plaasvind te beskryf, werp nog geen lig op die vraag hoe die DNS-taal in die eerste plek ontstaan het nie (Meyer, 2021:165).

Bybelse agtergrond

Alhoewel die oorsprong, maar veral ook die omvang van inligting ter sprake by die ontstaan en onderhoud van lewe ’n onopgeloste vraagstuk in die natuurwetenskappe is, word dit in die Bybel klinkklaar aan die mens verduidelik.

In Johannes 1:1 staan geskryf: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God” (2020-vertaling). Die “Woord” is volgens Strong (2009:#3056) ’n Afrikaanse vertaling van die antieke Griekse woord *logos* (λόγος – afgelei van *lego*, (“Ek sê”)) wat vir Heraclitus (ongeveer 475 v.C.) die betekenis van orde en kennis ingehou het (Berryman, 2023). In die tyd van die skrywe van die Johannes-evangelie het Philo die Logos-begrip in

Judaïsme ingedra met die stoïsynse betekenis van “die rasonale beginsel van die heelal” (*logo's spermatikos*). In die Johannes-evangelie word dit gebruik as term om Christus aan te dui, waarvan Bavinck (2003:423) sê: “all things originate simultaneously from the Father through the Son in the Spirit”, met Christus as ons voorspraak van beide die skepping en herskepping op grond van Johannes 1:11: “Hy het gekom na wat syne was en tog het sy eie mense Hom nie aanvaar nie” (2020-vertaling).

Die “Woord” in “toe het God gesê” van Genesis 1 impliseer kommunikasie asook ’n bevel – dit wil sê die oordrag van inligting, sowel as die magtiging om dit wat deur die inligting gespesifiseer is tot stand te bring. Hebreërs 11:3 (2020-vertaling) sê “deur geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is. Gevolglik het dit wat gesien word, nie uit die sigbare ontstaan nie”. Hierdie frase dui eweneens op “inligting”, want hoewel die draers van inligting materieel is, is inligting self niematerieel. Die Woord geniet daarom voorrang bo die massa/energie-entiteit, want in teenstelling met die massa/energie-entiteit wat met die skepping tot stand gekom het, was die Woord altyd daar (Lennox, 2009:177). In die Reformatoriese verstaan van die wêreld is die oorsprong van inligting dus God.

“The issue between the atheist and believer is... the question: what fact is the ultimate? The atheist's ultimate fact is the universe; the theist's ultimate fact is God” (Farrar, 1966:33-34). Sandage (1985:54) skryf egter: “The world is too complicated in all its parts and interconnections to be due to chance alone. I am convinced that the existence of life with all its order in each of its organisms is simply too well put together”, terwyl Flew & Varghese (2007:250) se redes vir aanvaarding van ’n geloof in ’n Skeppergod is dat “biologist investigation of DNA has shown by almost unbelievable complexity of the arrangements which are needed to produce life, that intelligence must have been involved”. Die oorweldigende hoeveelheid inligting wat selfs in die eenvoudigste lewende stelsel vervat word, is dus – soos die ontstaan van die heelal; die rasonale verstaanbaarheid van die waargenome werklikheid; die heelal wat presies reg ingestel is vir die mens se bestaan; die oorsprong van lewe en bewustheid; die vestiging van norme vir waarheid en moraliteit – alles getuie van ’n groter werklikheid. Dit veronderstel ’n werklikheid waar die mens se kennis van die wetenskap (en nie gebrek aan kennis soos in “God of the gaps”-argumente nie) ’n intelligente Skepper-outeur noodwendig maak.

“Reluctance on the part of some scientists to make a design inference... has less to do with science than it has to do with the implications of the design inference as to the possible identity of the Designer” (Lennox, 2009:189). In NASA se SETI-program (Search for Extraterrestrial Intelligence) word die bestaan van intelligensie buite die mens se leefwêreld as deel van die wetenskap gereken: “If we are prepared to look for scientific evidence of intelligent activity beyond our planet, why are we so hesitant about applying exactly the same thinking to what is on our planet?” (Lennox, 2009:188).

Dat ateïste ewige materie as aanvaarbaar kan ag, maar nie die bestaan van ’n ewige persoonlike God nie, kan slegs verduidelik word teen die agtergrond van ateïste se verstaan van hulself. Newberg en Waldman (2010:248) sê in hierdie verband: “One cannot limit what is infinite, and thus science – as wonderful as it is – cannot hope to untangle this knotty problem of God's existence by itself. Science can't find God because we don't know what to look for. And if we did find God scientifically, we might not even realize it... but by all means go deeply into your contemplation of God, because you'll eventually discover yourself”.

Gevolgtrekking

Materialiste glo dat lewe toevallig ontstaan het, maar kan dit nie bewys nie. Die kompleksiteit van die ontstaan van lewe toon egter 'n oorweldigende waarskynlikheid dat dit nie toevallig kon ontstaan het nie. Dit is veilig om te sê dat die meganisme van evolusie soos dit tans beskryf word, nie oorsprong aan lewe kon gegee het nie. Flew en Ogden (1968:161-181) het dekades gelede reeds gesê: “It has become extraordinarily difficult even to begin to think about constructing a naturalistic theory of evolution of that first reproducing organism”. Edey en Johanson (1990:383-384) kom daarom tot die gevolgtrekking dat die fundamentele beskrywing van die ontstaan van lewe neerkom op 'n keuse van geloof, óf in 'n Skepper God óf in 'n outonome natuur. Die mees onlangse empiriese getuienis dui egter oorweldigend op eersgenoemde (Meyer, 2021,450).

BIBLIOGRAFIE

- Aguirre, A. Undated. Multiverse. *Encyclopedia Britannica*. <https://www.britannica.com/science/multiverse>. [Accessed 20/02/2023].
- Altendorf, AMDC. 2012. *Inferring orthology and paralogy: evolutionary genomics*, New Jersey: Humana.
- Axe, DD. 2000. Extreme functional sensitivity to conservative amino acid changes on enzyme exteriors. *Journal of molecular biology*, 301:585-596.
- Bavinc, H. 2003. *Reformed dogmatics*, Grand Rapids: Baker.
- Behe, MJ. 1996. *Darwin's black box: The biochemical challenge to evolution*. New York: Free Press.
- Behe, MJ. 2019. *Darwin devolves: The new science about DNA that challenges evolution*. New York: HarperCollins.
- Berryman, S. 2023. Leucippus. In: Zalta, ENN, U (ed.). *The Stanford Encyclopedia of Philosophy*. <https://plato.stanford.edu/archives/spr2023/entries/leucippus/>. [Accessed 20/02/2023].
- Bird, A. 2007. Perceptions of epigenetics. *Nature*, 447(7143):396-398.
- Bishop, RC. 2005. Determinism and indeterminism. *arXiv preprint physics/0506108*.
- Boltzman, L. 2003. Further studies on the thermal equilibrium of gas molecules. In: Hall, NS (ed.). *The Kinetic Theory of Gases. History of modern physical sciences*. London: Imperial College Press.
- Buiatti, M & Longo, G. 2013. Randomness and multilevel interactions in biology. *Theory Biosci*. 132: 139-158. doi: 10.1007/s12064-013-0179-2.
- Carey, N. 2015. *Junk DNA: a journey through the dark matter of the genome*. Columbia: Columbia University Press.
- Carroll, SB. 2005. Evolution: God as Genetic Engineer. *Nature*, 437:1251-1252.
- Clatterbuck, H. 2022. Darwin's Causal Argument Against Creationism. *Philosophers' Imprint*, 22.
- Cockcroft, JW & Walton, E. 1932. Splitting the atom. www.cambridgephysics.org. [Accessed 20/02/2023].
- Davies, PCW. 1998. *The fifth miracle*. London: Penguin Press.
- Dawkins, R. 2007. *The selfish gene*. Oxford: Oxford University Press.
- Dawkins, R. 2009. *The greatest show on earth: the evidence for evolution*, London: Transworld.
- Dembski, W. 1997. Intelligent design as a theory of information. *Perspectives on science and Christian faith*, 49:180-190.
- Denton, M. 1986. *Evolution – a theory in crisis*, Maryland: Adler & Adler.
- Doyle, B. 2018. The information philosopher – dedicated to the new information philosophy. <https://www.informationphilosopher.com/>. [Accessed 20/02/2023].
- Edey, MAJ & Johanson, DC. 1990. *Blueprints: Solving the mystery of evolution*. Oxford: Oxford University.
- Farrar, A. 1966. *A science of God*. London: Geoffrey Bles.
- Flanagan, KC & Jones, PA. 2010. Epigenetic modifications in mammalian cells. *Endocrine reviews*, 31(6):629-655.
- Flew, A & Varghese, RA. 2007. *There is a God: How the world's most notorious atheist changed his mind*. New York: HarperOne.

- Flew, A & Ogdin, SM. 1968. Reviewed work: God and philosophy. *The journal of religion*, 48(2):161-181.
- Franklin, RE & Wilkins, MH. 1953. Molecular configuration in sodium thymonucleate. *Nature*, 171: 740-741.
- Halliday, MAK. 1994. *An introduction to functional grammar*. London: Edward Arnold.
- Hebb, DO. 1949. *The organization of behaviour: a neuropsychological theory*. New York: John Wiley & Sons.
- Hoyle, FAW. 1981. Comets – a vehicle for panspermia. In Comets and the Origin of Life. *Proceedings of the Fifth College Park Colloquium on Chemical Evolution*, University of Maryland, College Park, Maryland, USA. Springer Netherlands, pp. 227-239.
- Kaern, M, Elston, TC, Blake, WJ & Collins, JJ. 2005. Stochasticity in gene expression: from theories to phenotypes. *Nature Reviews Genetics*, 6(6): 451-464.
- Kellis, M, Wold, B, Snyder, MP, Bernstein, BE, Kundaje, A & Marininov, G. 2014. Defining functional DNA elements in the human genome. *Proceedings of the National Academy of Science USA*, 111: 6131-6138.
- Kratz, RF. 2017. *Biology for dummies*, New Jersey: Wiley.
- Layzer, D. 1975. Arrow of time. *Scientific American*, 233:56-59.
- Lennox, JC. 2009. *God's undertaker: has science buried God?* Oxford: Lion Hudson plc.
- Lloyd, S. 1997. Quantum-mechanical Maxwell's demon. *Physical review A – atomic, molecular, and optical physics*, 56:3374-3382.
- Longo, G, Montevil, M & Pocheville, A. 2012. From bottom-up approaches to levels of organization and extended critical transitions. *Front. Physiol.*, 3:232. doi: 10.3389/fphys.2012.00232.
- Longo, G, Montevil, M, Sonnenschein, C & Soto, AM. 2015. In search of principles for a Theory of Organisms. *J. Biosci.*, 40:955-968. doi: 10.1007/s12038-015-9574-9.
- Matzke, NJ. 2007. From The Origin of Species to the origin of bacterial flagella. *Nature Reviews Microbiology*, 5:123-125.
- Mautner, M & Matloff, GL. 1998. *Panspermia: The study of life in space*. London: J.B. Tauris.
- Medawar, PB. 1984. *The limits of science*. Oxford: Oxford University Press.
- Mehra, J. 1974. Einstein and the foundation of statistical mechanics. *Physica*, 79a:17.
- Menuge, AJL. 2008. Why intelligent design fails: A scientific critique of the new creationism. *Politics and the Life Sciences*, 27:52-54.
- Meyer, SC. 2021. *Return of the God hypothesis*. HarperOne.
- Miller, KR. 2003. The flagellum unspun: the collapse of “irreducible complexity”. In: Young, MET. (ed.). *Why Intelligent Design Fails: A Scientific Critique of the New Creationism*. Rutgers University Press.
- Miller, SL. 1952. A production of amino acids under possible primitive earth conditions. *Science*, 117: 528-529.
- Miller, SL & Urey, HC. 1953. Organic compound synthesis on the primitive Earth. *Science*, 117:528-529.
- Miller, SL, Schopf, JW & Lazcano, A. 1997. Oparin's “Origin of Life”: Sixty Years Later. *Journal of Molecular Evolution*, 44:351-353.
- Mironov, AA, Fickett, JW & Gelfand, MS. 1999. Frequent alternative splicing of human genes. *Genome research*: 1288-1293.
- Mitton, S. 2022. A short history of Panspermia from antiquity through the mid-1970s. *Astrobiology*, 22: 1379-1391.
- Monod, JI. 1974. *On the molecular theory of evolution*. London: Collins.
- Montevil, M, Mossio, M, Pocheville, A & Longo, G. 2016. Theoretical principles for biology: variation. *Prog. Biophys. Mol. Biol.*, 122:36-50. doi: 10.1016/j.pbiomolbio.2016.08.005.
- Morris, K. 2012. *Non-coding RNA's and epigenic regulation of gene expression: drivers of natural selection*. Norfolk: Caister Academic Press.
- Mounts, M. 1970. The Digital Einstein Papers: The Collected Papers of Albert Einstein. *Choice*, 52:1542.
- Munro, PRT. 2012. The Fallacy of Fine-Tuning: Why the universe is not designed for us, by Victor J. Stenger. *Contemporary Physics*, 53:186-187.
- Newberg, ABW & Waldman, MR. 2010. *How God changes your brain: breakthrough findings from a leading neurologist*. New York: Balantine Books.

- Openai. 2023. ChatGPT. Available: <https://chat.openai.com/chat>. [Accessed 29/03/2023].
- Orgel, LE. 1974. *The origins of life on the earth*. New Jersey: Prentice-Hall.
- Parkinson, CW & Whatley, T. 2013. Old cortex, new cortex: re-purposing spatial perception for social cognition. *Front Hum Neurosci*. 2013 Oct 8;7:645. [Online]. Available: www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC2792395/. [Accessed 28/03/2020].
- Penn, DC, Hokoak, KJ & Povinelli, DJ. 2008. Darwin's mistake: explaining the discontinuity between human and non-human minds. *Behavioural and brain sciences*, 31:109-178.
- Ponting, CPH & Hardison, RC. 2011. What fraction of the human genome is functional. *Genome research*, 11:1769-1771.
- Prigogine, IS & Stengers, I. 1984. *Order out of chaos: man's new dialogue with nature*. New York: Bantam Books.
- Purcell, A. 2016. DNA. Available: <https://basicbiology.net/micro/genetics/dna>. [Accessed 21/10/2020].
- Rands, CM, Meader, S, Ponting, CP & Lunter, G. 2014. 8.2% of the human genome is constrained: variation in rates of turnover across functional element classes in the human lineage. *PLoS Genetics*, 10: e1004525.
- Raj, A & van Oudenaarden, A. 2008. Nature, nurture, or chance: stochastic gene expression and its consequences. *Cell*, 135(2):216-226.
- Ruse, M. 2022. Creationism. In: Nodelman, ENZU. (ed.). *The Stanford Encyclopedia of Philosophy*.
- Russel, P. 2001. *iGenetics*. New York: Benjamin Cummings.
- Sandage, A. 1985. A scientist reflex on religious belief. *Truth*, 1:54.
- Scharping, N. 2017. Astronomy: Gravitational waves show how fast the universe is expanding. Available: <http://www.astronomy.com/news/2017/10/gravitational-waves-show-how-fast-the-universe-is-expanding>. [Accessed 20/02/2023].
- Shannon, CE. 1948. A mathematical theory of communication. *The Bell System Technical Journal*, 27: 379-423; 623-656.
- Shapiro, R. 1987. *Origins: a sceptic's guide to the creation of life on earth*. New York: Bantam Books.
- Shapiro, R. 2007. A simpler origin for life. *Scientific American*: 24-31.
- Sossi, PA, B, AD, Basro, J, Lanzirrotti, A, Newville, M, O'Neoll, HSC. 2020. Redox state of Earth's magma ocean and its Venus-like early atmosphere. *Science advances*: 6.
- Stewart, TA. 2002. *The wealth of knowledge: intellectual capital and the twenty-first century organization*. New York: Currency Doubleday.
- Strong, J. 2009. *Strong's exhaustive concordance of the Bible*. Hendrickson Publishers.
- Traill, RR. 2008. Thinking by molecule, synapse, or both? From Piaget's schema, to the selecting/editing of ncRNA. *The General Science Journal*. Available: <https://www.ondwelle.com/OSM02.pdf>. [Accessed 30/03/2023].
- Varga, M, Webb, H, Krilavičius, T & Maiden, M. 2021. Visualization and visual analytics in knowledge landscapes. *Navigating Digital Health Landscapes: A Multidisciplinary Analysis*: 297-318.
- Volkenstein, MV. 2009. *Entropy and information*, Basel: Birkhäuser Verlag.
- Von Neumann, J. 1955. *Mathematical foundations of quantum mechanics*, Princeton, New Jersey: Princeton University Press.
- Warren, PA, Gostoli, U, Farmer, GD, El-Deredy, W & Hahn, U. 2018. A re-examination of "bias" in human randomness perception. *J. Exp. Psychol. Hum. Percept. Perform.*, 44: 663-680. doi: 10.1037/xhp0000462.
- Watson, JD & Crick, FHC. 1953. The structure of DNA. Cold Spring Harbor symposia on quantitative biology, 1953. Cold Spring Harbor Laboratory Press, pp. 123-131.
- Weaver, DV & Villard, R. 2018. Earth and sky: Measuring universe expansion reveals mystery – Is something unpredicted going on in the depths of space? Available: <https://earthsky.org/space/measuring-universe-expansion-reveals-mystery>. [Accessed 20/02/2023].
- Weinberger, LS & Hwa, T. 2013. Stochastic gene expression in single cells: from phenomenology to underlying mechanisms. *Annual review of genetics*, 47:241-264.
- Wickramasinghe, C. 2022. Panspermia versus Abiogenesis: A Clash of Cultures. *Journal of Scientific Exploration*, 36.
- Wilcox, DL. 2004. *God and evolution*. Valley Forge, PA.

Die oorsprong van die mens: “Laat Ons mense maak”

The origin of man: “Let us make humans”

JOHAN DREYER

Onafhanklike navorser
Coligny, Suid-Afrika
E-pos: johandreyer@truenw.co.za



Johan Dreyer



Kobus v/d Walt

KOBUS VAN DER WALT

Filosofie van Natuurwetenskap en Tegnologie
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: kobus.vanderwalt@nwu.ac.za

JOHANNES HENDRIK DREYER verwerf die grade BSc Agric (UP), BSc Agric Hons (UOVS), sowel as MSc Agric (NWU), telkens met Landbou-ekonomie as spesialisveld. In 2022 verwerf hy die PhD in Dogmatiek¹ aan die NWU, nadat hy verskeie teologiese toelatingseksamens suksesvol afgelê het. In sy loopbaan bestuur hy die Landbou-ekonomie-afdeling van Sentraal-Wes Koöperasie, tree op as Ekoonom by die Suid-Afrikaanse Wolraad, en dien ook as Projekbestuurder by die Ontwikkelingsbank van Suid-Afrika. Sedert 1987 boer hy naby Coligny in die Noordwes-provinsie, Suid-Afrika.

JOHANNES HENDRIK DREYER obtained the degrees BSc Agric (UP), BSc Agric Hons (UOVS), as well as MSc Agric (NWU), with Agricultural Economics as specialist field. In 2022, he obtained the PhD in Dogmatics² at the NWU, after having successfully completed several theological entrance exams. In his career he managed the Agricultural Economics Department of Central-West Cooperation, acted as Economist at the South African Wool Council, and served as Project Manager at the Development Bank of South Africa. Since 1987, he has been farming near Coligny, Northwest Province, South Africa.

IZAK JACOBUS VAN DER WALT is sedert 1990 ’n dosent in die Fakulteit Natuurwetenskappe aan die NWU. Sy aanvanklike navorsingsfokus was Aardkundige wetenskappe, met spesialisasie in Omgewingsbestuur. Na verwerwing van die PhD-

IZAK JACOBUS VAN DER WALT was appointed as lecturer in the Faculty of Natural Sciences at the Northwest University, South Africa, in 1990. His initial research focus was Earth Sciences, with specialisation in Environmental Manage-

¹ Erkenning word gegee aan Prof. CFC Coetzee (Promotor), wat saam met Dr. Rudy A Denton (medepromotor), en Prof. IJ vd Walt die studieleiding van die PhD waarop hierdie artikel gegrond is, behartig het.

² Acknowledgment is given to Prof. CFC Coetzee (Promoter), who together with Dr. RA Denton and Prof. IJ vd Walt co-supervised the PhD on which this article is based.

Datums:

Ontvang: 2022-11-30

Goedgekeur: 2023-03-20

Gepubliseer: Junie 2023

graad in 1993, vorder hy tot departementshoof van Geografie en Omgewingsbestuur. In 2010 is hy benoem as professor in die Filosofie van Natuurwetenskap en Tegnologie aan die NWU. Hy dien die afgelope 9 jaar as Raadslid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

ment. After obtaining the PhD degree in 1993, he was promoted to Head of Department of Geography and Environmental Management. In 2010 he was appointed as professor in Philosophy of Natural Science and Technology at the NWU. He served as Council member of the South African Academy for Science and Arts for the past 9 years.

ABSTRACT

The origin of man: “Let us make humans”

The origin of humans has been a subject of intense debate for many centuries. The two main approaches to this subject are materialistic and metaphysical. The materialist view suggests that humans evolved from non-human primates through the process of natural selection, while the metaphysical view suggests that humans were created by a divine entity or a supernatural force.

According to materialists, their view is based on the scientific theory of evolution, which suggests that all living organisms, including humans, descend from a common ancestor. According to this theory, the process of natural selection drives the development of species over time and those individuals, with traits best suited to their environment, are more likely to survive and reproduce. Recent studies have provided convincing evidence for the descent with modification of humans from non-human primates, including genetic similarities, fossil evidence and anatomical comparisons.

In contrast, the metaphysical view states that humans were created by a divine entity or a supernatural force. This view is often associated with religious beliefs and (according to its opponents) is not based on empirical evidence.

For the origin of life there is a clear twofold requirement: firstly, a blueprint (plan) that determines how the organism will function (such as deoxyribonucleic acid (DNA) or ribonucleic acid (RNA)) and secondly a mechanism with a metabolic system to interpret the blueprint and functionally organise the proteins as described by the DNA or RNA. This is a classic “chicken-egg” situation, because for life to arise, a blueprint is needed according to which the first organism will be produced, while at the same time an organism is needed to produce the first blueprint.

All living matter (biomolecules such as nucleic acids, proteins and lipids) consist of the same macro-nutrients, namely, carbon, hydrogen, nitrogen, oxygen, phosphate, and sulphur, of which carbon and water are the most essential. These shared building materials are signs of a common origin, which is confirmed in genetics by aspects such as shared cell design, genetic code, protein systems, as well as DNA, mRNA (messenger ribonucleic acid), and protein functions. The interconnectedness is especially clear where variations occur, such as changes through mutations which accumulate in the genome, especially in pseudogenes, where shared mutations then indicate shared ancestry; where retroviruses leave a copy (deactivated so-called “junk” genes) in the DNA of infected organisms, from which it is transmitted to the offspring to indicate relationships; and the sharing of parallel genes by some metazoa that indicate relationships.

From a total of 6.1 billion prokaryotic protein-coding genes, 355 protein clusters have been identified that are shared by all prokaryotes. According to this, LUCA (last universal common ancestor) could successfully inhabit anaerobic hydrothermal vents on the sea floor in a H_2 , CO_2 and iron-rich environment. This finding is consistent with the oldest evidence of life, namely microbial mats of bacteria and archaea that were the dominant life form during the earliest times of life on earth.

Development and specialisation occurred during times of accelerated biodiversity, of which the Cambrian “explosion” was exceptional in scope and depth. DNA comparisons show that the phyla of the animal kingdom split into three groups, about 50 million years before the Cambrian period. The presence of complex DNA in all three groups that shared many characteristics, makes a complex ancestor a necessity. This indicates that the Cambrian biodiversification was driven by selection from the loaded genetic potential space of a single, shared ancestor.

As a species, human DNA shows a much lower diversity than the genetic theory predicts, mainly due to its recency as well as the occurrence of a “population bottleneck”, as indicated by the presence of a fusion chromosome. This fusion chromosome that once formed in a specific person, has become a shared chromosome of the entire human race. It is therefore currently generally accepted that the entire human population evolved from a very small group less than 160,000 years ago, possibly in Africa. Subsequently, through selection pressure, an identifiable gap, not only in form but especially in function, has arisen in modern humankind.

The biblical narrative of Adam and Eve meets all the requirements for the threshold event that has been scientifically distinguished. In the Bible, it is said that God created man from the dust of the earth – in His image He created him. That humans have a common ancestor with monkeys seems to be true, just like with every organism on earth. We share much more than just ancestors with the rest of creation as was already stated, also building material, cells, organs, and a large part of our genome. That humans are unique in nature is, however, undeniable, and contemporary science cannot account for many empirical observations in this regard.

It is therefore hypothesised that proto-man was created by guided development from the substance of the earth (carbon, hydrogen, nitrogen, oxygen, phosphate and sulphur). Later, a threshold event occurred (as described in Genesis) during which God transformed the proto-man “in His image”. God guided human’s minds far beyond survival requirements to develop a language-processed, secondary memory, enabling humankind to receive and internalise love, wisdom, and morality. These are unique attributes of God that make humankind the image of God. Of the change of proto-man’s mind and his behaviour to modern humankind during the threshold event, there is ample scientific evidence. This could confirm the paradise narrative as a verifiable reality, as does Eve’s creation from Adam.

Modern scientific observations regarding the origin of the universe, the development of life and the origin of humans can be best understood when they are interpreted within a religious paradigm. Arno Penzias, physicist, and Nobel laureate is one of many scientists who conclude that the scientific evidence is consistent with the expectations flowing from theism. He writes: “The best data we have is exactly what I would have predicted, had I nothing to go on but the five books of Moses, the Psalms, the Bible as a whole.”

KEYWORDS: human origins; population expansion; population bottle neck, distinctive events, Cambrian explosion, theistic hypothesis, normative materialism, shared ancestor, fusion chromosome, proto-man

TREFWOORDE: menslike oorsprong; bevolkingsuitbreiding; bevolkingsbottelnek, drempelgebeurtenisse, Kambriese ontploffing, teïstiese hipotese, normatiewe materialisme, gedeelde voorouer, samesmeltingschromosoom, proto-mens

OPSOMMING

Volgens materialiste kan die ontstaan van die mens verklaar word deur evolusie, waarvoor daar oortuigende bewyse is, soos bv. genetiese ooreenkomste, bewyse uit die fossielrekord sowel as anatomiese vergelykings. Daarteenoor stel die metafisiese siening dat mense deur 'n goddelike entiteit of 'n bonatuurlike krag geskep is. Hierdie siening word dikwels geassosieer met godsdienstige oortuigings en is (volgens die teenstanders daarvan) nie op empiriese bewyse gebaseer nie.

As 'n spesie, toon menslike DNS (deoksiribonukleïensuur) 'n baie laer diversiteit as wat die genetiese teorie voorspel, hoofsaaklik as gevolg van die resenteheid van die mens sowel as die voorkoms van 'n "bevolkingsbottelnek". Dit dui daarop dat die hele menslike bevolking minder as 160 000 jaar gelede uit 'n baie klein groepie ontwikkel het, waarskynlik in Afrika. Mense deel veel meer as net voorouers met die res van die skepping: ook boumateriaal, selle, organe en 'n groot deel van ons genoom.

Dat mense uniek van aard is, is egter onbetwisbaar en kontemporêre wetenskap lewer vele empiriese waarnemings in hierdie verband, wat nie bevredigend verklaar kan word deur 'n ongeleide, toevallige ontwikkelingsgeskiedenis nie. Die Bybelse narratief van Adam en Eva voldoen aan al die vereistes vir die drempelgebeurtenis in die menslike geskiedenis, wat wetenskaplik bewysbaar is. Die hipotese word daarom voorgehou dat die proto-mens geskep is deur geleide ontwikkeling uit die stof van die aarde (koolstof, waterstof, stikstof, suurstof, fosfaat en swael). Later het 'n drempelgebeurtenis plaasgevind waartydens God die proto-mens "na Sy beeld" getransformeer het.

Inleiding

Die oorsprong van mense is al vir baie eeue 'n onderwerp van intense debat. Die twee hoofbenaderings tot hierdie onderwerp is materialisties en metafisies. Die materialistiese siening stel voor dat mense uit niemenslike primate ontwikkel het deur die proses van natuurlike seleksie, terwyl die metafisiese siening suggereer dat mense deur 'n goddelike entiteit of 'n bonatuurlike krag geskep is.

Volgens materialiste is hul siening gebaseer op die wetenskaplike teorie van evolusie, wat voorstel dat alle lewende organismes, insluitende mense, van 'n gemeenskaplike voorouer afstam. Volgens hierdie teorie dryf die proses van natuurlike seleksie die ontwikkeling van spesies oor tyd aan en is daardie individue met eienskappe wat die beste by hul omgewing pas, meer geneig om te oorleef en voort te plant. Onlangse studies het oortuigende bewyse gelewer vir "aanpassing in nageslag" van mense vanaf niemenslike primate, insluitende genetiese ooreenkomste, paleontologiese bewyse en anatomiese vergelykings.

Daarteenoor stel die metafisiese siening dat mense deur 'n goddelike entiteit of 'n bonatuurlike krag geskep is. Hierdie siening word dikwels geassosieer met godsdienstige oortuigings en is (volgens teëstanders daarvan) nie gebaseer op empiriese bewyse nie.

Daar is egter 'n groeiende siening in die natuurwetenskaplike gemeenskap dat sekere waarnemings nie deur 'n ongeleide, willekeurige proses soos evolusie verklaar kan word nie en dat die beskikbare empiriese gegewens veel eerder dui op 'n geleide ontwikkelings-

proses. In hierdie artikel word resente empiriese natuurwetenskaplike getuienis ondersoek om die onderskeie standpunte te evalueer.

Natuurwetenskaplike agtergrond

Lewe kan beskryf word as die raaiselagtige bestaan van lewende voorwerpe. Dit is onderskeibaar van nielewende voorwerpe deur hulle biologiese samestelling en die prosesse wat lewe kenmerk (ook genoem “The seven pillars of life”). Hierdie kenmerke is: homeostase, organisasie, metabolisme, makromolekules, geprogrammeerde hiërargiese kompleksiteit, aanpassing in reaksie op stimuli en reproduksie (Koshland, 2002:2215; Wilcox, 2004:52, 53; McKay, 2004:302; Trifonof, 2012:647-650). Hoewel dit moeilik is om lewe te definieer, is daar tog vir die ontstaan van lewe ’n duidelik tweeledige vereiste: eerstens ’n bloudruk (liggaamsplan) wat bepaal hoe die organisme sal funksioneer (soos DNS of RNS), en tweedens ’n meganisme met ’n metaboliese stelsel om die bloudruk te interpreteer en die proteïene, soos beskryf deur die DNS of RNS, funksioneel te organiseer.

Hierdie is ’n klassieke “hoender-eier-”situasie, want vir lewe om te ontstaan, is ’n bloudruk nodig waarvolgens die eerste organisme geproduseer sal word, terwyl daardie organisme terselfdertyd benodig word om die eerste bloudruk te produseer.

Lewende materie (biomolekules soos nukleïensure, proteïene en lipiede) bestaan almal uit dieselfde makro-nutriënte, naamlik koolstof, waterstof, stikstof, suurstof, fosfaat en swael, waarvan koolstof en water die noodsaaklikste is. Makro-nutriënte vorm komplekse biochemiese meganismes, wat deur lewende organismes gedeel word (Orgel, 1994:76-83). Hierdie gedeelde boustowwe is alles tekens van ’n gemeenskaplike oorsprong, wat ook in die genetica bevestig word deur aspekte soos gedeelde selontwerp, genetiese kode, proteïenstelsels, sowel as DNS-, mRNS- en proteïen-funksies (Denton, 1986:250). Die onderlinge verbondenheid is veral duidelik waar variasies voorkom (Smith & Peterson, 2002:65-88; Arbogast *et al.*, 2002:707-740), soos byvoorbeeld:

- Wysigings deur mutasies hoop veral in skyngene op (Chang *et al.*, 2012:87) waar gedeelde mutasies dui op gedeelde voorgeslagte (Jonathan, 2012; Xiao *et al.*, 2016:1991; Khachane & Harrison, 2009:435);
- Retrovirusse laat in besmette organismes se DNS ’n kopie (gedeaktiveerde sg. “gemors”-gene), vanwaar dit na die nageslag oorgedra word om te dui op verwantskappe (Kurth & Bannert, 2010:100-106; Kim *et al.*, 2004:183-191);
- Daar is ook parallelle gene wat deur sommige metasoë gedeel word (deel van die homeotiese gene) wat op verwantskappe dui (Popodi *et al.*, 1996:1078-1086; Bürglin, 2013:510-511; Akin & Nazarali, 2005:697-741).

Uit ’n totaal van 6,1 miljard prokariotiese proteïen-koderende gene, is daar 355 proteïenbondels geïdentifiseer wat deur alle prokariote gedeel word. Hiervolgens sou LUCA (laaste gemeenskaplike voorouer) anaërobiese hidrotermiese ventilasie-opeeninge op die seevloer in ’n H₂S, CO₂ en ysterryke omgewing suksesvol kon bewoon (Weiss *et al.*, 2016:116). Hierdie bevinding strook met die oudste bewyse van lewe, naamlik mikrobiële matte van bakterieë en argeïkum wat die dominante lewensvorm was gedurende die vroegste tye van lewe op aarde. Hierdie lewe het in die argeïese Eon voorgekom (4 – 2,5 miljard jaar gelede) (Nisbet & Fowler, 1999:2375-2382).

Eukariote wat uit prokariote ontwikkel het, is organismes met ’n selkern, Mitochondria, Golgi-apparaat en in plante ook alge en chloroplaste (Youngson, 2006:146-191). Die vroegste

eukariote is gevind in gesteentes wat 1,85 miljard jaar oud is (Knoll *et al.*, 2006:1023-1038; Tsu-Ming & Runnegar, 1992:232-235). Die ontwikkeling van meerselligheid het aan eukariote 'n verbeterde aanpassingsvermoë deur die ontwikkeling van alternatiewe oorlewingsvorms verskaf. Hoewel meerselligheid en die gepaardgaande alternatiewe oorlewingsvorms wesenlike voordele ingehou het, het dit beteken dat geneties nuwe transkripsiefaktorfamilies en gekoppelde regulatoriese netwerkmotiewe moes ontwikkel het (Jin *et al.*, 2015:1767-1773).

Om die impak in die ontwikkeling van nuwe transkripsiefaktorfamilies en gekoppelde regulatoriese netwerkmotiewe te verstaan, moet in berekening gebring word dat nege-en-negentig persent van alle spesies wat vroeër geleef het, vandag uitgesterf is (Jablonski, 2004:589; Stearns *et al.*, 2000:152-175), wat uitsterwing die norm maak (in teenstelling met aanpassing en ontwikkeling). Dit beteken dat vir elke enkele suksesvolle transkripsiefaktorfamilie en gekoppelde regulatoriese netwerkmotief wat ontwikkel het, daar 99 misluk het. Dit is daarom moeilik om te glo dat die verskeidenheid van lewe soos dit vandag op die aarde voorkom, die nageslag is van die net een persent wat kon aanpas en oorleef (Benton, 2011:580-585). Die massa-uitsterwings het meestal plaasgevind gedurende uitwissingsgebeurtenisse, waarvan sommige van die oorsake steeds onduidelik is (Raup, 1994:6758-6763; Jabolinski, 1986:129-133).

Ontwikkeling en spesialisasie het gedurende tye van versnelde biodiversifikasie plaasgevind, waarvan die Kambriese biodiversifikasie uitsonderlik in omvang en diepte was. Gedurende die ongeveer 25 miljoen jaar wat die Kambriese biodiversiteit-ontploffing geduur het (Budd, 2013:344-354; Erwin *et al.*, 2011:1091-1097), het die tempo van verskeidenheidsontwikkeling dramaties versnel, wat tot die verskeidenheid van lewe soos dit tans op aarde voorkom, aanleiding gegee het (Bambach *et al.*, 2007:1-22). Bevredigende antwoorde op die vraag waarom die Kambriese biodiversifikasie-ontploffing plaasgevind het, of watter meganisme die dryfkrag was, is nog nie gevind nie. Die omvang van die Kambriese biodiversifikasie was volgens Fisher (1930:41) se fundamentele teorie van natuurlike seleksie onmoontlik, omdat die spoed van seleksie deur die genetiese verskeidenheid in 'n genepoel bepaal word. In die lig van die aanpassings en spesialisasie wat waargeneem is, beteken dit volgens Fischer se teorie dat 'n geweldige agtergrondpotensiaal wat tot en met die Kambriese biodiversifikasie glad nie sigbaar was nie, reeds voor die Kambriese biodiversifikasie aanwesig moes gewees het – iets waarvoor daar geen bewyse sigbaar is nie.

DNS-vergelykings toon dat die fila van die diereryk ongeveer 50 miljoen jaar voor die Kambriese tydperk in drie groepe (al drie met beide komplekse en eenvoudige DNS) verdeel het (Gillooly *et al.*, 2005:140-145). Die teenwoordigheid van komplekse DNS in al drie groepe wat baie eienskappe gedeel het, maak 'n komplekse voorouer 'n noodwendigheid (Peterson *et al.*, 2004:6536-6541). Ongelooflik soos dit mag klink, beteken dit dat die vinnige verandering gedurende die Kambriese biodiversifikasie die resultaat was van seleksie uit die gelaaide genetiese potensiaalruimte van 'n enkele, gedeelde voorouer. Dit moes 'n voorouer met 'n onbeskryflike genetiese potensiaal gewees het, want die genetiese potensiaal moes die totale verskeidenheid van lewe soos dit vandag bekend is, omvat het. Paleontologiese rekords van die tydperk wat die Kambriese biodiversifikasie voorafgegaan het, toon egter geen teken van hierdie geweldige genetiese potensiaal nie (Wilcox, 2004:112).

Die Groot Ordovisiese Biodiversifikasiegebeurtenis (GOBE) was die tweede eksponensiële uitbreiding van verskeidenheid van lewe in die geskiedenis van die aarde. Hierdie gebeurtenis het 40 miljoen jaar ná die Kambriese periode plaasgevind (Webby *et al.*, 2004:1-3). Waar die Kambriese biodiversifikasie die aarde se fila uitgebrei het, het die GOBE die fila gevul met klasse en laer taksa (Servias *et al.*, 2010:99-119). GOBE was 'n kragtige spesialisasiegebeur-

tenis wat die verskeidenheid van lewe op aarde grootliks vermeerder het (Stigall *et al.*, 2017:242-257).

Naas die Kambriese biodiversifikasie-ontploffing en die Groot Ordovisiese Biodiversifikasiegebeurtenis, verteenwoordig die Mesosoïes-Senosoïese biodiversifikasie 'n derde groot uitbreiding in biodiversiteit. Hierdie gebeurtenis het tydens die mid-Mesosoïese era 'n aanvang geneem en duur steeds voort. Die ontwikkeling van verskeidenheid is veral op die laer vlakke van klassifikasie, dit wil sê onder die ordes, hoofsaaklik op spesievlak sigbaar.

Diere word gedefinieer as meersellige organismes wat organiese materiaal verteer, suurstof inneem, kan beweeg, seksueel voortplant en embrionaal uit 'n blastula ontwikkel. In lewende diere is 6 331 groepe van gemeenskaplike gene geïdentifiseer wat dui op 'n gedeelde herkoms 650 miljoen jaar gelede (Budd & Jensen, 2017:446-473; Giribet, 2016:14-21). Die ontdekking van 'n naastenby volledige fossiel van 'n 363 miljoen jaar oue *Acanthostega* in 1987, tesame met die ontdekking van ander fossiele (Daeschler *et al.*, 2006:757-763) wat oorgangsaanpassings vanaf visse na landdiere toon, het die hipotese van die oorgang vanaf mariene gewerweldes na gewerwelde landdiere toegelig en bevestig (Clark, 2005). Hierdie oorgangsvorme het verskeie sigbare en minder sigbare strukturele, hormonale, sowel as veral onderliggende genetiese aanpassings tydens hulle ontwikkeling gemaak. Die sentrale senuweestelsel van 'n senukoord, met aaneengeskakelde, gepaarde holtes wat die twee serebrale hemisfere (breinhelftes) van soogdiere vorm (Hildebrand & Gonslow, 2001:321,322), is byvoorbeeld uniek aan gewerweldes. Neurale kruinselle is ook uniek aan en baie belangrik vir alle gewerweldes, want dit vorm die bron van stamselle in die embryo, wat weer van kritieke belang is vir die koördinering van die organisme se liggaamskomponente tydens ontwikkeling (Teng & Labosky, 2006:206-212).

Terapsiede (vierpotige gewerweldes wat uit die sinapsieke pelisourusse ontwikkel het) wat die Permiese-Triassiese uitwissingsgebeurtenis oorleef het, was klein diertjies, waarvan die meer suksesvolles (die sinodonte), gedurende die Triassiese periode gefloreer het. Oorheersing van die land deur dinosourusse was instrumenteel in die ontwikkeling van soogdiere, want dit het sinodonte gedwing om as klein, naglewende insekvreter te leef. Ná die Kryt-Paleogene uitwissingsgebeurtenis (Schulte, 2010:1214-1218) waartydens veral koudbloedige dinosourusse uitgesterf het, het warmbloedige soogdiere die gaping wat die dinosourusse gelaat het in die herstellende klimaat van die aarde gevul.

Die orde *Primata* is euteriese soogdiere wat reeds voor die Kryt-Paleogene uitwissingsgebeurtenis as klein boombewoners ontwikkel het. Genetiese studies toon dat primate ongeveer 85 miljoen jaar gelede van soogdiere gedifferensieer het (Zhang *et al.*, 2008:1493-1502). Die genus *Gorilla* het 7 miljoen jaar gelede van die groot ape (*Hominidae*) gedifferensieer, met die genusse homo en pan wat 7,5 tot 5,6 miljoen jaar gelede gedifferensieer het (Goodman *et al.*, 1990:260-266; Animal Diversity Web, 2006).

Primate se metode van beweging het 'n bepalende invloed op hulle ontwikkeling gehad. Die teenwoordigheid van 'n sleutelbeen laat 'n wye beweging van die skouergewrig toe (Romer & Thomas, 1977:186-187), terwyl opponerende duime en keratien-naels op die punte van die vingers die gebruik van gereedskap moontlik maak (Pough *et al.*, 2005:630). Swaai aan takke het sig as die dominante sintuig laat ontwikkel, met oë wat na vore gerig is, met 'n meegaande verkleining van die snoet (Napier & Groves, 2020). Reuk en feromone is deur driekleurvisie verplaas in die voortplantingsgedrag en het 'n verdere prominente sintuig geword. Dit het met breinontwikkeling gepaard gegaan (Liman & Innan, 2003:3328-3332).

Primate se breine, meer bepaald die neokorteks, het vergroot soos weerspieël word in 'n geronde agterkop, wat die kenmerkende groot breine beskerm (Pough *et al.*, 2005:630). Hierdie


breinontwikkeling het aan primate gevorderde kognitiewe eienskappe gegee, met komplekse gesigsbespierung en die vermoë om gesigte en gesigsuitdrukkings te onderskei (Egnor *et al.*, 2004). Gesigsonderskeiding, tesame met vokalisering en gebare, stel primate in staat om hulle troppe te beïnvloed, te manipuleer en te oorreed, wat komplekse strategieë om voedsel bymekaar te maak, moontlik maak (De Waal & Davis, 2003:221-228). 'n Voorbeeld hiervan is die gebruik van gereedskap (Boesch & Boesch, 1990:86-99). Groepsdinamika in primaattroppe het die verstaan van die konsepte van simbole, syfers en syfervolgordes moontlik gemaak (Call, 2001:159-171; Itakura & Tanaka, 1998:119-126; Gouteux *et al.*, 2001:518), met vokaalpatrone by bobbejane as die sentrum van kommunikasie (Boë *et al.*, 2017:e0169321).

Volgens Goodman *et al.* (1990:260-266; Animal Diversity Web, 2006) het die spesie *Homo* saam met die spesie *Pan* 7,5 tot 5,6 miljoen jaar gelede van die groot ape (*Hominidae*) gedifferensieer. *Homo erectus* en *Homo ergaster* was die eerste migrante uit Afrika (1,3 tot 1,8 miljoen jaar gelede), wat komplekse gereedskap en vuur gebruik het (Swisher *et al.*, 2001:131-155). Anatomies moderne mense neig na 'n slanker, fyner skelet, wat 50 000 tot 30 000 jaar gelede in Afrika ontwikkel het (Hawks *et al.*, 2017:20753-20758). Dié mens(*Homo*)- en sjimpansee(*Pan*)- verwantskap word bevestig deur die feit dat alle mense sewe Alu-elemente met alle sjimpansees deel, maar nie met gorillas nie. Die Alu-patroon is slegs moontlik indien die voorouers van alle mense ook die voorouers van alle sjimpansees was (Terrerros *et al.*, 2009:603-611; Finlay, 2003:17-40).

As 'n spesie toon die menslike DNS 'n baie laer diversiteit as wat die genetikateorie voorspel (Ruvolo, 1997:515-540). Enige groep mense op enige plek sal ongeveer 86 persent van die totale genetiese verskille van die menslike ras verteenwoordig (Jorde *et al.*, 2000:979-988). Die verklaring hiervoor is tweeledig: eerstens, in evolusionêre terme, het die mens 'n baie kort tyd gelede ontwikkel – iets wat paleontologies bewysbaar is. Die tweede verklaring is 'n sogenaamde “bevolkingsbottelnek” wat in die ontwikkelingsgeskiedenis van die mens onderskei kan word.

Die mens se chromosoom 2 (die sogenaamde samesmeltingschromosoom) word deur alle mense gedeel (Hillier *et al.*, 2005:724-731). Hierdie chromosoom is die tweede grootste menslike chromosoom wat meer as 242 miljoen basispare bevat en nagenoeg 8% van die totale DNS in menslike selle verteenwoordig. Chromosoom 2 bevat ook die HOXD “homeobox gene cluster” (Hillier *et al.*, 2005:724-731).

Mense het slegs 23 pare chromosome, terwyl alle ander Homonoïde 24 pare het (Meyer *et al.*, 2012:222-226). Alle primate het egter twee chromosome wat homogeen is (met identiese DNS-basisse of gene). Hierdie identiese chromosome kom aan die twee arms van die mens se chromosoom 2 voor (Yunis & Prakash, 1982:1525-1530). Ijdo *et al.* (1991:9051-9055) skryf: “We conclude that the locus cloned in cosmids c8.1 and c29B is the relic of an ancient telomere-telomere fusion and marks the point at which two ancestral ape chromosomes fused to give rise to human chromosome 2”. Hiervolgens is dit duidelik dat die mens se chromosoom 2 gevorm is uit 'n samesmelting van die twee “aap-tipe”-chromosome. Tegnies het die samesmelting gevorm tussen die twee spesiale eindpunte (telomere) van die kort arms (Ijdo *et al.*, 1991:9051-9055). Die samesmeltingschromosoom wat sodoende gevorm is, het daarom twee wyd gespaseerde sentromere (beheersentra van seldeling (mitose) van die chromosoom) (Avarello *et al.*, 1992:247-249). Letsels van die telomeer-DNS en sentromeer-DNS bestaan steeds op die menslike chromosoom 2 waar die veranderings plaasgevind het (Ijdo *et al.*, 1991:9051-9055) – kyk figuur 1.



Figuur 1: Grafiese voorstelling van die menslike chromosoom 2, met letsels van die telomeer-DNS en sentromeer-DNS (aangepas uit Ijdo et al., 1991:9051-9055).

Daar word wyd waargeneem dat samesmeltingschromosome 'n hoë frekwensie van breuke tydens selverdeling het (dit wil sê tydens eier- of spermvorming) – selfs met die ekstra sentromeer gedeaktiveer, soos wat hier die geval is (Avarello *et al.*, 1992:247-249). 'n Samesmeltingschromosoom laat daarom die geaffekteerde persoon met 'n fraksie van normale vrugbaarheid en is gevolglik 'n uitdaging in terme van die verwekking van 'n nageslag. In 'n groter bevolking sou natuurlike seleksie vinnig ontslae geraak het van so 'n nadelige chromosoom weens die min nageslag wat voortgebring word. 'n Samesmeltingschromosoom kon daarom slegs homogeen in die menslike ras geword het indien net “samesmeltingschromosoom-babattjies” gebore sou word. Met slegs samesmeltingschromosoombabattjies wat gebore word, kan daar deur genetiese verskuiwing (*genetic drift*) so 'n samesmeltingschromosoom wel binne 'n paar geslagte homogeen in 'n spesie gevestig raak (Sykes, 2001:32-52; Olson, 2002:18-23).

Die bewys van 'n bevolkingsbottelnek lê daarin dat hierdie samesmeltingschromosoom wat eens in 'n spesifieke persoon gevorm het, 'n gedeelte chromosoom van die hele menslike geslag geword het (Ijdo *et al.*, 1992:833-835; Ijdo *et al.*, 1991:9051-9055; Finlay, 2003:17-40; Wilcox, 2004:49). As hierdie inligting op die Bybelse skeppingsverhaal toegepas word (Genesis 2:21 en 22), is dit 'n genetiese noodwendigheid dat in die oorsprong van die menslike geslag, Eva Adam se genoom moes gedeel het (“Die Here God neem toe 'n ribbebeen uit die mens...”). Indien dit nie die geval was nie, kon die tweede samesmeltingschromosoom nie homogeen vir die hele menslike geslag geword het nie, omdat die diploïede genoom dit nie sou toegelaat het nie.

Dit word daarom tans algemeen aanvaar dat die hele menslike bevolking minder as 160 000 jaar gelede uit 'n baie klein groepie ontwikkel het, moontlik in Afrika (Afrika as kontinent huisves geneties die grootste interne genoomverskeidenheid van die mens (Webster, 2010:53)). Behar *et al.* (2008:1130-1140) het bevind dat menslike getalle in Afrika, suid van die Sahara,

baie laag gedaal het vir 'n periode van ongeveer 100 000 jaar en dat dit eers met die laat Steentydperk begin herstel het.

'n Klein gemeenskap (die bevolkingsbottelnek), ingeperk in 'n gebied wat onder intense omgewingsdruk verkeer (dit was die toppunt van 'n ystydperk), is ideale toestande vir geneties en kulturele aanpassingsgebeurtenisse – dit is 'n drempelgebeurtenis. Deur seleksiedruk het 'n identifiseerbare gaping, nie net in vorm nie maar veral in funksie, ontstaan in die moderne mens in vergelyking met sy voorsate. Daar is goeie bewyse van hierdie sprong van die moderne mens in fenotipe en gedrag:

- Meer kenmerkend as die besondere grootte van die moderne mens se brein, is die opmerklik hoër graad van hegte integrasie van die dele daarvan. Daar is baie meer bewyse van wit verbindingsweefsel op alle struktuurvlakke van die moderne mens se brein te vind as wat in enige ander spesie se breine te vinde is (Marino, 2006:13563-13564).
- Menslike neurone het 'n hoër aantal senuweeverbindings, langer aksone (die lang stringagtige deel van die senusel waarlangs impulse van die selliggaam na ander selle gelei word), met meer vertakkings, meer samesmeltings op die dendriete en 'n hoogs vertraagde sinaptiese volwassenheid (wat 'n dramatiese toename in herorganisasie tot gevolg gehad het) (Spociter *et al.*, 2012:2917-2929).
- Sekere areas van die moderne menslike korteks (die buitenste laag van die serebrum (die grootste en voorste gedeelte van die brein van gewerweldes wat bestaan uit twee helftes, links en regs) wat uit gevoude grysstof bestaan en bepalend is vir bewustheid), het ook meer geïntegreerde lokale modules (kleiner gebiede van gedefinieerde groepe wat buigsamheid bevorder), wat ook met vergeleë areas van die brein verbind is deur lang vesels – meer as in enige ander spesie (Sakai *et al.*, 2011:1397-1402). Sommige van hierdie lokale modules soos dié wat met spraak, fynmotoriese vaardighede en die verwysingsraamwerk te doen het, is uniek aan die moderne mens (Ramachadran, 2010:153-191).
- Die genetiese raamwerk vir hierdie “human mental/brain formation” geskied deur byvoorbeeld die FOX2- en die SRGAP2-gene. Geneties word die unieke fasette van die menslike verstand egter nie soseer veroorsaak deur 'n stel nuwe gene nie: die ontwikkeling van die menslike verstand is geneties merendeels die gevolg van 'n radikale verandering in die beheerreeks van die meerderheid gene wat aktief is in die brein (Wilcox, 2014:83-94). Meer as 100 neurale loci toon tekens van hoë seleksiedruk en meeste van hulle toon 'n verhoogde mate van regulering (“upregulated”), hoewel hulle invloed terselfdertyd vertraag is (Reilly *et al.*, 2015:1155-1157).
- Die mens se neurale loci toon hoë vlakke van afwisselende geensplitsing, wat 'n groter versameling van verskillende proteïene (en daarom funksies) tot gevolg het, asook veranderde neurale epigenetiese merkers (Gomez-Roles *et al.*, 2015:14799-14804). Hierdie veranderings in loci wat breinontwikkeling bepaal, is uitgevoer deur transposon gedrewe mutasies (dit wil sê ALU's of “jumping genes”) onder die invloed van seleksiedruk, wat 'n ingewikkelde verstand bevoordeel het (Wilcox, 2014:140).

Die mens se brein is uniek, daarom ook sy gedrag. Geen ander spesie skryf gedigte, teken kaarte, bou ruimteskepe nie. Geen ander spesie werk saam op grond van gedeelde doelwitte, of glo in 'n Godheid nie (Tomasello, 2014:133-141). Mense is uniek op grond van hulle taalvermoë, gelei deur sosiale vaardighede: hulle deel gedagtes met mekaar, lei en rig ander

se gedagtes, samel inligting in om taalgebaseerde vooruitskouings te maak en maak planne op verskeie vlakke van die samelewing – mense is gedrewe om te skakel met ander mense op baie vlakke. Volgens Wilcox (2014:83-94) is die mens se mees opvallende kenmerk, biologies gesien, sy serebrale integrasie, wat ’n regstreekse invloed uitoefen op sy sosiale vaardighede. Hierdie sosiale vaardighede is die oorsprong van sosiale-leerteorie, verstandsteorie (*theory of mind* – ’n teorie wat stel dat nuwe gedrag geleer kan word deur ander waar te neem en na te boots), moraliteit, musiek, kuns en ’n bewussyn. Die mens is baie meer ’n sosiale intelligensie as ’n onafhanklike, individuele intelligensie (Wilcox, 2014:83-94).

Dit is veral in kommunikasie met ander van sy spesie waarin die menslike gedrag die meeste ontwikkeling toon. Die wederkerig gestruktureerde taal van die mens is grondliggend aan die komplekse werking van die menslike brein – dit is nie net kommunikasie nie, maar die ruggraat van logiese denke (Wilcox, 2016:27; Sherwood *et al.*, 2008:426-454). Die gebruik van taal laat die mens toe om abstrakte kennis tussen breinsentrums, asook tussen generasies te versprei (Suddendorf, 2013:102). Dit is die kapasiteit vir ’n geïntegreerde bewustheid van sy omgewing en die vermoë om dit te verwoord (taal), wat die mens bemagtig om ’n bewussyn te ontwikkel (dit wil sê, bewus te wees van menswees): Edelman (2004:97-112) beskryf die menslike bewussyn as “gesetel in sy verstand”. Dit behels meer as om bewus te wees van jou omgewing, jou liggaam of om daarop te reageer, dit is om bewus te wees van jou bewustheid. Volgens Edelman (2004:97-112) is primêre bewustheid die resultaat van geprosesseerde sensoriese inligting – die “onthoude hede” – terwyl sekondêre bewustheid die resultaat van die taalgeprosesseerde wederkerige neurale insette van die serebrale korteks is (Metakognisie), met ander woorde ’n taalgeprosesseerde nuwe geheue wat die ervaring van “ek” in die verlede, hede en toekoms bevat (Kelly *et al.*, 2014:5012-5017).

Die uitdaging vir die natuurwetenskap is dat die eienskappe wat unieke moderne menswees kenmerk nie noodwendig in paleontologiese bewyse sal verskyn nie. Mellars (2006:9381-9386) noem dit: “... symbolic culture, language, and specialized lithic technology...” – omdat dit van verbygaande aard is. Wat wel beskikbaar is, is duursame items soos klipgereedskap, bene, potskerwe, aanduidings van blyplekke en begrafnisplekke (Ko, 2016:5-22). Die redelik statiese beeld wat geskep word uit genoemde bewyse, verander dramaties vanaf ongeveer 90 000 jaar gelede in Afrika en 40 000 jaar gelede in Europa (Hensilwood *et al.*, 2002:1278-1280) – iets wat aanvaar word as die resultaat van die invloed van moderne menslike aktiwiteite.

Geneties sou die intense omgewingsdruk op ’n klein ingeperkte gemeenskap seleksiedruk op neurale aktiewe loci aanmerklik verhoog het en selfs ’n verdere vrystelling van Alu-elemente (primaatspesifieke DNS-herhalings) veroorsaak het, wat op sy beurt genetiese verskeidenheid (en mutasies) sou verhoog het. Die uitdaging is dat hierdie sprong van die proto-mens na die moderne mens – al is dit reeds ’n genetiese moontlikheid – nie ’n noodwendigheid is nie (dit wil sê dat die proto-mens ewe skielik moderne gedrag begin toon het). Hierdie sprong sou baie spesifieke sorg (bedoelende onderskeibaar van die normale) vanaf ’n suigeling tot adolessensie geverg het om die moderne sinaptiese opstelling gevestig te kry. Nadat dit eers gevestig is, verander die vereistes egter dramaties. Die oorsprong van die uitdaging is hierin geleë: ’n kind se wêreldbeeld (*Weltbild*) is die resultaat van die mense met volwasse breine wat hom omring. Die ontwikkeling van die moderne mens se sinaptiese opstelling kan nie tot uiting kom tensy die brein van die mense wat hom/haar grootmaak, reeds die moderne sinaptiese opstelling het nie (Sterelny, 2012:185-189; Hill *et al.*, 2009:187-200; Tomasello, 2014:32-76).

Bybelse agtergrond

In die Bybel staan daar dat God die mens uit stof van die aarde geskep het – na Sy beeld het Hy hom geskep. Die skepping van die mens word twee keer in Genesis beskryf, dit is: Genesis 1:26, “God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, as ons afbeelding” (2020-vertaling) en Genesis 2:7, “...die Here God [het] die mens met stof uit die grond gevorm, en in sy neus die asem van lewe geblaas. So het die mens ’n lewende wese geword” (2020-vertaling). Die rede hiervoor is dat die skepping van die mens vir die skrywer van die Genesis-verhaal nêr so belangrik was as die res van die skepping (Oosterhof, 1972:98).

Genesis 2:7 word uit die antieke Hebreeus in Afrikaans vertaal as: “die Here God het die mens met stof uit die grond gevorm...”. Die antieke Hebreeuse woord wat in die teks gebruik word en in die 2020-vertaling as “gevorm” vertaal word, is volgens Strong (2009:#3335) *yatzar* (יצר / y.ts.r), wat beteken “om te vorm” of “om te fatsoeneer” (in Engels “mold”). Die woord *yatzar* word in Genesis 2:7 in teenstelling met die woord *bara* (Strong, 2009: #1254) van Genesis 1:26 gebruik. *Bara* beteken om iets uit niks te skep, terwyl *yatzar* beteken om iets te omvorm of te herfatsoeneer. Die woord *yatzar* kom ook voor in Genesis 2:19: “Toe vorm die Here God uit die grond al die diere van die veld en al die voëls van die hemel” (2020-vertaling). Die woord *yatzar* word in die antieke Hebreeus van II Samuel 17:28; Jesaja 29:16; en Jeremia 18:1-17 gebruik vir die vorming van kleiware deur ’n pottebakker, sowel as in Jesaja 44:9 en Hábakuk 2:18 vir die maak van afgode deur ’n goudsmid. Jesaja 49:5 gebruik die woord *yatzar* verder vir die vorming van die dienskneg van God in die moederskoot.

Volgens die 2020- Afrikaanse vertaling van die antieke Hebreeuse Genesis 2:7a het “die Here God die mens met stof uit die grond gevorm...”. Die antieke Hebreeuse woorde wat as “stof uit die grond” in Afrikaans in die 2020-vertaling vertaal word, is (רפס) *a’phar* (Strong, 2009:#6083) en (המדה) *a’da’mah* (Strong, 2009:#0127). *Adamah* beteken “aarde of grond”, terwyl *aphar* die antieke Hebreeuse woord is vir “stof”. Die mens is volgens Genesis 2:7 met ander woorde gevorm uit die aarde self. Die naam Adam is daarom ook inderdaad verwant aan die antieke Hebreeuse woord vir aarde of grond *adamah*.

Volgens die 2020- Afrikaanse vertaling van Genesis 2:7 uit antieke Hebreeus [het God] “...in sy neus die asem van lewe geblaas. So het die mens ’n lewende wese geword”. Die antieke Hebreeuse woord *neshamah* (נשמה / ne’shey’mah) word volgens Strong (2009: #5397) vyf-en-twintig keer in die 2020-vertaling van die Ou Testament as “asem” vertaal. In Genesis 2:7 maak *neshamah* van die mens ’n lewende wese. In Job 32:8 bring *neshamah* egter geestelike begrip. Volgens Psalm 104:29 is *neshamah* noodsaaklik vir lewe: “U neem hulle asem (*neshamah*) weg, hulle vergaan en keer terug na die stof wat hulle was”.

Die 2020-vertaling se Afrikaanse woord “lewende” (soos in “lewende wese”) is ’n vertaling van die antieke Hebreeuse woord *chayah* (Strong, 2009:#02421), terwyl die 2020-vertaling se Afrikaanse woord “wese” ’n vertaling van die antieke Hebreeuse woord *nephesh* (Strong, 2009:#05315) is, wat dikwels op ander plekke in die Bybel as “siel” vertaal word.

Die Bybel en die wetenskap – kan dit versoen word?

In die eerste twee artikels van hierdie reeks word verwys na empiriese getuienis oor die natuur, wat daarop dui dat God genoeg inligting in die geskape werklikheid gelaat het om die gewillige te oortuig, maar nie soveel dat dit die onwillige dwing nie. Hierdie getuienis sluit in:

- Die ontstaan van lewe vereis dat die organisme en die bloudruk op dieselfde tyd in perfekte funksionele, werkende toestand moet verskyn (Wilcox, 2004:54). Hierdie

tweeledige vereiste lei daartoe dat lewe nie “toevallig” kan ontstaan nie. Meer nog, die sewe pilare van lewe, tesame met die genoemde bloudruk en lewende organisme stel ’n vereiste aan die hoeveelheid, omvang en vlak van ingewikkeldheid van inligting wat lewe voorafgaan en onderhou, wat ’n ordegrootte meer is as wat logieserwys toevallig kan ontstaan, gegewe die ouderdom van die aarde;

- Nege-en-negentig persent van alle spesies wat vroeër geleef het, het uitgesterf en kom nie vandag op aarde voor nie. Dit maak uitsterwing die norm, eerder as aanpassing en ontwikkeling (Jablonski, 2004:589; Stearns *et al.*, 2000:1). Die verskeidenheid van lewe soos dit op die aarde voorkom, is daarom die nageslag van dié een persent wat kon aanpas en oorleef (Benton, 2011:580-585);
- Hoewel meerselligheid en die gepaardgaande alternatiewe oorlewingsvorms wesenlike voordele ingehou het vir die organismes betrokke, het dit beteken dat geneties nuwe transkripsiefaktorfamilies en gekoppelde regulatoriese netwerkmotiewe moes ontwikkel het (Jin *et al.*, 2015:1767-1773). As die kombinasie van die uiters primitiewe aard van lewe hier ter sprake, die kort tyd wat ontwikkeling geneem het, sowel as die feit dat slegs een persent van aanpassings suksesvol is, in ag geneem word, blyk die vlak van organisasie (ingewikkeldheid) en inligting benodig vir die genoemde transkripsiefaktorfamilies en gekoppelde regulatoriese netwerkmotiewe om te ontwikkel, ’n logiese onmoontlikheid te wees;
- Dit is belangrik dat die outonome natuurhipotese met ongerigte mutasie en natuurlike seleksie nie die tempo van verskyning van nuwe vorms, of die uitbreiding van verskeidenheid in die Kambriese biodiversifikasieperiode (of enige van die opvolgende diversifikasieperiodes) kan beskryf nie. Daar bestaan hipoteses wat wel die waarskynlikhede vergroot, maar die grondliggende probleem is dat hierdie teorieë slegs geldig is indien die agtergrondpotensiaal reeds bestaan het – ’n entiteit waarvan daar geen kennis of begrip is nie. Weereens lyk die vlak van ingewikkeldheid en inligting benodig vir die genoemde biodiversifikasies om willekeurig te ontwikkel, na ’n logiese onmoontlikheid. Gevolglik kan die outonomenatuurhipotese, sover dit die biodiversifikasieperiodes aangaan, tans ’n geloofsoortuiging genoem word, maar nie ’n wetenskap nie;
- ’n Verdere voorbeeld is die differensiasie en ontwikkeling van gewerweldes as embryo’s uit ’n blastula. Die ontstaan, diffusie en werking van neurale kruinselle in gewerwerdes na neurulasie van die gastrula bly een van die wonders van die skepping, weereens in terme van ingewikkeldheid en inligting benodig, asook die bestendigheid daarvan wat vandag sigbaar is;
- Laastens – dit blyk uit die natuurwetenskappe dat die mens ’n gesamentlike voorouer het met alle ander organismes op aarde, insluitende ape. Ons deel baie meer as net voorouers met die res van die skepping: ook boustof, selle, organe en ’n groot deel van ons genoom, want die mens is deel van die skepping. Dat die mens uniek is in die skepping, is egter onbetwisbaar. In die drempelgebeurtenis (soos beskryf in Genesis) het God die proto-mens “na Sy beeld” omskep (*yatzar*): God het deur begeleiding die mens se verstand ver verby oorlewingsvereistes (lynreg teen die tweede wet van termodinamika in) ontwikkel om ’n taalgeprosesseerde, sekondêre geheue (wat die ervaring van “ek” in die verlede, hede en toekoms kan bevat) daar te stel (Kelly *et al.*, 2014:5012-5017). Hierdie sekondêre geheue het die mens in staat gestel om deur die paradyservaring liefde, wysheid en moraliteit van God af te ontvang en te internaliseer. Hierdie is eienskappe van God, wat die mens ’n “afbeelding van

God” maak. Dit is eienskappe wat geen ander dier of die proto-mens het, of gehad het nie. Die inligtingsinhoud wat nodig was in die ontwikkeling van hierdie uniekheid, is menslik onbegryplik.

Gevolgtrekking

Die proto-mens is deur begeleide ontwikkeling uit die stof van die aarde (koolstof, waterstof, stikstof, suurstof, fosfaat en swael) geskep. Van die verandering (*yatzar*) van die proto-mens se gedrag en sy verstand na die moderne mens tydens die drempelgebeurtenis, is daar baie goeie natuurwetenskaplike getuienis. Die drempelgebeurtenis is gefundeer in God se bemoeienis met die mens en bevestig die paradysverhaal as ’n bewysbare werklikheid, so ook Eva se skepping uit Adam. Verder beantwoord die drempelgebeurtenis moeilike vrae soos vir watter mense Kain bang was (Gen 4:13); sowel as waar hy en die ander kinders en kleinkinders van Adam en Eva eggenote vandaan gekry het (Gen 4:17 en verder). Dit bevestig ook dat “survival of the fittest” baie ouer is as die mens (veral aanwesig in die proto-mens) en dus in ooreenstemming met die paleontologiese getuienis is dat “boosheid en pyn” (prooi en roofdier) lank voor die moderne mens reeds bestaan het.

Ten slotte – moderne wetenskaplike waarnemings aangaande die oorsprong van die heelal, lewe en die mens kan die beste verstaan word wanneer dit vanuit ’n godsdienstige paradigma geïnterpreteer word. Boonop kan ons toets of wetenskaplike bevindinge ooreenstem met, of weerspreek word deur wat ons sou verwag as ’n Reformatoriese wêreldbeskouing waar was. Arno Penzias, fisikus en Nobelpryswenner, is een van vele wetenskaplikes wat tot die gevolgtrekking kom dat wetenskaplike bewyse ooreenstem met die verwagtinge wat uit Teïsme vloei. Hy skryf: “The best data we have is exactly what I would have predicted, had I nothing to go on but the five books of Moses, the Psalms, the Bible as a whole” (Browne, 1978).

BIBLIOGRAFIE

- Akin, ZN & Nazarali, AJ. 2005. Hox genes and their candidate downstream targets in the developing central neural system. *Cellular and molecular neurobiology*, 4:697-741.
- Arbogast, BS, Scott, VE, Wakelet, J, Beerli, P & Slowinski, JB. 2002. Estimating divergent times from molecular data on phylogenetic and population genetic timescales. *Annual review of ecology and systematics*, 33:707-740.
- Avarello, R, Pendicini, A, Caiulo, A, Zuffardi, O & Fraccaro, M. 1992. Evidence for an ancestral aliphoid domain on the long arm of the human chromosome 2. *Human genetics*, 89:247-249.
- Bambach, RK, Busch, AM & Erwin, DH. 2007. Autecology and the filling of eco space: Key metazoan radiations. *Palaeontology*, 50:1-22.
- Behar, DM, Villens, R, Soodall, H, Blue-Smith, J, Periera, L, Metspalu, E, Scozzari, R, Makkan, H, Tzur, S, Comas, D & Bertranpetit, J. 2008. The dawn of human matrilineal diversity. *American journal of human genetics*, 82:1130-1140.
- Benton, MJ. 2011. Causes and consequences of extinction. In: Losos, JB (ed.). *The Princeton guide to evolution*. Princeton: Oxford University Press.
- Boë, LJ, Berthommier, F, Legou, T, Captier, G, Kemp, C & Sawallis, TR. 2017. Evidence of a vocalic proto system in the baboon (*Papio papio*) suggests pre-hominin speech precursors. *PLOS One*, 12: e0169321.
- Boesch, CB & Boesch, H. 1990. Tool use and tool making in wild chimpanzees. *Folia primatologia*, 54:86-99.
- Browne, MW. 1978. Clues to Universe Origin Expected. *The New York Times*, 12/03/1978, p. 1.

- Budd, GE. 2013. At the origin of animals: the revolutionary Cambrian fossil record. *Current genomics*, 14:344-345.
- Budd, GE & Jensen, S. 2017. The origin of animals and a 'savannah' hypothesis for early bilaterian evolution. *Biological reviews*, 92:446-473.
- Bürglin, TR. 2013. Homeotic mutations. *Brenner's Encyclopedia of Genetics*. 2nd ed. Cambridge, Massachusetts: Academic Press.
- Call, J. 2001. Object permanence in orangutans (*Pongo pygmaeus*), chimpanzees (*Pan troglodytes*) and children (*Homo sapiens*). *Journal of comparative psychology*, 115:159-171.
- Chang, Y, Morris, K, Stuart, A, Taylor, R, Hannah, S & Deacon, J. 2012. Antigen presenting genes and genomic copy number variations in the Tasmanian devil MHC. *BMC (BioMed Central) Genomics*, 13:87.
- Clark, J. 2005. Getting a leg up on land. *Scientific American*, 21.
- Daeschler, EB, Shubin, NH & Jenkins, FA. 2006. A Devonian tetrapod-like fish and the evolution of a tetrapod-like body plan. *Nature*, 440:757-763.
- De Waal, FMB & Davies, JM. 2003. Capuchin cognitive ecology: cooperation based on projected returns. *Neuropsychologia*, 41:221-228.
- Edelman, GM. 2004. *Wider than the sky: the phenomenal gift of consciousness*. New Haven: Yale University Press.
- Egnor, R, Miller, C & Hauser, MD. 2004. *Non-human primate communication*. Amsterdam: Elsevier. Available: http://www.biolinguagem.com/ling_cog_cult/egnor_etal_2005_nonhuman_%20primate_%20communication.pdf [Accessed 07/02/2023].
- Erwin, DH, Laflamme, M, Tweedt, SM, Sperling, EA, Pisani, D & Peterson, KJ. 2011. The Cambrian conundrum: early divergence and later ecological success in the early history of animals. *Science*, 334:1091-1097.
- Finlay, G. 2003. Homo divinus: the ape that bears God's image. *Science and Christian belief*, 15:17-40.
- Fisher, RA. 1930. *The genetical theory of natural selection*. Oxford: Oxford University Press.
- Gillooly, JF, Allen, AP, West, GB & Brown, JH. 2005. The rate of DNA evolution: effects of body size and temperature on the molecular clock. *Proceedings of the National Academy of Science*, 102:140-145.
- Giribet, G. 2016. Genomics and the animal tree of life: conflicts and future prospects. *Zoologica scripta*, 45:14-21.
- Gomez-Roles, A, Hopkins, WD, Shapiro, SJ & Sherwood, CC. 2015. Relaxed genetic control of cordial organisation in human brains compared with chimpanzees. *Proceedings of the National Academy of Science USA*, 112:14799-14804.
- Goodman, M, Tagle, D, Fitch, D, Bailey, W, Czelusniak, J & Koop, B. 1990. Primate evolution at DNA level and a classification of hominoids. *Journal of molecular evolution*, 30:260-266.
- Gouteux, S, Thinus-Blanc, C & Vauclair, J. 2001. Resus monkeys use geometric and nongeometric information during a reorientation task. *Journal of experimental psychology*, 130:505-519.
- Hawks, J, Wang, ET, Cochran, GM, Harpending, HC & Moyzis, RK. 2017. Recent acceleration of human adaptive evolution. *Proceedings of the National Academy of Science*, 104:20753-20758.
- Hensilwood, C, D'Errico, F, Yates, R, Jacobs, Z, Tribolo, C, Duller, GAT, Mercier, N, Sealy, JC, Valladas, H, Watts, I & Wintle, AG. 2002. Emergence of modern human behaviour: middle Stone Age engravings from South Africa. *Science*, 295:1278-1280.
- Hildebrand, MG & Gonslow, G. 2001. *Analysis of vertebrae structure*. New York: John Wiley & Sons.
- Hill, K, Baftrton, M & Hurtado, AM. 2009. The emergence of human uniqueness: characters underlying behavioural modernity. *Evolutionary anthropology*, 8:187-200.
- Hillier, LW, Graves, TA, Fulton, RS, Fulton, LA, Pepin, K, Minx, P & Wagner-McPherson, C. 2005. Generation and annotation of the DNA sequences of human chromosomes 2 and 4. *Nature*, 434:724-731.
- Ijdo, JW, Baldini, A, Ward, DC, Reeders, ST & Wells, RA. 1991. Origin of human chromosome 2: an ancestral telomere-telomere fusion. *Proceedings of the National Academy of Science USA*, 88:9051-9055.
- Ijdo, JW, Baldini, A, Ward, DC, Reeders, ST & Wells, RA. 1992. FRA2B is distinct from inverted telomere repeat arrays at 2q13. *Genomics*, 4:833-835.

- Itakura, S & Tanaka, M. 1998. Use of experimenter-given cues during object-choice tasks by chimpanzees (Pan troglodytes) an orangutang (Pongo pygmaeus) and human infants (Homo sapiens). *Journal of comparative psychology*, 112(2):119-126.
- Jabolinski, D. 2004. Extinction: past and present. *Nature*, 427:589.
- Jabolinski, D. 1986. Background and mass extinctions: the alternation of macro-evolutionary regimes. *Science*, 231:129-133.
- Jin, JP, He, K, Tang, X, Li, Z, Lv, L & Zhao, Y. 2015. An Arabidopsis transcriptional regulatory map reveals distinct functional and evolutionary features of novel transcription factors. *Molecular biology and evolution*, 32:1767-1773.
- Jonathan, M. 2012. The Gulo pseudogene and its implications for common descent. Available: https://evolutionnews.org/2012/02/gulo_shared_mut/ [Accessed 03/05/2020].
- Jorde, LB, Watkins, WS, Bamshad, MJ, Dixon, ME, Ricker, CE, Seielstad, MT & Batzer, MA. 2000. The distribution of human genetic diversity: a comparison of mitochondrial, autosomal, and Y-chromosome data. *American journal of human genetics*, 66:979-988.
- Kelly, Y, Webb, TW, Meier, JD, Arcaro, MJ & Graziano, MSA. 2014. Attributing awareness to oneself and to others. *Proceedings of the National Academy of Science USA*, 111:5012-5017.
- Khachane, AN & Harrison, P. 2009. Assessing the genomic evidence for conserved transcribed pseudogenes under selection. *BMC Genomics*, 10:435.
- Kim, FJ, Battini, LJ, Manel, N & Sitbon, M. 2004. Emergence of vertebrae retroviruses and envelope capture. *Virology*, 318:183-191.
- Knoll, AH, Javaux, EJ, Hewit, D & Cohen, P. 2006. Eukaryotic organisms in Proterozoic oceans. *Philosophical transactions of the Royal Society B*, 361:1023-1038.
- Ko, KH. 2016. Origins of human intelligence: the chain of toolmaking and brain-evolution. *Anthropological notebook*, 22:5-22.
- Koshland, DE. 2002. The seven pillars of life. *Science*, 295:2215-2216.
- Kurth, RB & Bannert, N. 2010. *Retroviruses: molecular biology genomics and pathogenesis*. Poole, UK: Harrison scientific press.
- Liman, ER & Innan, H. 2003. Relaxed selective pressure on an essential component of pheromone transduction in primate evolution. *Proceedings of the National Academy of Science USA*, 100:3328-3332.
- Marino, L. 2006. Absolute brain size – Did we throw the baby out with the bathwater? *Proceedings of the National Academy of Science of the USA*, 103:13563-13564.
- McKay, CP. 2004. What is life – and how do we search for it in other worlds? *PLoS biology*, 2:302.
- Mellars, P. 2006. Why did modern human populations disperse from Africa 60,000 years ago? A new model. *Proceedings of the National Academy of Science USA*, 103:9381-9386.
- Napier, JR & Groves, CP. 2020. Primate. *Encyclopedia Britannica*. Available: <https://www.britannica.com/animal/primate-mammal> [Accessed 07/03/2023].
- Nisbet, EG & Fowler, CMR. 1999. Archean metabolic evolution of microbial mats. *Proceedings of the Royal Society B*, 266:2375-2382.
- Olson, S. 2002. *Mapping human history: genes, race and common origins*. Boston: Houghton Mifflin.
- Oosterhof, BJ. 1972. *Hoe lezen wij Genesis 2 en 3?* Kampen: Kok.
- Orgel, LE. 1994. The origin of life on earth. *Scientific American*, 271:76-83.
- Peterson, KJ, Lyons, JB, Nowak, KS, Takacs, CM, Wargo, MJ & McPeck, MA. 2004. Estimating metazoan divergence times with a molecular clock. *Proceedings of the National Academy of Science*, 101: 6536-6541.
- Popodi, E, Kissinger, JC, Andrews, ME & Raff, RA. 1996. Sea urchin Hox genes. *Mol. Biol. Evol.*, 13: 1078-1086.
- Pough, FW, Janis, CM & Heiser, JB. 2005. *Vertebrae life*. San Francisco: Pearson education.
- Ramachandran, VS. 2010. *The tell-tale brain: a neuroscientist's quest for what makes us human*. London: WW Norton.
- Raup, DM. 1994. The role of extinction in evolution. *Proceedings of the National Academy of Science USA*, 91:6758-6763.
- Reilly, SK, Yin, J, Ayoub, AE, Emera, D, Leng, J & Cotney, J. 2015. Evolutionary changes in promoter and enhancer activity during human corticogenesis. *Science*, 347:1155-1157.

- Romer, AS & Thomas, S. 1977. *The vertebrae body*. Philadelphia, PA: Holt Saunders International.
- Ruvolo, M. 1997. Genetic diversity in hominoid primates. *Annual review of anthropology*, 26:515-540.
- Sakai, T, Mikani, A, Tomonaga, M, Mtsui, M, Suzuki, J & Hamada, Y. 2011. Differential prefrontal white matter development in chimpanzees and humans. *Current biology*, 21:1397-1402.
- Schulte, P. 2010. The Chicxulub asteroid impact and mass extinction at the Cretaceous-Paleogene border. *Science*, 327: 1214-1218.
- Servias, T, Owen, AW, Harper, Dat, Kröger, BR & Munnecke, A. 2010. Towards a holistic view of Ordovician and Silurian Earth systems. *Palaeogeography, palaeoclimatology, palaeoecology*, 294: 99-119.
- Sherwood, CC, Subiaul, F & Zawidzki, TW. 2008. A natural history of the human mind: tracing evolutionary changes in brain and cognition. *Journal of anatomy*, 212:426-454.
- Smith, AB & Petterson, KJ. 2002. Dating the time of origin of major clades. *Annual review of earth and planetary science*, 30:65-88.
- Spocter, MA, Hopkins, WD, Barks, SK, Bianchi, S, Hehmeyer, AE, Anderson, SM, Stimpson, CD, Fobbs, AJ, Hof, PR & Sherwood, CC. 2012. Neuropil distribution in the cerebral cortex differs between humans and chimpanzees. *Journal of comparative neurology*, 520:2917-2929.
- Stearns, BP & Stearns, SC. 2000. *Watching, from the edge of extinction*. London: Yale University Press.
- Sterelny, K. 2012. *The evolved apprentice: how evolution made humans unique*. Cambridge: MIT press.
- Stigall, AL, Bauer, JE, Lam, AR & Wright, DF. 2017. Biotic immigration events, speciation, and the accumulation of biodiversity in the fossil record. *Global and planetary change*, 148:242-257.
- Strong, J. 2009. *Strong's exhaustive concordance of the Bible*. Hendrickson Publishers.
- Suddendorf, T. 2013. *The gap: the science of what separates us from other animals*. New York: Basic books.
- Swisher, CG, Curtis, GH & Lewin, R. 2001. *Java man: how two geologists changed our understanding of human evolution*. Chicago: Chicago University Press.
- Sykes, B. 2001. *The seven daughters of Eve: the science that reveal our genetic history*. New York: Norton.
- Teng, L & Labosky, PA. 2006. Neural crest stem cells. In: Saint-Jeannet, J-P (ed.). *Neural crest induction and differentiation*. New York: Springer Science & Business Media.
- Terreros, M, Alfonso-Sanchez, MA, Novick, L, Lacau, L & Reguero, H. 2009. Insights on human evolution: an analysis of Alu insertion polymorphisms. *Journal of human genetics*, 51: 603-611.
- Tomasello, M. 2014. *A natural history of human thinking*. Cambridge, MA: Harvard University Press.
- Trifonof, EN. 2012. Definition of life: navigation true uncertainties. *Journal of biomolecular structure and dynamics*, 29:647-650.
- Tsu-Ming, H & Runnegar, B. 1992. Megascopic eukaryotic algae from 201-billion-year-old neogaeon iron-formation, Michigan. *Science*, 257:232-235.
- Web, AD. 2006. *Animal diversity eb @ UMich* [Online]. Available: <https://animaldiversity.org/site/accounts/classification/Hominidae.html> [Accessed 26/5/2020].
- Webby, BD, Paris, F, Doser, ML & Percival, IG. 2004. *The great Ordovician Biodiversity Event*. New York: Columbia University Press.
- Webster, D. 2010. *Meeting the family: one man's journey through his human ancestry*. Washington: Spencer books.
- Weiss, MC, Sousa, FL, Mrnjavac, N, Neukirchen, S, Roettger, M, Nelson-Sathi, S & Martin, WF. 2016. The physiology and habitat of the last universal common ancestor. *Nature microbiology*, 1:116.
- Wilcox, DL. 2004. *God and evolution*. Valley Forge, PA: Judson Press.
- Wilcox, DL. 2014. Our genetic prehistory: Did genes make us human? *Perspectives on science and Christian faith*, 66:83-94.
- Wilcox, DL. 2016. A proposed model for the evolutionary creation of human beings. *Perspectives on science and Christian faith*, 68:27.
- Xiao, J, Sekwhal, MK, Li, P, Ragupathy, R, Cloutier, S & Wang, S. 2016. Pseudogenes and their genomic wide prediction in plants. *International journal of molecular science*, 17:1991.
- Youngson, RM. 2006. *Collins dictionary of human biology*. Glasgow: HaperCollins.
- Zhang, R, Wang, Y & Su, B. 2008. Molecular evolution of a primate specific microRNA-family. *Molecular biology and evolution*, 25:1493-1502.

Boosheid in die mens: “Tot stof sal jy terugkeer”

Evil in humankind: “To dust you shall return”

JOHAN DREYER

Onafhanklike navorser

Coligny, Suid-Afrika

E-pos: johandreyer@truenw.co.za



Johan Dreyer



Kobus v/d Walt

KOBUS VAN DER WALT

Filosofie van Natuurwetenskap en Tegnologie

Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

Suid-Afrika

E-pos: kobus.vanderwalt@nwu.ac.za

<p>JOHANNES HENDRIK DREYER verwerf die grade BSc Agric (UP), BSc Agric Hons (UOVS), sowel as MSc Agric (NWU), telkens met Landbou-ekonomie as spesialisveld. In 2022 verwerf hy die PhD in Dogmatiek¹ aan die NWU, nadat hy verskeie teologiese toelatingseksamens suksesvol afgelê het. In sy loopbaan bestuur hy die Landbou-ekonomie-afdeling van Sentraal-Wes Koöperasie, tree op as Ekonoom by die Suid-Afrikaanse Wolraad, en dien ook as Projekbestuurder by die Ontwikkelingsbank van Suid-Afrika. Sedert 1987 boer hy naby Coligny in die Noordwes-provinsie, Suid-Afrika.</p>	<p>JOHANNES HENDRIK DREYER obtained the degrees BSc Agric (UP), BSc Agric Hons (UOVS), as well as MSc Agric (NWU), with Agricultural Economics as specialist field. In 2022, he obtained the PhD in Dogmatics² at the NWU, after having successfully completed several theological entrance exams. In his career he managed the Agricultural Economics Department of Central-West Cooperation, acted as Economist at the South African Wool Council, and served as Project Manager at the Development Bank of South Africa. Since 1987, he has been farming near Coligny, Northwest Province, South Africa.</p>
<p>IZAK JACOBUS VAN DER WALT is sedert 1990 'n dosent in die Fakulteit Natuurwetenskappe aan die NWU. Sy aanvanklike navorsingsfokus was Aardkundige wetenskappe, met spesialisasie in Omgewingsbestuur. Na verwerwing van die PhD-</p>	<p>IZAK JACOBUS VAN DER WALT was appointed as lecturer in the Faculty of Natural Sciences at the Northwest University, South Africa, in 1990. His initial research focus was Earth Sciences, with specialisation in Environmental Manage-</p>

¹ Erkenning word gegee aan Prof. CFC Coetzee (Promotor), wat saam met Dr. Rudy A Denton (medepromotor), en Prof. IJ vd Walt die studieleiding van die PhD waarop hierdie artikel gegrond is, behartig het.

² Acknowledgment is given to Prof. CFC Coetzee (Promoter), who together with Dr. RA Denton and Prof. IJ vd Walt co-supervised the PhD on which this article is based.

Datums:

Ontvang: 2022-11-30

Goedgekeur: 2023-03-20

Gepubliseer: Junie 2023

graad in 1993, vorder hy tot departementshoof van Geografie en Omgewingsbestuur. In 2010 is hy benoem as professor in die Filosofie van Natuurwetenskap en Tegnologie aan die NWU. Hy dien die afgelope 9 jaar as Raadslid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

ment. After obtaining the PhD degree in 1993, he was promoted to Head of Department of Geography and Environmental Management. In 2010 he was appointed as professor in Philosophy of Natural Science and Technology at the NWU. He served as Council member of the South African Academy for Science and Arts for the past 9 years.

ABSTRACT

Evil in humankind: “To dust you shall return”

In the first three articles of this series, convincing arguments were put forward as to why contemporary natural scientific observations can best be explained if they are interpreted within a paradigm of an all-powerful Creator.

In line with this observation, a growing number of eminent scholars fundamentally differ from the materialistic position that metaphysical theories deal with concepts that are not empirically observable and testable. Instead, these scholars postulate that metaphysical theories can indeed be used to make predictions about the natural world and that they are therefore falsifiable. A few examples include the fact that a theistic cosmology expects that the universe had a moment of beginning, which presupposes that a transcendent Creator must already have accurately established the physical conditions for all empirical observations, before the moment of creation. Empirical observations of the universe confirm this theory, as described in the first article of this series. More examples of the predictive value of a metaphysical theory, are the origin of information contained in DNA, as described in article 2, as well as in empirical data on the origin of humans (see article 3).

The reference to metaphysical theories as pseudo-science has therefore been repudiated by recent empirical evidence and a growing number of authoritative researchers, do recognise the fact that a “God hypothesis” would appear to be scientifically accountable.

Yet, there remains great opposition among mainstream natural scientists to any hint of metaphysical explanations for contemporary observations. Materialist scientists accuse religious scientists of approaching the Enlightenment and Modernism in reverse – of wanting to take science back to the dark ages, where the church dictated to science what may be believed. However, it is ironic that the “God of the gaps”- argument is replaced by normative materialism with a “science of the gaps”- argument, where it is argued that sooner or later science will provide humanity with a “theory of everything”.

To decide in advance that a certain explanation for empirical evidence may not be considered, is unacceptable in natural science. Yet mainstream science takes exactly this position regarding cosmology and the origin of life. In this article, the issue of normative materialism is scrutinised. What is the deepest origin of the reluctance of many researchers, to put forward a metaphysical explanation for scientifically observed data? Even the mere consideration of such a hypothesis is rejected.

Why don't people even consider the possibility that a Creator played (and still plays) a role in the universe?

The main conclusion, based on an exposé of the scientific method, various ways of scientific reasoning and biblical evidence regarding creation and the origin of sin, is that the answer lies in mankind's sinful, self-willed nature. If a scientist, based on irrefutable evidence, admits that God exists and that His works are visible in creation, as well as that empirical observations

can be reconciled with biblical descriptions of the cosmos, he/she must then also admit that the Bible represents the truth.

The necessary consequence of such an admittance is that such a person must then live in submissive obedience to God. This giving up of the “own self” is, however, directly against the nature of sinful man – every person has the need to be master of his/her own salvation and to answer only to himself/herself; something that is embodied in the Postmodernist Zeitgeist in which we find ourselves.

To rule out (and even formally forbid) one of the possible explanations for empirical observations in advance, only because it differs from a researcher’s worldview, does not make that researcher a better scientist. On the contrary – normative materialism and the accompanying grasping at straws by formulating new, fantastic, and difficult-to-test theories as alternatives to the existence of God, simply represent poor, invalid scientific practice.

Even though natural science overwhelmingly testifies to the presence and involvement of God in creation, there are still numerous questions that cannot be answered by natural scientists, or by theologians. Natural scientists should, however, consider all possible explanations for empirical data with an equal measure of respect and attention in order to practise science with integrity.

KEYWORDS: normative materialism, the scientific process, induction, deduction, abduction, cosmology, God as creator, scientific bias, scientific paradigms, sin

TREFWOORDE: normatiewe materialisme, die wetenskaplike proses, induksie, deduksie, abduksie, kosmologie, God as skepper, wetenskaplike vooroordeel, wetenskaplike paradigmas, sonde

OPSOMMING

Daar is oortuigende argumente waarom kontemporêre natuurwetenskaplike waarnemings die beste verklaar kan word as dit binne ’n paradigma van ’n almagtige Skepper geïnterpreteer word. Tog is daar wêreldwyd by die hoofstroomnatuurwetenskaplikes groot teenkating daarteen. In hierdie artikel word die vraagstuk van normatiewe materialisme onder die loep geneem. ’n Analise van natuurwetenskaplike denkprosesse, sowel as wat die Bybel oor hierdie onderwerp sê, lei tot die gevolgtrekking dat die oorsprong van normatiewe materialisme in die mens se eiewillige aard geleë is. Om by voorbaat een van die moontlike verklarings vir empiriese waarnemings uit te sluit slegs omdat dit van ’n navorser se wêreldbeeld verskil, verteenwoordig swak, ongeldige wetenskapsbeoefening. Ten spyte van die feit dat die natuurwetenskap oorweldigend getuig van die teenwoordigheid en betrokkenheid van God, is daar steeds talle vraagstukke wat steeds nie deur óf natuurwetenskaplikes óf teoloë beantwoord kan word nie. Natuurwetenskaplikes wat strewe na integriteit in hul wetenskapsbeoefening, behoort alle moontlike verklarings vir empiriese data met ’n gelyke mate van respek en aandag te oorweeg in hul soeke na die waarheid.

Inleiding

In die eerste drie artikels van hierdie reeks, is oortuigende argumente aangevoer waarom hedendaagse natuurwetenskaplike waarnemings die beste verklaar kan word as dit binne ’n paradigma van ’n almagtige Skepper geïnterpreteer word. Tog is daar by die hoofstroomnatuurwetenskaplikes groot teenkating teen enige sweempie van metafisiese verklarings vir enige

hedendaagse waarnemings (Meyer, 2021:5). Materialistiese wetenskaplikes beskuldig gelowige wetenskaplikes daarvan dat hulle die Verligting en Modernisme in trurat benader – dat hulle die wetenskap wil terugneem na die donker Middeleeue, waar die kerk aan die wetenskap voorgeskryf het wat geglo mag word. Dit is egter ironies dat die “God-van-die-gapings”-argument deur normatiewe materialisme vervang word deur ’n “wetenskap-van-die-gapings”-argument, waar geargumenteer word dat die wetenskap wel vroeër of later aan die mensdom ’n “allesomvattende teorie” sal verskaf (Lincoln, 2023).

Om vooraf te besluit dat ’n sekere verklaring vir empiriese getuienis geensins oorweeg mag word nie, is onaanvaarbaar in die natuurwetenskap (Van den Berg & Jeong, 2022:631). Tog neem die hoofstroomwetenskap presies hierdie standpunt in met betrekking tot kosmologie en die ontstaan van lewe. In hierdie artikel word die vraagstuk van normatiewe materialisme onder die loep geneem. Wat is die diepste oorsprong van die onwilligheid van talle navorsers om ’n metafisiese verklaring vir wetenskaplik waargenome data voor te hou? Selfs die oorweging van so ’n hipotese word afgewys. Waarom wil mense nie eers oorweging skenk aan die moontlikheid dat ’n Skepper ’n rol gespeel het (en steeds speel) in die heelal nie?

Natuurwetenskaplike agtergrond

Die natuurwetenskaplike proses is ’n sistematiese manier om kennis oor die natuurlike wêreld te ontdek en te toets (Hull, 2010:24). Dit behels ’n reeks stappe, wat tipies insluit:

- Waarneming: Wetenskaplikes neem waar en versamel data oor natuurverskynsels wat hulle wil bestudeer.
- Hipotese: Op grond van hul waarnemings ontwikkel wetenskaplikes ’n hipotese, wat ’n verduideliking is van die waargenome verskynsel.
- Voorspelling: Uit die hipotese maak wetenskaplikes voorspellings oor wat moet gebeur as die hipotese waar is.
- Empiriese waarnemings: Wetenskaplikes ontwerp eksperimente om hul voorspellings te toets. Die eksperimente moet noukeurig beheer word om die invloed van verwarrende veranderlikes uit te skakel.
- Ontleding: Wetenskaplikes ontleed die resultate van hul eksperimente om te bepaal of hul hipotese ondersteun of weerlê word.
- Gevolgtrekking: Op grond van die analise maak wetenskaplikes ’n gevolgtrekking oor die geldigheid van hul hipotese. As die hipotese deur die bewyse ondersteun word, kan dit ’n teorie of ’n wet word.
- Kommunikasie: Wetenskaplikes kommunikeer hul resultate aan ander wetenskaplikes deur middel van eweknie-geëvalueerde publikasies, konferensies en ander kanale.

Hierdie proses is iteratief, wat beteken dat wetenskaplikes hul hipoteses, voorspellings en eksperimente kan hersien op grond van nuwe waarnemings of data. Die wetenskaplike proses het ten doel om betroubare kennis te produseer, wat gebruik kan word om die natuurlike wêreld te verstaan en te voorspel.

Abduktiewe, induktiewe en deduktiewe denke is drie verskillende maniere van redenasie wat algemeen in die natuurwetenskap gebruik word (Mizrahi & Dickinson, 2022:138). Abduktiewe denke behels die formulering van ’n ingeligte raaiskoot of hipotese, gebaseer op beperkte inligting of waarnemings. Hierdie hipotese word dan getoets om te sien of dit waar is. Abduktiewe denke word dikwels gebruik in situasies waar daar onvolledige of dubbelsinnige data is (soos bv. in die mediese beroep) en word geassosieer met kreatiwiteit en intuïsie.

Induktiewe denke behels die gebruik van spesifieke waarnemings of data om 'n algemene gevolgtrekking of teorie te maak. Hierdie tipe denke word dikwels in wetenskaplike navorsing gebruik, waar data ingesamel en ontleed word om 'n teorie of model te ontwikkel.

Deduktiewe denke daarteenoor, behels die gebruik van algemene beginsels of teorieë om spesifieke voorspellings of afleidings te maak. Hierdie tipe denke word dikwels in wiskunde en logika gebruik, waar beginsels en reëls op spesifieke gevalle toegepas word om te bepaal of dit waar of onwaar is.

In kosmologiese navorsing word veral induktiewe denke gebruik om empiriese waarnemings op alle skale te interpreteer en teorieë daarvoor te formuleer (Reshotco, 2022:509). Interpretasie van empiriese data en teorievorming vereis 'n onbevooroordeelde benadering, met 'n bereidheid om die data onbevangen te interpreteer om die mees logiese verklaring daarvoor as gevolgtrekking aan te bied.

Hierdie onbevooroordeeldheid is noodsaaklik om te verseker dat gevolgtrekkings wat uit empiriese data gemaak word, geldig is. Vooroordele kan lei tot foutiewe gevolgtrekkings, wat lei tot foutiewe teorieë, wat beduidende gevolge kan hê. Voorbeelde van sulke foute sluit in die bevestigingsvooroordeel, wat die neiging is om na bewyse te soek wat 'n mens se voorafbestaande oortuigings bevestig. Hierdie vooroordeel kan daartoe lei dat navorsers teenstrydige bewyse miskyk of ignoreer, wat lei tot gebrekkige gevolgtrekkings. 'n Klassieke voorbeeld hiervan is die antieke "Phlogiston"-teorie, waar wetenskaplikes geglo het in die bestaan van 'n element genaamd "Phlogiston" wat tydens verbranding vrygestel is, ten spyte van toenemende empiriese bewyse van die teendeel (Koehler *et al.*, 2021). Net so kan die publikasievooroordeel, wat die neiging is om slegs studies met beduidende resultate voor te lê vir publikasie, lei tot 'n oorskatting van die ware effekgrootte en 'n verdraaiing van die wetenskaplike juistheid van die interpretasie van data. Hierdie vooroordeel is uitgelig onder andere in 'n studie wat bevind het dat gepubliseerde studies in sielkunde meer geneig was om beduidende resultate te rapporteer as ongepubliseerde studies, wat gelei het tot 'n oorskatting van die ware effekgrootte van sielkundige verskynsels (Colquhoun, 2014:140216). Daarom is dit van kardinale belang om empiriese data met 'n oop gemoed te benader, en om alle bewyse krities te evalueer, selfs al is die waarskynlikste verklaring van waarnemings teenstrydig met 'n navorser se voorafbestaande oortuigings of verwagtinge.

Een van die deurslaggewende kernvereistes van enige wetenskaplike teorie, is die vermoë om akkurate voorspellings te maak (Meyer, 2021:217 en verder). Dit is omdat die uiteindelijke doel van wetenskap is om die natuurlike wêreld te verstaan en te verduidelik. Die vermoë om akkurate voorspellings te maak, is 'n sleutelaanwyser van hoe goed 'n teorie natuurlike verskynsels verduidelik. Voorspellings stel die mens in staat om die geldigheid en betroubaarheid van wetenskaplike teorieë te toets, en om te bepaal of hulle die onderliggende beginsels van die natuurlike wêreld akkuraat weerspieël. Boonop stel voorspellings ons in staat om eksperimente te ontwerp en data te versamel om teorieë te toets en te verfyn, wat help om ons begrip van die natuurlike wêreld te verbeter. Die voorspellingskrag van 'n teorie is ook belangrik omdat dit ons in staat stel om wetenskaplike kennis op praktiese probleme toe te pas en om tegnologieë te ontwikkel wat op wetenskaplike beginsels gebaseer is.

Voorbeelde waar wetenskaplike teorieë gebruik is om voorspellings te maak wat suksesvol geverifieer is, sluit in Einstein se Algemene Relatiwiteitsteorie wat onder andere die buiging van lig om massiewe voorwerpe voorspel het. Hierdie voorspelling is later bevestig deur die waarneming van die buiging van sterlig tydens 'n sonsverduistering (Einstein, 1916:801). Net so het die teorie van Plaattektoniek die bestaan van mid-oseaanrûe en subduksiesones voorspel, wat later deur seabodemkartering en ander waarnemings bevestig is (Hess, 1962:615). Daar

is duisende ander voorbeelde van die voorspellende krag van wetenskaplike teorieë, wat op empiriese bewyse gebaseer is en toetsbaar en falsifieerbaar is.

Navorsers wat 'n normatiewe materialistiese benadering tot natuurwetenskap aanhang, gaan van die vaste oortuiging uit dat metafisiese teorieë geen voorspellingswaarde het nie, want metafisiese teorieë word nie tipies as wetenskaplike teorieë beskou nie. Wetenskaplike teorieë is gebaseer op empiriese bewyse en is toetsbaar en falsifieerbaar terwyl metafisiese teorieë dikwels handel oor konsepte wat buite die gebied van empiriese waarneming en toetsing is. Daarom word sulke teorieë nie tipies gebruik om voorspellings oor die natuurlike wêreld te maak nie en word dit dikwels neerhalend as pseudowetenskap getipeer (Meyer, 2021:8).

Bybelse agtergrond

Volgens die Reformatoriese belydenisskrifte word die mens “in sonde ontvang en gebore”. Die Heidelbergse Kategismus in antwoord op vraag 7, stel dit so: [as gevolg] “van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys (a). [Daar] het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word (b)”. Die Heidelbergse Kategismus toon aan dat sy antwoord gegrond is op die volgende verse uit die Bybel (2020-vertaling) (a) Gen 3; Rom 5: 12, 18, 19 en (b) Ps 51: 7; Gen 5: 3.

Hoewel daar buiten die genoemde Bybelverse, ook ander gedeeltes in die Bybel is wat 'n invloed gehad het op die formulering van die Reformatoriese leer oor die sonde, is dit eintlik Paulus se verklaring in Romeine 5:12, 18 en 19, dat alle mense in werklikheid sondaars geword het deur Adam, wat die meeste aangehaal word. Van Genderen en Velema (2008:411) verduidelik Romeine 5:12, 18 en 19 so: “We are included in Adam because God has specifically ordained such an interdependent relationship. Adam is not only the first sinner; he is also the origin of sin. Because of his unique position as head of mankind the sins of all of us lead back to him and his sin carries on in all of us” – met ander woorde die mens erf die sonde van Adam. In die bespreking van die volle betekenis van Adam se sonde – wat ook die oorsprong van die mens se sonde is – stel van Genderen en Velema (2008:412) dat God die verhoudings so interafhanklik beskik het, dat die mens saam met Adam skuldig is met betrekking tot sy verdorwe aard.

Die Reformatoriese leer van erfsonde het sy oorsprong by Augustinus gehad (Van Oort, 2022:76). Hy het sy interpretasie hoofsaaklik gegrond op Romeine 5:12 (en in 'n mindere mate ook op 1 Korintiërs 15:22), waar veral in Romeine 5:12b (1953-vertaling) die sinsnede: “... omdat almal gesondig het” aanleiding gegee het tot sy formulering van die leer. Augustinus het egter die ou Latynse vertaling gebruik waarin die Grieks *eph ho*, as *in quo* (“in wie”) vertaal is. Tans word dit algemeen aanvaar dat die ou Latynse vertaling foutief was en word dit reeds in die 1953- Afrikaanse vertaling as “omdat almal gesondig het” weergegee en nie as “in wie almal gesondig het”, soos Augustinus dit gelees het nie (Cranefield, 1975:279; Bird, 2016:259). Verdere bevestiging van hierdie interpretasie sluit in die Griekse woord *hēmarton* (wat in 1953 as “gesondig” vertaal is). Hierdie woord is in die oorspronklike teks in die onbepaalde verlede tyd van Grieks (*aorist*) geskryf, wat beide as verlede tyd (“omdat almal gesondig het”), of teenwoordige tyd (“omdat almal sondig”) vertaal kan word.

Die leer oor die erfsonde is later uitgebrei deur Luther en Calvyn en is uiteindelik gevestig in die Dordtse Leerreëls (Lennox, 2017:193). Oor die vraag of die sondeval vooruitbestem was, het Luther en Calvyn sterk menings gehad. Luther noem die leer oor die voortuitbestemming van die sondeval “... an iniquitous, cruel, intolerable thought to think of God...” (Loucks, 2019), terwyl Calvyn dit “... a horrible decree” noem (Maclean, 2011:292). Die logika van 'n

vooruitbestemde sondeval geld egter in die leer oor die erfsonde, naamlik dat die mens skuldig is aan sonde, al was dit buite sy vermoë om dié sonde te vermy. Die donker dieptes van so 'n interpretasie sou wees dat dit God die outeur van die sonde maak, wat Hy deur die dood van Sy Seun aan die kruis gewreek het – 'n afleiding wat baie duidelik nie rym met die res van die Bybel nie.

Om so 'n growwe foutiewe afleiding te vermy, stel Crisp (2015:255) dat Romeine 5 die mens leer van geneigdheid tot sonde wat oorgeërf word, maar nie van sondeskuld (dit is skuld vir sonde van ons voorsate) nie. In die onderskeiding tussen die geneigdheid tot sonde wat oorgeërf word en die skuld vir sondes van ons voorsate, wys Psalm 51: “ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaaï toe my moeder swanger geword het”, terwyl die Nederlandse Geloofsbelydenis melding maak van “verdorwenheid van die hele natuur en 'n oorgeërfde gebrek” (de Brès, 1561). Van Genderen en Velema (2008:412) noem hierdie neiging tot sonde (sondige aard), waaraan alle mense deel het uit hulle verbintenis aan Adam as voorvader: “sinful depravity of our nature”.

Die slotsom is dat die Bybel aandui dat alle mense geneig is tot sonde, wat 'n eiegeregtige, eiewillige en selfsugtige drang tot selfvervulling, selfbeskikking en selfhandhawing insluit.

'n Drempelgebeurtenis

Die geboorte van die moderne mens uit die proto-mens deur 'n Goddelike handeling in die paradysverhaal, is bespreek in artikel 3 van hierdie reeks (Die oorsprong van die mens: “Laat Ons mense maak”). Dit is egter nodig om pertinent daarop te wys dat die anatomies moderne mens gebore is in 'n wêreld wat tegnologie onontwikkeld was (Clark *et al.*, 2003:747-752). Die ontwikkeling sedertdien was egter ongelooflik: stede is gebou, kuns en natuurwetenskap het ontwikkel en daar is selfs 'n man op die maan geplaas. 'n Duidelik identifiseerbare gaping het met ander woorde veral in funksie ontstaan tussen die moderne mens en sy voorsate.

Reformatories soek ons na die oorsprong van die mens, sy verstandelike ontwikkeling en kommunikasievermoë in Genesis 1:26a: “Toe het God gesê: ‘Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld...’”. Ateïste, daarenteen, probeer die oorsprong van die mens, sy verstand en kommunikasievermoë in evolusionisme vind. Darwin het egter nie in *On the Origins of Species* aandag gegee aan die mens, sy verstandelike ontwikkeling of sy kommunikasievermoë nie. Vanuit 'n evolusionêre siening is daar, saam met die vraagstuk van die ontwikkeling van die menslike verstand, 'n voorafgaande vraagstuk oor die ontwikkeling van die wederkerig- hiërargiese taalstruktuur van die mens.

Die taal van die mens is 'n baie onlangse ontwikkeling in die mens se geskiedenis, met geen getuïenis van stadige, geleidelike verandering, of 'n vooraf bestaande stelsel met verandering van funksie vanweë natuurlike seleksie nie (Scott, 2007). 'n Beskrywing van die werking van die wederkerig-hiërargiese taalstruktuur van die mens, is dat deur wederkerige verbindings en die integrasie van die neurale netwerk (wat die geheue insluit), woorde inhoud kry met verwysing na vorige ervarings en ander waarnemings. Op hierdie wyse word woorde “subjektiewe belewenisse” (Penn *et al.*, 2008; Parkinson & Wheatley, 2013).

Die wederkerig-hiërargiese taalstruktuur van die mens is nie die mees doeltreffende vorm van kommunikasie nie en kon daarom nie die resultaat van onbegeleide, willekeurige, natuurlike seleksie gewees het nie. Sonder 'n wederkerig-hiërargiese taalstruktuur, met net 1 000 selfstandige naamwoorde en 500 werkwoorde, sou 500 miljoen verskillende boodskappe suksesvol oorgedra kon word, wat 'n baie meer effektiewe, meer doeltreffende manier van kommunikasie sou wees. Hierdie vorm van kommunikasie sou egter nie die nodige breinontwikkeling van die mens, wat 'n wederkerig-hiërargiese taalstruktuur vereis, gefasiliteer het nie.

Verder is dit nodig om taal te onderskei op grond van spraak en gehoor. Taal is 'n kognitiewe proses wat begin met neurale aktiwiteit en wat vokalisering beïnvloed. Vokalisering is nodig vir praat, maar daar is veel groter vereistes (Fitch, 2000:193-230). Neandertallers het byvoorbeeld moontlik die FOXP2-geen (ook genoem die taalgeen), asook soms die tongbeen in die larinks gedra. Daar is egter slegs 'n enkele Neandertal-fossiel gevind met die Hoyoë-been in die larinks “a Neanderthal man in the Kebara Cave in Israel” (Arsenburg, 1990:137-146). Bolhuis *et al.* (2014: e1001934) kom tot die gevolgtrekking dat: “while the peripheral ability to produce speech is undoubtedly a necessary condition for the expression of vocally externalized language, it is not a sufficient one”.

Charles Darwin was heeltemal korrek toe hy opgemerk het: “a complex train of thought can be no more carried out without the use of words, whether spoken or silent, than a long calculation without the use of figures or algebra” (Darwin, 2022:88). Die wederkerig-hiërargiese struktuur van die mens se taal is, benewens 'n kommunikasiemiddel, ook 'n aanduiding van funksionering van 'n ander verstandelike instelling wat mense toelaat om te kan redeneer en in geheue verskillende gebeure te kan verbind. Die eerste aanduiding daarvan is Genesis 2:19: “Die Here God het toe uit grond al die wilde diere en al die voëls gevorm en na die mens toe gebring om vas te stel hoe hy elkeen sou noem; en wat die mens elke lewende wese sou noem, dit sou sy naam wees” – 'n duidelike aanduiding dat die mens die vermoë om te redeneer en te dink ontwikkel het.

Tegnologiese vordering word argeologies ook eers sigbaar ná die verskyning van die eerste duidelik simboliese voorwerp, naamlik 'n gegraveerde oker uit die Blombosgrot in die Wes-Kaap (Hensilwood *et al.*, 2002:1280). Hierdie gegraveerde oker is (tans) die vroegste simboliese artefak wat met moderne gedrag vereenselwig kan word. Dit het skielik verskyn (sonder dat daar ouer, meer eenvoudige artefakte daarmee saam voorgekom het), wat in lyn is met wat genetiese studies bevind het (Tattersall, 2008:114). Hieruit is dit duidelik dat 'n potensiaal vir simboliek (wat 'n aanduiding is van rede) saam met die anatomies moderne mens gebore is, iets wat eers tot uitdrukking kon kom ná die nodige kulturele stimulus 'n invloed gehad het. Hierdie stimulus was die verskyning van die mens se hiërargiese taalstruktuur as gevolg van 'n nuwe verstandelike instelling, met die frontale lobbe (waar denke gesentreer is), wat domineer. Die nodige perifere aanpassings was reeds gemaak, wat insluit:

- die versinkte larinks (wat keer dat die mens verstik indien daar terselfdertyd gesluk en asemgehaal word (Lieberman, 2007:39-66), en
- die FOXP2-allel en ander genetiese aanpassings en beheerstelsels wat die FOXP2-geen sou aktiveer (Tattersall, 2008:114). Hoewel FOXP2 populêr die “taalgeen” genoem word, is dit nie heeltemal korrek nie, want in die mens se taalfunksie is daar ook ander gene betrokke (Pennisi, 2013:2026). FOXP2 het wel invloed in baie gebiede van die brein (Enard *et al.*, 2002:870) wat die basalganglia en voor-korteks insluit, waar dit brein- en spraakontwikkeling beïnvloed (Spiteri *et al.*, 2007:1155). Die FOXP2-geen tree egter ook op as 'n transkripsiefaktor vir die “forkhead box P2”-proteïen waardeur 'n wye spektrum van gene beïnvloed word (Clovis *et al.*, 2012:3340). Daar is egter konsensus onder navorsers dat die FOXP2-allelverandering noodsaaklik was vir die ontwikkeling van taal by die mens (Enard *et al.*, 2002:871).

Van moderne mens na gevalle sondaar

Ten spyte van die nodige taal- en breinontwikkeling, was die proto-mens steeds vasgevang in proto-moderne gedrag deur die leerlingeffek (Sterelny, 2012). In die moderne mens, ná die

drempelgebeurtenis, in teenstelling met die proto-mens van voor die drempelgebeurtenis, maak die bewussyn onder invloed van 'n wederkerige hiërargiese struktuur in die brein, onderdrukking van die oorspronklike limbiese stelsel (ook genoem die “reptielbrein”) moontlik, ten gunste van die frontale lobbe, sodat die mens in 'n sosiale wese verander. “Neurologiese evolusie van die brein toon dat meegevoel met ander en sosiale bewustheid deel is van die mees onlangse ontwikkelings in die sielkundige anatomie van die mens” (Newberg & Waldman, 2010:17-18).

In die moderne mens se verstand word kennis van die fisiese omgewing, logo-wiskundige beredenering en sosiale vaardighede, alles gelyktydig aangeleer gedurende 'n baie vroeë stadium van ontwikkeling, wanneer die verstand nog in 'n verlengde fase van die daarstel van 'n neurologiese netwerk (*connectome*) is. Hierdie sameloop van ontwikkeling laat buigsame samewerking tussen die verskillende tipes insette toe en pas die vroeë ontwikkeling van die neurologiese netwerk in werklikheid sodanig aan dat elke mens se verstand, in beplanning en werking, uniek ontwerp is vir sy sosiale en fisiese omgewing. Wilcox (2016:27) noem dit “a heuristic logic of experimentation to human mental/brain formation”.

Voordat God die mens egter as mens geformeer het in die genoemde drempelgebeurtenis (paradysverhaal), het die proto-mens vir duisende jare in 'n prooi- en-roofdier- (“survival of the fittest”) omgewing ontwikkel, 'n feit wat paleontologies bevestig is. Melding hiervan is ook in die Bybel te vinde soos byvoorbeeld Kain se vrees nadat hy sy oordeel van God aangehoor het “...Ek sal 'n doellose swerwer word op die aarde, en elkeen wat my teëkom, sal my doodmaak” (Gen. 4:14b). Dié “elkeen” waarvoor Kain bang was wat hom sou vermoor, moes proto-mense gewees het, want die enigste ander mense wat in die Bybelverhaal vermeld word, was sy ouers Adam en Eva.

Nieteenstaande God se sorg en bemoeienis, wat Adam en Eva so na aan Hom gebring het, asook die drempelgebeurtenis en die gevolglike sprong na 'n nuwe gedrag en genetiese instelling, sondig Adam en Eva teen God deur onder verleiding terug te gryp na die “ek” van voor die drempelgebeurtenis – “...dan sal julle word soos God...” (Gen. 3:5). 'n Posing om “ek” God te maak beteken sonde en die dood, “...julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanraak nie, anders sterf julle” (Gen.3:3). Hierdie dood is die gevolg van sonde wat die mens verwyder van God, wat die bron van lewe is. Ná Adam en Eva se sondeval het, vanweë die mens se verwydering van God, die sonde baie vinnig versprei:

- Adam en Eva se kind (Kain), slaan sy broer Abel uit jaloesie dood (Gen. 4:8);
- Ook in Lameg, Adam se agterkleinkind uit Kain, se uitspraak in Genesis 4:23 en 24: “...Vroue van Lameg, hoor wat ek sê, want vir 'n wond aan my maak ek 'n man dood, 'n jong man vir 'n kneusplek aan my! Ja, sewe maal word Kain gewreek, maar Lameg sewe-en-sewentig maal” is die moderne mens “geneig tot sonde” se vasbeslotenheid om “ek” ten alle koste te handhaaf, duidelik sigbaar;
- 'n Verdere bewys van hoe sonde die mens se lewens ingedring en oorheers het, is te vinde in Genesis 6:5a, wat lui: “Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op aarde is...” (Van Genderen & Velema, 2008:402).

Die afgrysklikste van hierdie verwydering van God in die sondige teruggryp van Adam en Eva na voor-die-drempelgebeurtenis-gedrag, was dat deur die self-herhalende stelsel van kulturele integrasie, dié neiging tot die sonde en die dood as gevolg van die sonde wat Adam en Eva teen God gepleeg het, nou na hulle kinders (en so ook die hele menslike geslag) oorgedra sou word, omdat alle ouers nou ook sondige mense was, geneig tot sonde en verdoem tot die dood, wat die kinders sou grootmaak.

Die skepping onder die vloek van die sonde

In Genesis 3:17 staan daar: "...die grond [is] deur jou toedoen vervloek. Met swaarkry sal jy daarvan eet, solank jy leef" (2020-vertaling). Calvin sê hiervan: "the Lord, however, determined that his anger should like a deluge, overflow all parts of the earth, that wherever man might look, the atrocity of his sin should meet his eyes. Before the fall, the state of the world was a most fair and delightful mirror of the divine favour and paternal indulgence towards man. Now, in all the elements we perceive that we are cursed" (Bible Hub, 2014-2020; Calvin Commentary on Genesis 3).

Die strekking van die uitspraak van Calvin is dat die mens se sondeval uitsluitlik verantwoordelik was vir "dorings en distels", met ander woorde pyn en lyding in die skepping, soos ons dit in die natuur vind by die roofdier en sy prooi. Natuurwetenskaplik is daar in die fossielrekord talle voorbeelde van pyn en lyding te vinde, wat lank voor die mens en die sondeval reeds bestaan het. Hierdie bewyse bots nie noodwendig met Calvin se Bybelinterpretasies nie. Die verhaal van die sondeval, wat baie kort en bondig in die Bybel beskryf word, bevat 'n menigte onduidelikhede en die werklike gebeure moes noodwendig heelwat meer kompleks en uitgebreid gewees het. Uit die Genesis 3-verhaal is dit byvoorbeeld duidelik dat alles nie "a most fair and delightful mirror of the divine favor and paternal indulgence" was nie, want Genesis 3:1 sê "die slang was listiger as al die diere van die veld wat die Here God gemaak het". Die verleier in die vorm van 'n slang was met ander woorde reeds teenwoordig binne die tuin van Eden – vóór die sondeval van Adam en Eva.

Die antwoord op die vraag oor hoe die verleier in die paradys beland het, begin by 'n ander vraag: as die Skepper God geweet het dat die mens sou struikel oor die boom van kennis van goed en kwaad, is die vraag waarom Hy dit in die middel van die tuin geplant het, maar tog die mens verbied het om daarvan te eet? Die antwoord op hierdie vraag spruit voort uit die skeppingsbeginsel, dat God die mens as sy beeldraer geskep het. God is nie net liefde nie, maar ook 'n morele wese, wat voorskryf dat die mens, Sy beeldraer, ook morele wesens moet wees wat liefde kan betoon. 'n Morele wese beteken onder andere dat die mens vry moet wees om te kan kies, soos gesien kan word in Gen. 3:2-3: "En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe". Daarmee saam kom 'n morele verantwoordelikheid en toerekenbaarheid vir die mens se besluite, soos beskryf in Gen. 3:12: "En die mens antwoord: Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet". "It is crucial that man can choose in terms of his abilities, his situation and his constitution. He must choose. He is accountable" (Van Genderen & Velema, 2008:364). Hierdie is wesenskenmerke van menswees.

As beeld van God, het die mens 'n begrip van moraliteit, sowel as die vryheid om te kan besluit om óf goed óf sleg te doen, ontvang. Omdat die vryheid van keuse 'n morele verantwoordelikheid impliseer, is dit ook die onderbou van 'n etiese lewe, waar selfs die begrip "gehoorsaamheid" 'n keuse behels (McMahon, 2016:27).

Die kapasiteit om lief te kan hê is, benewens moraliteit, 'n wesenskenmerk van die mens as beeld van God. Van Genderen en Velema (2008:331) sê hieroor: "Man may rule over creation. He may only do so by reflecting God's love for creation", sowel as: "Freedom does not come at the expense of love, but precisely adopts the way of love" (Van Genderen & Velema, 2008:366). Sonder die vryheid van keuse is hierdie kenmerk egter betekenisloos (Sarte, 1984:478). 'n Vrye keuse beteken dat die mens die kwaad kan kies – en liefde kan

verwerp, selfs die liefde van God – by wyse van sy sondeverlorenheid. Die potensiaal om die kwaad te kies, kan slegs verhinder word deur die beperking van die mens se vryheid om te kies. Dit is die mens se vryheid van keuse wat hom in ’n morele werklikheid plaas: “... toe sê die Here God: Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken” (Gen. 3:22a, 1953-vertaling; Lennox, 2017:31). “Man’s freedom functions properly only within the relationship of love and obedience toward God” (Van Genderen & Velema, 2008:365).

Calvyn som Christus se werk in die herskepping van die aarde (“’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde”) op as “Christ will come to drive away everything hurtful out of the world, and to restore to its former beauty the world which lay under the curse” (Bible Hub, 2014-2020; Calvin Commentary on Isaiah 11:6-8). Hierdie stelling word bevestig deur Ef. 1:10 en Kol. 1:20. Dit is egter in die profesieë oor die nuwe aarde, soos gevind in Jesaja 11:6-8 en 65:25, waar die meeste vraagstukke opduik in terme van die bestaan van pyn en lyding voor die sondeval. Jesaja 11:6-8 sê: “’n Wolf sal by ’n lam vertoef, en ’n luiperd sal by ’n boklam gaan lê, ’n kalf, ’n jong leeu en vetgemaakte vee bymekaar – ’n klein seuntjie sal hulle lei.⁷ ’n Koei en ’n beerwyfie sal saam wei, en hulle kleintjies sal saam gaan lê. ’n Leeu sal soos ’n bees gras eet.⁸ ’n Suigeling sal speel by die gat van ’n horingslang, en ’n kleuter sal sy hand uitsteek na die nes van ’n kobra” (2020-vertaling). Jesaja 65:25 sê op sy beurt: “’n Wolf en ’n lam sal saam wei, ’n leeu sal soos ’n bees hooi eet; maar ’n slang – stof sal sy kos wees. Mense sal nie kwaad aanrig of hulle wangedra nie – nêrens op my hele heilige berg nie, sê die Here” (2020-vertaling).

Calvyn (Bible Hub, 2014-2020; Calvin Commentary on Isaiah) noem hierdie profesieë uit Jesaja oor die nuwe hemel en die nuwe aarde, herskep deur Christus, ’n allegorie, met ander woorde ’n simboliese voorstelling waarin ’n boodskap deur personifikasies of konkrete dinge voorgestel word: “Here we are taught what is the nature of men before the Lord convert them and receive them into his fold; for they are cruel and untamed beasts, and only begin to abstain from doing any injury, when the Lord subdues their wicked inclination and their furious desire to do harm”. Calvyn maak nie die stelling dat die Jesaja-profesieë ’n beskrywing van die werklikheid van voor die sondeval was nie, maar hy sien Jesaja se profesieë as beeldspraak in terme van die verandering wat daar in mense, geheilig in Christus, sal kom deur die werk van die Heilige Gees.

Calvyn se allegoriese interpretasie van Jesaja 11:6-8 en 65:25 resoneer met die drempelgebeurtenis, bevestig deur die paradysverhaal, soos beskryf in artikel 3 van hierdie reeks. As dit nie so was dat in die proto-mens die neurologiese instelling van ’n dominante Limbriese stelsel gegeld het nie (die sogenaamde “reptielbrein”) en hy ’n nuwe neurologiese instelling nodig gehad het om beeld van God te kon wees nie – ’n ingesteldheid van onselfsugtigheid, meegevoel en liefde aan ander mense en ’n sosiale bewustheid, was die paradysverhaal waarin God die proto-mens deur die drempelgebeurtenis baie spesifiek omvorm het tot moderne mens (Sy beeldraer) nie nodig nie. Dan het Kain niks te vrees gehad van dié wat hom sou teëkom nie en Lamech hoef dan nie vir sy vrou te vertel het oor hoe hy sy “ek” handhaaf nie.

Geneigdheid tot sonde

Met die oorerwingsmeganisme (“omdat almal sondig”) vasgestel, bly die vraag egter: Wat behels hierdie “geneigdheid tot sonde” wat die mens van Adam en Eva oorgeërf het?

In Reformatoriese denke (Luther, Calvyn, Edwards en Sproul stem almal saam): “Adam’s sin [has] made us all sinners and brought us under the domination of death” (Lennox, 2017a:199).

Die Heidelbergse Kategismus vra in vraag 8: “is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?” Daarop antwoord die Heidelbergse Kategismus: “Ja, behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word”. (Hierdie antwoord word teologies geregverdig uit Gen 8: 21; 6: 5; Job 14: 4; 15: 14, 16, 35; Joh 3: 6; Jes 53: 6. Joh 3: 3, 5; 1 Kor 12: 3; 2 Kor 3: 5).

Jesus se argumente en handelingse soos dit opgeteken staan in Johannes 7:16-19, Johannes 8:2-11 en Johannes 9:35-41 gee egter groter duidelikheid oor die mens se geneigdheid tot sonde, asook dit wat Jesus weet waartoe die mens in sy gevalle toestand in staat is:

- Eerstens Johannes 7:16-19 (2020-vertaling): “Jesus antwoord hulle toe: ‘Wat Ek leer, is nie my eie nie, maar kom van Hom wat My gestuur het. As iemand bereid is om sy wil te doen, sal hy, wat hierdie leer betref, weet of dit van God is en of Ek uit my eie praat. Hy wat uit sy eie praat, soek sy eie eer, maar Hy wat die eer soek van die Een wat Hom gestuur het – Hy is geloofwaardig en daar is geen onreg in Hom nie. Het Moses nie vir julle die wet gegee nie? En nie een van julle voer die wet uit nie. Waarom probeer julle My dan doodmaak?’” Calvin (Bible Hub, 2014-2020; Calvin Commentary on Joh. 7:16) sê Jesus se woorde: “Wat Ek leer, is nie my eie nie”, is asof: “He had said, ‘when you see a teacher not trained in the school of men, know that I have been taught by God.’” Jesus maak met ander woorde aanspraak op die Fariseërs wat Hom beskuldig se rede in die sinsnede: “... weet of dit van God is en of Ek uit my eie praat”. Volgens Calvin (Bible Hub, 2014-2020; Calvin Commentary on Joh. 7:17, 18), maak Jesus in die verdere gedeelte weereens aanspraak op sy luisteraars se moraliteit en rede wanneer hy sê: “Christ, therefore, replies that sound judgment flows from fear and reverence for God; so that, if their minds be well disposed to the fear of God, they will easily perceive if what he preaches be true or not. He likewise administers to them, by it, an indirect reproof; for how comes it that they cannot distinguish between falsehood and truth”.
- In die tweede geval (Joh. 8:5-8, 2020-vertaling), bring die Fariseërs (weereens nie wedergebore mense nie) ’n vrou wat in owerspel betrap is na Jesus toe en probeer Hom vastrek deur Sy oordeel oor haar te vra. Sy antwoord was: “Laat die een van julle wat ’n skoon gewete het, eerste ’n klip op haar gooi” (Joh. 8:7b, 2020-vertaling). “Dié wat dit gehoor het, het een vir een, van die oudste af, weggegaan – net Hy het oorgebly, en die vrou daar in die middel” (Joh. 8: 9, 2020-vertaling). Calvin (Bible Hub, 2014-2020; Calvin Commentary on Joh. 8:9) sê hiervan: “of their own accord, they acknowledge themselves to be guilty”;
- In die derde geval (Joh. 9:41, 2020-vertaling) het Jesus vir hulle gesê: “As julle blind was, sou julle geen sonde hê nie, maar nou sê julle, ‘Ons sien.’ Daarom bly julle in julle sonde.” Calvin (Bible Hub, 2014-2020; Calvin Commentary on Joh. 9:41) sê: “Ignorance would, in some degree, alleviate their guilt, if they were not fully convinced, and did not **deliberately fight against the truth**” (beklemtoning deur outeurs). Calvin (Bible Hub, 2014-2020; Calvin Commentary on John) haal ter ondersteuning Johannes 15:22 (2020-vertaling) aan: “As Ek nie gekom en met hulle gepraat het nie, sou hulle nie sonde gehad het nie; maar nou het hulle nie ’n verskoning vir hulle sonde nie.”

Hoewel Jesus se gehoor nie in een van die gevalle “wedgebore” mense was nie, dui Sy gesprekke daarop dat Hy weet dat hulle wel rede en morele bewustheid besit en daarom maak Hy daarop aanspraak. In die tweede geval daag Jesus die Fariseërs (nie wedergebore mense

nie) uit om 'n morele oordeel te vel, wat hulle dan ook doen. Meer nog, hulle kom by die regte antwoord uit. In die derde geval sê Jesus (volgens Calvin) dat die mens nie skuldig is as hy/sy nie bewus is van die waarheid nie. As hy egter bewus is van die waarheid en "... deliberately fight against the truth" (Bible Hub, 2014-2020; Calvin Commentary on Joh. 9:41), is hy/sy skuldig. Volgens hierdie drie gevalle dui Jesus aan dat Hy weet dat die mens in sy gevalle staat, geneig tot sonde, tog rede en morele bewustheid het en die waarheid kan onderskei.

In die eerste en laaste van die gevalle hier bo vermeld, gee Jesus volgens Calvin 'n aanduiding van wat die geneigdheid tot die sonde behels, naamlik 'n gebrek aan eerbied vir God en opsetlike weerstand teen die waarheid. Maar meer nog – Jesus was sonder sonde. Hy was die mens wat ons moes gewees het, as ons nie gebuk gegaan het onder die geneigdheid tot die sonde wat ons van Adam en Eva oorgeërf het nie. In Johannes 4:34 maak Jesus hierdie ingrypende uitspraak: "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi". God se wil en om in harmonie met Hom te wees, is vir Jesus geen bysaak of nagedagte wat volg op die vervulling van liggaamlike of geestelike behoeftes nie. Om die wil van die Vader te doen, is Sy liggaamlike en geestelike behoefte – die bron van Sy lewe. God se wil en harmonie met Hom is vir Jesus 'n fundamentele oorheersende drang – 'n lewe met die uitsluitlike doel om God te verheerlik, soos wat dit uit die Vader se hand te voorskyn gekom het. Met hierdie uitspraak bevestig Christus die skeppingsorde, waar God met die see praat om visse voort te bring, sowel as met die land om bome voort te bring (Genesis 1:11, 2020-vertaling). God praat egter met Homself om mense voort te bring: "God het gesê: 'Laat Ons mense maak na ons beeld...'" (Genesis 1:26, 2020-vertaling). Buite die see sterf visse en bome sterf buite die grond. Net so ook bevestig Christus dat die mens slegs werklik leef wanneer hy binne God se wil bestaan. Buite God se wil is die mens se bestaan 'n uitgestelde sterwe.

Die swaartepunt van die mens se geneigdheid tot sonde, lê in die mens se vasbeslotenheid om sy eie wil te laat geskied. Hierdie eiewilligheid is die keersy van die skeppingsorde, wat is om die wil van die Vader te doen, soos Jesus dit bevestig. Wanneer Christus voor Sy kruisiging in Getsemane bloed sweet, gaan Sy worsteling daarom dat Sy eie wil nie tussen Hom en die wil van Sy Vader moet kom nie. As Jesus in Matt. 16:24 sê: "As iemand My wil navolg, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg", bedoel Hy presies dit: deur die Heilige Gees bemagtig, moet alle mense hul eiewilligheid bestry sodat hulle in volle harmonie met die Vader kan lewe – nie meer geneig tot die sonde nie.

Sintese

'n Groeiende aantal gesaghebbende wetenskaplikes verskil fundamenteel van die standpunt dat metafisiese teorieë handel oor konsepte wat nie empiries-waarneembaar en toetsbaar is nie. Vir 'n (onvolledige) lys van nagenoeg 65% van Nobelprysweners wat belydende Christene is (of wat 'n Christelike agtergrond het), kyk by https://en.wikipedia.org/wiki/List_of_Christian_Nobel_laureates. Die meeste van hierdie wetenskaplikes huldig die standpunt dat metafisiese teorieë wél gebruik kan word om voorspellings oor die natuurlike wêreld te maak en dat dit falsifieerbaar is. 'n Paar voorbeelde hiervan is:

- Alle materialistiese kosmologiese teorieë veronderstel 'n ewige, statiese heelal met geen moontlikheid van 'n transendente entiteit wat verhewe is bo die natuurwette van energie, materie, tyd en ruimte nie. 'n Teïstiese kosmologie verwag egter dat die heelal 'n beginmoment gehad het, wat veronderstel dat 'n transendente Skepper die fisiese voorwaardes vir alle empiriese waarnemings, reeds voor die skeppingsoomblik,

akkuraat moes ingestel het. Empiriese waarnemings van die heelal bevestig laasgenoemde teorie, soos beskryf in die eerste artikel van hierdie reeks – iets wat die voorspellingskrag van ’n metafisiese teorie (Teïsme) bevestig.

- Nog voorbeelde van die voorspellingswaarde van ’n metafisiese teorie, is geleë in die oorsprong van die inligting vervat in DNS, soos beskryf in artikel 2, sowel as in empiriese data oor die oorsprong van die mens (kyk artikel 3).

Die verwysing na metafisiese teorieë as “pseudowetenskap” is daarom fundamenteel gerepudieer deur resente empiriese natuurwetenskaplike getuienis en ’n groeiende aantal gesaghebbende navorsers erken die feit dat ’n “God-hipotese” (Meyer, 2021) wetenskaplik verantwoordbaar is.

Aan die begin van hierdie artikelreeks is die vraag gevra waarom talle natuurwetenskaplikes steeds ’n normatiewe materialisme aanhang, ten spyte van oortuigende getuienis van God se bemoeienis met die skepping. Die antwoord daarop lê in die mens se sondige, eiewillige aard, soos bespreek in die laaste artikel van die reeks.

Indien ’n wetenskaplike op grond van onweerlegbare bewyse erken dat God bestaan en dat Sy werke in die skepping sigbaar is, moet hy/sy ook erken dat die Bybel die waarheid verteenwoordig. Die noodwendige gevolg daarvan is dat daardie mens sy eie natuur moet kruisig en in onderdanige gehoorsaamheid aan God moet lewe. Hierdie prysgee van die “eie ek” is lynreg teen die aard van die sondige mens – elke mens het die behoefte om meester te wees van sy eie heil en om slegs aan hom-/haarself verantwoording te doen – iets wat vergestalt word in die postmodernistiese tydsges waarin ons onself bevind.

Om by voorbaat een van die moontlike verklarings vir empiriese waarnemings uit te sluit (en selfs formeel te verbied), slegs omdat dit van ’n navorser se wêreldbeeld verskil, maak nie van daardie navorser ’n beter wetenskaplike nie – intendeel. Normatiewe materialisme en die gepaardgaande gryp na strooihalms deur nuwe, fantastiese en moeilik toetsbare teorieë te formuleer as alternatief vir die bestaan van God, verteenwoordig bloot swak, ongeldige wetenskapsbeoefening.

Ten slotte: beide die natuurwetenskap en die teologie is dinamiese dissiplines wat voortdurend verder ontwikkel. Alle kennis wat uit navorsing spruit, moet daarom as voorlopig van aard beskou word. Geloof in God, daarenteen, is “’n gewisse kennis en ’n vaste vertroue” – iets wat deur die Heilige Gees as gawe aan mense geskenk word. Ten spyte van die feit dat die natuurwetenskap oorweldigend getuig van die teenwoordigheid en betrokkenheid van God in die skepping, is daar steeds talle vraagstukke wat nie deur natuurwetenskaplikes of teoloë beantwoord kan word nie. Die Bybel verwys daarna: “Nou kyk ons nog in ’n dowwe spieël en sien ’n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is” (1 Kor. 13:12, 1983-vertaling). Om met integriteit te vorder op die pad na “alles te kan sien soos dit werklik is”, is dit noodsaaklik vir natuurwetenskaplikes, sowel as teoloë, om alle moontlike verklarings vir empiriese data met ’n gelyke mate van respek en aandag te oorweeg.

Erkenning

Dankbare erkenning word gegee aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir finansiële ondersteuning van die navorsing waarop hierdie artikelreeks gebaseer is.

BIBLIOGRAFIE

- 2014-2020. *Bible Hub. 2014-2020* [Online]. Available: <https://biblehub.com/isaiah/7-14.htm> [Accessed 12/11/2020].
- Arsenburg, B. 1990. A reappraisal of the anatomical basis for speech in middle paleolithic hominids. *American journal of physiological anthropology*, 83:137-146.
- Bird, MF. 2016. *The Story of God Bible Commentary: Romans*. Grand Rapids: Zondervan.
- Bolhuis, JJ, Tattersall, I, Chomsky, N & Berwick, RC. 2014. How could language have evolved? *PLoS Biology*, 12:e1001934.
- Clark, JD, Beyene, Y, Woldegabriel, G, Hart, WK & Renne, PR. 2003. Stratigraphic, chronological and behavioural contexts of Pleistocene Homo Sapiens from Middle Awash, Ethiopia. *Nature*, 423: 747-752.
- Clovis, YM, Enard, W, Marinaro, F, Huttner, WB & De Pietri, D. 2012. Convergent repression of FOXP2 3'UTR by miR-9 and miR-132 in embryonic mouse neocortex: implications for radial migrations of neurons. *Development*, 139:3332-3342.
- Coloquhoun, D. 2014. An investigation of the false discovery rate and the misinterpretation of p-values. *Royal Society open science*, 1:140216.
- Cranefield, CEB. 1975. *Romans 1-8*. Edinburgh: T&T Clark.
- Crisp, O. 2015. On original sin. *International journal of systematic theology*, 17:252-266.
- Darwin, C. 2022. *Descent of Man: Vol. I*. BoD—Books on Demand.
- De Brès, G. 1561. *Die Nederlandse Geloofsbelydenis*. NG Kerk argief.
- Einstein, A. 1916. The foundation of the general theory of relativity. *Annalen der Physik*, 354:769-822.
- Enard, W, Przeworski, EW, Fisher, SE, Lai, CS, Wiebe, V & Kitano, T. 2002. Molecular evolution of FOXP2, a gene involved in speech and language. *Nature*, 418:869-872.
- Enard, W, Przeworski, EW, Fisher, SE, Lai, CS, Wiebe, V & Kitano, T. 2002. Molecular evolution of FOXP2, a gene involved in speech and language. *Nature*, 418.
- Fitch, TW. 2000. The evolution of speech: a comparative review. *Biological philosophy*, 20:193-230.
- Hensilwood, C, D'Errico, F, Yates, R, Jacobs, Z, Tribolo, C, Duller, GAT, Mercier, N, Sealy, JC, Valladas, H, Watts, I & Wintle, AG. 2002. Emergence of modern human behaviour: middle Stone Age engravings from South Africa. *Science*, 295:1278-1280.
- Hess, HH. 1962. History of ocean basins. In: Engel, AEJ, James, HJ & Leonard, BF (ed.). *Petrologic studies: A volume in honor of A. F. Buddington*. Geological Society of America.
- Hull, DL. 2010. Science as a Process. *Science as a Process*. University of Chicago Press.
- Koehler, U, Hildebrandt, O, Conradt, R, Koehler, J & Hildebrandt, W. 2021. The Road to Discovery of the Pulmonary Gas Exchange – From the “Phlogiston-” to the “Oxygen Theory”. *Pneumologie*. Stuttgart, Germany.
- Lennox, JC. 2017. *Determined to believe: the sovereignty of God, freedom, faith, and human responsibility*. London: Monarch Books.
- Lieberman, P. 2007. The evolution of human speech: its anatomical and neural bases. *Current anthropology*, 48:39-66.
- Lincoln, D. 2023. *Einstein's Unfinished Dream: Practical Progress Towards a Theory of Everything*. Oxford University Press.
- Loucks, A. 2019. Like Lighting: An Investigation into Bainton and Marius's Account of Luther through Biography.
- Maclean, IS. 2011. Review of The Theology of John Calvin, by C. Partee. *The Sixteenth Century Journal*, 42:291-293.
- McMahon, H. 2016. How free is our free-will? *Cambridge papers*, 25:27.
- Meyer, SC. 2021. *Return of the God hypothesis*. HarperOne.
- Mizrahi, M & Dickinson, MA. 2022. Philosophical reasoning about science: a quantitative, digital study. *Synthese*, 200:138.
- Newberg, AB & Waldman, MR. 2010. *How God changes your brain: breakthrough findings from a leading neurologist*. New York: Balantine Books.
- Parkinson, C & Wheatley, T. 2013. Old cortex, new cortex: re-purposing spatial perception for social cognition. *Frontiers in human neuroscience*, 7.

- Penn, DC, Holyoak, KJ & Povinelli, DJ. 2008. Darwin's mistake: explaining the discontinuity between human and nonhuman minds. *Behavioural and brain sciences*, 31:109-130+169-178.
- Pennisi, E. 2013. 'Language Gene' has a Partner. *Science*, 31:2013-30.
- Reshotko, N. 2022. Cosmology and Anankê in the Timaeus and Our Knowledge of the Forms. *Apeiron*, 55:509-535.
- Sarte, JP. 1984. *Being and nothingness*. New York: Pocket books.
- Schulze, LF. 1981. *Die beginsel van die wetenskap: Calvin en ons*. Potchefstroom: Potchefstroom University for Christian Higher Education.
- Scott, E. 2007. Biological design in science classrooms. *Proceedings of the National Academy of Sciences*.
- Spiteri, E, Konopka, G, Coppala, G, Bomar, J, Oldham, M & Ou, J. 2007. Identification of the transcription targets of the FOXP2, a gene linked to speech and language, in the developing human brain. *American journal of human genetics*, 81:1144-1157.
- Sterelny, K. 2012. *The evolved apprentice: how evolution made humans unique*. Cambridge: MIT press.
- Tattersall, I. 2008. An evolutionary framework for the acquisition of symbolic cognition by Homo sapiens. *Comparative cognitive behaviour reviews*, 99:114.
- Van den Berg, A & Jeong, T. 2022. Cutting off the branch on which we are sitting? On post-positivism, value neutrality, and the "bias paradox". *Society*, 59:631-647.
- Van Genderen, J & Velema, WH. 2008. *Concise reformed dogmatics*. Phillipsburg, New Jersey: P & R publishing.
- Van Oort, J. 2022. Augustine's Spirituality: Gnostic-Manichaeic and Catholic Spirituality in Augustine's Confessions. *Religion and Theology*, 29:59-82.
- Wilcox, DL. 2016. A proposed model for the evolutionary creation of human beings. *Perspectives on science and Christian faith*, 68:27.

Die Nasionale Party se Machiavelliaanse strategieë vir demokratisering in die 1980's en 1990's in Suid-Afrika

The National Party's Machiavellian strategies for democratisation in the 1980s and 1990s in South Africa

“...nothing is more difficult to handle, more doubtful of success, nor more dangerous to manage, than to put oneself at the head of introducing new orders. For the introducer has all those who benefit from the old orders as enemies, and he has lukewarm defenders in all those who might benefit from the new orders” (Machiavelli, 1998:23).

FANIE CLOETE

Navorsingsgenoot: Departement Publieke Administrasie en Bestuur, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, Suid-Afrika
E-pos: cloetegs@gmail.com



Fanie Cloete

FANIE CLOETE is 'n voormalige hoofdirekteur van Staatkundige Beplanning vir die Suid-Afrikaanse regering. Hy was van 1974 tot 1989 betrokke by die beplanning, inisiëring en bestuur van die staatkundige oorgang van apartheid na volle demokrasie in Suid-Afrika. Hy is ook emeritus professor in Openbare Bestuur en Beleidstudies aan die Universiteite van Johannesburg en Stellenbosch. Hy het verskeie gepubliseerde boeke, portuurbeoordeelde artikels en ander vakkundige en populêre bydraes tot sy krediet.¹ Hy is ook 'n mediakommentator oor openbare aangeleenthede, en is tans besig met die kritiese beoordeling van verskeie aspekte van die politieke oorgangproses van apartheid na volle demokrasie in Suid-Afrika gedurende die stormagtige tydperk van die 1980's.

FANIE CLOETE is a former Chief Director of Constitutional Planning for the South African government. From 1974 to 1989 he was involved in the planning, initiation and management of the transition from apartheid to full democracy in South Africa. He is also professor emeritus of Public Management and Policy Studies at the Universities of Johannesburg and Stellenbosch. He has published numerous books, peer reviewed articles and other scholarly and popular contributions on different aspects of these topics.² He is a media commentator on public affairs as well. He is currently engaged in a critical assessment of various aspects of the political transition from apartheid to full democracy during the stormy period of the 1980s in South Africa.

¹ www.faniecloete.wordpress.com

² www.faniecloete.wordpress.com

Datums:

Ontvang: 2022-10-05

Goedgekeur: 2023-01-26

Gepubliseer: Junie 2023

ABSTRACT***The National Party's Machiavellian strategies for democratisation in the 1980s and 1990s in South Africa***

This contribution summarises and assesses the applicability of and application to modern global democratic practices of Niccolò Machiavelli's views about the theory and practice of political governance strategies during the Renaissance. Machiavelli focussed on how to promote transitions from feudal authoritarian and tyrannical governmental systems in his era to more stable, responsive and sustainable democratic governance systems. He developed a cogent and coherent governance approach during his career, from 1494 to 1512, as a senior strategic advisor, diplomat and official in the government of the "democratic" Republic of Florence. This approach was aimed at satisfying the main concerns and interests of the rulers as well as their subjects.

His proposals combined strategies to satisfy the needs and desires of the population through responsive public services and facilities, supported by strong military back-up interventions to quell resistance to and uprisings against governments. His recommended strategies included morally and ethically doubtful propaganda, disinformation, deflection and even outright lies and, as a last resort, murdering perceived opponents where necessary. These "cynical" strategies afforded Machiavelli a very negative historical and modern reputation as an immoral, unethical power-hungry opportunist.

Contemporary research into the driving forces behind different types of governance systems, however, is increasingly confirming the worldwide modern applicability and validity of these suspect practices of governments, including democratic governments. Machiavellian governance strategies remain "normal" democratic government practices today, although they are routinely disavowed. They include so-called "dirty hands" and "white lies" practices, which are not any different from behaviour alleged to be Machiavellian.

Machiavelli's influence on contemporary political practice can be illustrated by various examples in virtually all modern democracies. It is also illustrated by a number of National Party (NP) persuasion strategies in South Africa's transition from apartheid to democracy in the 1980s and 1990s, inter alia through the work and advisory involvement of international intellectual thought leaders on transitions such as Samuel Huntington and Philippe Schmitter. NP leaders and government units under PW Botha and FW de Klerk used various Machiavellian double-speak persuasion strategies, deflection and deliberate disinformation campaigns aimed at white voter constituencies in particular in order to mobilise support for their respective transformation agendas. They also reneged on a number of political undertakings. These strategies contributed to bring about the end of apartheid and to manage a relatively peaceful transition to a more democratic post-apartheid political dispensation.

Machiavelli's relevance to and influence on contemporary democratic politics have in fact been significantly underrated. Many of his views for which he has been ostracised in the past have proved to be "normal" democratic governance assumptions and practices to this day, despite the fact that their ethical nature may be questioned.

KEYWORDS: democratisation, disinformation, the end justifies the means, Huntington, Machiavelli, persuasion, policy change, Schmitter, transformation, transition

TREFWOORDE: beleidsverandering, demokratisering, disinformasie, die doel heilig die middele, Huntington, Machiavelli, oorgang, oorreding, Schmitter, transformasie

OPSOMMING

Hierdie artikel beoordeel die toepassing van “Machiavelliaanse” benaderings dat die doel die middele heilig, wat tussen 1980 en 1992 as redelik suksesvolle demokratiese politieke transformasie- en oorredingstrategieë deur die Nasionale Party (NP) regering in Suid-Afrika gevolg is. Dit het onder meer doelbewuste manipulasie van inligting en ondernemings wat nie gestand gedoen was nie, ingesluit. Die doel daarvan was om wit kiesers op verskillende wyses te probeer oorreed om op ’n vreedsame, demokratiese wyse afstand te doen van hul monopolie op politieke mag en gesag tot in daardie stadium.

Die suksesvolle, vreedsame konstitusionele oorgang van apartheid na volle demokrasie in Suid-Afrika tussen 1990 en 1996 kan deels toegeskryf word aan hierdie “onetiese Machiavelliaanse” politieke oorredingsprosesse van die NP. Dit het egter ook uiters negatiewe beoordelings uitgelok by konserwatiewe wit kiesers wat die leier van die NP op daardie tydstip, FW de Klerk, van disinformasie, misleiding, bedrog en selfs verraad teenoor die wit gemeenskap in die land beskuldig het. Hierdie negatiewe beoordelings bestaan steeds in baie van daardie kringe. Dit het egter groot meerderhede wit kiesers in die 1989-verkieping en die 1992-referendum oorreed om aan die Nasionale Party vae beginselmandate te gee om die finale tegniese besonderhede van ’n nuwe demokratiese politieke magsdelingsbedeling met swart bevrydingsbewegings te beding.

Machiavelli se Renaissance-denke word vyf eeue ná sy advies oor hoe om meer stabiele, responsiewe en volhoubare regerings te bedryf, as aanvaarde politieke optrede toegepas. Hierdie en ander vermeende “immorele” beïnvloedingstegniese en optrede deur staatsagente en staatsagentskappe word naamlik in hedendaagse demokrasieë paradoksaal steeds *de facto* as “normale” praktyke aanvaar.

1. Inleiding

Hierdie artikel beoordeel die toepassing van “Machiavelliaanse” die-doel-heilig-die-middele-benaderings wat tussen 1980 en 1992 gevolg is as redelik suksesvolle demokratiese politieke transformasie- en oorredingstrategieë binne die Nasionale Party (NP) regering (Giliomee, 2012:185-193). Die doel daarvan was om wit kiesers op verskillende wyses te probeer oorreed om, hoewel redelik teensinnig, op ’n vreedsame, demokratiese wyse afstand te doen van hul totale monopolie op politieke mag en gesag in Suid-Afrika tot in daardie stadium.

Die suksesvolle, vreedsame konstitusionele oorgang van apartheid na volle demokrasie in Suid-Afrika tussen 1990 en 1996 kan deels toegeskryf word aan die NP se politieke oorredingsproses, wat sterk “Machiavelliaanse” eienskappe gehad het. Dit het egter uiters negatiewe beoordelings uitgelok by konserwatiewe wit kiesers, wat die leier van die NP op daardie tydstip, FW de Klerk, van disinformasie, misleiding, bedrog en selfs verraad teenoor die wit gemeenskap in die land beskuldig het. Hierdie negatiewe beoordelings bestaan steeds in baie van daardie kringe (sien Ottaway, 1990; Roodt, 2020; Snyman, 2022).

Die oorsprong van “Machiavellianisme” word gekoppel aan die rol wat Niccolò Machiavelli gedurende die Renaissance in Europa gedurende sy betrokkenheid by die bedryf van die Republiek Florence en daarna (1494 tot 1527) gespeel het. Machiavelli se belangrikste standpunte vir doeleindes van hierdie beoordeling word vervolgens eerstens kortliks opgesom en herbeoordeel om die relevansie daarvan vir moderne internasionale demokratiserings-

prosesse te illustreer. Die belangrikste moderne veranderlikes wat politieke demokratisering³ beïnvloed, word daarna behandel. Dit sluit die aard en verskyningsvorme van politieke oorreding in, sowel as die bydraes van denkers soos Huntington, Schmitter en ander politieke transformasiespesialiste. Dit word gevolg deur ’n opsomming en beoordeling van hoe hierdie denke en prosesse gedurende die 1980’s in Suid-Afrika toegepas is en uitgespeel het.

2. Wat behels Machiavelliaanse denke?

Die begrip *Machiavelliaans* som die denke van Niccolò Machiavelli oor die staatkunde op. Machiavelli was tussen 1494 en 1512 ’n senior beampte, navorser, beleidsbeplanner, diplomaat, militêre strateeg, denker en adviseur oor die politiek en staatkunde in die demokratiese Republiek Florence (Mansfield, 2022). Die invloedryke outoritêre aristokratiese Medici-familie het egter in 1512 die Republiek Florence omvergewerp en daardie regering vir die soveelste keer met geweld oorgeneem. Machiavelli is van verraad beskuldig, gemartel en in ballingskap geplaas tot sy dood in 1527. Hy het ná omvattende navorsing tydens sy ballingskap (1512–1527), verskeie boeke geskryf waarin hy sy eie ervarings in die regering van Florence vergelyk het met die verskillende regeringstyle en benaderings wat opeenvolgende heersers van die Romeinse Ryk en van stadstate gedurende sy tyd in Europa toegepas het. Cloete (2023) ontleed en beoordeel Machiavelli se belangrikste gevolgtrekkings en aanbevelings vir “goeie” regeerkunde, terwyl Machiavellianisme deur Merriam-Webster (ongedateerd) beskryf word as –

the political theory of Machiavelli, especially the view that politics is amoral and that any means however unscrupulous can justifiably be used in achieving political power.

Ramsay (2012) verduidelik Machiavellianisme as –

associated with the doctrine of moral expediency and deviousness in political actions; the divorce of politics from private morality; and the justification of all political means, even the most unscrupulous when the interests of the state are at stake. Machiavellianism is generally interpreted as an immoral doctrine, and so is used as a term of reproach and dishonour. But Machiavelli’s arguments have also been seen as recognition of the realities of political life, and so some view Machiavellianism as amoral, objective, or descriptive, rather than immoral.

Machiavelli verduidelik in sy geskryfte sy gevolgtrekkings oor goeie en swak regeerpraktyke. Hy adviseer heersers dat hulle tussen goeie en bose optrede moet wissel om hulle houvas op mag op die lang termyn te behou en oor tyd te konsolideer. Hy beveel aan dat hulle nie moet terugdeins van die gebruik van defleksie, disinformasie, leuens en ander “onetiese” strategieë om stabiele, volhoubaar goeie bestuursdoelwitte te bereik wat die belange van sowel die heerser as sy onderdane bevredig nie. Hy het selfs die genadelose eliminisie (waar nodig)

³ *Demokratisering* word vir doeleindes van hierdie bydrae gekonseptualiseer soos Schmitter & O’Donnell (1988:8) dit doen, naamlik “...processes whereby the rules and procedures of citizenship are either applied to political institutions previously governed by other principles (e.g. coercive control, tradition, expert judgement, or administrative practice) or expanded to include persons not previously enjoying such rights and obligations (e.g., nontaxpayers, women, youth, ethnic minorities, foreign residents), or extended to cover institutions not previously subject to citizen participation (e.g. state agencies, military establishments, partisan organizations, productive enterprises, educational institutions etc.)”.

goedgekeur van halsstarrige rebelle wat die heerser se beheer oor sy samelewing ondermyn en destabiliseer, omdat die massas hul heersers net uit vrees of tevredenheid sal gehoorsaam en nie noodwendig uit lojaliteit nie. Cloete (2023) motiveer hoe en hoekom hierdie immorele advies van Machiavelli vertolk moet word binne die korrupte en gewelddadige feodale konteks waarin hy gelewe het. Machiavelli het egter in sy latere publikasies breedvoerig gemotiveer hoe 'n responsiewe republikeinse regering, ondersteun deur 'n sterk militêre vermoë wat prakties toegepas word, die stabielste en suksesvolste regeringsvorm kan wees, omdat dit 'n ewewig tussen burgerlike tevredenheid en vrees in die samelewing skep. Hy het op hierdie wyse hom redelik eksplisiet vereenselwig met die demokratisering van regeringsprosesse in sy tyd.

Die volgende afdeling beoordeel kortliks watter invloed Machiavelli se denke in moderne tye op huidige idees oor die demokratisering van meer outoritêre samelewings het. Dit word gevolg deur 'n beoordeling van die relevansie van Machiavelli in die oorgang van die outoritêre apartheidsstelsel in Suid-Afrika in die 1980's na die huidige meer demokratiese politieke stelsel.

3. Machiavelli en demokratisering in die moderne era

Verskeie beoordelings van die kompleksiteit en eienskappe van die oorgang van meer outoritêre politieke stelsels na meer demokratiese stelsels in die huidige moderne era is al sedert die laat 1960's wêreldwyd gedoen (bv. Huntington, 1968; Linz & Stepan, 1978; 1996; Schmitter, 1985; O'Donnell, Schmitter & Whitehead, 1986; Higley & Burton, 1989; Karl, 1990; Diamond, Linz & Lipset, 1995; Kelman, 2005; Biekart, 2015; Diamond, Fukuyama, Horowitz & Plattner, 2014; Pop-Eleches & Robertson, 2015; Croissant & Haynes, 2015; Carothers, 2018).

Hierdie navorsers identifiseer almal verskeie faktore wat moderne demokratiserings vergemaklik of bemoeilik. Hulle bou almal implisiet of eksplisiet voort op Machiavelli se analyses uit die Renaissance-era. Philippe Schmitter, die belangrikste intellektueel in sowel die demokratiese transitologie- as die konsolidologiesdenkskool (Schmitter & Karl, 1994), het die mees indringende analyses en beoordelings tot dusver gedoen van die rol en toepassing van Machiavelli in die moderne wetenskap van demokratisering (Schmitter, 1985), sowel as van die faktore wat demokratisering in verskillende politieke kontekste, onder meer in Afrika, beïnvloed (Schmitter & Sika, 2017). Die invloed van Machiavelli se denke in hedendaagse internasionale demokratisering word vervolgens opgesom as agtergrond vir 'n beoordeling van sy rol in die Suid-Afrikaanse oorgang na demokrasie in die 1980's en 1990's.

Groot of betekenisvolle samelewingsverandering geskied selde deur konsensus onder alle lede van daardie samelewing (Olivier, 1984; O'Donnell, Schmitter & Whitehead, 1986; Cloete, 2018). Wesentlike politieke transformasie⁴ in 'n samelewing is normaalweg 'n baie onstuimige en dikwels selfs traumatiese, gewelddadige proses. Dit verbeter of verswak die verskillende belange van uiteenlopende individue en belangegroepes in daardie samelewing beduidend, soos Machiavelli in sy Renaissance-analises reeds aandui (Schmitter, 1985; Olivier, 1984:168). Populêre moderne voorbeelde hiervan sluit in die oorlog tussen die Amerikaanse kolonies en Brittanje, wat gelei het tot die onafhanklikwording van die Verenigde State van Amerika in 1776, die Franse demokratiese rewolusie in 1789 en die Marxistiese Rewolusie in 1917 in Rusland. Verdere onlangse gevalle is die dramatiese politieke vervanging van eksterne wit

⁴ Politieke transformasie word vir doeleindes van hierdie bydrae as substantiewe of wesentlike verandering in die karakter van 'n regering of samelewing beskou.

koloniale beheer in Indië in 1947, Rhodesië in 1980, en Suid-Afrika in 1994 deur moderne postkoloniale, interne, veelrassige demokratiese regerings.

Die verswakking en ontmagtiging van die voorheen heersende politieke elites, en die oordrag van hulle mag en ander *status quo ante*-voordele na, of die deel daarvan met, 'n nuwe inkomende groep elites wat gewoonlik hulle tradisionele inheemse opposisie was, is normaalweg 'n bitter pil vir die uitgaande magsgroep om te sluk. Dit gaan daarom dikwels gepaard met aktiewe vreedsame, maar soms ook gewelddadige, weerstand deur die uitgaande magsgroep teen hierdie waargenome gedeeltelike of volledige ontmagtigingsproses (Huntington, 1968; Linz & Stepan, 1978; Przerworski, 1988; Duvenhage, 1994).

Een van die belangrikste veranderlikes wat die sukses of mislukking van enige regeringstelsel bepaal, veral die oorgang van 'n outoritêre na 'n demokratiese regering, is dus die graad van aanvaarding van die nuwe stelsel of van die transformasieproses deur sowel die uitgaande as die inkomende magsgroepe, soos Machiavelli ook aangedui het (Schmitter, 1985). Dit is in hedendaagse moderne demokrasieë selfs meer geldig as in Machiavelli se tyd, en beïnvloed die legitimiteit, konflikpotensiaal en stabiliteit van die bestaande en/of nuwe regering (Schmitter, O'Donnell & Whitehead, 1986; Karl, 1990; Pop-Eleches & Robertson, 2015; Carothers, 2018). Die gekonsolideerde demokrasieë van huidige meer ontwikkelde samelewings berus normaalweg op 'n redelik stabiele politieke kultuur met breë konsensus tussen feitlik alle politieke partye en bewegings dat politieke mededinging vreedsaam moet geskied op grond van ooreengekome demokratiese spelreëls in die vorm van 'n skriftelike of ongeskrewe grondwetlike raamwerk (Schmitter, 1994). Sowel die uitgaande as die inkomende magsgroepe aanvaar gewoonlik die beginsel van 'n grootliks vreedsame onderhandelde skikking en berus hulle dan by die gevolge en resultate van hierdie prosesse (Zartman, 1988; Karl, 1990; Diamond, Linz & Lipset, 1995; Linz & Stepan, 1996; Fukuyama, 2011; 2014).

Indien een of meer van hierdie politieke belangegroepe egter nie bereid (of nie meer bereid) is om die betrokke reëls van onderhandeling of die politieke spel daarna te aanvaar nie, destabiliseer dit die politieke proses en kan dit maklik tot uitgerekte gewelddadige konflik lei. Gedurende die eerste paar maande van 2022 was pres. Trump van die VSA se weiering om die geldigheid van die 2020-verkieping te aanvaar byvoorbeeld steeds 'n belangrike vraagstuk in daardie land, terwyl pres. Poetin van Rusland se weiering, deur sy gewelddadige besetting van Oekraïense grondgebied, om die ooreengekome internasionale spelreëls in verband met die soewereiniteit van lidlande van die Verenigde Nasies (VN) te aanvaar nog 'n geval is. Die Noord-Ierse Demokratiese Unionisteparty (DUP) het ook geweier om hulle jarelange politieke opponent, die Katolieke Sinn Féin-party, se oorwinning in die 2022-verkieping in daardie streek te aanvaar. Hierdie ontwikkelende politieke geskille hou die potensiaal van hernude gewelddadige konflikte in goed gekonsolideerde demokratiese stelsels in en illustreer hoe maklik gevestigde demokratiese spelreëls deur ontevrede minderheidsgroepe bevraagteken of verwerp kan word.

Substantiewe politieke transformasie en veral demokratisering in minder ontwikkelde samelewings wat 'n lang geskiedenis van etniese konflik en min demokratiese toleransie en samewerking het, lei dikwels tot geweld deur voor- en teenstanders van sulke veranderinge, na gelang hulle probeer om so min moontlik mag en ander voordele te verloor of om soveel moontlik mag en ander voordele te probeer kry (Huntington, 1968:142; Bekker, 1974; Olivier, 1984:176; Duvenhage, 1994). Demokratisering in sulke samelewings is dus normaalweg redelik onstuimige prosesse.

Samuel Huntington, een van Machiavelli se mees invloedryke moderne ondersteuners, het in die laat 1960's gepoog om die vraag te beantwoord hoe samelewings op 'n redelik

vreedsame en konstitusionele wyse kan demokratiseer (Huntington, 1968). Vir hierdie doel het hy 'n omvattende analise en beoordeling gedoen van die standpunte van die belangrikste denkers en navorsers oor hierdie onderwerp, asook van empiriese voorbeelde van wat in die geskiedenis van sowel tradisionele feodale as moderne samelewings gebeur het. Huntington stem met Machiavelli saam dat die volgende strategieë van hervormers belangrik vir sukses is (1981a:17):

(t)he reform leader must ... be able to inspire confidence and provide some measure of charismatic leadership, while at the same time having the political ability and adaptability to engage in log-rolling and back-scratching, to shift allies and enemies from one issue to the next, to convey different messages to different audiences, to sense the eddies and tides of public opinion and time his actions accordingly, and to hide his ultimate purpose behind his immediate rhetoric.

Huntington (1968:347-355) en Schmitter (1985) steun ook Machiavelli se beklemtoning van hoe moeilik dit is om 'n nuwe volhoubare politieke orde met nuwe magshebbers op 'n vreedsame wyse tot stand te bring. Hulle steun Machiavelli se gevolgtrekkings dat demokratiseerders weerstand teen hervorming kan verminder deur die gebruik van sulke en ander strategieë en terselfdertyd steun vir demokratisering so kan vergroot (Huntington, 1991:137; Schmitter, 1985). Huntington identifiseer onder meer spesifiek die tegniek van omgekeerde legitimiteit ("*backward legitimacy*"). Dit behels die politieke legitimering van die beoogde nuwe orde deur dit nie as 'n nuwe bedeling te sien nie, maar dit te motiveer as 'n logiese uitvloeisel van die bestaande legitieme orde wat veerkragtig reageer om noodsaaklike veranderinge te akkommodeer in die lig van nuwe omstandighede. Sodoende word die voortsetting van die bestaande orde ook terselfdertyd gedelegitimeer omdat dit verouderd is en nie meer so toepaslik is as in die verlede nie (Huntington, 1991:138; Duvenhage, 1994:311). Die NP het dit in die 1980s en 1990s in Suid-Afrika inderdaad ook so gebruik.

Hierdie en ander tegnieke van vreedsame politieke transformasie berus almal op die moderne toepassing van Machiavelli se empiriese waarnemings en gevolgtrekkings. Die kontemporêre relevansie daarvan word empiries deur Huntington en ander navorsers soos Schmitter en die ander lede van die transitologie- en die konsolidologieskool (Schmitter & Karl, 1994) oor hierdie onderwerp gestaaf.

4. Die rol van Machiavelliaanse manipulasie, defleksie en disinformasie in politieke oorreding

Die oorreding van mededingende magsgroepe om verskille vreedsaam te probeer besleg deur effektiewe onderhandelinge tussen die betrokke partye is 'n belangrike strategie om konflik sover moontlik te probeer vermy of te verminder, sodat 'n relatief vreedsame en stabiele regeringstelsel kan konsolideer, of sodat die oorgang na 'n nuwe demokratiese bedeling redelik vreedsaam en stabiel kan geskied. Vir doeleindes van die res van hierdie bydrae word verder net gefokus op die gebruik van doelbewuste manipulerings, defleksie, misleiding of disinformasie wat onkrities as die-doel-heilig-die-middele-instrumente gebruik word om gewenste politieke doelwitte te bereik. Dit behels die kern van die begrip *Machiavelliaans*, soos reeds hier bo aangedui is (Ramsay, 2012; Seale, 2018; Zuckert, 2018).

Die belangrikste tradisionele oorredingsbenaderings en veranderingstegnieke wat oor tyd meer bewese sukses met politieke beleidsverandering gehad het, kan as volg geïdentifiseer en geïllustreer word:

- Die bevordering van gedeelde persepsies by mededingende partye dat 'n wedersyds nadelige langtermyn-doeipunt- of -skaakmatsituasie in bestaande konflikpatrone geld, en dat 'n vreedsaamer, onderhandelde skikking in almal se belang is en voordeliger sal wees as die bestaande konflik (Zartman, 1988).

Voorbeelde hiervan sluit in die wedersydse bereidwilligheid van al die partye in die Noord-Ierse konflik tussen Katolieke en Protestante om die gewelddadige skaakmat-oorlogsituasie wat in 1973 bestaan het, destyds op te skort ten gunste van 'n meer vreedsame politieke onderhandelingsproses. Dit was ook die wedersydse gevolgtrekkings van die NP en die African National Congress (ANC) gedurende 1989-90, hoewel om verskillende redes. Hulle het naamlik wedersyds besef dat die voortduur van 'n doeipunt in die uitgerekte gewapende konflik oor politieke regte vir swart Suid-Afrikaners meer nadele as voordele vir hulle onderskeie belangegroepes inhou, gegewe die moontlikhede en voordele van 'n meer vreedsame onderhandelde skikking (McGarry, 1998:853; Waldmeir, 1997; Pahad, 2013; Maharaj & Jordan, 2021).

- 'n Bereidheid tot bemiddelde en/of direkte onderhandelinge by die belangrikste mededingende groepe/faksies, al is dit teensinnig.

Dit was die uiteindelijke besluite deur al die partye wat aan die Suid-Afrikaanse politieke onderhandelinge gedurende hierdie tydperke deelgeneem het.

- Die volgende strategiese en taktiese beklemtonings van verskillende ooredingsnuanses deur bemiddelaars teenoor verskillende partye (Huntington, 1968:352-356; Schmitter & Karl, 1994):

- Aan die een kant die minimalisering/delegitimering, by teenstanders van verandering, van die nadele van beleidsverandering en toegewings, en die gelyktydige maksimalisering/legitimering van die alternatiewe voordele van verandering, veral op 'n vreedsame, onderhandelde wyse, by die uitgaande magsgroep.

'n Voorbeeld van sulke voordele wat beklemtoon is by NP-lede in Suid-Afrika wat verandering teengestaan het, was meer politieke stabiliteit en internasionale erkenning en die finansiering van 'n onderhandelde skikking in plaas van die voortsetting van ernstige politieke onrus en geweld sowel as van finansiële verliese en tekorte as gevolg van 'n apartheidsbeleid waarvan die ontoepasbaarheid al hoe duideliker geword het.

- Aan die ander kant, 'n soortgelyke maksimalisering/legitimering van die voordele van 'n vreedsame skikking vergeleke met die voortsetting van 'n uitgerekte gewelddadige konflik, en die gelyktydige minimalisering van die nadele van 'n vreedsame skikking wat moontlik toegewings sal inhou, by die opponerende magsgroep wat verandering eis.

Dit was nodig vir die verteenwoordigers van die potensiele swart kiesers in Suid-Afrika, wat getalsgewys in die meerderheid was, wat duidelik in hul strewe na demokratiese politieke regte die meeste internasionale steun gehad het, en wat kon bekostig om tydelike of permanente toegewings teenoor die klein wit minderheidsgroep te maak.

- Die afwisseling deur magshebbers van geleidelike klein aanpassings met skielike wesentlike veranderinge (Huntington, 1968:344; Olivier, 1984:186; Schmitter, 1985; Duvenhage, 1992). 'n Voorbeeld van eersgenoemde is die geleidelike verslapping of die nietoepassing van kontroversiële apartheidsmaatreëls soos instromingsbeheer en

die Ontugwet oor baie jare in Suid-Afrika, wat eers, toe die tyd daarvoor ryp geag is, in 1984 volledig afgeskaf is. Dit kan gekontrasteer word met die skielike ommeswaai in beleid wat FW de Klerk in 1990 teweeggebring het toe hy die lankstaande weiering van die NP om verbanne swart bevrydingsbewegings te erken en direk met hulle oor magsdeling te onderhandel, uit die bloute laat vaar het sonder om sy kiesers daarvoor te raadpleeg.

- Toegewings oor kleiner, perifere konfliktpunte voordat belangriker, meer simboliese of beginselvraagstukke aangepak word (Huntington, 1991). Dit het in Suid-Afrika gebeur deur die meer pragmatiese toepassing of nietoepassing van die Groepsgebiedewet en verbodinge op veelrassige persoonlike verhoudings gedurende die 1980s, terwyl die wetgewing rakende rasseklassifikasie en Groepsgebiedewet op die wetboek langer behou is, al is dit vir alle praktiese doeleindes nie meer toegepas nie.

Hierdie en ander aanvullende benaderings tot en strategieë van politieke oorreding (Druckman, 2022; Perloff, 2013, 2003; Petty, Wheeler & Tormala, 2003) berus almal in mindere of meerdere mate op defleksie (Anderson & Zanardi, 2009; Cwalina, Falkowski & Newman, 2015), met ander woorde, op selektiewe beklemtonings van situasies, sake of vraagstukke wat die subjektiewe of normatiewe doelwit van die argument sover moontlik op verskillende wyses by verskillende gehore probeer bevorder. Defleksie is een vorm van propaganda, wat op sigself 'n spesifieke tipe oorredingstegniek is. Dit is nie vreemd by politieke gedrag nie, maar 'n normale eienskap van menslike interaksie waardeur aandag om verskillende redes doelbewus weggelei word van een fokus na 'n ander fokus deur 'n subtieler of minder subtiele beklemtoning van verskillende aspekte of prioriteite by verskillende gehore (Anderson & Zanardi, 2009).

Die doelwit van defleksie as propagandategniek is om die bestaande of potensiële weerstand teen 'n standpunt, strategie of optrede sover moontlik te probeer verminder of uit te skakel (Mattingly & Yao, 2022; Baines, O'Shaughnessy & Snow, 2019; Welch, 2014). Daarom word die negatiewe implikasies van besluite en optredes onderspeel of ontken, terwyl die positiewe implikasies daarvan vergroot of oorspeel word. Sekere verskyningsvorme van hierdie propagandabenedering word ook as beeldpoetsery (*spin*) en deesdae ook as fopnuus getipeer, terwyl reklame/ kommunikasiebeamptes as beeldpoetsers (*spin doctors*) beskou word (Esser, 2008; Sharlamanov & Jovanovski, 2016; Vilajoana-Alejandre & Aira, 2019).

Defleksie is 'n algemeen aanvaarde politieke propagandategniek wat kan wissel van doelbewuste klein aanpassings aan inligting, byvoorbeeld deur die oorbeklemtoning van sekere aangeleenthede en die onderbeklemtoning van ander; verswyging of verdraaiing van feite, met ander woorde halwe waarhede, maar essensieel steeds feitelik korrek, tot blatante disinformasie, misleiding en selfs blatante leuens (Jowett & O'Donnell, 2018; Baines, O'Shaughnessy & Snow, 2019; Marlin, 2013). Huntington (1968:352-356) steun Machiavelli se beklemtoning van die nut van hierdie strategie vir politieke oorredingsdoeleindes deur te verwys na onder meer die suksesvolle toepassing van doelbewuste misleiding deur Mustafa Kemal Atatürk, wat bygedra het tot die politieke transformasie van die antieke Ottomaanse Ryk tot die huidige sekulêre Republiek Turkye.

Die etiek van propaganda – veral in die ernstiger verskyningsvorme daarvan, soos doelbewuste disinformasie, misleiding en leuens – word deur sommige demokratiese teoretici bevraagteken (Marlin, 2013; Cunningham, 2002; Walton, 1997). Wat eties of oneties is, is egter eerstens 'n normatiewe vraag wat uiteenlopende antwoorde kan hê as gevolg van persoonlike en kulturele verskille. Dit word geïllustreer deur die stelling van oudpres. Jacob Zuma in 'n beëdigde verklaring deur hom as verweer teen aanklagte van korrupsie in die

wapenskandaal teen hom, dat “... corruption is a Western thing ...” (News24, 2014). En wat byvoorbeeld vir een persoon ’n terrorist is, is ’n vryheidsvegter vir ander; dit hang af daarvan of mens met die doelwitte in styl van optrede saamstem of nie.

Sogenaamde “onetiese” optredes is verder wesentlike eienskappe van die werksaamhede van alle sekuriteits- en intelligensiedienste. Dit is vanuit ’n magspolitiese perspektief ook ’n integrale deel van sekere politieke besluite en handelinge, soos Machiavelli in sy tyd reeds uitgewys het. Die gebruik van klandestiene taakgroepe in die Suid-Afrikaanse sekuriteitsdienste wat gebruik is om binnelandse opponente van die Christelik-nasionale NP-regering doelbewus en sistematies te saboteer en te elimineer, illustreer die strategie. Dit word ook steeds as normale praktyk aanvaar deur ondergrondse regeringsorganisasies soos die CIA en ander intelligensie- en sekuriteitsagentskappe in demokratiese state (Perkins, 2016).

Hoewel kontroversieel, word die instrumentele gebruik van oorredingstrategieë soos defleksie – insluitende die meer ekstreme vorme daarvan, soos openlike disinformasie, misleiding en leuens – dus beskou as ’n “normale” deel van politieke oorreding en gedrag, selfs binne liberaal-demokratiese regerings (Lukes, 2006; Curzer, 2006; Nick, 2019). ’n Ander toepaslike illustrasie hiervan is ook sekere regsargumente in die regstelsel. Hofbetoë ten gunste van of teen ’n bepaalde feite- of regspunt in ’n regsdispuut berus inherent op defleksie. Prokureurs en advokate oorbeklemtoon doelbewus die faktore wat hulle kliënte se belange steun en onderbeklemtoon of verwerp doelbewus argumente wat hulle kliënte se belange ondermyn. Dit behels retoriese en emosionele speletjies wat deur regspraktisyns gespeel word (Marasco, 2022; Conway & Stannard, 2019; Vidor, 2017) en as normale praktyk binne die liberale demokratiese etiek aanvaar word, selfs al is die betrokke prokureur of advokaat bewus daarvan dat sy kliënt nie die waarheid praat nie, of skuldig is.⁵ Die feit dat sowel “etiese” as “onetiese” optrede normaalweg wesentlik inherente eienskappe van politieke gedrag is, is dus paradoksaal. Dit kan in hierdie konteks ook strategiese dubbelsinnigheid (*strategic ambiguity*) genoem word (Paul & Strbiak, 1997; Eisenberg, 2007). Dit behels verskuilde teenstrydige beleidsrigtings of programme wat – agter die skerms of werklik – die teenoorgestelde doelwitte het as wat openlik erken word.

Die amptelike beleid van die VSA teenoor China en Taiwan behels byvoorbeeld dat die VSA net een verenigde China erken, maar tog openlik voortgaan om Taiwan as ’n *de facto*-afsonderlike nasionale staat te beskou wat ’n *de facto*-ambassade en selfs ’n militêre basis op die eiland het (Goldstein, 2021). Ander, meer ekstreme voorbeelde hiervan is vertroulike of geheime programme wat teenstrydig met verklaarde beleid is, soos pres. Poetin se eksplisiete ontkenning (leuen) dat hy al lank beplan om Oekraïne binne te val, kort voordat dit in Maart 2022 wel gebeur het. Dit sluit ook in historiese militêre operasies deur die CIA en die VSA se weermag om Fidel Castro om die lewe te bring of Kuba tydens die Kubaanse missielkrisis in 1962 en daarna in te val (*The Guardian*, 2016). Ander voorbeelde hiervan is ekonomiese manipulasie van die Derde Wêreld deur geheime agentskappe in die Amerikaanse staatsmasjinerie (Perkins, 2016), die marteling van gevangenes deur staatsagente in liberale demokratiese lande (Lukes, 2006), en die Britse regering se geheime propagandaveldtog teen visepres. Oginga Odinga van Kenia in die 1960’s (Oliver & Gilby, 2022).

Machiavelli het reeds hierdie paradoks in die regeringstelsels van sy tyd geïdentifiseer. Sy magspolitiese benadering het egter veroorsaak dat hy dit, as gevolg van sy siniese vertolking van menslike prioritisering van eiebelang, bloot aanvaar het en dit net so effektief moontlik

⁵ Hierdie outeur is onder andere ook ’n voormalige Senior Staatsaanklaer en is in 1974 as advokaat in die Kaapse Hooggeregshof toegelaat.

probeer akkommodeer en bestuur het. Hierdie uitgangspunt van Machiavelli het grootliks bygedra tot die negatiewe reputasie wat hy in die loop van vyf eeue oor die teorie en praktyk van demokrasie verwerf het. Mansfield vertolk sy standpunt so:

... a republic must be both opposed and receptive to tyranny. To preserve its liberty it must stand by its laws and its constitution; to survive, it must be willing to forego them. (Mansfield in Machiavelli, 1996:xxx)

Walzer (1973) beskou hierdie verskynsel as die eienskap van “vuil hande” (*dirty hands*) in enige politieke stelsel. Nick (2019:8) beweer dat

... (n)o matter how good a politician’s intentions are, politics will confront her with situations in which she will be forced to get her hands dirty.

Ramsay (2012) verduidelik hoe moderne skrywers die benadering dat die doel die middele heilig, uit Machiavelli se denke daaroor regverdig:

Contemporary writers grappling with the problem of the need for ‘dirty hands’ in politics see in Machiavellianism a justification for a morality appropriate to political actions, different from principles that govern private life. Machiavelli’s enduring contribution to political thought and practice is the remarkably resilient idea that politics involves the transcendence or violation of ordinary moral principles; that fraud, force, lies, and violence are justified because they are necessary for political success.

Hierdie feitlike aspek van politieke gedrag deur die eeue het waarskynlik aanleiding gegee tot onder meer die wydverspreide persepsies in die openbare leksikon dat politiek “vuil” is. Curzer (2006) argumenteer egter dat die-doel-heilig-die-middele-benadering tot andersins onaanvaarbare, immorele politieke of administratiewe gedrag tog in sekere omstandighede in demokratiese regerings aanvaarbaar is. Selfs marteling om noodsaaklike inligting te bekom is aanvaarbaar as die doel daarvan moreel geregverdig kan word, byvoorbeeld in noodsituasies waar die lewens van baie mense daardeur gered kan word (Parrish, 2007; Lamus, 2016). Soos Machiavelli beklemtoon Weber ook die belangrikheid van sterk leierskap in goeie regeerpraktyk, en aanvaar hy dat dit soms “vuil hande”-strategieë kan impliseer (Walzer, 1973; Ramsay, 2012).

Meer idealistiese denkers oor die politiek bied egter sterk weerstand teen die aanvaarding van hierdie “immorele” praktyke as “normale” demokratiese praktyke. Hulle voel meer gemaklik om die utopiese, “morele” Aristoteliaanse politieke stelsel na te streef (sien bv. Nick, 2019; Tillyris, 2015; Coady, 2014). Dit is egter ’n ope vraag of Machiavelli se politieke realisme nie meer akkurate perspektiewe bied op die kompleksiteit van moderne regering nie, waar vryheid van spraak en ’n voorkeur vir vreedsame oplossing van geskille byvoorbeeld een van die sterkpunte maar terselfdertyd ook een van die grootste swakhede van demokratiese regerings is. Soos in Machiavelli se tyd is daar in die meeste gevalle steeds wesentlike verskille en teenstrydighede tussen die openlik verklaarde beleid van Westerse demokratiese regerings en die verskuilde agendas wat hulle nastreef, soms deur immorele strategieë, soos hier bo reeds aangedui is. Dit kan in die gewone omgangstaal ook as “wit leuens” beskryf word, wat geregverdig word as minder skadelik vir toekomstige verwickelinge as wat die ware feite sou wees.

Verskeie standpunte en handelinge gedurende die 1980’s en vroeë 1990’s binne die NP in pogings om demokratisering in Suid-Afrika te vergemaklik, kan waarskynlik so verklaar word. Dit word verder ontleed in die volgende afdeling.

5. “Machiavelliaanse” politieke beleidsverandering in Suid-Afrika

Vanuit die liberale humanitêre waardestelsel wat sedert 1948, toe die NP in Suid-Afrika aan bewind gekom het, deur die VN ontwikkel en toegepas is, was apartheid wêreldwyd duidelik onaanvaarbaar. Mettertyd het dit tot al hoe groter ideologiese, kulturele en politieke skeurings in Afrikanergeleedere bygedra. Dit het in die denke van baie progressiewe wit kiesers in Suid-Afrika sedert die middel 1970's begin blyk uit 'n toenemende verlies aan vertroue in en uit die delegitimering van apartheid as raamwerk vir wit oorlewing en groei.

Enkele leiersfigure in die NP het gedurende die 1970s reeds begin besef dat die rigiede skeidingsplanne en -maatreëls wat toe tussen wit en ander rassegroepe in die land bestaan het en waarvan 'n nog strenger toepassing in die vooruitsig gestel is, aangepas moes word (Cloete, 2021). Hulle was egter huiwerig om hulle ondersteuners so in te lig. Die hoofrede daarvoor was dat hulle geen duidelikheid gehad het oor watter alternatiewe politieke model, indien enige, enersyds die sterk strewe van die klein minderheidsgroep wit kiesers na volledige selfbeskikking oor Afrikanerbelange en andersyds die toenemende aandrag van die ander rassegroepe op effektiewe politieke regte wat direk in stryd met daardie Afrikanerdoelwit was, sou kon bevredig nie. Enige effektiewe aanpassing van beleid met hierdie doel sou per definisie die magsverhouding tussen die wit en ander rassegemeenskappe verander. 'n Toename in politieke mag vir Indiër-, bruin en swart gemeenskappe sou naamlik onvermydelik 'n onaanvaarbare vermindering in finale politieke beheer deur wit kiesers noodsaak (Cloete, 2019; 2020).

Die NP se grootste dilemma in die 1980's was hoe om die party se beleid in daardie laat stadium te verander ten einde dit wel moontlik te maak sonder om wit selfbeskikking en politieke beheer in gevaar te stel en daardeur te veel behoudende kiesers te verloor. Een van die strategieë wat gevolg is, was 'n sterk Machiavelliaanse benadering wat onder meer politieke manipulasie, disinformasie en defleksie ingesluit het. Hierdie strategieë het redelik suksesvolle gevolge gehad gedurende twee spesifieke tydperke wat die oordrag van politieke mag aan die ANC in 1994 voorafgegaan het. Die eerste periode waarin Machiavellianisme sterk gefigureer het, was in die 1980's onder PW Botha en Chris Heunis se leiding. Die tweede was onder die leierskap van FW de Klerk gedurende 1990 tot 1994. Hierdie twee periodes word opeenvolgens beoordeel.

5.1 *Heunis en Staatkundige Beplanning in die 1980's*

Strategiese belangegroepe binne die NP-regering wat die opdrag van die beplanning van en onderhandelinge oor politieke beleidshervorming gehad het, het besef dat 'n subtiele strategie van oorreding van politici en uiteindelik ook die NP se wit kiesers om hierdie aanpassings in hulle eie belang in beginsel te aanvaar, 'n noodsaaklike voorvereiste vir sukses was. Die belangrikste rede hiervoor was dat wit vrese vir oorheersing en geweld deur die swart meerderheid, wat letterlik eeue lank deur die wit gemeenskap in die land onderdruk en beperk is, in daardie stadium 'n emosionele oorlewingsang by hulle veroorsaak het, wat nie maklik oorkom kon word nie (Seo, 2008; Jonker, 2009; De Bruyn & Wessels, 2009). 'n Komplekse politieke beplannings- en oorredingsproses wat gemik was op die minimalisering van bestaande wit vrese vir oorheersing en die maksimalisering van die voordele van beperkte politieke magsdeling, sowel as die nadele van weiering om aan te pas, is derhalwe vroeg in 1980 deur die NP-regering van stapel gestuur. Hierdie aktiwiteite het soms eksplisiete “Machiavelliaanse” elemente ingesluit, onder meer om die redes wat tot dusver genoem is.

In 1980 is verskeie beleidsbeplannings- en advieseenhede in die Kantoor van die Eerste Minister geskep om beleidsformulering en implementering op staatkundige, sekuriteits-, maatskaplike, ekonomiese, fisiese en wetenskaplike terrein te verbeter. Die eenhede is saamgestel uit gespesialiseerde akademici en navorsers uit hierdie verskillende sektore (Cloete, 1988; Van Rooyen, 1981). Die opdrag van die Hoofdirektoraaat Staatkundige Beplanning (HSB) was om navorsing te doen en die regering te adviseer oor hoe om die staatkundige doelwitte van die verskillende rasse- en etniese groepe in Suid-Afrika tot tevreedenheid van almal te realiseer sonder om die beheer wat die wit bevolkingsgroep as rasseminderheid op daardie tydstip oor die Suid-Afrikaanse regering en op alle vlakke oor hulle lewens gehad het, en selfbeskikking wat hulle geniet het, te verswak (Du Plessis, 1980; 1983).⁶

Die NP se verklaarde politieke transformasiedoelwitte het 'n reeks beginsels in die vorm van 'n sogenaamde Twaalfpuntplan en 'n reeks Staatkundige Riglyne⁷ ingesluit wat verskillende elemente bevat het om die verskillende rassegroepe te probeer gerusstel dat die NP hulle uiteenlopende, dikwels teenstrydige belange ernstig oorweeg (Botha, 1982). Die HSB was veronderstel om beleidsvoorstelle aan die kabinet te maak oor hoe om hierdie teenstrydige doelstellings “binne die raamwerk van bestaande (apartheids-)beleid” te probeer bereik (Botha, 1979, 1982; Du Plessis, 1980, 1983). Dit was egter in beginsel onmoontlik om te doen, omdat die wit bevolking in die land 'n totale monopolie op regeringsgesag gehad het, en die ander rassegroepe ook dieselfde politieke regte wou uitoefen. Enige verandering aan hierdie bestaande ras-gesag-verhouding sou dus die magsposisie van die wit gemeenskap negatief beïnvloed. Verder het die bestaande NP-beleid enige vorm van magsdeling tussen die wit en ander rassegroepe in beginsel verwerp.

Die HSB het hierdie onmoontlike opdrag probeer uitvoer deur sistematiese navorsing te doen (May, 1981) oor hoe effektief soortgelyke probleme tot op daardie tydstip elders hanteer is, watter moontlike beleidsveranderings in Suid-Afrika oorweeg sou kon word om naastenby te probeer voldoen aan die Twaalfpuntplan, en wat die implikasies van elke moontlike beleidsopsie sou wees (Breytenbach, 1982; Cloete, 1984, 1991, 1992). Die beoordeling van staatkundige beleidsopsies het ook onder meer voordele, nadele en risiko's probeer identifiseer. Hierdie beleidsopsies het doelbewus 'n omvattende reeks moontlikhede ingesluit, van totale rasse-integrasie en universele stemreg vir elke Suid-Afrikaanse burger, ongeag afkoms, kleur of agtergrond, aan die een kant, tot die behoud van die bestaande apartheidsbeleid, aan die ander kant. Daardeur is die besluit oor wat om te doen, aan die politieke beleidmakers in die NP oorgelaat (Cloete, 2022b). Hulle is bloot gekonfronteer met verskillende moontlikhede en die belangrikste gevolg van elkeen, sodat hulle ingeligte besluite kon neem.

Die omvattende aard van wit dominasie in die apartheidstelsel, en die weiering van sekere senior NP-leiers om selfs 'n geringe graad van politieke mag af te gee, het tot intense onderlinge meningsverskille in die kabinet gelei. Dit het tussen 1985 en 1989 uiteindelik binne die regering 'n feitlik totale verlamming in die politieke besluitnemingsproses oor hierdie saak veroorsaak (Cloete, 2019, 2020). Meer gematigde ministers (insluitende veral Chris Heunis, Pik Botha,

⁶ Hierdie skrywer was van Januarie 1981 tot Julie 1989 verbonde aan die HSB, en tussen 1984 en 1989 aan die hoof daarvan.

⁷ Die fokus van hierdie bydrae en die beperkte ruimte wat beskikbaar is vir hierdie doel, sluit 'n verduideliking en beoordeling van die inhoud van die Twaalfpuntplan, die regering se Staatkundige Riglyne en die verskillende beleidsopsies en strukturele en funksionele meganismes om uitvoering daaraan te probeer gee, uit. Dit is reeds breedvoerig hanteer deur onder andere Departement van Buitelandse Sake en Inligting (1982); Prinsloo (1997) en Giliomee (2012).

Dawie de Villiers en Barend du Plessis) was in hierdie tydperk ten gunste van politieke magsdeling oor sake van gemeenskaplike belang vir sowel wit as Indiër-, bruin en swart gemeenskappe in die land. Daarenteen het meer behoudende ministers enige suggestie van 'n moontlike verslapping van finale wit beheer oor politieke besluitneming heftig in beginsel teengestaan (veral PW Botha, FW de Klerk, Louis le Grange en Kobie Coetsee).⁸ Heunis, die minister in beheer van die HSB, en sy beleidsbeplanners het daarom subtiele strategiese oordingsprosesse ontwerp wat dikwels eksplisiete Machiavelliaanse elemente bevat het.

Hierdie oordingsstrategieë het onder meer die tipiese eienskappe ingesluit van Machiavelliaanse defleksie, wat vroeër opgesom is. Dit het byvoorbeeld die bestaande apartheidsbeleid polities probeer delegitimeer teenoor sowel ondersteuners as teenstanders van verandering deur die nadele, swakhede, teenstrydighede en toekomstige probleme daarmee te beklemtoon. Dit het terselfdertyd die sterk punte van alternatiewe, moontlik nuwe beleidsvoorstelle vir verskillende grade van selfbeskikking en magsdeling polities probeer legitimeer by veral die faksie binne die regering wat teenstand gebied het, deur te fokus op die voordele wat beleidsverandering op verskillende terreine sou inhou (Heunis, 1981, 1984). Dit is gedoen deur onder meer te beklemtoon dat hierdie aanpassings nie wesentlike afwykings van bestaande beleid was nie, maar bloot 'n logiese ontwikkeling en uitbreiding van beleidsaanpassings wat reeds sedert die 1970's deur opeenvolgende NP-kongresse goedgekeur en deur die kabinet as amptelike beleid aanvaar is (defleksie). Hierdie oordingsstrategieë is aanvanklik nie goed deur die behoudende faksie in die kabinet ontvang nie, en het tot die reeds genoemde grootskaalse besluitnemingsverlamming hieroor gelei (Cloete, 2019, 2020).

Verskillende oordingsnuanses is ook vir gebruik by verskillende gehore en teikengroepe geformuleer. Die risiko's van die voortsetting van die bestaande apartheidsbeleid en die voordele van weloorwoë beleidsverandering is byvoorbeeld soms oorbeklemtoon en die moontlike risiko's en nadele van nuwe politieke selfbeskikking- en magsdelingsmodelle terselfdertyd onderbeklemtoon by teenstanders van verandering (bv. Jonker, 2009:26-27, 61-70, 95-99). Beide Huntington en Schmitter het Suid-Afrika deur bemiddeling van die HSB besoek en verskeie lesings gegee aan en besprekings gevoer met akademici sowel as navorsers, beleidsbeplanners en politici oor die bewese eienskappe, implikasies, en slegte en goeie praktyke van vergelykbare politieke demokratiserings- en oorgangspesesse uit hulle internasionale ervaring en navorsing op verskillende kontinente (Huntington, 1981, 1994). Hierdie politieke oordings- en bemarkingstrategieë was niks nuuts in die Suid-Afrikaanse politiek nie. Dit is bowendien 'n normale benadering tot politieke besluite en aktiwiteite in alle regeringstelsels, soos vroeër reeds aangedui is.

'n Aanvullende "Machiavelliaanse" oordingsbenadering wat Heunis en die HSB gevolg het om apartheid in die denke van teenstanders van hervorming te delegitimeer en volledige politieke regte vir ander rassegroepe toenemend te legitimeer, was om doelbewus beleids-teenstrydighede te skep wat implementeringskomplikasies en -krisisse veroorsaak het. Dit is gedoen deur soms onlogiese en onwerkbare beleidsveranderinge te steun, te aanvaar of selfs voor te stel. Sulke wysigings is dan uitgevoer nadat eksplisiete waarskuwings op rekord geplaas is dat die langertermynrisiko's en nadele daarvan groter as die korttermynvoordele daarvan was. In baie gevalle is dit egter nie deur die meeste behoudendes in die kabinet aanvaar nie.

⁸ Verbatim uittreksels en geskrewe verslae en opsommings van sulke interne kabinets- en kabinetskomiteedebatte word aangehaal in Cloete (2019, 2020).

Die belangrikste voorbeelde hiervan is die instelling van die sogenaamde Driekamerparlement vir alleenlik die wit, die bruin en die Indiërgemeenskap, met volledige uitsluiting van die swart gemeenskappe in die land. Dit het egter gepaardgegaan met die instelling van veelrassige plaaslike regerings in die vorm van streeksdiensterade wat saamgestel is uit lede van al vier rasse-groepe en grootmaatwater-, elektrisiteits- en ander grootmaatdiense aan alle inwoners binne hulle streke (insluitende swart gemeenskappe) verskaf en/of bestuur het. Hierdie beleidsveranderinge het sekere nuwe, maar baie beperkte, beginsels van rasse-integrasie as amptelike partybeleid gelegitimeer, ten spyte daarvan dat die toepassing daarvan baie moeilik of feitlik onmoontlik was, onder meer as gevolg van uitgebreide binnelandse en buitelandse weerstand omdat diskriminasie op rassegrondslag op daardie wyse voortgesit en uitgebrei is.

Dit het egter ook onlogiese, kortsigtige teenstrydighede in regeringsbeleid geskep en/of vergroot, wat eerstens nie op die lange duur volhoubaar was nie, en tweedens die integriteit, samehang (“koherensie”) en uitvoerbaarheid van die onderliggende beginsels van die apartheidbeleid verwater, verswak en geërodeer het. Derdens het dit die druk van binnelandse en buitelandse weerstand teen die voortsetting en uitbreiding van apartheid in die land op verskillende terreine vererger. Dit het dus vir die wit NP as minderheidsregering al hoe moeiliker geword om die beleid in stand te hou en met al hoe meer dwang af te dwing op verreweg die meeste swart Suid-Afrikaners wat dit al hoe sterker teengestaan het. Dit het uiteindelik soveel praktiese teenstrydighede en probleme geskep dat apartheid nie meer sinvol volgehou kon word nie.

Die logika van die HSB se steun en bevordering van hierdie teenstrydige politieke beleidsveranderingstrategieë was dat die behoudende elemente in die regering wat weerstand daarteen gebied het, daardeur eenvoudig doelbewus die spreekwoordelike tou gegee is om hulleself op te hang. Dit is gedoen wetende dat daardie projekte op die medium- tot langer termyn nie lewensvatbaar was nie, maar dat dit die maksimum politieke verandering was wat op daardie tydstip aanvaarbaar was vir die behoudende faksies, wat nie die langtermynimplikasies daarvan besef het nie. Hierdie “Machiavelliaanse” beleidsaanpassings het dan ook sulke kontraproduktiewe gevolge gehad dat die beginsels van rigiede rassesekeiding in Suid-Afrika al hoe moeiliker geregverdig en uitgevoer kon word. Dit het dus meer radikale rasse-integrasie en magsdeling wat nie in daardie stadium in beginsel aanvaarbaar was nie, later outomaties genoodsaak, en daardeur die delegitimering van die *status quo* en die legitimering van moontlike alternatiewe magsdelingsmodelle vergroot.

Nog ’n strategie wat redelik suksesvol deur Heunis en die HSB gevolg is, was om eers algemene niediskriminerende beginsels, soos vervat in die Twaalfpuntplan, deur die kabinet te laat goedkeur en bekend te maak, en dan daarna die fyner tegniese detail wat elk geïmpliseer het, uit te werk. As die beginsel eers goedgekeur en as beleidstandpunt aangekondig was, was die stryd vir alle praktiese doeleindes gewonne, want dan kon die selektiewe toepassing van beleid op rassegrondslag nie meer geregverdig word nie. Hierdie beginsels het byvoorbeeld ingesluit “geen dominasie van een groep oor ’n ander nie”, “elke gemeenskap het die reg op seggenskap in besluitneming wat sy belange raak”, “selfbeskikking oor eie sake” en “medeverantwoordelikheid oor algemene sake”.

Eers ná die aanvaarding en openbaarmaking van die betrokke beginsels vroeg in 1985 het dit tot PW Botha, FW de Klerk en ander konserwatiewe wit teenstanders van politieke hervorming deurgedring wat die implikasies daarvan was vir die onvermydelike geïntegreerde demokratisering van swart politieke deelname in Suid-Afrika. Hulle het heftig teenoor Heunis beswaar gemaak dat hy en sy amptenare daardie beginsels op ’n “skelm” wyse geformuleer

en deur die kabinet laat goedkeur het sonder om kabinetslede volledig in te lig oor wat al die implikasies daarvan sou wees (Botha, 1985; Prinsloo, 1997:209-210; Huntington, 1968:186; Giliomee, 2012:211). Dit was egter te laat om weer terug te val na die *status quo ante*, omdat dit nog meer politieke onaanvaarbaar was as die beperkte mate van gesamentlike politieke besluitneming wat die resultaat was van hierdie inkrementele “liberalisering” van apartheid (Stemmet, 2013).

Hierdie voorbeeld van “Machiavelliaanse” defleksie was eksplisiet gebaseer op sy benadering dat die doel die middele heilig. Dit is ook sterk ondersteun deur politieke oorgangspesialiste soos Huntington, Schmitter en ander denkers in die tradisie van politieke realisme oor hoe politieke demokratisering in die lig van sterk weerstand daarteen in die praktyk bevorder kan word. Huntington (1981:21) het dit ook uitdruklik tydens een van sy besoeke aan Suid-Afrika gestel dat –

(t)he reform process may also require at times substantial elements of duplicity, deceit, faulty assumptions, and purposeful blindness. Support for reform may for instance, depend upon inaccurate assumptions as to its consequences. (Sien ook Huntington, 1982.)

Huntington (1986:19-22) was egter uiteindelik skepties oor die suksespotensiaal van PW Botha se politieke transformasiebenadering, omdat Botha sekere *Blitzkrieg*-strategieë deur geleidelike Fabiaanse taktieke probeer bewerkstellig het, wat onsuksesvol was. Voorbeelde hiervan sluit in die moontlike instelling van ’n sogenaamde *Blitzkrieg*-vierkamerparlement waarin swart kiesers in 1984 reeds ook direk verteenwoordig kon word, in plaas van die Fabiaanse driekamerparlement, wat uiteindelik slegs die drie rasseminderheidsgemeenskappe ingesluit het (Duvenhage, 1994:282). Hierdie en ander politieke oorredingstrategieë het egter in 1990 die fundamente vir FW de Klerk gelê om kernbeginsels van die NP se apartheidsbeleid te laat vaar deur die meer suksesvolle toepassing van soortgelyke benaderings.

5.2 *De Klerk en die NP in die vroeë 1990s*

FW de Klerk was aanvanklik die *de facto*-leier van die behoudende faksie in die NP. Hy het sterk weerstand gebied teen die verswakking van apartheidsbeleid. Hy het dit inderwaarheid in die 1980’s al hoe strenger uitgebrei en probeer toepas om die onvermydelike verlening van volwaardige demokratiese politieke regte aan swart Suid-Afrikaners te blokkeer en te vertraag (Giliomee, 2012; Cloete, 2019; 2020). Hy het egter ’n dramatiese ideologiese houdingsverandering ondergaan teen die einde van daardie dekade. Nadat hy PW Botha in Februarie 1989 as Suid-Afrika se laaste apartheidspresident opgevolg het, het hy politieke bollemakiesie geslaan en sy standpunt radikaal gewysig deur vir alle praktiese doeleindes die kernvoorstelle van Heunis en sy HSB, wat hy vroeër in beginsel heftig teengestaan het, te aanvaar (Cloete, 2020). Hy het toe ook soortgelyke Machiavelliaanse strategieë gevolg om sy wesentlike omkeer van die apartheidsbeleid in 1990 te regverdig en deur te voer. Hy het in 2019 erken dat sy debatte met Heunis, die HSB en sy ander meer hervormingsgesinde kabinetskollegas ’n belangrike bydrae gelewer het tot die verandering van sy denke oor die saak (De Klerk, 2019).

De Klerk moes gedurende die vroeë 1990’s ook verseker dat die steun vir sy beoogde radikale politieke beleidsveranderinge groter was as die weerstand daarteen by sy regse wit opposisie en by sy eie regse NP-faksie (Lucouw, 2000). Hy het oorredingstrategieë vir daardie doel ontwerp, ná konsultasie met lede van die HSB en ander adviseurs, wat onder andere ook voormalige HSB-lede ingesluit het. Hierdie strategieë het verskeie Machiavelliaanse kerneenskappe soos die volgende ingesluit:

- 1) **Gedwonge verwydering van politieke weerstandbiedendes uit sleutelposte:** In 1991 het De Klerk 29 Weermag- en polisieoffisiere sowel as verskeie ander senior staatsamptenare wat na bewering sy hervormings teengestaan het, afgedank, laat aftree of verskuif (De Klerk, 1999:266-267).
- 2) **Subtiele, verskuilde transformasie** (*transformation by stealth*): Dit was noodsaaklik omdat daar onsekerheid by die NP-leierskap was oor die vraag of wit kiesers wel De Klerk se radikale politieke beleidsveranderinge sou aanvaar. Dit was as gevolg van die onvermoë of onwilligheid van opeenvolgende NP-leiers voor hom, sowel as sy eie versuim, om wit NP-ondersteuners vroeër reeds beter te begin voorberei op die onvermydelike uitfasering van apartheid (Cloete, 2019; 2020; Jonker, 2009:115).
- 3) **Verskillende en dikwels doelbewuste misleidende oorredingsaksies:** Bestaande en potensieële NP-ondersteuners moes oortuig word dat die NP hulle belange en etniese selfbeskikking sou beskerm en bevorder in die beoogde vreedsame onderhandelinge met die NP se politieke aartsvyande, die ANC en Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP). Dit was egter van die begin af duidelik onmoontlik om hierdie onderneming aan NP-kiesers te waarborg. Die beginsel van onderhandeling oor dieselfde politieke regte vir swart Suid-Afrikaners in sogenaamde “wit stedelike gebiede” is naamlik sedert die ontstaan van die NP in 1914 in beginsel deur die party verwerp. De Klerk moes dus ook die voordele van aanpassing so rooskleurig moontlik benadruk en terselfdertyd die nadele van die versuim om daardie veranderinge teweeg te bring, beklemtoon (De Klerk, 1999).
- 4) **Ander onuitvoerbare beloftes aan wit kiesers:** De Klerk en die NP het onder meer die volgende spesifieke waarborge vir wit selfbeskikking in die toekoms as ononderhandelbaar beskou:
 - a. *’n Verskanste geskrewe grondwet:* Dit sou individuele regte sowel as die beginsels van groepsminoriteitsbeskerming en vetoreg insluit. Dit was onsuksesvol. Sekere bepalinge in die 1996-grondwet kan wel net met verhoogde meerderhede gewysig word, maar bevat nie waarborge vir die beskerming van of veto’s deur groepsminoriteite nie.
 - b. *Die onderskeid tussen eie en algemene belange:* Dit sou selfbeskikking vir die onderskeie rassegroepe in die land in die toekoms verskans. Dit het nie gebeur nie.
 - c. *Etniese en geografiese federalisme:* Dit het nie gebeur nie. Die huidige provinsies se bevoegdhede is nie op dieselfde vlak as dié van die nasionale regering nie.
 - d. *’n Swak nasionale staats- en regeringshoof, gekoppel aan sterk provinsiale regeringshoofde:* Dit het nie gebeur nie.
 - e. *’n Regering van Nasionale Eenheid (RNE)* wat op grond van konsensus besluite neem: Dit was bedoel as meganisme om ’n wit groepsminoriteitsveto te implementeer. Dit was egter nie volhoubaar nie. De Klerk het die NP ná twee jaar uit die RNE geneem en die amptelike opposisie in die Parlement geword omdat pres. Mandela nie bereid was om kabinetsbesluite slegs deur eksplisiete konsensus tussen alle lede van die Kabinet te laat neem nie.
 - f. *Vae, indirekte politieke transformasiemandate:* Die 1989-verkiesing en die 1992-referendum onder wit kiesers het vae kiesersmandate vir sekere beginsels van politieke hervorming aan die NP verleen, sonder konkrete besonderhede oor wat hierdie beginsels presies behels en wat die implikasies daarvan sou wees (Taylor, 1990; Strauss, 1993; Sussman, 2003; Jonker, 2009:115-116, 161-170).

De Klerk het ook onderneem om 'n tweede referendum of verkiesing te hou om die finale onderhandelde politieke skikkingspakket te aanvaar waaroor met die ontbanne swart bevrydingsbewegings ooreengekom is, ten einde 'n eksplisiete kiesersmandaat van die wit gemeenskap daarvoor te kry (Jonker, 2009:254-255). Dit is egter nooit gedoen nie. Dit het De Klerk die reputasie as 'n "verraaier" onder regse Afrikaners besorg (Snyman, 2022; Hartley, 2021; Lagardien, 2021).

5.3 *Beoordeling van Machiavellianisme in die 1980's en 1990's in Suid-Afrika*

Dat die benaderings tot politieke demokratisering van Machiavelli, Huntington, Schmitter en oorgangsteorie-ondersteuners wel in die Suid-Afrikaanse konteks toegepas is, word deur verskeie plaaslike navorsers bevestig (bv. Esterhuyse, 1982:137; Olivier, 1981:58-59; Duvenhage, 1994:281). By nabetraging kan die Machiavelliaanse oorredingstrategieë van Heunis en die HSB sowel as van De Klerk as redelik suksesvol beskou word. Die legitimiteit en implementering van die apartheidstelsel het toenemend verswak as gevolg van 'n verskeidenheid van buitelandse en binnelandse faktore (Duvenhage, 1994:331; Giliomee, 2012). Hierdie erosie van politieke legitimiteit is in sekere gevalle geïnisieer vanuit strategies geposisioneerde eenhede binne die NP-regime self, wat onder groot druk 'n onvermydelike proses van inkrementele verandering begin het. Dit het 'n sneebaleffek tot gevolg gehad, en uiteindelik bygedra tot die aftakeling van die hele apartheidstelsel.

Hierdie strategieë illustreer ook die grys areas ten opsigte van sogenaamde morele en immorele optredes binne hedendaagse demokrasieë en bevestig die effektiewe gebruik van hierdie tipe oordedingsbenaderings in die politieke oorgangsproses in Suid-Afrika gedurende die 1980's en 1990's. Vanuit 'n magspolitiese perspektief behels die defleksie-, propaganda- en disinformasie-strategieë wat gedurende hierdie periode in Suid-Afrika toegepas is, verder normale beleidsinstrumente wat wêreldwyd steeds in verskillende demokratiese regeringstelsels gebruik word om politieke doelwitte te probeer regverdig, te verkoop en te implementeer.

6. **Gevolgtrekkings**

Baie sogenaamd Machiavelliaanse politieke strategieë is steeds normale, internasionaal aanvaarde beleidspraktyke in hedendaagse demokrasieë. Die "Machiavelliaanse" politieke argumente en optredes van Heunis, die HSB en De Klerk self, sowel as die onuitvoerbare of propagandistiese ondernemings van De Klerk en die NP wat nie nagekom was of kon word nie, is dus nie uniek nie. Dit is ook nie moreel verwerplik in vergelyking met hoe politieke prosesse in ander lande verloop nie. Doelbewus onuitvoerbare verkiesings- en ander beloftes van individuele kandidate en van regerende partye in demokrasieë wat nie nagekom word of kan word nie, is wêreldwyd 'n algemene verskynsel. Dit word as 'n integrale deel van demokratiese politieke veldtogte beskou. Daar bestaan 'n algemene verwagting dat die meeste kandidate in demokratiese verkiesings in hulle veldtogte oordrewe ondernemings gee wat hulle nie later, indien hulle verkies word, gestand sal of kan doen nie.

Hierdie NP-strategieë in Suid-Afrika het berus op verskeie historiese en wetenskaplike beginsels en praktyke van politieke beleidsverandering wat in die Suid-Afrikaanse situasie gegeld het. Een van die mees deurslaggewende benaderings wat in hierdie proses gebruik is, was politieke defleksie, waardeur die voordele van beleidsverandering doelbewus oorbeklemtoon en die nadele daarvan doelbewus onderbeklemtoon is. Hierdie oorredingstrategieë was relatief suksesvol om aan die NP se wit kiesers wye, maar vae, mandate vir politieke

transformasie te gee. Na gelang die politieke oorgangsonderhandelinge onder De Klerk se leiding ontwikkel het, het toenemend groter vertrouensbreuke tussen die NP-leiers en konserwatiewe wit teenstanders van verandering in veral die Afrikanergemeenskap ontwikkel, as gevolg van die onvermoë van daardie politieke leiers om hulle ondernemings en waarborgte gestand te doen.

Die politieke oorgangsproses in Suid-Afrika was dus kontroversieel. Dit is vererger deur onder meer die eng en bekrompe ideologiese atmosfeer wat in die 1980's binne die NP geheers het. Die onderliggende politieke atmosfeer was een van latente vrees, gebore uit 'n besef by verskeie kabinetslede dat die stelsel wat hulle bedryf, nie volhoubaar was nie, maar terselfdertyd was daar 'n onwilligheid om die implikasies van magsdeling, wat die enigste uitweg was, openlik te aanvaar.

Die kabinet van daardie tyd was verder verdeeld oor die instandhouding van die apartheidstelsel. Sowel PW Botha as De Klerk se bereidwilligheid tot politieke magsdeling met ander rassegroepe was uiteindelik bloot die gevolg van hulle persepsie dat verandering onvermydelik was, maar dat die NP steeds beheer oor die oorgangsproses sou kon behou en 'n sogenaamde konsensusregering sou kon vestig waarbinne die NP 'n minderheidsveto sou behou. Hierdie aanname van 'n volledig bestuurde oorgangsproses het nie gematerialiseer nie.

Die persoonlike menings van personeel van die HSB het meestal verskil van die standpunte wat hulle gedwing was om in die openbaar in te neem. Hulle het doelbewus met verskeie Machiavelliaanse strategieë die erosie van apartheid versnel om 'n gunstiger klimaat te skep vir 'n evolusionêre konstitusionele oorgang na 'n meer demokratiese bedeling. Hulle pogings om die standpunte van NP-leiers wat weerstand gebied het, te probeer verander het egter telkens in kabinetskomitees en ander gesprekke gefaal as gevolg van die hewige emosionele weerstand van politieke bittereinders wat nie tot magsdeling met ander rasse bereid was nie. Voordat De Klerk sy mening teen die einde van die 1980's oor politieke transformasie verander het, was sy kernargument konsekwent dat enige verwatering van die NP se bestaande apartheidstandpunte 'n beginselafwyking van lank staande NP-beleid was en die dun punt van die wig sou wees. Hierdie uitgangspunte van weerstand het hom duur te staan gekom toe hy PW Botha in 1989 as NP-leier en president opgevolg het en die gevolge van sy eie standpunt moes probeer omkeer.

Die baie komplekse konstitusionele oorreringsprosesse binne en tussen al vier die belangrikste rassegroepe in die land was egter uiteindelik suksesvol, en het in 1994 gelei tot die vervanging van die apartheidstelsel deur die huidige demokratiese politieke stelsel in Suid-Afrika. Die toepassing van verskeie sogenaamde Machiavelliaanse die-doel-heilig-die-middele-oorradingstrategieë en die optrede van sekere individue en strategies geposisioneerde eenhede binne die NP-regering het 'n betekenisvolle bydrae tot hierdie relatief vreedsame konstitusionele oorgangsproses gelewer. Hierdie uitkoms is egter ook vergemaklik deur die kumulatiewe effek van bydraes van verskeie ander transformasie-inisiatiewe deur hervormingsgesinde individue en belangegroepe in verskillende sektore van die Suid-Afrikaanse samelewing en die internasionale gemeenskap.

BIBLIOGRAFIE

- Anderson, J & Zanardi, M. 2009. Political pressure deflection. *Public Choice*, 141:129-150.
 Baines, P, O'Shaughnessy, N & Snow, N. (eds). 2019. *SAGE Handbook of Propaganda*. London: Sage.
 Bekker, S. 1974. The plural society and the problem of order. Unpublished doctoral thesis. Cape Town: University of Cape Town.

- Biekart, K. 2015. Guillermo O'Donnell's 'thoughtful wishing' about democracy and regime change. *Development and Change*, 46(4):913-933.
- Botha, PW. 1979. Speech on 28 July 1979 in Upington on the distinction between NP policy principles and policy programmes. Private collection of documents of PW Botha. PV 203: PS12/84/1, appendix 1: numbered files. Bloemfontein: Archive for Contemporary Affairs (ARCA).
- Botha, PW. 1982. Speech at the federal congress of the NP on 31 July 1982 in Bloemfontein on the NP's constitutional guidelines. Private collection of documents of PW Botha. PV 203: PS 5/7/4, appendix 1: numbered files. Bloemfontein: Archive for Contemporary Affairs (ARCA).
- Botha, PW. 1985. State President's speech at the opening of Parliament. *Debates of the Assembly*, 25 January 1985, col 5-17.
- Breytenbach, W. 1982. Konfederasies: 'n Vergelykende oorsig in historiese en kontemporêre perspektief. *Development Southern Africa*, 4(2):160-179.
- Carothers, C. 2018. The surprising instability of competitive authoritarianism. *Journal of Democracy*, 29(4):129-135.
- Cloete, F. 1984a. Die demokratiese akkommodasie van etnisiteit in plurale samelewings. *Africanus*, 12(1+2):5-22.
- Cloete, F. 1984b. Gemeenskapsoutonomie in Estland, Ciprus en België. Navorsingsverslag pol-31. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN).
- Cloete, F. 1988. Die bedryf van staatkundige hervorming. *Politeia*, 7(1):20-41.
- Cloete, F. 1991. Characteristics of policy change in South Africa, 1980-1990. In Cloete, F, Schlemmer, L & Van Vuuren, D. (eds). *Policy options for a new South Africa*. Pretoria: HSRC Publishers, pp. 19-45.
- Cloete, F. 1992. Engineering the erosion of apartheid – constitutional policy planning in South Africa, 1980-1989. *Plural Societies*, 22(1&2):45-73.
- Cloete, F. 2018. Policy Change. In Cloete, F, De Coning, C; Wissink, H & Rabie, B. (eds). *Improving public policy for good governance*. 4th ed. Pretoria: Van Schaik, pp. 303-344.
- Cloete, F. 2019. Resolving P.W. Botha's 1985 Rubicon riddle. *Historia*, 64(2):132-155.
- Cloete, GS. 2020. The complexity and limitations of strategic governmental policy change initiatives in South Africa: 1986–1988. *Administratio Publica*, 28(3):60-80.
- Cloete, F. 2021. Beleidsdiskriminasie, -verandering en entrepreneurskap: Beperkte politieke regte vir "Kleurlinge" in Suid-Afrika tot 1979. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 61(4-2):1260-1286.
- Cloete, F. 2022. Constitutional policy options proposed around 1981-1983. Unpublished table adapted and expanded from draft notes by Prof Ig Rautenbach, 1985-1987. Author's private collection.
- Cloete, F. 2023. Herbeoordeling van Niccolò Machiavelli se doel-heilig-die-middele-benadering tot Regeerkunde. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(1):83-98.
- Coady, C. 2014. The problem of dirty hands. *Stanford Encyclopedia of Philosophy*. <http://plato.stanford.edu/entries/dirty-hands/> [13 August 2022].
- Conway, H & Stannard, J. 2019. *The emotional dynamics of law and legal discourse*. Oxford, UK: Hart Publishing.
- Croissant, J & Haynes, J. 2015. *Twenty years of studying democratization*. 3 volumes. London: Routledge.
- Cunningham, S. 2002. *The idea of propaganda: a reconstruction*. Westport, Conn: Praeger.
- Curzer, H. 2006. Admirable immorality, dirty hands, ticking bombs, and torturing innocents. *Southern Journal of Philosophy*, XLIV:31-56.
- Cwalina, W, Falkowski, A & Newman, B. 2015. Persuasion in the political context: opportunities and threats. In *Handbook of Persuasion and Social Marketing*. Volume 1. Santa Barbara: Praeger.
- De Klerk, FW. 1999. *Die laaste trek – 'n nuwe begin. Die Outobiografie*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- De Klerk, FW. 2019. Persoonlike ongepubliseerde onderhoud deur die skrywer met voormalige President van Suid-Afrika. Kaapstad, 29 April 2019.
- Departement van Buitelandse Sake en Inligting. 1982. Grondwetlike riglyne: 'n nuwe bedeling vir blankes, Kleurlinge en Indiërs. Pretoria: Departement van Buitelandse Sake en Inligting.
- Diamond, L, Fukuyama, F, Horowitz, DL, & Plattner, MF. 2014. Reconsidering the transition paradigm. *Journal of Democracy*, 25(1), 86-100. doi:10.1353/jod.2014.0018.
- Diamond, L, Linz, J, & Lipset, S (eds). 1995. *Politics in developing countries: comparing experiences with democracy*. Boulder, Col.: Lynne Rienner Publishers.

- Druckman, J. 2022. A framework for the study of persuasion. *Annual Review of Political Science*, 65-88.
- Du Bruyn, D & Wessels, A. 2009. Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika: die tweede fase van die era van volwaardige regse politieke partye, 1976–1982. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 33(3):18-35.
- Du Plessis, JE. 1980. Administratiewe vernuwing: Beleidsvereistes. SAIPA (mondstuk van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Publieke Administrasie), 15(3):110-122.
- Du Plessis, JE. 1983. Beheer en verwesentliking van staatkundige hervorming. SAIPA (mondstuk van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Publieke Administrasie), 18(3):108-118.
- Duvenhage, A. 1992. Die transformasie van politieke instellings in oorgangstye – ’n analise van Huntington se denke. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 17(2):20-59.
- Duvenhage, A. 1994. Die transformasie van politieke instellings in oorgangstye – ’n rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van S.P. Huntington se teoretiese bydrae. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif. Bloemfontein: UVS.
- Eisenberg, E. 2007. *Strategic ambiguities: Essays on communication, organization and identity*. Thousand Oaks, CA: Sage.
- Esser, F. 2008. Spin doctor. In Donsbach, W. (ed.). *International Encyclopedia of Communication*. Malden, MA: Blackwell, pp. 4783-4787.
- Esterhuysen, WP. 1982. *Die pad van hervorming: beskouings oor die noodsaaklikheid van strukturele hervorming in Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.
- Fukuyama, F. 2011. *Origins of political order: From prehuman times to the French revolution*. New York, NY: Farrar, Straus & Giroux.
- Fukuyama, F. 2014. *Political order and political decay: From the industrial revolution to the globalization of democracy*. New York, NY: Farrar, Straus & Giroux.
- Giliomee, H. 2012. *Die Laaste Afrikanerleiers*. Kaapstad: Tafelberg.
- Goldstein, S. 2021. In defense of strategic ambiguity in the Taiwan strait. National Bureau of Asian Research. <https://www.nbr.org/publication/in-defense-of-strategic-ambiguity-in-the-taiwan-strait/> [13 August 2022].
- Hartley, R. 2021. Apartheid-era’s last president, FW de Klerk, was a man at war with his history. *Daily Maverick*, 11 November 2021.
- Heunis, JC. 1981. Stabiliteit en hervorming in Suid-Afrikaanse konteks. *Politikon*, 5(2):1-7.
- Heunis, JC. 1984. The new local government dispensation for South Africa. Unpublished paper presented on 2 October 1984 at a meeting of the Pretoria branch of the Political Science Association of South Africa. Pretoria: Department of Constitutional Development and Planning.
- Higley, J & Burton, M. 1989. The elite variable in democratic transitions and breakdowns. *American Sociological Review*, 51:17–34.
- Huntington, SP. 1968. *Political order in changing societies*. London: Yale University Press.
- Huntington, SP. 1981. Reform and stability in a modernizing, multi-ethnic society. *Politikon*, 8(2): 8-26.
- Huntington, SP. 1982. Reform and stability in South Africa. *International Security*, 6(4):3-25.
- Huntington, SP. 1986. Whatever has gone wrong with reform? *Die Suid-Afrikaan*, 8:19-22.
- Huntington, SP. 1991. *The third wave: Democratization in the late twentieth century*. Norman: University of Oklahoma Press.
- Huntington, SP. 1994. Democracy and/or economic reform? In Giliomee, H, Schlemmer, L & Hauptfleisch, S. (eds). *The Bold Experiment: South Africa’s New Democracy*. Halfway House: Southern Book Publishers.
- Jonker, K. 2009. *Vegters teen Politieke Boelies*. Kaapstad: Griffel Media.
- Jowett, G & O’Donnell, V. 2018. *Propaganda & Persuasion*. London: Sage.
- Karl, TL. 1990. Dilemmas of democratization in Latin-America. *Comparative politics*, 23(1):1-21.
- Kelman, S. 2005. *Unleashing change: A study of organizational renewal in government*. Washington, DC: Brookings.
- Lagardien, I. 2021. De Klerk and Ramaphosa: so different and yet so similar. *Vrye Weekblad*, 10 Augustus 2021.
- Lamus, F. 2016. Machiavelli’s moral theory: Moral christianity versus civic virtue. Unpublished master’s thesis. Durham, NC: Duke University.

- Linz, J & Stepan, A. 1978. *The Breakdown of democratic regimes*. 4 volumes. Baltimore, Md.: Johns Hopkins University Press.
- Linz, J & Stepan, A. 1996. Toward consolidated democracies. *Journal of Democracy*, 7(2):14-33.
- Lucouw, CS. 2000. Blanke verset teen verandering van die politieke bestel in Algerië (1958–1962) en Suid-Afrika (1990-1994): 'n vergelyking. Ongepubliseerde Meestersverhandeling. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- Lukes, S. 2006. Liberal democratic torture. *British Journal of Political Science*, 36(1):1-16.
- Maharaj, M & Jordan, Z. 2021. *Breakthrough: The struggles and secret talks that brought apartheid South Africa to the negotiating table*. London: Penguin Books.
- Mansfield, H. 2022. Niccolò Machiavelli - Italian statesman and writer. *Encyclopedia Britannica*. <https://www.britannica.com/biography/Niccolò-Machiavelli/The-Art-of-War-and-other-writings>. [10 August 2022].
- Marasco, R. 2022. Machiavelli and the play element in political life. *Political Theory*, 50(4):575-595.
- Marlin, R. 2013. *Propaganda and the ethics of persuasion*. Ontario: Broadview Press.
- Mattingly, D & Yao, E. 2022. How soft propaganda persuades. *Comparative Political Studies*, 55(9):1569-1594.
- May, PJ. 1981. Hints for crafting alternative policies. *Policy Analysis*, 7(2):227-244.
- Merriam-Webster. Undated. Machiavellianism. In *Merriam-Webster.com Dictionary*. <https://www.merriam-webster.com/dictionary/Machiavellianism>. [11 August 2022].
- McGarry, J. 1998. Political settlements in Northern Ireland and South Africa. *Political Studies*, 46(5):853-870
- News24. 2014. <https://www.news24.com/news24/zuma-corruption-is-a-western-thing-20150429> [14 August 2022].
- Nick, C. 2019. The problem of dirty hands in democracies. Unpublished doctoral thesis. Leeds: University of Leeds.
- O'Donnell, G, Schmitter, PC, & Whitehead, L. 1986. *Transitions from authoritarian rule: Comparative perspectives*. Washington, DC.: Johns Hopkins University Press.
- Oliver, J & Gilby, N. 2022. Revealed: UK ran Cold War dirty tricks campaign to smear Kenya's first vice-president. *The Guardian*, Saturday 6 Aug 2022.
- Olivier, GC. 1981. Hervormingstrategieë in Suid-Afrika. *Politikon*, 8(2):57-69.
- Olivier, GC. 1984. Huntington. In Faure, AM & Kriek, DJ (reds). *Die moderne politieke teorie*. Pretoria: Butterworths, pp. 168-190.
- Ottaway, D. 1990. Afrikaners feel betrayed by De Klerk. *The Washington Post*, 24 February 1990.
- Pahad, A. 2014. *Insurgent diplomat - civil talks or civil war*. Johannesburg: Penguin-Random House.
- Parrish, J. 2007. *Paradoxes of political ethics: From dirty hands to the invisible hand*. Cambridge, UK: Cambridge University Press.
- Paul, J & Strbiak, CA. 1997. The ethics of strategic ambiguity. *Journal of Business Communication*, 34(2):149-159.
- Perkins, J. 2016. *The new confessions of an economic hit man*. Oakland, CA.: Berrett-Koehler Publishers.
- Perloff, RM. 2003. *The dynamics of persuasion: Communication and attitudes in the 21st century* (2nd ed.). Mahwah, NJ: Lawrence Erlbaum.
- Perloff, RM. 2013. Political persuasion. In Dillard, JP & Shen, L. (eds). *SAGE handbook of persuasion: Developments in theory and practice*. Berkeley, CA: Sage Publications, pp. 258-277.
- Petty, RE, Wheeler, SC, & Tormala, ZL. 2003. Persuasion and attitude change. In Millon, T & Lerner, MJ (eds). *Handbook of psychology*. Hoboken, NJ: John Wiley, 5:353-382.
- Pop-Eleches, G, & Robertson, GB. 2015. Structural conditions and democratization. *Journal of Democracy*, 26(3):144-156.
- Prinsloo, D. 1997. *Stem uit die Wildernis - 'n Biografie oor oud-pres P W Botha*. Mosselbaai: Vaandel Uitgewers.
- Przeworski, A. 1988. Some problems in the study of the transition to democracy. In Schmitter, PC, O'Donnell, G & Whitehead, L. (eds). *Transitions from authoritarian rule: comparative perspectives*. London: Johns Hopkins University Press, pp. 47-63.
- Ramsay, M. 2012. Machiavellianism. In Chadwick, R. *Encyclopedia of applied ethics* (2nd ed). London: Academic Press.

- Roodt, D. 2020. FW de Klerk, the lone traitor. Youtube. FreeWestMedia. <https://www.youtube.com/watch?v=sfZjz-bB8aY>. [4 Junie 2022].
- Schmitter, PC. 1985. Speculations about the prospective demise of authoritarian regimes and its possible consequences. EUI Working Paper 165. Florence: European University Institute.
- Schmitter, PC & O'Donnell, G. 1988. *Transitions from authoritarian rule: Tentative conclusions about uncertain democracies*. London: Johns Hopkins University Press.
- Schmitter, PC & Karl, T. 1994. The Conceptual Travels of Transitologists and Consolidologists: How Far to the East Should They Attempt to Go? *Slavic Review*, 53(1):173-185.
- Schmitter, PC & Sika, N. 2017. Democratization in the Middle East and North Africa: A more ambidextrous process? *Mediterranean Politics*, 22(4):443-463.
- Seale, C. 2018. Influence of Machiavellianism, transparency and moral intelligence on integrity, leader effectiveness and organisational citizenship behaviour. Unpublished Master's thesis. Stellenbosch: University of Stellenbosch.
- Seo, S-H. 2008. A study on democratic transition in South Africa: Democracy through compromise and institutional choice. Unpublished doctoral thesis. Pretoria: University of South Africa.
- Sharlamanov, K & Jovanovski, A. 2016. Sociological analysis of spin and spin doctors. *International Journal of Scientific & Engineering Research*, 7(12):74-77.
- Snyman, JJ. 2022. F.W. De Klerk - verraaiër ... vloek der aarde!. Gelofteland. <https://gelofteland.org/index.php/suid-afrika/220-dr-snyman/4998-fw-de-klerk-verraaiër192>. [13 Augustus 2022].
- Stemmet, J-A. 2013. The storms of reforms: South Africa's reform-strategy, 1980-1989. *Journal of Contemporary History*, 38(2):119-138.
- Strauss, A. 1993. The 1992 referendum in South Africa. *Journal of Modern African Studies*, 31(2):339-360.
- Sussman, G. 2003. The referendum in F.W. de Klerk's war of manoeuvre: An historical institutionalist account of the 1992 referendum. Doctoral thesis. London: London School of Economics and Political Science.
- Taylor, R. 1990. Between apartheid and democracy: the South African election of 1989. In Moss, G & Obery, I. (eds). *South African Review*, 5:56-67.
- The Guardian*. 2016. Close but no cigar: how America failed to kill Fidel Castro. <https://www.theguardian.com/world/2016/nov/26/fidel-castro-cia-cigar-assassination-attempts> [14 August 2022].
- Tillyris, D. 2015. 'Learning how not to be good': Machiavelli and the standard dirty hands thesis. *Ethical Theory and Moral Practice*, 18(1):61-74.
- Van Rooyen, PE. 1981. Die beplanningstaak van die Kantoer van die Eerste Minister. *Publico*, pp. 10-13.
- Vidor, G. 2017. Rhetorical engineering of emotions in the courtroom: The case of lawyers in modern France. *Journal of the Max Planck Institute for European Legal History*, 25:286-295.
- Vilajoana-Alejandre, S & Aira, T. 2019. Are the spin doctors a figure of priority interest for public relations? *International Review of Communication and Marketing*, 2(1):50-60.
- Waldmeir, P. 1997. *Anatomy of a miracle – the end of apartheid and the birth of the new South Africa*. New York: Norton & Company.
- Walton, D. 1997. What is propaganda, and what exactly is wrong with it? *Public Affairs Quarterly*, 11(4):383-413.
- Walzer, M. 1973. Political action: The problem of dirty hands. *Philosophy & Public Affairs*, 2(2):160-180.
- Welch, D. 2014. *Propaganda, power and persuasion: From World War I to Wikileaks*. London: Tauris & Company.
- Zartman, IW. 1988: Negotiations in South Africa. *Washington Quarterly*, 11(4):141-158.
- Zuckert, C. 2018. The people's prince. *Aeon*. <https://aeon.co/essays/the-prince-of-the-people-machiavelli-was-no-machiavellian>. [10 August 2022].

Die belangrikste kulturelemente van Afrikaner- besienswaardighede

The most important cultural elements of Afrikaner attractions

ESMARIE MYBURGH

Skool vir Toerismebestuur
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom, Suid-Afrika
E-pos: 21704724@nwu.ac.za



Esmarie Myburgh



Lindie du Plessis

ENGELINA DU PLESSIS

Skool vir Toerismebestuur
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom, Suid-Afrika
E-pos: lindie.duplessis@nwu.ac.za

RENÉ VAN DER VYVER (NÉE KRÜGER)

Navorser, Afriforum
Pretoria, Suid-Afrika
E-pos: Renekruger97@gmail.com



René v/d Vyver

ESMARIE MYBURGH is 'n senior lektor in Toerismebestuur aan die Skool vir Toerismebestuur, Noordwes-Universiteit. Sy het haar PhD in 2017 voltooi en is tans een van die navorsers by TREES (Tourism Research in Economic Environs and Society); sy fokus op sporttoerisme, spesifiek op die bemaking en bestuur van kleinskaalse sportgebeurtenisse. In 2019 is 'n NRF Thuthuka Navorsingstoekening aan haar toegeken. Esmarie het verskeie artikels in geakkrediteerde, nasionale en internasionale akademiese joernale gepubliseer; en het referate by nasionale en internasionale konferensies gelewer. In haar kort werksloopbaan by NWU het sy verskeie voorgraadse modules gedoseer, 1 PhD, 5 Meestersgraad- en 14 honneursstudente se verhandelinge gelei. In 2017 is sy beloon met die 2de plek in

ESMARIE MYBURGH is a senior lecturer in Tourism Management at the School of Tourism Management, North-West University. She completed her PhD in 2017 and is currently one of the researchers at TREES (Tourism Research in Economic Environs and Society), focusing on sport tourism, specifically on the marketing and management of small-scale sport events. In 2019 she was awarded an NRF Thuthuka Research Grant. Esmarie has published various articles in accredited, national and international academic journals; and has presented papers at national and international conferences. In her short working career at NWU, she has lectured various undergraduate modules, supervised 1 PhD, 5 Masters, and 14 post-graduate honours students' mini dissertations. In 2017 she was awarded 2nd place

Datums:

Ontvang: 2023-01-31

Goedgekeur: 2023-04-15

Gepubliseer: Junie 2023

<p>die Beste Referaat-toekenning by die Internasionale Studentekonferensie in Toerisme Navorsing (ISCONTOUR) in Salzburg. Sy het die Visekanseliersmedalje vir die beste meestersgraadstudent aan die Noordwes-Universiteit in die kategorie Handel in 2015 ontvang. Sy ontvang ook toekennings vir die beste magisterstudent en honneursstudent in Toerismebestuur sowel as beste magisterstudent in die Skool vir Ondernemingsbestuur. Sy is 'n lid van die Golden Key International Honours Society vir uitstaande akademiese prestasie.</p>	<p>in the Best Paper Award at the International Student Conference in Tourism Research (ISCONTOUR) in Salzburg. She received the Vice Chancellor's Medal for the best Master's degree student at North-West University in the category of Commerce (2015). She has also received the awards for the best master's student and honours student in Tourism Management as well as best master's student in the School of Business Management. She is a member of the Golden Key International Honours Society for outstanding academic achievement.</p>
<p>LINDIE (ENGELINA) DU PLESSIS is tans professor in en direkteur van die Skool vir Toerismebestuur en 'n senior navorser by TREES (Tourism research in economics, environs and society) aan die Noordwes-Universiteit. Sy spesialiseer in toerismemededingendheid en bestuurskwessies in die toerismebedryf. Sy is dinamies betrokke by die bedryf deur te help met verskeie toerismeprojekte en het in 2018 'n C3-gradering as 'n gevestigde navorser van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) ontvang. Sy is die medeskrywer van 'n boek toegespits op die wildplaasbedryf genaamd, <i>Hunting and game farm tourism</i>. Sy was verantwoordelik vir agt hoofstukke in verskeie toerismehandboeke en 48 geakkrediteerde artikels. Sy het tien meestersgraadstudente en elf PhD-studente begelei. Sy was 'n paneellid vir die Nasionale Departement van Toerisme en was 'n lid van Aiest (International Association of Scientific Experts in Tourism). Prof. Du Plessis het opleidingsmateriaal vir die Departement van Omgewingsake en Toerisme en die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap (NYDA) ontwikkel. Sy is by CATHSSETA geakkrediteer as 'n assessor, fasiliteerder, afriqter, mentor, ontwikkelaar en ontwerper. Tans is sy 'n lid van The Southern African Institute for Management Scientists en tree op as 'n Exco-lid vir TESA (Tourism educators of South Africa).</p>	<p>LINDIE (ENGELINA) DU PLESSIS is currently full professor in, and the director of, the School for Tourism Management and a senior researcher of TREES (Tourism research in economics, environs and society) at the North-West University. She specialises in tourism competitiveness and management issues in the tourism industry. She has been dynamically involved in the industry by assisting in various tourism projects and received a C3 rating as an established researcher from the National Research Foundation (NRF) in 2018. She has co-written a book for the game farm industry entitled, <i>Hunting and game farm tourism</i>. She has been responsible for eight chapters in various tourism textbooks and forty-eight accredited articles. She has delivered ten master's degree and eleven PhD students. She was a panel member for the National Department of Tourism and was a member of the International Association of Scientific Experts in Tourism (Aiest). Prof. Du Plessis developed education material in training for the Department of Environmental Affairs and Tourism (DEAT) and the National Youth Development Agency (NYDA). She is accredited with CATHSSETA as an assessor, facilitator, coach, mentor, developer, and designer. Currently, she is a member of the Southern African Institute for Management Scientists and acts as an Exco member for Tourism educators of South Africa (TESA).</p>
<p>RENÉ VAN DER VYVER (née Kruger) het haar meestersgraad in Toerismebestuur aan die Noordwes-Universiteit in 2021 met onderskeiding verwerf. Sy het ook die toekenning as die beste Magister (M)-student in Toerismebestuur vir 2021 ontvang. Haar fokus op die Afrikanerkultuur tydens haar studies spruit uit 'n liefde vir, en belangstelling in haar kultuurerfenis, wat sy hoop om te help bewaar en bevorder. Sy werk tans vir AfriForum as die veldtogbeampte en</p>	<p>RENÉ VAN DER VYVER (née Kruger) obtained her master's degree in Tourism Management at the North-West University in 2021 with distinction. She also received the award as the best Master's student in Tourism Management for 2021. Her focus on Afrikaner culture during her studies stems from a love for, and interest in, her cultural heritage, which she hopes to help preserve and promote. She currently works for AfriForum as the campaign officer and spokes-</p>

woordvoerder vir AfriForum Jeug, waar sy daaglik haar passie vir die behoud van die Afrikaner-kultuur kan uitleef en haar kennis van haar navorsingswerk gebruik. René het 'n video gemaak vir Erfenisdag (24 September 2022), wat op AfriForum Jeug se YouTube-kanaal verskyn met die titel, *Die Afrikaner se kultuurskatkis*, waar die verskillende Afrikanerkultuurelemente op 'n kreatiewe manier aangebied word. Sy is ook 'n lid van die Golden Key International Honours Society vir uitstaande akademiese prestasie.

person for AfriForum Youth, where she can express her passion for the preservation of Afrikaner culture on a daily basis and apply knowledge gained from research. René produced a video for Heritage Day (24 September 2022) which appears on AfriForum Youth's YouTube channel, entitled *Die Afrikaner se kultuurskatkis*, creatively presenting the various Afrikaner cultural elements. She is a Golden Key International Honors Society member for outstanding academic achievement.

ABSTRACT

The most important cultural elements of Afrikaner attractions

Culture and heritage contribute to South Africa's competitiveness as a tourism destination. By focusing on South Africa's cultural diversity as a unique competitive factor, more tourists can be reached, thereby increasing the impact of South Africa's attraction as a tourist destination. However, cultural tourism is challenging to manage because cultural attractions vary in popularity and attract different types of tourists who want to experience culture differently. Although research has already been done in South Africa to promote cultural tourism, a gap in the literature still needs to be bridged. There is a particular gap in the literature on Afrikaner culture tourism. This study intended to determine which cultural elements attract tourists to Afrikaner cultural attractions. Cultural elements can be depicted and presented at a cultural attraction to give a better understanding of the culture in question. Cultural elements can be evaluated according to the importance of the element within the culture and what contribution the element makes to the cultural attraction. Cultural elements can be divided between tangible and non-tangible cultural elements. Tangible cultural elements can be moving or static but can be physically touched, such as, for example, monuments and clothing. Non-tangible cultural elements cannot be handled but transmit cultures, such as music and language.

This study aimed to perform an empirical analysis to determine which cultural elements should be presented at an Afrikaner cultural attraction in South Africa. The empirical study consisted of an exploratory research design. It was executed by employing the qualitative method, involving 15 research participants who were followers of six Afrikaner cultural attractions on Facebook websites. A semi-structured interview schedule was used to put questions to the research participants. The interview schedule comprised mainly open-ended questions on demographic information, Afrikaner cultural elements and creative principles of tourism. The results were captured via voice recordings, transcribed into Word and categorised in themes and sub-themes according to Creswell's six data analysis steps.

With regard to the demographic profile, most participants were men, with an average age of 44. A high level of education was evident in the respondents. It was clear from the results that the 15 participants visited Afrikaner cultural attractions many times, while 80% of the participants recently visited the Voortrekker Monument. Orania is the most popular Afrikaner cultural attraction for the participants. From participants' answers, the term "cultural elements" can be seen as shared cultural goods with which individuals within a culture can relate and give meaning to the culture because it is essential and unique. The study filled a gap

by determining that tourists want to experience the following cultural elements at an Afrikaner cultural attraction: history, language, music and dance, food, traditional way of life, faith, monuments, traditions, traditional clothing, cultural festivals, handicrafts, artefacts and archaeological remains, cultural values, art, heroes, architecture and traditional houses. Furthermore, the researchers determined the five most important Afrikaner cultural elements: history, language, music and dance, food and the traditional way of life. Within the history-culture element, tourists want to learn about Afrikaner history, from the European heritage to today, the Great Trek and how Afrikaners stand together, and the wars and battlefields of Afrikaner history. The language-culture element's presentation must teach tourists about the origins of Afrikaans; specific Afrikaans words, and Afrikaans literature and drama. The Music and Dance cultural element of the Afrikaner culture must focus on folk plays and folk songs and present contemporary "sokkie" and Afrikaans music for tourists. During their experience of the Afrikaner food culture element, tourists want to learn about traditional foods and ways of food preparation, such as biltong, chutney, koeksisters, bobotie and barbecued meat. According to the participants, the traditional way of life of the Afrikaner must, for tourists, showcase the social and community life, such as storytelling and togetherness around meals, as well as the outdoor life, such as farming activities.

The study's recommendations are aimed at marketers and managers of existing or prospective Afrikaner cultural attractions, academics, and the general public, focusing on Afrikaner cultural tourism. The study filled a gap by determining the most important Afrikaner cultural elements for tourists to experience at an Afrikaner cultural attraction. The literature contribution can also be valuable in practice because it is the first study to offer guidelines as to which Afrikaner cultural elements should be the focus of destination and attraction managers and marketers. The study also recommends that cultural attractions use technology to attract and retain a younger market. It is also essential that attractions make a more significant investment in the training of their staff, seeing that the successful presentation of especially the non-tangible elements is largely linked to the quality training of staff. The study also emphasises that combining cultural and food experiences can give an attraction a competitive advantage. Furthermore, the study's contribution does not have to be limited to Afrikaner culture because unique cultural elements also exist within every other cultural context.

KEYWORDS: tourism, cultural tourism, cultural tourists, cultural attractions, cultural elements, Afrikaner cultural elements, tangible and non-tangible cultural elements, qualitative research, history, language, music and dance, food, and traditional way of life

TREFWOORDE: toerisme, kultuurtoerisme, kultuurtoeriste, kulturele besienswaardig-hede, kultuurelemente, Afrikaner-kultuurelemente, tasbare en ontasbare kultuurelemente, kwalitatiewe navorsing, geskiedenis, taal, musiek en dans, kos en tradisionele leefwyse

OPSOMMING

Die doel van hierdie studie was om te bepaal watter kultuurelemente by 'n Afrikanerkultuur-besienswaardigheid in Suid-Afrika aangebied moet word. Die empiriese studie het 'n verkennende navorsingsontwerp gevolg en is uitgevoer deur die kwalitatiewe metode te volg, met 15 navorsingsdeelnemers. 'n Semi-gestruktureerde onderhoudskedule is gebruik om vrae aan die navorsingsdeelnemers te stel. Die onderhoudskedule het hoofsaaklik bestaan uit oop-

einde vroe en het verband gehou met demografiese inligting, Afrikaner-kultuurelemente en kreatiewe beginsels van toerisme. Die resultate het getoon dat die navorsingsdeelnemers se belangrikste Afrikaner-kultuurelemente die volgende is: *geskiedenis, taal, musiek en dans, kos en tradisionele leefwyse*. Die aanbevelings van die studie is gemik op bemarkers en bestuurders van bestaande of voornemende Afrikanerkultuur-besieningswaardighede, akademici en die algemene publiek, met 'n fokus op Afrikanerkultuurtoerisme.

Inleiding

Gemiddeld 11,03 miljoen toeriste het Suid-Afrika jaarliks tussen 2012 tot 2019 besoek (Statista 2023). Toerisme het in 2019, voor die Covid-19-pandemie, 6,4% tot die Suid-Afrikaanse BBP bygedra (Statista 2023). Hierdie statistiek dui op die belangrikheid van toerisme as deel van die land se ontwikkelingsdoelwitte. Kultuurtoerisme is 'n onweglaatbare komponent hiervan, siende dat die land bekend is vir sy rykdom in kulturele bates (Departement van Toerisme, 2019; Van der Merwe, 2016:120). Kultuur is een van die groot redes waarom toeriste Suid-Afrika besoek (Departement van Toerisme, 2020:8).

Kultuurtoerisme is volgens Richards (2003:6) toerisme waar die toeriste gemotiveerd is om van ander kulture se produkte en prosesse te leer. Du Cros en McKercher (2002:2) meen dat kultuurtoerisme 'n toerismeproduk is, maar ook die bestuur van kulturele erfenis behels. Volgens Griffin *et al.* (2013:13) behels kultuurtoerisme die aktiwiteit waar mense in hulle vrye tyd op soek is na kultureel-gemotiveerde genot, en nuwe inligting en ervarings wat hulle behoefte aan diversiteit en kultuur bevredig. Kultuurtoerisme bied ook 'n gevoel van ontdekking en interkulturele begrip; dit bevorder blootstelling aan kulturele diversiteit, tradisies en gebruike, asook uitvindings oor verskillende leefstyle (Virginija, 2016:140).

Kultuurtoerisme het die potensiaal om baie ekonomiese en sosiale voordele te bewerkstellig, wat uiteindelik 'n sterk invloed op die beeld van 'n land, asook die bewaring van kulturele erfenis het (Ahonen, 2019; Saayman, 2013; Silberberg, 1995; Van der Merwe, 2013). Hierdie subsektor genereer werk, stimuleer die verskaffingsektore van toerisme, en bevorder interaksie (Akinboade & Braimoh, 2010:149; Ivanov & Webster, 2007). Plaaslike kulture en hulle geskiedenis kan dus toerisme in Suid-Afrika bevorder en grootliks bydra tot volhoubare landelike ontwikkeling (Manwa *et al.*, 2016; Marschall, 2005:111; Rogerson & Visser, 2004:204). Die verskeie voordele wat kultuurtoerisme vir Suid-Afrika inhou, dui daarop dat dit belangrik is.

Kultuurtoerisme is egter ook uitdagend om te bestuur, want kulturele besieningswaardighede verskil in gewildheid en lok verskillende tipes kultuurtoeriste wat kultuur op verskillende maniere wil ervaar (Cheng *et al.*, 2007; Du Cros & McKercher, 2002; Pulido-Fernández & Sánchez-Rivero, 2010:125).

In 'n multikulturele samelewing soos Suid-Afrika, is dit moeiliker om alle kulture te prioritiseer, dit kan ook daartoe lei dat minderheidskultuurgroepe se kultuur en erfenis nie bewaar word nie (Kumar, 2011:27; Barker & Moore, 2012). Die Afrikanerkultuurgroep is een van die minderheidskultuurgroepe in Suid-Afrika en hierdie groep se kultuur en erfenis kan tot 'n mate deur toerisme bewaar word (Amador, 2005; Lonardi, 2021; South African Government, 2022). Daar is egter 'n gaping in die literatuur oor Afrikanerkultuur as hedendaagse toerisme-aantreklikheid (Departement van Toerisme, 2019; Manwa *et al.*, 2016; Smith, 2013). Boonop bied die meeste besieningswaardighede slegs statiese aanbiedings van die Afrikanerkultuur aan. Hierdie aanbiedings lok kultuurtoeriste wat in museums en monumente belangstel, maar bied nie toerisme-tevredeheid aan 'n heterogene kultuurtoeristemark nie. Die gevolg is minder

besoekers, terwyl die besienswaardigheid nie behoorlik as 'n hulpbron vir Suid-Afrikaanse kultuurtoerisme ontgin word nie (Manwa *et al.*, 2016), en die erfenis van Afrikaners nie op hierdie manier bewaar en bevorder word nie (Green & Sheyapo, 2018; Saayman, 2013). Hierdie probleem is nie uniek aan die Afrikanerkultuur nie. Moontlike oplossings vir hierdie probleem kan ook waardevol wees binne ander kultuurkontekste wanneer dit as 'n raamwerk van toekomstige navorsing gebruik word.

Alhoewel daar al in Suid-Afrika navorsing gedoen is om kultuurtoerisme te bevorder, voer Van der Merwe (2016:118) aan dat daar nog 'n gaping in die literatuur bestaan as dit gaan om navorsing wat verskillende kulture afsonderlik bekyk. Die beperkte literatuur bevestig hierdie gaping en hierdie studie poog om antwoorde op die volgende probleemstellings te kry:

1. Wat is die demografiese profiel en gedrag van toeriste wat Afrikanerkultuurbesienswaardighede besoek?
2. Wat is die belangrikste kulturelemente van die Afrikaner wat by toeriste-besienswaardighede ten toon gestel moet word?

Agtergrond tot die studie

Om kulturelemente te verstaan, moet daar volgens die literatuur bepaal word wie die kultuurtoeris is en watter tasbare en ontasbare kulturelemente hierdie kultuurtoeriste by kultuurbesienswaardighede wil ervaar. Die volgende gedeelte gee 'n indiepteanalise van hierdie konsepte.

Kultuurtoeris

Volgens Ahonen (2019), Du Cros en McKercher (2002), Duhme (2012), Silberberg (1995) en Sweno (2019) se werk is 'n kultuurtoeris iemand wat tydens sy of haar reis 'n kulturele besienswaardigheid besoek (byvoorbeeld 'n museum, fees of erfenistoer), ongeag wat die rede is vir die reis na die bestemming. Vorige studies dui aan dat die meeste kultuurtoeriste 'n hoë inkomste verdien en 'n hoë vlak van onderrig het (Duhme, 2012; Hughes, 1987; Richards, 2007; Silberberg, 1995; Smith 2003). Studies het ook aangetoon dat daar 'n direkte verband is tussen 'n toeris se vlak van onderrig en sy/haar belangstelling in verskillende kulture (Bilgihan & Cetin, 2016:140). Kultuurtoeriste is geneig om langer by 'n bestemming te bly (Ahonen, 2019:18) en om vêr te reis vir die ervaring waarna hulle op soek is (Duhme, 2012:74).

Die kultuurtoerismemark is egter nie homogeen nie en bestaan uit toeriste met verskillende karaktereienskappe, behoeftes en verwagtinge (Pulido-Fernández *et al.*, 2010:125). Kultuurtoeriste kan byvoorbeeld belangstelling toon in historiese, kunstige, wetenskaplike, leefstyl- of erfenisaanbiedinge van 'n kultuurgroep (Silberberg, 1995).

Die hoofmotiverings om 'n kulturele besienswaardigheid te besoek is opvoedkundig en sosiaal (Ahonen, 2019:17). Kultuurtoeriste wil ontdek en leer terwyl hul 'n gevoel van ontsnapping van die alledaagse lewe ervaar (Richards, 2002; Chen *et al.*, 2015). Duhme (2012:73) stel voor dat kultuurtoeriste 'n ervaring soek wat self-ontwikkeling en -verbetering kan bied. Volgens Ahonen (2019:18) is kultuurtoeriste ook geneig om meer aangetrokke te wees tot kulturele besienswaardighede wat daarna streef om volhoubaar en eko-vriendelik te wees.

Ander studies poog om groepe/segmente van die kultuurtoerismemark te identifiseer (Richards, 2018:4). Vroeë besprekings van kultuurtoerisme het 'n onderskeid getref tussen "algemene" en "spesifieke" kultuurtoeriste. Algemene kultuurtoeriste besoek kulturele besienswaardighede as deel van 'n algemene reiservaring, waar die spesifieke kultuurtoeriste doelgerig reis na 'n bestemming om 'n kulturele besienswaardigheid te besoek (Richards, 1996).

Dit is duidelik uit hierdie afdeling dat kultuurtoeriste 'n diverse mark verteenwoordig met diverse behoeftes en motiverings. Dit was dus nodig om verskillende kultuurelemente te ondersoek wat by 'n kulturele besienswaardigheid teenwoordig kan wees.

Kulturele besienswaardighede en die aanbieding van kultuurelemente


'n Kulturele besienswaardigheid is 'n toerismeproduk (Ahonen, 2019; Blancke, Heintz & Scott-Phillips, 2018; UNWTO, 2020). Die nuutste UNWTO-verslag (2020) definieer 'n toerismeproduk as: "'n kombinasie van tasbare en ontasbare elemente, soos natuurlike, kulturele en mensgemaakte hulpbronne, besienswaardighede, fasiliteite, dienste en aktiwiteite rondom 'n spesifieke tema. Dit verteenwoordig die kern van die bestemming se bemarkingsmengsel en 'n algehele besoekerservaring word geskep. Daarbenewens het 'n toerismeproduk 'n prys, word verkoop deur verspreidingskanale en het 'n lewensiklus". 'n Kulturele besienswaardigheid is dus 'n besienswaardigheid vir toeriste, waar kultuurelemente rondom 'n spesifieke tema aangebied word en die nodige fasiliteite en dienste in 'n vorm van 'n "kultuurproduk" beskikbaar gestel word (Goedhart, Herrijgers & Richards, 2001; UNWTO, 2020; Strydom & Venske, 2010).

Kultuurelemente as deel van die kultuurproduk is daardie elemente waaruit 'n kultuur bestaan. Hierdie elemente kan by 'n kulturele besienswaardigheid uitgebeeld en aangebied word om 'n beter begrip van die betrokke kultuur te gee (Slabbert, 2000; Virginija, 2016; Xu & Yu, 2019:46). Kulturele besienswaardighede is dikwels die totaal van 'n verskeidenheid kultuurelemente wat met mekaar verbind word (Indralaksmi & Riyanti, 2020:35; Xu & Yu, 2019:39). Kultuurelemente kan geëvalueer word volgens die belangrikheid van die element binne die kultuur en watter bydrae die element tot die kulturele besienswaardigheid lewer (Xu & Yu, 2019:39). Om 'n positiewe impak op 'n toeris se ervaring te maak, is dit noodsaaklik vir produkeienaars en bestemmingsbestuursorganisasies om 'n goeie begrip te hê van wat kultuurelemente behels en waaruit dit bestaan (Baum, 2005; Bolan *et al.*, 2017; Harun & Zin, 2018; Jensen & Sorensen, 2015:339; Pattakos *et al.*, 2009; Xu & Yu, 2019).

Kultuurervarings word byvoorbeeld as positief bestempel wanneer kultuurelemente op 'n holistiese wyse aangebied word om sodoende 'n volledige storie wat toeriste kan inlig, betrek en vermaak vertel (National Trust of Australia, 2014; Fan, 2014; Green & Sheyapo, 2018; Xu & Yu, 2019). Kulturele besienswaardighede moet dus nie slegs fokus op kultuurelemente van die verlede nie, maar veral op die hedendaagse gebruik van kultuurelemente, wat op buigsame maniere en in pakkette aangebied word (Al-Ababneh & Masadeh, 2019:110; Boyd & Timothy, 2003:4; Grit, 2013; Kung *et al.*, 2013:154; Rodzi *et al.*, 2013:413). Kultuurelemente word meestal verdeel tussen tasbare en ontasbare elemente, vorige navorsing wat fokus op kultuurelemente word in die volgende afdeling nagegaan.

Tasbare en ontasbare kultuurelemente

Kultuur kan vergestalt word in individue en geïnternaliseer word as kultuurpraktyke en identiteite, maar dit kan ook vergestalt word in fisieke voorwerpe, byvoorbeeld kunswerke (Statistics New Zealand, 2009:10). Tasbare kultuurelemente kan beweeg of staties wees maar kan fisiek aangeraak word (Rodzi *et al.*, 2013:413). Ontasbare kultuurelemente kan nie aangeraak word nie, maar dra steeds kultuur oor (Rodzi *et al.*, 2013:413; Slabbert, 2000). Figuur 1 beeld die tipiese tasbare en ontasbare kultuurelemente wat in vorige navorsing uitgewys word uit:



Figuur 1: *Kultuurelemente*

Bronne: (Ahonen, 2019; Bilgihan & Cetin, 2016; Budiarta, 2018; Doratli *et al.*, 2016; Du Rand & Heath, 2006; Du Toit *et al.*, 2006; George, 2010; Green & Sheyapo, 2018; Harun & Zin, 2018; Indralaksmi & Riyanti, 2020; Ipara, 2002; Ivanovic & Saayman, 2013; Jovicic, 2016; Mokoena, 2019; Nyaupane & Timothy, 2009; Oosthuysen, 2016; Orania Beweging, 2015; Slabbert, 2000; Xu & Yu, 2019)

Dit is duidelik dat die literatuur 'n definitiewe skeiding maak tussen tasbaar en ontasbare kultuurelemente. Die vraag bly egter watter elemente of kombinasie van elemente wil toeriste binne 'n kultuurbesienswaardigheid ervaar. Tasbare kultuurelemente word beklemtoon in die volgende studies. In 'n studie wat fokus op etno-toerisme in Suid-Afrika, stel Slabbert (2000) *handwerk*, *kuns*, *kleredrag* en *argitektuur* as kultuurelemente voor. Bilgihan en Cetin (2016:140) se studie, wat fokus op kultuurtoeriste se ervarings, vind dat *kuns* die belangrikste kultuurelement is. Indralaksmi en Riyanti (2020:26) meen dat die kultuurelemente: *artefakte* en *literatuur* die belangrikste elemente binne kuns en kultuurtoerisme is. In 'n studie wat fokus op kultuurtoeriste binne ontwikkelende lande vind Nyaupane en Timothy (2009:3), *kos*, *argeologiese oorblyfsels*, *monumente*, *museums* en *plase* as die belangrikste tasbare kultuurelemente. Ahonen (2019:13) se studie fokus op toergidse wat *kulturele voorwerpe* en *erfenis-versamelings* as die kultuurelemente staaf.

Da Silva Lopes *et al.* (2019) en Jovicic (2016) betoog egter dat die ontasbare kultuurelemente al hoe belangriker word vir kultuurtoeriste, nadat hul verskeie studies uitgevoer het oor 'n navorsingsagenda vir kreatiewe toerisme, sleutelkwessies van volhoubare toerisme en

onvergeetlike toerisme-ervarings. Die hoofkultuurelemente, wat teenwoordig moet wees by 'n kulturele besienswaardigheid, is volgens Bilgihan en Cetin (2016:140) *musiek, tradisies* en *geskiedenis*. Ahonen (2019:13), Indralaksmi en Riyanti (2020:26), Nyaupane en Timothy (2009:3), en Slabbert (2000) stel ook laasgenoemde voor, maar voeg *dans, taal, geloof, volkseie-kennis/vaardighede, leefwyse* en *feeste* by. Van der Merwe (2016:122) beklemtoon, uit toergidse se perspektief oor kultuurerfenistoerisme, dat die meeste kulturele besienswaardighede gebaseer is op, of geaffekteer is deur 'n *geskiedkundige gebeurtenis*. Xu en Yu (2019:48), wat kultuurelemente in toerisme geanaliseer het, stel ook *helde* voor. Dit is 'n individu of individue wat karaktereenskappe besit wat binne 'n kultuur hoog aangeslaan word en dus as 'n model vir individue van die kultuurgroep se gedrag dien (Hofstede *et al.*, 2010).

Wanneer daar gekyk word na studies oor kultuurelemente in 'n Suid-Afrikaanse konteks, is die outeurs (van hierdie artikel) se bevinding dat die kultuurelemente wat die algemeenste by kulturele besienswaardighede aangebied word, die volgende insluit: *tradisionele behuising, dans, musiek, kos, tradisionele kleredrag, handwerk, storievertelling van volksverhale, taal, geskiedenis, geloof, tradisies, argitektuur, die kulturele leefwyse* en *tradisionele medisyne* (Du Rand & Heath, 2006; Du Toit *et al.*, 2006; Hayward, 2007; Hlabathe, 2014; Ivanovic & Saayman, 2013; Mokoena, 2019; Saarinen, 2016:414). Mokoena (2019) se studie oor die aanbieding van kultuur by 'n Basoeto-kultuurdorpie bewys dat toeriste wat 'n Suid-Afrikaanse kulturele besienswaardigheid besoek, baie waarde aan die kultuurerfing heg, waar hulle kan leer en die kultuur bewaar word.

Dit is vasgestel dat daar verskeie kultuurelemente, uniek aan elke kultuurgroep, is. Hierdie elemente moet op so 'n manier oorgedra word dat dit vir toeriste 'n positiewe kultuurerfing bied (Ahonen, 2019; Duda, 2016; Fadlilah *et al.*, 2019; Griffin *et al.*, 2013).

Kultuurelemente word fisiek aangebied om die beeld van bestemmings te verbeter om toeriste na kulturele besienswaardighede te lok en geleenthede te bied vir interpretasie (Cornelissen, 2005:674, 678, 692; Xu & Yu, 2019:46). Kultuurtoeriste stel al hoe meer in kulturele besienswaardighede belang waar hulle die kultuurgroep se leefwyse, gebruike en alledaagse aktiwiteite kan ervaar. Daar is 'n leemte in literatuur oor watter elemente toeriste wil ervaar wanneer hulle 'n Afrikanerbesienswaardigheid besoek. Die studie van hierdie elemente sal Afrikanerbesienswaardighede se bestuur en bemerkingspanne in staat stel om hulle interpretasie en bemerkingsplanne op hierdie elemente te fokus. Om mededingend te wees vergeleke met ander kultuurbestemmings is dit noodsaaklik om die unieke elemente van die Afrikanerkultuur deur navorsing te bepaal. Die resultate wat in hierdie studie verkry is, kan hiertoe bydra.

Metodologie

Die empiriese studie is kwalitatief van aard in die vorm van semi-gestruktureerde onderhoude met nasionale en internasionale kultuurtoeriste wat al blootgestel was aan 'n besienswaardigheid van die Afrikanerkultuur. Die volgende gedeelte beskryf die data-insameling, onderhoudskedule en die analise van die data.

Metode van data-insameling

Die verkennende navorsingsontwerp word gebruik met die doel om navorsingsdeelnemers se menings in te win om vas te stel wat hulle as belangrike Afrikanerkultuurelemente beskou. Kwalitatiewe navorsing deur middel van 'n semi-gestruktureerde onderhoudskedule is vir die doeleindes van hierdie studie gebruik. Gerieflikheid-steekproefneming is gebruik deur 'n

uitnodiging vir onderhoude op die *Facebook*-blaaie van instansies, soos die Voortrekkermonument, die Nasionale Vrouemonument, die Afrikaanse Taalmonument, die Kasteel de Goede Hoop, Orania en die FAK te plaas. Volgers van die Facebook-blaaie kon dan op die plasing reageer deur die navorser per e-pos of op Facebook te kontak.

Die onderhoude het tussen 1 Junie en 2 Augustus 2021 plaasgevind. Die tuiste van die navorsingsdeelnemers het bepaal of die onderhoud persoonlik, telefonies, of via 'n Internet-vergadering sou geskied. Die navorser het onderhoude gevoer totdat die studie sy unieke versadigingspunt na die 15de deelnemer bereik het (Fusch & Ness, 2015; Townsend, 2013). Die literatuur het voorgestel dat wanneer 12-15 semi-gestruktureerde onderhoude gevoer is, 'n versadigingspunt bereik word (Chen *et al.*, 2020; Creswell, 2007; Padgett, 2012). Ná 15 onderhoude het die deelnemers se antwoorde herhalend geword en was daar beperkte nuwe inligting.

Ontwikkeling van 'n onderhoudskedule

Die onderhoudskedule het bestaan uit oop-einde vrae waar die navorsingsdeelnemer meer geleentheid as die onderhoudvoerder gehad het om te praat. Die onderhoudskedule het bestaan uit drie afdelings, afdeling A & B is van toepassing op die huidige navorsingsartikel:

- A) Demografiese vrae: Verskaf agtergrond rakende die navorsingsdeelnemer (kultuurtoeris van besienswaardighede van die Afrikanerkultuur), aansporingsvrae kan byvoorbeeld ouderdom, beroep en nasionaliteit wees (Kung *et al.*, 2014; Makwindi, 2016; Sweno, 2019).
- B) Kultuurelemente: Die navorser wou eerstens uitvind hoeveel besienswaardighede van die Afrikanerkultuur die deelnemer al besoek het en watter een sy/haar gunsteling is. Die navorser wou ook bepaal watter kultuurelemente by 'n besienswaardigheid van die Afrikanerkultuur vir toeriste belangrik is (Budiarta, 2018; Finlayson, 2018; Griffin *et al.*, 2013; Pattakos *et al.*, 2009; Slabbert, 2000; Yang, 2011). Die navorsingsdeelnemer is gevra om aan die hand van voorbeelde te verduidelik watter vyf kultuurelemente vir hom/haar die belangrikste is om by 'n besienswaardigheid van die Afrikanerkultuur aangebied te word en hoekom.

Data-analise

Die data, wat deur stemopnames vasgevang is, is getranskribeer op 'n Word-dokument. Daarna is Creswell (2009) se stappe gevolg om die data in temas en subtemas te kategoriseer om dit sodoende effektief te kan interpreteer. Die temas en subtemas van die deelnemers se antwoorde op die vrae is in figure uitgebeeld. Die temas en subtemas is deur die navorser geïdentifiseer op grond van deelnemers se antwoorde wat gereeld voorkom en ooreenstem met ander deelnemers se antwoorde. 'n Bondige, omvattende opskrif is aan elke tema en subtema toegeken. Ná die data deur Creswell se ses stappe van data-analise en interpretasie geanaliseer is, is die temas en subtemas in 'n narratiewe vorm voorgestel. Die geloofwaardigheid van die navorsing word geïllustreer deur die kodering en herkodering van die data, sodat die metodologie as toereikend beskou kan word.

Resultate

Die volgende resultate weerspieël die demografiese profiel van die deelnemers en die belangrikste Afrikanerkultuurelemente wat by besienswaardighede aangebied moet word.

Demografiese profiel van navorsingdeelnemers

Die gemiddelde ouderdom van die deelnemers is aangedui as 44 jaar en dit stem ooreen met die literatuur wat aandui dat kultuurtoeriste hoofsaaklik tussen die ouderdomme van 30 en 45 jaar oud is (Ali *et al.*, 2016:90; Bolan *et al.*, 2017:383; Kung *et al.*, 2013:162). Die meeste deelnemers was mans (67%), terwyl die literatuur voorstel dat die kultuurtoerismemark gewoonlik uit 50% mans en 50% vroue bestaan (Spyriadis & Trinchini, 2019:127). Dit is belangrik om te meld dat deelnemers 2, 5, 6 en 10 internasionale kultuurtoeriste is. Deelnemer 11 is 'n Engelssprekende Suid-Afrikaner en deelnemer 13 is 'n Afrikaner wat in die buiteland woon (diaspora). Deelnemer 13 woon al vir vyftien jaar in Amerika. Elf uit die vyftien (73%) deelnemers het 'n universiteitsgraad, van wie ses deelnemers ook nagraadse kwalifikasies het. Laasgenoemde stelling staaf die literatuur wat aandui dat 'n hoë vlak van onderrig 'n prominente kenmerk van kultuurtoeriste is (Duhme, 2012; Hughes, 1987; Richards, 2007; Silberberg, 1995; Smith, 2003; Ali *et al.*, 2016:90; Departement van Toerisme, 2012; Timothy, 2011:27).

Insig in kultuurelemente en besienswaardighede van die Afrikanerkultuur


Dit was belangrik om vas te stel of die deelnemers van die studie wel insig in en ondervinding van Afrikanerkulturbesienswaardighede besit om sodoende in staat te wees om 'n opinie te lewer oor die belangrikste Afrikanerkultuurelement. Ses uit die vyftien (40%) deelnemers het al meer as tien keer besienswaardighede van die Afrikanerkultuur besoek, van wie drie deelnemers meer as 100 keer besienswaardighede van die Afrikanerkultuur besoek het. Die ander nege deelnemers het minder kere 'n Afrikanerkulturbesienswaardigheid besoek, met die kleinste hoeveelheid slegs twee keer. 'n Verskeidenheid van besienswaardighede is deur die deelnemers besoek. Tagtig persent (80%) van die deelnemers het onlangs die Voortrekkermonument besoek, alhoewel Orania die gunsteling Afrikanerkulturbesienswaardigheid vir die deelnemers was.

Die redes wat die deelnemers aanvoer om Orania as die gunsteling besienswaardigheid te bestempel, is dat dit 'n bestemming is waar die lewende Afrikanerkultuur in geheel ervaar kan word. Laasgenoemde stelling onderstreep wat die navorser in die literatuur gevind het rakende kultuurtoeriste se toenemende soeke na meer eerstehandse kultuurervarings (Bolan *et al.*, 2017; Chabra *et al.*, 2003; UNESCO, 2006), asook 'n holistiese benadering van kultuur, deur 'n een-stop-bestemming te besoek (Da Silva Lopes *et al.*, 2019; Duda, 2016; Upadhy & Vij, 2020). Die navorser het 'n vraag gestel om seker te maak dat elke deelnemer by die universele definisie oor wat 'n kultuurelement is, uitkom. Nadat deelnemers die regte begrip van die universele definisie het, kan hulle waardevolle insette by die afdeling oor kultuurelemente lewer, waar gepoog word om vas te stel wat die vyf hoof-Afrikanerkultuurelemente vir elke deelnemer is. Tien uit die vyftien (2, 3, 5, 6, 8, 10, 12, 13, 14, 15) deelnemers (67%) het insig getoon in terme van die definisie, en som dit op as elemente wat oor 'n tydperk 'n kultuur vorm en wat dit uniek maak. Hulle noem byvoorbeeld *kos*, *musiek* of *kleredrag* as voorbeelde van kultuurelemente, soortgelyk aan wat die navorser uit verskeie studies geïdentifiseer het (Doratli *et al.*, 2016; Du Toit *et al.*, 2006; Green & Sheyapo, 2018; Slabbert, 2000). Deelnemer

4 definieer kultuurelemente as verskeie bakens wat aan die kultuur sy betekenis gee, soos *eet-goed*, *sê-goed* en *doen-goed*.

Die belangrikste Afrikanerkultuurelemente

Afdeling B het die vyf belangrikste Afrikanerkultuurelemente, volgens die deelnemers, geïdentifiseer asook watter enkele Afrikanerkultuurelement vir die deelnemers die belangrikste is. Die verskillende kultuurelemente, met die persentasie deelnemers wat daarna verwys het, word in Figuur 2 gestipuleer. Figuur 2 toon verder wat die belangrike temas van die vyf gewildste kultuurelemente is.



Figuur 2: Grafiese voorstelling van die vyf hoofkultuurelemente.

Die navorser het vir elke deelnemer gevra wat vir hom/haar die vyf belangrikste Afrikanerkultuurelemente is wat hy/sy tydens 'n besoek aan 'n besienswaardigheid van die Afrikanerkultuur wil ervaar.

In Figuur 2 kan gesien word dat *geskiedenis* die gewildste kultuurelement is, wat deur elf uit die vyftien (73%) deelnemers as belangrik aangedui is gevolg deur *taal* deur tien uit die vyftien (67%) deelnemers. *Musiek en dans*, en *kos* is gesamentlik die derde gewildste kultuur-

element, waar agt uit die vyftien (53%) deelnemers onderskeidelik hierdie elemente aangedui het. Die *tradisionele leefwyse* word deur sewe uit die vyftien (47%) deelnemers as belangrik aangedui. Alhoewel geloof aangedui word as 'n baie belangrike kultuurelement, word dit nie bestempel as deel van die vyf belangrikste elemente nie. Figuur 3 dui aan watter Afrikaner-kultuurelemente vir toeriste belangrik is:



Figuur 3: Die gewildheid van Afrikanerkultuurelemente.

Figuur 3 dui aan dat negentien verskillende Afrikanerkultuurelemente uitgelig is as belangrik. Die deelnemers is aangespoor om uit te brei en voorbeelde te gee van hulle vyf gekose kultuurelemente. Die verskillende Afrikanerkultuurelemente wat die deelnemers as belangrik aangedui het, word vervolgens bespreek. Dit is belangrik om daarop te let dat die navorser, na aanleiding van die deelnemers se oorvleuelende antwoorde, *musiek en dans* as een kultuurelement groepeer het, asook *argitektuur en tradisionele huise*, en *artefakte en argeologiese oorblyfsels*. Daar is dus sestien kultuurelemente wat voorts bespreek word. Vir die doel van die studie word die vyf belangrikste kultuurelemente volledig bespreek. Na aanleiding van Figuur 3 bespreek die navorser die volgende vyf kultuurelemente volledig: *geskiedenis* (11/15, 73%), *taal* (10/15, 67%), *musiek en dans* (8/15, 53%), *kos* (8/15, 53%) en *tradisionele leefwyse* (7/15, 47%).

Geskiedenis

Die literatuur stel, soos die deelnemers, voor dat kultuurtoeriste waarde daaraan heg om van die *geskiedenis* van 'n kultuur te leer (Timothy, 2011:27). Die elf deelnemers het spontaan uitgebrei oor aspekte van die Afrikaner se *geskiedenis* as kultuurelement wat vir hulle belangrik

is en dit word as temas bespreek, in die volgorde van die tydperke ter sprake: *Vanaf Europese erfenis tot nou, Uithou en saamstaan soos met die Groot Trek, en Slagvelde en oorloë.*

Vanaf Europese erfenis tot nou

Vyf uit die elf (45%) deelnemers (5, 6, 9, 10, 14) het aangedui dat dit belangrik is dat toeriste die Afrikanergeskiedenis vanaf die Europese erfenis (1652) moet verstaan, maar ook hoe dit in geheel gevorm het tot wat dit vandag is.

Uithou en saamstaan soos met die Groot Trek

Ses uit die elf (54%) deelnemers (6, 8, 9, 10, 11, 12) het verwys na die Groot Trek in die Afrikanergeskiedenis, wat hierdie die belangrikste tema binne die geskiedenisfaktor maak (Giliomee, 2020).

Slagvelde en oorloë

Vyf uit die elf (45%) deelnemers (1, 2, 5, 8, 15) het spesifiek verwys na slagvelde en oorloë wat 'n belangrike aspek van die Afrikanergeskiedenis is. Deelnemer 15 sê:

Die geskiedenis gee perspektief, en slagvelde is soos monumente.

Taal

Die literatuur en die deelnemers het *taal* as 'n belangrike kultuurelement aangedui, wat unieke kulturele eienskappe van die kultuurgroep weerspieël (George, 2010; Noonan & Rizzo, 2017; Strydom & Venske, 2010:25). In die geval van die Afrikanerkultuurgroep het die bewustheid van 'n eie taal, Afrikaans, ook gepaard gegaan met die bewuswording van 'n eie volksidentiteit (Jordaan, 2009:43). Dit is daarom sinvol om volledig te bespreek wat die deelnemers graag van die Afrikaanse taal aangebied wil hê: *Die herkoms van Afrikaans, Spesifieke Afrikaanse woorde en Literatuur en drama.*

Die herkoms van Afrikaans

Drie uit die tien (30%) deelnemers (2, 3, 14) het aangedui dat hulle belangstel in die herkoms van die Afrikaanse taal. Deelnemers 2 en 3 wil veral die taal hoor, saam sing en leer van die herkoms van Afrikaanse idiome.

Spesifieke Afrikaanse woorde

Dertig persent van die deelnemers (4, 12, 14) wil graag spesifieke Afrikaanse woorde leer, hetsy gewilde sê-goed (Lekker, aitsa, gedoriewaar), of juis onbekende woorde.

Literatuur en drama

Drie uit die tien (30%) deelnemers (2, 12, 13) het dit nodig geag om melding te maak van literatuur en drama binne die taal as kultuurelement. Volgens die deelnemers dra Afrikaanse literatuur (12) en drama (13) by tot die uniekheid van die Afrikaner se taalkultuurelement. Verder beklemtoon deelnemer 2:

Die Bybel is die belangrikste literatuurbron vir die Afrikaner en dit moet so aangebied word vir toeriste.

Musiek en dans

Musiek en dans is ontasbare kultuurelemente, maar dra steeds kultuur oor (Doratli *et al.*, 2016; George, 2010; Rodzi *et al.*, 2013:413; Slabbert, 2000). Alhoewel musiek en dans in die literatuur afsonderlik beskou word, het die deelnemers se gesamentlike verwysing na musiek en dans die navorser daartoe gelei om dit as een kultuurelement te bespreek. Musiek kan kulturele erfenis en tradisies oordra, veral deur kulturele danse, op die maat van die musiek (Nyaupane & Timothy, 2009; Strydom & Venske, 2010:26). Die volgende drie temas word aangebied in die volgorde wat sinvol is vir die tydperke waaraan dit gekoppel word (van oud tot nuut).

Volkspede en volksliedjies

Drie uit die agt (38%) deelnemers (3, 9, 12) het spesifiek na volkspede en volksliedjies verwys, omdat dit aspekte van die Afrikanerkultuur kan oordra en 'n genotvolle aktiwiteit vir toeriste kan wees. Deelnemer 9 beklemtoon die belangrikheid van volkspede, wanneer hy sê:

Geskiedkundige gebeure en die tradisionele man-en-vrou-verhouding van die Afrikanerkultuur kan uitgebeeld word deur volkspede.

Boeredans en boeremusiek

Vyftig persent van die deelnemers (4, 9, 12, 13) het klem geplaas op tradisionele boeredans en boeremusiek. Dit is volgens hulle eie aan die Afrikanerkultuur en die verskillende instrumente en musiek-maak-tegnieke kan vir toeriste interessant wees – byvoorbeeld 'n boeorekles wat gebruik maak van die konsertina, kitaar, viool, trekklavier, banjo en ander instrumente (Afolayan, 2004:248; De Klerk, 2008; Fourie, 2019).

Hedendaagse sokkie en Afrikaanse musiek

Vier uit die agt (50%) deelnemers (3, 10, 12, 13) het melding gemaak van hedendaagse Afrikaanse musiek en dans (sokkie) as deel van die Afrikaner se musiek-en-dans-kultuurelement.

Deelnemer 12 voeg by:

Die hedendaagse musiek wat aangebied word, moet elemente van tradisionele boeremusiek vervat, soos die konsertina, en dit moet deel vorm van die manier waarop toeriste die Afrikanerdans (sokkie) kan leer en ervaar.

Kos

Deelnemers (3, 4, 7, 11, 12, 13, 14, 15) se insette ondersteun die literatuur wat aandui dat *kos* as 'n kultuurelement beskou word wat toeriste se ervarings by 'n kultuurbesienswaardigheid kan verbeter deur die tradisies rondom kosmaak en die bediening van kos (Du Rand & Heath, 2006; Ivanovic & Saayman, 2013; Mokoena, 2019; Saarinen, 2016:414; Strydom & Venske, 2010:28; UNESCO, 2006). Die temas wat die navorser na aanleiding van die deelnemers se insette kon identifiseer, is juis: *Tradisionele en voorbereiding van Afrikanerkossoorte.*

Tradisionele Afrikanerkossoorte

Al agt deelnemers (100%) wat kos as 'n belangrike kultuurelement aangedui het, het spesifiek verwys na tradisionele kossoorte omdat dit uniek is aan die Afrikanerkultuur. Deelnemers 3, 4, 7, 11, 12, 13, 14 en 15 verwys na spesifieke tradisionele Afrikanerkossoorte, soos: *melktert, beskuit, pap en vleis, malvapoeding, bredie, koeksisters* en *braaivleis*, wat deelnemer 15 as “ikonies” beskryf.

Kosvoorbereiding

Drie uit die agt (38%) deelnemers (4, 7, 11) dink die manier waarop Afrikaners kos voorberei, is belangrik en uniek, soos om groente en vrugte in te lê, te pekel, en biltong te maak (7), mampoer te stook en bier te brou (4). Daar is verder 'n sosiale aspek rondom Afrikaners se kosvoorbereiding wat vir die deelnemers boeiend is, soos deelnemer 4 uitlig:

Afrikaners se samesyn draai om kos, byvoorbeeld die kuier rondom die braaivleisvuur waar die kos voorberei word.

Tradisionele leefwyse

Die Afrikaner se *tradisionele leefwyse* is deur sewe deelnemers (1, 5, 6, 7, 10, 11, 15) uitgelig en bevestig sentimente in die literatuur dat dit 'n gewilde kultuurelement is, omdat dit vir hulle 'n egte, eerstehandse ervaring kan bied van hoe die kultuurgroep leef (George, 2010; Richards, 2011; Yang, 2011:564). Die temas binne tradisionele leefwyse wat betekenisvol is, is: *sosiale- en gemeenskapslewe* en *buiteluglewe*.

Sosiale- en gemeenskapslewe

Ses uit die sewe (86%) deelnemers (3, 6, 7, 10, 11, 15) ag die sosiale- en gemeenskapslewe van Afrikaners 'n belangrike deel van die tradisionele leefwyse. Afrikaners se sosialisering word uitgewys as storievertelling om braaivleisvure en sokkie, terwyl die belangrikheid van familie as 'n sosiale eenheid ook uitgelig word. Deelnemer 3 verwys spesifiek na die algemene manier van lewe en stel voor:

'n Afrikanerkultuurbesienswaardigheid moet 'n lewendige Afrikanergemeenskap uitbeeld, of in 'n lewendige gemeenskap gebaseer wees.

Buiteluglewe

Deelnemers (7,10) wil graag buitelugaktiwiteite, soos jag en boerdery, by 'n besienswaardigheid van die Afrikanerkultuur ervaar, omdat dit vandag nog deel vorm van die Afrikaner se tradisionele leefwyse. Alhoewel hierdie statisties nie 'n sterk tema is nie, vorm die buiteluglewe 'n belangrike deel van die Afrikaner se tradisionele leefwyse en dit moet aan toeriste geopenbaar word (Hermann, 2020:15).

Die ander elf kultuurelemente

Die doelwit van die studie, wat deur Afdeling B nagestreef word, was om die vyf belangrikste Afrikanerkultuurelemente wat by 'n Afrikanerkultuurbesienswaardigheid aangebied moet

word, te bepaal en dit is in die voorafgaande gedeelte gedoen. Die navorser het egter die elf ander kultuurelemente, wat ook deur 'n kleiner hoeveelheid deelnemers uitgelig is, opgesom. Geloof (40%), monumente (33%), tradisies (40%) en kleredrag (27%) kan nog as addisioneel, statisties betekenisvol bydra tot die inligting oor kultuurelemente.

Hoofbevindinge en aanbevelings

In terme van probleemstelling 1, toon die resultate dat die meerderheid deelnemers mans is met 'n gemiddelde ouderdom van 44 jaar en 'n hoë vlak van onderrig. In terme van die deelnemers se gedrag was dit duidelik dat die deelnemers 'n groot aantal kere Afrikaner-kultuurbesienswaardighede besoek het. Hierdie profiel stem ooreen met die kultuurtoerisprofiel wat in vorige navorsing gekry is, wat bevind dat Afrikanerkultuurbesienswaardighede nie 'n unieke mark, enig in sy soort trek nie. Hierdie bevinding skep die geleentheid om 'n jonger mark te ontgin vir hierdie sektor. Bemarking vir die huidige sowel as die potensiele mark is van uiterste belang vir die voortbestaan van die Afrikanerkultuurbesienswaardighede. Die gebruik van tegnologie en sosialemediaplatforms is veral belangrik tydens bemarking aan kultuurtoeriste. Dit is belangrik dat die jeug blootgestel word aan besienswaardighede van die Afrikanerkultuur, en ander vorme van kultuur om sodoende nuuskierigheid en lojaliteit te kweek. Vroeë blootstelling aan kultuurbesienswaardighede blyk ook 'n sleutelrol te speel. Kinders wat op 'n jonger ouderdom saam met hulle ouers aan besienswaardighede blootgestel word, is meer geneig om dit meer gereeld in die toekoms by te woon, wat 'n groot invloed op die volhoubaarheid van hierdie besienswaardighede het (Kruger & Saayman, 2015). Dit is belangrik dat Afrikanerkultuurbesienswaardighede hul eie sosialemediaplatforms (Instagram, Facebook, TikTok en Twitter) moet hê, waar die volgers deur die oë van 'n besoeker die aanbiedinge van die besienswaardigheid kan sien, deur byvoorbeeld met 'n vlog (videoblog) saam verby verskillende kultuurelemente te “stap”. Hierdie tegnologiese benadering sal interaktiwiteit en blootstelling bevorder en die jeug bereik.

Met betrekking tot probleemstelling 2, is daar gevind dat *geskiedenis, taal, musiek en dans, kos* en *tradisionele leefwyse* die vyf belangrikste kultuurelemente is wat toeriste wil ervaar. Die kombinasie van hierdie elemente en die spesifieke Afrikanergrondslag binne elkeen van hierdie elemente is eie aan hierdie studie en beklemtoon die belangrikheid om nie algemene afleidings te maak wanneer 'n kultuurbesienswaardigheid bestuur of bemark word nie.

Daar is gevind dat *geskiedenis* die belangrikste kultuurelement is en dit het ook deurlopend as tema by die meeste van die kultuurelemente gefigureer. Dit is daarom belangrik dat 'n holistiese uitbeelding, met geskiedenis as middelpunt, by die besienswaardigheid aangebied word. Bestemmingsbestuurders moet egter 'n wisselwerking tussen geskiedenis en hedendaagse Afrikanerpraktyke aanbied, om sodoende nie net te wys vanwaar die kultuur kom nie, maar ook hoe dit tot op hede ontwikkel het. Die meeste kultuurbesienswaardighede is geneig om die geskiedenis op staties tradisionele wyses, deur middel van inligtingsborde en pamflette oor te dra. Die wisselwerking tussen Afrikaners se geskiedenis en hedendaagse lewenstyl kan deur middel van interpretasiesentrums met behulp van video's, virtuele tegnologie, storievertelling, rolspel en interaktiewe tydlyne oorgedra word.

Die derde bevinding gegrond op die resultate toon dat ontasbare kultuurelemente (*taal, musiek en dans, tradisionele leefwyse*) vir toeriste meer aantreklik is. Hierdie resultaat sluit aan by Da Silva Lopes *et al.* (2019) en Jovicic (2016) wat aandui dat die ontasbare kultuurelemente al hoe belangriker word vir kultuurtoeriste. Ontasbare kultuurelemente se suksesvolle aanbieding is grootliks gekoppel aan die kwaliteit opleiding van personeel. Dit is noodsaaklik

dat Afrikanerkulturbesienswaardighede asook ander kulturbesienswaardighede meer geld investeer in en tyd bestee aan die opleiding van personeel. Opleiding is veral nodig in terme van die akkurate weergee van inligting en ook hoe om die inligting op 'n kreatiewe en innemende manier oor te dra. Dit is egter belangrik dat kulturbesienswaardighede se bestuurders ook besef dat die kombinasie van verskillende kultuurelemente, beide tasbaar en ontasbaar, goed georganiseerd aangebied moet word en 'n holistiese oorsig van 'n kultuur aangebied moet word.

Tradisionele Afrikanerkossoorte is deur al die respondente aangedui as een van die belangrikste kultuurelemente. Kos is 'n simboliese kultuurelement wat die waardes van die samelewing weerspieël en bydra tot toeriste se kultuurervarings (Du Rand & Heath, 2006; Strydom & Venske, 2010:28; UNESCO, 2006). Die kombinasie van kos- en kultuurtoerisme kan 'n mededingende voordeel vir besienswaardighede bewerkstellig. Besienswaardighede kan in samewerking met plaaslike voedselverskaffers aangebied word om aan toeriste die geleentheid te bied om tradisionele kos by die besienswaardigheid te eet of dit by 'n gedenk-winkel aan te koop om saam huis toe te neem. Die restaurant kan ook kos-werkswinkels aanbied, waar toeriste kan leer van verskillende tradisionele Afrikanerkossoorte en hoe dit voorberei word (soos koeksisters vleg, brood in 'n miershoop bak, biltong maak en pannekoek bak).

Gevolgtrekking

Die doel van die studie was om die kultuurelemente binne toerisme te analiseer en te bepaal watter van hierdie tasbare en ontasbare elemente vir toeriste die belangrikste is om by 'n Afrikanerkulturbesienswaardigheid aan te bied.

Die kultuurelemente wat uitgelig is, was die volgende: *geskiedenis, taal, musiek en dans, kos, tradisionele leefwyse, geloof, monumente, tradisies, tradisionele kleredrag, kulturfeste, handwerk, artefakte en argeologiese oorblyfsels, kulturele waardes, kuns, helde, argitektuur en tradisionele huise*. Hierdie elemente kan die ervaring by 'n kulturbesienswaardigheid positief beïnvloed. Van die belangrikste elemente wat uitgelig is, was ontasbare kultuurelemente en veral *geskiedenis* wat in beide kategorieë kan val. Die artikel het bevind dat tasbare en ontasbare Afrikanerkultuurelemente geïntegreer moet word omdat die een die ander aanvul. Dit is van groot belang dat Afrikanerkulturbesienswaardighede op hedendaagse tendense moet fokus, veral om 'n jonger mark te lok.

Die studie dra by tot die literatuur en kan waardevol in praktyk wees omdat dit die eerste studie is wat riglyne bied in terme van watter Afrikanerkultuurelemente aangebied moet word en die belangrike aspekte daarvan uitlig. Die Afrikanerkultuur is uniek, met 'n ryk erfenis, en moet bewaar en bevorder word deur 'n doelbewuste kultuurervaring te ontwikkel waar kultuurtoeriste van regoor die wêreld dit op 'n egte wyse kan ervaar en leer ken. Verder hoef die studie se bydrae nie beperk te word tot die Afrikanerkultuur nie, omdat kultuurelemente binne elke ander kultuurkonteks ook bestaan en dat toeriste inderdaad op soek is na unieke kultuurervarings.

Toekomstige navorsing en studiebeperkings

Alhoewel hierdie studie bydra tot literatuur deur te wys watter kultuurelemente vir toeriste belangrik is wanneer hulle 'n Afrikanerkulturbesienswaardigheid besoek, is dit ook belangrik om te bepaal hoe hulle hierdie elemente wil ervaar. Hierdie bevindinge kan vir toerismepro-

dukbestuurders praktiese riglyne bied om te bepaal watter kultuurelemente aangebied moet word en hoe om elke kultuurelement optimaal aan te bied om 'n waardevolle leerervaring by die besienswaardigheid te verseker.

Dit is ook belangrik om vergelykings te tref tussen verskillende tipes toeriste. Dit sluit toeriste uit verskillende ouderdomsgroepe, internasionale besoekers, diaspora en plaaslike inwoners van verskillende kultuurgroepe in Suid-Afrika in. Dit sal voordelig wees om 'n kwantitatiewe marksegmenteringsanalise te doen waar kultuurtoeriste in homogene groepe verdeel word en daar dan pasgemaakte bestuur- en bemarkingstrategieë vir elke segment ontwikkel word.

In terme van die studiebeperkinge is dit belangrik om te noem dat verdere studie noodsaaklik is voor enige finale bevindings gemaak kan word. Die outeurs lê klem op die feit dat hierdie studie se resultate en bevindinge breedweg inligting vanuit 'n spesifieke groep respondente voorsien, die resultate is daarom nie bepalend nie. Vir meer deurslaggewende resultate sal die navorsing 'n groter steekproef van verskillende toeriste moet insluit en nie net toeriste wat toegang het tot sosiale media nie. Dit is belangrik dat 'n meer omvattende populasie deel vorm van die navorsing om 'n meer wesenlike bydrae te maak.

BIBLIOGRAFIE

- Afolayan, F. 2004. *Culture and customs of South Africa*. London: Greenwood Publishing Group.
- Ahonen, T. 2019. Guide perspective to product development in cultural tourism: Case Provincial Museum of Lapland. Rovaniemi: Lapland University of Applied Sciences. (Verhandeling – BA). <https://www.theseus.fi/handle/10024/171145>.
- Al-Ababneh, M & Masadeh, M. 2019. Creative cultural tourism as a new model for cultural tourism. *Journal of Tourism Management Research*, 6(2):109-118.
- Ali, F, Hussain, K. & Ryu, K. 2016. Influence of experiences on memories, satisfaction and behavioral intentions: a study of creative tourism. *Journal of Travel & Tourism Marketing*, 33(1):85-100.
- Amador, LMG. 2005. Tourism and Policy in Preserving Minority Languages and Culture: The Cuetzalan Experience. *Review of Policy Research*, 22(1):49-58.
- Barker, GG & Moore, AM. 2012. Confused or multicultural: Third culture individuals' cultural identity. *International Journal of Intercultural Relations*, 36(4):553-562.
- Baum, T. 2005. Making or breaking the tourist experience: the role of human resource management. *The Tourist Experience*, 25(1):94-111.
- Bilgihan, A & Cetin, G. 2016. Components of cultural tourists' experiences in destinations. *Current Issues in Tourism*, 19(2):137-154.
- Blancke, S, Heintz, C & Scott-Phillips, T. 2018. Four misunderstandings about cultural attraction. *Evolutionary Anthropology: Issues, News & Reviews*, 27(4):162-173.
- Bolan, P, Hollywood, L, Kempiak, J. & McMahon-Beattie, U. 2017. The heritage tourist: an understanding of the visitor experience at heritage attractions. *International Journal of Heritage Studies*, 23(4):375-392.
- Budiarta, IP. 2018. The cultural characteristics of international tourists. *International Journal of Applied Sciences in Tourism & Events*, 2(1):19-31.
- Chabra, D, Healy, R & Sills, E. 2003. Staged authenticity and heritage tourism. *Annals of Tourism Research*, 30(3):702-719.
- Chen, M, Guest, G & Namey, E. 2020. A simple method to assess and report thematic saturation in qualitative research. *PLoS One*, 15(5): e0232076. doi:10.1371/journal.pone.0232076.
- Cheng, CK, Kim, H & O'Leary, JT. 2007. Understanding participation patterns and trends in tourism cultural attractions. *Tourism Management*, 28(5):1366-1371.
- Cornelissen, S. 2005. Producing and imaging 'place' and 'people': the political economy of South African international tourist representation. *Review of International Political Economy*, 12(4):674-699.
- Creswell, JW. 2007. *Qualitative inquiry & research design: choosing among five approaches*. 2nd ed. Thousand Oaks: Sage Publications.

- Creswell, JW. 2009. *Research design: qualitative, quantitative and mixed methods approach*. 3rd ed. California: Sage.
- Da Silva Lopes, H, Freitas, I, Gôja, R, Matos, O, Pereira, M, Remoaldo, P & Ribeiro, V. 2019. In: Duxbury & Richards (eds). *A research agenda for creative tourism*. London: Edward Elgar Publishing, pp. 167-181.
- De Klerk, R. 2008. Die Afrikaanse volksang- en volkspelebeweging as draer van 'n bepaalde Afrikaner-identiteit. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Verhandeling – MMus). <http://hdl.handle.net/10394/25085>.
- Departement van Toerisme (Suid-Afrika). 2012. *National heritage and cultural tourism strategy*, https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/201409/national-heritage-and-cultural-tourism-strategy.pdf [04 Februarie 2021].
- Departement van Toerisme (Suid-Afrika). 2019. *Tourism factsheet: South African tourism performance*. Johannesburg: SAT.
- Departement van Toerisme (Suid-Afrika). 2020. *National tourism sector strategy*. Johannesburg: SAT.
- Doratli, N, Moradiahari, F, Mousavi, SN & Mousavi, SS. 2016. *Defining cultural tourism*. Paper presented at the International Conference on Civil, Architecture and Sustainable Development, London. <https://namp.americansforthearts.org/sites/default/files/DefiningCulTourism.pdf> [21 April 2021].
- Du Cros, H & McKercher, B. 2002. *Cultural tourism: the partnership between tourism and cultural heritage management*. New York: Routledge.
- Duda, T. 2016. In: Marak, Wyrzykowski & Szymczak (eds). *Tourism role in the regional economy, vol 7*. Wrocław: University of Business.
- Duhme, L. 2012. *Cultural tourism: case study Portugal*. Hamburg: Diplomica Verslag.
- Du Rand, GE & Heath, E. 2006. Towards a framework for food tourism as an element of destination marketing. *Current Issues in Tourism*, 9(3):206-234.
- Du Toit, ASA, Mearns, MA & Mukuka, G. 2006. Conservation of indigenous knowledge at cultural villages: an exploratory study. *Mousaion*, 24(1):23-50.
- Fadlilah, A, Naim, NJ, Rahmawati, FD & Rozi, F. 2019. Developing Traji Tourism Village in Temanggung, Indonesia through SWOT analysis. *Advances in Economics, Business & Management Research*, 103:107-112.
- Fan, H. 2014. Branding a place through its historical and cultural heritage: the branding project of Tofu Village in China. *Place Branding & Public Diplomacy*, 10(4):279-287.
- Finlayson, K. 2018. *Wie is ek? A study of Afrikaner identity in New Zealand*. Albany: Massey University. (Proefskrif – MA). <http://hdl.handle.net/10179/15089>.
- Fourie, P. 2019. Die missie van tradisie. <https://maroelamedia.co.za/afrikaans/die-missie-van-tradisie/> [16 Februarie 2021].
- Fusch, PI & Ness, LR. 2015. Are we there yet? Data saturation in qualitative research. *The Qualitative Report*, 20(9):1408.
- George, WE. 2010. Intangible cultural heritage, ownership, copyrights, and tourism. *International Journal of Culture, Tourism & Hospitality Research*, 40(4):376-388.
- Goedhart, S, Herrijgers, C & Richards, G. 2001. In Richards (ed.). *Cultural attractions & European tourism*. New York: CABI, pp. 71-89.
- Green, I & Sheyapo, M. 2018. Creative cultural tourism for Namibia: opportunities and challenges. *Almatourism – Journal of Tourism, Culture & Territorial Development*, 9(9):181-194.
- Griffin, K, Morpeth, N & Raj, R. 2013. *Cultural tourism*. Boston: CABI International.
- Grit, A. 2013. Embodied houses and the initiation of hospitality experiences in the Zuiderzee Museum. *Research in Hospitality Management*, 2(1-2):17-20.
- Harun, SN & Zin, MRM. 2018. Assessing the rural cultural significance for heritage tourism development in Perak Tengah district. *Malaysian Journal of Sustainable Environment*, 4(1):37-56.
- Hayward, B. 2007. Repackaging the past and commodifying culture: constructing heritage in “cultural villages” in post-apartheid South Africa. *Undercurrent Journal*, 4(1):22-29.
- Hermann, D. 2020. *Ons sal self*. Pretoria: Kraal Uitgewers.
- Hlabathe, N. 2014. Exploring the authenticity of Lesedi Cultural Village: a local tourist's perception. Johannesburg: University of Johannesburg. (Verhandeling – PhD).

- Hofstede, G, Hofstede, GJ & Minkov, M. 2010. *Cultures and organizations: software of the mind*. 3rd ed. New York: McGraw-Hill.
- Hughes, H. 1987. Culture as a tourist resource: a theoretical consideration. *Tourism Management*, 8(3):205-216.
- Indralaksmi, AG & Riyanti, MT. 2020. Sukuh temple as arts and cultural tourism in central Java. *International Journal of Management Studies & Social Science Research*, 2(3):24-53.
- Ipara, H. 2002. In: Akama & Sterry (eds). *Conference proceedings*. Proceedings of the ATLAS Africa International Conference, Mombasa, Kenya. Arnheim: ATLAS, pp. 95-108.
- Ivanov, S & Webster, C. 2007. Measuring the impact of tourism on economic growth. *Tourism Economics*, 13(3):379-388.
- Ivanovic, M & Saayman, M. 2013. Telling or selling? Experiencing South African cultural heritage tourism products. *African Journal for Physical Health Education, Recreation & Dance*, 19(3):72-186.
- Jensen, JF & Sorensen, F. 2015. Value creation and knowledge development in tourism experience encounters. *Tourism Management*, 46:336-346.
- Jordaan, A. 2009. Die bloekomboom as metafoor in die Afrikaanse taalruimte. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 21(1):39-52.
- Jovicic, D. 2016. Cultural tourism in the context of relations between mass and alternative tourism. *Current Issues in Tourism*, 19(6):605-612.
- Kruger, M & Saayman, M. 2015. Consumer preferences of Generation Y: Evidence from live music tourism event performances in South Africa. *Journal of Vacation Marketing*, 21(4):366-382.
- Kumar, C. 2011. Multiculturalism in a global society: minority rights and justice. *Research on Humanities and Social Sciences*, 1(3):21-32.
- Kung, SF, Luh, DB & Tan, SK. 2013. A model of 'creative experience' in creative tourism. *Annals of Tourism Research*, 41:153-174.
- Kung, SF, Luh, DB & Tan, SK. 2014. A taxonomy of creative tourists in creative tourism. *Tourism Management*, 42:248-259.
- Lonardi, S. 2021. Minority languages and tourism: a literature review. *Journal of Heritage Tourism*, 2021:1-15.
- Makwindi, N. 2016. The role of authenticity in Lesotho cultural tourism: a study of Thaba Bosiu and Morija. Johannesburg: University of Johannesburg. (Verhandeling – PhD).
- Manwa, H, Moswete, N & Saarinen, J. 2016. *Cultural tourism in Southern Africa*. Buffalo: Channel View Publications.
- Marschall, S. 2005. Making money with memories: the fusion of heritage, tourism and identity formation in South Africa. *Historia*, 50(1):103-122.
- McKercher, B, Mei, WS & Tse, TS. 2006. Are short duration cultural festivals tourist attractions? *Journal of Sustainable Tourism*, 14(1):55-66.
- Mokoena, LG. 2019. Cultural tourism: cultural presentation at the Basotho cultural village, Free State, South Africa. *Journal of Tourism & Cultural Change*, 18(4):470-490.
- National Trust of Australia. 2014. *Towards a better practice in effective heritage interpretation*. Brisbane: National Trust of Australia.
- Noonan, DS & Rizzo, I. 2017. Economics of cultural tourism: issues and perspectives. *Journal of Cultural Economics*, 41:95-107.
- Nyaupane, GP & Timothy, DJ. 2009. *Cultural heritage and tourism in the developing world – a regional perspective*. London: Routledge.
- Oosthuysen, CM. 2016. Die trekos en trektoerusting in Suid-Afrika: 'n historiese perspektief. Potchefstroom: NWU. (Skripsie – MA).
- Orania Beweging. 2015. *Wat is kultuur? En wat is Afrikaner-kultuur?* <https://orania.co.za/wat-is-kultuur-en-wat-is-afrikaner-kultuur/> [02 April 2020].
- Padgett, DK. 2012. *Qualitative methods in social work research*. London: Sage.
- Pattakos, A, Pratt, S & Wurzbarger, R. 2009. *Creative tourism, a global conversation*. Santa Fe: Sunstone Press.
- Pulido-Fernández, JI & Sánchez-Rivero, M. 2010. Attitudes of the cultural tourist: a latent segmentation approach. *Journal of Cultural Economics*, 34(2):111-129.

- Richards, G. 2001. *Cultural attractions and European tourism*. Oxon: CABI International.
- Richards, G. 2003. What is cultural tourism? In: Van Maaren, A. red. *Erfgoed voor toerisme*. Naarden: Nationaal Contact Monumenten, pp. 1-15.
- Richards, G. 2007. *Cultural tourism: global and local perspectives*. Hove: Psychology Press.
- Richards, G. 2011. Creativity and tourism: the state of the art. *Annals of Tourism Research*, 38(4):1225-1253.
- Rodzi, NIM, Zaki, SA & Subli, SMHS. 2013. Between tourism and intangible cultural heritage. *Procedia-Social & Behavioral Sciences*, 85:411-420.
- Rogerson, CM & Visser, G. 2004. Researching the South African tourism and development nexus. *GeoJournal*, 60:201-215.
- Saarinen, J. 2016. Cultural tourism and the role of crafts in Southern Africa: the case of craft markets in Windhoek, Namibia. *Tourism: an International Interdisciplinary Journal*, 64(4):409-418.
- Saayman, M. 2013. *En route with tourism: an introductory text*. 4th ed. Cape Town: Juta.
- Silberberg, T. 1995. Cultural tourism and business opportunities for museums and heritage sites. *Tourism Management*, 16(5):361-365.
- Slabbert, E. 2000. Kernaspekte rakende etnotoerisme in Suid-Afrika. Potchefstroom: NWU. (Skripsie – Honneurs).
- Smith, M. 2003. *Issues in cultural tourism studies*. London: Routledge.
- Smith, SJ. 2013. Monumentalising language: visitor experience and meaning making at the Afrikaanse Taalmonument. Lismore: Southern Cross University. (Verhandeling – PhD).
- South African Government. 2022. *South Africa's people*. <https://www.gov.za/about-sa/south-africas-people> [26 Januarie 2022].
- Spyriadis, T & Trinchini, L. 2019. In: Katsoni (ed.). *Smart tourism as a driver for culture and sustainability*. New York: Springer, pp. 451-465.
- Statistics New Zealand. 2009. *Culture and identity statistics domain plan draft for consultation*. Wellington: Statistics New Zealand.
- Statista. 2023. *Number of overnight international tourists in South Africa from 2012 to 2021*. <https://www.statista.com/statistics/300683/number-of-tourists-in-south-africa/> [22 April 2023].
- Strydom, AJ & Venske, E. 2010. Culture as a marketing mechanism for international tourists to South Africa. *Journal for New Generation Sciences*, 8(1):248-271.
- Sweno, F. 2019. Tourists' expectations of their encounter with indigenous communities in the context of indigenous tourism. Lund University. (Proefskrif – MA).
- Timothy, DJ. 2011. *Cultural heritage and tourism: an introduction*. Bristol: Channel View Publications.
- Townsend, K. 2013. *Saturation and run off: how many interviews are required in qualitative research*. https://www.anzam.org/wp-content/uploads/pdf-manager/5_ANZAM-2013-002.PDF [02 Oktober 2020].
- UNESCO. 2006. *The global alliance for cultural diversity: understanding creative industries*. <http://www.ico-d.org/connect/features/post/229.php> [17 Augustus 2020].
- Upadhya, A & Vij, M. 2020. Information Resources Management Association. (ed). *Destination management and marketing: breakthroughs in research & practice*. Hershey, PA: IGI Global, pp. 763-783.
- Van der Merwe, CD. 2013. The limits of urban heritage tourism in South Africa: the case of Constitution Hill, Johannesburg. *Urban Forum*, 24(1):573-588.
- Van der Merwe, CD. 2016. Tourist guides' perceptions of cultural heritage tourism in South Africa. *Bulletin of Geography. Socio-economic Series*, 118(34):117-130.
- Virginija, J. 2016. In Butowski (ed.). *Tourism: from empirical research towards practical application*. London: IntechOpen.
- Xu, H & Yu, X. 2019. Cultural heritage elements in tourism: a tier structure from a tripartite analytical framework. *Journal of Destination Marketing & Management*, 13:39-50.
- Yang, L. 2011. Ethnic tourism and cultural representation. *Annals of Tourism Research*, 38(2):561-585.

Die laaste geografies omvattende kulturele viering van Afrikaans: Die fakkelloop tydens die Taaljaar 1975¹

The last geographically inclusive cultural celebration of Afrikaans: The torch run of the Language Year 1975

JANNIE ROSSOUW

Besoekende professor: Wits-Besigheidskool
Universiteit van die Witwatersrand
Johannesburg
Suid-Afrika
E-pos: jannie.rossouw@wits.ac.za



Jannie Rossouw

JANNIE ROSSOUW is 'n besoekende professor by die Wits-Besigheidskool aan die Universiteit van die Witwatersrand. Hy het aan die einde van 2020 uitgetree as tussentydse hoof van die Wits-Besigheidskool en was voorheen by die SA Reserwebank en by Unisa werksaam. Hy dien as lid van die Oudit- en Risikokomitee van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl. Hy is ook 'n raadslid van die SAAkademie vir Wetenskap en Kuns en die ondervoorsitter van die Akademie se Oudit- en Risikokomitee.

JANNIE ROSSOUW is a visiting professor at the Wits Business School of the University of the Witwatersrand. At the end of 2020 he stepped down as interim head of the Wits Business School. He previously was employed at the SA Reserve Bank and at Unisa. He serves as a member of the Audit and Risk Committee of the Afrikaans Language Museum and Monument in Paarl. In addition, he is a board member of the SA Academy of Science and Arts and the vice-chairman of its Audit and Risk Committee.

¹ Die outeur bedank dr. Danie Langner van die FAK en die Voortrekkerbeweging, me. Chantelle de Kock van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument, me. Zabeth Botha, argivaris van die Erfenisstigting, en mnr. Eksteen Theron vir hul hulp met hierdie navorsing. Die outeur bedank ook die anonieme keurders vir hul nuttige kommentaar. Enige foute of weglatings bly egter die outeur se verantwoordelikheid.

Datums:

Ontvang: 2022-10-13

Goedgekeur: 2023-02-19

Gepubliseer: Junie 2023

ABSTRACT***The last geographically inclusive cultural celebration of Afrikaans: The torch run of the Language Year 1975***

This paper views the torch run (fakkelloop) in 1975 that ended with the inauguration of the Afrikaans Language Monument in Paarl on 10 October 1975. While the Afrikaans Language Monument and the Afrikaans Language Museum receive considerable attention in the literature, scant information about the torch run is recorded in a structured manner, even though it was of wide cultural and geographical significance.

The torch run was organised as part of the Afrikaans language festivities of 1975, the year having been declared Language Year (Taaljaar) by the South African government. The Language Year commemorated, inter alia, the founding a century earlier, on 14 August 1875, of the Genootskap van Regte Afrikaners (GRA, or Fellowship for True Afrikaners) in Paarl, the elevation of Afrikaans to the status of official language 50 years later in 1925, and the opening of the museum and inauguration of the Monument in Paarl in 1975.

The torch run comprised people carrying torches, in commemoration of the Language Year, over long distances in South Africa and the then South-West Africa (today Namibia) and Rhodesia (today Zimbabwe). Eight language torches were lit at the Voortrekker Monument in Pretoria on 14 August 1975. Each torch was carried on a different route through South Africa, South-West Africa and Rhodesia. The torches arrived at the Afrikaans Language Monument in Paarl on 10 October 1975 for the opening ceremony of the Monument on that day.

While the Afrikaans Language Monument in Paarl is well-known, very little is known about other structures celebrating the Afrikaans language all over South Africa (and one in Namibia). These commemorative structures take the form of monuments, memorial plaques and even a primary school, but they (other than the primary school, which obviously is not in the form of a monument) are not comparable in scale with the Monument in Paarl.

The oldest language monument in South Africa is in Burgersdorp and was erected in 1893 in commemoration of the acceptance of the Dutch language as a parliamentary language in the former Cape Colony. Two Afrikaans language monuments (in Kroonstad and Welkom) were erected as part of the celebrations in 1959 known as Die Wonder van Afrikaans (The Wonder of Afrikaans). Taaljaar Primary School (Laerskool Taaljaar) in Witbank (today eMalahleni) was opened in that year as well. The aim of Die Wonder van Afrikaans was the celebration of the 50th anniversary of the SA Akademie vir Wetenskap en Kuns (SA Academy for Science and Arts), founded in 1909, and the 30th anniversary of the Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK, or Federation of Afrikaans Cultural Societies), founded in 1929.

As part of the Taaljaar 1975, a number of structures commemorating the Afrikaans language were erected throughout South Africa. The unveilings took place at language and cultural festivals when a Taaljaar torch was carried through the cities and towns concerned. These commemorative structures are scattered randomly throughout the country and take the form of monuments and memorial plaques. One monument celebrating Afrikaans was unveiled in 2014 in Namibia as well.

There are records of commemorative structures in the form of plaques or monuments erected during the Taaljaar in Aberdeen, Belfast, Burgersfort, Delareyville, East London, Ermelo, Johannesburg, Lichtenburg, Makhado (Louis Trichardt), Montagu, Ohrigstad, Petrus Steyn, Reddersburg, Reitz, Riebeeck-Kasteel, Springbok, Trompsburg, Touws River, Ventersdorp and Worcester. Some records are incomplete, but they do suggest that such structures may have been erected (or may have existed) in Ladismith (Western Cape), Meyerton, Milnerton, and Trompsburg.

Many years after the Taaljaar, on 8 November 2014, an Afrikaans language monument was erected in Windhoek in Namibia. The FAK was instrumental in erecting this monument.

The torch run was the last geographically comprehensive cultural commemoration of Afrikaans. In scope it is comparable with national festivals such as the 1938 Symbolic Great Trek, the laying of the cornerstone of the Voortrekker Monument (also in 1938) and the inauguration of the Voortrekker Monument in 1949.

The history of the torches and the torch run is the focus of this research paper. The torch run is inextricably linked to the language memorials unveiled during the Taaljaar and the cultural language festivals arranged in many cities and towns. This was the last time that Afrikaans was celebrated on a national scale. The torch run itself was a major success, but after 1975 the domestic environment in the country changed considerably.

The Soweto uprising of 1976 against the compulsory use of Afrikaans in schools in black communities drastically changed sentiments towards the language. Afrikaans became politicised, and, in addition, the introduction of television in South Africa in 1976 changed the appetite of Afrikaans speakers for language and cultural activities.

KEY WORDS: Afrikaans; Afrikaans Language Museum and Monument; language memorials; language monument for the Dutch language; language monuments; language museum; Language Year; Namibia; Rhodesia; South West-Africa; torch run; Zimbabwe

TREFWOORDE: Afrikaans; Afrikaanse Taalmuseum en -monument; fakkelloop, Namibië; Rhodesië; Suidwes-Afrika; taalgedenktekens; Taaljaar, taalmonument vir die Nederlandse taal; taalmonumente; taalmuseum; Zimbabwe

OPSOMMING

Hierdie artikel fokus op die fakkelloop met “taalfakkels” wat op 10 Oktober 1975 by die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl geëindig het om saam te val met die inwyding van die Monument. Terwyl die Afrikaanse Taalmonument en die Afrikaanse Taalmuseum (beide in die Paarl) heelwat aandag in die literatuur geniet, is daar, ondanks die wye geografiese en kulturele omvang van die fakkelloop, min gestruktureerde inligting daaroor beskikbaar.

Die fakkelloop het deel uitgemaak van die Afrikaanse taalfeeste in 1975, ’n jaar wat deur die Suid-Afrikaanse regering tot *Taaljaar* verklaar is. Die oogmerk van die Taaljaar was onder meer die herdenking van die stigting ’n eeu vroeër, op 14 Augustus 1875, van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in die Paarl, die erkenning van Afrikaans as amptelike taal 50 jaar later in 1925, en die opening van die Museum en inwyding van die Monument in die Paarl gedurende die Taaljaar.

Uit die navorsing wat vir hierdie artikel gedoen is, blyk die wye geografiese en kulturele effek van die fakkelloop, selfs buite die grense van Suid-Afrika. Voorts is taalfeeste in verskeie dorpe en stede in Suid-Afrika georganiseer, wat saamgeval het met die aankoms van taalfakkels by daardie feeste. Afrikaanse taalgedenkstrukture is ook op verskeie van die dorpe en stede waar die taalfakkels aangedoen het, onthul.

Die fakkelloop was ’n groot sukses en het die verbeelding van mense aangegryp. Dit het op 14 Augustus 1975 simbolies by die Voortrekkermonument begin. By daardie geleentheid is agt taalfakkels aangesteek wat elk na een van die agt stigterslede van die GRA vernoem is. Die taalfakkels is oral deur Suid-Afrika gedra en het selfs besoeke aan die destydse Suidwes-Afrika (tans Namibië) en Rhodesië (tans Zimbabwe) ingesluit.

Die fakkelloop was die laaste geografies omvattende kulturele viering van Afrikaans. In omvang staan dit gelyk met nasionale feeste soos die Simboliese Ossewatrek in 1938, wat die Groot Trek herdenk het, die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument (ook in 1938) en die inwyding van die Voortrekkermonument in 1949.

Die Soweto-opstand van 1976 teen onderrig in Afrikaans het sentimente teenoor die taal aansienlik verander. Afrikaans het verpolitiseer geraak, en die koms van televisie in Suid-Afrika in 1976 het ook die aptyt van Afrikaanssprekendes vir taal- en kultuuraktiwiteite verander.

1. Inleiding²

Hierdie artikel gee 'n oorsig van die fakkelloop met agt taalfakkels wat op 10 Oktober 1975 by die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl geëindig het en saamgeval het met die inwyding van die Monument. Die Afrikaanse Taalmonument en die Afrikaanse Taalmuseum geniet heelwat aandag in die literatuur (sien byvoorbeeld Van Zyl & Rossouw, 2016; Rossouw, 2022a), maar min inligting is oor die fakkelloop beskikbaar, al was dit geografies en kultureel wyd van omvang.

Die fakkelloop het deel uitgemaak van die Afrikaanse taalfeeste in 1975, 'n jaar wat die destydse Suid-Afrikaanse regering tot Taaljaar verklaar het. Die Taaljaar se oogmerk was die herdenking van die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) 'n eeu tevore, op 14 Augustus 1875, die verheffing van Afrikaans tot amptelike taalstatus 50 jaar later in 1925, en die opening van die Museum en inwyding van die Monument in die Paarl gedurende die Taaljaar (Van Zyl & Rossouw, 2016).

Die agt taalfakkels is op 14 Augustus 1975 by die Voortrekkermonument in Pretoria aangesteek. Hierdie geleentheid het bekend gestaan as *Die Afrikaanse Taalmonument: Aanvangsfees*. Figuur 1 is 'n afbeelding van die voorblad van die program wat vir daardie geleentheid gedruk is

Die taalfakkels is op verskillende roetes deur Suid-Afrika, Suidwes-Afrika (vandag Namibië) en Rhodesië (vandag Zimbabwe) gedra. Hierdie navorsing doen verslag oor die wye geografiese en kulturele uitwerking van die fakkelloop en die taalfakkels, selfs buite die grense van Suid-Afrika. Taalfeeste wat in verskeie dorpe en stede in Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en Rhodesië georganiseer is, het saamgeval met die aankoms van 'n taalfakkel by so 'n fees. Gedenkstrukture wat Afrikaans gedenk, is ook onthul op verskeie van die dorpe en stede waar die taalfakkels aangekom het (Rossouw, 2022b).

Die struktuur van die artikel is soos volg: Die gebrek aan literatuur oor die fakkelloop word in afdeling 2 bespreek. Afdeling 3 verskaf 'n perspektief op die organisatoriese agtergrond in die aanloop tot en tydens die fakkelloop. Afdeling 4 fokus op die fakkelloop self. Afdeling 5 oorweeg redes waarom die Taalfees van 1975 die laaste geografies omvattende kulturele viering van Afrikaans was. Taalgedenkstrukture word in afdeling 6 bespreek. Die gevolgtrekkings volg in afdeling 7.

² Die artikel weerspieël die persoonlike siening en mening van die outeur en moet nie aan die Afrikaanse Taalmuseum en -monument, die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns of aan die Universiteit van die Witwatersrand toegeskryf word nie.



Figuur 1: Afbeelding van die voorblad van die program vir die Afrikaanse taalfees op 14 Augustus 1975

(Bron: Privaat versameling van mnr. ABE Eksteen)



Figuur 2: Een van die taalfakkels

(Bron: Afrikaanse Taalmuseum, waar die taalfakkels in bewaring is)

2. Literatuuroorsig

Daar is omvattende literatuur beskikbaar oor die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl, hoewel die fokus dikwels die Monument, eerder as die Museum is. Die Monument is opvallender en baie bekender as die Museum (Van Zyl & Rossouw, 2016:298). Hierteenoor het die fakkelloop van 1975 in die vergetelheid verval.

Die Afrikaanse Taalmonument is die enigste struktuur of gebou in Suid-Afrika wat opgeneem is in 'n boek wat die wêreld se 500 mees ikoniese argitektoniese strukture bespreek (Cattermole, 2008:383). Dit beteken egter nie dat die Monument se voorkoms nie omstrede is nie. Die Afrikaanse skrywer Breyten Breytenbach se beskrywing van die Monument is 'n "penis van beton", terwyl ander verwysings ook na die Monument as falliese simbool gemaak is (Huigen, 2008:156). Coombes (2003:46) verklaar dat mnr. Hardy Botha, die destydse hoof van die Daljosafat-Kunststiging, die Monument as 'n "mausoleum", 'n "lifeless monstrosity" en 'n "disgusting thing" beskryf het.

Van Zyl en Rossouw (2016) en Rossouw (2022a) beskryf hoe omstrede die Monument voor en tydens die oprigting daarvan was en dui ook aan dat die omstredenheid steeds voortduur. Histories was die terrein wat vir die oprigting van die Monument gekies is, die funksie van die Monument (indien enige) en die simboliek van die Monument omstrede sake. Besonder omstrede was politieke struwelinge in die aanloop tot die opening, spesifiek omdat aanvanklik beplan is om sekere taal- en rassegroepe van die opening uit te sluit. Bronne soos Beningfield (2004); Beningfield (2006), De Klerk (1974), Hendricks en Dyers (2016), Huigen (2008), Le Cordeur (2010), Pakendorf (1992), *Sunday Times* (1975), Van Rensburg (2012), Van Zyl (2013) en Van Zyl (2020) bespreek verskillende omstrede aspekte van die Monument, die gedrag van sommige mense (selfs leiersfigure) in die tydperk voor die oprigting van die Monument en die politieke polemieke oor die beplande opening van die Monument.

Meer onlangs was die Monument omstrede weens die voorstel wat deur die destydse Minister van Sport, Kuns en Kultuur, mnr. Nathi Mthethwa, geopper is dat 'n naamsverandering oorweeg behoort te word (Heyns, 2022; Nienaber, 2022; Parliamentary Question, 2022). Hoewel die vroeëre polemieke en omstredenheid grotendeels besweer is, is die laaste woord in die debat oor die naamsverandering nog nie gespreek nie (Rossouw, 2022a).

Die Afrikaanse Taalmuseum word gehuisves in die huis in Pastorielaan 14, Noorder-Paarl, wat voorheen aan mnr. Gideon Malherbe behoort het. Die GRA is op 14 Augustus 1875 in hierdie huis gestig. Daar is met minagting na die stigterslede van die GRA verwys as skoolmeestertjies en Dalse wynboertjies (Von Wielligh, 1926:58).

Die stigterslede van die GRA was mnre. A Ahrbeck, CP Hoogenhout, DF du Toit (Daantjie Dokter)³ en DF du Toit (Oom Lokomotief), ds. SJ du Toit, en mnre. G Malherbe (eienaar van die huis), PJ Malherbe⁴ en SG du Toit. DF du Toit (Oom Lokomotief) en SJ du Toit was broers en DF du Toit (Daantjie Dokter) was hul neef (D'Assonville, 1999). SJ du Toit het as leier van die GRA na vore getree en was voorsitter tydens die tweede GRA-vergadering op 25 September 1875.

³ Die oorsprong vir die bynaam is dat Du Toit dikwels 'n medisynetassie, soortgelyk aan wat mediese dokters destyds gebruik het, by hom gedra het. Volgens familie-oorlewering was daar brandewyn in die tassie wanneer Du Toit gereis het, wat herinner aan die opmerking oor Dalse wynboertjies. Hy het 'n druiwe- en vrugteplaas besit, maar was ook 'n drukker van beroep en het onder meer gedien as bestuurder van die drukkerij en uitgewersfirma Du Toit & Kie.

⁴ Die outeur is 'n agterkleinseun van PJ Malherbe.

Volgens D'Assonville (1999:69) was die stigtingsvergadering van die GRA "... 'n geheime vergadering ...". Die rede vir geheimhouding het egter nie met die te stigte GRA te make gehad nie, maar met spanning in die Noorder-Paarl-gemeente naby Malherbe se huis, waar ds. SJ du Toit na verwagting op 16 Augustus 1875 as leraar beroep sou word (D'Assonville, 1999:69), soos ook gebeur het.

Die huis is in 1971 deur die Afrikaanse Taalmonumentkomitee (ATMK) aangekoop met die oog op die inrigting van 'n huismuseum en 'n museum vir die Afrikaanse taal. Die huis het in 1971 as Westfalen bekend gestaan, maar is in 1975 herdoop tot Huis Gideon Malherbe, die medestigterslid van die GRA (*Die Afrikaanse Taalmuseum*, 2015). Een fokuspunt van die Museum is navorsing oor die Afrikaanse taal en sake wat daarmee in verband staan (*Die Afrikaanse Taalmuseum*, 2015). Die Museum is op 14 Augustus 1975 deur mnr. Johnny Malherbe, Gideon Malherbe se oudste oorlewende seun, geopen (*Die Burger*, 1975).

In teenstelling met die Monument is die Museum nie omstrede nie: nie ten tyde van die aankoop en inrigting daarvan nie, en vandag steeds nie. Trouens, teenoor die forse voorkoms van die Monument moet die Museum deurlopend waak daarteen om nie vergeet te word nie. Gevolglik is veel meer literatuur oor die Monument as oor die Museum beskikbaar. Die Museum speel nietemin 'n belangrike rol as taalnavorsingsinstituut en huisves 'n argivale versameling.

Terwyl literatuur oor die Monument en Museum beskikbaar is, bestaan daar ongelukkig min gestruktureerde literatuur oor die fakkelloop van 1975. Slegs enkele bronne meld die fakkelloop, byvoorbeeld Geldenhuys (1974:10-11) en Nienaber (1975:42-45). Die gebrek aan literatuur of omvattende navorsing oor die fakkelloop en sake wat daarmee saamhang, is verbasend, aangesien die aanvanklike beplanning 'n publikasie oor die fakkelloop en gepaardgaande taalfeste ingesluit het.

Die Sekretaris van die Afrikaanse Taalmonumentkomitee (ATMK), mnr. JB Espach, het op 21 November 1975 in 'n brief aan mnr. ABE (Eksteen) Theron, een van die taalfakkelloep-organiseerders (sien die bespreking wat volg) te kenne gegee dat "... die Taalmonumentkomitee besluit het dat daar 'n gedenkboek oor die fakkelooptogte en taalfeste geskryf moet word" (Theron-brief, 1975). Voorts dui Espach aan dat 'n paneel van drie lede vir hierdie doel byeengeroep is, met prof. FC Fensham as sameroeper. Espach se verwagting was dat daar vroeg in 1976 met die oog op die publikasie weer met die taalfakkelloep-organiseerders kontak gemaak sou word (Theron-brief, 1975).

In 'n persoonlike onderhoud met die outeur op 26 September 2022 het Theron aangedui dat daar ná ontvangs van hierdie brief geen verdere kontak met hom oor hierdie onderwerp was nie. By wyse van e-poskorrespondensie met dr. Charles Fensham van die Universiteit van Toronto in Kanada, en seun van prof. FC Fensham, is vasgestel dat die beoogde publikasie onder leiding van laasgenoemde, soos Espach in die vooruitsig gestel het, nooit verskyn het nie (e-poskorrespondensie met dr. Charles Fensham, 27 September 2022).

Afgesien van enkele dokumente in die argief van die Afrikaanse Taalmuseum in die Paarl is geen literatuur oor die fakkelloop, gepaardgaande taalfeste en taalgedenkstrukture in enige naslaanbiblioteek, argief of soortgelyke bron gevind nie. Navrae by die argiewe van *Huisgenoot*, Media24 (*Beeld* en *Die Burger*) en die NG Kerk in Stellenbosch het geen inligting oor hierdie onderwerp aan die lig gebring nie. Gevolglik fokus die navorsing op hierdie leemte in die literatuur.

Die literatuuroorsig toon duidelik dat die argivale bewaring van dokumentasie en aantekening van besluite en gebeure van bepalende belang is wanneer groot projekte van stapel gestuur word. Volledige rekords maak latere geskiedskrywing moontlik.

3. Organisasoriese struktuur

Die fakkelloop en gepaardgaande taalfeste moet beskou word binne die konteks van die organisatoriese struktuur wat uiteindelik tot die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl gelei het. Op 14 Augustus 1942 is daar op inisiatief van die Historiese Monumentekommisjie 'n byeenkoms by die historiese begraaftaak op Kleinbosch in die Paarl gehou. Op dié byeenkoms is 'n oproep gedoen dat 'n monument opgerig word, 'n oproep wat die proses begin het wat in 1975 tot voltooiing gekom het (Van Zyl, 2020). In 1942 is die ATKMK dus in die Paarl gestig, wat die bal aan die rol gesit het vir die oprigting van die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl (Van Zyl & Rossouw, 2016).

In 1963 is die sekretariële verpligtinge van die ATKMK deur die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond (ATKB) oorgeneem. Laasgenoemde is in 1993 by die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) ingelyf. Hierdie geskiedenis is opgeteken in die ATKMK se ongepubliseerde notules van 1942 tot 1975, wat in die argief by die Afrikaanse Taalmonument gehuisves word. Ongelukkig is die notules nie volledig nie; notules van sekere vergaderings ontbreek. Voorts is die sakelyste en begeleidende dokumentasie wat vir vergaderings van die ATKMK opgestel is, onvolledig in die argief opgeneem.

Die ATKMK het 'n fondsinsamelingsveldtog vir die oprigting van die monument van stapel gestuur. Die Suid-Afrikaanse regering het mettertyd meer belangstelling in die werksaamhede van die ATKMK getoon, en wel in so 'n mate dat 1975 tot Taaljaar verklaar is. Hugo (2009:109) verklaar dat die destydse Nasionale Party-regering die inwyding van die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl gekeer het as 'n simbool van Afrikanernasionalisme. Die verklaring van 1975 tot Taaljaar staan binne hierdie konteks.

Dit blyk uit die notules van die ATKMK wat wel behoue gebly het, dat die ATKMK teen daardie tyd nie meer die proses beheer het nie. Die notules toon dat 'n hele reeks komitees gevorm is om die opening van die museum en monument, asook gepaardgaande bedrywighede te koördineer.

Die ATKMK het op 'n fakkelloop as deel van die Taaljaar-feesvierings besluit. Die verantwoordelikheid vir die fakkelloop is deur die ATKB aanvaar. Die ATKB het die Voortrekkerbeweging om hulp genader, onder meer omdat "talle fakkeldraers benodig word" (Langner, 2021:176).

Ten 1975 het 'n feesorganisasiestruktuur reeds ontwikkel, wat kortliks soos volg voorgestel kan word:

Beskermheer:	Adv. BJ Vorster, die Eerste Minister
Volkskomitee:	Sen. J de Klerk, President van die Senaat, as voorsitter.
Taalfeswerkskomitee:	Ds. JS Gericke, voormalige moderator van die NG Kerk, as voorsitter
Sekretariaat:	ATKB, met mnr. JB Espach van die ATKB as sekretaris

Subkomitees wat verantwoordelikheid vir bedrywighede aanvaar het, met hul voorsitters/organiseerders was die Amfiteaterkomitee (mnr. PJ du P Killian), Boukomitee (adv. PR de Villiers), Brosjureskomitee (mnr. D Jordaan), Feesdirektoraat (kol. CA Swart), Koördinerende Terreinkomitee, Museumkomitee, Paarl-Oos-komitee (mnr. JW Botha), Plaaslike Feeskomitee (mnr. JWH Meiring, LPR), Programkomitee (adv. PR de Villiers), Protokolkomitee (ds. JS Gericke), Verfraaiingskomitee (dr. EF Beukman), Verkeerskomitee (mnr. J Coetzer) en Verversingskomitee (mnr. PJ du P Killian) (inligting versamel uit beskikbare notules van die ATKMK).

4. Die fakkelloop

Geldenhuis (1974:10-11) het op 10 Augustus 1974 namens die sekretariaat van die ATMK gerapporteer dat die ATMK op 31 Januarie 1974 besluit het om die ATKB aan te wys as “... die liggaam wat plaaslike taalfeeste, fakkellope en die voorbereiding vir die feestelikhede moet beplan en van stapel moet stuur.” Voorts het Geldenhuis (1974:10) gerapporteer dat die ATKB aangewys is as die organisasie wat die program vir die feestelikhede moet opstel.

Die fakkelloop het op 14 Augustus 1975 by die Voortrekkermonument in Pretoria begin (Hugo, 2010). Soos wat die geval met die opening van die Monument in die Paarl op 10 Oktober 1975 was, het die simboliese vertrek van die taalfakkels ook ’n omstrede politieke saak geword. In ’n baie laat stadium is besluit om ook die bruin Afrikaanssprekende gemeenskap by die feesviering te betrek en die eerste beplanningsvergadering om deelname te verseker, is eers op 8 Julie 1975 gehou (sien Notule van vergadering van ’n Buitengewone Koördinerende Beplanningskomitee rakende kleurlingdeelname aan die verrigtinge op 14 Augustus 1975, 1975). By hierdie geleentheid is daar kennis geneem dat bruin mense wel nog by die beplande bestaande program vir die verrigtinge op 14 Augustus 1975 betrek kan word.

Tydens die geleentheid by die Voortrekkermonument is agt taalfakkels by die vlam in die nis van die Voortrekkermonument aangesteek. Die vlam in die nis se oorsprong is ’n fakkelloop deur die Voortrekkers wat die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1938 voorafgegaan het.

Nienaber (1975:42) beskryf die fakkelloop en die gepaardgaande taalfeeste as die sewende (en tweede landswye) taalfees. Volgens Nienaber (1975:43) was die eerste taalfees in 1893, met die opening van die taalmonument in Burgersdorp. Nienaber (1975:43-44) identifiseer nog vyf taalfeeste wat daarna gevier is. Die tweede fees was in 1907, met die herinwyding van dieselfde monument in Burgersdorp ná die restourasie daarvan. Die derde en die vierde taalfees is in 1913 deur Afrikaanse studente in onderskeidelik Kaapstad en Bloemfontein gevier, met die handhawing van Afrikaans as die tema. Die vyfde taalfees is in 1916 in Willowmore gevier, met die tema van eendragtigheid oor die Afrikaanse taal, ten spyte van politieke verskille. Die sesde en eerste landswye taalfees was *Die Wonder van Afrikaans* in 1959. Nienaber (1975:42) beskryf die taalfeeste wat in 1975 saam met die fakkelloop plaasgevind het, as die sewende taalfees.

Nienaber (1975:42-46) meld nie die taalfees wat in 1933 in Burgersdorp gehou is nie. Die fees is deur sowat 1 500 mense bygewoon, by welke geleentheid die Taalmonument heronthul is ná die verskuiwing vanaf Jubileepark na Markplein (tans Burgerplein), die huidige standplaas (Van Rooyen, 1975:11). Dit is ook opvallend dat Nienaber (1975:42-46) nie die Langenhoven-feeste van 1973 (Kannemeyer, 1976:51-61) as ’n taalfees meld nie. Hy meld ook nie die taalfeeste van 1969 nie, wat deur Geldenhuis (1974:10-11) gerapporteer word. Volgens Geldenhuis (1974:10-11) is ’n reeks taalfeeste in Augustus 1969 gevier en “... op 17 Oktober 1969 het alle kinders in die Republiek en Suidwes-Afrika hul bydraes gebring toe taalfeeste in alle skole gevier is”. Carstens en Raidt (2019:582-583) stel die historiese fout deur Nienaber (1975:42-46) reg en meld voorts dat “(i)n 1969 ’n reeks taalfeeste in die land plaasgevind ... (het) ... met as doel die insamel van fondse om ’n Taalmonument vir Afrikaans te kan oprig.” Afgesien van die Afrikaanse taalfeeste wat hier bo gemeld word, identifiseer Carstens en Raidt (2019:582-583) ook Afrikaanse taalfeeste wat op 9 en 10 Augustus 1918 in Riversdal gehou is, landswye feeste in 1925 toe Afrikaans as amptelike taal aanvaar is, ’n taalfees wat in 1944 in die Paarl gehou is, taalfeeste in 1950 om die 75e herdenking van die stigting van die GRA te vier, en taalfeeste in 1973, nogmaals met die oog op fondsinsameling vir die oprigting van die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl.

Die agt taalfakkels is na die agt stigterslede van die GRA vernoem en sewe van die agt fakkels het langs verskillende roetes oral deur Suid-Afrika gereis. Van die Voortrekkermonument af het die fakkels na die uithoeke van Suid-Afrika en na die destydse Suidwes-Afrika (tans Namibië) en Rhodesië (tans Zimbabwe) vertrek, voordat dit op 10 Oktober 1975 by die Monumentterrein in die Paarl gearriveer het.

Die DF du Toit-fakkels (Oom Lokomotief) het deur die destydse Suidwes-Afrika gereis, voordat die grens na Suid-Afrika oorgesteek is (*Die Suidwes-Afrikaner*, 1975a; *Die Suidwes-Afrikaner*, 1975b). Die ander DF du Toit-fakkels (Daantjie Dokter) se reis was selfs interessanter, omdat dit ook die destydse Rhodesië ingesluit het, soos hier onder bespreek word.

Die fakkelsroetes was soos volg (*Stellalander*, 1975):

- Roete 1, DF du Toit-fakkels (Oom Lokomotief): Van Grootfontein af oor Tsumeb, Otjiwarongo, Okahandja, Windhoek, Keetmanshoop, Springbok, Vanrhynsdorp en Piketberg tot in die Paarl.
- Roete 2, DF du Toit-fakkels (Daantjie Dokter): Met 'n ompad deur Rhodesië van Messina (tans Musina) af oor Pietersburg (tans Polokwane), Pretoria, Zeerust, Kakamas, Calvinia en Touwsrivier tot in die Paarl.
- Roete 3, SG du Toit-fakkels: Van Groblersdal af oor Pretoria, Ventersdorp, Bloemhof, Kimberley, De Aar, Beaufort-Wes, Laingsburg en Worcester tot in die Paarl.
- Roete 4, SJ du Toit-fakkels: Van Komatipoort af oor Carolina, Ermelo, Heidelberg, Parys, Heilbron, Bloemfontein, Colesberg, Graaff-Reinet, Willowmore, Oudtshoorn en Worcester tot in die Paarl.
- Roete 5, CP Hoogenhout-fakkels: Van Ohrigstad af oor Lydenburg (tans Mashishing), Middelburg, Delmas, Springs, Johannesburg, Standerton, Harrismith, ThabaNchu, Queenstown (tans Komani), Cradock, Willowmore, Oudtshoorn en Worcester tot in die Paarl.
- Roete 6, G Malherbe-fakkels: Van Amsterdam in Mpumalanga (tans eMvelo) af oor Volksrust, Vryheid, Estcourt, Pietermaritzburg, Durban, Port Shepstone, Matatiele, Indwe, Oos-Londen, Port Elizabeth (tans Gqeberha), Mosselbaai, Swellendam en Stellenbosch tot in die Paarl.
- Roete 7, PJ Malherbe-fakkels: Van Kaapstad af tot in die Paarl.

Die A Ahrbeck-fakkels is direk vanaf die Voortrekkermonument na die Paarl geneem vir hantering soos hier onder bespreek word.

Sekere dorpe en stede was op die roete van meer as een taalfakkels, byvoorbeeld Worcester. In so 'n geval is die plaaslike taalfees beplan vir die datum waarop meer as een taalfakkels op besoek was. Roetes is dienooreenkomstig beplan.

Die DF du Toit-fakkels (Daantjie Dokter) is per vliegtuig van die Voortrekkermonument af na Salisbury (vandag Harare in Zimbabwe) geneem (De Klerk-verslag, 1975). Die fakkels het op 16 Augustus 1975 in Salisbury aangekom by geleentheid van 'n taalfees wat deur die Genootskap van Rhodesiese Afrikaners (GRA) georganiseer is. Die DF du Toit-fakkels is gebruik om die Rhodesiese fakkels aan die brand te steek (De Klerk-verslag, 1975). Die Rhodesiese fakkels is op drie roetes deur die land gedra. Een van die Rhodesiese fakkels is saam met die DF du Toit-fakkels na Beitbrug gedra, van waar dit na Messina is om sy Suid-Afrikaanse reis te begin. Soos in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, is Afrikaanse taalfeeste ook op verskillende dorpe aangebied wanneer die fakkels daar aangekom het.

Die Afrikaanssprekende bevolking van die destydse Rhodesië in 1975 word op sowat 35 000 geraam (Hendrich, 2013). Met so 'n groot Afrikaanssprekende bevolking was dit

moontlik om Afrikaanse taalfeeste te organiseer. Sedertdien het die Afrikaanssprekende bevolking aldaar skerp afgeneem. Teen 1984 was daar na raming slegs sowat 15 000 Afrikaanssprekendes in Zimbabwe oor (Hendrich, 2013) en sedertdien het die Afrikaanssprekende bevolking deurlopend afgeneem. Teen 2013 is Zimbabwe se Afrikaanssprekende bevolking op minder as 12 000 geraam.

Vir elke taalfakkel is 'n roeteorganiseerder aangestel. Die organiseerders was hoofsaaklik onderwysers wat van hul onderrigverpligtinge losgemaak is vir die tydsduur van die fakkelloop. Die roeteorganiseerders was mnre. A Botha, J de Villiers,⁵ PJ Jacobs en MP Roos, kol. CA Swart, en mnre. ABE Theron, MHC Visser en HP Wessels. Theron het besonder baie hulp met hierdie navorsing verleen.

Theron het die verantwoordelikhede van die roeteorganiseerders op versoek van die outeur uiteengesit. Volgens Theron was die verantwoordelikhede van die sewe roeteorganiseerders soos volg, wat die nasionale omvang en logistiek van die fakkelloop in perspektief stel:

1. Stel vas op watter dorpe daar 'n fees beplan is en wat die omvang daarvan gaan wees.
2. Stel vas wie die kontakpersoon van die Taalfeeskomitee van elke dorp langs die roete is en kontak sodanige persoon telefonies. Die kommunikasie en samewerking tussen hierdie kontakpersone en die roeteorganiseerder was van kardinale belang en het grootliks die sukses van die fees ter plaatse en die dra van die fakkel na die volgende dorp bepaal.
3. Bevestig die name, posisies en kontakpersone van die plaaslike reëlingskomitee.
4. Stel vas of daar 'n spreker by die plaaslike fees is en bepaal die protokol.
5. Verseker die prominente vertoning van die fakkel tydens die fees.
6. Bepaal of 'n monument of gedenkplaat vir Afrikaans (taalbaken) vir onthulling ter sprake is en bevestig die stappe wat dit behels.
7. Bevestig of 'n kranslegging ter sprake is en bevestig die stappe wat dit behels.
8. Bepaal wie aangewys is om die fakkel van een dorp na die volgende dorp te dra en bevestig die aantal draers, gebaseer op die afstand tussen dorpe en die afstand wat elke draer sal dra.
9. Bevestig die vertrektyd van die fakkel vanaf die betrokke dorp en aankomstyd by volgende dorp.
10. Koördineer die vervoer en oplaai- en aflaaivoertuie en skedules van die draers en alle logistieke reëlings daarmee gepaardgaande.
11. Koördineer die veiligheid van die draers en meegaande voertuie vir die op- en aflaa van die draers met die polisie en/of verkeerspolisie van elke dorp.
12. Bepaal wie die fakkel in ontvangs gaan neem en waar gaan dit geberg word totdat dit die volgende dag halfpad na die volgende dorp gedra gaan word.
13. Bevestig die oorhandigingsplek van die een groep draers na die volgende groep tussen die twee betrokke dorpe.
14. Bevestig die aantal sertifikate wat vir fakkeldraers benodig word.
15. Bevestig die gebruik van baniere en vlae by die fees en met ontvangs en vertrek van die fakkel.

⁵ De Villiers, organiseerder van die fakkelloop in Rhodesië en van Messina af Paarl toe, was omstrede nadat hy in die openbaar verklaar het dat die ontvangs van die taalfakkel in Pietersburg (vandag Polokwane) en Potgietersrus (vandag Mokopane) nie op standaard was nie en afgesteek het by die feeste wat in Rhodesië aangebied is (*Noord-Transvaler*, 1975).

16. Bevestig die veilige oornagbewaring van die fakkels nadat die plaaslike fees gehou is. Op verskeie dorpe het lede van die Voortrekkerbeweging in skofte wag gestaan om die fakkels te bewaak.
17. Bepaal besonderhede vir verblyf vir die roeteorganiseerder en die verteenwoordiger van Rembrandt Groep Beperk (Rembrandt, vandag Remgro), wat logistieke ondersteuning gebied het.

Rembrandt het Peugeot 404-stasiewaens met 'n maatskappyverteenwoordiger vir elke fakkelloop geborg. Tabakadvertensies was destyds wettig en die voertuie het die kleure van Rembrandt-tabakprodukte vertoon. Die voertuie is vir logistieke steun gebruik, byvoorbeeld vir die vervoer van sertifikate wat as blyk van erkenning aan fakkeldraers oorhandig is en paraffien om die fakkels se brandstof aan te vul.

Die logistieke aspekte van die fakkelloop is nie in enige argief aangeteken nie. Mnr. Eksteen Theron, een van die fakkellooporganiseerders, kon egter toeligtig verskaf.

Die fakkeldraers was hoofsaaklik skoliere en lede van die Voortrekkerbeweging op dorpe waar daar Voortrekkerkommando's was. Ander fakkeldraers wat by geleentheid gebruik is, sluit in sportmanne en -vroue, lede van Volkspelerlaers, lede van veteraanmotorklubs, lede van Weermagkommando's, lede van die SA Weermag (vandag die SA Nasionale Weermag) en lede van takke van die Vrouelandbou-unie. Fakkeldraers het dit as 'n groot eer beskou om aan die fakkelloop deel te neem. Daar bestaan nie naamlyste van fakkeldraers nie, wat dit moeilik maak om byna 50 jaar later te bepaal watter langtermynuitwerking deelname (as daar was) op enige van die fakkeldraers gehad het. Dit is een aspek van hierdie navorsing wat verder gevoer kan word as fakkeldraers opgespoor kan word.

Insgelyks het die publiek wat by plaaslike feeste waar die taalfakkels aangedoen het, volgens Theron trots gevoel. Feeste is oor die algemeen baie goed bygewoon en het die gemeenskap meegevoer. Theron se eie refleksie som hierdie geskiedenis perfek op: "Nou, 48 jaar later, besef ek watter onbeskryflike voorreg en eer dit was om by hierdie besondere gebeurtenis betrokke te kon wees" (e-poskorrespondensie met Theron). Hy vra 'n interessante retoriese vraag: "Het ek genoeg daarvan gemaak en dit maksimaal waardeer?" (e-poskorrespondensie met Theron).

Afhangende van ouderdom en afstand afgelê, het die fakkeldraers met die fakkels gehardloop, gedraf of gestap, hoewel daar geen spesifieke voorskrif was nie. Die afstand wat elke fakkeldraer afgelê het, het weens faktore soos ouderdom en fiksheid gewissel, van 100 meter vir kinders tot een kilometer vir sportmanne en -vroue.

Sommige fakkeldraers het meer as een keer 'n fakkels gedra, maar by elke herhaalde geleentheid dieselfde fakkels. Geen enkele draer het verskillende fakkels gedra nie. Die draers het stilgestaan en na mekaar gekyk wanneer fakkels oorhandig is aan die volgende draer. Voorts het lede van die Voortrekkerbeweging en die Weermag gesalueer wanneer hulle die fakkels ontvang of oorhandig het. Fakkels is nooit in beweging (stap, draf of hardloop) aan mekaar oorhandig nie, want dit was nie 'n "afloswedloop" nie.

Statistieke oor die aantal fakkeldraers per roete is nie beskikbaar nie. As 'n gemiddeld van 250 meter per fakkeldraer aanvaar word, het Theron bereken dat die SG du Toit-fakkels (roete 3) op die lang reis na die Paarl deur sowat 6 800 persone gedra is. Gegewe die roetes wat die ander taalfakkels gevolg het (hoewel van wisselende lengte), is Theron se raming dat daar altesaam sowat 47 600 fakkeldraers was. Dit is duidelik dat die fakkelloop 'n baie groot logistieke proses was, met verskeie persone wat fakkels op die verskillende roetes gedra het. Elke fakkeldraer het 'n sertifikaat ontvang waarop die handtekening van sen. Jan de Klerk, die destydse President van die Senaat, en ds. JS Gericke, die voorsitter van die Taalfeswerks-

komitee, afgebeeld is. Figuur 3 toon 'n voorbeeld van 'n sertifikaat wat die fakkeldraers ontvang het; in hierdie geval die sertifikaat wat aan ene Amanda Burger oorhandig is. Die sertifikaat verklaar dat dit toegeken is vir deelname aan die fakkelloop by geleentheid van die onthulling van die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl op 10 Oktober 1975. Ongelukkig toon die sertifikaat nie aan watter fakkel die betrokke fakkeldraer gedra het nie.



Figuur 3: Voorbeeld van die sertifikate wat aan fakkeldraers oorhandig is (Bron: Foto van 'n sertifikaat in die besit van mnr. ABE Theron)

Die sewe taalfakkels wat deur Suid-Afrika, Rhodesië en Suidwes-Afrika gedra is, is by die Monumentterrein aan afstammeling van elke GRA-stigterslid na wie die fakkel vernoem is, oorhandig. Die A Ahrbeck-fakkel⁶ is aan die destydse Eerste Minister, adv. BJ Vorster, oorhandig. Die agt taalfakkelontvangers (familielede en Vorster) het tesame een groot fakkel by die monument aangesteek. Ná afloop van die plegtigheid is die agt taalfakkels vir veilige bewaring by die museum in ontvangs geneem.

Dit is onmoontlik om die sienings en gesindhede van diegene wat destyds aan die fakkelloop deelgeneem het, te bepaal, omdat rekords nie bestaan waarvolgens deelnemers opgespoor kan word nie. Theron se gewaarwording soos hier bo gerapporteer, dui egter op 'n positiewe belewenis. Dit is egter te betreur dat hierdie aspek van die verrigtinge nie tydens die fakkelloop, of onmiddellik daarna, nagevors en aangeteken is nie.

⁶ Ahrbeck het geen afstammeling gehad nie. Die fakkel het nie 'n fakkelroete na die Paarl gevolg nie.

5. Die laaste geografies omvattende kulturele viering van Afrikaans

Die taalfeeste tydens die Taaljaar en die fakkelloop was die laaste geografies omvattende feesgeleentheid wat Afrikaans gedenk het. Ná 1975 het omstandighede in Suid-Afrika vinnig verander.

In 1976 het daar in Soweto opstand deur skoolleerders begin om hul teenkanting teen onderrig in Afrikaans te kenne te gee (Carstens & Raidt, 2019; Van Niekerk, 2000:6). Molteno (1979:54) verklaar dat “... protest by school students against the decree that they be taught half their subjects through the medium of Afrikaans ... developed an uprising which drew in the whole nation and challenged the entire system ...”. Volgens Pretorius (1983:4) is Afrikaners in 1976 uit die euforie van 1975 –

... geskok toe die Soweto-opstand – glo gebore uit verset teen die verpligte leer van Afrikaans op swartskole – en die sinistere gebeure daarna ’n skadu oor die vanselfsprekende voortbestaan van Afrikaans as kultuurtaal en die Afrikanervolk as kultuurvolk gegooi het.

Le Cordeur (2016:236) verklaar “’n (m)ens kan onteenseglik sê dat die aandrang op Afrikaans in Soweto besonder onsensitief was.” Voorts voer Le Cordeur (2016:236) tereg aan dat “(o)nwetend (of uit domastrantheid en arrogansie) het die staat se optrede deels daartoe bygedra dat Afrikaans in die toekoms met ’n eksplisiete raskonnotasie geassosieer sou word, en dit sou bydra tot die stigmatisering van die taal.” Die aard van Afrikaans het oornag van ’n gevierde taal in die taal van die onderdrukker verander. Van Niekerk (2000:7) is van mening dat “(d)ie euforie, so weet ons as ons rondom ons kyk, onherroeplik verby (is). Die groot uur van Afrikaans was van korte duur.” Ná die opstand teen Afrikaans in 1976 het die gevaar waarskynlik bestaan dat ’n omvattende fees met ’n uitsluitlike fokus op Afrikaans, soos dié van 1975, tot verdere onrus kon lei.

Die koms van televisie (destyds ook bekend as *beeldradio*⁷) in 1976 het die belangstelling van Afrikaanssprekendes in en hulle deelname aan kultuuraktiwiteite beïnvloed. Ná die koms van televisie was kultuuraktiwiteite minder aantreklik, soos trouens voor die koms van televisie voorspel is. Meer ontspanningsaktiwiteite het op Afrikaanssprekendes se beskikbare tyd aanspraak gemaak (Cros, 1996).

Terwyl televisie reeds van 1960 af in die naburige Rhodesië (Zimbabwe) beskikbaar was, het politieke teenkanting deur die Suid-Afrikaanse regering die koms van televisie op plaaslike bodem vertraag. Beide dr. HF Verwoerd, ’n vorige Eerste Minister, en dr. JAM (Albert) Hertzog, ’n vorige minister belas met uitsaaiwese, was teen die koms van televisie gekant (Corrigan, 1974). Volgens Langner en Du Plessis (2015:79) het Hertzog die “... bekendstelling van televisie in Suid-Afrika bewustelik vertraag, aangesien hy gevoel het dat dié middel verslapping in tradisionele waardes in die hand sou werk”. Cros (1996) beskryf die teenkanting as “... a stern religious approach to the organisation of life and society ... [and] ... a Calvinist fear that TV is a devilish instrument which could soon replace God in the hearts of people”. Daar was ’n siening dat die koms van televisie dit moeilik sal maak “... to maintain the Afrikaans cultural heritage” (Harrison & Ekman, 1976:104). Ná die koms van televisie was Suid-Afrika nie langer ’n uitsonderlike “eiland” binne globale ontwikkeling nie. Teenstanders van die koms van TV was inderdaad reg in hul verwagting dat die gedrag en voorkeure van Afrikaners sou verander ná televisie-uitsendings in Suid-Afrika ’n aanvang geneem het, byvoorbeeld ’n “verslapping in tradisionele waardes” volgens Langner en Du Plessis (2015:79).

⁷ Sien byvoorbeeld Schoeman (1975).

Afrikaner-eenheid is ook 'n ernstige knou toegedien met die stigting van die Konderwattiese Party (KP) op 20 Maart 1982 (Smit, 1991:28) onder leiding van dr. AP Treurnicht. Die KP se leiers en ondersteuners het wegbreek van die Nasionale Party wat destyds aan bewind was. Ondersteuners van die KP was onder meer gekant teen die NP se nasionale beleidsrigtings (Smit, 1991:27-28). Die hegemonie van Christelike nasionalisme as die dominante ideologie onder wit Afrikaners het verswak en die politieke skeuring van 1982 was 'n belangrike manifestasie daarvan. Die NP se mag en rol as 'n verenigde "volksfront" van die Afrikaners het gekwyn en dit het gevolglik moeiliker geword om "volksfeeste" te organiseer. Hierdie skeuring in Afrikanergeledere het 'n negatiewe uitwerking op enige inisiatief vir 'n kultuurfees vir Afrikaners gehad, soos inderdaad die ondervinding met die simboliese ossewatrek in 1988 was, wat hier onder bespreek word.

Ná 1975 het die aptyt vir feeste van hierdie aard, soos reeds genoem, eenvoudig getaan, hoewel daar in 1988 'n simboliese ossewatrek (inderdaad twee simboliese trekke, soos hier onder verduidelik word) was om die Groot Trek van die 19de eeu en die Simboliese Ossewatrek van 1938 te herdenk (Messina, 1989). Die simboliese trek van 1988 se primêre fokus was nie 'n fees om die Afrikaanse taal te vier nie, maar die gebeure van 1988 het implikasies gehad vir toekomstige omvattende feeste wat op Afrikaans fokus.

Die simboliese trek van 1988 was in omvang baie kleiner as die taalfeeste en ander gebeure wat tydens die Taaljaar plaasgevind het. Hierdie trek het ook groot verdeeldheid in Afrikanergeledere blootgelê, met beide die FAK en die regsgerigte Afrikaner-Volkswag (AV) wat simboliese trekke georganiseer het (Messina, 1989). Die tema van die FAK se simboliese ossewatrek was "Vorentoe vir Suid-Afrika", terwyl die tema van die simboliese trek van die AV "Trek na ons eie" was (Evaldsson & Wessels, 2003:68-69). Voorts verklaar Evaldsson en Wessels (2003:68) "(t)he National Party government of Mr PW Botha gave official recognition to the FAK's commemorative events ...".

Volgens Messina (1989:30) was twee simboliese trekke vir baie Afrikaners 'n verleentheid, weens die verdeeldheid wat blootgelê is en die Afrikanerbeeld wat geskaad is. Messina (1989:30) verklaar verder:

By talle swartes bestaan daar juis die wanbeeld dat Afrikaners 'n hegte onoorweldigbare eenheid vorm. Die erosie van die Afrikaner se selfvertroue en die aftakeling van die beeld van eenheid kan en sal verreikende gevolge hê vir hul magtsposisie indien die swart meerderheid tot 'n ander besef sou kom. Stelselmatig is hierdie besef juis besig om veld te wen.

Grundlingh en Sapire (1989:31-32) verklaar dat 'n herinterpretasie van die Groot Trek tydens die simboliese ossewatrek van 1988 nodig was, wat 'n paradigma vir 'n gemeenskaplike wit medebestaan sou verseker en die Groot Trek sou voorhou as 'n simbool van Afrikanernasionalisme, maar op só 'n wyse dat swart mense nie aanstoot sou neem nie. Evaldsson en Wessels (2003:77) se mening is egter die simboliese ossewatrekke van die FAK en die AV in 1988:

... was a manifestation of the existing divisions among the Afrikaners and might even have aggravated them. Both sides used the anniversary to demonise the opposition and made no secret of their dislike for each other.

Ná 1975 het die gevaar dat feeste Afrikanerverdeeldheid verder kan ontbloot, groot feeste onaantreklik gemaak.

6. Taalgedenkstrukture⁸

Afgesien van die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl is daar ’n aantal ander gedenkstrukture vir Afrikaans as taal, hoewel nie van dieselfde omvang as die Monument in die Paarl nie. Taalgedenkstrukture bestaan hoofsaaklik uit monumente en gedenkplate, wat in vyf groepe ingedeel kan word:

- (i) Die Taalmonument in Burgersdorp, wat ’n noue verbintenis met die Nederlandse taal het (Die Afrikaner Handelshuis, 2016; *Monumente, gedenktekens en interessantheide in Suid-Afrika* s.j.). Huigen (s.j.) en Nienaber (1975:43) bespreek die monument op Burgersdorp in die konteks van die Afrikaanse taal, hoewel dit streng gesproke ’n Taalmonument vir die Nederlandse taal is.
- (ii) Twee monumente (Kroonstad en Welkom) waarvan die oprigting en een skool waarvan die stigting verband hou met *Die Wonder van Afrikaans* in 1959 (Marx, 1994; Venter, 1959).
- (iii) Gedenkstrukture waarvan die oprigting verband hou met die Taaljaar 1975 (*LitNet* 2010; Grobler, s.j.), waarby die Afrikaanse Taalmonument en die Afrikaanse Taalmuseum in die Paarl ook ingedeel word.
- (iv) ’n Monument in Windhoek in Namibië, wat op 8 November 2014 deur mnr. Dana Snyman onthul is (Voortrekkerlewe, 2015:53; Voortrekkerspoort, 2016).
- (v) ’n Gedenkplaat in die Inligtingstechnologie-gebou op die Hatfield-kampus van die Universiteit van Pretoria, wat die aanvaarding in September 1932 van Afrikaans as die uitsluitlike onderrigtaal by die Universiteit gedenk.⁹

Nienaber (1975:42-45) beskryf verkeerdelik die monument in die Paarl as “(d)ie derde Afrikaanse Taalmonument ...”, naas die monumente op Burgersdorp en Welkom. Hy laat na om die monument op Kroonstad, wat tydens die viering van *Die Wonder van Afrikaans* (1959) opgerig is, in berekening te bring. Voorts is nege van die monumente (uitgesluit ander gedenktekens) wat tydens die Taaljaar onthul is, beslis ook ouer (hoewel in sekere gevalle slegs enkele dae) as die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl.¹⁰

Die strukture wat tydens die Taaljaar opgerig is, is vir hierdie navorsing van belang omdat die onthulling van hierdie strukture (monumente en gedenkplate) met die fakkellooproetes en die taalfeeste op verskeie dorpe en stede verband hou, hoewel nie in al die gevalle nie. Gedenkstrukture vir Afrikaans wat tydens die Taaljaar op Aberdeen, Belfast, Burgersfort, Delareyville, Ermelo, Johannesburg, Lichtenburg, Louis Trichardt (teenswoordig Makhado), Montagu, Oos-Londen, Ohrigstad, Petrus Steyn, Reddersburg, Reitz, Riebeek-Kasteel, Springbok, Trompsburg, Touwsrivier, Ventersdorp en Worcester opgerig is, is geïdentifiseer. Onvolledige rekords dui daarop dat Afrikaanse taalgedenkstrukture wat met die Taaljaar 1975 verband hou, ook in Ladismith (Wes-Kaap), Meyerton, Milnerton, en Trompsburg opgerig is, of bestaan het (sien Grobler, s.j., of Rossouw, 2022b). Die fakkelloetes het nie al die dorpe waarin daar in 1975 taalgedenkstrukture opgerig is, ingesluit nie, wat dui op die omvang van taalfeeste wat oral in die land aangebied is.

⁸ Hierdie afdeling van die navorsing is gebaseer op Rossouw, 2022b.

⁹ Die aanvaarding van Afrikaans as die uitsluitlike onderrigtaal word volledig bespreek deur Van der Merwe (2008).

¹⁰ Daar is ook monumente ter herdenking van die Taaljaar opgerig wat ná die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl onthul is. Die datums van onthulling van ’n aantal monumente wat tydens die Taaljaar opgerig is, is ook nie aangeteken nie.

Sommige van die monumente en gedenkstrukture wat tydens die Taaljaar opgerig is, het inskripsies of ander aanduidings wat meld dat die struktuur onthul is tydens die besoek van 'n taalfakkel:

- Die inskripsie op die monument in Belfast meld 'n onthulling tydens die fakkelloop.
- Die inskripsie op die monument in Ermelo meld die taalfakkel.
- Die inskripsie op die gedenkteken by die Geloftefeesterrein, ongeveer 4 km buite Ohrigstad, meld die CP Hoogenhout-fakkel.
- Die monument in Riebeek-Kasteel toon 'n afbeelding van 'n fakkel.
- Die monument op Worcester toon 'n afbeelding van 'n fakkel.

Ongelukkig word nie al die taalgedenkstrukture na behore onderhou nie en sommige is erg verwaarloos (Rossouw, 2022b). Ná die groot deelname aan die Taaljaar en die gepaardgaande feesvierings is hierdie gedenkstrukture vir Afrikaans, met uitsondering van die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl, vergeet. Daar is geen organisasie (nasionaal of plaaslik) wat vir die versorging en instandhouding van hierdie strukture verantwoordelikheid aanvaar nie.

7. Gevolgtrekkings

Hierdie artikel verskaf 'n oorsig van die fakkelloop met taalfakkels wat op 14 Augustus 1975 by die Voortrekkermonument begin en op 10 Oktober 1975 by die opening van die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl geëindig het. Hierdie terrein is nie 'n onderwerp waarop navorsers fokus nie en die fakkelloop en die gepaardgaande taalfeeste, kultuuraktiwiteite en onthulling van taalgedenktekens gedurende die Taaljaar 1975 het in groot mate in die vergetelheid verval.

Die fakkelloop met agt taalfakkels was 'n besondere geleentheid in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Wye belangstelling het onder die Afrikaanssprekende publiek geheers, met taalfeeste wat wyd en syde aangebied is. Die fakkelloop was op sigself 'n groot sukses. Dit was 'n groot logistiese operasie wat Suid-Afrika landswyd gedek het en duisende deelnemers as fakkeldraers en in ander hoedanighede betrek het. Die onmiddellike doel, naamlik 'n suksesvolle landsweye fakkelloop, is dus bereik. Dit was deel van die Taaljaar, wat onder meer 'n opwelling van nasionalisme ten doel gehad het. Die fakkelloop was op baie plekke in Suid-Afrika die sigbare uitlewing van die Taaljaar. Daarna is die fakkelloop egter gou vergeet, soos onder meer blyk uit die gebrekkige literatuur wat daarvoor bestaan. Die aanvanklike voorneme om die fakkelloop te boekstaaf, is nooit verwesenlik nie. Afgesien van die Afrikaanse Taalmuseum en die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl, is die strukture wat tydens die fakkelloop opgerig is, ook vergeet. Die enigste blywende nalatenskap van die Taaljaar en die fakkelloop is inderdaad die Afrikaanse Taalmuseum en die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl.

Fakkeldraers het dit as 'n groot eer beskou om aan die fakkeloptog deel te neem. Omdat daar egter nie naamlyste van fakkeldraers beskikbaar is nie, is dit moeilik om nou, byna 50 jaar later, vas te stel of deelname aan die fakkelloop enige langtermynuitwerking op enige van die fakkeldraers gehad het. As fakkeldraers opgespoor kan word, is dit een aspek van hierdie navorsing wat verder gevoer kan word.

Min deelnemers en ander Afrikaners het egter destyds besef dat die fakkelloop, taalfeeste en taalgedenkstrukture die laaste geografies omvattende kulturele viering van Afrikaans sal wees. Dit was die einde van 'n era van Afrikanervolksfeeste. Omstandighede in Suid-Afrika het ná 1975 vinnig verander en belangstelling in kultuuraktiwiteite soos taalfeeste het getaan.

Een uitdaging waaraan die Afrikaanse kultuurgemeenskap aandag behoort te gee, is die instandhouding van Afrikaanse taalgedenkstrukture wat oral in Suid-Afrika aangetref word.

Baie van hierdie strukture is vergete en verwaarloos. Met die nodige aandag en sorg kan dit vir die nageslag bewaar word.

Sedert 1975 het die rol van die Afrikaanse taal verskraal, en des te meer nog ná 1994; 2025 bied egter weer 'n geleentheid om Afrikaans te gedenk. In 2025 is dit 150 jaar sedert die stigting van die GRA, terwyl 100 jaar van ampteliketaal-status van Afrikaans ook gedenk sal kan word. Terselfdertyd sal die Afrikaanse Taalmuseum en die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl 50 jaar oud wees.

Die navorsing oor die fakkelloop toon duidelik dat argivale bewaring van dokumentasie en aantekeninge oor besluite en gebeure van besondere belang is wanneer groot projekte van stapel gestuur word. Soos reeds hier bo genoem, is volledige rekords van groot belang vir latere geskiedskrywing oor sulke groot projekte.

BIBLIOGRAFIE

Sekondêre bronne:

- Afrikaanse Taalmonumentkomitee. 1942–1975. Ongepubliseerde notules. Argivale rekords in bewaring by die Afrikaanse Taalmuseum, Paarl.
- Beningfield, J. 2004. Native lands: Nation, language and landscape in the Taal Monument, Paarl, South Africa. *Social Identities*, 10(4):509-525.
- Beningfield, J. 2006. *The frightened land: Land, landscape and politics in South Africa in the twentieth century*. London: Routledge.
- Brunn, S & Kehrein, R (eds). 2020. *Handbook of the changing world language map*. Cham, Switzerland: Springer.
- Carstens, WAM & Le Cordeur, M. (reds.). 2016. *Ons kom van vêr*. Tygervallei: Naledi.
- Carstens, WAM & Raidt, EH. 2019. *Die storie van Afrikaans uit Europa en van Afrika: Deel 2*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Cattermole, P. 2008. *Architectural excellence: 500 iconic buildings*. Ontario: Firefly Books.
- Coombes, AE. 2003. *History after apartheid: Visual culture and public memory in a democratic South Africa*. Durham: Duke University Press.
- Corrigan, EC. 1974. South Africa enters the electronic age: The decision to introduce television. *Africa Today*, 21(2):15-28.
- Cros, B. Why South Africa's television is only twenty years old: Debating civilisation, 1958–1969. *Taboos*:117-130. Aanlyn by https://www.researchgate.net/publication/259602944_Why_South_Africa%27s_Television_is_only_Twenty_Years_Old_Debating_Civilisation_1958-1969 [29 September 2022].
- D'Assonville, VE. 1999. *SJ du Toit van die Paarl (1847–1911)*. Weltevredenpark: Marnix.
- De Klerk, WA. 1974. *Klein reis deur Drakenstein*. Johannesburg: Perskor.
- Die Afrikaner Handelshuis. 2016. *Die Eerste Taalmonument in Suid-Afrika*. 26 Desember. Aanlyn by <https://afrikander.com/blogs/news/die-eerste-taalmonument-in-suid-afrika> [8 Junie 2022].
- Die Afrikaanse Taalmuseum* 2015. Inligtingspamflet. Afrikaanse Taalmuseum: Paarl
- Die Burger*. 1975. Veertigduisend by die Taalfees. 11 Oktober.
- Die Suidwes-Afrikaner*. 1975a. Taalfees in Hoofstad. 12 September.
- Die Suidwes-Afrikaner*. 1975b. Ons taal moet gehandhaaf word. 16 September.
- Evaldsson, A-K & Wessels, A. 2003. To commemorate or not to commemorate: Three important commemorative events in twentieth-century South Africa. *Southern Journal for Contemporary History*, 28(1):62-82.
- Geldenhuis, DJC. 1974. Verslag namens die ATMK. *Bondgenoot*, 20(1):10-11. September.
- Grobler, J. s.j. *Gedenktekens in Suid-Afrika*. Privaat publikasie. <http://www.boererepublieke.co.za/wp-content/uploads/2013/09/Gedenktekens-in-SuidAfrika.pdf> [29 Junie 2022].
- Grundling, A & Huigen, S. (reds.). 2008. *Van Volksmoeder tot Fokopolisiekar: Kritiese opstelle oor Afrikaanse herinneringsplekke*. Stellenbosch: SunPress.

- Grundlingh, A & Sapire, H. 1989. From feverish festival to repetitive ritual? The changing fortunes of Great Trek mythology in an industrialising South Africa, 1938-1988. *South African Historical Journal*, (21):19-37.
- Harrison, R & Ekman, P. 1976. TV's last frontier: South Africa. *Journal of Communication*, 26(1):102-109.
- Hendricks, F & Dyers, C. (reds.). 2016. *Kaaps in Fokus*. Stellenbosch: African Sun Media.
- Hendrich, G. 2013. "Wees jouself": Afrikaner kultuurorganisasies in Rhodesië (1934–1980). *New Contree*, 66:155-174.
- Heyns, T. 2022. Minister weier glo petisie oor Taalmonument. *Maroela Media*. 8 Junie. Aanlyn by <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/minister-weier-glo-petisie-oor-taalmonument/> [9 Junie 2022].
- Hugo, D. (red). 2009. *Halala Afrikaans*. Stellenbosch: Protea Boekhuis. Aanlyn by https://argief.litnet.co.za/article.php?news_id=91111 [verskeie datums in 2022].
- Hugo, D. 2010. Die ontstaan van die Afrikaanse Taalmonument en -museum. *LitNet*. https://argief.litnet.co.za/article.php?news_id=91111 [verskeie datums in 2022 en 2023]. Uittreksel uit Hugo, D. (red.). 2009.
- Huigen, S. 2008. Taalmonumente. In Grundlingh & Huigen (reds.). 2008.
- Kannemeyer, JC. 1996. *Langenhoven: 'n Lewe*. Kaapstad: Tafelberg.
- Langner, D. 2021. *Die Voortrekkers: Hou Koers*. Pretoria: Die Voortrekkers.
- Langner, D & Du Plessis, D. 2015. *Taalpioniers*. Pretoria: FAK.
- Le Cordeur, M. 2010. Die rol van Islam in Afrikaans: Afrikaans behoort aan almal wat dit praat, skryf en liefhet. Ongepubliseerde referaat gelewer by ATKV-kongres, Goudini, 27 Februarie.
- Le Cordeur, M. 2016. Herinneringe aan studente-opstande en hoe dit my lewe geraak het – 1976 tot 1980. In Carstens & Le Cordeur (reds.). 2016.
- Marx, IE. 1994. 'n Onomastiese studie van skoolname by Afrikaansmediumskole. Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad Magister Artium in die vak Afrikaans aan die Universiteit van Suid-Afrika. Aanlyn by https://uir.unisa.ac.za/bitstream/handle/10500/18138/dissertation_marx_ie.pdf?sequence=1&isAllowed=y [8 Julie 2022].
- Messina, EA. 1989. Ossewatrekke: Mites rondom Groot Trek-feeste. *Kronos*, 16:30-41.
- Molteno, F. 1979. The uprising of 16 June: A review of events in South Africa 1976. *Social Dynamics*, 5(1):54-89.
- Monumente, gedenktekens en interessantheide in Suid Afrika. s.j. Aanlyn by <http://monument-sa.co.za/afrikaanse-taalmonument-burgersdorp-paarl-welkom-petrus-steyn-meyerton/> [9 Junie 2022].
- Nienaber, M. 2022. G'n reaksie op FAK-versoekskrif aan minister oor monument. *Netwerk24*. 8 Junie. Aanlyn beskikbaar by <https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/aktueel/gn-reaksie-op-fak-versoekskrif-aan-minister-oor-monument-20220608> [9 Junie 2022].
- Nienaber, PJ. 1975. Ons drie taalmonumente. *Die Huisgenoot*. 8 Augustus: 42-45. Aanlyn beskikbaar by https://collections.nwu.ac.za/dbtw-wpd/textbases/bibliografie-afrikaans/documents-dbat/huisgenoot_8aug1975_42-45.pdf [30 September 2022].
- Noord-Transvaler*. 1975. Taalman ontstel noorde. 8 September.
- Notule van 'n vergadering van 'n Buitengewone Koördinerende Beplanningskomitee rakende kleurling-deelname aan die verrigtings op 14 Augustus 1975. 1975. Vergadering gehou in die Civitasgebou, Strubenstraat, Pretoria.
- Pakendorf, G. 1992. *W.A. de Klerk is in pylvak, maar sy vuur is nog nie geblus*. Aanlyn beskikbaar by <http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/1992/03/07/11/14.html> [verskeie datums in 2022].
- Parliamentary Question. 2022. *National Assembly: Question No. 2130-2022. Written reply: Internal Question Paper No. 20-2022*. Aanlyn by https://www.parliament.gov.za/storage/app/media/Docs/exe_rq_na/6e18a47e-07a4-4464-87d0-fdd082851e3a.pdf [16 Junie 2022].
- Pretorius, R. 1983. *Vrees dat die Wonderboom sal ... (val) – (J.C. Steyn)*. Intreerede gelewer op 16 Junie 1983 by die aanvaarding van die Professoraat en Hoofskap van die Departement Afrikaans, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, aan die Universiteit van Pretoria. Aanlyn by https://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/15064/pretorius-r_1983.pdf?sequence=1&isAllowed=y [12 Oktober 2022].
- Rossouw, J. 2022a. Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl: 80 jaar van kontroversie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 62(3):588-605.

- Rossouw, J. 2022b. Verskeie Afrikaanse taalgedenkstrukture en een Afrikaanse Taalmuseum. *LitNet Akademies*, 19(3):453-487.
- Schoeman, K. 1975. *Die Somerpaleis – 'n teks vir beeldradio*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Smit, MC. 1991. Die Konderwatie Party en die algemene verkiesing van 1991. MA-verhandeling. Randse Afrikaanse Universiteit. Aanlyn by file:///C:/Users/A0037611/Downloads/uj_12684+CONTENT1+CONTENT1.1.pdf [9 Februarie 2022].
- Stellalander*. 1975. Afrikaanse Taalfees-bylaag. 11 September.
- Sunday Times*. 1975. Top Nats intervenue. 27 April.
- Theron-brief. 1975. Brief van mnr. JB Espach, sekretaris van die Taalmonumentkomitee, aan mnr. ABE Theron, een van die taalfakkelroete-organiseerders, 21 November.
- Van der Merwe, DM. 2008. "Taal op Tuks" A reappraisal of the change in language policy at the University of Pretoria, 1932. *Historia*, 53(2):151-181.
- Van Niekerk, A. 2000. Die Afrikaanse Taalmonument: Afrikaans vra skeppende, nuwe denke. *Die Taalgenoot*, 69(8&9):6-7, Augustus/September.
- Van Rooyen, JG. 1975. Die Taalmonument te Burgersdorp. *Handhaaf*, 12(5):10-11, Januarie.
- Van Zyl, A. 2013. Die invloed van die slawe op die vorming van Afrikaans. Ongepubliseerde lesing gelewer by ATM-slavedagviering, Paarl, 5 Desember 2013.
- Van Zyl, A. 2020. Afrikaans Language Monument: A contested monument for a contested language. In Brunn S & Kehrein. (eds) 2020.
- Van Zyl, A & Rossouw, J. 2016. Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl: 40 jaar later. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(2-1):295-313.
- Venter, H. 1959. Die wonder van Afrikaans. *Koers*, XXVI(10): 329-333.
- Von Wielligh. GR. 1926. Persoonlike herinneringe aan die Patriotmanne. Deel 2: Hoofstuk 2 in *Gedenkboek ter eere¹¹ van die Genootskap van Regte Afrikaners (1875–1926)*. Potchefstroom: Publikasie van die Afrikaanse Studentebond. Aanlyn by https://repository.nwu.ac.za/bitstream/handle/10394/8044/Voorwoord_Inleiding.pdf?sequence=1 (Inleiding) en by file:///C:/Users/A0037611/Downloads/Deel2_Hfst1-5.pdf (deel 2). [3 April 2023].
- Voortrekkerlewe. 2015. *Hou Koers-jaarblad*. Aanlyn by <https://voortrekkers.co.za/wp-content/uploads/2018/09/Voortrekkerlewe-2015.pdf> [verskeie datums in 2022].
- Voortrekkerspore. 2016. *Voortrekkerspore 1931 – 2016*. Aanlyn by <https://voortrekkers.co.za/wp-content/uploads/2018/09/Voortrekkerlewe-2015.pdf> [verskeie datums in 2022].

Persoonlike onderhoude, persoonlike dokumentasie en ander persoonlike kontak:

- De Klerk-verslag. 1975. Verslag deur mnr. Theunis de Klerk oor die taalfeesfakkels in Rhodesië. Verslag in bewaring in die argief van die Afrikaanse Taalmuseum.
- E-poskorrespondensie met die argief van *Huisgenoot*.
- E-poskorrespondensie met die argief van Media24 (*Beeld* en *Die Burger*).
- E-poskorrespondensie met dr. JA (Andrew) Kok, argivaris van die NG Kerk se argief in Stellenbosch.
- E-poskorrespondensie met dr. Charles Fensham van die Universiteit van Toronto in Kanada, en seun van wyle prof. FC Fensham.
- E-poskorrespondensie met me. Zabeth Botha van die Erfenisstigting.
- E-poskorrespondensie met mnr. ABE (Eksteen) Theron, organiseerder van die SG du Toit-fakkelroete.
- E-poskorrespondensie met mnr. Johan Schoeman, Sekretaris van die ATKV.
- Onderhoud met mnr. ABE (Eksteen) Theron op 29 September 2022.
- Onderhoud met dr. Danie Langner van die FAK en Hoofleier van die Voortrekkers.
- Persoonlike dokumentasie van mnr. ABE Theron oor die fakkeloptog en die fakkelroetes.
- Verskeie telefoongesprekke met mnr. ABE Theron.

¹¹ Soos geskryf in die oorspronklike titel van die publikasie.

Die spanningsverhaal: 'n Teoretiese beskouing en bespreking van drie voorbeelde in Afrikaans

The suspense novel: A theoretical overview and discussion of three examples in Afrikaans

NEIL VAN HEERDEN

Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap

Universiteit van Suid-Afrika

Pretoria

Suid-Afrika

E-pos: vheern@unisa.ac.za



Neil van Heerden

NEIL VAN HEERDEN het aan die Universiteit van Pretoria gestudeer en behaal in 2018 'n PhD getiteld "Misdadifiksie en die literêre kanon in Afrikaans: 'n ondersoek na die romans van Deon Meyer". Hy is tans verbonde aan die Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa), waar hy Afrikaanse letterkunde doseer. Sy navorsingsbelangstellings sluit narratologie, postkoloniale teorie, ekokritiek, populêre fiksie en misdadifiksie in.

NEIL VAN HEERDEN studied at the University of Pretoria, completing a PhD in 2018 on the relationship between crime fiction and the literary canon in Afrikaans, with specific reference to the novels of Deon Meyer. He is currently affiliated with the Department of Afrikaans and Theory of Literature at the University of South Africa (Unisa), where he teaches Afrikaans literature. His academic interests include narratology, postcolonial theory, ecocriticism, popular fiction, and crime fiction.

ABSTRACT

The suspense novel: A theoretical overview and discussion of three examples in Afrikaans
Suspense remains a prime source of readerly interest, especially for readers of popular fiction. Successful crime novels, detective stories and thrillers, in particular, are often characterised as "riveting", a "page-turner", or as possessing the power to keep the reader "hooked". In this article I set out to explore the notion of fictional suspense from a literary-narratological point of view. This article is therefore focused on the inner workings of the suspense text itself rather than a reception study or empirical study of reader responses.

I begin by outlining several basic definitions and theories pertaining to suspense as a narratological construct in order to provide a conceptual framework within which specific novels can be discussed. Much has been written about fictional suspense over the years, but

Datums:

Ontvang: 2023-03-07

Goedgekeur: 2023-04-18

Gepubliseer: Junie 2023

as a theoretical point of departure, I draw upon two seminal sources: *Suspense: Conceptualisations, Theoretical Analyses, and Empirical Explorations (1996)*, compiled by Peter Vorderer, Hans J Wulff and Mike Friedrichsen (eds), and George N Dove's *Suspense in the Formula Story (1989)*. While admittedly somewhat dated, these sources remain as relevant as ever and provide a useful framework when attempting to define a field as nebulous as that of suspense studies.

In short, suspense may be defined as a noxious affective response to a fictional or dispositive structure with two logically opposed outcomes, one of which is evil or immoral but probable or likely, and the other of which is moral but improbable or unlikely (Carroll, 1996). This noxious affective response is elicited in the reader to the extent that he/she is concerned about the existence of some credible endangerment to the welfare of a protagonist(s) with whom he/she has formed a dispositionally mediated connection. Suspense is evaluated not only in moral terms (good or bad) but also in terms of subjective certainty. Suspense intensifies a) the more the reader cares for a particular protagonist(s), b) the more terrible the perceived threat, and c) the higher the relative probability of an undesirable outcome (Zillmann, 1996). Suspense is therefore an affective response suffused with implicit moral judgements.

Inevitably, questions arise around readerly involvement: How exactly could readers be prompted to care about entirely fictional events and entities as if they were, in fact, real? To address this issue, I go on to discuss several theories of readerly involvement including identification, scenic comprehension, vicarious witnessing, empathic distress, and affective perspective taking.

Next, I discuss George Dove's approach to popular suspense fiction – an approach which he calls process criticism. For Dove, reader readiness is key i.e., the extent to which a reader has been conditioned by previous encounters with a particular generic or conventional form such as the suspense thriller or detective novel. Implicitly embedded in the popular suspense story are, according to Dove, two axiomatic truths: 1) nothing in the suspense tale is entirely irrelevant, and 2) there will always be (some sort of) resolution in the end (Dove, 1989:18). I also find Dove's explanatory analogies useful. One is the analogy of the author as "Lecturer Beside the Screen" (1989:23), who is continually pointing out things to the reader by way of textual cues. The other is his analogy of two dialogically opposed voices, the so-called "Voice of the Novel" and the "Voice of Cognition" (1989:28), which produce yet another source of metatextual tension for the reader of suspense fiction.

Having concluded the theoretical section of the article, I dive into a discussion of three Afrikaans example texts: *Prooi (2018)* by Deon Meyer, *Die versoeking van Thomas Maas (2020)* by Chris Karsten, and *Hartedief (2021)* by Rudie van Rensburg. These three novels were selected because they were each awarded the ATKV-Woordveertjie vir Spanningslektuur (currently the most prominent literary prize for suspense fiction in Afrikaans).

Prooi is essentially a political drama with the two major suspense arcs centred on the theme of state capture. While the protagonists are, respectively, an assassin-with-a-conscience and two honest policemen, it is ultimately the fate of South Africa that is on the line. The heroes' struggle is therefore rooted in a deeper historical battle against injustice. The stakes could hardly be higher. In terms of the suspense process, *Prooi* makes ample use of the conventions of the spy thriller and the hard-boiled police procedural, and culminates in a gripping double-barrel finale.

Die versoeking van Thomas Maas chiefly concerns adultery and may be regarded as domestic noir. In this novel, it is the idealised fantasy of the happy, suburban family life that threatens to be destroyed by a femme fatale. The novel is presented as a retelling of Ella Nesar's

private investigation (Ella being a well-known sleuth in many of Karsten's previous novels). Erotic tension plays a pivotal role in the elicitation of suspense, but in the end Die versoeking van Thomas Maas resembles a Shakespearian tragedy – as suggested by many of the intertextual references in the novel – since the truth proves to be elusive and complicated.

Hartedief is a psychological thriller. The association between the serial killer's bloodlust and inclement weather (what may be termed atmospheric suspense), alongside the many macabre and often grisly descriptions of murder victims, contribute strongly to the suspense in Hartedief. A secondary suspense arc – that of corrupt policemen and ruthless gangsters – fuels the primary storyline in that the conspirators represent an additional obstacle to the two honourable detective-protagonists' cause.

In all three novels, we find recurring serial characters that are expected to influence readers' moral dispositions from the outset. Furthermore, the strategic use of narrative focalisation and reader privilege (also known as dramatic irony) play a significant role in the evocation of suspense. In all three cases, Prooi, Die versoeking van Thomas Maas and Hartedief, moral valence turned out to be more ambiguous and nuanced than the theory outlined in section 2 of the article suggests. Characters are mostly portrayed as polyvalent, with both "good" and "evil" traits.

KEYWORDS: Afrikaans literature, Chris Karsten, crime fiction, Deon Meyer, detective fiction, domestic noir, popular fiction, psychological thriller, readerly involvement, Rudie van Rensburg, suspense novel, suspense

TREFWOORDE: Afrikaanse letterkunde, Chris Karsten, Deon Meyer, huishoudelike noir, leersbetrokkenheid, misdaadfiksie, populêre fiksie, Rudie van Rensburg, sielkundige riller, spanning, spanningsverhaal, speurverhaal

OPSOMMING

In hierdie artikel ondersoek ek spanning as literêr-teoretiese konsep. Spanning kan gedefinieer word as 'n benouende affektiewe respons wat in die leser tot stand kom na aanleiding van bepaalde tekstuele prikkels. Ek verskaf eerstens 'n aantal definisies en teorieë om sodoende 'n greep te kry op die tekstuele voorvereistes vir die totstandkoming van spanning. Ek steun veral op twee seminale bronne: *Suspense: Conceptualisations, Theoretical Analyses, and Empirical Explorations* (1996) en *Suspense in the Formula Story* (1989). Vervolgens bespreek ek drie onlangse bekroonde spanningsverhale in Afrikaans: *Prooi* (2018) deur Deon Meyer, *Die versoeking van Thomas Maas* (2020) deur Chris Karsten, en *Hartedief* (2021) deur Rudie van Rensburg. Ek wys ten slotte op die mees beduidende ooreenkomste en verskille tussen die drie voorbeeldtekste ten opsigte van die spanningsproses.

1. Inleiding

Eric Rabkin (1973:3) maak 'n voor die hand liggende maar belangrike stelling: "When there is no interest, books will not get read." Een van die vernaamste maniere waarop lesers se aandag geboei word, is volgens Rabkin *suspense*, oftewel spanning.¹ Marie Rodell definieer

¹ Pharos (2010) vertaal *suspense* as "spanning, spannende afwagting, onsekerheid, twyfel; opskorting, uitstel; suspensie" terwyl spanningsverhaal vertaal word as "thriller, novel of suspense; mystery (story)". Hoewel die term spanning verskeie betekenisonderskeidings het, is dit hierdie betekenis (soos in *suspense*) wat in die huidige artikel gebesig word.

spanning as “the art of making the reader care what happens next” en David Daiches tipeer dit as “an intensification of interest in what happens next, and [...] necessary in some degree for all drama and most fiction” (aangehaal in Dove, 1989:4). Ook David Lodge meen in *The Art of Fiction* (2011:14) dat spanning tot ’n mate teenwoordig is by alle fiksie: “Novels are narratives, and narrative, whatever its medium – words, film, strip-cartoon – holds the interest of an audience by raising questions in their minds, and delaying the answers.”

In hierdie artikel ondersoek ek spanning as literêr-teoretiese konsep soos wat dit veral in populêre fiksie neerslag vind. Ek verskaf eerstens ’n aantal definisies en teorieë rakende spanningsfiksie ten einde ’n konseptuele greep daarop te probeer kry. Daarna bekyk ek drie onlangse voorbeeldtekste in Afrikaans. Die volgende drie romans is geselekteer, omdat elkeen onderskeidelik met die ATKV-Woordveertjie vir Spanningslektuur bekroon is (tans die belangrikste toekenning vir spanningsfiksie in Afrikaans): *Prooi* (2018) deur Deon Meyer, *Die versoeking van Thomas Maas* (2020) deur Chris Karsten, en *Hartedief* (2021) deur Rudie van Rensburg.

Die konteks is ’n merkwaardige opbloeï in die hoeveelheid en gewildheid van Afrikaanse misdaad-, speur-, en spanningsfiksie sedert ongeveer 1994. Vergelyk byvoorbeeld Jonathan Amid (2014) se oorsig op *LitNet* getiteld: “’n Moeilike geboorte en skielike grootword: Suid-Afrikaanse misdaadfiksie”. Topverkopers in dié genre word dikwels deur resensente geloof juis vir hul boeiendheid, pakkendheid, of “onneersitbaarheid” (Steinmair, 2019). Dit is ook my persoonlike, anekdotiese indruk dat mense dikwels “agter die spanning aan” lees.

Hoewel daar in die breër akademiese studieveld van die letterkunde al heelwat oor spanning geskryf is, is daar nog nie veel navorsing in Afrikaans daaroor gedoen nie. Vir die teoretiese begronding, steun ek op *Suspense: Conceptualisations, Theoretical Analyses, and Empirical Explorations* (1996), saamgestel deur Peter Vorderer, Hans J Wulff en Mike Friedrichsen (reds.), en George N Dove se *Suspense in the Formula Story* (1989). Hoewel ietwat verouderd, is hierdie seminale bronne steeds relevant en myns insiens van groot nut vir die ontleding van spanningsfiksie.

Voordat ek met die teorie wegval, ’n opmerking oor die invalshoek wat in hierdie artikel gebruik word. Akademiese spanningstudies val basies in twee kategorieë uiteen, aldus Vorderer, Wulff en Friedrichsen (1996:vii): “There are basically two different ways to approach the problem of describing and explaining suspense. One begins with an analysis of suspenseful texts (books, films, etc.), whereas the other focuses on the reception process.” Yumiko Iwata (2008) tref ’n soortgelyke onderskeid tussen literêr-narratologiese en psigolinguïstiese ondersoeke. Die huidige artikel val onder eersgenoemde kategorie en hoewel ’n lesersgerigte studie – van byvoorbeeld Meyer, Karsten en Van Rensburg se lesers interessante insigte sou kon oplewer – is hierdie ondersoek op die spanningstekste afgestem.

2. Teorie

2.1 Vorderer et al. (1996)

Die filosoof Noël Carroll (1996) definieer spanning as ’n gevoel van beklemming wat in die leser (of kyker) tot stand kom ten opsigte van bepaalde verhaalmoontlikhede. Volgens Carroll behels die spanningsverhaal basies twee moontlike uitkomst: een is moreel “goed” of wenslik, die ander “boos” of laakbaar. Die leser ervaar tegelykertyd vrees en hoop. Aan die een kant, is hy/sy bevrees dat ’n gewenste uitkoms nie gaan plaasvind nie, en dat die laakbare uitkoms wel gaan plaasvind. Terselfdertyd koester hy/sy die hoop dat ’n gunstige uitkoms sal plaasvind,

en dat die laakbare uitkoms nié sal plaasvind nie. Vrees en hoop is dus wederkerig, as 't ware, twee kante van die spanningsmuntstuk. Carroll (1996:77) vat saam:

Suspense takes control where the course of events that is the object of the emotional state points to two logically opposed outcomes, one of which is evil or immoral but probable or likely, and the other of which is moral but improbable or unlikely or only as probable as the evil outcome.

'n Mate van onsekerheid en besorgdheid (*caring*) is formele vereistes vir die totstandkoming van spanning, en 'n appèl op die leser se sin vir moraliteit is volgens Carroll die meganisme waarvolgens hy/sy genoop word om betrokke te raak by die verhaal. Ons keer aanstons terug na die kwessie van lesersbetrokkenheid.

Dolf Zillmann (1996:204) eggo Carroll se siening wanneer hy skryf: “disposition entails elements of justice and morality”. Spanning word dus, in Zillmann se teorie, disposisioneel gemedieer. Eenvoudig gestel, beteken dit lesers gee om hoe die verhaal ontvou, omdat hulle hulself moreel skaar by die protagonis(te) en distansieer van die antagonis(te).² Zillmann wys daarop dat lesers nie sal, en trouens nie kán, omgee oor karakters wat hulle koud laat nie. Daarom, sê hy (1996:209):

It is therefore imperative that narratives create pronounced favourable dispositions toward the chief protagonists by displaying their admirable attributes and their virtuous behaviour. The analogous creation of unfavourable dispositions toward antagonists or antagonistic conditions is equally essential.

Wat die groot meester van die rillerprent, Alfred Hitchcock, terdeë besef het, is dat spanningsvolle drama floreer op empatiese vrees. Derhalwe handel die meeste suksesvolle spanningsfiksie oor een of ander geloofwaardige bedreiging vir 'n beminde protagonis: “The successful creation of the gripping experience of suspense apparently depends on the display of credible endangerments” (Zillmann, 1996:203).

Die blote teenwoordigheid van dié twee komponente – 'n beminde protagonis en 'n geloofwaardige bedreiging – behoort op sigself aanleiding te gee tot spanning, maar lesers evalueer potensiele verhaaluitkomste nie net in terme van morele lading (goed of sleg) nie, maar ook in terme van relatiewe waarskynlikheid. Die leser beraam gedurig, op grond van die inligting wat hy/sy tot dusver in die teks versamel het, hoe waarskynlik die een of ander uitkoms is. Die intensiteit van die spanningseffek sal verder beïnvloed word deur die volgende faktore. Spanning verhewig:

- hoe sterker ons (die lesers) onself aan die kant van die protagonis(te) skaar (hoe meer ons voel ons is “in hulle span”);
- hoe verskrikliker die bedreiging op die oog af vir die protagonis(te) se welstand;
- hoe groter die oënskynlike waarskynlikheid van 'n bese uitkoms.

Subjektiewe sekerheid speel hier 'n belangrike rol. Onsekerheid bereik 'n hoogtepunt wanneer die kans op 'n goeie of slegte uitkoms 50:50 blyk te wees – wanneer die verhaal lyk asof dit enige kant toe kan gaan. Hoe groter die waarskynlikheid van 'n bese uitkoms, hoe meer styg die spanning, maar net tot op 'n punt. Sodra 'n oplossing gebied word, hetsy goed of sleg, is

² Protagoniste en antagoniste is meestal menslik, maar kan ook niemenslike entiteite wees (soos die mensvreterhaai in *Jaws* of die virus in Deon Meyer se *Koors*).

die spanning meteens opgeklar, en is daar geen verdere onsekerheid by die leser nie. (Ons weet nou hoe die verhaal eindig.)

Interessant genoeg, is dit nie soseer gedurende die meesleurende aanloop tot die klimaks – wanneer spanning op sy akutste manifesteer – dat die algehele geslaagdheid van ’n spanningsverhaal bepaal word nie. Dit is eers ten slotte dat die leser terugskouend kan takseer hoe bevredigend of onbevredigend (eufories of disfories) hy/sy die spanningsverhaal gevind het. Zillmann (1996:209) verduidelik: “Satisfying resolutions will liberate joyful reactions and dissatisfying resolutions will prevent them, fostering disappointment instead.”

In die loop van ’n spanningsverhaal, verduidelik Zillmann, vorm lesers byna onwillekeurig ’n mening ten opsigte van die soort lotsbestemming wat elke karakter toekom. Beminde protagoniste verdien as ’t ware ’n goeie uitkoms; laakbare antagoniste verdien ’n verderflike uitkoms. Hoe regverdiger die boontjie-kry-sy-loontjie-geregtigheid – aldus die leser se subjektiewe morele estimasie – hoe bevredigender is die spanningsverhaal in sy geheel:

[Readers] will have formed notions, however vague, of what fortunes particular protagonists (as well as antagonists) deserve or do not deserve; resolutions that meet these moral dispositions to sanction then are applauded and foster great enjoyment, whereas resolutions that fail to meet them are deplored and cannot be enjoyed as much, if at all. (Zillmann, 1996:208)

Samevattend kan spanning gedefinieer word as ’n benouende affektiewe respons wat in die leser ontketen word omdat hy/sy bevrees is oor die teenwoordigheid van ’n geloofwaardige bedreiging vir die protagonis(te) by wie die leser hom- of haarself moreel skaar. Hierdie gevoel van beklemming of bekommernis oor die lot van beminde karakters word gemedieer deur hoë vlakke van subjektiewe sekerheid (maar nie absolute sekerheid nie) omtrent die waarskynlikheid van ’n ongewenste uitkoms.

Soos reeds genoem, is betrokkenheid ’n voorvereiste vir affektiewe deelname en dus die ontstaan van spanning, maar die vraag bly staan: Hóé raak lesers betrokke by ’n verhaal? En hoe verklaar ons die feit dat fiksie (’n blote storie) aanleiding kan gee tot egte emosies soos vrees, spanning en afgryse?

Mikos (1996:41) glo dit is omdat die tonele in ’n boek of rolprent mense herinner aan gebeurtenisse uit hul eie lewens: “The spectators cry, are sad, jealous, envious, disgusted, afraid, repulsed and so on. They feel this way not because the characters do but because the scenic arrangements remind them of events from their own biographies.” Die leser/kyker besef die verhaalgebeure is fiktief, maar neem nietemin deel aan ’n soort “kammerspel” (om ’n frase aan Willie Burger se *Die wêreld van die storie* (2018) te ontleen). Mikos (1996:40) hervat:

Films merely convey an impression of reality that spectators recognise as an ‘as if’ reality within the framework of an aesthetic position [but] the spectators are so involved in what is going on in the movie or on the television screen that they experience it as quasi-real.

Hier speel genrekonvensies ’n belangrike rol, want die kammerspel vind plaas binne die veilige raamwerk van ’n “secure apparatus and dispositive structure” (Mikos, 1996:47). Gereelde lesers van spanningsfiksie is redelik seker dat die bedreiging te bowe gekom sal word, want dit is feitlik ’n ongeskrewe reël van die genre, maar die skrywer trek gedurig hierdie konvensionele sekerheid in twyfel – en dít is wat spanning skep.

Een invloedryke konsep wat dikwels gebruik word om lesersbetrokkenheid te verklaar, is identifisering. Hiervolgens identifiseer lesers met ’n fiksionele karakter deur hulleself as ’t ware in daardie karakter se skoene te plaas – asof hulle daardie karakter se plek kan inneem.

Identifisering word egter deur sommige teoretici bevraagteken (kyk o.m. Carroll, 1996:80), omdat daar nie altyd 'n een-tot-een-relasie tussen leser en karakter kan bestaan nie soos byvoorbeeld wanneer die leser meer weet as die karakter (dramatiese ironie).

Zillmann (1996) is van mening dat lesers eerder in verhouding tot die teks staan soos 'n ooggetuie wat sekere gebeure middellik (*vicariously*) waarneem. Die leser word dus nie letterlik in die fiksionele karakter se situasie gedompel (soos die identifiseringsmodel suggereer) nie, maar ervaar empatie met fiksionele karakters soos met 'n vriend of kennis in die werklikheid:

[R]espondents treat theatrical personas as friends or foes similar to friends and foes in their immediate social environment, [such] that they experience emotions accordingly, but that they eventually learn to hold back any actions to intervene. (Zillmann, 1996:213)

Vorderer (1996) verfyn die gedagte en stel voor ons gebruik eerder affektiewe perspektief-neming as verklarende konsep, want, sê hy: “affective perspective taking describes an understanding of the emotions of another person, whereas empathy signifies the actual experiencing of those emotions” (Vorderer, 1996:248). Hy brei uit:

We can assume that readers (may) realize different forms of participation depending on the actual text, on their own preconditions, habits, and motives, and on the specific situation. This can happen either in the sense of an empathic process, or at another point as an identification process. However, it can also be – and this is the advantage of the perspective-taking model – more detached than the empathy model would suggest. [...] In other words, readers do not even have to fear for them [fictional characters], but can develop very different emotions from their own personal perspective, using their knowledge of the protagonists' backgrounds. This could occur if, for instance, a protagonist's situation reminds readers of their own personal experiences and if these perceptions or memories evoke certain emotions of regret, grief, or joy. (Vorderer, 1996:250)

2.2 *Dove (1989)*

In Dove (1989) se benadering staan die leser voorop, want, sê hy, daardie benouende affektiewe gevoel wat ons spanning noem, kan nêrens anders as in die leser tot stand kom nie. Daarom moet die kritikus of ondersoeker van populêre spanningsfiksie altyd ten minste 'n verbeelde leser probeer *postuleer*. (Elke reële leser hoef nie noodwendig presies aan hierdie postulaat te voldoen nie, maar tensy die verbeelde leser en sy of haar potensiële reaksie op die teks in ag geneem word, kan die spanningsproses kwalik na behore begryp en na waarde geskat word.) Dove noem derhalwe sy benadering tot spanningsfiksie *proseskritiek*, omdat dit juis gaan oor die wisselwerking tussen leser, teks en proses waardeur spanning tot stand kom.

Ten aanvang maak Dove twee basiese aannames betreffende die leeshandeling. Hy sê lees is eerstens 'n deelnemende proses en hy haal die narratoloog Jonathan Culler aan wat gesê het: “To read is to participate in the play of the text” (Dove, 1989:11). Die tweede aanname is dat geen leser 'n leë kruik is waarin die outeur sy/haar narratief stort nie; elke leser kom met bepaalde bagasie na die teks. Vervolgens lê Dove aansienlik klem op sogenaamde lesersgereedheid (*reader readiness*) wat gevorm word deur die leser se breër kulturele blootstelling, sy/haar ervaring van fiksie in die algemeen (boeke en rolprente), en vorige kennismaking met hierdie spesifieke genre. Lesersgereedheid wissel van persoon tot persoon na gelang van hul repertoire. 'n Veteraanmisdaadfiksieleser sal byvoorbeeld 'n heel ander leeservaring hê as 'n oningewyde wat vir die eerste keer 'n speur- of spanningsverhaal optel.

Dove verduidelik dat die leser van populêre fiksie in 'n sekere sin die beste van twee wêrelde kry: enersyds geniet hy/sy die gerusstelling van konvensionele voorkennis, en andersyds die opwinding van 'n storie wat as 't ware in die lug hang.³ Dove sê hierdie kombinasie van aksiomatiese sekerheid (die held/heldin sál uiteindelik seëvier) en afwagting (hóé gaan hy/sy hierdie keer uit die moeilikheid kom), verleen aan populêre spanningsfiksie 'n gemaklike-ou-skoen-effek:

This combination of recognitions and anticipations is the essence of the Suspense Process in the formula story. The comfortable-old-shoe effect joins with the excitement of the new situation, and the reader moves through the story with certain expectations clearly understood by himself and the author. (Dove, 1989:19)

Vir Dove, is daar by populêre fiksie 'n definitiewe element van spel. Hy gebruik die analogie van 'n sportliefhebber:

The process that keeps a sports fan fixed in front of a TV screen ... is much like the one that keeps him turning pages through a novel: he does it because he cares. His caring, in the one instance, may result from loyalty, or from knowledge of the closely matched strengths of opponents, or from the recognition of the cruciality of this particular game ... He will also develop a respect for the rules and traditions of the game as essentials to enjoyment: the purpose is not just to play it, but to do it in a certain way. Those rules perform much the same function as the conventions of the formula story: cheating on the part of the writer (withholding essential information from the mystery reader, for example) dampens suspense in the same way as having twelve players on the field in a football game. (Dove, 1989:19-20)

Gedagtig aan die sportanalogie, identifiseer Dove twee ongeskrewe reëls of aksiomas wat as grenspale in die spanningsverhaal optree: 1) niks in die spanningsverhaal is heeltemal onbenullig nie; en 2) daar sal altyd ten slotte 'n oplossing wees. (Die leser mag dalk nie daarvan hóú nie, maar hy/sy kan ten minste op een of ander oplossing staatmaak.) Met hierdie aksiomatiese verstandhouding in plek, kan die spanningspel begin.

Die meeste kritici volstaan met 'n definisie van spanning wat bepaal dat spanning posvat wanneer die gelukkige uitkoms opgeskort word, of wanneer antwoorde tydelik van die leser weerhou word. Vergelyk byvoorbeeld Roland Barthes se “dilatatory morphemes” in *S/Z*, en Dennis Porter wat in *Poetics of Murder* aanvoer: “the experience of suspension [occurs] whenever a perceived sequence is begun but remains unfinished” (aangehaal in Dove, 1989:5).

Dove meen egter dit is nie soseer vertraging (*delay*) wat spanning veroorsaak nie, maar liewer die mate waarin die skrywer daarin slaag om lesers te laat omgee oor sodanige, uitgestelde gevolgtrekking. Hy verwys na die skrywer John Mortimer wat in 'n onderhoud die volgende aforistiese raad vir aspirantskrywers gehad het: “Make them laugh; make them cry; make them wait” (aangehaal in Dove, 1989:20). Die volgorde van bewerking is belangrik: lesers gaan nie bereid wees om te wag, tensy jy hulle eers laat lag of huil het nie.

'n Nuttige konsep, is Dove se onderskeid tussen “the Voice of the Novel” en “the Voice of Cognition” (1989:21). Dove sê dié twee, soms teenstrydige, stemme voer gedurig 'n metatekstuele gesprek met die leser. Eersgenoemde, die stem van die teks, fluister dinge soos:

³ Vergelyk Lodge (2011:14) se verduideliking van die etimologie van die woord *suspense*: “The word itself derives from the Latin word meaning ‘to hang’ [...] hence the generic term, ‘cliff-hanger’.”

“Kyk, hierdie saak is ’n absolute paradoks,” of “hierdie struikelblok is onoorkomelik”. Die stem van kognisie, daarenteen, sê: “Nee, daar is nie iets soos ’n absolute paradoks nie – nie in populêre fiksie nie.” Die stem van kognisie herinner ons aan die aksiomas van die genre. Dus, hoe meer genrefiksie iemand lees, hoe helderder sal die stem van kognisie in hul geestesoor opklink. Dove sê die wisselwerking tussen die twee stemme genereer spanning op drie vlakke:

One level of tension is produced by the Voice of the Novel, in the workings of plot, of the variety of atmospheric effects, and the pleasurable combination of resolution and surprise. Another is that of the Voice of Cognition, which we have compared to the experience of re-reading a non-formula story, with the feelings of recall and recognition, the perception of signals as signals. There is still a third level, created by the tension between the Two Voices, that opens a whole new dimension of interpretation. (Dove, 1989:23)

Dove gebruik verder die metafoor van die outeur-as-gids of lektor-naas-die-skerm, in sy woorde: “the Lecturer Beside the Screen” (1989:23). In Dove se analogie word die storie by wyse van spreke op ’n skerm geprojekteer. Die outeur staan langs die skerm, en maak die gehoor plek-plek attent op bepaalde dinge deur middel van strategies geplante teksmerkers. Vervolgens is die dryfkrag wat lesers laat aanhou blaai nie soseer al die geheimenisse wat van hulle weerhou word nie, maar daardie leidrade en brokkies inligting wat die outeur reeds langs die pad gelos het:

What keeps the reader turning pages is not so much what he wants to find out as what he already knows, as a result of those messages and signals transmitted to him by the author. (Dove, 1989:19)

Om hierdie rede, sê Dove, is dryf (*thrust*) belangriker as vertraging (*delay*). Ons kan immers nie besorgd wees oor iets waarvan ons niks weet nie. Opsommenderwys, vat Dove (1989:4) sy voorwaardes vir fiksionele spanning soos volg saam:

1. Suspense takes place only when the reader is involved in the story.
2. Suspense is dependent to a far greater extent upon thrust than upon delay.
3. The will to read on – that is, intensification of interest in what happens next, or suspense – is dependent to a greater degree upon what the reader has been told than upon what he wants to find out. The more the reader knows (without knowing everything), the more he wants to know.

Noudat die tersaaklike definisies en teorieë rondom spanning uiteengesit is, kan daar gekyk word na drie voorbeeldtekste in Afrikaans. Ek bespreek vervolgens om die beurt Deon Meyer se *Prooi*, Chris Karsten se *Die versoeking van Thomas Maas*, en Rudie van Rensburg se *Hartedief*, voordat daar afgesluit en saamgevat word.

3. Bespreking

3.1 *Prooi*

Die kerntema in *Prooi* (2018) is korrupsie. Die helde – onderskeidelik ’n sluipmoordenaar-met-’n-gewete en twee eerbare speurders – kom naamlik teen die bose magte van staatskaping in Suid-Afrika te staan. *Prooi* kan dus as ’n politieke spanningsverhaal beskou word.

Prooi bevat twee makrospanningslyne. Enersyds, is daar die verhaal van Daniel Darret se sluipmoordpoging op die korrupte Suid-Afrikaanse President. Die ingewyde Meyer-leser vermoed dit sekerlik, maar Daniel se ware identiteit – synde die gewese vryheidsvegter Tobela Mpayipheli⁴ – word eers op bladsy 74 bevestig. Andersyds, is daar die ondersoek van die Valke-speurders Bennie Griessel en Vaughn Cupido na ’n moord op die Rovos Rail. Die ondersoek ontbloot uiteindelik ’n komplot waarby die einste President geïmpliseer word. Dié twee spanningslyne blyk aanvanklik losstaande gegewens te wees, maar kulmineer in ’n soort dubbelloopklimaks.

Wat is die morele kantelpunte in *Prooi*? Ten eerste kom die reekseffek ter sprake. Daniel (Tobela), asook Bennie en Vaughn, is ou bekendes in Meyer se oeuvre. Getroue lesers ken hulle as eerbare karakters – selfs al buig hulle soms die reëls om geregtigheid na te jaag.⁵ Gevolglik is die leser van *Prooi* geneig om sigself vanuit die staanspoor by Daniel en Bennie/Vaughn te skaar. Maar selfs al het die leser nog nooit voorheen met hulle te doen gehad nie, word daar in *Prooi* genoegsame klem gelê op die helde se deugdes en die booswigte se gebreke sodat die nodige affektiewe disposies by die leser posvat.

Daniel se verhaal begin byvoorbeeld met ’n toneel waarin hy ’n onskuldige vrou van ’n groep struikrowers red (11-15).⁶ Die redding van madame Lecompte se doel is drievoudig: dit hou eerstens die belofte van verdere geweld in; tweedens word Daniel se vermoëns as kryger ten toon gestel, wat op sy beurt vertrou by die leser inboesem (dat hy opgewasse is vir dít wat kom); en derdens beklemtoon dit Daniel se goedheid: hy is bereid om ’n vreemdeling (die spreekwoordelike *damsel in distress*) te help, ondanks die risiko’s.

Daar word heelwat verteltyd bestee aan die uitbeelding van Daniel se vreedsame bestaan as ambagsman op Bordeaux. Vergelyk die toneel waarin hy aan ’n tafel werk in monsieur Lefèvre se ateljee (68-70). Ook die herinnering aan Daniel se vergange lewe op ’n plaas in die Oos-Kaap (195) onderskraag die feit: “Hy wil in vrede leef. Mooi dinge maak. Vergeet” (200). Daarom is die kontras so effektief wanneer geweld telkens inbreuk maak op die idille.

Die motoriese moment is wanneer ’n oudkameraad, ene Lonnie May (kennelik gebaseer op die figuur van Ronnie Kasrils), vir Daniel in Frankryk opspoor. Hy rig die versoek namens ’n groep ontnugterde oudstryders: “Ons kan nie meer ons President bekostig nie. [...] You have to take him out, Tiny” (85). Daniel wroeg en wys eers die versoek van die hand, maar die laaste strooi wat hom oorreed, is ’n brief van ’n ou vriend, Mandla Masondo. Mandla se brief, waarin hy vertel hoedat sy beeldskone dogter deur die President verkrag is en hoedat sy eie *isithunzi* (waardigheid) verwoes is (208), verleen ’n persoonlike dimensie aan die vergrype. Dit versterk die gevoel van afsku jeens die President en die leser voel toenemend: ’n sluipmoord is miskien geregtig.

Terug in Suid-Afrika is Vaughn Cupido vasbeslote om vir Donovan (die seun van sy beminde) te oortuig dat die Valke nié gekoop is nie (50-2) en hy betrek sy kollega by dié kruistog. Bennie en Vaughn se heldedaad is dus die feit dat hulle moreel standpunt inneem teen ’n korrupte stelsel. Voeg hierby die onderlinge kameraadskap (146-7), die goedige spot tussen kollegas (160), en hulle onderskeie broosheid – Bennie is ’n rehabiliterende alkoholis (63) en Vaughn worstel met gewigsverlies (20) – en die leser kan kwalik anders as om ’n samehorigheid met die spurders te deel.

⁴ Tobela is die protagonis in *Proteus* (2002) en figureer ook as newekarakter in *Infanta* (2004).

⁵ Tobela neem byvoorbeeld in *Infanta* die rol van ’n vigilante aan wat ongestrafde kinderverkragters en moordenaars teregstel te midde van ’n gebroke strafregstelsel.

⁶ Bladsynommers in hakies verwys telkens na die roman onder bespreking.

Die bedreiging vir Daniel is ooglopend én gevaarlik. 'n Mislukte sluipmoord op 'n staatshoof word as hoogverraad beskou en dra die swaarste straf, maar eers moet Daniel die meedoënlose Russiese agente ontduik wat hom jag. Die Russe is kop-in-een-mus met die President, hulle is kwaad vir Daniel met wie hulle slaags geraak het (188-191), en hulle is gewetenloos – dít blyk uit die manier waarop Lonnie vergiftig is (205) en 'n onskuldige man se boot opgeblaas is (260). Daarom is dit ekstra spannend wanneer Daniel die gesig van “die Rus” in 'n Paryse venster gewaar (343).

Die Daniel Darret-spanningslyn maak ruim gebruik van die konvensies van die spioenasieriller, insluitende klandestiene ontmoetings, skuilname en vals paspoorte, kodetaal, vermomming, en 'n atmosfeer van paranoia en vervolgingswaan: “Sy oë is op die truspieël. Hy wonder of daar weer 'n dag sal kom dat hy nie agter hom hoef te kyk nie” (269). Dit is veral Daniel se goeie opleiding wat geloofwaardigheid meebring. Daar is byvoorbeeld die verwysing na die “Stasi-instrukteur wat hom geleer het om na mense se skoene te kyk” (263) as hy vermoed hy word agtervolg. Daniel is op sy hoede, en omdat hy as fokalisator optree, is die leser ook telkens hiperbewus van die gevare. 'n Goeie voorbeeld van so 'n mikro-spanningsepisode in *Prooi*, is die toneel waar Daniel se motor by 'n padblokkade deursoek word – en dít terwyl die sluipskuttergeweer in 'n tentsak versteek is tussen allerlei kampeer-toerusting (380-1).

Vir Bennie en Vaughn is daar eweneens baie op die spel. Deur hul ondersoek voert te sit, verontagsaam hulle direkte bevel. Hulle kan hul loopbane kwytraak en hul persoonlike verhoudings verwoes. Wanneer hulle uiteindelik die boosaards konfronteer (“Let's go nail some state capture mofos”) (427), is daar ook die moontlikheid van liggaamlike leed. Maar die werklike, dieperliggende bedreiging in *Prooi* is as 't ware van nasionale belang: die lot van die ganse Suid-Afrika hang in die weegskaal. Daarom word die helde in *Prooi* se verset teen korrupsie geanker in 'n breër historiese stryd teen ongeregtigheid. Bennie en Vaughn se onkreukbare bevelvoerder, Mbali Kaleni, bring dit byvoorbeeld in verband met haar ouers se stryd teen apartheid: “This is not what we struggled for” (145). Lonnie May gebruik dieselfde argument om vir Daniel te oorreed om die sluipmoord uit te voer. Hy sê: “Dis 'n voortsetting van die struggle” (177). Om hierdie rede behoort *Prooi* 'n besonder gevoelige snaar te pluk by Suid-Afrikaanse lesers wat besorgd is oor staatskaping.

Bennie en Vaughn se ondersoek herinner aan 'n polisieroman met die formule van die hardgebakte speurverhaal soos deur John Cawelti (1976:146) gedefinieer: 'n saak wat op die oog af eenvoudig lyk, lei tot 'n string verwickelinge wat mettertyd 'n nes van kriminaliteit oopvlek. Gevolglik het jy die patroon komplikasie-deurbraak-komplikasie. Wanneer die moordwapen in die Rovos Rail-saak geïdentifiseer word, dink Bennie byvoorbeeld: “Dit bring 'n nuwe dimensie in die saak, een wat glad nie pas nie” (111). Met elke verwikkeling word die waarskynlikheid van sukses in twyfel getrek: “Want hy deel die voorgevoel dat hulle nie met dié een die deurbraak gaan kry nie” (152). Bennie en Vaughn moet gedurig terugval op “voetwerk” (124) en die tempo van die narratief verlangsaam dienooreenkomstig.

Vertraging is 'n hoeksteen van die spanningsproses. In hoofstuk 64 is daar ten minste twee voorbeelde te bespeur. Arnold bring vir Bennie op hoogte van hul forensiese bevindinge, maar sy kwinkslae skep spanning: “‘Geduld, my vriend, is bitter. Maar sy vrugte is soet.’ / ‘Jissis, Arnold...’” (350-1). Die leser deel Bennie se irritasie, want ons soek (soos hy) antwoorde. Tweedens is Mooiwilliem Liebenberg op die drumpel van 'n deurbraak, maar eers is daar sowat drie bladsye se interessante maar uitgesponne verduidelikings van die CCTV-netwerk in Kaapstad (553-5) voordat die relevante leidraad gegee word.

Wanneer ons by hoofstuk 67 kom, word die plek en fokalisor (byvoorbeeld “Augustus. Bennie Griessel. Kaapstad.”) nie meer naas die hoofstuknommer vermeld nie. Dit dui narratologies daarop dat die twee spanningslyne momentum optel en al hoe meer ineenvloei tot en met die klimaks: “Dag Zero. Vir Bennie Griessel. En vir Daniel Darret” (422). Dit is ook in hierdie kritieke stadium dat horlosietyd meer eksak gebruik word, byvoorbeeld: “Om 17:23 ry hulle [Bennie en Vaughn].” (429); “Die spanning in Daniel Darret bereik breekpunt om 18:30 [...]” (443). Soos Pepler Head (2013) aantoon, sinjaleer die gebruik van horlosietyd verhoogde spanning. Dan kry ons die gesinchroniseerde klimaks: Daniel lê aan op sy teiken en kry ’n oproep van Vaughn wat hom waarsku (“It’s a trap, get out of there. Now!”). Die Russe word tegelykertyd “geaktiveer” (445). Nou is dit ’n lewe-en-dood-jaagtog en die spanning word enduit volgehou: “[...] hy is amper daar, amper daar” (450).

In die epiloog, lees ons dat Daniel wel ontsnap het. Hy is terug in monsieur Lefèvre se werkwinkel (451-452). Die President het egter nie gesneuwel nie. In terme van die morele waardestelsel wat in *Prooi* tot stand kom, is hierdie uiteinde miskien vir sommige lesers teleurstellend (vergelyk byvoorbeeld Smith (2018) se resensie). Bennie en Vaughn se rebelse optrede kan straks lei tot tugstappe (in die hieropvolgende roman, *Donkerdrif* (2021), lees ons dat hulle inderdaad geskors word), maar hulle het per slot van rekening die edele ding gedoen.

3.2 Die versoeking van Thomas Maas

Die versoeking van Thomas Maas (2020) handel oor owerspel – met fatale nagevolge. Die boek kan dus as ’n vorm van huishoudelike noir bestempel word.

Die roman begin as ’t ware by die einde. Ella Nesor, die privaat speurder wat aangestel is om die beweerde affair te ondersoek, is op die punt om haar finale verslag te oorhandig (11-13). Die leser weet dus by voorbaat dat hier ’n buite-egtelike verhouding en (oënskynlik) moord plaasgevind het – twee inherent spannende gegewens – en die leser se nuuskierigheid word dus met die intrapslag geprikkel.

Thomas Maas is ’n getroude man met drie kinders, en ’n sielkundige van beroep. Amalia Daneel (née Rojas) is die smeulende Argentynse vrou met wie hy ’n seksuele verhouding aanknoop. Donna is Thomas se bedroë vrou en Ella se kliënt. Van die drie lede in dié liefdesdriehoek, besit Donna skynbaar die morele hoë grond. Boonop is dit nie die eerste keer dat Thomas haar verneuk nie. Sy skoonpa, Rolf Geyer, waarsku hom byvoorbeeld: “Jy maak nie weer my dogter seer nie. Hoor jy my?” (32)

In Deel I (9-186) kry ons om die beurt Thomas en Donna se “weergawes” van hoe die affair verloop en mettertyd ontspoor het. Ons aanskou die flankering tussen Thomas en Amalia, die minnespel, die geheime ontmoetings, die vurige seks, en eventueel Amalia se wrewel as Thomas weier om sy vrou en kinders vir haar prys te gee. Dit lei tot afpersing (133), saakbeskadiging (136), en dreigemente: “As jy verkies om my bloot uit jou lewe te probeer ... wel, dan gaan ek jou lewe hel maak. En dis ’n belofte” (144).

Tussendeur kry ons “kantnotas” van Ella – brokkies metatekstuele kommentaar. Lesers ken vir Ella Nesor van vorige Karsten-boeke, en die leser se lojaliteit word dus geaktiveer. Anders as in *Prooi* (en *Hartedief*), het ons egter hier ’n speurder wat nie persoonlik in gevaar is nie – haar veiligheid is nooit in gedrang nie. Tog het sy lesers se implisiete steun omdat sy op soek is na die waarheid (13) – iets wat ons met haar in gemeen het.

Aanvanklik lyk dit asof die bedrieër en sy skelmpie veroordeel word: “Die eggenoot én die bitch (Donna se indelike benaming)” (19). Morele dispoisies in *Die versoeking van Thomas Maas* is egter genuanseerd. Thomas is geen onskuldige slagoffer nie (hy knyp immers

die kat in die donker), maar die roman beeld hom óók uit as 'n bedagsame pa en gesinsman. Vergelyk byvoorbeeld die gesin se “oggendreël” (62) en hul byderwetse “verhouding van openhartigheid en vertroue wat hulle met hulle kinders probeer handhaaf” (51).

Die beeld van 'n gelukkige gesin word vroeg geplant (“Hulle is so trots wanneer sy [Donna] en Thomas oor hulle kinders praat.”) (14); en die drie Maas-kindere word uitvoerig gekarakteriseer. Antonie is byvoorbeeld die tienerseun wat in 'n motorfietsongeluk verlam is. Die tragiek van Antonie se situasie ontlok simpatie: “Ek kan nie só leef nie, Ma” (51). Dan is daar die betroubare Patty (Antonie se tweelingsuster) en die jong Florie met haar liefde vir perde. Ook jeens die knorrige oupa Rolf ontwikkel die leser deernis vanweë sy Alzheimer's. Ten spyte van sy siekte, probeer Rolf die familie-eenheid verdedig: “Hoe durf sy die huis probeer verwoes waarin sy dogter en sy geliefde kleinkinders veronderstel is om veilig en gelukkig te voel?” (193) Hy is selfs bereid om 'n huurmoordenaar te reël om van Amalia ontslae te raak (219-223).

Hier kom ons by die kruks van die spanning in *Die versoeking van Thomas Maas*. Donna kyk na haar lewe en dink: “Hierdie daaglikse gewoontes saam met haar man en kinders is vir Donna gerusstelend, en ja, selfs kalmerend. [...] Hulle is, dink Donna op pad skool toe, eintlik 'n gelukkige gesin” (64). En dít is wat per slot van rekening op die spel is in hierdie roman: die potensiële verwoesting van die geïdealiseerde middelklas gesinslewe. Daarom is dit so skryndend wanneer Annie, Thomas se ontvangsdame, hom teen die affair probeer waarsku: “Sy gaan jou destroy, vir jou en Donna en julle kinders” (120).

Aan die einde van Deel I, kom die eerste groot wending: Donna vind uit van die affair nadat Amalia vir haar 'n naakfoto gestuur het (182). Donna konfronteer vir Thomas, hy ontken dit, en Donna jaag hom uit: “En hy besef: die lont is aangesteek. Die lont van die kruitvat wat sy huwelik gaan opblaas” (182). Aan die einde van Deel II kry ons die tweede groot wending: Amalia se lyk word in haar swembad aangetref (224).

In Deel II (187-224) tree Patty en Rolf naas Donna as fokalisors op en dit gaan veral om hulle onderskeie pogings om van Amalia ontslae te raak. Terugskouend, is die doel van Deel II dus om 'n aantal bykomende verdagtes te suggereer. Thomas is reeds by verstek 'n verdagte synde die minnaar – en hy dreig om Amalia se “nek om te draai” (183) – maar die implikasie dat Donna óf Rolf óf Patty/Antonie verantwoordelik kan wees vir Amalia se dood, skep spanning in soverre hierdie karakters met wie die leser 'n affektiewe band gevorm het in Deel I nou in die spervuur beland.

Deel III is 'n uiteensetting van Ella se ondersoek en die ontrafeling van die raaisel. Narratologies is dit opvallend dat Amalia nooit as fokalisor optree nie. Ons kry nooit “regstreeks” haar perspektief op die gebeure nie, wat dit vir Karsten moontlik maak om die raaisel enduit te versluier. Dit is ook opvallend dat Ella se ondersoek nie as 'n saaklike relaas voorgedou word nie, maar as 'n *vertelling*. Kyk byvoorbeeld die “kantnota” (p. 73) waar die (tweedehandse) getuienis van die ontmoeting tussen Thomas en Amalia by Patty se konsert aangebied word – kompleet met ruimskootse detail en direkte rede. Die effek van hierdie vertelstyl is dat die leser voel soos 'n vlieg teen die muur.

Soos met alle spanningsfiksie, speel dramatiese ironie 'n groot rol. Enkele voorbeelde sluit in Amalia se besoek aan die huis terwyl Donna nog onbewus is van die affair (164) en die fatale misverstand tussen Rolf en 'n huurmoordenaar weens hul geradbraakte kommunikasie (222). Die mees uitsonderlike aspek van *Die versoeking van Thomas Maas* (wat nie in gelyke mate by *Prooi* en *Hartedief* teenwoordig is nie) is egter erotiese spanning. Vergelyk byvoorbeeld Thomas se eerste taksering van Amalia: “háár geur wat hom bereik en tot in sy onderlyf afdaal”, die “welige kontoere van die stywe bloes”, haar “klam rooi lippe” en “die geoliede wieg” van

haar “tergende heupe” (25-6). Die seksuele spanning tussen Thomas en Amalia neem stelselmatig toe. Dit kulmineer met hul “Kaapse rendezvous” as hulle die eerste keer seks het (86-95). Waarom is die erotiek so deurslaggewend? Enersyds ontlok dit ’n sterk affektiewe respons by die leser wat daardeur geprikkel word, maar dit skep ook spanning. Die leser weet reeds wat is op die spel (die Maas-familie), daarom is elke flankering, suggestiewe opmerking, en fisiese aanraking ’n gevaarteken.

Daar is ’n aantal betekenisvolle intertekste wat die spanning verhewig. Daar is talle verwysings na die sielkunde, vernaam De Clérembault se sindroom (178-9) ook bekend as “erotomanie” en die waarskuwing dat erotomanie-lyers uiters gevaarlik kan wees: “[even] making an attempt on the life of their victim or members of his or her family” (179). Hiernaas vind ons ’n aantal verwysings na die rolprent *Fatal Attraction* (1987) met Glenn Close en Michael Douglas. Thomas vergelyk in een stadium vir Amalia met Alex Forrest (Glenn Close se karakter) wat aan grenstipe-persoonlikheidssteuring gelyk het. Ella lê toevallig dieselfde verband met *Fatal Attraction* (185, 241). Daarbenewens sien ons ook ’n verwysing na *Madame Butterfly*, die “oerteks vir ’n vrou in haar liefde verlaat” (241), maar stellig die belangrikste interteks is Shakespeare se *Hamlet* – by name die karakter Ophelia (234). Die implikasie is dat Amalia, soos Ophelia en Alex Forrest, aan erotomanie gelyk het.

Op bladsy 277 word die tersaaklike dialoog uit *Hamlet* en *Fatal Attraction* naas mekaar geplaas en Ella tref ’n eksemplaar van *Hamlet* in Amalia se huis aan (334). Die ooreenkoms met Ophelia en haar “watergraf” word in die slothoofstuk voltrek wanneer Ella in die Shakespeare-tuin in die Johannesburgse Botaniese Tuine sit (356-357). Sy lewer die volgende metatekstuele kommentaar, waar die kwessie van feit en fiksie aan bod kom:

Want ’n werklike dood is bietjie meer gekompliseerd as ’n fliekdood. Oor die hoe en wie van Alex [in *Fatal Attraction*] se sterfte is daar geen twyfel nie.

[...]

En Ophelia? Wel, sy verdrink. Maar hoe, wie? (362)

Ella is die toonbeeld van objektiwiteit. Sy sê ter inleiding: “Nou fokus sy – ongeag die lewende of die dode – absoluut en onbevange op net een aspek: die waarheid” (13). Maar ten slotte is die waarheid ontwykend en kompleks:

Hierdie ondersoek is anders. Sy het nie antwoorde vir ’n hof nodig nie, net die waarheid. Selfs dok Koster het beken dat hy in hierdie geval nie al die antwoorde het nie.

Maar in hierdie geval het die wetenskap hom in die steek gelaat. Vir hom én Amalia.

[...]

Sy en dok het op drie moontlike scenario’s besluit, en elkeen toe bespreek om te soek na die wáárheid van Saterdaggaand se gebeure langs Amalia se swembad. (362)

Al wat die leser kry, is drie ewe geloofwaardige scenario’s: “Scenario 1 – Thou art slain” (363-371), “Scenario 2 – Drown’d, drown’d” (372-374), en “Scenario 3 – Argal, she drown’d herself wittingly” (375-380). Amalia se dood kon dus moord, ’n ongeluk, of selfdood gewees het.

Uiteindelik is daar geen “gelukkige einde” nie, allermens vir Amalia se ongebore kind miskien die toonbeeld van die onskuldige slagoffer: “Net ’n klein, klein paddavissie” (379). Die karakters word allerweë op ’n genuanseerde wyse uitgebeeld; dit is onmoontlik om te sê hulle is nêg goed of nêg “boos”. Daarom kan ten slotte aangevoer word dat *Die versoeking van Thomas Maas* meer neig na ’n tragedie (soos wat die Shakespeareiaanse interteks inderdaad suggereer).

3.3 *Hartedief*

Die hoofspanningslyn in *Hartedief* (2021) handel oor kapteins Kassie Kasselmann en Rooi Els se speurtog na 'n reeksmoordenaar met die naam Pieter Vermooten wat vrouens op die mees brutale wyse vermoor – veral wanneer onweer broei.

'n Tweede spanningslyn in *Hartedief* handel oor korrupte polisiemanne wat met 'n berugte bendebaas op die Kaapse vlakke heul. Die korrupsiesage voed die hoofspanningslyn deurdat Kassie en Rooi se ondersoek daardeur in die wiele gery word. Boonop is die samesweerders, by name Vleis Restrepo en Pieter Mukkadem, bereid om eerbare kollegas te verrai. As gevolg van die sameswering moet Kassie eers sy bevelvoerder, brigadier Shaheena Fortuin, se reputasie red – 'n bykomende bron van spanning.

Weer eens word lesers se affiniteite gemedieer deur die reekseffek. Kassie en Rooi is terugkerende helde uit Van Rensburg se oeuvre, en dus word hulle per definisie as helde geposisioneer. Desnieteenstaande word die leser pertinent aan Kassie se deugdes herinner. Hy toon byvoorbeeld begrip vir sy baas se standpunt, selfs al word hy en Rooi oor die kole gehaal (136). Hy is dus 'n empaat. Hy drink nie alkohol nie en hy is van nature eerlik, hy kan byvoorbeeld nie eens 'n onskuldige leuen vertel nie (320). Net soos by *Prooi*, is daar in *Hartedief* 'n romantiese spanningslyn: dié van Kassie se ontluikende verhouding met 'n medeseëlversamelaar, Amalia Keyser. Net soos by *Prooi*, bewerkstellig die romanse 'n bietjie komiese afleiding, vertraging, en help dit om van Kassie 'n meer innemende protagonis te maak.

Hierteenoor word die moordenaar se wreedaardigheid beklemtoon. “‘Die ou is 'n fokken monster,’” aldus Rooi (51). Die gevoel van aversie jeens die booswig word versterk deur Van Rensburg se grafiese beskrywings van moordtonele en slagoffers. Vergelyk byvoorbeeld: “Sy wriemel onder hom [...] Eers toe 'n doodsruggel uit haar keel ontsnap, laat val hy die baksteen” (81). Die moordtoneel word beskryf as die “voorskoot van 'n blokman” en “'n bloederige pappery” (83). Kyk ook: “Sy lê op haar rug [...] haar gesig vergruis. 'n Paar tande wat deur haar gekneusde lippe sigbaar is, laat dit lyk of sy vir hulle grynslag. Bloed het die ligblou mat rondom haar kop donkerbruin gevlek” (193). Die beginsel is eenvoudig: hoe grusamer die beskrywing van 'n moordtoneel, hoe skrikwekkender die vooruitsig van 'n volgende.

Die ander hoofkarakter in die roman is Sylvia Wiese, 'n aantrekklike vrou in haar vroeë dertigs. Sylvia lyk soos “'n jong Elizabeth Taylor” (20) en sy gebruik haar seksuele aantreklikheid om ryk mans te teiken, te verlei en af te pers vir omkoopgeld. Sylvia is dus die stereotiepe *femme fatale*. Maar vandat Sylvia se jongste slenter geboemerang het, probeer sy die smalle weg bewandel (86). Sylvia het 'n vierjarige dogtertjie met die naam Cara, “so 'n skattige ou krulkoppie” (14), en dit is veral hierdie feit wat die leser simpatiek maak. Sylvia beland in Pieter Vermooten se dampkring en die tafel is gedek vir 'n noodlottige ontmoeting.

Die teks beklemtoon herhaaldelik die onafwendbaarheid van Vermooten se “allesverte-rende drang” (64) om te moor: “Daardie gevoel waaroor hy geen beheer het nie, is besig om hom te oorval. Niks wat hy doen, gaan dit verander nie. [...] Dan begin sy lyf so onbeheers bewe dat hy aan die wasbak moet vashou” (130). Let op die vele liggaamlike spanningsmerkers: “Hy haal swaar asem. Kan voel hoe die sweetdruppels op sy voorkop uitslaan. Spanning sit oral in sy ledemate. Hy syg op die bed neer en sy liggaam ruk van die woede [...] Sy kakebeen span styf” (297). Wanneer Vermooten so 'n oorval kry, is die beraamde waarskynlikheid van 'n nare uitkoms “hoog”.

Vanuit 'n psigoanalitiese hoek, word Vermooten se psigose deeglik begrond. Sy vrouehaat word toegeskryf aan die komplekse verhouding met sy moeder en dit word gemotiveer deur

'n aantal terugflitse uit sy kinderdae: “Die lewe kan soms bitter onregverdig wees. Daarvan is sy jeugjare dan 'n sprekende voorbeeld” (215). Ons kry die hiperboliese perspektief van die jong kind. Hy sien byvoorbeeld skadu's teen die muur vir “groteske figure” aan (137), sy ma se kwaai gesig lyk soos “die Dracula-vrou wat hy gisteraand op die TV gesien het” (137), en haar hoonlag klink soos 'n “sirene” (167). Vergelyk ook die deerniswekkende herinneringe aan 'n teddiebeer wat sy moeder weggegooi het (136), sy “oopgekloude oogbank” nadat sy hom geklap het (155), en die feit dat sy hom uitsluit te midde van 'n dreigende storm: “Sy maak die kombuisdeur oop en stamp hom uit. ‘Toe – gaan verdien jou bleddie sakgeld.’ [...] Hy klop hard aan die deur toe die donderweer begin rammel, maar sy maak nie oop nie” (162).

Hier bespeur ons die oorsprong van die sterk assosiasie tussen Vermooten se moordlus en ongere weer – 'n belangrike bron van atmosferiese spanning in *Hartedief*. Vergelyk: “Die reën en woeste see voed sy onbeheerbare drang” (181). Hierdie motief word deeglik in die teks gevestig en word 'n betroubare eksterne spanningsteken. Sylvia nooi byvoorbeeld vir “Johan Nel” (die alias wat Vermooten gebruik) vir ete op die aand wat 'n kouefront in die Kaap aanland: “net sop en brood op die spyskaart, maar dit behoort darem te help teen die koue wat vir môre voorspel word” (169).

Binnekennis (oftewel *reader privilege*) speel 'n groot rol in *Hartedief*. Dit is veral te danke aan Van Rensburg se gereelde, byna filmiese, toneelwisseling en die feit dat die antagoniste van meet af aan as fokalisators optree. Sodoende beskik die leser dikwels oor meer kennis as die protagoniste. Terwyl sy byvoorbeeld die sampioensop voorberei, dink Sylvia: “Sy weet nie wanneer laas sy so 'n rustigheid in haar gemoed gehad het nie” (176). Ná die tyd dink sy: “Dat hierdie man haar voete met een kuier só onder haar kon uitslaan [...] Die geluksaligheid laat haar kop duisel” (189, 206). Sylvia se “geluksaligheid” is natuurlik misplaas en hoogs ironies, want die leser weet: die sjarmante buurman, wat homself as “Johan Nel” voorgestel het, is die bloeddorstige Pieter Vermooten.

Hy vermoor haar uiteindelik nie, danksy Cara se verskyning: “Wat in sy buurvrou se guns tel, is dat sy 'n dogtertjie het en bowenal dat sy 'n goeie en liefdevolle ma blyk te wees. [...] In skrilte kontras met sy eie ma en die vroue met wie hy verhoudings aangeknoop het” (213). Gevolglik sien ons die doodsgevaar wanneer Sylvia oorweeg om oop kaarte te speel oor haar onpreutse verlede. Vroeër het Vermooten 'n gruwelieflik gekyk waarin “die ontroue vrou haar verdiende loon gekry [het]” (56). Die spanning neem toe, en wanneer sy hom uiteindelik vertel, flikker die gevaarligte: “Sy verbeel haar sy stem is 'n bietjie skor. [...] Sy oë glinster nie meer nie” (295-6).

Vermooten se *modus operandi* word nóg 'n herkenbare spanningspatroon. As Vermooten sy woonstel begin opruim, bokse pak, en sy bakkie gereed kry, begryp die leser dat hy moordplanne het: “Sy kop is by wat vanaand gaan gebeur” (301). Met al die tekstuele voorkennis rakende sy drang, sy *modus operandi*, die haat teenoor sy moeder, en die ooreenkomste met Sylvia as “ontroue vrou”, is die bedreiging vir die leser ondubbelsinnig: hy gaan vir Sylvia vermoor.

Kassie en Rooi se ondersoek is doelbewus frustrerend. Vermooten is 'n “uitgeslape bliksem” (107). Hy laat geen digitale spoor agter nie en hy verander gedurig sy voorkoms. Boonop is daar die interne struikelblokke binne die SAPD (soos brigadier Fortuin se skorsing), en die gewone druk van die media, wat sake vir Kassie en Rooi bemoeilik. Al hierdie uitdagings verhoog die spanning sodat daar teen bladsy 293 (sowat 'n driekwart deur die roman) nog geen beduidende deurbraak is nie: “'n Gevoel van moedeloosheid oorweldig Kassie. Gaan hulle die bliksem ooit kry?” (293). Die stem van die teks wil-wil die stem van kennis uitdruis.

In hoofstuk 56 (306-311) ontwikkel die verhaal tot 'n eerste klimaks. Danksy 'n flink afdleiding van Kassie oor Vermooten as muntversamelaar, spoor hulle die juiste adres in Groenpunt op. Dit is 'n besonder spannende toneel, met Vermooten wat op die punt is om vir Sylvia dood te maak, terwyl Kassie en Rooi (net betyds) aan die deur klop (311). 'n Jaagtog volg, maar die ontknoping word uitgestel: "Fok, Vermooten gaan wegkom, besef Kassie" (311). Nou, met net sowat 50 bladsye oor, draai die ondersoek nogmaals vas: "Rooi is reg. Dis 'n donnerse verlore stryd" (339). Hulle spoor hom weldra op (die stem van kognisie het nooit getwyfel nie), en die klimaktiese konfrontasie (*showdown*) word haarfyn beplan (351). Soos in *Prooi*, dra die druk van horlosietyd nou by tot die spanning (354). Vergelyk ook die teken van moontlike geweld: "Onthou om julle koeëlvaste baadjies te dra" (353).

In hoofstuk 66 (354-361) kry ons die absolute hoogtepunt van die spanningsboog. Vermooten word in die huis aangekeer, Kassie is pas ontwapen en Rooi het 'n geweer teen die kop: "Die situasie is nou op 'n mespunt gebalanseer, besef Kassie" (356). Kassie ontfont "die plofbare situasie" (358) deur oor Vermooten se ma se dagboeke te begin praat. (Daar is intussen op die dagboeke in 'n stookkamer in Milnerton afgekom. Haar dagboeke weerlê Pieter se weergawe, en beeld haar inteendeel uit as 'n liefdevolle moeder.) Daar vind 'n struweling plaas, 'n skoot klap, en uiteindelik kry die speurders die oorhand. Vermooten word in boei geslaan: "koponderstebo in 'n patetiese bondeltjie [...] heeltal weerloos" (360). Die hoofstuk eindig met "'n rammeling in die verte" (361).

Die naskrif (369-370) is 'n skrywe van ene dr. Bertus Erlank, hoof van Wes-Kaapse Psigiatrie. Vermooten word beskou as erg geestelik versteurd, maar Erlank en kollegas bevraagteken die geldigheid van Annette Vermooten se dagboeke. Die dagboeke open dus die moontlikheid van 'n oop interpretasie: die leser weet steeds nie wie se weergawe van Vermooten se jeugjare die korrekte een is nie, syne of sy ma s'n. Sodoende bly die raaisel van wat presies Vermooten se psigopatie veroorsaak het (sogenaamde *nature* of *nurture*) onopgelos.

4. Gevolgtrekking

Met hierdie artikel is gepoog om 'n verkennende oorsig te gee van 'n studieterrein wat nie (tot dusver) veel aandag in die Afrikaanse letterkunde ontvang (het) nie. Meestal word navorsing oor spanning in kreatiewe skryfkursusse behandel, eerder as in letterkundige ondersoeke *per se*.

Ten einde 'n konseptuele greep op spanning te probeer kry, het ek twee seminale werke oor die onderwerp afgestof: Dove (1989) en Vorderer *et al.* (1996). Die definisies van spanning wat deur Dove en Vorderer *et al.* uiteengesit word, bied 'n nuttige vertrekpunt vir die ontleding van spanningsverhale, maar kan terselfdertyd neig na vereenvoudiging. Dit verklap byvoorbeeld 'n ietwat behavioristiese beskouing van die leeshandeling – asof daar 'n eenvoudige kousale verband tussen tekstuele prikkel (of stimulus) en emosionele respons bestaan. Die lees van fiksie (en die affektiewe uitwerking daarvan op die leser) is in der waarheid 'n ingewikkelde proses wat afhang van individuele lesers en kulturele kontekste. Hierdie nuanses word beslis erken.

Nietemin het hierdie teoretiese agtergrond my in staat gestel om drie voorbeeldtekste in Afrikaans (*Prooi*, *Die versoeking van Thomas Maas*, en *Hartedief*) onder die loep te neem, en aan te dui hoedat spanning telkens in die afsonderlike romans bewerkstellig word. Sodoende word ook insig verkry in die spesifieke maniere waarop spanning in misdadafiksie geskep (kan) word. Die drie tekste handel onderskeidelik oor kleptomane, erotomane, en psigopatie. Ek wys samevattend op die belangrikste verskille en ooreenkomste:

- *Prooi* is in wese 'n politieke spanningsverhaal met twee makrospanningslyne wat draai om die tema van staatskaping. Die heil van die ganse Suid-Afrika is op die spel en die helde se stryd word dus in 'n dieper historiese kruistog teen ongeregtigheid geanker. Die roman maak ruim gebruik van die konvensies van die spioenasieriller en die hardgebakte polisieverhaal, en kulmineer in 'n uiters spannende dubbel-loopklimaks.
- *Die versoeking van Thomas Maas* kan as huishoudelike noir getipeer word. In hierdie roman is dit die geïdealiseerde beeld van 'n gelukkige gesinslewe wat bedreig word. Erotiese spanning is 'n onderskeidende kenmerk, en die roman is in wese 'n dramatiese oorvertelling van Ella Nester se ondersoek. Uiteindelik neig die teks meer na 'n Shakespeariaanse tragedie (soos gesuggereer deur 'n aantal intertekste) aangesien daar ten slotte geen absolute waarheid te vinde is nie.
- *Hartedief* is 'n sielkundige riller. Die assosiasie tussen die reeksmoordenaar se moordlus en ongure weer (wat ek as atmosferiese spanning beskryf), en die gru-effek van die makabere moordtonele, is uitstaande kenmerke van die spanningsproses. Die verhaal van korrupsie in polisiegeledere dien as vertragingstechniek én aanvullende spanningslyn deurdat dit as struikelblok vir die speurhelde fungeer.

In al drie romans, kry ons terugkerende reeksprotagoniste wat (vermoedelik) met die intrapslag lesers se loyaliteite beïnvloed. Daarbenewens speel vernuftige fokalisering en binnekennis (oftewel dramatiese ironie) 'n beduidende rol in elkeen van die boeke. Ten opsigte van morele lading, was al drie hierdie sogenaamde populêre spanningsverhale egter meer ingewikkeld as wat die teorie in afdeling 2 suggereer. Karakters word telkens op 'n genuanseerde, polivalente wyse uitgebeeld met “goeie” sowel as “slegte” eienskappe.

Die bostaande teksontledings fokus grotendeels op plot, karakterisering en tot 'n mate vertelling, as deurslaggewende verhaalelemente in die totstandkoming van spanning, maar daar is ongetwyfeld ruimte vir verdere ondersoek ten opsigte van byvoorbeeld taal (woordkeuse, sinslengte ens.) en konvensies soos die werklikheidsgevoel (*verisimilitude*). Natuurlik is dit haas onmoontlik om in die bestek van 'n enkele artikel 'n komplekse fenomeen soos spanning volledig uit te pluus. Ek hoop dus dat die gesprek hier ter plaatse verder gevoer sal word aangesien spanningsfiksie so 'n gewilde en lewenskragtige genre in Afrikaans is.

BIBLIOGRAFIE

- Amid, J. 2014. 'n Moeilike geboorte en skielike grootword: Suid-Afrikaanse misdaadfiksie. *LitNet*, <https://www.litnet.co.za/poolshoogte-n-moeilike-geboorte-en-skielike-grootword-suid-afrikaanse-misdaadfiksie/> [1 Julie 2014].
- Burger, W. 2018. *Die wêreld van die storie*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Carroll, N. 1996. The Paradox of Suspense. In Vorderer, Wulff & Friedrichsen (eds). *Suspense: Conceptualisations, Theoretical Analyses, and Empirical Explorations*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates, Inc., pp. 71-92.
- Cawelti, J. 1976. *Adventure, Mystery, and Romance: Formula Stories as Art and Popular Culture*. Chicago: University of Chicago Press.
- Dove, GN. 1989. *Suspense in the Formula Story*. Bowling Green: Bowling Green State University Popular Press.
- Head, P. 2013. Tyd as strukturelement in speur- en misdaadfiksie met spesifieke verwysing na drie tekste deur Deon Meyer. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Universiteit van Kaapstad.
- Iwata, Y. 2008. Creating suspense and surprise in short literary fiction: A stylistic and narratological approach. PhD thesis. University of Birmingham.

- Karsten, C. 2020. *Die versoeking van Thomas Maas*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Lodge, D. 2011. *The Art of Fiction*. London: Vintage.
- Meyer, D. 2018. *Prooi*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Mikos, L. 1996. The Experience of Suspense: Between Fear and Pleasure. In Vorderer, Wulff & Friedrichsen (eds). *Suspense: Conceptualisations, Theoretical Analyses, and Empirical Explorations*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates, Inc., pp. 37-50.
- Pharos. 2010. *Afrikaans-Engels-Engels-Afrikaans Woordeboek*, <https://www.pharosaanlyn.co.za> [14 Februarie 2023].
- Rabkin, ES. 1973. *Narrative Suspense: When Slim Turned Sideways*. Ann Arbor: University of Michigan Press.
- Smith, C. 'Prooi' kort ekstra dosis spanning. *Netwerk24*, <https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/prooi-kort-ekstra-dosis-spanning-20181102> [2 November 2018].
- Steinmair, D. 2019. Hier kry 'naelbytspanning', 'wipwarit' nuwe betekenis. *Netwerk24*, <https://www.netwerk24.com/netwerk24/hier-kry-naelbytspanning-wipwarit-nuwe-betekenis-20190315> [17 Maart 2019].
- Van Rensburg, R. 2021. *Hartedief*. Kaapstad: Queillerie.
- Vorderer, P. 1996. Toward a Psychological Theory of Suspense. In Vorderer, Wulff & Friedrichsen (eds). *Suspense: Conceptualisations, Theoretical Analyses, and Empirical Explorations*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates, Inc., pp. 233-254.
- Vorderer, P, Wulff, HJ & Friedrichsen, M. (eds). 1996. *Suspense: Conceptualisations, Theoretical Analyses, and Empirical Explorations*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates, Inc.
- Zillmann D. 1996. The Psychology of Suspense in Dramatic Exposition. In Vorderer, Wulff & Friedrichsen (eds). *Suspense: Conceptualisations, Theoretical Analyses, and Empirical Explorations*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates, Inc., pp. 199-232.

“Gaan loop speel!”: Die inchoatiewe niehoofwerkwoorde *gaan* en *loop*

“Gaan loop speel!”: *The inchoative auxiliary verbs gaan and loop in Afrikaans*

RONÉ WIERENGA

Virtuele Instituut vir Afrikaans
en Noordwes-Universiteit
Potchefstroom, Suid-Afrika
ORCID: 0000-0002-7172-7165
E-pos: rone@viva-afrikaans.org



Roné Wierenga

RONÉ WIERENGA is tans projekbestuurder en taalkundeskrwyer van die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA), en navorsingskoördineerder by die Afrikaanse Taalraad (ATR). Naas hierdie rolle is sy ook werksaam by die Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Taalkunde (DBAT) en die Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Letterkunde (DBAL). Sy verwerf in 2022 ’n meestersgraad in Linguistiekteorie aan die Noordwes-Universiteit en onderneem verdere doktorsale studie. Haar navorsing fokus op beskrywende taalkunde, korpuslinguistiek, sintaksis, taalverandering en variasietaalkunde. Haar belangstellings sluit egter fonetiek en fonologie, digitalisering en diachroniese taalkunde in. In 2019 verwerf sy ’n BA Honneurs in Afrikaans en Nederlands, met Klassieke Latyn en Engels as adisionele modules, aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus.

RONÉ WIERENGA currently works as project manager and linguistic author at the Virtual Institute for Afrikaans (VivA), and as research coordinator at the Afrikaans Language Council. She is also actively involved in the development and maintenance of the Digital Bibliographies for Afrikaans Linguistics (DBAT) and Literature (DBAL). In 2022 she obtains her Master’s in Linguistic theory from the North-West University and undertakes further doctoral studies. Her research focus is descriptive linguistics, corpus linguistics, syntax, language change and language variation. Her interests also include phonetics and phonology, digitization, and diachronic linguistics. She obtained a BA Honours degree in Afrikaans and Dutch with Classical Latin and English additional modules from the North-West University in 2019.

Datums:

Ontvang: 2022-10-31

Goedgekeur: 2023-04-28

Gepubliseer: Junie 2023

ABSTRACT**“Gaan loop speel!”: The inchoative auxiliary verbs gaan and loop in Afrikaans**

Aspectual meaning is often ambiguous in Afrikaans because the verb is not compulsorily marked for aspect. The inchoative aspect is a grammatical aspectual meaning that highlights the moment directly before the onset, the onset itself, or the moment directly after the onset of an action or change of state. A variety of strategies can be used in Afrikaans to express the inchoative aspect, one of which being auxiliary verb constructions. Ten auxiliary verbs can occur in inchoative constructions in Afrikaans, namely: begin (‘begin’), gaan (‘go’), kom (‘come’), loop (‘walk’), raak (‘become’), sit (‘sit’), slaan (‘hit’), spring (‘jump’), steek (‘stab’) and val (‘fall’). These auxiliary verbs function as inchoative aspectual markers in two kinds of constructions: as direct linking verbs in inchoative constructions or as indirect linking verbs (either with or without progressive periphrastic constructions). All of the auxiliary verbs that can express inchoative meaning do not occur in all of the possible constructions. For instance, slaan (‘hit’) exclusively occurs as an inchoative marker in auxiliary constructions with the progressive periphrastic construction aan die (‘on the’) together with the main verb collocate brand (‘to burn’). This article, therefore, does not investigate all ten auxiliary verbs that can occur in inchoative constructions but solely focuses on the direct linking verb constructions in which gaan and loop occur as cognate inchoative auxiliaries.

In this article, the Watkyk! corpus, Taalkommissie corpus and NWU Commentary corpus are used to investigate the frequencies and usage patterns of gaan and loop as direct linking verbs in inchoative constructions. Construction Grammar (CxG) and Grammaticalisation Theory are used as theoretical frameworks to describe the similarities and differences in use of loop and gaan as direct linking verbs in inchoative constructions. CxG provides a useful theoretical framework for the identification of the constructions and descriptions of the nuances between the two constructions, should any be present. Grammaticalisation Theory provides a framework in which the main verb collocates for gaan and loop in these inchoative constructions can be used to establish the degree to which these verbs have evolved to express additional meanings or perform additional functions.

The results of the corpus study indicate that these gaan and loop inchoative constructions are formally and structurally similar, but that there are semantic nuances expressed by using one rather than the other. Collostruction analyses indicate both gaan and loop retain some of their lexical meaning in certain contexts where they are used to express inchoative aspectual meaning. However, gaan can be used in a larger variety of linguistic contexts and with a larger variety of main verb collocates. Gaan is, therefore, more grammaticalised and less constricted in its uses than loop. This result was expected because gaan has grammaticalised to function as a future tense marker and modal marker expressing epistemic modality in Afrikaans, which correlate with the grammaticalisation route for verbs like gaan in other languages. Whilst it was expected that loop would be less grammaticalised than gaan because loop is not commonly considered to function as a future tense marker in Afrikaans, it is, however, noteworthy that loop seems to have evolved to denote some kind of modal meaning. The loop inchoative construction is more frequently used in imperatives, occurs with a smaller variety of main verb collocates and tends to be used in contexts where the speaker is expressing a dislike for or disapproval of the situation being expressed by the main verb, or aims to evoke a negative emotional response from the receiver of the utterance towards the situation expressed by the main verb. This is indicative of loop being more specialised for imperatives, pejoratives and cases where the speaker expresses their own dislike or disapproval, or hopes to evoke these

feelings in the receiver of the utterance, towards the situation expressed by the main verb. It, therefore, seems that loop has evolved to function as a kind of deontic modal marker. This supports the findings of other researchers who note that loop expresses modality in progressive constructions.

KEYWORDS: aspect, auxiliary verbs, auxiliary verb inchoative constructions, construction grammar, corpus linguistics, *gaan*, inchoative, ingressive, inceptive, *loop*

TREFWOORDE: aspek, *gaan*, inchoatief, ingressief, inseptief, konstruksiegrammatika, korpuslinguistiek, *loop*, niehoofwerkwoord, niehoofwerkwoordelike inchoatiefkonstruksies

OPSOMMING

Aspektuele betekenis is dikwels meerduidelik in Afrikaans, omdat die werkwoord nie verpligtend gemerk word vir aspek nie. Die inchoatiefaspek is 'n grammatikaal-aspektuele betekenis wat die moment direk voor die aanvang, die aanvangsmoment self, of die moment direk ná die aanvang van 'n handeling of faseverandering uitlig. 'n Verskeidenheid strategieë kan in Afrikaans gebruik word om die inchoatiefaspek uit te druk – een só 'n strategie is die gebruik van niehoofwerkwoordelike konstruksies. In hierdie artikel word gebruik gemaak van die *Watkyk!/*-korpus, Taalkommissiekorpus en NWU-Kommentaarkorpus om die frekwensies en gebruikspatrone van *gaan* en *loop* as direkteskakelwerkwoorde in inchoatiefkonstruksies na te gaan. Die resultate van die korpusondersoek toon dat hierdie *gaan*- en *loop*-inchoatiefkonstruksies vormlik en struktureel ooreenkomstig is, maar dat daar semantiese nuanses is wat bewerkstellig word deur die keuse om *gaan* of *loop* te gebruik.

1. Inleiding

In Afrikaans is daar min deskriptiewe navorsing gedoen oor die gebruik van inchoatiewe aspektuele konstruksies. Navorsing oor inchoatiwiteit in Afrikaans is hoofsaaklik beperk tot morfologiese navorsing (verwys onder meer na Wissing, 1965; Labuschagne, 1968) of beskrywings van hoofwerkwoordelike funksies (vergelyk Scholtz, 1940; Ponelis, 1979), sonder om veel aandag te skenk aan die verklaring van terme soos *inseptief*, *ingressief* en *inchoatief*, of melding te maak van die niehoofwerkwoorde wat inchoatiewe aspektuele betekenis in Afrikaans kan uitdruk.

Tot op hede is daar slegs een taalkundepublikasie wat die Afrikaanse inchoatiewe niehoofwerkwoorde identifiseer en indringend bestudeer, naamlik Wierenga (2022). Hierdie artikel het ten doel om die bevindinge van Wierenga (2022) uit te brei deur die gebruikskontekste en sintaktiese funksies van die *gaan* en *loop* inchoatiewe niehoofwerkwoorde vergelykend in 'n korpusondersoek te bestudeer.

2. Inchoatiwiteit in Afrikaans

Relatief min is tot op hede oor inchoatiwiteit in Afrikaans gepubliseer. Wierenga (2022) bied die eerste omvattende beskrywing van inchoatiwiteit in Afrikaans aan, en daarom sal daar vir die doeleindes van hierdie studie berus word by die beskrywings en bevindinge van Wierenga

(2022).¹ Dit is nie sinvol om die problematiek rondom die klassifikasie en teoretiese beskrywing van die inchoatief óf terminologiese onduidelikheid hiér weer te gee nie, omdat dit reeds in Wierenga (2022) uiteengesit word. Dit is egter wel relevant om te noem dat Wierenga (2022:199) inchoatiewe betekenis as 'n soort imperfektiewe, progressiewe, aspektuele betekenis klassifiseer² wat uit drie fases bestaan: a) die moment direk voor die aanvang van 'n handeling of faseverandering (pre-inchoatief), b) die aanvangsmoment self (inchoatief), en c) die moment direk ná die aanvang van 'n handeling of faseverandering (postinchoatief).

- (1) *Pre-inchoatief:* Die oond is **op die punt om te ontplof**.³
 (2) *Inchoatief:* Ons **begin** onmiddellik eet.
 (3) *Postinchoatief:* Ons het **pas begin** bou aan die huis.

In voorbeeld (1) word die oomblik direk voor die oond ontplof, uitgelig. Die perifrastiese konstruksie *op die punt om te* word gebruik om uit te druk dat die fokaliseringsperspektief dié is van iemand wat die situasie beskryf waarin die oond byna gaan ontplof, maar die ontploffing nog nie begin het nie. Tog word die aanvangsfase steeds uitgelig, sonder om die ontploffings-oomblik uit te druk, of die voltooiing van die ontploffing in te sluit by die perspektief. In voorbeeld (2) word die niehoofwerkwoord *begin* gebruik om die aanvangsoomblik self uit te lig, sonder om te fokus op die oomblik waarin daar geëet word of waarin daar klaar geëet is. In die laaste voorbeeld (3) word die perifrasede *pas begin* gebruik om te fokus op die oomblik direk ná die aanvangsoomblik, maar sonder om die duur van die bouproses uit te lig. Die pre-inchoatief, inchoatief en postinchoatief lig dus spesifieker stadia van die aanvangsfase uit.

Soos deur die bostaande voorbeelde gedemonstreer word, is daar verskeie maniere waarop die inchoatiewe aspek in Afrikaans uitgedruk kan word. In hierdie studie word daar egter uitsluitlik gefokus op die niehoofwerkwoordelike konstruksies en meer spesifiek die niehoofwerkwoorde *gaan* en *loop* wat gebruik kan word om inchoatiewe betekenis uit te druk.

Wierenga (2022:135) identifiseer drie konstruksies waarin niehoofwerkwoorde gebruik word om inchoatiewe betekenis uit te druk, naamlik i) direkteskamelwerkwoordkonstruksies, ii) indirekteskamelwerkwoordkonstruksies en iii) niehoofwerkwoorde in progressiewe konstruksies.

- i) Direkteskamelwerkwoordkonstruksies [$V_{AUX.INCH}$ V]
 (4) Hy [*gaan* slaap].

¹ Wierenga (2022) bied 'n oorsig oor die bestaande literatuur oor inchoatiwiteit in Afrikaans. Sy bied 'n werksdefinisie vir die beskrywing van inchoatiewe niehoofwerkwoorde in Afrikaans aan asook 'n bestekopname van al die moontlike niehoofwerkwoorde wat inchoatiewe betekenis in Afrikaans kan uitdruk. Hiernaas identifiseer Wierenga (2022) drie moontlike konstruksies waarin hierdie niehoofwerkwoorde inchoatiewe betekenis uitdruk in Afrikaans. Wierenga en Breed (2022) is 'n artikel wat voortspuit uit Wierenga (2022) en poog om 'n teoretiese begroning vir die klassifikasie van inchoatiwiteit in verhouding tot ander aspektuele betekenis daar te stel. Wierenga en Breed (2022) word tans oorweeg vir publikasie.

² Vir 'n uiteensetting van die onderskeid tussen tempus en aspek in Afrikaans verwys na Breed (2012). 'n Volledige bespreking van aspektuele betekenis in Afrikaans word ook in Breed (2016) aangebied.

³ Voorbeelde is verkry en aangepas vanuit die *Virtuele Instituut vir Afrikaans* se Omvattende Korpusportaal (VivA-KPO, 2022).

Die inchoatiewe niehoofwerkwoord *gaan* kom direk voor die hoofwerkwoord⁴ *slaap* voor. Geen verbindings-element, soos 'n partikel of voegwoord, kom tussen die inchoatiewe niehoofwerkwoord en die hoofwerkwoord voor nie.

ii) Indirekteskakelwerkwoordkonstruksies [V_{AUX.INCH} CONJ V]

(5) Hy [*begin om te* help].

Die inchoatiewe niehoofwerkwoord *begin* en hoofwerkwoord *help* word in hierdie voorbeeld deur die komplementiseerder *om* en infinitiefpartikel *te* geskei. Ander verbindings-elemente soos die voegwoord *en* kan ook in hierdie posisie voorkom.

iii) Niehoofwerkwoorde in progressiewe konstruksies [V_{AUX.INCH} PROG V]

(6) Hy [*kom aan die* werk].

Die inchoatiewe niehoofwerkwoord *kom* kombineer met die progressiewe perifrasede *aan die* om 'n inchoatiewe konstruksie te vorm. In hierdie gevalle is die inchoatiewe niehoofwerkwoord ook 'n indirekteskakelwerkwoord, maar in 'n progressiewe konstruksie. Buiten vir die preposisionele progressiewe perifrasede konstruksies, kan die inchoatiewe niehoofwerkwoorde ook met die progressiewe perifrasede konstruksies met *besig* (7) en die postulêre progressiewe perifrasede konstruksies in (8) kombineer om inchoatiewe konstruksies te vorm. (Verwys na Breed (2012) vir 'n oorsig oor die progressiewe perifrasede konstruksies in Afrikaans.)

(7) Die kompos was *net* besig *om te begin* stoom.

(8) Klim op die kroegtafel en *begin loop en brul* soos 'n leeu.

Die niehoofwerkwoorde *gaan* en *loop* kom nie in al drie van die moontlike inchoatiewe konstruksies voor nie. *Gaan* en *loop* word egter beide as direkteskakelwerkwoorde in inchoatiefkonstruksies gebruik. In hierdie konstruksies kan *gaan* en *loop* deurgaans uitruilbaar gebruik word (vergelyk voorbeelde (9) en (10)).

(9) Hy *gaan* slaap.

(10) Hy *loop* slaap.

In hierdie artikel word daar gefokus op die direkteskakelwerkwoordkonstruksies waarin *gaan* en *loop* inchoatiewe aspekuele betekenis kan uitdruk. Konstruksiegrammatika word betrek as 'n teoretiese raamwerk waarin hierdie twee konstruksies vergelyk kan word.

3. Metodologie en teoretiese raamwerk

3.1 Konstruksiegrammatika

Konstruksiegrammatika (KxG) is 'n deelteorie binne die kognitiewe linguïstiek en word hoofsaaklik in gebruiksegebaseerde taalkundenavorsing aangewend (verwys na die volgende

⁴ Vir die doeleindes van hierdie artikel word *slaap*, *brand* en *werk* as hoofwerkwoorde in hierdie kontekste bestempel. Aangesien hierdie woorde vormlik identies is aan hul naamwoordelike kognaatkonstruksies, is daar ook kontekste waarin hierdie woorde as naamwoorde geklassifiseer kan word. Vir 'n beskrywing van hierdie meerduidigheid in die klassifikasie van hierdie woorde verwys na (Breed, 2012:147).

publikasies vir die toepassing van KxG in Afrikaanse taalkundenavorsing: Van Huyssteen (2002), (2005) en (2018); Rabé (2021); Wierenga (2022)). Konstruksiegrammatika fokus op grammatikale konstruksies en stel dat veralgemenings oor taalkundige strukture geformuleer kan word aan die hand van konstruksies (Fried, 2015:974). 'n Konstruksie word beskou as 'n vorm-betekenis-passing, waar die vorm van die konstruksie die sintaktiese, morfologiese en fonologiese eienskappe daarvan uitdruk en die betekenis deur die semantiese, pragmatiese en diskoers-funksionele eienskappe bepaal word (Croft, 2001:18). Goldberg (2006) beklemtoon dat geen enkele aspek van die vorm-betekenis-passing volkome voorspel kan word vanuit die onderdele daarvan nie. Konstruksies sluit dus alle aspekte van taal in – morfeme, woorde, idiome, passiewe vorme en so meer (Goldberg, 2006:5).

Een van die voordele van KxG is dat dit 'n teoretiese raamwerk daarstel wat patroonmatige taalverskynsels (konstruksies) op beide sinchroniese en diachroniese wyse kan beskryf en terselfdertyd taalkontaksituasies en taalverandering in ag neem (Höder, 2019:340). Ander teoretiese raamwerke soos grammatikaliseringsteorie kan binne die breër raamwerk van KxG toegepas word.

Grammatikalisering is die proses waardeur leksikale items evolueer om grammatikale funksies te ontwikkel (Miller & Van Gelderen, 2017). Grammatikalisering veronderstel dus dat 'n item afstand doen van leksikale betekenis (semantiese verbleking vind dus plaas) en grammatikale funksies bekom. Grammatikale items kan ook evolueer om meer grammatikale funksies te bekom met die gevolg dat die item in minder gebruikskontekste aangewend kan word en meer gebruiksbeperinge het. Indien die gebruik van 'n grammatikale item beperk word tot spesifieke gebruikskontekste word die item as gespesialiseerd vir hierdie kontekste beskou (Lyons, 1977; Traugott, 2003; Diewald, 2009; Lehmann, 2015).

Alhoewel hierdie artikel nie pertinent fokus op die ontwikkeling of totstandkoming van die *gaan*- en *loop*-inchoatiefkonstruksies nie en nie pertinent die taalinvloede wat moontlik 'n impak op die gebruik van hierdie konstruksies in Afrikaans het, ondersoek nie, is KxG en grammatikaliseringsteorie wel nuttige teoretiese raamwerke waarin die konstruksies waarin *gaan* en *loop* inchoatiewe betekenis in Afrikaans uitdruk, beskryf en vergelyk kan word.

3.2 Korpuslinguistiek

Hierdie artikel maak gebruik van 'n korpusgebaseerde benadering om die gebruikskontekste en sintaktiese funksies van *gaan* en *loop* te ondersoek. Korpusondersoek is 'n navorsingsmetode wat vir die afgelope dekade reeds volop gebruik word in Afrikaanse beskrywende taalkundenavorsing (verwys onder meer na Breed (2012), (2016); Kirsten (2016); Conradie (2018); Nel (2018); Van Huyssteen (2018); Wierenga (2022)). Biber (2010:159) beklemtoon die nut van korpuslinguistiese navorsingsmetodes vir taalkundenavorsing deur uit te wys dat dit innoverende navorsing deur middel van kwantifiseerbare statistiese analises gebaseer op outentieke gebruiksegebaseerde taaldata moontlik maak.

Drie korpusse word in hierdie korpusondersoek betrek, naamlik die Taalkommissiekorpus, NWU-Kommentaarokorpus en die *Watkykky!*-korpus, omdat hierdie drie korpusse gesamentlik 'n verskeidenheid registers, genres en kommunikasiemediums insluit. Die Taalkommissieokorpus bevat taalgebruik wat onder meer geredigeer is om aan die norme en konvensies van standaard geskrewe Afrikaans te voldoen, die *Watkykky!*-korpus bevat hoofsaaklik ongeredigeerde, informele taalgebruik wat in 'n sosiolek van Afrikaans, genaamd Zefrikaans, voorkom

en die NWU-kommentaarkorpus sluit informele taalgebruik met 'n geselstrant in.⁵ Die aard en omvang van hierdie drie korpusse word in Tabel 1 saamgevat.

TABEL 1: Korpusuiteensetting

	Taalkommissie-korpus	NWU-Kommentaarkorpus	Watkykji!-korpus
Genres	Onder meer: <ul style="list-style-type: none"> • <i>Wetenskaplike tydskrifte</i> • <i>Koerantartikels</i> • <i>Letterkundige werke</i> • <i>Informele en formele skryfstukke</i> • <i>Studiegidse</i> 	Gebruikerskommentaar op die aanlyn platforms van twee mediapublikasies	Bloginskrywings op die <i>Watkykji!</i> -webwerf
Aard	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Gestratifiseerd</i> • <i>Geredigeer</i> 	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Ongestratifiseerd</i> • <i>Ongeredigeer</i> 	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Ongeredigeer</i> • <i>Ongeredigeerd</i>
Taalgebruik	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Standaardafrikaans</i> 	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Algemene Afrikaans met 'n geselstrant</i> 	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Zefrikaans (informele sosiolek van Standaardafrikaans)</i>
Register	Formeel & Informeel	Informeel	Informeel
Korpusgrootte	47 321 344 woorde	14 650 775 woorde	1 718 857 woorde

'n Kombinasie van programatuur is gebruik om die korpusondersoek vir *gaan* en *loop* uit te voer. Die *Virtuele Instituut vir Afrikaans* (VivA) se korpusportaal is gebruik om die woordelyste vir elkeen van die korpusse, asook die konkordansies vir *loop* en *gaan* in elkeen van die korpusse te onttrek. *Microsoft Excel* is gebruik om die konkordansies handmatig na te gaan en enige gevalle waarin *loop* en *gaan* nie inchoatiewe aspektuele betekenis uitdruk nie, te skrap. Voorbeelde met *gaan* is deurgaans getoets deur *gaan* met *sal* te vervang. Indien 'n toekomstetydsbetekenis bewerkstellig kan word deur die vervanging van *gaan* met *sal*, is die voorbeeld nie as inchoatief gekategoriseer nie. Die skoongemaakte konkordansies bied 'n oorsig van hoeveel keer *loop* en *gaan* in inchoatiewe konstruksies voorkom in elkeen van die korpusse asook 'n oorsig oor die gebruikskontekste (genre en register) waarin hierdie inchoatiewe konstruksies voorkom.

Die programmeringstaal *R* is gebruik om Gries (2003) en Gries en Stefanowitsch (2004a; 2004b) se kollostruksieanalises uit te voer. Kollostruksieanalises word gebruik om die assosiasiersterkte tussen 'n konstruksie en die daaropvolgende of die voorafgaande item(s) te

⁵ Alle korpusse is gebruik en korpusvoorbeelde is verkry deur middel van VivA se Korpusportaal (VivA 2022). Die Taalkommissiekorpus vorm deel van die Omvattende afdeling van VivA se Korpusportaal (VivA-KPO). Die *Watkykji!*-korpus en NWU-Kommentaarkorpus is deel van die Korpusportaal se eksklusiewe afdeling (VivA-KPE).

bepaal. Vir die doeleindes van hierdie artikel is die kollokasiesterkte (die assosiasiesterkte) tussen die *loop*- en *gaan*-inchoatiewekonstruksies en die hoofwerkwoorde wat saam met hierdie konstruksies gebruik word, bereken. Die resultate van hierdie kolleksieanalyse bied 'n oorsig oor watter tipe hoofwerkwoorde algemeen saam met elkeen van die inchoatiewe konstruksies voorkom.

Die onderskeidende kolleksieanalyse dui aan of 'n hoofwoord eerder geneig sal wees om saam met een van die inchoatiewe niehoofwerkwoorde gebruik te word as saam met die ander inchoatiewe niehoofwoord (vergelyk Gilquin, 2013:119). Hierdie analises bied statistiese data waarvolgens bepaalde afleidings gemaak kan word oor die ooreenkomste en verskille in die sintaktiese funksies en semantiese betekenisse van die *loop* en *gaan* inchoatiewe niehoofwoordkonstruksies.

4. Resultate

4.1 Konkordansies

Tabel 2, 3 en 4 bevat die resultate van die konkordansies vir *gaan* en *loop* as direkteskakelwerkwoorde in inchoatiewe konstruksies in die drie korpusse.

TABEL 2: Frekwensies van die inchoatiewe konstruksies in die *Watkykij!*-korpus

	Totale trefslae in <i>Watkykij!</i>-korpus	Relatiewe frekwensie van inchoatiefkonstruksie	Voorbeeld(e)
[gaan V]	3 484	2 026.93 per miljoen woorde	<i>Org gaan sit in die voorhuis.</i>
[loop V]	204	118.68 per miljoen woorde	<i>Nou moet hy in die hof loop staan.</i>
TOTAAL	3688	2 145.61 per miljoen woorde	

Die relatiewe frekwensies vir hierdie konstruksies is bereken deur gebruik te maak van die formule:

$$\left(\frac{\text{Totaal van voorkoms van inchoatiewe niehoofwoord}}{\text{Totale woorde in korpusse}} \right) \times 1\,000\,000 = \text{Relatiewe frekwensie}$$

In vergelyking met die TK- en Kommentaarkorpus (251.55 en 498.33 per miljoen woorde onderskeidelik) wil dit voorkom asof die inchoatiefkonstruksies met *gaan* en *loop* as direkteskakelwoord meer voorkom in die *Watkykij!*-korpus (1 321.22 per miljoen woorde). Wanneer die distribusies van die *gaan*- en *loop*-inchoatiefkonstruksies in elkeen van die korpusse egter bereken word (99:1; 99:1; 94:6), is dit duidelik dat daar geen statisties beduidende verskil tussen die gebruik van hierdie konstruksies in die drie korpusse is nie. Distribusies verwys na die verhouding tussen *gaan* en *loop* tot mekaar in elke korpus. Dit wil sê die totale trefslae vir *gaan* in die Kommentaarkorpus (7 268) gedeel deur die gesamentlike totaal vir *gaan*- en *loop*-inchoatiefkonstruksies in die korpus (7 301). Die distribusies vir die konstruksies in elkeen van die korpusse word in Tabel 5 weergegee.

TABEL 3: Frekwensies van die inchoatiewe konstruksies in die TK-korpus

	Totale trefslae in TK-korpus	Relatiewe frekwensie van inchoatiefkonstruksie	Voorbeeld(e)
[gaan V]	11 840	250.20 per miljoen woorde	<i>Ek gaan sit op 'n hopie en huil.</i>
[loop V]	64	1.35 per miljoen woorde	<i>Baie mense het al ge-loop kyk wat blink so.</i>
TOTAAL	11 904	251.55 per miljoen woorde	

TABEL 4: Frekwensies van die inchoatiewe konstruksies in die Kommentaarkorpus

	Totale trefslae in Kommentaar-korpus	Relatiewe frekwensie van inchoatiefkonstruksie	Voorbeeld(e)
[gaan V]	7 268	496.08 per miljoen woorde	<i>Sy gaan sit plat op die grond.</i>
[loop V]	33	2.25 per miljoen woorde	<i>Loop kyk gerus na een van hierdie.</i>
TOTAAL	7 301	498.33 per miljoen woorde	

TABEL 5: Frekwensies van die inchoatiewe konstruksies in die Kommentaarkorpus

	TK-korpus	Kommentaar-korpus	Watkykky!-korpus
[gaan V] teenoor [loop V]	11 840:64	7 268:33	3 484:204
Distribusie	99:1	99:1	94:6

Die TK-korpus en Kommentaarkorpus se distribusies is identies, terwyl die *Watkykky!*-korpus se distribusies effens afwyk. 'n Moontlike verklaring vir die verskil tussen die *Watkykky!*-korpus en die ander twee korpusse se distribusies is die aard van die *Watkykky!*-korpus se inhoud. Hierdie korpus bevat, soos reeds genoem, die bloginskrywings wat op die *Watkykky!*-webtuiste gepubliseer word. Die inhoud van hierdie blogs word hoofsaaklik deur een outeur geskep en is dus idiosinkraties van aard. Dit is moontlik dat die outeur van hierdie blogs 'n (bewustelike of onbewustelike) voorkeur het vir die gebruik van *loop*-inchoatiefkonstruksies in gebruikskontekste waar ander outeurs moontlik eerder *gaan* sou gebruik. Hierdie moontlike verklaring

vir die verskil in distribusies word ondersteun deur die feit dat die kommunikasiemedium, naamlik bloginskrywings op 'n webblad, soortgelyk is aan die kommunikasiemedium van die Kommentaarkorpus, naamlik gebruikerskommentaar wat op 'n webblad geplaas word. So ook is die taalgebruik in beide die Kommentaarkorpus en die *Watkykky!*-korpus oorheersend informele, ongeredigeerde Afrikaans. Die verskil in distribusies van die inchoatiefkonstruksies in die korpusse kan dus nie toegeskryf word aan die kommunikasiemedium, geredigeerdheid van die taalgebruik, register of genre nie.

Die verskil in die distribusies van die konstruksies in die korpusse is egter nie statisties beduidend nie en daarom kan die verskil in die gebruiksfunksies en -kontekste van die *gaan*- en *loop*-inchoatiefkonstruksies in al drie korpusse gesamentlik ondersoek word.

4.2 Kolleseemanalise

Die kolleseemanalises van *gaan* en *loop* in die drie korpusse bied beperkte resultate. Al die hoofwerkwoordkollokasies vir *gaan* en *loop* toon 'Inf'-resultate. 'Inf'-waardes (*Infinitive*) dui nie noodwendig op 'n statisties beduidende kollokasiesterkte nie, maar eerder op 'n gebrek aan genoegsame geskikte voorbeelde (Gilquin, 2013:8). Daar is heelwat hoofwerkwoorde wat slegs een keer in 'n korpus voorkom of slegs een keer voorkom saam met 'n inchoatiewe niehoofwerkwoordkonstruksie en daarom 'n skynbaar sterk kollokasiesterkte met die bepaalde inchoatiewe niehoofwerkwoordkonstruksie toon. Hierdie hapax legomena word gewoonlik by korpusondersoek wegelaat by die berekening van die kollokasiesterkte. Vir die doeleindes van hierdie artikel is hapax legomena nie uitgelaat nie, omdat die data verskraal word deur die uitsluiting daarvan. Elke hoofwerkwoord se semantiese waarde is deurgaans in ag geneem om tendense te kan identifiseer.

Die volgende voorbeeld dien as illustrasie. Indien die hoofwerkwoorde *eet*, *vreet* en *smul* elkeen slegs een keer saam met 'n bepaalde inchoatiefkonstruksie voorkom in 'n korpus, sal hierdie gevalle as hapax legomena bestempel word en by die data uitgesluit word. Dit is egter duidelik dat al drie hoofwerkwoorde dieselfde kernbetekenis oordra, naamlik dat voedsel deur middel van die mond ingeneem word. Indien hierdie drie hoofwerkwoorde op grond van hierdie kernbetekenis saamgroepeer word, kan daar bepaal word tot watter mate hoofwerkwoorde met hierdie semantiese betekenis eerder saam met *gaan* of *loop* gebruik word in bepaalde kontekste.

Die resultate van die kolleseemanalise word in die onderstaande afdelings aangebied en bespreek.

4.2.1 *Gaan*

'n Totaal van 364 individuele hoofwerkwoorde kom saam met *gaan*-inchoatiewekonstruksies in die data voor. 'n Totaal van 49% van hierdie hoofwerkwoorde word slegs een keer saam met die *gaan*-inchoatief aangetref. Soos reeds genoem, dui hierdie resultaat daarop dat *gaan* in 'n groot verskeidenheid kontekste en saam met 'n groot verskeidenheid hoofwerkwoorde in inchoatiewe konstruksies gebruik kan word.

Aangesien die kolleseemanalise geen statisties beduidende kollokasiesterktes opgelewer het nie, word daar in hierdie artikel eerder gebruik gemaak van die gebruiksfrekvensie van die hoofwerkwoordkollokasies saam met die *gaan*-inchoatief om patroonmatigheid in die gebruik van die inchoatiefkonstruksie te bespreek. Dit is sinvol om steeds die hoofwerkwoordkollokasies van inchoatiewe niehoofwerkwoordkonstruksies waarin *gaan* en *loop* voorkom

by hierdie studie in te sluit, omdat die hoofwerkwoorde wat saam met 'n bepaalde konstruksie voorkom 'n aanduiding kan gee van waarom *gaan* of *loop* in 'n spesifieke konteks gebruik word eerder as die ander niehoofwerkwoord.

TABEL 6: Frekwensies van hoofwerkwoorde saam met *gaan*-inchoatiefkonstruksies

	Hoofwerkwoord	Frekwensie saam met <i>gaan</i> -inchoatief (N/2175*100)
1.	kyk	8.82%
2.	sit	4.78%
3.	staan	4.55%
4.	soek	4.00%
5.	koop	3.12%
6.	maak	2.94%
7.	doen	2.85%
8.	check	2.80%
9.	luister	2.75%
10.	kry	2.62%

Die oorheersende meerderheid van die hoofwerkwoorde wat die frekwentste met *gaan*-inchoatiewe kollokeer, is postulêre werkwoorde soos *sit* (4.78%), *staan* (4.55%) en *lê* (1.01%), of veronderstel 'n spesifieke postulêre liggaamshouding wat geassosieer word met die handeling wat deur die hoofwerkwoord uitgedruk word, byvoorbeeld *slaap* (1.51%). Heelwat van die hoofwerkwoorde wat saam met *gaan*-inchoatiefkonstruksies aangetref is veronderstel 'n proses met duur.

(11) Ek *gaan sit* verlig op my gat maar daar is nou orals rook net waar jy kyk.

(12) En dan *gaan slaap* ons.

Hoofwerkwoorde wat sensoriese liggaamsfunksies uitdruk soos *kyk* (8.82%), *check* (2.80%), *sien* (1.47%) en *luister* (2.75%) kollokeer ook algemeen met *gaan* in inchoatiewe konstruksies.

(13) *Gaan kyk* ook na Karel se biografie.

(14) Maak dan 'n kraak en *gaan sien* hulle.

'n Aantal van die werkwoorde wat frekwent met *gaan*-inchoatiewe kollokeer veronderstel 'n mate van beweging wat impliseer dat *gaan* se leksikale betekenis steeds in ag geneem word, onder meer *soek* (4.00%), *koop* (3.12%), *kry* (2.62%), *haal* (2.25%), *rondkrap* (0.64%). In voorbeeld (15) is die leksikale betekenis van *gaan* byna totaal verbleek en is daar geen implikasie dat die aangesprokene moet beweeg vanaf een ligging na 'n ander om te kan "rondkrap" in die digitale winkel nie. In voorbeeld (16) is hierdie leksikale betekenis effens minder verbleek omdat daar nie noodwendig verwag word dat die aangesprokene van een ligging na 'n ander moet gaan om die "tapes" te soek nie, maar die konteks impliseer dat die

aangesprokene waarskynlik tussen verskeie plekke moet beweeg op soek na die “tapes” wat “plek opvat en stof opgaar”.

(15) Jy kan op Zefshop *gaan rondkrap* vir zef hempies vir toddlers of t-shirts vir grootmense.

(16) *Gaan soek* solank jou ou VHS tapes wat net plek opvat en stof opgaar.

Algemene werkwoorde wat aktiwiteite impliseer soos *maak* (2.94%), *doen* (2.85%) en *werk* (1.56%) kom ook frekwent voor.

(17) Wat het jy nou *gaan doen*?

(18) Maak jou pick en *gaan drink* iets.

Dit kom dus voor asof *gaan* geredelik saam met 'n groot verskeidenheid hoofwerkwoorde gebruik word en as verstekniehoofwoord in inchoatiewe direkteskakelwerkwoordkonstruksies dien.

4.2.2 Loop

'n Totaal van 56 verskillende hoofwerkwoorde is saam met die *loop*-inchoatiefkonstruksies in die data aangetref. 42% van hierdie hoofwerkwoorde word slegs een keer saam met die *loop*-inchoatiefkonstruksie in die korpus aangetref. Alhoewel *loop* met aansienlik minder hoofwerkwoorde kollokeer as *gaan* (56 hoofwerkwoorde teenoor 364 verskillende hoofwerk-

TABEL 7: Frekwensies van hoofwerkwoorde saam met *loop*-inchoatiefkonstruksies

	Hoofwoord	Frekwensie saam met <i>loop</i> -inchoatief (N/96*100)
1.	Haal	10.41%
2.	Soek	9.37%
3.	Sluit	4.16%
4.	Slaap	3.12%
5.	Sit	3.12%
6.	Maak	3.12%
7.	Kry	3.12%
8.	Krap	3.12%
9.	Koop	3.12%
10.	Gooi	3.12%
11.	Trek	2.08%
12.	Staan	2.08%
13.	Lê	2.08%

woorde) is byna die helfte van die hoofwerkwoorde wat saam met *loop*-inchoatiefkonstruksies in die korpus aangetref is, slegs eenmalig saam met dié konstruksie aangetref.

Loop-inchoatiewe kollokeer met 15% van die hoofwerkwoorde waarmee *gaan*-inchoatiewe kollokeer. Hieruit kan afgelei word dat *loop* meer beperk is ten opsigte van die hoofwerkwoorde wat daarmee kan kollokeer en die kontekste waarin dit gebruik kan word. Grammatikaliseringsteorie stel dat beperkinge met betrekking tot hoofwerkwoordkollokasies 'n moontlike aanduiding van die spesialisering van 'n konstruksie is.

Slegs 14 hoofwerkwoorde is meer as een keer saam met die *loop*-inchoatiefkonstruksie aangetref. Hierdie hoofwerkwoorde word in Tabel 6 gerangskik volgens die gebruiksfrekwensie van die hoofwerkwoord saam met die *loop*-inchoatiefkonstruksie.

Heelwat van die hoofwerkwoorde wat frekwent saam met die *loop*-inchoatief in die korpus aangetref word, kom ook saam met die *gaan*-inchoatief voor, onder meer *haal*, *soek*, *slaap*, *sit*, *staan* en *lê*. Die uitruilbaarheid van *loop* en *gaan* as direkteskakelwerkwoorde in hierdie inchoatiefkonstruksies gee aanleiding daartoe dat sommige hoofwerkwoorde saam met beide *loop* en *gaan* gebruik word.

Dit is egter opmerklik dat hoofwerkwoorde wat 'n afkeurende houding of emosie teenoor die handeling uitdruk, of poog om 'n afkeurende emosie in die ontvanger van die sin te ontlok, soos *suip* (7.29%), *naai* (7.29%), *afpis* (7.29%), en *kakmaak* (7.29%), volop voorkom in die lys hoofwerkwoorde wat saam met *loop* aangetref is. 26% van die hoofwerkwoorde wat saam met die *loop*-inchoatiefkonstruksie voorkom druk 'n negatiewe of afkeurende houding/emosie teenoor die handeling uit of poog om 'n afkeurende/minagtende emosie by die ontvanger daarvan te ontlok.

(19) Dit is asof hulle een of ander gummy bear juice ***loop suip*** het in hul extended off season.

(20) Moenie jou doosduur trui ***loop brand*** nie, gaan cancel eerder jou DSTV subscription.

Dit is verder opmerklik dat 35.41% van die *loop*-inchoatiewe in imperatiewe sinne voorkom. Dit wil dus voorkom asof die gebruik van *loop* in hierdie imperatiewe poog om 'n verpligting by die aangesprokene tuis te bring of die spreker se morele oordeel teenoor die handeling wat deur die hoofwerkwoord uitgedruk word, wil weergee. In hierdie gevalle druk *loop* 'n soort deontiese modaliteitsbetekenis uit. Verdere ondersoek na die modale funksies van *loop* sal egter onderneem moet word om met sekerheid aan te dui of *loop* wel as modale merker funksioneer in hierdie kontekste.

(21) ***Loop haal*** 'n koue enetjie en kom sit.

(22) ***Loop soek*** hulle net.

Soos ook in die geval van *gaan* impliseer heelwat van die hoofwerkwoorde wat met *loop* kollokeer steeds 'n mate van die leksikale betekenis “om te beweeg vanaf punt A na punt B deur gebruik te maak van gekoördineerde been-voet-bewegings” in bepaalde kontekste, soos byvoorbeeld op 'n kampus, maar nie in ander kontekste soos dié van 'n woonbuurt in 'n stad nie.

(23) Knak 'n warm bier en ***loop soek*** kos.

(24) Dié dat ek 'n dag ná die kamtige arrival date eers ***loop vra*** vir my pakkies.

In beide hierdie voorbeelde kan die konteks toelaat dat daar ingelees word dat die spreker wel vanaf een punt na 'n ander moet loop om, onderskeidelik, kos te koop en 'n pakkie te gaan

afhaal. Tog, is *loop* nie 'n hoofwerkwoord in hierdie sinne nie en verrig *loop* as niehoofwerkwoord 'n inchoatiefaspektuele funksie. Dit wil sê dat *loop* eerder 'n aspektuele funksie verrig en nie impliseer dat daar werklik geloop word nie. *Loop* het egter nie in hierdie kontekste geheel en al afstand gedoen van die oorspronklike semantiese betekenis nie.

Dit is ook opmerklik dat *loop* as inchoatiewe niehoofwerkwoord frekwent voorkom saam met hoofwerkwoorde wat kontrasteer met die postulêre liggaamsposisie wat *loop* veronderstel, soos *slaap* en *lê*. In hierdie kontekste het *loop* dus volkome afstand gedoen van die leksikale betekenis en is *loop* meer grammatikaliseerd.

4.3 Onderskeidende kollekseemanalise

'n Onderskeidende kollekseemanalise is 'n statistiese analise wat aantoon of 'n item 'n sterker assosiasiesterkte met een konstruksie het in vergelyking met 'n ander. 'n Onderskeidende kollekseemanalise is onderneem om te bepaal watter van die hoofwerkwoorde wat saam met beide *gaan* en *loop* inchoatiewe konstruksies aangetref is sterker assosiasiesterktes (kollokasiesterktes) saam met een van die inchoatiewe niehoofwerkwoorde het as met die ander. Gilquin (2013:9) stel dat 'LargDev' (*largest deviation*) die term is wat gebruik word om die hoogste graad van aantrekkingskrag (indien die waarde positief is) of afstotende krag (indien die waarde negatief is) aan te dui tussen die hoofwerkwoord en die konstruksie. 'n Waarde groter as 1.30103 ($p < 0.05$) word as statisties beduidend aanvaar.

Die bevindinge van die onderskeidende kollekseemanalise vir die drie korpusse dui daarop dat 624 verskillende hoofwerkwoorde sterker aantrekkingskragte saam met *gaan* in inchoatiewe niehoofwerkwoordelike konstruksies het en 46 hoofwerkwoorde sterker met *loop* assosieer as met *gaan*.

Die onderstaande tabel bevat die 14 hoofwerkwoorde vir *gaan* en *loop* met die hoogste 'LargDev'-waarde vir die drie korpusse (uitsluitend enige hoofwerkwoorde wat slegs een keer voorkom in die kollekseemanalises).

Hierdie 14 hoofwerkwoorde het die hoogste 'LargDev'-waardes vir *gaan* en *loop* onderskeidelik. Die resultate van die onderskeidende kollekseemanalise dui daarop dat 73% van die hoofwerkwoorde meer geneig sal wees om saam met *gaan* voor te kom as saam met *loop*. Hierdie hoë persentasie kan toegereken word aan die feit dat *gaan* hoër gebruiksfrekwensies getoon het as *loop* in die konkordansies. *Gaan* is dus die verstekniehoofwerkwoord in hierdie konstruksies en semanties 'n meer neutrale keuse met minder gebruiksbepanking.

Vanuit die resultate van die onderskeidende kollekseemanalise is dit duidelik dat beide *gaan* en *loop* algemeen voorkom saam met hoofwerkwoordkollokasies wat steeds verband hou met die leksikale betekenis⁶ van *gaan* (onder andere *soek*, *sluip*) en *loop* (onder meer *haal*, *kry* en *vat*). So ook is daar pejoratiewe hoofwerkwoorde, dit wil sê hoofwerkwoorde wat 'n minagtende of afkeurende houding of emosie uitdruk, wat eerder saam met *gaan* (*smous*) of *loop* (*slat*, *afpis* en *suip*) kollokeer. Soveel as 42% van die hoofwerkwoorde wat sterker met *loop* kollokeer as met *gaan* is pejoratiewe hoofwerkwoorde of hoofwerkwoorde wat poog om 'n afkeurende of minagtende houding teenoor die handeling te ontlok by die ontvanger van die sin. Slegs 9.2% van die hoofwerkwoorde wat meer geneig sal wees om met *gaan* te kollokeer is pejoratief of poog om afkeer by die ontvanger te ontlok. Dit is verder opmerklik

⁶ *Gaan* se leksikale betekenis impliseer dat daar beweging vanaf punt A na punt B plaasvind, terwyl *loop* se leksikale betekenis veronderstel dat hierdie beweging vanaf punt A na punt B gekoördineerde hand-voet-bewegings veronderstel.

TABEL 8: Onderskeidende kolleksemanalise vir *gaan* en *loop* in die TK-, Kommentaar- en *Watkykjy!*-korpus

	Gaan		Loop	
	Hoofwerkwoord	LargDev.	Hoofwerkwoord	LargDev.
1.	soek	11.25	holskud	4.95
2.	gooi	56.73	inspan	2.46
3.	trek	5.49	jag	2.46
4.	staan	4.82	kakmaak	2.46
5.	vra	4.23	moor	2.46
6.	kuier	3.68	versuip	2.46
7.	skraap	3.47	vrek	1.94
8.	werk	2.71	brand	1.94
9.	sit	2.30	holswaai	1.65
10.	kies	2.03	naai	1.47
11.	uitcheck	1.99	afpis	1.47
12.	begin	1.79	vat	1.34
13.	drink	1.68	slat	1.34
14.	wen	1.48	suip	1.34

dat slegs 4.3% van die hoofwerkwoorde wat sterker assosieer met *gaan* vloekwoorde of taboewoorde is (onder meer *pis*, *neerdonner* en *kots*), terwyl 23.9% van die hoofwerkwoorde wat sterker met *loop* assosieer vloekwoorde of taboewoorde (onder meer *holswaai*, *kakmaak* en *naai*) is. Uit hierdie resultate kan dus afgelei word dat alhoewel *gaan* saam met pejoratiewe hoofwerkwoorde en vloekwoorde kán voorkom, dit meer gebruiklik is vir hierdie hoofwerkwoorde om met *loop* te kollokeer. *Loop* verrig dus 'n addisionele modale funksie wat die spreker se afkeurende of minagende houding uitdruk of selfs 'n afkeurende emotiewe respons vanaf die ontvanger van die uiting probeer ontlok, wat afwesig is by *gaan*. Dit is dus ook waar vir *loop* as postulêre kognaatkonstruksie van *gaan* in inchoatiewe skakelwerkwoordkonstruksies.

Dertig van die hoofwerkwoorde wat sterker assosiasies met *loop* het, se kollokasiesterktes is statisties beduidend, terwyl slegs 23 van die kollokasies wat sterker met *gaan* assosieer statisties beduidend is. Die groot aantal hoofwerkwoordkollokasies wat saam met *gaan* voorkom, maar nie statisties beduidend is nie (96%), dui daarop dat *gaan* waarskynlik in meer gebruikskontekste kan voorkom en daarom verder gegrammatikaliseer het as inchoatiewe niehoofwerkwoord as *loop*. *Gaan* is dus die verstekniehoofwerkwoordelike inchoatief. Soveel as 65% van die hoofwerkwoorde wat sterker met *loop* assosieer het statisties beduidende kollokasiesterktes in die onderskeidende kolleksemanalise. Dit beteken dat *loop* meer

gespesialiseerd is as *gaan* vir spesifieke gebruikskontekste, naamlik a) in kontekste waar daar 'n afkeurende of minagtende houding of emosie teenoor die handeling uitgedruk word of bewerkstellig wil word; en b) in imperatiewe.

Daar is vier voorbeelde in die korpora aangetref waar beide *loop* en *gaan* gesamentlik in 'n werkwoordkluster gebruik word om inchoatiewe betekenis uit te druk. Al vier hierdie voorbeelde is in die Kommentaarkorpus aangetref.

- (25) Ai boetie, *gaan loop soek* daar onder daardie hoop.
- (26) Pak jou sak en *loop gaan soek* ander werk.
- (27) Toe *loop gaan werk!*
- (28) *Loop gaan soek* aandag iewers anders.

Te min van hierdie voorbeelde is in die korpusdata aangetref om afleidings hieroor te maak. Dit is nietemin moontlik dat *loop* en *gaan* gesamentlik gebruik word om die inchoatiewe betekenis te beklemtoon. Breed (2017a:11) beskryf die evolusie van postulêre werkwoorde vanaf 'n hoofwerkwoord wat gebruik word om liggaamshouding weer te gee tot 'n aspektuele merker. Die finale ontwikkelingsfase wat Breed (2017a:11) identifiseer is die verkryging van 'n modale funksie (soos 'n deontiese of pejoratiewe modaliteit) wat nie uitsluitlik voorkom in kontekste waar die postulêre werkwoord *loop* gebruik word om progressiewe betekenis uit te druk nie, maar ook in kontekste waar nieprogressiewe aspektuele betekenis uitgedruk word. Breed (2017b:40) stel ook dat *loop* se modale funksies meer gebruiklik en produktief is in die informele, niestandaardvariëteite van Afrikaans. Die bevindinge van hierdie artikel bevestig Breed se gevolgtrekking, omdat *loop* as inchoatiewe niehoofwerkwoord ook modale betekenis kan uitdruk in die vorm van 'n afkeurende of minagtende houding teenoor die handeling wat uitgedruk word deur die hoofwerkwoord. Die meerderheid van die gevalle waar *loop*-inchoatiefkonstruksies hierdie addisionele modale funksie uitdruk is in die informele niestandaardtaal van die Kommentaarkorpus, *Watkykky!*-korpus en in fiksietekste in die TK-korpus aangetref.

Dit is opmerklik dat al drie voorbeelde imperatiewe is en dat die plasing van *loop* in die eerste posisie van die werkwoordkluster dus waarskynlik ten doel het om die imperatiewe modus te beklemtoon.

5. Slot

Die inchoatiewe niehoofwerkwoorde *gaan* en *loop* kan uitruilbaar gebruik word as direkteskakelwerkwoorde in inchoatiewe konstruksies in Afrikaans. 'n Korpusondersoek is onderneem om die gebruiksfunksies en beperkinge van hierdie twee inchoatiewe konstruksies in die TK-korpus, Kommentaarkorpus en *Watkykky!*-korpus te bepaal. Die bevindinge van die korpusondersoek dui daarop dat daar bepaalde semantiese nuanses deur die keuse van een inchoatiewe niehoofwerkwoord eerder as die ander bewerkstellig word. Die *loop*-inchoatiefkonstruksies is meer gespesialiseerd as die *gaan*-inchoatiefkonstruksies en kom meer gereedelik voor in gebruikskontekste waar 'n afkeurende of minagtende houding teenoor die situasie uitgedruk of bewerkstellig word. So ook is *loop* meer algemeen in imperatiewe aangetref as *gaan*.

Die gebruiksbeporinge van die *loop*-inchoatiefkonstruksie word daaraan toegeskryf dat *loop* 'n soort deontiese modale betekenis uitdruk wat nie noodwendig aan *gaan* gekonnoteer word nie, naamlik dat *loop* gebruik word om 'n afkeurende/minagtende houding of emosie

teenoor die handeling uit te druk en dus meer geredelik met pejoratiewe hoofwerkwoorde kollokeer. Daarenteen word *gaan* meer geredelik in 'n wyer reeks gebruikskontekste aangewend om inchoatiewe betekenis uit te druk. Dit wil sê dat *gaan* die meer neutrale keuse is en dus die verstekniehoofwerkwoord in hierdie konstruksies.

BIBLIOGRAFIE

- Biber, D. 2010. What can a corpus tell us about registers and genres? In O'Keeffe & McCarthy (eds). *The Routledge Handbook of Corpus Linguistics*. London: Routledge.
- Breed, CA. 2012. Die grammatikalisering van aspek in Afrikaans: 'n Semantiese studie van perifrastiese progressiewe konstruksies. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – PhD).
- Breed, CA. 2016. Aspek in Afrikaans: 'n Teoretiese beskrywing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(1):62-80.
- Breed, CA. 2017a. The subjective use of postular verb in Afrikaans (I): Evolution from progressive to modal. *Spil Plus*, 52:1-21.
- Breed, CA. 2017b. The subjective use of postural verbs in Afrikaans (II): A corpus analysis of *CPV* en in Zefrikaans. *Spil Plus*, 52:23-43.
- Conradie, CJ. 2018. Modale kettings in Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 58(2):258-276.
- Croft, W. 2001. *Radical construction grammar: Syntactic theory in typological perspective*. Oxford: Oxford University Press.
- Diewald, G. 2009. Konstruktionen und Paradigmen. <https://doi.org/10.1515/ZGL.2009.031> [26 April 2022].
- Fried, M. 2015. Construction grammar. In Alexiadou & Kiss (eds). *Syntax – Theory and analysis. An international handbook. Handbook of linguistics and communication sciences*. Berlin: Mouton de Gruyter, pp. 974-1003.
- Gilquin, G. 2013. Making sense of collostructional analysis. On the interplay between verb sense and construction. *Constructions and Frame*, 5(2):119-142.
- Goldberg, AE. 2006. *Constructions at word: The nature of generalization in language*. Oxford: Oxford University Press.
- Gries, ST. 2007. Coll.analysis 3.2a. A script for R to compute perform collostructional analyses. <https://stgries.info/teaching/groningen/index.html> [20 May 2022].
- Gries, ST & Stefanowitsch, A. 2004a. Extending collostructional analysis: A corpus-based perspective on 'alternations'. *International Journal of Corpus Linguistics*, 9(1):97-129.
- Gries, ST & Stefanowitsch, A. 2004b. Covarying collexemes in the *Into*-causative. In Achard & Kemmer (eds). *Language, culture, and mind*. Stanford: Stanford University Press.
- Höder, S. 2019. Phonological schematicity in multilingual constructions: A diasystematic perspective on lexical form. *Word Structure*, 12(3):334-352.
- Kirsten, J. 2016. Grammatikale verandering in Afrikaans van 1911-2010. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – PhD).
- Labuschagne, FJ. 1968. Iets oor aspek: lingologies gesien. *Taalfasette*, 6:17-26.
- Lehmann, C. 2015. *Thoughts on grammaticalization*. Berlin: Language Science Press.
- Lyons, J. 1977. *Semantics*. Cambridge: Syndicate Press of the University of Cambridge.
- Miller, DG & Van Gelderen, E. 2017. Grammaticalization. Oxford Bibliographies. <https://www.oxfordbibliographies.com/view/document/obo-9780199772810/obo-9780199772810-0019.xml> 8 Jun. 2020.
- Nel, M. 2018. Outeurskapidentifikasie en mikrobogs: 'n eksploratiewe forensiese analise in 'n digitale era. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – PhD).
- Rabé, M. 2021. Kodewisseling in Afrikaans-Nederlandse kinders se spraak. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Verhandeling – MA).
- Scholtz, HvdM. 1940. *Taal en taalverskynsels*. Bloemfontein: Nasionale Pers.
- Traugott, EC. 2003. From subjectification to intersubjectification. In Hickey (ed.). *Motives for language change*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 124-139.

- Van Huyssteen, GB. 2002. Teoretiese vooronderstellings van 'n kognitiewe gebruiksegebaseerde beskrywingsmodel vir die Afrikaanse grammatika. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies (SALALS)*, 20(4):303-323.
- Van Huyssteen, GB. 2005. 'n Kognitiewe gebruiksegebaseerde beskrywing vir die Afrikaanse grammatika. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies (SALALS)*, 23(2):125-137.
- Van Huyssteen, GB. 2018. 'n Korpusondersoek na *huidiglik*. *Literator*, 39(2):1-10.
- Wierenga, R. 2022. Inchoatiewe niehoofwerkwoordkonstruksies in Afrikaans. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Verhandeling – MA).
- Wierenga, R & Breed, CA. 2022. Inchoativity: A theoretical description for inchoative auxiliary verb constructions in Afrikaans. [submitted for publication: *Folia Linguistica*].

Faktore wat handelsmerklojaliteit bepaal in 'n pandemiese besigheidsmilieu

Factors determining brand loyalty in a pandemic business environment

CHRISTO BISSCHOFF

NWU Besigheidskool
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom, Suid-Afrika
E-pos: Christo.bisschoff@nwu.ac.za



Christo Bisschoff



Dorothy Flint

DOROTHY FLINT

NWU Besigheidskool
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom, Suid-Afrika
E-pos: Flint.Dorothy12connect@gmail.com

CHRISTO BISSCHOFF het sy loopbaan as landbou-ekonoom aan die destydse Noordwes Koöperasie begin waarna hy as dosent in Ondernemingsbestuur by die Universiteit van Pretoria aansluit. Hy studeer deelyds en behaal die grade MCom (1990) en DCom (1992) aan die Universiteit van Suid-Afrika. Sy spesialiteitsvelde is Bemakings- en Landboubestuur. Christo fokus later op handelsmerkstrategie, bestuurs-etiek en doen verder steeds navorsing oor sy gunstelingonderwerp, landboubestuur. Sy navorsing behels vergelykende studies wat hy saam met sy internasionale medewerker-netwerk doen en hy het reeds verskeie geakkrediteerde artikels gepubliseer en internasionale konferensies oor die wêreld toegesprek. Hy tree verder op as referent vir verskeie plaaslike en internasionale tydskrifte en was ook die voorsitter van die Internasionale Besigheidskonferensie. Hier tree hy steeds op as die redakteur van die konferensiebundel. Christo doseer Bemakingsbestuur aan die Noordwes-Universiteit se NWU Besigheidskool op Potchefstroom.

CHRISTO BISSCHOFF started his career as an agricultural economist at the North-West Cooperative, whereafter he joined the University of Pretoria as a lecturer in Business Management. He studied part-time at the University of South Africa and obtained the MCom (1990) and DCom (1992) degrees, specialising in Marketing and Agricultural Business Management. Christo focuses his research on brand loyalty, business ethics and still researches his favourite topic, agricultural business management. He collaborates with his international network and also focuses on comparative inter-country research. He has published various accredited articles, addressed audiences at international conferences, reviewed several accredited journals, and obtained an NRF research rating in 2020. He resigned as the chairman of the International Business Conference but still serves as editor tasked with publishing the conference proceedings. Christo lectures Marketing Management at the North-West University's Business School in Potchefstroom.

Datums:

Ontvang: 2023-01-31

Goedgekeur: 2023-04-15

Gepubliseer: Junie 2023

DOROTHY GRACE FLINT is 'n senior verkoops-verteenwoordiger met heelwat verkoopservaring in die farmaseutiese en gesondheidsindustrie. Sy is werksaam by die internasionale maatskappy FMCG. In 2015 behaal sy haar Bacculaureus graad in Dieetkunde, en volg dit na 'n paar jaar op met 'n Meestersgraad in Besigheidsadministrasie wat sy in 2022 behaal. Albei dié grade word aan die Noordwes-Universiteit verwerf. Dorothy is 'n spanspeler en demonstreer sukses deur klënte-verhoudinge te inisieer, te onderhandel en ook deur nuwe besigheidsgeleenthede te ontwikkel in geteikende of toegeedeelde markte. Haar belangstelling in verbruikersgedrag lei tot 'n grondige begrip van die verbruikersinsigte van veelvuldige persoon-tot-persoon verbintenisse, data-ontleding en verhoudingsbestuur deur die jare. Die blootstelling en uitdagings van die besigheidswêreld stel haar bloot aan die verskillende klënteverbondenheidstrategieë en lei tot die vraag hoe hierdie strategieë die klënte se handelsmerklojaliteit beïnvloed. Dorothy ontvang die Procter & Gamble Hoofbestuurders-toekenning in 2022 vir haar uitstaande prestasies in die maatskappy. Haar belangstellings sluit verbruikersinsig, handelsmerkbestuur en besigheidsontwikkeling in. Dorothy hoop om haar navorsing in die nabye toekoms verder te verfyn – sy beplan om in samewerking met groot maatskappye 'n unieke en pasmaak klënteverbondenheidstrategie te bewerkstellig vir die bevordering van handelsmerklojaliteit.

DOROTHY GRACE FLINT is a senior sales representative for a global FMCG company, with prior exposure of sales in the pharmaceutical and health care industry. She obtained both her degrees from the North West University, a Bachelor's degree in Dietetics in 2015, followed by her Master's in Business Administration in July, 2022. She is a collaborative team player with demonstrated success in customer relationship building, negotiating, and developing new business opportunities within targeted and assigned territories. Her curiosity towards consumer behaviour has empowered her to obtain a comprehensive understanding of consumer insights through multiple face-to-face customer engagements, data analysis, and customer relationship management over the years. Her exposure and challenges in the business environment has given her a platform to question various customer engagement strategies and how these strategies may influence a consumer to remain loyal to their brand of choice. She was recently awarded with the Procter & Gamble CEO award for 2022 for outstanding achievement within the organisation. Her interests lie in consumer insights, brand management and business development. She hopes to continue further research in the near future, where she can consult with organisations to develop a unique and tailor customer engagement strategy for brand loyalty.

ABSTRACT

Factors determining brand loyalty in a pandemic business environment

Customer loyalty has significantly evolved over the last decade, specifically with social media platforms. Marketers engage customers regularly with an omnichannel approach, which allows brands to interact with their customers, whether person-to-person or person-to-community. Customer loyalty is characterised in the literature as a psychological process whereby a customer's loyalty attaches towards a specific service or brand. Over time, customer loyalty contributes to consumers' behaviour and preference for a specific brand or service. Therefore, a company should consider formulating or developing an appropriate business intelligence strategy to drive customers towards loyalty and increase their engagement with its brand. Furthermore, psychological shopper behaviour might expand and improve current research towards a customer perspective by distinguishing how customers are incentivised during their brand activity ventures, suggesting that customer loyalty and customers' judgements of businesses have a notable positive impact. As such, brands should identify what their businesses centre their attention on or what their attraction is. For a brand to understand and identify the best loyalty strategies for its target customers, the business must use the opportunity to

enable the brand to develop new innovative approaches. These approaches continuously drive brand loyalty through sales by creating a competitive advantage in the market. Customer loyalty has become more than just a strategy for business or marketing. It empowers the consumer to be engaged throughout their initial interaction and purchase journey and become loyal to the brand. This engagement journey can help a brand to establish and grow due to the continuous support from consumers. The general aim of this study was to determine the nature of the relationship between customer engagement factors and brand loyalty. The study identified five customer engagement factors from the literature (brand reputation, social media, word-of-mouth, customer experience, and merchandising) with a view to investigating their role in brand loyalty. It is noteworthy that these factors are well-documented in a pre-Covid-19 environment; the question remains, however, whether these factors will still be valid and reliable in a Covid-19 business environment? This study aims to determine a response to precisely that question. In a quantitative research design a self-developed questionnaire was used to measure each one of these factors on a five-point Likert scale. All these factors and their respective measuring criteria were validated empirically using exploratory factor analysis. The social media platform Instagram was used to initiate a snowball sample, and a total of 135 social media participants responded by completing the online Google Forms questionnaire. The respondent profile shows that brands' social media page is the most preferred method of brand communication. This is followed by email, SMS and telephonic communication methods, with the latter being, in fact, clearly disliked. It was found that respondents prefer email, followed by SMS or the social media platform to receive brand communication; however, communication via telephone conversations is disliked. As consumers, respondents find brand advertisements memorable once they have seen them on different platforms or channels of communication. The most memorable channel is social media (having a recall rate of 62.2%). A total of 71.9% of participants first read the reviews of a new product that was launched. After that, they find a way through word-of-mouth or a brand community to make an informed discussion before purchasing the product and listening to what other consumers share on review platforms. The data are reliable ($\alpha \geq 0.70$) and the sample was deemed adequate ($KMO \geq 0.70$). Multiple regression analysis was used to determine the relationships between customer engagement factors and brand loyalty. The results indicated that there are significant ($p \leq 0.05$) positive relationships for the factors brand reputation ($r = .262$; $p \leq 0.05$), social media ($r = .430$; $p \leq 0.05$), word-of-mouth ($r = .309$; $p \leq 0.05$), and visibility ($r = .340$; $p \leq 0.05$). The model explains a satisfactory cumulative variance of 65.1% ($R^2 = 0.651$). The factor, customer experience, however, should be reconsidered because this antecedent did not significantly influence a consumer's loyalty to a brand. As such, exploratory factor analysis was used to determine whether there are other factors that determine brand loyalty. Eight factors were identified, explaining 63% of the variance cumulatively. These factors are visibility of merchandise, brand reputation, brand trust, brand references (outside the shop), advice (inside the shop), brand ambassador, the purchase experience, and personal choice. The eight new factors make more sense as factors to manage brand loyalty. Management should rather focus on these factors than concentrate on the initial five factors indicated in the literature. Possible areas for future research are to investigate the age and demographic areas with regard to how the participants could have viewed their opinions. A more centralised focus towards different ages, groups or generations such as Gen Z, Millennials, Gen X, Boomers, and the Silent Generation can also be investigated to compare or illustrate which engagement strategy is most influential towards their brand loyalty.

KEYWORDS: customer loyalty; brand reputation; social media; word-of-mouth; brand community; customer experience; merchandising; brand loyalty

TREFWOORDE: handelsmerkreputasie; sosiale media; verbruikerslojaliteit; verbruikers-ondervinding; handelsmerkgemeenskap; handelsmerklojaliteit

OPSOMMING

Handelsmerklojaliteit is 'n kernkomponent van moderne bemarkingstrategie. Lojale verbruikers is nie net deel van die aanvanklike aankoopinteraksie nie, maar ook lojaal aan die handelsmerk. Gevolglik word die bekende aankoopreis omskep in 'n lojaliteitsreis waar die lojale ondersteuning van die verbruiker 'n verhouding konstateer met die betrokke handelsmerk. Sodoende word die handelsmerk se lojaliteit in die mark verbeter en groei die handelsmerk as gevolg van die onafgebroke verbruikersondersteuning. Hierdie studie het ten doel om die verhouding tussen verskillende faktore van handelsmerklojaliteit en handelsmerklojaliteit *per se* te bepaal. Die studie ondersoek vyf gevestigde kernfaktore van handelsmerklojaliteit, naamlik 1) handelsmerkreputasie, 2) sosiale media, 3) mondelinge kommunikasie, 4) kliëntervaring en 5) tentoonstelling van handelsware. Dit is egter belangrik om kennis te neem daarvan dat die faktore dateer uit teoretiese studies voordat die Covid-19-pandemie toegeslaan het. Hierdie studie beoog dus om te bepaal of die faktore steeds geldig en betroubaar is sedert die Covid-19-pandemie. In die kwantitatiewe navorsingsontwerp word 'n self-ontwikkelde vraelys gebruik, waardeur data van 135 sosiale media-respondente ingesamel is. Die waarde van hierdie studie is gesetel in die spesifieke verhouding wat elke faktor met handelsmerklojaliteit in 'n veranderende besigheidsomgewing het. Die studie ontwikkel voorts 'n model wat handelsmerklojaliteit meet, en waardeur die relatiewe belangrikheid van elke faktor volgens die meting bepaal kan word. Hierdie bevindinge kan handelsmerke se bemarkingsbegrotings beïnvloed, 'n spesifieke fokus op individuele faktore plaas, of 'n gesamentlike evaluasie van die verbruikers se lojaliteit teenoor 'n spesifieke handelsmerk meet. Die ontwikkelde model stel die navorser ook in staat om die spesifieke handelsmerk se onderskeie faktore afsonderlik te meet in die verskillende marksegmente waar die handelsmerk voorkom. Die sosialemedia-platform Instagram is gebruik om respondente te werf. Die uitnodiging om deel te neem aan die studie is op Instagram versprei waar respondente 'n Internet-skakel na die vraelys in Google Forms ontvang het. Nadat voornemende respondente die kwalifiserende vrae korrek beantwoord het, is die vraelys outomaties beskikbaar gestel om te voltooi. 135 respondente het die vraelys voltooi. Die data is getoets vir betroubaarheid deur die Cronbach alfa-koëffisiënt te gebruik ($\alpha \geq 0.70$) en om te bepaal of daar genoegsame response gedokumenteer is, is met behulp van die toets van Kaiser, Meyer en Olkin bevind dat voldoende respondente deelgeneem het ($KMO \geq 0.70$). Die aanvanklike veelvuldige regressie het betekenisvolle positiewe verwantskappe vir vier van die vyf teoreties gefundeerde faktore gevind. Die faktor "kliënte-ervaring" het vreemd genoeg nie 'n betekenisvolle verwantskap met handelsmerklojaliteit nie. Hierdie bevinding is bevraagteken, en die vermoede dat die inperkingsmaatsreëls die kliënte se ervaring met handelsmerke beïnvloed, kon nie bevestig word nie. Gevolglik is die data verder ontleed deur verkennende faktoranalise. Agt faktore is geïdentifiseer wat verbruikers se handelsmerklojaliteit beïnvloed. Hierdie faktore is die *sigbaarheid van die handelsware*, *handelsmerkreputasie*, *handelsmerkvertroue*, *verwysings* (nie winkelverwant nie), *advies* (in die winkel), *inkopie-ervaring* (in die winkel), *'n handelsmerkambassadeur se invloed*, en *persoonlike keuses*. Gesamentlik verklaar die faktore 63% van die variansie. Die agt nuut geïdentifiseerde faktore maak meer sin as die aanvanklike vyf faktore en maatskappye behoort eerder op hierdie faktore te fokus om handelsmerklojaliteit te bestuur.

Inleiding

Handelsmerkbestuurders het daadwerklik kennis geneem van die waarde wat die moderne digitale era kan toevoeg tot navorsingsmetodes, en die geleentheid aangegryp om interaktief met bestaande en potensieële kliënte te skakel en betrokke te raak. Gevolglik het kliëntlojaliteit die afgelope dekade aansienlik gegroei as gevolg van aktiewe lojaliteitsbestuur. Verskeie verbintenisse stel handelsmerkbestuurders in staat om met hul kliënte te kommunikeer, hetsy persoon-tot-persoon of persoon-tot-gemeenskap (Prentice *et al.*, 2019:339). Hierdeur word daar van bemarkingstrategieë gebruik gemaak om via verskeie kanale met kliënte te kommunikeer en hulle aan te moedig om te koop. Die doel van multikanaal-bemarking is om die aankoopproses vir kliënte te vereenvoudig deur hulle deel van die aankoopproses te maak, verskeie aankoopopsies te bied, en om potensieële aankoopbesware effektief te bestuur. Die Internet maak dit moontlik om op verskeie maniere effektief met kliënte te kommunikeer en gereeld met hulle in kontak te bly. Gereelde kommunikasie met kliënte is juis een van die faktore wat langtermynverhoudings met kliënte versterk en hulle ingelig hou aangaande die handelsmerk. Kliënte kan ook deur middel van die Internet se interaktiewe eienskappe waardevolle terugvoer verskaf aan handelsmerkbestuurders. Gediversifiseerde kommunikasiekanale verhoog die handelsmerk se blootstelling en gevolglik die kliënte se bewustheidsvlakke. Handelsmerkbestuurders moet kennis neem van kliënte se terugvoer, voorstelle en aanbevelings en via die Internet die verbruikers aanmoedig om aktief betrokke te raak by die handelsmerk (en sodoende ook lojaliteit skep). Wetenskaplike ontleding van formele terugvoer en veral die ontleding van informele gesprekke op die handelsmerk se gespreksforum stel handelsmerkbestuurders in staat om kliëntbehoefes akkuraat te definieer en daarvolgens die kliëntbehoefes te bevredig. Sodoende ontwikkel die handelsmerk 'n mededingende voordeel en verhoog die waarskynlikheid dat 'n kliënt die betrokke handelsmerk sal kies tydens 'n aankoop in hierdie produkategorie (Yerpude & Singhal, 2021:92).

Kliëntlojaliteit word geklassifiseer as 'n sielkundige proses waar tevredenheid en diens bydra tot lojaliteit teenoor die handelsmerk (Vivek *et al.*, 2012:27; Kumar *et al.*, 2019:141). Volgens Prentice *et al.* (2019:346) bestaan daar 'n sterk betekenisvolle positiewe verhouding tussen die kliënte se lojaliteit en hul voornemens om aankope aan te gaan. Handelsmerkbestuurders ontwikkel en pas dus toepaslike besigheidsintelligensie-strategieë toe om kliënte aan te moedig om by hul handelsmerke betrokke te raak. Jaakkola en Aarikka-Stenroos (2019:38) merk ook verder op dat navorsing gemik op kliënte se aankoopgedrag waardevolle inligting kan verskaf betreffende die verskillende marksegmente wat die handelsmerk koop. Handelsmerkbestuurders kan munt slaan hieruit deur 'n gediversifiseerde kliëntperspektief te ontwikkel en spesifiek te fokus op elke segment se unieke behoeftes. Gediversifiseerde, pasgemaakte boodskappe word ontwikkel vir elke segment en dusdanig gekommunikeer. Besighede ontwikkel daardeur die beste handelsmerkstrategie en vestig lojaliteit in die teikenmarkte. Deur hierdie benaderings te volg, word handelsmerklojaliteit voortdurend versterk en word verkope positief beïnvloed. Gevolglik groei die markaandeel en die handelsmerk se mededingende voordeel word effektief ontgin.

Dit is van kardinale belang dat besighede vinnig en sistematies kommunikeer om te verseker dat die handelsmerk voortdurend aan die kliënte se fokus voldoen. In 'n vinnig-veranderende besigheidsmilieu kan kliënte se fokus vinnig verander en die handelsmerk-kommunikasie verouder. Die Internetomgewing reageer blitsvinnig en nuus versprei soos 'n veldbrand (Die gewraakte Clicks-advertensie wat 'n rasseherrie veroorsaak het, dien hier as voorbeeld van hoe vinnig sentiment teen 'n handelsmerk kan draai) (Young, 2020). Net so

kan verbruikers se terugvoer en resensies handig te pas kom by die formulering van 'n strategie om die lojaliteit van 'n handelsmerk te verbeter. Sheng (2019:49-50) stel in hierdie verband voor dat indien hoë volumes resensies en terugvoer gegeneer word, die handelsmerkbestuurder moet verseker dat die boodskappe wetenskaplik en intyds ontleed word om sentrale temas te identifiseer. Dit geld vir positiewe sowel as negatiewe terugvoer. Daar moet voorts 'n aktiewe responsiwiteit wees om toe te sien dat die terugvoer effektief beantwoord word en waar nodig dienooreenkomstig opgetree word. Paslike responsiwiteit dra mildelik by tot handelsmerklojaliteit omdat dit aan kliënte se verwagtinge voldoen om gehoor en erken te word as 'n handelsmerkkliënt (Sheng, 2019:49).

Moderne besighede gee erkenning aan verbruikers se mening en verskeie strategiese platforms is geskep om na kliënte se menings te luister, terugvoer te verskaf, advies te gee, en om voorstelle vanaf kliënte aan te moedig. Daarvolgens bemagtig lojaliteitsstrategieë kliënte om hul ervaring as verbruikers te deel en stel die handelsmerkbestuurder in staat om die verwagting van kliënte akkuraat te bevredig en die mededingende voordeel daar te stel.

Probleemstelling

Verbruikers reageer makliker op die aansprake van betroubare handelsmerke. Dit word toegeskryf aan die effektiwiteit van die lojaliteitsbestuurstrategie en die nodige erkenning van en aandag aan betroubare handelsmerke (TLC, 2023). Handelsmerkbestuurders streef daarna om effektiewe verhoudings tussen hul handelsmerke en verbruikers te ontwikkel. Verbruikers word in die bestuursproses aangemoedig om handelsmerke te evalueer en hul tevredenheid aanlyn te dokumenteer. Handelsmerkbestuurders kan daardeur tevredenheidsvlakke monitor en regstellings in hul strategieë aanbring (Ekinici *et al.*, 2019:104-105).

Moderne besigheidskommunikasie word gedomineer deur sosiale media. Verbruikers se toegang tot sosiale media verseker dat hulle bekend gestel word aan verskeie platforms en sodoende in staat gestel word om ingeligte keuses te maak. Talle verbruikers deel persoonlike, besigheds- en bykans enige vorm van inligting op sosiale media. Dit sluit hul ervarings van koopgedrag en handelsmerke in. Besighede wat effektief kommunikeer gebruik dus sosialemediaplatforms om bewustheidsvlakke en ook lojaliteit te verbeter. Sosialemediaplatforms het ontwikkel tot 'n integrale en waardevolle instrument om handelsmerke te bestuur deur interaktiwiteit en in oop gesprek met die teikengehoor (Ahmed *et al.*, 2019:210). Die kliënt se houding en perspektief teenoor digitale bemaking of sosialemediaplatforms, soos Facebook en Twitter, beïnvloed handelsmerklojaliteit positief (Faiz *et al.*, 2017:54). Die pandemie, en veral die verbod op persoonlike beweging, het sosiale media se aanvaardingstempo eksponensieel versnel, en verbruikers wat voorheen glad nie aanlyn gekoop het of 'n teenwoordigheid op sosiale media gehad het nie, het noodgedwonge vinnig aangepas. Isolاسie het gelei tot 'n soeke na kennis en sosiale interaksie, terwyl die inperk van beweging veroorsaak het dat baie mense aanlyn begin koop het (Young *et al.*, 2022; UNTAD, 2020). Hulle koop steeds aanlyn nieteenstaande die feit dat die inperkings opgehef is.

Hierdie studie ondersoek die verhoudings wat vyf teoretiese geselekteerde faktore het op die vestiging van handelsmerklojaliteit. Nieteenstaande die feit dat verskeie studies bevind het dat hierdie vyf faktore wel handelsmerklojaliteit bevorder (of selfs in 'n groot mate bepaal) is al hierdie studies gedoen voordat die wêreld deur die Covid-19-pandemie getref is. Daar is geen bewys dat die kliënte steeds hierdie faktore as belangrik ag in die snelveranderende besigheidsmilieu nie, veral aangesien aankoopgedrag drasties aangepas het by hierdie veranderinge (TC, 2023; Mintel, 2023).

Doelwitte

Die primêre doelwit is om te bepaal of geselekteerde faktore wat handelsmerklojaliteit bepaal steeds geldig is sedert die Covid-19-pandemie toegeslaan het.

Die sekondêre doelwitte is dus om te:

1. Meet hoe sterk die verhouding tussen die vyf teoretiese faktore en handelsmerklojaliteit is;
2. Bepaal watter faktore steeds geldig is; en
3. Alternatiewe faktore van handelsmerklojaliteit te identifiseer.

Navorsingsmetodologie

Die studie is 'n kwantitatiewe studie en versamel data via 'n vraelys op die Google Forms elektroniese platform. Die vraelys se antwoorde is aangebied op 'n vyf-punt-Likert-skaal, waar 1 dui op “verskil ten sterkste” en 5 “stem volkome saam” met die spesifieke vraag wat gevra is.

Die populasie het bestaan uit deelnemers wat aktief is op sosialemediaplatforms. Die navorsers het twee sosialemediarekeninge, naamlik 'n persoonlike- en 'n besigheidsosiale mediarekening (genaamd Patron & Niche) gebruik. Sodoende kon die navorsing van familie en goeie persoonlike vriende onderskei word (op die persoonlike mediarekening). Die studie het afgeskop deur 'n sneeubalsteekproef op die Patron & Niche sosialemediarekening te plaas. Deelnemers is gewerf deur uitnodigings om deel te neem via elektroniese mondelinge kommunikasie (eWOM) te plaas. Die inisiatief is ondersteun deur suksesvolle beïnvloeders op sosiale media. Die populasie is geteiken en geen steekproef is getrek is nie. Almal wat die Patron & Niche- sosiale blad volg op Instagram dien as die populasie vir die eerste sneeubal, en hulle het almal die elektroniese uitnodiging ontvang om deel te neem. Dit het die aktiewe skakel van die navorsing ingesluit en deelnemers kon deur middel van 'n klik die vraelys invul. Almal is verder versoek om met behulp van die skakel van die studie op sosialemediaplatforms deel te neem en dan versoek om die uitnodiging om aan die navorsingsprojek deel te neem met hul vriende te deel, waarna hulle dan die uitnodiging met hul vriende deel, ensovoorts. Dit is dus nie moontlik om die populasie of steekproefgrootte te bepaal nie. Data is ingesamel totdat toepaslike syfers bereik is (soos bepaal deur die Kaiser, Meyer & Olkin-toets van steekproef-toereikendheid). Die antwoorde is anoniem. Individuele datapunte, en nie die identiteit of die kontakbesonderhede nie, kan vanuit die elektroniese databasis geïdentifiseer word. Altesaam 135 respondente het aan die studie deelgeneem deur die vraelys aanlyn te voltooi.

Die studie is goedgekeur deur die Wetenskapskomitee en die Etiekkomitee van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en die etieknommer NWU-00966-21-A4 is daaraan toegeken.

Literatuuroorsig

'n Teoretiese model van handelsmerklojaliteit

Handelsmerklojaliteit is reeds in 1940 as mededingende voordeel geïdentifiseer en nagevors (Guest, 1944). Die aanvanklike breë toepassingsfokus betrek dan ook aspekte soos die behoud van kliënte, kwaliteitsaspekte van lojaliteit, verhoogde tempo van heraankope en lewenslange

lojaliteit aan die produk of besigheid se handelsnaam (Jacoby, 1971; Jacoby & Chestnut, 1978; Olivier, 1999; Dick & Basu, 1994; en Ong *et al.* 2018).

Die aanvanklik saamgestelde definisie van handelsmerklojaliteit van Bisschoff en Moolla (2015:528) is gemoderniseer as “’n positiewe houding van kliënte teenoor ’n langtermyn-verhouding met ’n verskaffer se handelsmerk” (Bisschoff, 2020:1285). In hierdie studie word daar spesifiek gefokus op handelsmerklojaliteit, en dan veral in die moderne era waar die Covid-19-pandemie ’n realiteit is. Aanlyn aankope het ook al meer gewild geraak en ’n realistiese alternatief verskaf vir tradisionele aankope. Die studie stel ’n konseptuele handelsmerklojaliteitsmodel, gefundeer in die literatuur, voor. In die model word die afhanklike veranderlike, bedien deur vyf onafhanklike faktore, naamlik 1) *handelsmerkreputasie*, 2) *sosiale media*, 3) *mondelinge kommunikasie in die handelsmerkgemeenskap*, 4) *kliëntervaring*, en 5) *sigbaarheid van handelsware* (soos geïdentifiseer deur die navorsers Ajiboye *et al.*, 2019; Boujena *et al.*, 2020; Bowden *et al.*, 2013; Chaudhuri & Holbrook, 2001; Dick & Basu, 1994; Jaakkola & Aarikka-Stenroos, 2019; Ong *et al.*, 2018; Prentice *et al.*, 2019:346; Roggeveen *et al.*, 2021; Saboo *et al.*, 2016; Sheng, 2019).

Handelsmerkreputasie

’n Handelsmerk bestaan uit die naam, ’n term, die ontwerp of simbool, of enige ander eienskap wat goedere of dienste onderskei of identifiseer (Saboo *et al.*, 2016:526). Relevante en effektiewe handelsmerke word gefundeer vanuit navorsing aangaande kliënteverhoudings, kliëntervarings, sosiale media, verbruikersgedrag en waarneming van kliëntgeoriënteerde ondernemings (Venkatesan, 2017:293). Volgens Acharya (2021:41) moet bestuurders van onbekende handelsmerke meer intensief met hul kliënte kommunikeer en harder werk as wat die geval is met gevestigde handelsmerke om ’n suksesvolle handelsmerkreputasie op te bou en te handhaaf, veral tydens die bewusmakings- en handelsmerkherkenningsfasas. Dié navorsers stel verder voor dat bestuurders strategiese bronne beskikbaar moet stel en dit voordelig maak vir kliënte om met hul handelsmerk in verbinding te bly. Volgens Prentice *et al.* (2019:346) se navorsing is daar ’n betekenisvolle positiewe verhouding tussen kliënte se lojaliteit en hul aankoopvoornemens. Hierdie navorsers beveel ’n toepaslike besigheidsintelligensiestelsel aan om die handelsmerk effektief aan kliënte te bemark en daarmee te assosieer. Kliënte ervaar hierdie assosiasie as waardevol en geniet die voorkeurbehandeling, en raak sodoende meer lojaal aan die handelsmerk (Parihar *et al.*, 2019). Die gereelde monitering van terugvoer op sosialemediaplatforms stel besighede verder in staat om die handelsmerk se reputasie te bestuur en, waar nodig, regstellings of aanpassings te maak in die strategie (Venkatesan, 2017:293).

Handelsmerklojaliteit word ook beïnvloed deur ’n handelsmerk se geskiedkundige reputasie. Historiese perspektiewe moet aktief bestuur word. Historiese positiewe aspekte kan geposisioneer word as deel van die handelsmerk se kultuur en besigheidserfenis, terwyl negatiewe aspekte wat die reputasie kan skaad, as deel van die historiese ontwikkeling van ’n gesiene handelsmerk opgedis kan word (De Toni *et al.*, 2021:442). In dié verband dui Adegbile en Otubanjo (2019:8) aan dat ’n korporatiewe besigheidserfenis, veral teenoor handelsmerkbestuur, ook aspekte insluit soos die historiese identiteit, langslwendheid, rentmeesterskap, waardeproposisie, konsekwentheid, vertroue, egtheid en die korporatiewe sosiale verantwoordelikheid.

Moderne handelsmerkbestuur maak gebruik van veelvuldige sosialemediaplatforms om handelsmerkbewustheid en -lojaliteit te bevorder. Dit is veral die interaktiwiteit, spoed en reikwydte van sosiale media wat daagliks inligting verskaf aan miljoene kliënte en hulle daardeur bemagtig. Die bemarkingsimpak is enorm en sosiale media word beskou as die primêre komponent om kliëntlojaliteit aanlyn te bevorder (Ahmed *et al.*, 2019:202). In dié verband voeg Ahmed *et al.* (2019:205) by dat daar dinamiese interaksie is tussen die wisselende elemente van sosialemediabemarking, verbruikersbewustheid, en die impak op handelsmerklojaliteit. Hierdie dinamika vereis vinnige en konsekwente reaksies van handelsmerkbestuurders om tred te hou met die tempo van hersienings en opdaterings (Sheng, 2019:49-50). Vinnige en gereelde antwoorde verhoog die waarskynlikheid vir blootstelling omdat die kommunikasie boaan 'n resensiebladsy verskyn en dus meer sigbaar is vir lesers. Hierdie responsiwiteit, volgens Sheng (2019:49), ontwikkel strategiese waarde omdat lojale verbruikers meer aankope maak wat die handelsmerk se winsgewendheid positief beïnvloed.

Saboo *et al.* (2016:538) volg 'n ander benadering en stel voor dat 'n handelsmerk nie slegs op die aantal volgelinge moet fokus nie, maar ook op hoe aktief die lojale volgelinge is. Handelsmerkbestuurders moet spesifiek deelname op sosialemediaplatforms aanmoedig en innoverende bestuursaksies loods om die kliënte meer aktief te betrek. Sistematiese navorsing deur Ajiboye *et al.* (2019:239) identifiseer ná 'n deeglike oorsig van empiriese studies dat veral vyf faktore belangrik is in handelsmerklojaliteit, naamlik sosiale verwantskappe, eienaarskap-waarde, beskikbaarheid van inligting, handelsmerklojaliteit en funksionaliteit. Die gebruik van sosiale media deur 'n besigheid vereis erkenning van al hierdie elemente.

Sosiale media beïnvloed kliëntebesluitneming noemenswaardig en dra by tot 'n algehele besigheidsprestasie van 'n handelsmerk. Aanlyn produkbeoordelings is tans 'n integrale deel van die meeste kliënte se aankoopgedrag. Mondelinge gesprek ("word-of-mouth" of WOM) speel 'n kernrol in die aankoopbesluit. In die moderne sosialemedia-omgewing is WOM vervang deur elektroniese mondelinge mededelings (eWOM). Kliënte dui ook gereeld hul mening aan deur slegs op die *hou-van-* en *hou-nie-van-nie-*skakels te klik op sosiale media omdat dit minimale tydsinvestering van die verbruiker vereis (Boujena *et al.*, 2020:8).

Mondelinge kommunikasie in die handelsmerkgemeenskap

Twee dekades gelede is handelsmerkgemeenskappe reeds geïdentifiseer en gedefinieer as sosiale entiteite waar 'n gemeenskaplike handelsmerk dien as die gemene deler (Muniz & O'Guinn, 2001:418). Histories het die Volkswagen motormaatskappy groot sukses behaal met hul handelsgemeenskap waarin daar na alle eienaars van Volkswagens as "Ons mense" verwys is. Harley Davidson het soortgelyke sukses behaal deur 'n motorfietssubkultuur met die handelsnaam te assosieer.

Die moderne konsep van 'n handelsmerkgemeenskap het sosiale media as wapen tot die arsenaal gevoeg, en kommunikeer op verskeie wyses aanlyn in gespreksforums waar verbruikers hul daaglikse lewenservarings kan deel. Lede van die Harley Davidson-handelsgemeenskap deel byvoorbeeld gereeld hul reisverhale op sosiale media en stimuleer gesprekke tussen verbruikers waar advies en nuwe produkte verder gedeel word (Harley Davidson, 2023). Ter ondersteuning hiervan merk Jaakkola en Aarikka-Stenroos (2019:38) op dat verbruikersaanbevelings van 'n handelsmerk (soos Harley Davidson) heel waarskynlik toekomstige koopgedrag sal uitbrei en verbeter. In dié verband dui Prentice *et al.* (2019:345)

aan dat nuwe lede meer op die handelsmerkgemeenskap staatmaak as langtermynlede. Gevolglik moet handelsmerkbestuurders moeite doen om nuwe lede die vertroue te gee om suksesvol in te skakel in die handelsmerk en sy gemeenskap en om by die aktiwiteite betrokke te raak (Indrasari *et al.*, 2019:190).

Kliëntervaring

Die kliëntervaring word gedefinieer as 'n multidimensionele ervaring wat fokus op die kognitiewe, emosionele, sensoriese, sosiale, en gedragsreaksies tydens die aankoopproses (Lemon & Verhoef, 2016:3). Verskillende kliënte het verskillende handelsmerkinteraksie-ervarings vanweë hul agtergrond en lewenservarings. Kliëntervaring is 'n bydraende faktor wat 'n handelsmerkbestuurder moet oorweeg om die optimale handelsmerk daar te stel (Klaus, 2020:7), aangesien dit juis hierdie ervarings is wat 'n handelsmerk as positief of negatief klassifiseer. Kliënte evalueer handelsmerke volgens hul unieke verwagtinge en ervarings. Navorsing deur Pan (2020:81) het bevind dat kliëntlojaliteit gedeeltelik verband hou met die waargenome waardes van die handelsgemeenskap en die handelsmerk. Daarbenewens ondersteun kliënte slegs handelsmerke met waardes waarmee hulle assosieer, en vermy handelsmerke wat teenstrydige waardes ondersteun. Handelsmerke is 'n sterk mededingende voordeel wat verbruikers se inkopiesbesluite aansienlik beïnvloed. Daarom kies verbruikers nie een handelsmerk bo 'n ander as gevolg van advertensies, bemaking, oorrading of enige ander bemerkingsaksies nie. Die handelsmerk self speel 'n beduidende rol in die aankoopbesluit. Dit is gevolglik belangrik om die rol van kliëntervaring met 'n spesifieke handelsmerk te inkorporeer in die koopervaring om die handelsmerk optimaal te bemark (Klaus, 2020:7).

Sigbaarheid van handelsware

Die nadeel van aanlyn aankope is dat die betrokke handelaar nie op sig beoordeel word nie. In fisiese aankope beoordeel die kliënt die artikel by die winkel in 'n oogopslag en besluit om sy besoek voort te sit of om 'n ander handelaar te besoek. Dit beteken dat aanlyn handelaars hul identiteit met die eerste webbladsy duidelik moet aantoon om die nodige vertroue in te boesem. Juis daarom is die beoordelings en verwysing (sien eWOM hier bo) kritiek belangrik om die kliënt gerus te stel dat die aanlyn winkel bo verdenking is. So 'n gunstige assosiasie lei tot 'n suksesvolle transaksie, en die suksesvolle aflewering van die produk kan lei tot tevredenheid, en dus verhoogde lojaliteit (Parihar *et al.*, 2019: 74). Roggeveen *et al.* (2021:81) dui verder aan dat die handelsmerk-kliëntinteraksies versterk word deur die suksesvolle vestiging van 'n aanlyn identiteit; juis hier vaar bestaande (fisiese) winkels beter wanneer hulle ook produkte aanlyn begin verkoop. Makro en Shoprite is voorbeelde van ondernemings wat hul fisiese teenwoordigheid suksesvol aanlyn uitgebrei het. Dit is interessant dat tradisionele advertensiewese baie suksesvol is om aanlyn besigheidsuitbreiding bekend te stel. Radio- en beeldradio-advertensies, en buitelugbemarking (soos advertensieborde en plakkate) het 'n positiewe en beduidende impak op veral bewustheidsvlakke van kliënte wanneer die besigheid sy fisiese besigheidsaktiwiteite uitbrei na die aanlyn omgewing. Sodra organisasies sosialemediaplatforms aanneem om bemerkings- en lojaliteitsaktiwiteite te implementeer, moet die kliënte daarvan bewus gemaak word en saamgesnoer word in 'n elektroniese platform waar die handelsgemeenskap vrylik kan kommunikeer (en mee gekommunikeer word). Hier stel Roggeveen *et al.* (2021) vyf nuwe beginsels voor wat kan help om beter met kliënte te kommunikeer, naamlik om temas te skep, die handelsmerkverhaal te vertel, interessant en

relevant te wees, eksklusiwiteit aan te dui, en virtuele handelsware ten toon te stel. Daarbenewens is 'n verbruiker meer geneig om met die handelsmerk te identifiseer as met die handelaar. Handelaars moet dus sorg dat hul eie identiteit ook duidelik aanlyn sigbaar is.

Resultate en bevindings

Beskrywende statistieke

Die elektroniese platform Google Forms het die ontleding vir die beskrywende statistiek verskaf. Hoogtepunte van hierdie statistieke is soos volg:

- 71,9% van deelnemers lees eers die resensies van 'n nuut bekendgestelde produk. Daarna gebruik hulle elektroniese mondelinge kommunikasie om 'n ingeligte bespreking te voer met die handelsmerkgemeenskap voordat hulle die produk koop.
- 71,9% het eers aanlyn resensies oor produkte gelees voordat hulle die produk gekoop het.
- 60,7% gebruik Facebook of Instagram om met hul handelsmerkgemeenskap te kommunikeer (30,4% gebruik e-pos-kommunikasie vir hierdie doel).
- Kommunikasietodes wat as “irrelevant” geklassifiseer word, is SMS-boodskappe (35,6%) en telefoonoproep (35,6%).
- Advertensies wat die beste herroep kan word, het verskyn op sosiale media (62,2%) en TV (59,3%). Handelsmerkinvloede en handelsmerkambassadeurs is relatief onsuksesvol (17,8% en 18,5%, onderskeidelik).
- In die multikanaal het tradisionele advertensies (TV, radio, advertensieborde, plakkate, advertensies) bygedra tot 56,68% van onvergeetlike handelsmerkkommunikasie, waar moderne advertensies (sosiale media, handelsmerkambassadeurs, handelsmerk & sosialemedia-invloede) tot 43,32% bygedra het.

Meerveranderlike statistieke

Geskiktheid van die data en geldigheid van die vraelys

Altesaam vyf faktore is uit die literatuur geïdentifiseer (elk gemeet met behulp van 'n vyf-punt-Likertskaal). Die metingskriteria van die faktore, steekproeftoereikendheid, variansie verklaar en betroubaarheid is bereken om die geskiktheid van data vir verdere analise te bepaal. Tabel 1 dui aan dat daar genoegsame data-punte is (toereikendheid) ($KMO \geq .70$), betroubaar is (minimum alfa waarde: $\alpha \geq 0.57$; verkieslike alfa waarde: $\alpha \geq 0.70$) (Field, 2017; Cortina, 1993) en ook dat sferisiteit betekenisvol is op die 95% vertrouensinterval ($p \leq 0.05$).

Ter bevestiging van die teoretiese faktore is elkeen se meetkriteria aan verkennende faktoranalise onderwerp om vas te stel of hierdie kriteria werklik die faktor meet. Alle kriteria behoort, ideaal gesproke, te laai op die literatuurfaktor en sodoende te dui op die geldigheid. Geldige faktore is faktore waar die relevante kriteria slegs een faktor meet (Field, 2017:786; Asvat, 2018). Die faktoranalise het bevestig dat al die faktore inderdaad suiwer faktore is met geen verskuilde subfaktore nie.

TABEL 1: Geskiktheid van die data per faktor


Faktore	Steekproef-toereikendheid (KMO)	Sferisiteit (Bartlett) (α)	Betroubaarheid	Variansie verklaar (σ^2)
Handelsmerkreputasie	0.77	0.00	0.43	63.56%
Sosiale media	0.87	0.00	0.86	61.59%
Mondelinge kommunikasie met die handelsmerk-gemeenskap	0.69	0.00	0.63	58.24%
Kliëntervaring	0.64	0.00	0.61	53.89%
Handelswaresigbaarheid	0.85	0.00	0.87	61.45%
Handelsmerklojaliteit	0.78	0.00	0.75	51.08%
Totaal vir datastel	0.84	0.00	0.91	63.50%

Veelvuldige regressie-ontledings van faktore

Die vyf faktore en hul verwantskappe teenoor die afhanklike veranderlike *handelsmerklojaliteit* is getoets deur veelvuldige lineêre regressie te gebruik. Hierdeur is bepaal tot watter mate elkeen van die faktore bydra tot handelsmerklojaliteit. Dit is gedoen deur die IBM SPSS (weergawe 27) te gebruik. Die regressiemodel word in Figuur 1 getoon. Die gestandaardiseerde regressiewaardes en die betekenisvolheid ($p \leq .05$) verskyn in Tabel 2 direk onder die model. Die modelopsomming, wat die R^2 -statistieke uitbeeld, word in Tabel 3 getoon.

TABEL 2: Veelvuldige regressiewaardes

Veranderlike-beskrywing			Beraming	P-waarde
Handelsmerklojaliteit	←	Handelsmerkreputasie	.262	***
Handelsmerklojaliteit	←	Sosiale media	.430	***
Handelsmerklojaliteit	←	Mondelinge kommunikasie met die handelsmerk-gemeenskap	.309	***
Handelsmerklojaliteit	←	Kliëntervaring	-.039	.535
Handelsmerklojaliteit	←	Handelsware sigbaarheid	.340	***
Afsnit			.217	



Figuur 1: Regressiemodel van handelsmerklojaliteit-faktore

Die resultate toon dat vier van die onafhanklike veranderlikes (behalwe kliëntervaring) betekenisvol is op die 95% vertrouensvlak ($p \leq .05$). Dit is ook opmerklik dat kliëntervaring 'n onbetekenisvolle, lae negatiewe regressiewaarde van $-.39$ het; dit dui daarop dat hierdie onafhanklike veranderlike (selfs al was dit betekenisvol) 'n minimale effek op die respondent se handelsmerklojaliteit in hierdie studie sou hê. Kliëntervaring word gevolglik uit die model verwyder.

Die aangepaste R^2 is $.638$, wat beteken dat die data goed by die regressiemodel pas ($R^2 \geq .60$) (Frost, 2021). Dit beteken verder dat die model 'n variansie van $63,8\%$ verklaar. Die tabelle en figuur hier bo stel 'n werkbare regressiemodel ($y = a + b_1x_1 + b_2x_2 + \dots + b_5x_5$) voor en toon dat die faktore en voorspellerwaardes teenoor handelsmerklojaliteit soos volg 7 is:

TABEL 3: Model-opsomming

Model	R	R ²	Aangepaste R ²	Standaard beramingsfout
1	.807 ^a	.651	.638	.39073
a. Voorspellers: (konstante), handelsware sigbaarheid, handelsmerkreputasie, mondelinge kommunikasie met handelsgemeenskap, kliëntervaring, sosiale media				

$$\text{Handelsmerklojaliteit (y)} = .217 + .262 (\text{Handelsmerkreputasie}) + .430 (\text{Sosiale media}) + .309 (\text{Mondelinge kommunikasie met handelsgemeenskap}) + .340 (\text{Handelsware sigbaarheid})$$

Identifikasie van alternatiewe faktore

Nieteenstaande die regressiewaarde-resultate, dui die resente literatuur egter sterk daarop dat kliëntervaring steeds 'n integrale deel van handelsmerklojaliteit is. Gevolglik word die onbetekenisvolle regressiewaarde ($r = -.04$) met agterdog bejeën. Die studie het dus verdere ontledings gedoen om te bepaal of daar nie moontlik ander faktore is wat handelsmerklojaliteit beïnvloed nie. Die totale datastel is gevolglik verder ontleed en onderwerp aan verkennende faktorontleding waartydens die Varimax-rotasie gebruik is (Field, 2017). Die resultate dui aan dat daar inderdaad agt faktore is, en nie net die aanvanklike vyf nie. Die agt faktore verklaar (soos in die geval van die vyf faktore in die regressie) 'n verwagte gesamentlike variansie van 63,5%. Die Kaiser-kriterium is toegepas en slegs faktore met 'n eigen-waarde van een of meer is behou. Die totale datastel is ook getoets vir geskiktheid. Die resultate is positief en verdere ontledings het gevolg (Die KMO = .871; Bartlett se sferisiteit is betekenisvol ($\chi^2 (595) = 2264.119, p < .05$), en betroubaar volgens die Cronbach alfa-koeffisiënt ($\alpha = .907$) (Field, 2009:658-659; 675).

Die eerste twee faktore stem loodreg ooreen met twee van die faktore in die literatuurmodel. Hierdie faktore is *sigbaarheid van handelsware* (Aanvanklik Faktor 5), en *handelsmerkreputasie* (Aanvanklik Faktor 1). Die twee faktore verklaar onderskeidelik 27,9% en 8,23% van die variansie. Die ander ses faktore is egter nuut geïdentifiseerde faktore en word hiernaas bespreek.

Faktor 3: Handelsmerkvertroue (7.02%)

Die navorsers Rust *et al.* (2021:22-23) toon dat handelsmerkvertroue gefundeer is in die reputasie van die handelsmerk, en 'n weerspieëling is van hoe kliënte die handelsmerk ervaar, daarvoor voel en bespreek (ook op sosiale media). Hierdie navorsers redeneer verder dat handelsmerkvertroue veel verder strek as slegs die kliënte; dit sluit alle rolspelers wat in aanraking met die handelsmerk is ook in en hoe die algemene publiek spesifieke gebeure en die handelsmerk se openbare bemarkingsgeleenthede ervaar. Sodoende word die handelsmerk se kredietwaardigheid, betroubaarheid en vertroue daargestel (Pereira *et al.*, 2021:559).

Faktor 4: Verwysings (nie winkelverwant nie) (5.06%)

Daar bestaan, volgens nuwe navorsing deur De Toni *et al.* (2021:633), steeds 'n betekenisvolle, sterk verwantskap tussen prys en handelsmerk. Hierdie navorsing toon verder dat hierdie verwantskappe juis omgekeerd korreleer met kennis van die handelsmerk. Dit beteken dat oningeligte kliënte juis sterk op die handelsmerk steun om die prys te regverdig. Voorts is die positionering van die handelsmerk in die mark net so belangrik, en kliënte gebruik kognitiewe denke soos waarde, sosiale klas en handelsmerkbekendheid om hoër pryse te regverdig. Juis daarom is verwysings van vriende, familie en op sosiale media belangrik om persepsies oor die handelsmerk te vorm. Die feit dat die verwysings nie baat vind by die aankoop van die handelsmerk se produkte nie, het tot gevolg dat dit meer gewig dra as byvoorbeeld advies van 'n winklassistent.

Faktor 5: Advies (in die winkel) (4.78%)

Faktor 5 identifiseer persoonlike verkope, advies en diens in 'n winkel as 'n faktor in handelsmerklojaliteit. Dit is interessant dat die respondente hierdie faktor spesifiek geïdentifiseer het, veral gesien in die lig van die pandemie en die gevolglike groei in aanlyn verbruikersgedrag. Dit is egter duidelik dat vele kliënte wel terugkeer na fisiese aankope deur winkels te besoek sedert die aanvanklike inperkingsmaatreëls opgeskort is (De Toni *et al.*, 2021:633). Dit is goeie nuus vir die sogenaamde “baksteen-en-sement”-winkels aangesien persoonlike verkope suksesvol bydra tot groter aankoopmandjies (Indrasari *et al.*, 2019:191), veral in spesialiteitswinkels waar kliënte spesifieke advies nodig het (byvoorbeeld in apteke, skoonheidsprodukte of hardewarewinkels). Uitstekende vloerdienste in dié winkels stel kliënte ook eerstehands bloot aan handelsmerkvertegenwoordigers wat goeie produkkennis het en sodoende die regte inligting verskaf en die gepaste produkte aanbeveel. Dit bied ook 'n gulde geleentheid om die kliënt persoonlik bekend te stel aan die handelsmerk en moontlike uitbreidings op die produkreeks.

Faktor 6: Inkopie-ervaring (in die winkel) (4.14%)

Nou verwant aan die advies en persoonlike verkope wat gelewer word in die winkel, is die inkopie-ervaring in die winkel ook as faktor geïdentifiseer. Die navorsers Hu en Jasper (2018:153) definieer hierdie ervaring as een van die gemeenskaplike faktore wat bydra tot die kliënt se besoek aan die winkel. Hierdie faktore kan verder lei tot 'n moontlike koopervaring, of 'n ervaring waar die verbruiker ervaar wat gebeur as hy of sy besluit om nie iets te koop nie. 'n Positiewe ervaring lei gewoonlik tot herhaalde aankope deurdat die kliënt as gevolg van die ervaring na die betrokke winkel terugkeer om produkte aan te skaf. Kliënte is ook geneig om hierdie ervarings te deel met hulle vriende, familie, en op sosiale media (Martínez-Ruiz *et al.*, 2017:277). Uiteraard is die omgekeerde ook waar en 'n negatiewe ervaring weerhou kliënte daarvan om na die betrokke winkel terug te keer. Kliënte is ook geneig om veel eerder negatiewe as positiewe ervarings te deel met vriende, familie en op sosiale media (Hu & Jasper, 2018:155).

Faktor 7: 'n Handelsmerkambassadeur se invloed (3.25%)

Die gebruik van “beïnvloeders” is 'n gevestigde en welbekende advertensiestrategie. Hiervolgens word kenners gebruik om produkte te ondersteun of te adverteer. Viertrekontoesiaste

sal byvoorbeeld veel eerder die advies of aanbevelings van die bekende Voetspore-avonturier, Johan Badenhorst, volg omdat hy oor uitgebreide praktiese ervaring oor viertrektoerusting beskik in sy hoedanigheid as 'n persoonlike verteenwoordiger (Voetspore, 2023). Deesdae is die gebruik van beïnvloeders op sosiale media uiters gewild. In dié verband verduidelik Geysler (2023) dat 'n sosialemediabeïnvloeder iemand is wat kliënte se aankoopbesluite kan beïnvloed as gevolg van kennis, outoriteit of 'n verhouding met sy of haar sosialemediavolgers met wie hy of sy aktief kommunikeer. Die volgelinge kan selfs beroemde persone soos filmsterre of sangers slaafs navolg, selfs al beskik hulle soms oor beperkte kennis van die handelsmerk of produk (Olugbenga & Oluwafemi, 2018:456). In dié verband dui Kim *et al.* (2020:8) aan dat produkonderskrywings die aantreklikheid en gevolglik die vraag na die spesifieke produk of handelsmerk verhoog. Dit is egter belangrik dat ondernemings die aantal volgers van beïnvloeders verifieer; hoe groter die aanhang, hoe sterker die invloed wat die beïnvloeder kan uitoefen (Geysler, 2023).

Faktor 8: Persoonlike keuses (3.13%)

Die finale faktor handel oor die persoonlike keuses van die kliënt. Daar is verskeie redes waarom kliënte eksperimenteer met nuwe handelsname of produkte. Hierdie redes kan sielkundig of bemerkingsgeoriënteerd wees. Sielkundige redes sluit in stimulasie, opwinding en nuuskierigheid ten opsigte van die nuwe produk, terwyl bemerking ook 'n rol speel om die kliënt te oorreed om die nuwe produk te toets (Stasiuk *et al.*, 2021:1121).

Gevolgtrekkings

Gevolgtrekking 1: Die studie het 'n streng teoretiese oorsig van handelsmerklojaliteit uitgevoer voordat die Covid-19-pandemie toegeslaan het. Uit hierdie studie is die bewese faktore in die groter handelsmerklojaliteit-teorie gekies wat spesifiek fokus op handelsmerklojaliteit om te dien as grondslag vir die empiriese navorsing. Net so lei teorie die navorser na relevante vrae om die aanlyn vraelys saam te stel. Daar word dus tot die gevolgtrekking gekom dat die uitvoer van 'n deeglike teoretiese studie 'n relevante en kwaliteit navorsingsinstrument tot gevolg gehad het.

Gevolgtrekking 2: Wat data-insameling betref, was die responskoers van deelnemers vinnig en doeltreffend deur gebruik te maak van sowel die sosialemediaplatform as 'n elektroniese vraelys op Google Forms. Spesifieke gevolgtrekkings aangaande die data toon dat daar 'n voldoende aantal respondente deelgeneem het volgens die Kaiser, Meyer en Olkin-toets ($KMO \geq 0.970$), die data geskik vir meerveranderlike analise is omdat Bartlett se toets betekenisvolheid getoon het ($p \leq 0.05$), en dat die data ook betroubaar is volgens Cronbach se alfa-koëffisiënt ($\alpha \geq 0.70$).

Gevolgtrekking 3: Die aanvanklike resultate toon dat vier van die vyf teoreties gefundeerde faktore (voor die pandemie) steeds relevant is om te gebruik om handelsmerklojaliteit te meet. Die resultate het egter bevind dat die faktor *kliëntervaring* nie meer geskik is sedert die pandemie nie. Hierdie bevinding is vreemd en word weerspreek deur verskeie studies. Die meerveranderlike analise het egter agt faktore geïdentifiseer waarvan twee faktore direk ooreenstem met die teoretiese faktore (*sigbaarheid van handelsware* en *handelsmerkreputasie*). Die ander ses faktore (*handelsmerkvertroue*, *verwysings (nie winkelverwant nie)*, *advies (in*

die winkel), inkopie-ervaring (in die winkel), 'n handelsmerkambassadeur se invloed, en persoonlike keuses) is verfynd en lewer meer gefokusde faktore om handelsmerklojaliteit te bepaal.

Gevolgtrekking 4: Die Covid-19-pandemie het die besigheidsomgewing drasties gewysig. Talle tradisionele kliënte moes noodgedwonge vinnig leer om aanlyn aankope te doen. Wat betref die handelsmerklojaliteit, is dit opmerklik dat die gevestigde faktore wat handelsmerklojaliteit bepaal, steeds van toepassing is. Die resultate noop egter tot die gevolgtrekking dat meer gefokusde faktore ingespan moet word om handelsmerklojaliteit te bestuur sedert die pandemie plaasgevind het. Dit sou dus wys wees om meer gefokusde handelsmerklojaliteitstrategieë te ontwikkel en te implementeer.

Samevatting

Hierdie navorsing het faktore wat handelsmerklojaliteit bepaal, ondersoek en spesifiek daarop gefokus om te bepaal of die gevestigde faktore steeds geldig is sedert die Covid-19-pandemie plaasgevind het. Daar is van sosiale media gebruik gemaak om die data in te samel deur gebruik te maak van 'n sneeubaltechniek om die elektroniese vraelys te versprei. Die teoretiese ontwikkelde model is empiries getoets, en dit is interessant om waar te neem dat die konstruksie van kliëntervaring nie 'n betekenisvolle voorspeller van handelsmerklojaliteit is nie. Die ander vier faktore is almal matige voorspellers bo die 95% vertrouensinterval. Die meer veranderlike analise het egter agt gefokusde faktore geïdentifiseer waarvan slegs twee direk ooreenstem met die aanvanklike vyf teoretiese faktore. Hierdie resultaat maak dit moontlik om handelsmerklojaliteit meer gefokus te bestuur. Die studie dra by tot die navorsingsmetodologiese sfeer deur die metodiek om die geskiktheid van die data prakties as geskik te illustreer en ook hoe om soortgelyke faktore as voorspellers te evalueer. Die resultate is verder prakties implementeerbaar en die studie slaag daarin om verskeie bestuurstoepassings te identifiseer. Bestuurders kan dus die model in die praktyk toepas deur gepaste intervensies vir bestuurslui daar te stel om handelsmerklojaliteit te bevorder.

BIBLIOGRAFIE

- Acharya, A. 2021. The impact of brand familiarity, customer brand engagement and self-identification on word-of-mouth. *South Asian Journal of Business Studies*, 10(1):29-48.
- Adegbile, OE & Otubanjo, O. 2019. The corporate heritage brand development process: a new institutional theory approach. *Journal of Brand Management*, 16(1):8-33.
- Ahmed, QM, Ahmed, S, Qazi, A & Hussain, I. 2019. Impact of social media marketing on brand loyalty: The mediating role of brand consciousness. *Journal of Managerial Sciences*, 13(2):201-213.
- Ajiboye, T, Harvey, J & Resnick, S. 2019. Customer engagement behaviour on social media platforms: A systematic literature review. *Journal of Customer Behaviour*, 18(3):239-256.
- Asvat, R, Bisschoff, CA & Botha, C. 2018. Factors to measure the performance of private business schools in South Africa. *Journal of Economics and Behavioural Studies*, 10(6):50-69.
- Azeez, MSA & Abeyratna, WAM. 2020. The Impact of Personal Selling on Buying Behavior with Special Reference to Clothing Stores in Sri Lanka. *IUP Journal of Marketing Management*, 19(4):35-54.
- Bisschoff, CA. 2020. 'n Algemene model om handelsmerklojaliteit te meet. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60(4-2):1280-1294.
- Bisschoff, CA & Moolla, AI. 2015. 'n Vereenvoudigde model om handelsmerklojaliteit te meet. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 55(4):525-534.

- Boujena, O, Ulrich, I, Manthiou, A & Godey, B. 2021. Customer engagement and performance in social media: a managerial perspective. *Electronic Markets: The International Journal on Networked Business*, 1:1-23.
- De Toni, D, Tormen, A, Milan, GS, Eberie, L, Lazzari, F & Graciola, AP. 2021. Price level and brand knowledge and its effects on purchase behavior. *Brazilian Journal of Management*, 14(3):632-653.
- Dick, AS & Basu, K. 1994. Customer loyalty: toward an integrated conceptual framework. *Journal of the Academy of Marketing Science*, 22(2):99-113.
- Ekinci, Y, Japutra, A & Molinillo, S. 2019. A consumer-based brand performance model for assessing brand success. *International Journal of Market Research*, 61(1):93-110.
- Faiz, R, Awan, SH, Asad, H & Anam, H. 2017. Customers' attitude towards digital and outdoor marketing. *Pakistan Journal of Social Science*, 37(1):44-57.
- Field, A. 2017. *Discovering statistics using SPSS*. London: Sage.
- Frost, J. 2021. *How to interpret adjusted R-squared and predicted R-squared in regression analysis*. <https://statisticsbyjim.com/regression/interpret-adjusted-r-squared-predicted-r-squared-regression/> [10 June 2021].
- Geysler, W. 2023. *What is an influencer?* <https://influencermarketinghub.com/what-is-an-influencer/> [5 February 2023]
- Guest, L. 1944. A study of brand loyalty. *Journal of Applied Psychology*, 28(1):16-27.
- Harley Davidson. 2023. American Harley Davidson Blog. <https://americanharley-davidson.com/blog>.
- Indrasari, M, Hapsari, IN, & Sukesri, S. 2019. Customer loyalty: effects of sales information system, marcomm, and brand ambassadors. *Jurnal Studi Komunikasi*, 3(2):182-196.
- Jaakkola, E & Aarikka-Stenroos, L. 2019. Customer referencing as business actor engagement behavior – Creating value in and beyond triadic settings. *Industrial Marketing Management*, 80(1):27-42.
- Jacoby, J & Chestnut, R. 1978. *Brand loyalty: Measurement and Management*. New York, NY: Wiley.
- Jacoby, J. 1971. A model of multi-brand loyalty. *Journal of Advertising Research*, 11(3):25-31.
- Klaus, P. 2020. Customer experience, not brands, will be on the iron throne. *International Journal of Market Research*, 62(1):6-8.
- Kumar, GN. 2019. Structural Equation Modeling using AMOS. Part 1. <https://www.youtube.com/channel/UCdLROF-n31BVM5UCu-jIhTw> [12 May 2021].
- Lemon, KN & Verhoef, PC. 2016. Understanding customer experience throughout the customer journey. *Journal of Marketing*, 80(1):69-96.
- Mintel. 2023. Mintel consumer trends. <https://www.mintel.com/global-consumer-trends>.
- Muniz, A & O'Guinn, T. 2001. Brand Community. *Journal of Consumer Research*, 27(4):412-432. <https://doi.org/10.1086/319618> [22 May 2021].
- Oliver, RL. 1999. Whence customer loyalty? *Journal of Marketing*, 63(5):33-44.
- Ong, CH, Lee, HW & Ramayah, T. 2018. Impact of brand experience of loyalty. *Journal of Hospitality, Marketing and Management*, 27(5):487-513.
- Parihar, P, Dawra, J & Sahay, V. 2019. The role of customer engagement in the involvement-loyalty link. *Marketing Intelligence & Planning*, 37(1):66-79.
- Prentice, C, Han, XY, Hua, LL & Hu, L. 2019. The influence of identity-driven customer engagement on purchase intention. *Journal of Retailing and Consumer Services*, 49(1):339-347.
- Roggeveen, AL, Grewal, D, Karsberg, J, Noble, SM, Nordfält, J, Patrick, VM, Schweiger, E, Soysal, G, Dillard, A, Cooper, N. & Olson, R. 2021. Forging meaningful consumer-brand relationships through creative merchandise offerings and innovative merchandising strategies. *Journal of Retailing*, 97(1): 81-98.
- Saboo, AR, Kumar, V & Ramani, G. 2016. Evaluating the impact of social media activities on human brand sales. *International Journal of Research Marketing*, 33(3):524-541.
- Sheng, J. 2019. Being active in online communications: Firm responsiveness and customer engagement behaviour. *Journal of Interactive Marketing*, 46(1):40-51.
- TC. 2023. TM: Teamwork Commerce: Consumer trends. <https://www.teamworkcommerce.com/consumer-trends-2023/>.
- TLC. 2023. TLC Marketing: South Africa Blog. <https://www.tlcmarketing.com/south-africa/how-covid-19-is-changing-consumer-behaviour-in-south-africa/>.

- UNTAD. 2020. Covid-19 has changed online shopping forever, survey shows. <https://unctad.org/news/covid-19-has-changed-online-shopping-forever-survey-shows>.
- Venkatesan, R. 2017. Executing on a customer engagement strategy. *Academy of Marketing Science*, 45(1):289-293.
- Vivek, SD, Beatty, SE & Morgan, RE. 2012. Customer engagement: Exploring customer relationships beyond purchase. *Journal of Marketing Theory and Practice*, 20(2):122-146.
- Voetspore. 2023. *Voetspore Winkel - Tuisblad*. <https://voetsporeonline.co.za/> [2 Februarie 2021].
- Yerpude, S & Singhal, TK. 2019. Custolytics: Internet of Things based customer analytics aiding customer engagement strategy in emerging markets – an empirical research. *International Journal of Emerging Markets*, 16(1):92-112 <http://www.emeraldinsight.com/doi/10.1108/IJOEM-05-2018-0250> [12 May 2021].
- Young, 2020. An offensive haircare advert shows Black South Africans still have to fight apartheid's race battles. <https://qz.com/africa/1901428/south-africa-outrage-over-racist-clicks-advert-for-black-hair>.
- Young, M, Soza-Para, J & Circella, C. 2022. The increase in online shopping during COVID-19: Who is responsible, will it last, and what does it mean for cities. <https://rsaiconnect.onlinelibrary.wiley.com/doi/10.1111/rsp3.12514>.

Professionele persone in maatskaplike diensbeproepe se kennis van en houding teenoor ouer persone: Implikasies vir voortgesette professionele ontwikkeling

Social service professionals' knowledge of and attitudes towards older persons: Implications for continuing professional development

STEPHAN GEYER

Departement Maatskaplike Werk en Kriminologie
Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika
E-pos: stephan.geyer@up.ac.za
ORCID: <https://orcid.org/0000-0002-3765-3051>



Stephan Geyer



Joyce Jordaan

JOYCE JORDAAN

Statistiese Konsultasiediens, Departement Statistiek,
Universiteit van Pretoria, Pretoria, Suid-Afrika
E-pos: joycejordaan2020@outlook.com

STEPHAN GEYER is 'n medeprofessor in Maatskaplike Werk in die Departement Maatskaplike Werk en Kriminologie aan die Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika. Hy is 'n geregistreerde maatskaplike werker by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensbeproepe. Hy doseer beide voor- en nagraadse modules in verslawing, gerontologie en navorsingsmetodologie. As navorsingstudieleier begelei hy Magister en doktorsale studente in studies wat fokus op verslawing, gerontologie, sowel as maatskaplike intervensies in die veld van MIV. Sy eie navorsing fokus hoofsaaklik op verslawing (d.w.s. substansmisbruikafwykings en problematiese internetgebruik), en sekondêr op maatskaplike gerontologie. Hy het in beide nasionale en internasionale vaktydskrifte gepubliseer en sy navorsing by konferensies plaaslik en in die buiteland aangebied. Hy was die programkoördineerder vir die B Maatskaplike Werk-graad (2012–2018) asook die ondervoorsitter (2016–2018) van die Fakulteit Geesteswetenskappe se Onderrig- en leerkomitee. Sedert 2019 is hy die koördineerder

STEPHAN GEYER is an associate professor of Social Work in the Department of Social Work and Criminology at the University of Pretoria, South Africa. He is a registered social worker with the South African Council for Social Service Professions. He teaches both under- and post-graduate modules in addiction, gerontology and research methodology. As a research supervisor, he guides masters and doctoral students in studies focusing on addiction, gerontology, as well as HIV social intervention. His own research focuses primarily on addiction (i.e., substance use disorders and problematic internet use), and secondarily on social gerontology. He has published in both national and international journals, and presented his research at conferences both locally and abroad. He was the programme coordinator for the B Social Work degree (2012–2018) as well as the deputy-chair (2016–2018) of the Faculty of Humanities' Teaching and Learning committee. Since 2019, he has been the coordinator of the Research Information Management System for the Faculty of Humanities. He

Datums:

Ontvang: 2022-09-27

Goedgekeur: 2023-03-27

Gepubliseer: Junie 2023

<p>van die Navorsingsinligtingbestuurstelsel vir die Fakulteit Geesteswetenskappe. Hy is 'n lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy beskik oor 'n C2-gradering, gevestigde navorser, deur die Nasionale Navorsingstigting van Suid-Afrika. Afgesien van sy betrokkenheid by die Universiteit van Pretoria is Stephan 'n kerkorrelis sedert 1996. Hy is tans in diens by die Wapadrant Gereformeerde Kerk in Pretoria.</p>	<p>is a member of the South African Academy for Science and Arts. He is rated as an established researcher (i.e., C2) by the National Research Foundation. Apart from his involvement in academic work at the University of Pretoria, Stephan has been a church organist since 1996. He currently serves at the Wapadrant Gereformeerde Kerk in Pretoria.</p>
<p>JOYCE JORDAAN het aan die Universiteit van Pretoria studeer en 'n MCom-graad in Ekonometrie behaal. Sy begin haar loopbaan as vakkundige beampte in die destydse Departement van Omgewingsake en Energie. Daarna aanvaar sy 'n pos as navorser by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Hier was sy betrokke by navorsing om die vraag na en aanbod van die arbeidsmag te bepaal en te projekteer, asook by opnames om die salarisstrukture van professionele persone te beraam. In 1987 word sy as dosent in die Department Statistiek by UNISA aangestel. Sy is onder meer verantwoordelik vir die doseer van voorgraadse modules in verdelingsteorie en statistiese inferensie en 'n nagraadse module in toegepaste statistiese tegnieke. Na byna 22 jaar by UNISA, aanvaar sy 'n pos as navorsingskonsultant aan die Universiteit van Pretoria (UP) se Departement Statistiek. Haar pligte het die statistiese ontleding van die data vir die navorsingsprojekte van Meesters- en Doktorsgraadstudente en UP-personeellede behels. Sy was lid van die Suid-Afrikaanse Statistiese Vereniging. In November 2021 het Joyce uit UP se diens getree.</p>	<p>JOYCE JORDAAN studied at the University of Pretoria and obtained an MCom degree in Econometrics. She began her career as an officer in the then Department of Environmental Affairs and Energy. Thereafter she accepted a position as a researcher at the Human Sciences Research Council. Here she was involved in research in determining and projecting the demand for and supply of the workforce, as well as in surveys estimating the salary structures of professionals. In 1987 she was appointed as a lecturer in the Department of Statistics at UNISA. Among other things, she taught undergraduate modules in distribution theory and statistical inference and a postgraduate module in applied statistical techniques. After almost 22 years at UNISA, she accepted a position as a research consultant at the University of Pretoria's Department of Statistics. Her duties involved the statistical analysis of the data for the research projects of Masters and Doctorate students and UP staff members. She was a member of the South African Statistical Association. In November 2021, Joyce retired from UP's service.</p>

ABSTRACT

Social service professionals' knowledge of and attitudes toward older persons: Implications for continuing professional development

Worldwide the population of older persons is growing. Relatedly, there is an increasing demand for suitable medical care, social security (e.g. government grants), social services and care. In South Africa, the focus of this study, social services to older persons are mainly provided by two social service professional groups, namely social workers and social auxiliary workers. This paper argues that practitioners in the social service professions must have appropriate knowledge and a fitting attitude towards older persons to provide effective gerontological services. This argument is aligned with an international commitment by signatories to the UN Decade of Healthy Aging 2021–2030 to change the way people think, feel and act towards age and ageing in order to ensure the delivery of integrated person-centred gerontological services. In South Africa, older persons are considered a vulnerable group on which social services must focus (cf. Framework for Social Welfare Services, 2013). There is also specific legislation in this regard, namely the Older Persons Act 13 of 2006, as amended. After

consultation of various international and national databases, it was confirmed that, in contrast to various surveys among students in the helping professions, there is still a lack of studies that explore and describe professionals' knowledge of and attitude towards older persons. According to the available literature, there is only one study within the South African context that dealt with the attitude of medical practitioners towards older persons (Ntusi & Ferreira, 2004). With this knowledge gap in mind, the research question that this study seeks to answer is as follows: "What are professionals in social service professions' knowledge of and attitude towards older persons?" This study was undertaken within the ambit of the modernisation theory. A cross-sectional survey was implemented with social service professionals in the employ of a private South African welfare organisation with a footprint over five of the nine provinces. The total population of 140 professionals was invited to complete a web-based survey. Sixty-three respondents (N=63) responded to the invitation and answered the questionnaire in full via QualtricsSM, a web-based programme. Section 1 comprised a holistic profile of the respondents. In Section 2, the knowledge of respondents pertaining to older persons and ageing was determined by means of Palmore's First Facts on Aging Quiz in multiple-choice format. Incorrect answers determine positive or negative bias towards ageing. Section 3 determined the respondents' attitudes towards older persons, using Fraboni's Scale of Ageism. The scale measures overall attitude/ageism, and three sub-scales, namely antilocution, avoidance and discrimination. More specifically, this study determined the impact of nine factors (i.e. age, area of childhood residence, growing up with an older person, qualification, completed course in gerontology, working exclusively with older persons, considering working with older persons, province of employment, and task description) on the knowledge and attitudes of respondents by calculating either the independent T-test or the one-way ANOVA. Both scales were found to be valid and reliable within the South African context. After written permission from the management of the welfare organisation, the research ethics committee of the university provided ethical approval for the study. Based on the profile of the respondents, this study mainly offers a glimpse of female persons in their middle years, with an average of 15 years of experience as social workers and practising in family-centred services. The results show that the respondents have poor overall knowledge of ageing with a mean of 9.4 out of 25 (SD=2.6). In answering the quiz, incorrect answers tended toward negative bias towards older persons. Overall the respondents hold positive attitudes toward older persons with a mean of 80.6 out of 145 (SD=11.8) for ageism. Furthermore, the sub-scales antilocution (\bar{x} =25.2) and avoidance (\bar{x} =24.9) scored around the midpoint, while discrimination scored high (\bar{x} =30.4). Three factors were identified as having a statistically significant impact on the respondents' overall knowledge of ageing: "Age group" ($p=0.02$), "Qualification" ($p=0.03$) and "Task description" ($p=0.03$). Furthermore, "Growing up with an older person in the household" had a statistically significant impact on the subscale "positive bias" ($p=0.02$). In addition, "Currently working exclusively with older persons" showed a statistically significant impact on both the overall attitude/ageism ($p=0.04$) and antilocution ($p=0.04$) measured among the respondents. With reference to the factors that showed a statistically significant impact ($p<0.05$) on respondents' knowledge of ageing and attitudes towards older persons, recommendations for continuing professional development (CPD) are delineated. As per the policy of the South African Council for Social Service Professions (SACSSP, 2021), registered social workers must achieve at least 20 CPD points each year (or 40 spread over two years) and registered social auxiliary workers 10 points (20 over two years). The policy of the SACSSP makes provision for a variety of group and individual activities whose award of points varies between two and twenty. All professionals also carry

out their tasks under a supervisor. Both CPD and supervision offer a familiar context within which social services to older persons can be dealt with. The field of service of professionals should determine the extent to which the focus on older persons should be. In connection with the aforementioned policy and supervision, some recommendations are offered to improve professionals' knowledge of and attitude towards older persons. For example, expert lectures focusing on different aspects of ageing and the completion of professional online development courses. Attitudes could be addressed during individual supervision and with creative activities such as role plays.

KEYWORDS: social service professions, social workers, social auxiliary workers, older persons, continuing professional development, knowledge of older persons, attitudes towards older persons, ageism, South Africa, gerontology

TREFWOORDE: maatskaplike diensberoep, maatskaplike werkers, maatskaplike hulpwerkers, ouer persone, voortgesette professionele ontwikkeling, kennis van ouer persone, houding teenoor ouer persone, ouerdomsdiskriminasie, Suid-Afrika, gerontologie

OPSOMMING

Die bejaardebevolking neem wêreldwyd toe. Gevolglik vergroot die vraag na geskikte mediese sorg, maatskaplike bystand, maatskaplike dienste en versorging. In Suid-Afrika word maatskaplike dienste aan ouer persone hoofsaaklik deur twee maatskaplike diensberoep gelewer, naamlik maatskaplike werkers en maatskaplike hulpwerkers. Hierdie praktisyns moet oor die nodige kennis van en gepaste houding teenoor ouer persone beskik ten einde effektiewe gerontologiese dienste te lewer. Internasionaal, maar ook in Suid-Afrika, is 'n leemte geïdentifiseer met betrekking tot 'n studie wat praktisyns se kennis van en houding teenoor ouer persone verken en beskryf. Hierdie artikel poog om die volgende navorsingsvraag te beantwoord: "Wat is professionele persone in maatskaplike diensberoep se kennis van en houding teenoor ouer persone?" 'n Deursnit opnameprosedure is gevolg met praktisyns (N=140) verbonde aan een private welsynsorganisasie. Drie-en-sestig respondente (N=63) het die aanlyn vraelys voltooi. Respondente se kennis van veroudering is verken met *Palmore's First Facts on Aging Quiz in multiple-choice format*. Houding teenoor ouer persone is ooreenkomstig *Fraboni's Scale of Ageism* beskryf. Respondente het swak gevaar in hul oorhoofse kennis van veroudering met 'n gemiddelde punt van 9.4 uit 25 (s=2.6). Met 'n teoretiese reikwydte van 29 tot 145, het ouerdomsdiskriminasie laag gemeet (\bar{x} =80.6; s=11.8). Voorts is die impak van nege faktore op respondente se gemiddelde kennis van en houding teenoor ouer persone bepaal met behulp van parametrisiese toetse. Beide voortgesette professionele ontwikkelingsinisiatiewe en supervisie is bekende kontekste in maatskaplike diensberoep. Aanbevelings word gedoen om praktisyns se kennis van en houding teenoor ouer persone te verbeter met die oog op effektiewe gerontologiese dienste.

1. Inleiding

Die bejaardebevolking neem wêreldwyd toe (United Nations [UN], 2002). Die Wêreldgesondheidsorganisasie projekteer dat die aantal ouer persone (d.i. persone van 60 jaar en ouer) teen die jaar 2050, 2.1 miljard sal wees (World Health Organization [WHO], 2022a). Teen 2025 word 'n bejaardebevolking van 67 miljoen op die Afrikakontinent voorspel (WHO, 2022a). In Suid-Afrika, met 'n populasie van 60.6 miljoen, is ongeveer 9.2 persent van die bevolking

(± 5.59 miljoen) ouer persone (Statistics South Africa [StatsSA], 2022). Namate die bejaardebevolking groei, is daar terselfdertyd 'n toenemende vraag na geskikte mediese sorg, maatskaplike bystand (bv. staatstoelae), maatskaplike dienste en versorging (Gellis, Sherman & Lawrance, 2003:2).

In Suid-Afrika, die fokus van hierdie studie, word maatskaplike dienste aan ouer persone hoofsaaklik deur twee maatskaplike diensberoep¹ gelewer, naamlik maatskaplike werkers en maatskaplike hulpwerkers (voortaan afgekort tot MW/Hs). MW/Hs lewer gerontologiese maatskaplike dienste. Gerontologiese maatskaplike dienste verwys na omvattende dienste aan ouer persone en hul versorgers. Dit sluit onder meer die volgende dienste in: voorbereiding op aftrede, gemeenskapswerk soos inkomstegenereringsprojekte, ondersteuningsdienste by dienssentrums, psigososiale ondersteuning en berading by residensiële instellings, ondersteuningsdienste by hospies met gepaardgaande sterwens- en roumartbegeleiding, dienste aan persone met demensie en hul naasbestaendes, asook statutêre werk in die geval van bejaardemishandeling (cf. DuBois & Miley, 2019:17, 392; McInnis-Dittrich, 2020:8-18; Schultz, 2015:182-183). Ouer persone ervaar talle uitdagings wat gerontologiese dienste noodsaak. Voorbeelde van dié uitdagings is onvoldoende finansies vir aftrede, gebrek aan toegang tot basiese gesondheidsdienste en bekostigbare behuising, menseregteskendings, soos ouderdomsdiskriminasie, en die mishandeling en verwaarlosing van bejaardes (Lombard & Kruger, 2009:123-128; Noyoo, 2017:113-115; Patel, 2015:221-225).

Die minister van maatskaplike ontwikkeling, Lindiwe Zulu, het in Augustus 2022 te kenne gegee dat Suid-Afrika 'n tekort aan vakatures sowel as aan opgeleide professionele persone in maatskaplike diensberoep het (Critical shortage of ..., 2022). Daar bestaan wêreldwyd en in Suid-Afrika 'n tekort aan professionele persone in gerontologiese maatskaplike dienste (Baik & Davitt, 2022:169; Wang & Chonody, 2013:150). Bydraende faktore hiertoe is onvoldoende opleiding en gebrekkige kennis oor ouer persone en die unieke eienskappe van dié lewensfase, die wanpersepsie dat ouer persone depressief en onaanpasbaar is, en vrees vir ouer persone en die gepaardgaande vermyding om met hulle te werk. Ook bestaan die wanopvatting dat gerontologiese werk nie uitdagend is nie, of selfs dat dit 'n laer status as ander diensvelde geniet, en oortuigings dat swakker salarisse in die diensveld van gerontologie betaal word (Baik & Davitt, 2022:169; Chonody, Webb, Ranzijn & Bryan, 2014:374; Goel, 2019:835; Wang & Chonody, 2013:150). Voorts speel ouderdomdiskriminasie (d.i. “a systematic stereotyping of and discrimination against people because they are old ...”) 'n rol in dienslewering aan ouer persone (Butler, 1969 in Lin & Bryant, 2009:412).

In hierdie artikel word aangevoer dat praktisyns in die maatskaplike diensberoep oor die nodige kennis van en gepaste *houding* teenoor ouer persone moet beskik ten einde effektiewe gerontologiese dienste vir 'n groterwordende bejaardebevolking te lewer. Dit sluit direk aan by 'n internasionale verbintenis van lidlande wat die *UN Decade of Healthy Ageing 2021-2030* onderteken het. Daarvolgens moet die wyse waarop oor ouderdom en veroudering gedink, gevoel en opgetree word, verander sodat geïntegreerde persoonsgesentreerde dienste aan ouer persone gelewer word (WHO, 2022b). Hier te lande word ouer persone eweneens as 'n kwesbare groep beskou waarop maatskaplike dienste in die besonder moet fokus ingevolge die *Framework for Social Welfare Services* (Department of Social Development [DSD], 2013:30)

¹ “Refers to all professions in respect of which a professional board has been established in terms of the *Social Service Professions Act, 1978*, to provide professional services aimed at the improved social functioning of people” (South African Council for Social Service Professions [SACSSP], n.d.:66).

met spesifieke wetgewing in dié verband, naamlik die *Wet op Ouer Persone 13 van 2006*, soos gewysig.

Raadpleging van verskeie internasionale en nasionale databasisse (d.i. GoogleScholar, PsycINFO, PubMed, Sabinet African Journals, SciELO SA en Social Work Abstracts) bevestig dat daar, behalwe vir uiteenlopende opnames onder studente in die hulpverleningsprofessies, steeds 'n tekort aan studies bestaan wat MW/Hs se kennis van en houding teenoor ouer persone bepaal. Volgens die beskikbare literatuur is daar binne die Suid-Afrikaanse konteks slegs een studie wat die houding van mediese praktisyns teenoor ouer persone bepaal het (Ntusi & Ferreira, 2004).

In aansluiting by hierdie leemte is die navorsingsvraag wat hierdie artikel poog om te beantwoord soos volg: “Wat is professionele persone in maatskaplike diensberoep se kennis van en houding teenoor ouer persone?” Die bydrae van hierdie artikel is veral op twee vlakke: (1) dit is die eerste studie binne die Suid-Afrikaanse konteks wat MW/Hs se kennis van en houding teenoor ouer persone bepaal en beskryf, en (2) dit maak aanbevelings ingevolge die bepalinge en raamwerk van die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoep (SARMDB) se beleid vir voortgesette professionele ontwikkeling (voortaan afgekort as VPO)² (South African Council for Social Service Professions [SACSSP], 2021) om praktisyns se kennis van en houding teenoor ouer persone as diensgebruikers in alle diensterreine, te verbeter. Vervolgens word die teoretiese raamwerk aangebied, gevolg deur die navorsingsmetodes, resultate en bespreking. Ten slotte word implikasies vir VPO vir professionele persone in maatskaplike diensberoep belig en enkele aanbevelings vir toekomstige navorsing gemaak.

2. Moderniseringsteorie

Hierdie studie is vanuit die moderniseringsteorie onderneem. Die sentrale uitgangspunt van die teorie is dat die status van en ondersteuning aan ouer persone afneem namate die samelewing moderniseer (Aboderin, 2004:29). Modernisering in ontwikkelende lande soos Suid-Afrika bring individualisme en sekularisasie teweeg wat onder meer gekenmerk word deur die aflegging van tradisionele norme (soos die versorging van ouer persone in die uitgebreide familie), asook 'n afname in die respek vir en waarde wat aan ouer persone in die samelewing geheg word (Aboderin, 2004:36).

Cowgill (1979) identifiseer vier sleuteldrywers van modernisering wat tot die verminderde status van ouer persone aanleiding gee: gesondheidstechnologie, ekonomiese en industriële tegnologie, verstedeliking en massa-opvoeding (in Chow & Bai, 2011:802). In hierdie studie word aangevoer dat dieselfde drywers 'n impak op die Suid-Afrikaanse samelewing het en die potensiaal het om professionele persone in maatskaplike diensberoep se kennis van en houding teenoor ouer persone te beïnvloed.

Eerstens lei verbeterde gesondheidstechnologie tot 'n groeiende bejaardebevolking, wat tot intergeneratiewe mededinging in die arbeidsmag aanleiding gee (Moody & Sasser, 2012:9). In Suid-Afrika is die werkloosheidsyfer onlangs op 32.7 persent beraam wat hierdie mededinging nog strawwer maak (StatsSA, 2023). Tweedens verhoog die impak van gevorderde ekonomie en industriële vooruitgang ouer persone se afhanklikheid van ander, wat hul geskatte “waarde” in die samelewing verder verlaag (Lynott & Lynott, 1996:752). Ekonomiese en

² “[C]ontinuing professional development aims at maintaining registration through enhanced knowledge, skills and experience related to professional activities, following the completion of formal training in social work and social auxiliary work” (SACSSP, 2021:4).

industriële vooruitgang, insluitende die vierde industriële revolusie, bring beduidende veranderinge in produksieprosesse teweeg, wat uiteindelik oer persone se spesifieke vaardighede en kundigheid relatiewe (Moody & Sasser, 2012:7) en tot negatiewe houdings teenoor oer persone kan lei. Derdens migreer jonger persone toenemend na stede, selfs die buiteland, vir werksgeleenthede terwyl talle oer persone steeds in landelike gebiede woonagtig is (Fakier & Ehmke, 2014). Industrialisering, verstedeliking en 'n verswakkende ekonomie het onder meer 'n beduidende impak op die gesinstrukture in Suid-Afrika, wat tot skeiding en verminderde ondersteuning vir oer persone aanleiding gee (Lombard & Kruger, 2009:121,124). Laastens ervaar oer persone in Suid-Afrika dikwels verlaagde sosiale status aangesien verpligte skoolopleiding vir alle kinders tot 15 jaar of graad 9 die opvoedingspeil van die bevolking verhoog. Tesame met die toeganklikheid van inligting via die internet en sosiale media, word die tradisionele rol van oer persone as bronne van wysheid vervang (Lombard & Kruger, 2009:125).

Suid-Afrika, as 'n ontwikkelende land en 'n jong demokrasie, ervaar onteenseglik die impak van modernisering. Derhalwe het hierdie studie ten doel gehad om die impak van nege faktore op professionele persone in maatskaplike diensberoep se kennis van en houding teenoor oer persone te bepaal en te beskryf: hul ouderdomsgroep, area waarin die professionele persoon as kind grootgeword het, as kind met 'n oer persoon in die huishouding grootgeword het, kwalifikasie, voltooië module in gerontologie, werk tans eksklusief met oer persone, oorweeg om eksklusief met oer persone te werk, provinsie waar respondent werk en taak-omskrywing.

3. Navorsingsmetodes

3.1 Navorsingsbenadering en ontwerp

'n Kwantitatiewe navorsingsbenadering is gevolg om professionele persone in maatskaplike diensberoep se kennis van en houding teenoor oer persone te bepaal en te beskryf deur middel van twee gestandaardiseerde instrumente. 'n Deursnit opnameprosedure is gevolg ten einde op 'n spesifieke tydstop die navorsingsdoelstelling te bereik (Babbie, 2017:107).

3.2 Respondente

Een private welsynsorganisasie met MW/Hs wat dienste in vyf van die nege Suid-Afrikaanse provinsies lewer, is doelgerig genader vir hierdie studie. Die direkteur het per e-pos 'n uitnodiging om aan die studie deel te neem aan alle maatskaplike werkers en hulpwerkers (N=140) uitgestuur tesame met die skakel tot die aanlyn vraelys. Respondente moes aan die volgende insluitingskriteria voldoen:

- Respondente moes as maatskaplike werkers of hulpwerkers by die SARMDB geregistreer wees.
- Respondente moes toegang gehad het tot 'n e-posadres en rekenaar of slimfoon om die vraelys te voltooi.
- Respondente moes die vraelys in Engels kon beantwoord.

Drie-en-sestig respondente (N=63) het op die uitnodiging gereageer en die vraelys via QualtricsSM, 'n webgebaseerde program, volledig beantwoord.

3.3 Data-insameling

Die aanlyn vraelys is in QualtricsSM saamgestel ten einde eenvoudige voltooiing op 'n rekenaar of slimfoon te vergemaklik (Adler & Clark, 2015:221-222). Met inskakeling op die program is 'n omvattende ingeligte toestemmingsbrief op skerm vertoon. Slegs persone wat tot deelname aan die studie toegestem het, het toegang tot die vraelys ontvang. Die vraelys het uit die volgende drie afdelings bestaan:

- (1) Die eerste afdeling is saamgestel met die doel om 'n omvattende profiel van die respondente saam te stel. Daar is op die volgende faktore/veranderlikes gefokus: ouderdom, geslag, huistaal, area waar respondent hoofsaaklik as kind opgegroeï het (d.i. landelik, semistedelik/groot dorp, stedelik, ander), provinsie waarin respondent werksaam is (d.i. Gauteng, KwaZulu-Natal, Limpopo, Mpumalanga en Noordwes), aard van maatskaplike dienste wat gelewer word (d.i. gemeenskapsgebaseerd, residensiële instelling of gesinsgesentreerd), hoogste kwalifikasie (d.i. Hoër Sertifikaat in Maatskaplike Hulpwerk, Diploma in Maatskaplike Werk/Baccalaureus in Maatskaplike Werk, nagraadse kwalifikasie in Maatskaplike Werk), aantal jare diens, en huidige taakoms krywing (d.i. maatskaplike hulpwerker, maatskaplike werker of bestuurder). Daarbenewens is verken of respondente met 'n ouer persoon in die huishouding grootgeword het, die aard van die verwantskap, asook huidige kontak met ouer persone, hetsy persoonlik of professioneel. Terselfdertyd is respondente se opleiding in die gerontologie en hul belangstelling in VPO in die gerontologie verken. Laastens, is bepaal of respondente tans eksklusief dienste aan ouer persone lewer, of dit sou oorweeg om 'n betrekking op te neem waar daar eksklusief met ouer persone gewerk word.
- (2) Die tweede afdeling het respondente se kennis van ouer persone en veroudering verken deur middel van *Palmore's First Facts on Aging Quiz in multiple-choice format* (afgekort as FAQ1) bestaande uit 25 items (Harris, Changas & Palmore, 1996). FAQ1 bepaal respondente se oorhoofse kennis van veroudering, asook negatiewe en positiewe vooroordele teenoor ouer persone. Elke item het 'n korrekte antwoord, asook antwoorde wat negatiewe of positiewe vooroordele meet. Geringe aanpassings is aan die vraelys aangebring vir die Suid-Afrikaanse konteks, sonder om die geldigheid van die instrument te benadeel. Respondente se omvattende kennis van veroudering is gemeet met 'n punt uit 25 – hoe hoër die punt, hoe beter hul kennis. In die geval van verkeerde antwoorde, word positiewe vooroordele teenoor ouer persone (punt tussen 0-12) of negatiewe vooroordele (punt tussen 0-18) bepaal. In die geval van negatiewe vooroordele dui 'n laer punt op meer bevredigende antwoorde. Kennis ten opsigte van veroudering is verken met vier items wat fokus op biologiese, twee op geestelike en 12 op maatskaplike aspekte, asook 'n verdere sewe items wat wanopvatting verken (Harris *et al.*, 1996). Harris *et al.* (1996:580) het bevind dat die veelvuldige-keuse weergawe van die vraelys 'n laer betroubaarheidsindeks (Cronbach $\alpha=0.15$, $p<0.05$) as die waar/vals-weergawe (Cronbach $\alpha=0.28$, $p<0.01$) het. In hierdie studie was die Cronbach $\alpha=0.4$ en vergelyk dus selfs beter as Harris *et al.* (1996) se studie (sien Tabel 1). Die veelvuldige keuse-weergawe van FAQ1 is spesifiek gebruik om te voorkom dat respondente die korrekte antwoord raai.
- (3) Die finale afdeling het respondente se houding teenoor ouer persone bepaal met *Fraboni's Scale of Ageism* (afgekort as FSA). Die instrument bestaan uit 29 items en

word gebruik vir die multidimensionele meting van ouderdomsdiskriminasie met 'n fokus op beide 'n kognitiewe en affektiewe houding teenoor ouer persone (Fraboni, Saltstone & Hughes, 1990). FSA meet eerstens respondente se oorhoofse houding teenoor ouer persone asook drie konstruerte/subskale, naamlik “antilokusie” (onsimpatieke taalgebruik teenoor ouer persone) gemeet met 10 items; “diskriminasie” (uitsluiting van ouer persone ten opsigte van betrekkinge, opvoedkundige en ontspanningsgeleenthede, politieke regte en voorregte) gemeet met nege items; asook “vermyding” (vermyding van ouer persone) gemeet met 10 items (Fraboni *et al.*, 1990:64). In hierdie studie is van 'n vyfpunt-Likertskaal gebruik gemaak (1 = “stem beslis nie saam nie” – 5 = “stem beslis saam”). Die oorhoofse houding van respondente teenoor ouer persone word gemeet met 'n meting wat wissel tussen 29 en 145. Antilokusie word gemeet tussen 10 en 50, diskriminasie tussen 9 en 45, en vermyding tussen 10 en 50. 'n Hoër telling met al die skale dui op ouderdomsdiskriminasie (d.i. negatiewe houding teenoor ouer persone). Sommige van die items is herformuleer om voorsiening te maak vir respondente wat in Engels moes beantwoord terwyl dit hul tweede of selfs derde taal is. Fraboni *et al.* (1990:65) het bevind die FSA is 'n betroubare instrument met Cronbach $\alpha=0.86$ vir die meting van oorhoofse houding. In hierdie studie was die Cronbach α slegs 'n fraksie laer, maar steeds betroubaar met $\alpha=0.79$ (sien Tabel 1).

3.4 Data-analise

Voltooid vraelyste is vanuit Qualtrics^{XM} in 'n MS Excel-spreibladformaat afgelaai. Daarna is die data na *IBM SPSS Statistics* (Weergawe 26) oorgedra vir statistiese analise deur die tweede outeur. Hoofsaaklik beskrywende statistiek is bereken om die profiel van die respondente saam te stel. Gebaseer op die Shapiro-Wilk-toets, is bevestig dat die data 'n normaalverspreiding toon ($p>0.05$) (Field, 2013:185). Derhalwe is parametriese toetse uitgevoer om die individuele impak van nege faktore op die sewe skale/subskale te bepaal. In die geval waar respondente slegs tussen twee antwoorde per faktor kon kies, is die onafhanklike T-toets uitgevoer om die verskille tussen faktore en die gemiddelde van die skale/subskale te ontleed. Daarteenoor is die verskille tussen faktore waar drie of meer antwoorde gekies kon word met die gemiddelde van die skaal/subskaal statisties ontleed met 'n eenrigting-variensie-analise (ANOVA) (Weinbach & Grinnell, 2015:144-145,159). Waar statisties beduidende (verkort tot beduidende) verskille bevind is, is die Bonferroni post hoc/paargewyse toets (voorts afgekort tot Bonferroni) uitgevoer om die spesifieke verskille te identifiseer (Field, 2013:547). Sorg is gedra om met beide toetse te verseker dat daar aan die voorvereistes vir die gebruik van die toets, soos bereken met Levene se statistiese toets, voldoen is (Field, 2013:193). Statistiese beduidendheid is bereken op die vyfpersentvlak (Weinbach & Grinnell, 2015:92-93).

3.5 Etiese oorwegings

Alvorens die studie onderneem is, het die eerste outeur skriftelike toestemming van die welsynsorganisasie se bestuur ontvang asook etiese klaring van die Navorsingsetiekkomitee van die universiteit (Verw. no.: GW201800228HS). Verskeie etiese oorwegings het hierdie studie gerig, soos anonimiteit, geen beloning vir deelname, voorkoming van leed/skade, vertroulikheid en vrywillige deelname (Strydom & Roestenburg, 2021:119-129). Gegewe die aard van die studie (beperk tot die voltooiing van 'n aanlyn vraelys), kan die navorsing as lae risiko beskou word.

4. Resultate

4.1 *Profiel van respondente*

Ten tyde van die opname was die gemiddelde ouderdom van die respondente 41.8 jaar ($s=12.5$). Die meerderheid respondente het hulself as vroulik ($n=58$; 96.7%) identifiseer. Respondente was hoofsaaklik werksaam as maatskaplike werkers ($n=41$; 67.2%), bestuurders ($n=16$; 26.2%) of as maatskaplike hulpwerkers ($n=4$; 6.6%). Die meeste respondente het Afrikaans ($n=37$; 61.7%), isiZulu ($n=8$; 13.3%), of Setswana ($n=5$; 8.3%) as hul huistaal aangedui. Respondente het hoofsaaklik in semistedelike gebiede ($n=26$; 42.6%) grootgeword, gevolg deur stedelike ($n=18$; 30.0%) en plattelandse gebiede ($n=15$; 24.6%). Die verdeling tussen respondente wat met of sonder 'n ouer persoon in die huishouding grootgeword het, was byna gelykop met 27 (45.0%) respondente wat bevestigend op die vraag geantwoord het. Ten opsigte van hul verwantskap met die ouer persoon/persone, het vyftien respondente aangetoon dat hulle met 'n materne grootmoeder, sewe met 'n paterne grootmoeder, sewe met 'n materne grootvader, en een met 'n paterne grootvader grootgeword het. Hetsy in hul persoonlike of professionele kapasiteit, het die respondente daaglik ($n=28$; 45.9%), weeklik ($n=18$; 29.5%) of maandeliks ($n=11$; 18.0%) kontak met ouer persone gehad. Sewe-en-veertig respondente (77.1%) het 'n Diploma of B-graad in Maatskaplike Werk behaal, gevolg deur 'n verdere 10 respondente (16.4%) met 'n nagraadse kwalifikasie in Maatskaplike Werk. Slegs vier respondente (6.6%) het die Hoër Sertifikaat in Maatskaplike Hulpwerk behaal. Die gemiddelde aantal jare diens is bereken op 15.5 ($s=12.6$). Die kontekste waarin respondente werk, is soos volg aangedui: gemeenskapsgebaseerd (33.3%), residensiële instelling (36.5%) en gesinsgesentreerd (55.6%). Respondente het hoofsaaklik in die Gauteng ($n=22$; 36.1%), Mpumalanga ($n=12$; 19.7%) en Noordwes ($n=11$; 18.0%) provinsies gewerk. Net meer as die helfte van die respondente ($n=32$; 53.3%) het tydens hul studies 'n module in gerontologie voltooi. Respondente het ten tyde van die opname meestal nie eksklusief met ouer persone gewerk nie ($n=46$; 75.4%). Drie-en-twintig (37.7%) het aangedui dat hulle 'n betrekking sal oorweeg waar hulle eksklusief met ouer persone werk. Desnieteenstaande het die oorwoë meerderheid van respondente ($n=46$; 75.4%) 'n belangstelling in VPO getoon wat op gerontologie fokus.

4.2 *Beskrywende statistiek met betrekking tot kennis van en houding teenoor ouer persone*

Soos aangedui in Tabel 1, het die respondente redelik swak gevaar in hul oorhoofse kennis van veroudering soos bepaal met die FAQ1, met 'n gemiddelde punt van 9.4 uit 25 ($s=2.6$). Dit beteken die respondente het 'n gemiddeld van 37.6 persent behaal. Die laagste meting was 3 en die hoogste 17. Die gemiddelde persentasie vir kennis met betrekking tot die biologiese faktore van veroudering is bereken op 48.5 persent. Kennis oor geestelike (41.6%) en maatskaplike faktore (31.2%) was swakker. Ten opsigte van wanopvatting was die gemiddelde persentasie korrekte antwoorde 38.4 persent. Positiewe vooroordeel het gewissel vanaf 1 tot 8, met 'n gemiddeld van 3.9 ($s=1.5$). Daar is dus min positiewe vooroordeel teenoor ouer persone gemeet. Negatiewe vooroordeel het gewissel van 3 tot 15, met die gemiddeld 8.8 ($s=2.5$) – dus net onder die middelpunt van die subskaal.

Die respondente het min ouderdomsdiskriminasie getoon soos bereken met die FSA. Die gemiddeld vir die oorhoofse houding teenoor ouer persone was 80.6 ($s=11.8$). Die maksimum

TABEL 1: Beskrywende statistiek per skaal/subskaal

Skaal & Subskaal	<i>N</i>	Gemiddeld (\bar{x})	Standaard-afwyking (<i>s</i>)	Minimum	Maksimum	<i>p</i> -waarde van Shapiro-Wilk-toets	Cronbach α
Kennis: Oorhoofse kennis	63	9.4	2.6	3	17	0.1	0.4
Kennis: Positiewe vooroordeel	63	3.9	1.5	1	8	.0	
Kennis: Negatiewe vooroordeel	63	8.8	2.5	3	15	0.2	
Houding: Oorhoofse telling	63	80.6	11.8	53	112	0.8	0.8
Houding: Antilokusie	63	25.2	6.2	14	43	0.2	
Houding: Diskriminasie	63	30.4	3.1	21	38	.0	
Houding: Vermyding	63	24.9	5.4	8	41	0.3	

telling is 145, terwyl in hierdie studie die tellings tussen 53 en 112 gewissel het. Beide antilokusie ($\bar{x}=25.2$; $s=6.2$) en vermyding ($\bar{x}=24.9$; $s=5.4$) het naby die middelpunt van die skaal gemeet, terwyl diskriminasie ($\bar{x}=30.4$; $s=3.1$) redelik hoog gemeet het (teoretiese reikwydte 9 - 45).

4.3 Statisties beduidende faktore per skaal/subskaal

Soos in Tabel 2 uiteengesit, het drie faktore 'n beduidende impak op die respondente se oorhoofse kennis van veroudering gehad: "Ouderdomsgroep" ($p=0.02$), "Kwalifikasie" ($p=0.03$) en "Taakomskrywing" ($p=0.03$). Voorts het "Grootgeword met ouer persoon in die huishouding" 'n beduidende impak gehad op die subskaal "positiewe vooroordeel" ($p=0.02$). Daarbenewens het "Werk tans eksklusief met ouer persone" 'n beduidende impak gehad op beide die oorhoofse houding ($p=0.04$) en antilokusie ($p=0.04$) van die respondente.

TABEL 2: Opsomming van statisties beduidende faktore per skaal/subskaal

Skaal/subskaal	Faktor 1 Ouderdoms- groep	Faktor 2 Area waarin respondent opgegroeï het as kind	Faktor 3 Grootgeword met ouer persoon in huishouding	Faktor 4 Kwalifikasie	Faktor 5 Voltooid module in gerontol- ogie	Faktor 6 Werk tans eksklusief met ouer persone	Faktor 7 Oorweeg om eksklusief met ouer persone te werk	Faktor 8 Provinsie waar respondent werk	Faktor 9 Taak- omskrywing
Oorhoofse kennis	0.02*			0.03*					0.03*
Kennis: Positiewe vooroordeel			0.02*						
Kennis: Negatiewe vooroordeel									
Houding: Oorhoofse telling						0.04*			
Houding: Antilokusie						0.04*			
Houding: Diskriminasie									
Houding: Vermyding									

* p < .05

4.4 Verskille tussen faktore en gemiddelde van elke skaal/subskaal

TABEL 3: Onafhanklike T-toets

	<i>N</i>	\bar{x}	<i>s</i>	<i>t</i>	Grade van vryheid (gmv)	<i>p</i>
Faktor 3: Grootgeword met ouer persoon in huishouding						
Kennis: Positiewe vooordeel						
Ja	28	3.4	1.3	-2.3	59	0.02*
Nee	33	4.3	1.5			
Faktor 6: Werk tans eksklusief met ouer persone						
Houding: Oorhoofse Telling						
Ja	15	86.1	9.2	2.0	59	0.04*
Nee	46	79.1	12.2			
Houding: Antilokusie						
Ja	15	28.1	5.2	2.0	59	0.04*
Nee	46	24.4	6.3			

* $p < 0.05$

Met betrekking tot “Grootgeword met ouer persone in die huishouding” (sien Tabel 3) is bevind dat respondente wat nie met ’n ouer persoon in die huishouding grootgeword het nie ($\bar{x}=4.3$; $s=1.5$), eerder ’n positiewe vooroordeel teenoor ouer persone openbaar as diegene wat wel met ouer persone grootgeword het ($\bar{x}=3.4$; $s=1.3$), $t(59)=-2.3$, $p=0.02$.

Die studie het bevind dat respondente wat tans eksklusief met ouer persone werk ’n hoër negatiewe houding/ouderdomsdiskriminasie teenoor ouer persone openbaar ($\bar{x}=86.1$; $s=9.2$) as diegene wat nie eksklusief met ouer persone werk nie ($\bar{x}=79.1$; $s=12.2$), $t(59)=2.0$, $p=0.04$. ’n Soortgelyke bevinding geld vir antilokusie. Respondente wat tans eksklusief met ouer persone werk ($\bar{x}=28.1$; $s=5.2$) het hoër gemeet op dié subskaal as diegene wat nie eksklusief met ouer persone werk nie ($\bar{x}=24.4$; $s=6.3$), $t(59)=2.0$, $p=0.04$.

Die respondente is op grond van ouderdom in drie groepe verdeel, naamlik jong volwassenes (18-39 jaar), middeljarige volwassenes (40-59 jaar) en ouer persone (60 jaar en ouer). Soos aangedui in Tabel 4, het “Ouderdomsgroep” ’n beduidende impak gehad op respondente se oorhoofse kennis van veroudering, $F(2, 57)=4.1$, $p=0.02$. Die Bonferroni-toets het spesifiek uitgewys dat jong volwassenes ($\bar{x}=9$; $s=2.5$) ’n swakker oorhoofse kennis het as ouer persone ($\bar{x}=11.9$; $s=1.1$). ’n Soortgelyke bevinding toon dat respondente in middeljarige volwassenheid ($\bar{x}=9.6$; $s=2.4$) eweneens ’n swakker oorhoofse kennis het as ouer persone ($\bar{x}=11.9$; $s=1.1$).

TABEL 4: Eenrigting ANOVA

Skaal/subskaal	ANOVA			Bonferroni post hoc (<i>p</i>)
	gmv	<i>F</i>	<i>p</i> -waarde	
Kennis: Oorhoofse kennis	2,57	4.1	0.02*	Faktor 1: <u>Ouderdomsgroep</u> Jong volwassenes – Ouer persone (0.02*) Middel volwassenes – Ouer persone (0.08)
	2,59	3.7	0.03*	Faktor 4: <u>Kwalifikasie</u> Diploma/B-graad – Nagraadse kwalifikasie (0.07) Hoër Sertifikaat as Maatskaplike Hulpwerker – Nagraadse kwalifikasie (0.06)
	2,59	3.8	0.03*	Faktor 9: <u>Taakoms krywing</u> Maatskaplike hulpwerker – Bestuurder (0.03*)

* $p < .05$

Respondente is op grond van kwalifikasie in drie groepe verdeel, naamlik Hoër Sertifikaat in Maatskaplike Hulpwerk, Diploma/B-graad in Maatskaplike Werk en Nagraadse kwalifikasie in Maatskaplike Werk. “Kwalifikasie” het ’n beduidende impak op respondente se oorhoofse kennis gehad, $F(2, 59)=3.7$, $p=0.03$. Bonferroni het die volgende verskille uitgewys: respondente met die basiese opleiding van ’n Diploma/B-graad het ’n swakker “oorhoofse kennis” ($\bar{x}=9.3$; $s=2,3$) as diene met ’n nagraadse kwalifikasie ($\bar{x}=11.2$; $s=3.1$). Daar is voorts bevind dat respondente wat as maatskaplike hulpwerkers gekwalifiseer het oor ’n swakker “oorhoofse kennis” beskik ($\bar{x}=7.8$; $s=2.2$) as respondente met ’n nagraadse kwalifikasie ($\bar{x}=11.2$; $s=3.1$).

Respondente se taakoms krywing is in drie groepe verdeel, naamlik maatskaplike hulpwerker, maatskaplike werker en bestuurder. “Taakoms krywing” het ’n beduidende impak gehad op respondente se “oorhoofse kennis”, $F(2, 59)=3.8$, $p=0.03$. Bonferroni het aangetoon dat maatskaplike hulpwerkers se “oorhoofse kennis” ($\bar{x}=7.2$; $s=2.3$) swakker as dié van bestuurders ($\bar{x}=10.6$; $s=2.6$) was.

5. Bespreking

Gebaseer op die profiel van die respondente, bied hierdie studie hoofsaaklik 'n blik op vroulike persone in hul middeljare, met gemiddeld 15 jaar ondervinding as maatskaplike werkers en praktiserend in gesinsgesentreerde dienste se kennis van en houding teenoor ouer persone.

Volgens die FAQ1 is die respondente se oorhoofse kennis van veroudering swak, terwyl foutiewe antwoorde meer na negatiewe vooroordeel geneig het. Dié resultate stem grootliks ooreen met 'n soortgelyke studie onder Suid-Afrikaanse maatskaplikewerkstudente (Geyer & Louw, 2020:9). Respondente het hoofsaaklik in stedelike en semistedelike gebiede grootgeword met net minder as die helfte met 'n ouer persoon in die huishouding. Vanuit die moderniseringsteorie beskou, mag dit verklaar waarom die meerderheid respondente nie met 'n ouer persoon in die huishouding grootgeword het nie (Chow & Bai, 2011:802). Swak oorhoofse kennis van veroudering mag enersyds daarop dui dat praktisyns in gesinsgesentreerde dienste (die meerderheid in hierdie studie) nie noodwendig oor kennis van ouer persone beskik nie. Hierdie aspek is kommerwekkend indien in gedagte gehou word dat hierdie praktisyns dikwels dienste lewer aan grootouers wat as pleegouers vir kleinkinders optree (Noyoo, 2017:114). Andersyds mag swak oorhoofse kennis daarop dui dat die module(s) in gerontologie waaraan sowat 53.3% blootgestel is daarin gefaal het om toepaslike kennis vas te lê. Die swak kennis van die respondente met betrekking tot die maatskaplike faktore van veroudering, heelwat beter kennis van biologiese faktore van veroudering, asook die verskeidenheid wanopvattinge wat bestaan het, is 'n insiggewende bevinding, veral gegewe die aard van die respondente se beroep. Nietemin is soortgelyke bevindinge deur Wang, Chonody en Kruse (2013:435) in 'n Amerikaanse studie onder maatskaplikewerkakademië waargeneem. In hierdie studie het die ANOVA geen beduidende impak van “voltooide module in gerontologie” op enige skaal/subskaal aangedui nie. Dit laat 'n vraag betreffende die aard en inhoud van gerontologiese opleiding ontstaan en behoort in die toekoms verken te word. 'n Verrassende bevinding in hierdie studie was dat die onafhanklike T-toets geen impak van “Werk tans eksklusief met ouer persone” op enige skaal/subskaal van kennis uitgewys het nie. Hierdie bevinding was in teenstelling met die eerste outeur se verwagting dat MW/Hs werksaam in gerontologiese kontekste oor 'n beduidende beter kennis van veroudering sou beskik.

Vanuit die beskrywende statistiek blyk dit dat ouderdomsdiskriminasie, antilokusie en vermyding laag gemeet het, wat beskou word as 'n unieke bevinding aangesien die respondente 'n swak kennis oor veroudering getoon het. Vorige navorsingsresultate gerapporteer in 'n sistematiese analise van 22 internasionale studies onder maatskaplikewerkstudente, het aangetoon dat swak kennis van veroudering dikwels geassosieer word met hoë metings van ouderdomsdiskriminasie (Baik & Davitt, 2022:179). Voorts staan hierdie studie se bevinding in kontras met 'n vorige Suid-Afrikaanse studie onder mediese praktisyns waarin ouderdomsdiskriminasie hoog gemeet het (Ntusi & Ferreira, 2004:601). Hetsy in 'n persoonlike of professionele hoedanigheid, het die respondente daaglik of weeklik kontak met ouer persone gehad. Verskeie studies het bevind dat gereelde kontak met ouer persone ouderdomsdiskriminasie teëwerk (Baik & Davitt, 2022:179; Wang & Chonody, 2013:169). Respondente van hierdie studie wat eksklusief met ouer persone werk, het beduidend hoër gemeet in ouderdomsdiskriminasie en antilokusie. Nietemin, die bevinding is nie uniek nie en stem ooreen met 'n sistematiese en meta-analise van 53 internasionale studies onder hulpverleningsprofessies (Martínez-Arnau, López-Hernández, Castellano-Rioja, Botella-Navas & Pérez-Ros, 2022:12). Twee hipoteses word hier voorgedra. Die bevindinge mag enersyds daarop dui dat praktisyns wat daaglik met ouer persone werk 'n meer realistiese benadering in die beant-

woording van die FSA gevolg het, of mag selfs heenwys na beroepsuitbranding. Andersyds sou modernisering in Suid-Afrika en die waarskynlike beter kwalifikasies van die praktisyns in verhouding tot die meerderheid ouer persone in die land, 'n verdere moontlike rede vir dié bevinding kon wees (vgl. Lynott & Lynott, 1996:752). Desnieteenstaande moet hierdie hipoteses in toekomstige studies getoets word. Vorige studies het bevind dat 'n gebrek in belangstelling om met ouer persone te werk, dikwels geassosieer word met negatiewer houdings teenoor ouer persone (Even-Zohar & Werner, 2020:127; Webb, Chonody, Ranzijn, Bryan & Owen, 2016:418). In hierdie studie blyk die resultate die teenoorgestelde aan te dui. Ofskoon ouderdomsdiskriminasie laag gemeet het, het slegs 37.7% respondente aangedui dat hulle dit sal oorweeg om eksklusief met ouer persone te werk.

6. Tekortkominge en aanbevelings

Hierdie studie het enkele tekortkominge. Eerstens is die opname onder praktisyns verbonde aan een private welsynsorganisasie gedoen, terwyl 'n beperkte aantal maatskaplike hulpwerkers betrokke was. Nietemin is dit die eerste studie van dié aard en die respondente was oor vyf van Suid-Afrika se provinsies versprei. Tweedens het minder as 50 persent van die totale populasie die aanlyn vraelys beantwoord. Dit mag wees weens die feit dat dit nie moontlik was om die vraelys in harde kopieë te voltooi nie. Derdens is die studie beperk tot Suid-Afrika. Vierdens is die studie tot die konstrakte wat deur die twee gestandaardiseerde instrumente verken is beperk, asook die gepaardgaande modernistiese interpretasie daarvan ooreenkomstig die moderniseringsteorie. By implikasie word ander moontlike perspektiewe op die praktisyns se kennis van en houding teenoor ouer persone uitgesluit. Hoewel die bevinding van die studie nie veralgemeen kan word nie, lewer die studie bevindinge wat vir beroepsrade, hoër onderwysinstellings, staatsdepartemente en werkgewers van waarde mag wees vir beleidsformulering en om praktisyns deur VPO hier te lande, in die res van Afrika en die ontwikkelende wêreld in die globale suide te begelei tot effektiewe gerontologiese dienste.

6.1 *Aanbevelings vir voortgesette professionele ontwikkeling*

Geregistreerde maatskaplike werkers moet elke jaar ten minste 20 VPO-punte behaal (of 40 versprei oor twee jaar) en geregistreerde maatskaplike hulpwerkers 10 punte (20 oor twee jaar) (SACSSP, 2021:8). Die beleid van die SARMDDB maak voorsiening vir 'n verskeidenheid groep en individuele aktiwiteite waarvan die puntetoekenning tussen twee en twintig wissel (SACSSP, 2021:10-14). Voorts voer alle MW/Hs hul take uit onder 'n supervisor/toesighouer. Beide VPO en supervisie bied 'n bekende konteks waarbinne gerontologie/maatskaplike dienste aan ouer persone hanteer kan word. Uiteraard sal die diensveld van MW/Hs bepaal welke omvang die fokus op gerontologie moet wees. In aansluiting by genoemde beleid en supervisie word enkele aanbevelings gedoen om MW/Hs se kennis van en houding teenoor ouer persone te verbeter.

6.1.1 *Kennis van ouer persone*

Die literatuur is dit eens dat uiteenlopende onderrig- en leeraktiwiteite aangewend kan word om praktisyns se kennis van ouer persone en veroudering te verbeter (cf. Chonody, 2015:882; Even-Zohar & Werner, 2020:128; Goel, 2019:836; Martínez-Arnau *et al.*, 2022:7,12). Binne die werkplek kan praktisyns se kennis van die verskillende aspekte van veroudering verbeter

word deur lede van die multiprofessionele span uit te nooi om deskundige lesings aan te bied wat fokus op die biologiese, maatskaplike, sielkundige en geestelike aspekte van veroudering. Opleiding in toepaslike beleid, wetgewing en protokol kan bydra tot voldoende kennis oor gerontologiese dienste. Kennis en toepaslike vaardighede het die potensiaal om by te dra tot verbeterde gerontologiese dienste. In hierdie verband kan werkswinkels oorweeg word om spesifieke kennis en unieke vaardighede in gerontologie op te skerp. In gevalle van knap begrotings kan supervisors dit oorweeg om literatuur onder MW/Hs te versprei en verskillende aspekte van kennis tydens groepsupervisie te bespreek. Ouer persone, as diensgebruikers, kan ook na groepsupervisie genooi word, waar leer op grond van intergeneratiewe kontak tussen praktisyns en ouer persone in 'n gekontroleerde en veilige ruimte kan plaasvind. Wanopvattinge oor ouer persone kan deur spelifiëring (d.i. “gamification”) hanteer word, bv. om praktisyns bloot te stel aan 'n vasvrawdstryd sonder rekenaars en slimfone. Kuns kan aangewend word om wanopvattinge deur collage of fotostem uit te beeld, gevolg deur besprekings om die kennisbasis te versterk. Hoër onderwysinstellings het eweneens 'n verantwoordelikheid om MW/Hs se kennis aangaande ouer persone op te skerp. Benewens die opleiding van voorgraadse studente, kan aandag geskenk word aan die ontwikkeling en aanbieding van bekostigbare kortkursusse. Die Covid-19-pandemie het die voordele van aanlyn leer uitgewys. As sodanig, kan gratis professionele ontwikkeling (PODs) ontwerp word waar praktisyns teen hul eie pas 'n kursus voltooi en na afloop van 'n aanlyn toets/werksopdrag, 'n sertifikaat ontvang. Daarbenewens is daar uiteraard ook die opsie (en noodsaaklikheid) om praktisyns vir nagraadse studie in gerontologie te werf en deur navorsingsprojekte plaaslike gerontologiese kennis uit te bou.

6.1.2 *Houding teenoor ouer persone*

Empiriese navorsing toon dat toepaslike kennis van ouer persone en veroudering bydra tot 'n empatiese en toepaslike houding teenoor hierdie persone (Even-Zohar & Werner, 2020:126; Webb *et al.*, 2016:405). 'n Gepaste houding van MW/Hs teenoor ouer persone kan gevestig word deur middel van beide die opvoedkundige en ondersteunende funksies van supervisie (Engelbrecht, 2019:159). Ouer persone kan aan praktisyns vir dienste toegewys word en leemtes in hul kennis en houding kan tydens supervisiegesprekke hanteer word (Chonody, 2015:876). Tydens supervisie behoort daar spesifiek besin te word oor die dienste gelewer en verslagskrywing en sorg moet gedra word dat geen antilokusie of ouderdomsdiskriminasie deurskemer nie. Supervisie kan ook aangewend word om wanopvattinge en teenoordrag te hanteer wat tot 'n negatiewe houding teenoor ouer persone kan lei. Dokumentêre rolprente, films of kort video's wat fokus op ouer persone en hul unieke uitdagings kan tydens groepsupervisie vertoon word as basis vir 'n gesprek om insigontwikkeling en die aanleer van toepaslike houdings te fasiliteer (Goel, 2019:837). Kreatiewe aktiwiteite soos rollespel kan eweneens aangewend word om toepaslike houdings teenoor ouer persone te vestig (Chonody, 2015:876).

6.2 *Aanbevelings vir toekomstige studies*

Toekomstige studies in gerontologie wat 'n groter aantal praktisyns verbonde aan beide private en openbare instellings betrek, moet oorweeg word. Daar moet veral meer maatskaplike hulpwerkers in die steekproef ingesluit word. Longitudinale studies ten einde verandering oor tyd te monitor, kan die waarde van deursnitopnames aanvul. Terselfdertyd is eksperimentele

navorsingsontwerpe, wat die effektiwiteit van spesifieke VPOs bepaal, onontbeerlik. Daar is reeds 'n opname onder maatskaplikewerkstudente in Suid-Afrika gedoen. Ter wille van 'n holistiese beeld behoort 'n toekomstige opname te fokus op die kennis van en houding teenoor ouer persone van akademiëci verantwoordelik vir die opleiding van MW/Hs. Daarbenewens behoort sodanige opnameprosedures met kwalitatiewe navorsing aangevul te word om indiepte en konteksspesifieke data in te samel met betrekking tot studente, praktisyne en akademiëci in maatskaplike diensberoepe se kennis van en houding teenoor ouer persone.

BIBLIOGRAFIE

- Aboderin, I. 2004. Modernisation and ageing theory revisited: current explanations of recent developing world and historical western shifts in material family support for older people. *Aging & Society*, 24:29-50. doi: 10.1017/S0144686X03001521.
- Adler, ES & Clark, R. 2015. *An invitation to social research: how it's done*. (5th ed.). Stamford, CT: Cengage Learning.
- Babbie, E. 2017. *The basics of social research*. (7th ed.). Boston, MA: Cengage Learning.
- Baik, S & Davitt, JK. 2022. Factors associated with attitudes toward older adults in social work students: a systematic review. *Journal of Gerontological Social Work*, 65(2):168-187. doi: <https://doi.org/10.1080/01634372.2021.1944946>.
- Chonody, JM. 2015. Addressing ageism in students: a systematic review of the pedagogical intervention literature. *Educational Gerontology*, 41(12):859-887. doi: <http://dx.org.10.1080/03601277.2015.1059139>.
- Chonody, JM, Webb, SN, Ranzijn, R & Bryan, J. 2014. Working with older adults: predictors of attitudes towards ageing in Psychology and Social Work students, faculty and practitioners. *Australian Psychologist*, 49:374-383. doi:10.1111/ap.12056.
- Chow, N & Bai, X. 2011. Modernization and its impact on Chinese older people's perception of their own image and status. *International Social Work*, 54(6): 800-815. doi: 10.1177/0020872811406458.
- Critical shortage of social workers in South Africa – here's how much they get paid. *BusinessTech*. <https://businesstech.co.za/news/government/617521/critical-shortage-of-social-workers-in-south-africa-heres-how-much-they-get-paid/> [5 September 2022].
- Department of Social Development. 2013. *Framework for social welfare services*. Pretoria: Department of Social Development.
- DuBois, B & Miley, KK. 2019. *Social work: an empowering profession*. (9th ed.). Boston: Pearson Education.
- Engelbrecht, LK. 2019. Fundamental aspects of supervision. In Engelbrecht (ed.). *Management and supervision of social workers: issues and challenges within a social development paradigm*. (2nd ed.). Hampshire: Cengage Learning, pp. 150-173.
- Even-Zohar, A & Werner, S. 2020. The effect of educational interventions on willingness to work with older adults: a comparison of students of social work and health professions. *Journal of Gerontological Social Work*, 63(1-2):114-132. doi: <https://doi.org/10.1080/01634372.2020.1712511>.
- Fakier, K & Ehmke, E. 2014. *Socio-economic insecurity in emerging economies. Building new spaces*. New York, NY: Routledge.
- Field, A. 2013. *Discovering statistics using IBM SPSS statistics*. (4th ed.). London, UK: Sage.
- Fraboni, M, Saltstone, R & Hughes, S. 1990. The Fraboni scale of ageism (FSA): an attempt at a more precise measure of ageism. *Canadian Journal on Aging*, 9(1):56-66.
- Gellis, ZD, Sherman, S & Lawrance, F. 2003. First year graduate social work students' knowledge of and attitude toward older adults. *Educational Gerontology*, 29(1):1-16. doi: <http://dx.org.10.1080/713844235>.
- Geyer, S & Louw, L. 2020. Generation Z undergraduate social work students' knowledge of and attitudes towards older persons: implications for professional training. *Journal of Gerontological Social Work*, 63(1&2):92-113. doi: <http://dx.doi.org/10.1080/01634372.2020.1716428>.

- Goel, K. 2019. Teaching pedagogies enhancing social work students' perceptions and attitudes toward older age in an undergraduate course on working with older people. *Social Work Education*, 38(7):834-345. doi: <https://doi.org/10.1080/02615479.2019.1595568>.
- Harris, DK, Changas, PS & Palmore, EB. 1996. Palmore's first facts on aging quiz in a multiple-choice format. *Educational Gerontology*, 22(6):575-589. doi: <http://dx.doi.org/10.1080/0360127960220605>.
- Lin, X & Bryant, C. 2009. Students' attitudes toward older people: a cross-cultural comparison. *Journal of Intergenerational Relationships*, 7(4):411-424. doi: 10.1080/15350770903285320.
- Lombard, A & Kruger, E. 2009. Older persons: the case of South Africa. *Ageing International*, 34(3):119-135. doi: 10.1007/s12126-009-9044-5.
- Lynott, RJ & Lynott, PP. 1996. Tracing the course of theoretical development in the Sociology of Aging. *The Gerontologist*, 36(6):749-760.
- Martínez-Arnau, F, López-Hernández, L, Castellano-Rioja, E, Botella-Navas, M & Pérez-Ros, P. 2022. Interventions to improve attitudes toward older people in undergraduate health and social sciences students: a systematic and meta-analysis. *Nurse Education Today*, 110(105269):1-16. doi: <https://doi.org/10.1016/j.nedt.2022.105269>.
- McInnis-Dittrich, K. 2020. *Social work with older adults*. (5th ed.). Hoboken, NJ: Pearson Education.
- Moody, HR & Sasser, JR. 2012. *Aging: concepts and controversies*. (7th ed.). Los Angeles: Sage.
- Ntusi, N & Ferreira, M. 2004. Medical practitioners' attitudes towards older patients. *South African Medical Journal*, 94(8):600-601.
- Noyoo, N. 2017. Reflecting on the human rights of older persons in South Africa. *Journal of Human Rights and Social Work*, 2:108-116. doi: <https://doi.org/10.1007/s41134-017-0039-y>.
- Older Persons Act 13 of 2006. (Published in the *Government Gazette*, No. 29346, Vol. 497. Cape Town: Government Printer).
- Patel, L. 2015. *Social welfare and social development*. (2nd ed.). Cape Town: Oxford University Press Southern Africa.
- Schultz, P. 2015. Fields of social practice. In Schenck (ed.). *Introduction to social work in the South African context*. Cape Town: Oxford University Press Southern Africa, pp. 167-194.
- Social Service Professions Act 110 of 1978. (Published in the *Government Gazette*, No. 34020. Pretoria: Government Printer).
- South African Council for Social Service Professions. n.d. *Policy guidelines for course of conduct, Code of ethics and the rules for social workers*. Pretoria: SACSSP.
- South African Council for Social Service Professions. 2021. *Policy on continuing professional development (CPD) for social workers and social auxiliary workers (revised)*. Pretoria: SACSSP.
- Statistics South Africa. 2023. *Incidence of long-term unemployment among women is higher than the national average*. <https://www.statssa.gov.za/?p=16113> [29 March 2023].
- Statistics South Africa. 2022. *60.6 million people in South Africa*. <https://www.statssa.gov.za/?p=15601> [29 March 2023].
- Strydom, H & Roestenburg, WJH. 2021. Ethical conduct in research with human participants. In Fouché, Strydom & Roestenburg (eds). *Research at grass roots: for the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik, pp. 117-136.
- United Nations. 2002. *Political Declaration and Madrid International Plan of Action on Ageing*. New York, NY: United Nations.
- Wang, D & Chonody, J. 2013. Social workers' attitudes toward older adults: a review of the literature. *Journal of Social Work Education*, 49(1):150-172. doi: 10.1080/10437797.2013.755104.
- Wang, DS, Chonody, JM & Krase, K. 2013. Social work faculty's knowledge of aging: results from a national sample. *Educational Gerontology*, 39(6):428-440. doi: <http://dx.doi.org/10.1080/03601277.2012.701128>.
- Webb, S, Chonody, J, Ranzijn, R, Bryan, J & Owen, M. 2016. A qualitative investigation of gerontological practice: the views of social work and psychology students, faculty, and practitioners. *Gerontology & Geriatrics Education*, 37(4):402-422. doi: 10.1080/02701960.2015.1009054.
- Weinbach, RW & Grinnell, RM. 2015. *Statistics for social workers*. (9th ed.). Boston: Pearson Education.
- World Health Organization. 2022a. *Ageing*. https://www.who.int/health-topics/ageing#tab=tab_1 [4 September 2022].
- World Health Organization. 2022b. *UN Decade of Healthy Ageing 2021-2030*. <https://www.who.int/initiatives/decade-of-healthy-ageing> [5 September 2022].

Die hervorming van apartheid in die 1980's: Die politieke benadering van PW Botha en die kerklike inset van JA Heyns

The reform of apartheid in the 1980's: The political approach of PW Botha and the ecclesiastical contribution by JA Heyns

PJ STRAUSS

Navorsingsgenoot

Departement Historiese en Konstruktiewe Teologie

Universiteit van die Vrystaat

Bloemfontein

Suid-Afrika

E-pos: straussp@ufs.ac.za



Piet Strauss

PIETER JOHANNES STRAUSS word in 1988 'n dosent in Ekklesiologie of Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan sy alma mater, die Universiteit van die Vrystaat. Hy tree op 30 Junie 2015 af. Benevens ongeveer 150 artikels in geakkrediteerde akademiese tydskrifte, skryf Strauss ook akademiese boeke. Hy spits hom toe op die gereformeerde kerkreg en kontemporêre Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis. Dit blyk uit sy tydskrifartikels en boeke. Onder laasgenoemde is daar *Kerk en Orde vandag* (2010) waarin hy die bekende *Solas* van die Reformasie van die sestiende eeu deurwerk na vandag. *Kerkwees in die branding – die Ned Geref Kerk in algemene sinodale verband 1994–2011* (2013) verteenwoordig 'n kontemporêre werk vanuit 'n reformatoriese benadering.

Strauss was vir twee termyne, van 1999–2003 en 2005–2008, voorsitter of moderator van die Vrystaatse Sinode van die Ned. Geref. Kerk. Hy beklee dieselfde posisie by die Algemene Sinode van 2007–2011. Hy is ook aktief op kultuurterrein. Van 2001 tot 2013 was hy die hoofleier van die Afrikaanse jeugbeweging, die Voortrekkers en sedert 1910 is hy die voorsitter van die Kommissie van die Nasionale Vrouemonument.

PIETER JOHANNES STRAUSS was appointed as lecturer in Church History and Church Polity or Ecclesiology at his alma mater, the University of the Free State, in 1988. He retired the 30th of June 2015. Apart from some 150 articles in accredited academic journals, Strauss also authored a number of books. He focuses mainly on topics in the fields of Church Polity and modern or contemporary Church History, as can be seen in recently published works. In *Church and order today* (2010) he argues that the 3 Solas of the Reformation of the sixteenth century should also be implemented today. In *Being church in troubled times – the Dutch Reformed Church in the bond of its general synod (1994–2011)* he uses a reformatory approach in contemporary church history.

Strauss was the chairman or moderator of the Free State Synod of the Dutch Reformed Church in 1999–2003 and 2005–2008. He served in the same capacity at the General Synod of this church in 2007–2011. In addition, he acted as the leader of the Afrikaans youth movement, the *Voortrekkers*, in 2001–2013, and became the chairman of the Commission of the Women's Memorial in 2010.

Datums:

Ontvang: 2022-06-22

Goedgekeur: 2023-04-03

Gepubliseer: Junie 2023

ABSTRACT***The reform of apartheid in the 1980's: The political approach of PW Botha and the ecclesiastical contribution by JA Heyns***

This article takes a closer look at ways in which the apartheid policy of the National Party in South Africa was increasingly being questioned by prominent political as well as clerical leaders in the 1980's. In particular, the views of two well-known leaders, namely those of Mr. PW Botha, prime minister and later president of the Republic of South Africa and prof. Johan (JA) Heyns, moderator of the Dutch Reformed Church, are considered. Both men opted for reform as a method with which to bring about change in apartheid South Africa: For Botha political reform was on the cards, while Heyns tried to contribute in a theological and ecclesiastical way. This article investigates and compares the opinions and proposals of both men, be it from an ethical political and an ecclesiastical angle respectively. The effect of such initiatives within the South African community is also attended to.

It is argued that in Botha's support for political reform as opposed to a revolutionary stance, he was theologically supported by Heyns. In the acceptance of the document Church and Society 1986 by the General Synod of the Dutch Reformed Church, a document in which Heyns had played a decisive role with his critique against apartheid, the latter propagated the reform of this policy from an ecclesiastical angle – he did so both locally in South Africa and abroad for the benefit of an international audience. As a result, critics started to refer to him as “the priest of the court of the president of South Africa”.

One may well ask: To what end must the views of both a political and a clerical leader be comparatively analysed? The answer would be that it is hoped that the points of departure of a relevant “ethics of reform” may gradually emerge from such a scrutiny. As illustrated in the initiatives of both Botha and Heyns, it is shown that a politician and theologian have something to tell each other when it comes to the reform of apartheid.

*Pieter Willem Botha (often referred to simply as “PW”) was the prime minister of South Africa from 1978 to 1984, before becoming president from 1984 to 1989. Already in his speech of acceptance on 28 September 1978, he succinctly articulated his intention to reform apartheid. Ten years after this introductory speech the well-known journalist and author, JJJ Scholtz, deemed it fit to collect some political remarks in Botha's speeches in a book titled *Vegter en hervormer* (“fighter and reformer”). Similarly, in outlining the main issues of Botha's time as the leader of the government, the historian Pieter Kapp emphasised Botha's most important reforms. He regarded his attempts at reform as the flag which defined Botha's leadership. In Botha's view transforming apartheid South Africa was integral to his Christian beliefs. Such transformation entailed improving the country's structures of state, as well as the relationships between groups in the population in general. By the mid 1980's he was convinced that the holistic aim of apartheid to restructure state and country in such a way as to ensure separate but equal rights for the entire population, had failed. He therefore got rid of laws that prohibited racially mixed marriages, or controlled the influx of blacks in so-called white urban areas, the latter making it impossible for blacks to obtain membership of trade unions and ownership of property. Instead, Botha initiated a Three Room Government (legislative) for respectively the whites, coloureds and Asians without, in practice, sharing political power with them. Botha was willing to open up South Africa to all without letting political power slip from white hands. It would appear that apartheid as a method to achieve justice and equality had failed in the eyes of the majority. It was, in fact, a method which the National Party as the government had failed to implement successfully. As a result the positive spirit in the Party as a governing party started to decline.*

According to Botha's view a government should aim at justice and human dignity for all, listen to the political aspirations of all members of the population and create and support the spiritual, physical and human development of everybody. In his opinion, as he thought to have learned from his mentor, the late former Prime Minister DF Malan (1948-1954), reform was a method to achieve or implement principles such as justice, human dignity and the total development of the entire population. Hence the method of reform, like the failed political method of apartheid, should never become an unchangeable principle which – in the end – could derail a country.

Unlike some critics of apartheid, Botha did not use his reform to abolish every aspect of apartheid in South Africa. He continued to aim at consultations with all, and human dignity and justice for everybody, but was not prepared to accept that whites should share their political power with other populations or racial groups.

Botha saw reform as a method to achieve goals like justice and dignity and not to destabilise the country. And as far as he was concerned, white power was a condition for stability: a stability that was necessary for a successful implementation of reform. In his opinion the ideal of justice and dignity for everybody would be in jeopardy in a destabilised South Africa. It should be clear that Botha did not want to destroy the community, but to lead it to higher levels. He openly resisted signs of a revolutionary approach in political methods that could destabilise the country, but also resisted a negative approach to any change. In his view reform was synonymous with effective change.

Johan (JA) Heyns was professor of Theology at the University of Pretoria in the time of Botha's rule. As a leader in the Dutch Reformed Church, he was an advocate of reform. He chose reform in South Africa because he was a spiritual heir of the Reformation of the 1500's with reform as, in principle, the method used for change in life as a whole. He saw in a revolutionary approach the same danger of destabilisation as his prime minister and strongly advocated the Bible as the foundation or first norm for acceptable change. To Heyns and Botha, both Reformed Christians, reform was a continuing, evolutionary change. A preferred change for improving the circumstances of black, white and coloured in South Africa.

Heyns chose to remain a prophet of God or being bound by the Bible as the norm for his contribution and as a spokesman of the church as a spiritual body of the Reformation. Being a reformer who criticises apartheid, not from a political stance, but from the viewpoint of the Christian faith, Heyns's viewpoint was eagerly picked up by the media and had to be taken note of. PW Botha, in fact, had noticed the viewpoints propagated by Heyns before the latter became the moderator of his church in 1986. Already in 1985 Botha asked Heyns to form a small informal advisory committee of theologians to advise the president himself. Heyns reached out to well-known reformers like himself: Tjaart van der Walt from Potchefstroom and Willie Jonker from Stellenbosch. Botha thus contacted Heyns personally for his help rather than the Dutch Reformed Church officially. At that stage Botha was a member of a Dutch Reformed congregation.

Round about 1985–1988 Botha's initiatives for reform seemed to peter out and led to a perception that a new initiative, not that by PW Botha, was needed in South Africa. Botha's so-called Rubicon speech in August 1985 in which he did not announce an expected radical reform, in the view of many commentators, underlined this. From an ecclesiastical angle Heyns broadly supported these critics.

To summarise, this article investigates and compares attempts to reform apartheid South Africa as propagated by PW Botha in his political and JA Heyns in his ecclesiastical approach respectively. The focus is on reform as their method for change from their accepted angles. Such an analysis remains relevant in an historical look at and study of these issues.

KEYWORDS: fighter and reformer; failure of separate but equal policy; lack of enthusiasm within the National Party; politics and justice, human dignity and development; stabilisation effect of white power

TREFWOORDE: vegter en hervormer; mislukking van afsonderlike maar gelyke beleid; gebrekkige entoesiasme in die Nasionale Party; geregtigheid as politieke doelwit; menswaardigheid en ontwikkeling; stabiliserende effek van blanke mag

OPSOMMING

Reeds in sy nooiens toespraak op die trappies van die Parlement op 18 September 1978, het PW Botha, pas verkose eerste minister (1978–1984) en latere president (1984–1989) van Suid-Afrika, te kenne gegee dat hy apartheid Suid-Afrika wou hervorm. Vir Botha was dit deel van sy Christelike lewensbeskouing om die staatstrukture, verhoudinge tussen groepe en apartheid in Suid-Afrika te hervorm. Teen die middel van die 1980's was hy oortuig daarvan dat die oorhoofse doel van apartheid, naamlik afsonderlik maar gelyk, misluk het. Hy het sommige apartheidswette geskrap soos wette wat rasgemengde huwelike verbied, swart instroming na die sogenaamde wit gebiede beheer en vakbondlidmaatskap vir swart, gekleurd en Asiër uitkakel. Botha het ook 'n driekamerparlement geïnisieer vir Blankes, Kleurlinge en Asiërs sonder om die mag uit die hande van die Blankes te laat gaan. Blanke heheer was vir hom die waarborg vir 'n stabiele Suid-Afrika wat ruimte skep vir die omvattende hervorming van apartheid.

Johan Heyns was professor in Teologie (Dogmatiek en Etiek) aan die Universiteit van Pretoria en vanaf 1986 tot 1990 moderator van die NG Kerk. Hy wou apartheid vanuit die hoek van die kerk hervorm sonder om die kerklike karakter van sy optrede prys te gee. Vir hom was hervorming 'n metode van ewolusionêre verandering wat uit die Kerkhervorming van die 16e eeu gekom het en in alle fasette van die samelewing tot 'n beter gemeenskap lei. Daarom moes die norme van liefde, geregtigheid en menswaardigheid in 'n gemeenskap van mense wat na die beeld van God geskep is in samelewingstrukture gestalte kry. Met hierdie benadering het Heyns 'n groot aandeel in die opstel van dokumente van die Algemene Sinode van die NG Kerk van 1986 en 1990 gehad, naamlik *Kerk en Samelewing-1986 en 1990* (KS 1986 en KS 1990) met hulle kritiek op apartheid. Heyns het Botha se breë idee van politieke hervorming vanuit sy teologiese hoek gesteun. Botha se besluit om by genoemde uitgangspunte te bly laat sy inisiatiewe teen 1989 egter vasloop. Uit sy kerklike hoek wou Heyns egter nie stagneer rondom die aftakeling van apartheid nie. Hy sterf aan die hand van 'n sluipmoordenaar in 1994.

Inleiding

Pieter Willem (PW) Botha (1916–2006) het die kiesafdeling George vir 'n periode van 36 jaar in die Suid-Afrikaanse Parlement verteenwoordig – op daardie stadium 'n rekord. Gedurende sy loopbaan was hy Minister van Verdediging van 1964 tot 1978 en die dominante dryfveer agter die ontwikkeling van 'n sterk weermag en wapenbedryf in die land.¹ In 1978 volg hy BJ Vorster as Eerste Minister op. Ses jaar later word hy die uitvoerende Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika – van 1984 tot sy uittrede in 1989 (Kapp, 2008:131).

¹ Van Rooyen toon dat Suid-Afrika teen 1976 vliegtuie, skepe, elektroniese en militêre toerusting vervaardig het en selfversorgend hierin was (Van Rooyen, 1976:108,110).

Ten opsigte van die Suid-Afrikaanse praktyk van apartheid kies PW Botha die term “hervorming” vir die veranderinge wat hy wou deurvoer. Scholtz beskou die term as so tipierend van Botha se aanpak as leier van die regering én die regerende Nasionale Party dat hy grepe uit sy toesprake in 1988 saamvoeg in ’n boek met die titel *Vegter en hervormer* (Scholtz, 1988). As Kapp in 2008 ’n kort lewenskets van hom gee, begin hy Botha se bydrae as regeringsleier met: “Van Botha se belangrikste hervormings en veranderinge was...” (Kapp 2008:131). Hy sluit dus aan by die tendens om Botha se bydrae by uitstek aan hervorming te koppel. Scholtz motiveer die titel van sy boek en die tipering van Botha se bydrae as regeringsleier met behulp van vier aanhalings op ’n bladsy voor sy inhoudsopgawe. Drie hiervan handel oor sleutelopmerkings van die president oor politieke hervorming (Scholtz, 1988:iii):

“Ek glo in hervorming” (gesê op 7/8/1972).

“Die hervormer is nooit baie gewild tot na sy dood nie” (gesê op 19/9/1983).

“As jy nie meer die moed het om te hervorm nie, dan sterwe jy...” (gesê op 13/8/1987).

Ná sy verkiesing as hoofleier van die Nasionale Party op 28 September 1978 verklaar Botha op die trappies van die Parlementsgebou in Kaapstad dat die “veelvolkige samestelling” van Suid-Afrika ’n erfenis is waarmee daar met “realistiese idealisme” rekening gehou moet word. Hierdie bevolking moet mekaar so aanvaar, respekteer en help dat die rykdom én diversiteit van die land se mense vergroot word (Scholtz, 1988:38). Botha gee dus ’n vertrekpunt en doel vir sy optrede as premier. Latere klanke soos regverdigheid aan almal, die erkenning van die legitieme politieke aspirasies van die hele bevolking en die progressiewe ontwikkeling van vrye politieke instelling is ’n logiese uitvloeisel hiervan (Scholtz, 1988:91). Op hierdie manier kon daar konkrete gestalte gegee word aan die doel van hervorming. Wat opvallend is, is dat Botha sy politieke hervorming op regverdigheid aan almal baseer en daarmee ’n inklusiewe en stabiele, ewolusionêr-verkreë regverdigheid in Suid-Afrika nastreef. Hy aanvaar dus vertrekpunte waaroor hy en gereformeerde kerkleiers sou kon saamstem; maar die tyd sou leer dat hy nie in sy hoedanigheid as regeringsleier en premier, by die volle konsekwensies daarvan sou uitkom nie. In sy hervorming van staatkundige Suid-Afrika sou hy naamlik twee faktore handhaaf wat aan die blankes die finale sê of mag gee en so regverdigheid aan almal in gedrang bring: die behoud van blanke selfbeskikking en die verdeling van politieke mag met die uitsluiting van swart mense, wat by verre die meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking uitmaak.

Botha se keuse vir hervorming as die metode of beginsel vir politieke verandering geskied grotendeels in die tyd waarin professor JA Heyns as kerkleier te midde van die verandering in die NG Kerk oor apartheid, optree (Botha, 2008:457). Heyns word die moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk in 1986. Sy direkte invloed as ’n lid van die kommissie wat verantwoordelik was vir die stuk *Kerk en Samelewing-1986* (KS-1986), wat met skerp kerklike kritiek op apartheid deur die Algemene Sinode van 1986 aanvaar word, blyk uit 40 paragrawe van die stuk. Paragrafe waarin van sy gepubliseerde standpunte voorkom. Ander lede van die kommissie getuig van Heyns se inisiatief en formulerings in die finalisering van KS-1986 as geheel (Williams, 2006: 196-198; Strauss, 2011:518).

Volgens Heyns sou die NG Kerk nie tot die apartheidkritiese KS-1986 gekom het as dit nie vir die skep van ’n nuwe klimaat deur die *Hervormingsdaggetuienis* van 1980 deur 8 dosente van Stellenbosch en Pretoria was nie. Afgesien daarvan dat hierdie openbare getuienis van 8 individue nie-amptelik die ploegvoer vir kritiek in NG Kerkvergaderings op apartheid in Suid-Afrika getrek het, het dit owerheid en onderdaan vanuit ’n kerklike hoek opgeroep

om die “bestaande orde... te hervorm, sodat aan elke mens (NB) die leefruimte gegun word waarin hy as beelddraer van God tot sy reg... kom”. Volgens *Die Getuienis* moet die herskeppingsgenade van God ontgin word vir die verryking van mekaar in één liggaam van Jesus Christus (*Die Kerkbode*, 5/11/1980: 605; KKA PPV 1375). Interessant genoeg maak PW Botha twee jaar vroeër met sy verkiesing as Eerste Minister gewag van die hele bevolking wat mekaar moet help sodat die geestelike rykdom en diversiteit “van die land vergroot word”. Was sy stelling ’n voorafstem van *Die Getuienis* se Christelik-verantwoorde verryking van mekaar in Suid-Afrika...?

As ’n eietydse gereformeerde teoloog en dogmatikus is Heyns ’n uitgesproke voorstander van hervorming as ’n verantwoorde metode van verandering vir enige saak in die samelewing. Hy bepleit nie net die hervorming van samelewingstrukture nie – vir hom ’n beter woordkeuse as die onpersoonlike “strukturele bekering” – maar ook van die “indiuiduele en sosiale lewe” in die samelewingsverbande. Almal moet as draers van hierdie strukture in gees en gedrag reformeer. Heyns beywer hom vir die hervorming van die hele bestaande orde deur konkrete liefde, menswaardigheid en geregtigheid in groepe, indiuidue en strukture (Heyns, 1989:71-75). ’n Benadering wat ook in KS-1986 weerklink (KS-1986:53) en deur WP Esterhuise – een van agt ondertekenaars van die *Hervormingsdaggetuienis* van 1980 – in ’n nuusmakende publikasie in 1982 gesteun word (Esterhuise, 1982:94).²

Vervolgens ontleed hierdie artikel die hervorming van apartheid in Suid-Afrika in die 1980’s met gevolge vir die hele samelewing: by PW Botha vanuit ’n verklaarde Christelik-politieke benadering³ en by Johan Heyns vanuit ’n kerklike vertrekpunt of ’n Christelike geloofshoek. ’n Soort hervorming wat uit ’n Christelike visie aanvaar dat alles in die skepping met alles saamhang en dat politieke insette en kerklik-Bybelse uitsprake oor etiese aspekte raakvlakke kan hê.

Van sy kant af wou premier Botha ’n positiewe ingesteldheid teenoor kerke of die “kerk” in die algemeen handhaaf⁴ (Scholtz, 1988:102, met ’n Botha-uitspraak op 15/4/1982).

Op sy beurt is die verhouding van die kerk in die algemeen (waaronder die NG Kerk) teenoor staat en politiek by Johan Heyns ’n gereelde besprekingspunt wanneer hy ’n uiteensetting van die struktuur van die “algemene Christelike kerk” gee. In 1977 sê hy dat dit die kerk se verantwoordelikheid teenoor die politiek is om relevante Bybelse beginsels te “verkondig”, maar nie die konkretisering daarvan – die kerk se eie prakties-politieke maaksel – nie. Die Bybel sê volgens Heyns “iets oor alles, maar nie alles oor alles nie”. Daarom het die Bybel ’n boodskap “vir alle fasette van die lewe”. Wat politiek relevant is, is volgens Heyns Bybelse beginsels wat verband hou met sake soos menseregte, vryheid en verantwoordelikheid, medemenslike verhoudinge, reg en geregtigheid, die enkeling en indiuidu, volks- en

² Vgl. Esterhuise, WP. 1982. *Die pad van hervorming. Beskouinge oor die noodsaaklikheid van strukturele hervorming in Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg. Van hierdie publikasie en die oorweging van grondige hervorming in Afrikanerkringe hier aan die begin van Botha se bewind is wyd kennis geneem.

³ In 1979 verklaar Botha dat die Republiek van Suid-Afrika ’n Christelike staat is en die Christelike beginsel wil beskerm. “...ons Christelike gesindheid... moet ons hele lewenshouding oorheers.” (Scholtz, 1988:8). Daarom wil ons “Christelike waardes en beskaafde norme... handhaaf (Scholtz, 198:9).

⁴ Ook op hierdie punt sou Botha ’n blaadjie uit die boek van sy mentor, DF Malan, kon neem. Met sy bewindsoorname in 1948 verklaar Malan dat sy Regering die betekenis van die kerk en die Christelike godsdiens erken “sowel as die onmisbaarheid van die Kerk met sy suiwerende en opbouende invloed op die volkslewe” (Malan, 1964:233).

nasiebeskouinge, naaste- en selfliefd (Heyns, 1977:228-229). Sake waarvan daar etlikes in KS-1986 en Heyns se publikasies voorkom (KS-1986:51-62; Heyns, 1977: 220-233; 1989:338-347). Op sy beurt skep Botha se etiese visie oor Suid-Afrika 'n konsensus op talle van hierdie punte omdat die draers daarvan in kerk en politiek dit as Bybelsbegronde beskou (Thom, 1980:353; De Villiers, 1984: 4, 366; Scholtz, 1988:91).

PW Botha en politieke hervorming

In etlike van sy openbare toesprake as premier gee PW Botha strukturele aanwysings van wat hy met politieke hervorming as 'n algemene beginsel vir die Suid-Afrikaanse situasie bedoel.

Uit sy verstaan van politieke hervorming verset Botha hom uitdruklik teen twee niereformatoriese of niehervormende metodes van politieke gedrag: 'n reaksionêre vasklou aan die verlede en 'n rewolusionêre aangryp van verandering wat die situasie sal destabiliseer (Scholtz, 1988:1). Sydelingse opmerkings oor sy eie voorliefdes werp lig op sy redes vir die afwysing van 'n reaksionêre sowel as 'n rewolusionêre benadering. In 1982 verklaar Botha dat hy dikwels die toesprake van “doktor” DF Malan (ou “doktor” soos hulle hom genoem het), die Suid-Afrikaanse Eerste Minister van 1948 tot 1954 wat onder die vaandel van “apartheid” in blank Suid-Afrika aan die bewind gekom het, sowel as die skrywer CJ Langenhoven lees as hy moedeloos is. Drie jaar vroeër voer hy aan dat hy by Malan geleer het dat as hy “om my koers te hou en my doelwit te bereik, die pad móét verlê, sal ek dit doen” (Scholtz, 1988:6). Sy groot held is die laaste president van die Republiek van die Oranje-Vrystaat, MT Steyn, vanaf 1896 tot 1902, wat deur die historikus H Giliomee beskou word as die eerste moderne Afrikaner en, in sy eie tyd, as die Afrikaner van die Afrikaners (Scholtz, 1988:4; Giliomee, sa: 17). Botha breek nie met die verlede van die Afrikaner nie, maar skroom nie om die metode waarmee hy sy koers wil bereik, te verander nie. Solank die verantwoorde algemene koers of doel in die oog bly. In 1985 sê hy dat die hede en die toekoms “onlosmaaklik” deel is van die verlede: “As jy weet waarvandaan jy kom, sal jy... nie in sirkels beweeg nie” (Scholtz, 1988:12).

Op hierdie punt verwerp hy verandering net ter wille van verandering. 'n Verandering moet volgens hom 'n verbetering wees: “Ek glo in hervorming wat rekening hou met dit wat goed en mooi is uit die verlede... wat skep en nie... verwoes nie” (Scholtz, 1988:16).⁵ Die politiek moet doodloopstrate en stagnasie – Malan het daarna verwys as “die dooie hand van die verlede” en Botha stem saam – vermy (De Villiers, 1984:4).

Vir PW Botha is apartheid of, soos Verwoerd dit genoem het, afsonderlike ontwikkeling, 'n veranderbare metode wat aangepas kan word indien die beginsels of konstantes van geregtigheid en die erkenning van die wettige politieke aspirasies en positiewe ontwikkeling van die gemeenskap daarby baat. Hy skroom nie om in die veelbesproke verlede van die Afrikaner vir bruikbare gegewens te delf nie, besef dat 'n beleid tot die vergestaltung van sekere konstantes of onveranderlikes moet lei en dat 'n metode aanpasbaar is en as 'n mens-ontwerpte instrument nie verabsoluteer en so 'n verkeerde waarde moet ontwikkel nie. Dit is 'n werksmetode wat hy ook aan sy mentor, DF Malan, ontleen (Thom, 1980:353). Vir PW Botha is politieke hervorming nie 'n totale breuk met die verlede nie, maar 'n menslik-ontwerpte

⁵ PW Botha maak hiermee opnuut sy band met sy eie volksverlede waar as hy Paul Kruger se laaste boodskap aan sy volk in 1904 aanhaal: “Zoekt in het verledene al het goede en schoone dat daarin te ontdekken valt, vormt daarnaar uw ideaal en beproeft voor de toekomst dat ideaal te verwezenlijken” (Bredell & Grobler, 1947:239).

metode in 'n situasie wat nie bo sy waarde getakseer moet word nie. 'n Metode moet aanpasbaar en eietyds wees. 'n Metode groei uit die verlede en is nie 'n dieper waarde nie maar in diens van 'n waarde(s). Hiervolgens was apartheid vir Botha nie 'n doel op sigself nie, maar 'n "instrument". Dit is uitgedien, ontgroeï en moet hervorm word (Scholtz, 1988:56-57).⁶ In 1979 sê Botha dat die beleid van die Regering sy bestuursprogram is waardeur hy sy beginsels uitvoer. Dit kan in nuwe omstandighede verander (Scholtz, 1988:7). Daarmee gee hy uitdrukking aan politieke hervorming as verantwoorde politieke verandering. Hierdie stelling sou beslis waardering vanuit 'n kerklik-teologiese hoek by Heyns ontlok het. Immers, hervorming vir Heyns is verandering vanuit konstante vertrekpunte en ingestel op verantwoorde resultate.

In 1980 reageer die premier op kritiek dat sy regering die witman in Suid-Afrika uitverkoop. Volgens hom was die Afrikaner die eerste een wat die juk van kolonialisme in Suider-Afrika afgegooi het. Daarom moet hy nie 'n nuwe eeu van onreg⁷ vir ander "minderhede" skep nie. Die Afrikanervolk kan nie in Suid-Afrika bestaan as hy weier om aan ander op 'n "Christelike grondslag die hand te bied nie" (Scholtz, 1988:17).⁸

Drie maande later sluit Botha weer hierby aan:

"Ons moenie die foute teenoor andere maak wat teenoor ons gemaak is nie. Ons moet verhinder dat andere die vinger na ons wys en sê ons is die vertrappers van hul regte. Ons het sterk geword omdat mense ons wou vertrap het." (Scholtz, 1988:18)

Volgens Botha is hervorming 'n proses en nie een vinnige stap nie. Die Afrikaner is 'n beweeglike "volk van hervorming" (Scholtz, 1988:20). Politieke, ekonomiese, sosiale en maatskaplike hervorming in Suid-Afrika kan nie geskei word nie. Die strategie moet wees om die land te versterk – ook teen rewolusionêre faktore. Hervorming is nie onverantwoordelik nie. Hy kies verantwoordelikheid en hervorming (Scholtz, 1988:22). Deur sy strewe na medemenslikheid, geregtigheid, billikheid, vryheid, ewewigtigheid en vrede wil hy aan God se kant wees (De Villiers, 1984:4). Volgens hom sal Suid-Afrika se aanvaarbaarheid bepaal word deur die feit dat daar 'n positiewe, regverdige, billike en beweeglike inhoud in sy beleid opgesluit lê (De Villiers, 1984:366).

Wat hervorming in Suid-Afrika moeiliker maak, is dat "ons nie almal een beskawingspeil het nie". Die Switsers het deur geslagte heen geleer om mekaar te respekteer, te verdra en gemeenskaplike probleme op te los. In Suid-Afrika staan sekere minderheidsgroepe in beskawing en ontwikkeling egter agter en teenoor mekaar. Vanselfsprekend moet beskaafde standaarde gehandhaaf word (De Villiers, 1984: 23,86-89; Scholtz, 1988:65). Dit moet egter nie so hoog en ingewikkeld wees dat die gewone burger nie bykom nie. Alles maak die huidige

⁶ Van Jaarsveld toon aan dat belangrike mikpunte vir 1978 met afsonderlike ontwikkeling soos gevisualiseer deur dr. HF Verwoerd teen 1982 nie verwesenlik is nie en die onderlinge spanning onder die bevolkingsgroepe nie besleg is nie (Van Jaarsveld, 1982:587).

⁷ Botha gebruik hier die bekende titel van 'n boek van oud-president FW Reitz (1844–1934) (Kapp, 2008:925) van die Vrystaat aan die begin van die Anglo-Boereoorlog in 1899. Reitz wyl die eeu van onreg – die 19e eeu – aan die Britse imperialisme onder invloed van 'n "Kapitalisties Jingoïsme" in hulle optrede teen die Boere en Boerepublieke (Reitz, 1899). Botha delf hiermee in sy eie volk se geskiedenis vir 'n bruikbare argument teen Afrikaners wat hulle aan onreg besondig.

⁸ In die Volksraad sê die premier op 17 April 1986 dat hy die Wes-Kaap "jare lank" nie deur swart werkers "wou laat binnedring nie. Nie omdat hy hulle haat nie, maar die gebied wou beskerm teen die sosiale en ekonomiese probleme waarmee hy nou te kampe het" (Scholtz, 1988:7).

regering en die hervorming van die bestaande apartheid met sy ongelykhede en onreg moeiliker (De Villiers, 1984:2).⁹ By die ontvangs van die Riekert- en Wiehahnverslae aan die einde van die 1970's, verslae oor nuwe, gelyke arbeidsverhoudinge, sê Botha dat sy regering in sy aanvaarding daarvan nie die blankes uitverkoop nie, maar ordelike regering en stabiliteit beoog: "Ons wil beweeg langs 'n ewolusionêre en konstitusionele weg". "Ons" wil hervorm (De Villiers, 1984: 71,166,332).

Opgesom, vir PW Botha staan politieke hervorming téénoor 'n vasklou aan die metodes en gestaltes van die verlede. Dit is ook nie rewolusionêre verandering wat spronge maak en die situasie destabiliseer nie. Sy hervorming beoog 'n ewolusionêre, stap-vir-stap of kontinue groei na verbetering. Daarby impliseer Botha dat politieke hervorming moet lei tot die gestaltegewing van algemeen geldende konstantes of beginsels soos geregtigheid en menswaardigheid wat uitgewerk en verwoord word in 'n aanvaarbare doel. 'n Doel wat jou breë politieke raamwerk beskryf en met die man op straat korrespondeer. 'n Doel wat neerslag vind in praktiese politieke maatreëls. Dat Heyns hieroor met Botha saamstem, blyk onder meer uit sy eie standpunte, *Getuienis-1980* en *Kerk en Samelewing 1986* se beklemtoning van geregtigheid en menswaardigheid soos reeds aangedui. Rondom geregtigheid en menswaardigheid kon Botha en Heyns stemgeregtigde burgers en belydende kerklimat – elk vanuit sy eie hoek – met oortuiging verenig en saamneem. Saam was hulle die draers van hierdie hervormde visie in 'n komplekse Suid-Afrikaanse opset.

Die vraag is of PW Botha as 'n selferkende hervormer getrou sou bly aan hierdie vertrekpunte.

PW Botha dryf hervorming

In 'n stuk van die Inligtingsdiens van die Nasionale Party in 1982, ná die wegbreek van die Konserwatiewe Party, verklaar Botha dat hy na drie kernpunte in Suid-Afrika streef: veiligheid en blanke selfbeskikking as waarborg vir orde en vooruitgang in die land, regverdigheid vir ander groepe en ekonomiese vooruitgang en stabiliteit (NP, 1982:21). So 'n situasie moet ewolusionêr groei uit die bestaande orde. 'n Situasie waarin die mense en groepe in Suid-Afrika ekonomies en geografies geïntegreer is en die sogenaamde negatiewe kante van apartheid in 'n proses algaande herroep word. Daarna word die verbod op gemengde huwelike herroep; die verbod op vakbonde vir almal opgehef; instromingsbeheer vir swartes geskrap; soortgelyke identiteitsdokumente vir alle Suid-Afrikaners bo 16 jaar in plaas van "pasboeke" vir swartes, ingestel; eiendomsreg vir swartes in stede toegestaan; en openbare geriewe vir almal oopgestel. Wetlik sou sosiale integrasie op geografies-ekonomiese integrasie volg. Die idee van die Republiek van Suid-Afrika as 'n eenheidstaat met verskillende groepe, kulture en gebruike, word dus versterk (Van Jaarsveld, 1982:585; Grobler, 2007: 194; Kapp, 2008:131). Waaraan hierdie visie van Botha egter mank gaan, is die konsekwensie dat hierdie maatreëls in 'n geheelvisie openlik 'n eenheidstaat en volle politieke regte vir al sy inwoners impliseer. PW Botha wou tot aan die einde blanke selfbeskikking behou ter wille van politieke stabiliteit waarbinne hervorming kan plaasvind en daarom nie op 'n gelyke basis aan swart mense inspraak durf gee in die politieke beheer van Suid-Afrika nie. 'n Oogmerk wat in Heyns *et al.*

⁹ Volgens Botha staan dit in 1984 "vas" dat bruin, swart en Asiër selfs onder apartheid "enorme vordering" gemaak het: ekonomies, professioneel, opvoedkundig en maatskaplik (De Villiers, 1984:62).

se *Kerk en Samelewing 1986* en *1990* sydelings aangeraak word (KS, 1986:19, 33-34, 52, 57,57; KS, 1990:39-40).

Om aan sy beoogde kernpunte uitvoering te gee, sou Botha egter tot 1985 voortgaan met die ontwikkeling van die swart nasionale state. State wat ekonomies en polities satelliete van die Republiek sou bly (De Villiers, 1984:91). Die beweging van die swart bevolking na groot metropolitaanse gebiede soos Pretoria, die Witwatersrand en Vereeniging, Durban-Pinetown, Port Elizabeth-Uitenhage en die Kaapse Skiereiland, sou voortgaan. Botha se Driekamerparlement met 'n kamer vir die blankes, bruin mense en Asiërs het ook nie die politieke toekoms van die miljoene swartes opgelos nie. Hierdie rasgedrewe drie kamers vir die groter getal wittes was “magsdeling sonder magsverlies” (Van Jaarsveld, 1982:579). Blanke selfbeskikking is nie prysgegee nie – 'n begrip waarvan PW Botha nie wou afwyk nie – en die swartes nie geraadpleeg nie (De Villiers, 1984:369; Grobler, 2007:193). Vir Botha was aanvaarding deur die drie groepe van hul Driekamerstelsel die uitdrukking van 'n wil vir stabiliteit, beskaafde waardes, geregtigheid en hervorming. Die eventuele mislukking van hierdie stelsel het egter die gewaarwording dat die beleidsinisiatiewe van die Nasionale Party misluk, versterk en 'n dalende moraal in die Regering tot gevolg gehad (Welsh, 2009:218).

Welsh is van mening dat Botha se hervormings teen 1986–1987 stoom verloor het. Sy persoonlike optrede het toenemend onseker en onvoorspelbaar geword (Welsh, 2009:257,263). In die loop van 1988–1989 kry hy twee aanvalle van beroerte wat tot sy bedanking in 1989 lei (Kapp, 2008:131).

PW Botha se opvolger, FW de Klerk, beweer dat Botha se hervorming nie deel was van 'n “coherent vision of reform” of 'n samehangende geheelprentjie nie. Hierdie gebrek het sy hervormings gestrem (Welsh, 2009:303). De Klerk het vroeg in die 1980's besef dat “groot” of gebiedsapartheid faal. Die koste aan mense en menslike lyding is te hoog. Apartheid kan net deur geweld deurgevoer word en 'n permanente oplossing kan nie op onreg bou nie. Teen 1985 besef De Klerk dat magsdeling deur die hele bevolking onafwendbaar is. Welsh wys egter op Botha se beklemtoning van 'n sleutelrol vir die Staatsveiligheidsraad wat onder hierdie premier ontwikkel in 'n gedugte mag van sekurokrate wat blanke selfbeskikking deur staatsveiligheid wil verseker. Die versekering van staatsveiligheid deur fisiese magte wat 'n veiligheidsnet vir die beleid van apartheid daarstel. Anders gestel, om apartheid met mag deur te voer, word die noodtoestand wat in die 1980's in Suid-Afrika deur die Botha-regering afgekondig is, gekontinueer. Hierdie toestand skets 'n bleek toekoms (Welsh, 2009:267,355).

Welsh beweer dat PW Botha se gebrekkige geheelprentjie aan hulle wat dinge wou verander die indruk gegee het dat druk sal slaag. Hulle moet net daarmee volhard. Hieroor verklaar De Klerk in 1997 dat jy 'n hond se stert nie stukkie vir stukkie afkap nie – Botha se hervorming van apartheid? – maar met een bepalende hou (Welsh, 2009:383-384). Op sy beurt beoog De Klerk 'n algemene demokrasie waarin daar onderhandel word om die oorheersing van een groep uit te skakel. Hy ignoreer Botha se maatstaf van beskaafde standarde. Die ANC is egter nie vir hierdie stuk “apartheid” van De Klerk rondom die erkenning van groepe te vinde nie (Welsh, 2009:355).

Hierdie opmerkings van De Klerk onderstreep die feit dat die breë opvatting onder Nasionale state nie was dat hervorming tot die ontwikkeling van 'n nuwe regverdigte situasie lei nie, maar dat dit bloot weg beweeg van apartheid. 'n Begrip wat soms in Botha se formulerings deurslaan: hervorming beteken die geleidelike aftakeling van apartheid. Hierdie verstaan van hervorming koppel dit aan die hervorming in die 1890's toe die *Uitlander-reformers* aan die Rand die Regering van Paul Kruger in die Zuid-Afrikaansche Republiek geopponeer het. Hulle wou toestande verander én het die gewapende Jamesoninval van die Republiek in 1895, ter

ondersteuning, verwelkom (De Klerk, 1975:75¹⁰). Die groot vraag waarvoor PW Botha by kritici in die 1980's te staan gekom het, was nie of sy hervorming tot 'n verbeterde gemeenskap lei nie. Hulle vraag was veel eerder of apartheid in al sy vorme verdwyn en vervang word met 'n staat gebou op die Westers demokratiese regte van die individu en nie van groepe nie. In die humanisties-individualistiese Grondwet van 1996 was daar net een vereiste vir die regte van die individu naamlik dat hy/sy 'n mens – as vreemdeling of landsburger – moet wees. Botha se aandrag op beskaafde standaarde en ontwikkeling is geïgnoreer en die Grondwet van 1996 aan die regte van die individu in 'n eie akte (die volle hoofstuk 2) gekoppel (Kleyn & Viljoen, 1999:253-276).

Hierteenoor verklaar PW Botha in 1985 in Johannesburg dat die destydse Suid-Afrikaanse Grondwet hom verbind aan “verskeie” sake wat syns insiens voldoende waak oor menseregte: die onafhanklikheid van die regbank, gelykheid voor die reg, die bevordering van die geluk en geestelike welsyn “van almal”, die eerbiediging en beskerming van menswaardigheid, lewe, vryheid en eiendom, die bevordering van die selfbeskikkingsreg van alle bevolkingsgroepe “sover moontlik” en private inisiatief en mededinging in die ekonomie (Scholtz, 1988:91). Die verskille tussen die Grondwet van 1996 en Grondwet van die “ou” land bou elk op 'n basiese filosofie: die Grondwet van 1996 bou op die gestolde, byna onaantasbare regte van die individu (vgl. Handves artikels 9,10,12,14,15 ens; Kleyn & Viljoen, 1999:268-269) teenoor die ou Grondwet wat bou op die ontwikkeling van bevolkingsgroepe. Wat Botha betref, ywer hy vir 'n omvattende demokrasie, maar nie 'n swak *laissez-faire*-demokrasie van een mens een stem net een keer wat so dikwels in Afrika voorkom nie (Scholtz, 1988:93). Vroeër steun hy maatreëls wat 'n sterk demokrasie bestendig. In 'n twaalfpuntplan by die Natalse Kongres van die Nasionale Party in 1979 vereenselwig hy hom met veelvolkigheid, vertikale differensiasie, eie konstitusionele strukture vir swart volke, eie skole en gemeenskappe, 'n balans tussen die regte van die gemeenskap en die individu, 'n konstellasië van state met onderlinge ekonomiese afhanklikheid en vrye onderneming (Scholtz, 1988:37-38). Die totaalindruk wat Botha laat, is dat hy kernpilare van apartheid koester, maar oop is vir die ontwikkeling en beter lewensomstandighede vir almal. Dat hy apartheid wil hervorm tot 'n nie-ingekeurde menswaardige stelsel (Welsh, 2009:268). Piet Cillié, die redakteur van die Kaapse *Die Burger*, noem Botha 'n “reluctant rebel”: hy is so liberaal (in sy wegbeweeg van apartheid) as wat hy onder omstandighede kan wees (De Villiers, 1984:115). Cillié verstaan hervorming ook volgens sy eie oortuiging as die vervanging van apartheid met 'n alternatief. In destydse anti-apartheidsterme gestel: jy kan apartheid nie hervorm of verbeter nie, net vervang. Welsh haal vir Brain Pottinger aan: “Botha had shown that he had the wit to identify crises but insufficient wisdom to resolve them...” (Welsh, 2009:268).

'n Gebeurtenis wat lyk asof dit Cillié se stelling bevestig, is Botha se Rubicon-toespraak in Augustus 1985 voor die Natalse Kongres van die Nasionale Party in Durban (Wolvaardt *et al.*, 2010: 328).

Die kongres is voorafgegaan deur verwagtinge vanuit die Regering dat Botha ingrypende veranderings of hervormings aan apartheid sou aankondig. Vanuit die kantoor van die Minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, is reëlins getref om so iets na buite, na die media en ander

¹⁰ President MT Steyn van die Republiek van die Oranje-Vrystaat verklaar in sy oorlogsmanifes teen Brittanje op 11 Oktober 1899 dat die Jamesoninval van 1895 deel vorm van Brittanje se “onrecht en schandelijk geweld... gedurige verdrukking en inmenging” teen die Zuid-Afrikaansche Republiek (verbatim in Van der Merwe II, 1921:1-4).

regerings, te kommunikeer. PW Botha het na 'n Romeinse oorsteek van die Rubicon as 'n waterskeiding verwys, maar ten opsigte van genoemde verwagtings slegs bekend gemaak dat sy Regering nou afgesien het van die ontwikkeling van die swart tuislande as 'n meesterplan vir die oplos van die Suid-Afrikaanse vraagstuk. 'n Erkenning van 'n bestaande waarneming dat die Verwoerdiaanse konsep van groot apartheid misluk het (Grobler, 2007: 176-177). Internasionale kritiek van koppigheid en waarskuwings dat ingrypende gevolge vir Suid-Afrika voorlê, het gevolg (Wolvaardt *et al.*, 2010:329). Verdere sanksies is teen die land ingestel en beleggings onttrek (Gobler, 2007:177). Botha wou eenvoudig nie die Rubicon soos bepaal deur radikale teenstanders van apartheid, oorsteek nie. Oor hervorming as 'n plan van "weg met alle apartheid" was hy teensinnig. 'n Oplossing deur apartheid langs 'n weg met aspekte van groot apartheid in te voer, het egter eweneens onmoontlik gelyk. Hoewel hy dit nie so gestel het nie, het Botha syns insiens voor 'n onaanvaarbare rewolusionêre opsie van verandering en die verlaat van beskaafde standaarde te staan gekom.

Wolvaardt en mede-skrywers kom tot die slotsom dat die skade van sy weiering om die Rubicon oor te steek, die mislukking van hierdie poging om die internasionale klimaat vir Suid-Afrika te verbeter, so groot was dat dit Suid-Afrikaanse politici tot die besef gebring het "that new leadership and deep reforms were unavoidable" (Wolvaardt *et al.*, 2010:328). Vanuit sy soort hervorming sou Botha nie die Suid-Afrikaanse probleem oplos nie. Die sterk opponerende kreet was 'n eenheidstaat van gelyke individue waartoe alle bevolkingsgroepe instem (Wolvaardt *et al.*, 2010:331).

In hierdie Suid-Afrikaanse politieke situasie sou JA Heyns as 'n kerklike hervormer optree.

JA Heyns, die kerk en politieke hervorming

Min of meer gelyktydig met PW Botha se termyn as politieke leier, is JA Heyns 'n teologiese professor aan die Universiteit van Pretoria. Synde 'n gereformeerde dogmatikus met 'n Neo-Calvinistiese of Christelik-wysgerige agtergrond (Botha, 2008:457) verbaas dit nie dat Heyns bekendheid verwerf as 'n kerklike voorstander van die hervorming van apartheid nie. Dit is immers eie aan die aard van 'n gereformeerde kerk of van 'n gereformeerde om altyd te reformeer of, soos die spreuk sê: *ecclesia reformata semper reformanda* (Koffeman, 2009:35). Heyns dien as voorsitter van die Algemene Sinode van 1986 van die NG Kerk en as moderator¹¹ tot 1990. As een wat homself vind in die grondgedagtes van die Hervorming ten opsigte van kerk en samelewing, is Heyns voortdurend ingestel op die hervorming van sy eie mense in kerk en samelewing of in die apartheid-Suid-Afrika van die 1980's (Heyns, 1989:71; Williams, 2006: 169, 171,213, 231). Heyns is dus op soek na antwoorde vir sy situasie vanuit die geestelike erfenis van die Hervorming of Reformasie. In sy eie wêreld wou hy nie "verlig" of "verkramp" wees nie, maar verankerd aan Bybelsgetroue beginsels of die *sola scriptura*-uitgangspunt van die Reformasie (Williams, 2006:299; Jonker, 1994:28-29). Soos genoem, is Heyns op 5 November 1980 een van agt akademici van Stellenbosch en Pretoria wat 'n tipies kerklike *Hervormingsdaggetuienis* laat hoor teenoor die stolling van die uitvoering van groot apartheid in Suid-Afrika. Die *Getuienis* berei volgens Heyns die klimaat in die NG Kerk voor om apartheid vanuit die Algemene Sinode te kritiseer en met KS-1986 en -1990 vorendag te kom (*Die Kerkbode*, 5/11/80: 605; KKA PPV 1375).

¹¹ Die term moderator het 'n nie-gereformeerde, anti-hiërargiese oorsprong en betekenis, maar word steeds in die NG Kerk aangewend vir die voorsitter van 'n sinode: 'n gewone of streeksinode en die Algemene Sinode (Strauss, 2010:78).

In antwoord op reaksie oor 'n wye front op *Die Getuienis* brei Heyns op 17 Desember 1980 op hierdie stuk uit (in *Die Kerkbode*, 17/12/1980:792; KKA PPV 1375). Vir hom gaan dit om reformatoriese kerke wat help om die bestaande orde te hervorm. Om gereformeerde kerke wat 'n rol moet speel in die hervorming van die totale samelewing.

Juis daarom versoek *Die Getuienis* die kerke in Suid-Afrika om die staat en samelewing met 'n helder en duidelike getuienis oor “die beloftes en eise van Gods koninkryk” vir die “sosiale werklikheid” te bedien. Hierdie werklikheid is die strukture en verhoudinge in die samelewing. *Die Getuienis* stuur af op die reformatoriese eis dat die hele samelewing onder die heerskappy van die Woord kom. *Die Getuienis* is 'n Skriftuurlike en kerklike boodskap teen die vervreemding en frontvorming van Christene teenoor mekaar wat die verdeeldheid van die kerk aanblaas en die gemeenskap van die “heiliges” tot skande maak (*Die Kerkbode*, 5/11/1980:605; KKA PPV 1375).

In sy toeligtig van die oogmerke van *Die Getuienis* op 17 Desember 1980 sê Heyns dat die kerk profetiese leiding moet gee oor watter van die huidige wette in Suid-Afrika moet bly en watter geskrap moet word. By implikasie gaan dit vir hom – hy verwys nie direk daarna nie – oor hervorming as normgebonde kontinue verandering en groei en nie die rewolusionêre omverwerping of transformasie van die mens en die samelewing nie. Transformasie is die term wat die ANC ná 1994 in Suid-Afrika gepopulariseer het en wat sindsdien geassosieer word met gebrekkige dienslewering en 'n onbevredigende politieke diskoers. Heyns meen dat hervorming die beïnvloeding en gesindheid van individue met hulle inisiatief, krag en dissipline as boustene vir 'n gesonde samelewing, insluit. Die kerk moet die Woord in 'n veelvolkige land, wat vir Heyns 'n geleentheid en nie 'n verleentheid is nie – laat spreek. Die kerke moet besin oor die optimum ontwikkeling van die lewensomstandighede van alle mense en meewerk aan die ruimte om hulle taak as volle mense uit te voer (*Die Kerkbode*, 17/12/1980:792; KKA PPV 1375).

Met sy idee van die ontwikkeling van die lewe en lewensomstandighede van alle mense, verwoord Heyns sy oortuiging dat dit in Suid-Afrika nie net gaan om die hervorming van samelewingstrukture nie, maar ook om die “individuele en sosiale lewe in strukture of samelewingsverbande”. Almal moet saamstem oor reformasie op alle gebiede: die politiek, die ekonomie, die sosiaal-maatskaplike en kerklike lewe. Almal moet bereid wees om die strukture en hulself as die draers daarvan, te reformeer. Heyns praat in hierdie opsig die taal van hervorming waarmee PW Botha ook saamstem.

Daarom benodig reformasie kennis van die gebreke of negatiewes vir reformasie in die situasie. Vir Heyns gaan dit om die hervorming van die bestaande orde met die oog op die vergestaltung van liefde, geregtigheid en menswaardigheid: in strukture, groepe en individue (Heyns, 1989:73-75). Terme waarna Botha ook verwys. Hy toon 'n aanvoeling vir die gebreke wat apartheid in Suid-Afrika teweeggebring het, maar ook vir die realiteit van 'n sekere ongelykheid onder die mense van Suid-Afrika. Nie in hulle formele menswees nie, maar in “Westerskulturele prestasie en geleentheid”. Volgens hom is dit 'n mite dat alle probleme sal verdwyn as apartheid verdwyn: veral in hierdie Westers gedomineerde samelewing waarvan almal deel is en waarin almal hulle binne die struktuurbeginsels moet laat geld (Williams, 2006:327). Hoewel Heyns ongelykheid onder die inwoners van Suid-Afrika op sy eie manier uitdruk, sou hy en PW Botha hieroor kon saam gesels oor destabiliserende faktore vir Botha se beskaafde standarde in 'n geïntegreerde Suid-Afrikaanse bestel.

Hierdie kant van Heyns het hom as gespreksgenoot in die Suid-Afrikaanse problematiek waarskynlik meer van 'n geesgenoot vir Botha gemaak.

JA Heyns, PW Botha en politieke hervorming

Hierdie steun van Heyns en sy medeouteurs, NG lidmate en Christen-Afrikaners vir die begrip hervorming wat saamval met Botha se aangekondigde strategie van politieke hervorming, gaan nie sonder kritiek van sekere teenstanders van apartheid verby nie. Die radikale Broederkring van predikante in die NG familie beweer dat *Die Getuienis* met sy oproep tot die hervorming van apartheid ooreengekom het met wat volgens hulle PW Botha se verwerplike hervormingspolitiek was. 'n Inisiatief wat net 'n sagter gesig aan apartheid wil gee (*Rand Daily Mail*, 8/11/1980:3; KKA PPV 1317). As JA Heyns later nog 'n inisiatief uit die NG Kerk vir hervorming, *KS-1986* van die Algemene Sinode van die NG Kerk, in die binne- en buiteland verdedig, word hy in internasionale kerklike kringe afgeskryf as die hofpriester en nie-amptelike ambassadeur van die Suid-Afrikaanse Regering. Hyself beskou hom egter as 'n brugbouer op wie getrap word – na binne wanneer hy sy eie mense wil saamneem en na buite as hy probeer om brûe te bou. Vir hom is dit eie aan 'n hervormer (Strauss, 2002:229; Williams, 2006:276). Hy ervaar 'n gebrek aan begrip by buitelandse kerke en instansies, waaronder gereformeerde gelowiges is (Williams, 200:231). Gelowiges van wie hy vanweë hulle gereformeerde inslag meer begrip sou verwag.

Vir Heyns moet elke daad van reformasie, in sy doel, beplanning en uitvoering, aan die eis van geregtigheid voldoen. Dit begin met die aanvaarding van mekaar as mense wat na die beeld van God geskape is en teenoor mekaar gesondig het, maar wat deel aan die soenverdienste van Christus en daarom hulle oortredings teenoor mekaar kan bely. Uit liefde moet mense mekaar die ruimte gun om as volle mense vir God te leef. Almal moet as bevoorregtes ter wille van geregtigheid offer in belang van mekaar. Dit is reg dat die wittes met hulle groter kulturele en akademiese opleiding (en ervaring) in hierdie situasie die inisiatief neem “vir die bepaling van die gestalte van sosiale geregtigheid...”, maar die inhoud van die toekoms lê in 'n onderlinge vennootskap. Raadpleging en beraadslaging is Bybelse eise vir geregtigheid. Hierdie fasette hang “...saam met die algemene ontwikkelingspeil van diegene met wie beraad gevoer word” (Heyns, 1989:73).

Heyns is dus 'n kerklik-teologiese voorstander van hervorming in Suid-Afrika wat sê dat die aanvaarbare in die bestaande behou, maar in 'n nuwe vorm verwerk moet word. Hy beskou reformasie as ewolusionêre groei na 'n beter toekoms waarin liefde, geregtigheid en menswaardigheid in mense en strukture gestalte kry.¹² Om daarby uit te kom, moet dit as konstantes of beginsels volgens Heyns innerlik vestig in die inwoners van die land.¹³ Anders as sommige teenstanders én radikale kritici van apartheid wie se denke oor kerk en samelewing in 'n teoretiese verabsoluttering van die gelykheid van die individu en sy regte gestol het, het Heyns 'n oog vir verskille onder die Suid-Afrikaanse bevolking: Botha noem dit verskille in beskaafde standaarde en Heyns ongelykheid in ontwikkeling. Verskille wat Heyns beskou as “verskille in Westerse leefwyse en prestasie”. Verskille wat ná 1994 blyk uit hulle verskil in

¹² Esterhuysen praat vanuit die beginsel van die gelykheid van die individu as hy oordeel dat 'n demokrasie 'n afspraak is wat die samelewing struktureel wil orden om die regte, vryhede en verantwoordelikhede van die burger op die beste manier te verwesenlik. Die beginsel van regverdigheid (vir die gelykheid of gelykwaardigheid én gelyke behandeling van die individu) is volgens Esterhuysen diep gewortel in die demokrasie. Die toepassing van gelykheid beheer konflik, beperk griewe en kontroleer verset (Esterhuysen, 1982:94-95). In sy op die spits dryf van gelykheid oordryf Esterhuysen egter die sins insiens byna idilliese impak van gelykheid.

¹³ 'n Verinnerliking wat stuit op Botha se verwysing na verskille in groepe, kulture en gebruike (Kapp, 2008:131).

waardering van 'n gevestigde infrastruktuur, dienslewering en konstruktewe bydraes tot die gemeenskap. Verskille waaroor onderlinge raadpleging plaasvind om dit in terme van die dominante Westerse kultuur in die land in die politieke beleid te verreken. Agter hierdie raadpleging meen Heyns om die Here God in sy herskeppingsgenade te vind (Heyns, 1989:72-73).

Uit Heyns se houding is dit duidelik dat hy trag om by 'n kerklike aanpak van sake te bly. Hoewel hy met sy kritiek op die Suid-Afrikaanse apartheidsituasie soms huiwer op die snykant van praktiese politiek, gaan dit by Heyns primêr om die kerklike of profeties-etiese kant van sake. Om 'n tipies kerklike aanpak van en grens vir sy insette. Heyns wou ten alle koste 'n profeet van die konsekwensies van die Woord en die gereformeerde kerk in die algemeen bly. Al spreek die Bybel apartheid nie reguit aan nie of sê die Woord syns insiens nie alles oor alles nie. Daarby is dit ondenkbaar dat Heyns met sy verankering in die Bybel en Bybelse waarhede homself sou terugvind in 'n verabsoluteerde humanistiese individualisme. 'n Humanisme wat van die individu in plaas van die God van die Bybel en sy Woord die vertrekpunt vir sy besluite maak en by wie gewaande vryhede soos om self te besluit oor die grense van seks of die lewe,¹⁴ indruis teen die Skrif. Heyns se Westerse leefwyse en prestasie as die legitieme erfenis van sekere inwoners van Suid-Afrika en die effek daarvan op hulle verstaan van die reg, moes op sy minste deel van die agenda oor 'n politieke toekoms vir hulle uitgemaak het. Nie alleen 'n humanistiese verstaan van die regte van die individu nie, maar ook die staatkundige konsekwensies van 'n Christelike lewenshouding kon op die sakelys van raadpleging ná 1994 gewees het. Twee rigtings wat beide erken kon word – vir 'n bevolking waarvan die groot meerderheid uit erkende Christene bestaan en wat in sake soos menswaardigheid en vryheid van assosiasie en godsdiens¹⁵ hande kon vat. In die naweë van PW Botha se aftrede in 1989 en die ontwikkelinge voor en ná 1994, sou 'n verabsoluteerde humanisme in die Suid-Afrikaanse Grondwet van 1996 egter seëvier. Selfs die stem van FW de Klerk wat hervorming as die aftakeling van alle apartheid met 'n erkenning van groepe wou voortsit, het stil geraak.

Die gedeelde nuanses in PW Botha en JA Heyns se grondhoudings as hervormers van apartheid is nie in die breë uitgangspunt van die Suid-Afrikaanse Grondwet van 1996 verskans nie. Dat Heyns Botha vanuit 'n kerklike hoek kon beïnvloed het, blyk uit van sy formulerings. Dat Botha hiervoor ontvanklik was, spruit ook uit sy kerklik-godsdiensige en algemeen-geestelike agtergrond (Scholtz, 1988:8,9,102,112).

Tussen die Algemene Sinodes van 1982 en 1990 was daar etlike gesprekke tussen die staatspresident en die NG Kerk se Kommissie vir Skakeling met die Owerheid. 'n Voorbeeld was 26 Maart 1984 waartydens die NG Kerk se destydse steun vir die die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike aan die owerheid oorgedra is. Die owerheid het egter voortgegaan om hierdie wet te skrap, terwyl die NG Kerk daarna met KS-1986 hieroor met die owerheid eens was (KS-1986:61). By ander geleenthede is sake ook bespreek sonder dat die verslae 'n aanduiding van die betrokkenheid van Heyns gee, en dit selfs ná die Algemene Sinode van 1986 waar hy die voorsitter was (NGK, 1986:595; NGK, 1990:476). Hierdie waarneming verhoed nie dat Heyns en Botha by ander geleenthede op die inisiatief van beide ruggespraak gevoer het nie. Intussen was die standpunte van Botha en Heyns vanweë hulle posisies in die gemeenskap en omrede hulle visie oor die hervorming van apartheid, nuuswaardig en bekend.

¹⁴ Vgl. die bekende artikel 9 van die SA Grondwet van 1996 of die Handves van Regte oor gelykheid met sy talle onBybelse vryhede (Kleyn & Viljoen, 1998:268).

¹⁵ Vgl. artikel 15, 18 ens. van die SA Grondwet van 1996 (Kleyn & Viljoen, 1999:269).

In 1985 het JA Heyns op versoek van PW Botha die inisiatief geneem “om ’n soort teologiese advieskomitee vir president PW Botha te vorm”. Hoewel Heyns destyds nie die amptelike voorvatter in die NG Kerk was nie, wou Botha informeel selfstandige denkers soos Tjaart van der Walt van Potchefstroom, Willie Jonker van Stellenbosch en Heyns se teologiese adviese oor die kwessies wat hom besighou, inwin. ’n Uitnodiging wat tot hierdie manne as persone gekom het en adviese wat tot deurtastende informele gesprekke kon lei (Jonker, 1998:176-178). Botha wou by Heyns hoor hoe hy as ’n hervormingsgesinde teoloog onder Afrikaners dink oor die sake van die dag. Die kontak tussen Botha en Heyns het dus nie net uit amptelike ontmoetings van die NG Kerk se Dagbestuur of Breë Moderatuur met die president bestaan nie, maar ook uit persoonlik gedrewe gesprekke.

JA Heyns se verkiesing as voorsitter van die Algemene Sinode van 1986 het oor ’n wye front nie ongesiens verbygegaan nie. In die openbare pers is sy verkiesing bestempel as ’n betekenisvolle keuse op ’n kritieke tydstip vir die land, die NG Kerk en die Afrikaner. Sy verkiesing is beskou as kerklike steun vir Heyns en die “nuwe” denkrigting wat hy in die NG Kerk verteenwoordig. ’n Afgevaardigde na die Algemene Sinode van 1986 het opgemerk dat die NG Kerk besef dat hy in “hierdie verwarrende dae behoefte het aan ’n teoloog wat duidelike leiding moet gee” (Jonker, 1998:89). Gelet op die ooreenkomste tussen Botha en Heyns, het eersgenoemde met die samestelling van sy teologiese advieskomitee aan hierdie opmerkings oor Heyns gevolg gegee. In geleentheid vir saampraat kon hulle mekaar beïnvloed sonder dat Botha van Heyns ’n epigoon maak en omgekeerd. Beide Botha en Heyns was bekend vir ’n uitgesproke, selfstandige en eerlike benadering. ’n Vooraf kritiese en nydige ingesteldheid by die ondersoeker verhinder egter ’n getroue beeld van hulle wat ondersoek, geweeg en weergegee word: vandaar die ongevoelige verwysing na Heyns as die hofnar van die Suid-Afrikaanse Regering.

Slot

PW Botha en JA Heyns was twee inisieerders van die hervorming van apartheid, maar uit verskillende hoeke met verskillende bydraes. Oor die aard van hervorming as ’n metode het hulle soms verskil in bewoording, maar saamgestem in die verstaan van die oorhoofse begrip. Hervorming in enige faset van die samelewing of menslike lewe moet lei tot ewolusionêre verandering en gestabiliseerde of bestendige verbetering. Gestabiliseerde verbetering wat moontlik is omdat die verandering wat daartoe lei stap vir stap of stabiliserend uitgevoer of aangepak word. Omdat die gemeenskap geestelik-kultureel of innerlik ingroei in die waardes waarop die verbetering berus of funksioneer. Of omdat die volgende stap berus op ’n innerlik aanvaarde en geestelik bemeesterde vorige stap. Botha en Heyns het hulle verset teen ’n rewolusionêre verandering of ’n reaksionêre optrede wat vashaak by die verlede en dit wil herhaal of kontinueer. Van beide van hierdie twee rigtings is daar eksponente in Suid-Afrika.

In sy aanpak van die hervorming van apartheid het ’n samehangende geheelprentjie by Botha ontbreek. Hy het ook nie uitvoerig aandag gegee aan die skep van gedeelde “beskaafde” standaarde as grondliggend vir ’n demokratiese eenheidstaat nie. Sy vashou aan die behoud van blanke selfbeskikking op rassegronde in ’n proses van geen magsdeling met die blankes nie het afgestuur op eindelose spanning onder die bevolking van die Republiek. ’n Geïntegreerde maar veelvolkige gemeenskap in byna elke opsig (ekonomies, sosiaal, polities ens.) wat blanke selfbeskikking as ’n *Fremdkörper* of uitsondering in hulle midde aanvaar, was in die heersende klimaat nie bestaanbaar of moontlik nie. Aan die ander kant was ’n ewolusionêre ingroei van die hele bevolking in ’n behoorlike en stabiele funksionering van ’n demokratiese regstaat in

die Westerse sin van die woord, in 'n lewe waarin die beginsels van die Grondwet van 1996 ook in hulle harte weerklank gevind het en so gekontinueer is, 'n saak wat om meer aandag gevra het. Aandag wat so 'n regstaat as gevolg van 'n gebrek aan tyd en ervaring nie beskore was nie.

Gebeure rondom PW Botha se Rubicon toespraak het aangedui dat tyd hom ingehaal het. Sy gesondheid sou hom in 1989 noop om uit tree. JA Heyns kon voortgaan met sy kerklike insette in die politiek, maar sy stem is deur die sluipmoord op hom op 5 November 1994 (Botha, 2008:458) stilgemaak.¹⁶

BIBLIOGRAFIE

- Botha, WJ. 2008. Heyns, Johan Adam. In: Gaum, F. (hoofredakteur). *Christelike Kernensiklopedie*. Wellington: Lux Verbi, pp. 457-458.
- De Klerk, WA. 1975. *The Puritans in Africa, a story of Afrikanerdom*. London: Collings.
- De Villiers, Dirk & Johanna. 1984. PW. Kaapstad: Tafelberg.
- Die Kerkbode*, 5/11/1980; 17/12/1980.
- Esterhuysen, WP. 1982. *Die pad van hervorming. Beskouinge oor die noodsaaklikheid van strukturele hervorming in Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.
- Giliomee, H. sa. "'n Ideale gemenebes in Afrika-omstandighede'". *Die Vrystaatse Republiek 1854-1900*. Sl:sn.
- Grobler, J. 2007. *Uitdaging en antwoord – 'n vars perspektief op die evolusie van die Afrikaners*. Pretoria: Grourie.
- Heyns, JA. 1977. *Die Kerk*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Heyns, JA. 1989. *Teologiese Etiek 2/2. Sosiale Etiek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Jonker, WD. 1998. *Selfs die kerk kan verander*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kapp, PH. 2008. Botha, Pieter Willem (PW). Gaum, F. (hoofredakteur), *Christelike Kernensiklopedie*. Wellington: Lux Verbi, pp. 130-131.
- Kerk en Samelewing-1986 (KS). 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk. Bloemfontein: Pro Christo.
- Kerk en Samelewing-1990 (KS). 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk. Bloemfontein: Pro Christo.
- Kleyn, D & Viljoen, F. 1999. *Beginnersgids vir regstudente*. Kenwyn: Juta.
- Koffeman, L. 2009. *Het goed recht van de kerk*. Kampen: Kok.
- Malan, MPA. 1964. *Die Nasionale Party van Suid-Afrika 1914-1964. Sy stryd en prestasies*. Elsiesrivier: Nasionale Handelsdrukkery.
- Nasionale Party (NP) 1982. *Inligtingsdiens*. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.
- NG Kerk 1986. *Handelinge van die Algemene Sinode*. sl:sn.
- NG Kerk 1990. *Handelinge van die Algemene Sinode*. sl:sn.
- Rand Daily Mail*, 8/11/1980, 3.
- Reitz, FW. s.a.. *Een eeuw van onrecht op last van den Staatsecretaris der Zuid-Afrikaansche Republiek*. Kaapstad: HAUM V/A Jac Dusseau en Co.
- Scholtz, JJJ. 1988. *Vegter en hervormer – grepe uit die toesprake van P.W. Botha*. Johannesburg: Perskor.
- Strauss, PJ. 2002. Die NG Kerk en sy ekumeniese bande. In Hofmeyr, H. (red). *Moeisame pad na vernuwung*. Bloemfontein: Barnabas, pp. 181-241.
- Strauss, PJ. 2010. *Kerk en orde vandag*. Bloemfontein: Sunmedia.
- Strauss, PJ. 2011. Kerk en samelewing in die dokumente 'Kerk en samelewing' na 25 jaar. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, 52/3 en 4: 511-520.
- Thom, HB. 1980. *D.F. Malan*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van der Merwe, NJ. 1921, *Marthinus Theunis Steyn II*. Bloemfontein: Nasionale Pers.
- Van Jaarsveld, FA. 1982, *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha*. Johannesburg: Perskor.

¹⁶ Wolvaardt *et al.* 2010:328 beweer dat die skadelike gevolge van sy Rubicon toespraak daarop gedui het dat PW Botha sy posisie moes afstaan: "... it helped South African politicians realise that new leadership and deep reforms were unavoidable".

- Van Rooyen, JJ. 1976. *P.W. Botha – 40 jaar*. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.
- Welsh, D. 2009. *The rise and fall of apartheid*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Williams, HH. 2006. *J.A. Heyns en die Ned Geref Kerk en apartheid*. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat, Ongepubliseerde D Th-proefskrif.
- Wolvaardt, P, Wheeler, T & Scholtz, W. 2010. *From Verwoerd to Mandela – South African diplomats remember*. S.I.:Crink ondersteun deur Brenthurst.

Historiese perspektief: Redes vir en gevolge van die betrokkenheid van groot moondhede in die Suezkanaal (Egipte), in besonder voor 1956 (Deel I)

Historical perspective: Reasons for and consequences of the involvement by great powers in the Suez Canal (Egypt), in particular before 1956 (Part I)

RIAAN EKSTEEN

Senior Navorsingsgenoot
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Johannesburg
Suid-Afrika
E-pos: reksteen@swakop.com



Riaan Eksteen

RIAAN EKSTEEN was vir 27 jaar lid van Suid-Afrika se Buitelandse Diens. Hy beklee in daardie tyd verskillende poste en dien in verskillende hoedanighede in die Buitelandse Ministerie. Gedurende 1964-67 is hy in die Namibiese afdeling gemoeid met SA se betrokkenheid in die hofsak by die Internasionale Geregshof in Den Haag; hy is ook agtereenvolgens hoof van die VN- en Namibiese afdeling (1973-76) en van Beplanning (1981-1983). Hy dien vanaf 1968-1973 by die SA Ambassade in Washington, DC. Voorts is hy vir 12 jaar ambassadeur by die VN in New York (1976-1981); Namibië (1990-1991); VN in Geneve (1992-1995) en Turkye, insluitende Azerbaidjan, Kirgizstan, Ozbekistan en Turkmenistan. Laasgenoemde aanstelling is deur Pres. Mandela gedoen. Hy was ook direkteur-generaal van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) van 1983 tot 1988. Hy is outeur van *The Role of the Highest Courts of the United States of America and South Africa, and the European*

RIAAN EKSTEEN was a member of the South African Foreign Service for 27 years, during which time he held several posts in various capacities within the Foreign Ministry. From 1964-67 he served in the Namibian division, participating in South Africa's court case in the International Court of Justice in The Hague; he also successively held the positions of Head of the UN and Namibian divisions (1973-1976) and Head of Planning (1981-1983). In addition, from 1968-1973, he was stationed at the South African Embassy in Washington, DC; subsequently, he was Ambassador for 12 years at the U.N. New York (1976-1981); Namibia (1990-1991); U.N. Geneva (1992-1995); and Turkey, including Azerbaijan, Kyrgyzstan, Turkmenistan and Uzbekistan (1995-1997). The assignment to Turkey was authorised by Pres. Mandela. He is also a former Director-General of the South African Broadcasting Corporation (1983-1988). He is the author of *The Role of the Highest Courts*

Datums:

Ontvang: 2022-12-21

Goedgekeur: 2023-05-12

Gepubliseer: Junie 2023

Court of Justice in Foreign Affairs, besoekende professor aan die Tashkent State University of Law, Uzbekistan en lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vanaf Junie 2022. Sy memoires, *Beyond Diplomacy*, is in Oktober 2022 gepubliseer.

of the United States of America and South Africa, and the European Court of Justice in Foreign Affairs, visiting professor at the Tashkent State University of Law, Uzbekistan and member of the South African Academy for Science and Arts since June 2022. His memoirs, *Beyond Diplomacy*, was published in October 2022.

ABSTRACT

Historical perspective: Reasons for and consequences of the involvement by great powers in the Suez Canal (Egypt), in particular before 1956

(Part I)

This first of three articles discusses the geopolitical importance of Egypt, the geostrategic location of the Isthmus of Suez and the channel itself. It also focuses on the construction of the canal and the imperatives to both control and retain possession of it. In the late 1700s and throughout the 19th century, up until mid-1956, European powers were interested in Egypt for various reasons, including the canal. Intermittent intrigues and conflict occurred from time to time. Much was at stake, given the fact that this Isthmus and where the canal would later be constructed, has a particular strategic significance in connecting Europe and the East and also the Indian Ocean. It became increasingly more important for Britain to control this link. France's involvement in Egypt began in 1798 with Napoleon Bonaparte and later with Ferdinand de Lesseps who was granted permission to build the Suez Canal. It was opened in 1869 and it revolutionised the shipment of goods between Britain and its colonies. Initially, Britain was opposed to the construction of the canal, but later acquired a share in it. Given the execution of his foreign policy, Germany's Otto von Bismarck showed little interest in Egypt. In 1882, British troops were deployed in Egypt to suppress a nationalist uprising. The troops stayed on until after World War I. The Entente Cordiale ended 40 years of bitter rivalry between Britain and France. It granted Britain a free hand in Egypt and France the same in Morocco. In 1922, Egypt became independent, but British forces still stayed on to protect the Suez Canal. After the Second World War, Britain increased its military presence in the vicinity of the Suez Canal considerably, but Egyptians were dissatisfied about that arrangement. Britain transferred few of the advantages derived from the use of the canal to Egypt. A series of failures by Britain in the application of its foreign policy fuelled the ever growing and multifaceted conflict between Britain and Egypt. On 23 July 1952, King Farouk was dethroned in a military coup d'état in which the young Colonel Gamal Abdul Nasser played the leading role. After that Egypt was not the same anymore. Nasser established himself as an exceptional leader, not only in Egypt, but also internationally, and as one of the outcomes of his leadership, the canal was nationalised on 26 July 1956. The consequences stretched far and wide. The second article addresses such consequences in general, while the third focuses, in particular, on the effect(s) closure of the canal has had for South Africa. Attention is paid to the sea route around the Cape, as well as the closure of the canal in 1967, bearing in mind Britain's transference of its naval base, Simonstown to South Africa in the late 1950s.

KEYWORDS:

Bismarck, Britain, British Empire, Cape sea route, Churchill, *coup d'état*, Eden, Egypt, France, India, Middle-East, Napoleon Bonaparte, Nasser, nationalisation, Suez canal

TREFWOORDE: Bismarck, Britse Ryk, Brittanje, Churchill, Eden, Egipte, Frankryk, Indië, Kaapse seeroete, Midde-Ooste, Napoleon Bonaparte, nasionalisering, Nasser, staatsgreep, Suezkanaal

OPSOMMING

In hierdie eerste van drie artikels word die geopolitieke belangrikheid van Egipte en die geostrategiese ligging van die landengte van Suez (Ismus) en daarná die kanaal self bespreek. Ook word gefokus op die bou van die kanaal en die noodsaaklikheid om beheer daaroor te verkry en te behou. In die laat 1700s en dwarsdeur die 19de eeu tot die middel van 1956 het Europese moondhede om verskeie redes in Egipte en dus ook die kanaal belanggestel. Intriges en konflik het by tye hoogty gevier. Baie was op die spel, gegewe die feit dat hierdie landengte en waar die kanaal later gebou sou word 'n besonder strategiese rol speel as verbindingslyn tussen Europa en die Ooste en ook die Indiese Oseaan. Dit het toenemend belangriker geword vir Brittanje om oor hierdie verbinding te beskik. Frankryk se betrokkenheid in Egipte begin in 1798 met Napoleon Bonaparte en later met Ferdinand de Lesseps wat die vergunning bekom het om die Suezkanaal te bou. Dit is in 1869 geopen en het 'n omwenteling in die verskeping van goedere tussen Brittanje en sy kolonies teweeggebring. Nadat Brittanje aanvanklik teen die bou van die kanaal gekant was, het hulle tog later 'n aandeel daarin verkry. In die toepassing van sy buitelandse beleid het Otto von Bismarck van Duitsland weinig belangstelling in Egipte getoon. Britse troepe word in 1882 in Egipte ontplooi om 'n nasionalistiese opstand te onderdruk. Die troepe bly aan tot na die Eerste Wêreldoorlog. Die *Entente Cordiale* wat 40 jaar van bitter mededinging tussen Brittanje en Frankryk beëindig, het ook vir Brittanje 'n vrye hand in Egipte en vir Frankryk een in Marokko gegee. In 1922 het Egipte onafhanklik geword, maar Britse magte het aangebly om die Suezkanaal steeds te beskerm. Ná die Tweede Wêreldoorlog het Brittanje sy militêre teenwoordigheid in die omstreke van die Suezkanaal aansienlik verhoog – iets wat Egiptenare geensins aangestaan het. Brittanje het min van die voordele wat uit die gebruik van die kanaal voortgespruit het aan Egipte oorgedra. 'n Reeks mislukkings in Brittanje se toepassing van sy buitelandse beleid het die basis vir die steeds groeiende en veelvlakkige konflik tussen Brittanje en Egipte aangevuur. Op 23 Julie 1952 word koning Faroek onttroon in 'n militêre staatsgreep waarin die jong kolonel Gamal Abdul Nasser die leidende rol speel. Daarná is Egipte nie meer dieselfde nie. Nasser het homself as 'n besondere leier nie net in Egipte nie, maar ook internasionaal gevestig, met een van die uitvloeisels van sy leierskap die nasionalisering van die Suezkanaal op 26 Julie 1956. Die gevolg hiervan strek vêr en wyd. In die tweede artikel word meer breedvoerig hierop ingegaan, terwyl die derde artikel oor die gevolge van die kanaalsluiting vir Suid-Afrika handel. Daar word gelet op die internasionale aandag wat op die seeroete om die Kaap gevestig is; die hersluiting van die kanaal in 1967 en Brittanje se oordrag van die vlootbasis by Simonstad in die laat 1950's aan Suid-Afrika.

Inleiding

Ná verloop van 70 jaar is 'n behoorlike waardebeplanning nodig van die persoon wat op 23 Julie 1952 nie net op die Egiptiese toneel verskyn het nie, maar wat vir 18 jaar lank besluite geneem het wat telkens oor 'n wye internasionale spektrum gevibreer en kettingreaksies veroorsaak het wat nou nog duidelik blyk. Om Gamal Abdul Nasser te verstaan, moet Egipte eers verstaan word en die betrokkenheid van groot moondhede in Egipte uiteengesit word; en Egipte kan nie sonder Nasser verstaan word nie. Dan kan Egipte eweneens nie na waarde geskat word

indien die Suezkanaal nie in berekening gebring word nie. Op sy beurt kan die kanaal se betekenis nie begryp word sonder dat Britse en Franse betrokkenheid in beide Egipte en Suez, tesame met die teenwoordigheid van die Ottomane en Napoleon Bonaparte in Egipte, nie ook bereken word nie. In hierdie artikel, die eerste van drie, word aandag hieraan gewy. Die gevolge van Nasser se epogmakende besluit op 26 Julie 1956 om die Suezkanaal te nasionaliseer, het wyd buite Egipte gestrek en verskeie wêreldleiers is ten nouste daardeur geraak. Die kanaal het 'n deurslaggewende rol in hierdie krisis, kenmerkend van die Koue Oorlog, gespeel toe dit die spilpunt van 'n kort oorlog tussen Egipte en die gekombineerde magte van Brittanje, Frankryk en Israel was.

In die tweede artikel word meer breedvoerig hierop ingegaan en word gelet op die belangrike geostrategiese faktore wat die krisis veroorsaak het, asook die wye reeks geopolitieke gevolge wat uit hierdie krisis vir elk van bogenoemde drie lande, sowel as vir Egipte en die VSA, afsonderlik en die Midde-Ooste as geheel voortgevloeit het.

In die derde artikel word aandag gegee aan Nasser se optredes en die gebeure met die Suezkrisis wat bepaalde gevolge vir Algerië (dus ook Frankryk) en Suid-Afrika gehad het. Die strategiese ligging van Suid-Afrika het weereens wêreldwye aandag op die seeroete om die Kaap gevestig; ook toe die kanaal in 1967 weer gesluit was. Die status van die vlootbasis by Simonstad het ook in die laat 1950's verander. Dan word twee belangwekkende aspekte ook aangespreek, naamlik die rol van die gedrukte media en optredes van prominente persoonlikhede oor wie daar ná die krisis vrae ontstaan het.

Die drie artikels beoog nie om teorieë te bespreek of te ontleed nie, maar eerder om 'n terugblik op gebeure van sewe dekades gelede te verskaf en aan te dui hoe die globale magsbalans fundamenteel daardeur verander is.

Gebeure in Egipte voor Julie 1952

Egipte het die mensdom al vanaf die vroegste tye gefassineer met die piramides by Giza net buite Kaïro wat een van die wonders van die ou-wêreld bly. Faraos en monarge was vir eeue die alleenheersers. Lesers ken van kindsbeen af die verhale wat in Egipte afspeel en in die Ou Testament opgeteken is. Met tussenposes het Napoleon Bonaparte en die Ottomanryk se Khedive, wat die onderkoning van Egipte tydens die Turkse heerskappy was, 'n rol gespeel: so ook die Britte met hul mandaat oor Egipte. Op 23 Julie 1952 het alles verander toe 'n dertigjarige kolonel in die Egiptiese weermag die hooffiguur in die groep geword het wat die heerskappy van koning Faroek in 'n militêre staatsgreep beëindig het – ongekende gebeure wat vir die eerste keer in Afrika plaasgevind het. Nasser betree hierná die politieke toneel in sy land en word weldra ook 'n prominente figuur op die wêreldverhoog.

Voordat die omverwerping van Faroek en die gebeure daarna bespreek word, moet aandag gegee word aan die teenwoordigheid van veral die Britte en Franse in Egipte, en natuurlik die bou van die Suezkanaal. Vanaf die vroegste jare het die kanaal om verskeie redes op bepaalde tye 'n vername rol gespeel. Die spil waarom alles gedraai het, is Egipte se geostrategiese ligging. Siegfried omskryf hierdie belangrikheid van die kanaal soos volg:

Of all the great roadways of the world, the sea road to India via the Isthmus of Suez is probably the most important, for it joins East and West, Asia and Europe – that is, the two most thickly-populated continents having the most ancient civilizations. The Isthmus itself, by virtue of its geographical position, has always been a focal point, but its greatest significance dates from the opening of the Canal, in 1869, at a time when Europe was triumphantly expanding, thanks to the industrial revolution and steam navigation. The

rapid pace of industrialization could not have been kept up without access to raw materials from the uttermost parts of the earth and the opening of new markets for manufactured goods. And the introduction of America to the Far East in the twentieth century further enlarged the role of this intercontinental route. If the Canal is blocked or its efficiency impaired the whole Western World is affected.¹

In die laat 19de eeu was die diplomatieke skaakspel in Europa aan die orde van die dag. Egipte was vir die Britte en Franse geopolities uiters belangrik.

From the inception of the Suez Canal ... the waterway, designed to link nations in commerce, has intermittently divided them in rivalries and war.²

Frankryk het dan ook reeds vroeg bepaalde skuiwe gemaak met betrekking tot Egipte.

Frankryk se betrokkenheid

Teen die laat 1790's was Brittanje Frankryk se sterkste teenstander. Brittanje was 'n handels- en koloniale moondheid en sy krag het gelê in sy ekonomie wat veral uit Indië versterk en deur Egipte via die Ismus (landengte wat die Middellandse See geografies met die Rooi See verbind) vervoer is. As Frankryk Egipte kon beheer, sou dit nie net die Britse ekonomie ondermyn nie, maar sy eie verstewig. Die militêre oogmerk van Frankryk was om Britse oorheersing in Egipte vinnig tot 'n einde te bring. Vanaf 1852 het Brittanje reeds 'n belangrike teenwoordigheid in die noorde van Egipte gehandhaaf: eerstens, om die handelsroete deur daardie land na Indië in stand te hou en tweedens om toesig te hou oor die konstruksie van die Kaïro-Alexandrië-spoorlyn wat die eerste Britse spoorlyn was wat op vreemde grond gebou is.³

Die Franse het lankal na Egipte gehunker en Franse regerings het sedert die dae van koning Lodewyk XIV reeds daarvan gedroom om die land binne te val. So het daardie opsie aantrekliker begin word ná die verlies van Frankryk se voormalige kolonies in Indië⁴ en Kanada.⁵ Egipte het in die Franse se denke van globale invloed en oorheersing gepas en in die middel van die 18de eeu was Egipte 'n stabiele en kultuurryke land. Sy sterk handelsbande het die land se kultuur versprei wat die Europese hoër- en middelklas geweldig geïmponeer het. Europeërs het Egipte as eksoties maar tog ook as eenvoudig beskou en dus 'n plek om te ervaar en een wat hulle kon en behoort te oorheers. Die politieke krisis wat Egipte vanaf die 1760's gestedabiliseer het, het nie hierdie beeld geskaad nie.

Napoleon Bonaparte het die waarde van geografie besef en die dissipline daarvan waardeer. Verder het sy geostrategiese analise hom in staat gestel om sy geopolitiek te bedryf. Vir hom was geografiese geleterdheid en die belangrikheid van geopolitieke analise oorheersend in sy strategiese besluitneming.⁶ Hy het Talleyrand, wat minister van Buitelandse Sake was, gekry om die Egiptiese ekspedisie te bevorder. So het Talleyrand die verantwoordelikheid aanvaar om Egipte binne te val, wat op sy beurt weer die geleentheid aan hom gebied het om

¹ Siegfried (1953), bl. 605.

² Blumenthal (1975).

³ <<https://www.whipplelib.hps.cam.ac.uk/special/exhibitions-and-displays/conflicting-chronologies/britain-egypt>>

⁴ <<https://learn.culturalindia.net/french-in-india.html#>>

⁵ <<https://www.thecanadianencyclopedia.ca/en/article/canada>>

⁶ Smith (2022).

sy eie beeld te poets in die naam van politieke pragmatisme. Napoleon se politieke ambisie was enorm en Talleyrand se voorstel het daardie ambisie van Napoleon gepas. Wat kon groter wees as om die eksotiese juweel van Egipte te verower?

Op 1 Julie 1798 het Napoleon met 400 skepe en 54 000 troepe geland om Egipte binne te val. Kort vantevore het hy 'n suksesvolle veldtog in Italië onderneem, maar hierdie Egiptiese ekspedisie sou anders verloop. Die Franse vloot, wat in die Egiptiese hawe Abukir voor anker gelê het, is deur die Britte aangeval terwyl 'n weerstand onder die Egiptiese bevolking teen die Franse begin toeneem het. Uiteindelik het die Ottomaanse sultan 'n heilige oorlog teen die Franse verklaar wat 'n opstand in Kaïro aangewakker het. Napoleon het met geweld teen burgersy reageer en nie eens die ontheiliging en plundering van die Al Azhar-moskee ontsien nie. Die veldtog het uiteindelik op 'n mislukking uitgeloop met 15 000 Franse troepe wat in aksie gedood is en honderde wat van siekte gesterf het. In Augustus 1799 vertrek Napoleon stilweg per skip na Frankryk en hy laat sy oorblywende troepe agter onder die bevel van generaal Kléber. Met sy vertrek het Napoleon die laaste hoofstuk van die verwoestende Franse ekspedisie na Egipte ingelui.

Wat twee jaar tevore op 'n triomfantlike noot begin het, het in 1801 tot 'n einde gekom. Napoleon se reputasie as 'n briljante militêre bevelvoerder het egter ongeskonde gebly en het aanhou toeneem ten spyte van sommige van sy mislukkings tydens die veldtog. Terug in Frankryk het hy voordeel getrek uit sy militêre reputasie. Hoewel sy veldtog in Egipte nie die resultate opgelewer het waarop hy staatgemaak het nie, het hy wel 'n reeks treffende suksesse behaal. Dit het baie goeie dekking in Frankryk gekry en hy het 'n huishoudelike naam geword. Teen 1799, toe die aansien van die regering in Frankryk al hoe meer steun verloor en net nie meer in staat was om enige soort entoesiasme aan te wakker nie, neem Napoleon se gewildheid steeds toe. Hier het Talleyrand 'n deurslaggewende rol gespeel om die grondslag vir Napoleon se bewind te lê en te versterk.

Dit was egter nie net 'n militêre ekspedisie nie. Saam met die bepaalde strategiese militêre belang in Egipte is wetenskaplike doeleindes ook nagestreef en gevolglik het Napoleon 160 geleerdes saamgeneem na Egipte. Hulle werk sou hom amper meer glorie besorg as sy weermag. Wat hierdie geleerdes kon verskaf, was 'n magdom kennis wat na Frankryk teruggeneem en vandaar oor die wêreld versprei is. Napoleon wou meer oor Egipte weet. Sy inval in Egipte het gelei tot die aanvang van Egiptologie, soos dit vandag bekendstaan. Die Franse teenwoordigheid in Egipte wat net drie jaar geduur het, het egter diep spore in hierdie kort tydjie agtergelaat. In Egipte word Frankryk as 'n rolmodel beskou. Terug in Frankryk gebruik Napoleon die aura van die Egipte-ekspedisie behendig tot sy eie voordeel. Alhoewel dit 'n militêre debakel was, was dit nietemin 'n wetenskaplike sukses. Flora en fauna word fyn gedokumenteer; die hele land word vir die eerste keer volledig gekartografeer; die nalatenskap van die Farao's word deeglik nagevors en opgeteken. Die wetenskaplike hoogtepunt is ongetwyfeld die ontdekking van die Rosettasteen wat etlike jare later die sleutel word om die Egiptiese hiërogliewe te ontsyfer. Byna 400 voorwerpe word na Frankryk verskeep. Saam met al die inligting wat oor Egipte versamel is, ontstaan 'n golf van Egiptomania. Oriëntalisme in letterkunde en kuns ontwikkel wat in die laat 19de eeu in die skilderye van Delacroix tot 'n hoogtepunt kom. Vir een van die projekte wat Napoleon wil aanpak, stuur hy 'n span landmeters om die haalbaarheid van die bou van 'n kanaal van die Rooi See na die Middellandse See te ondersoek. Vier afsonderlike ondersoeke kom elke keer tot dieselfde foutiewe gevolgtrekking: die vlakke van die Middellandse See en die Rooi See verskil aansienlik van mekaar. Gevolglik waarsku hulle Napoleon dat enige poging om 'n kanaal te bou, katastrofale oorstromings in die Nyldelta kan veroorsaak. Die landmeters se foutiewe berekening was genoeg om hom

van die projek te laat afsien. Frankryk se betrokkenheid om die kanaal uiteindelik ’n werklikheid te maak, het egter nie daar opgehou nie.

Die historiese en kulturele erfenis van die gebiede wat deur die grense van die moderne Egiptiese staat omring word, is lank reeds gevorm deur drie sfere van invloed: Arabiese-Islamities, Afrika en Europees. Die besetting van Egipte deur Frankryk in 1798 het egter die balans van invloed noordwaarts na Europa geswaai. Met meer as net ’n militêre onderneming het die Napoleontiese ekspedisie beoog om die ideale van die Franse Rewolusie – vryheid, gelykheid en broederskap – na Egipte te bring. Alhoewel die Franse Egipte slegs vir drie jaar beset het, het hulle ’n onuitwisbare impak op velerlei terreine van die Egiptiese samelewing gelaat. Handelsbelange is ook bevorder en beskerm terwyl die Britte se toegang tot Indië ondermyn is. Gedurende sy tyd in Egipte het Napoleon sy heerskappy met ’n kombinasie van dwang en ideologie laat geld. Die versoenbaarheid van Islamitiese en republikeinse waardes is beklemtoon in ’n staat waarin ’n Islamitiese republiek later gevestig kon word en politiek in ’n godsdienstige raamwerk verweef kon word. Op hierdie manier is die “nasionale self” in Egipte gevoed en het die soeke na selfdefinisie begin wat veel later onder Nasser ’n werklikheid sou word.

Aanloop tot die bou van die Suezkanaal

Ná die Anglo-Ottomaanse veldtog om Napoleon se Franse magte in 1801 te verdryf, is Egipte as ’n waardevolle Ottomaanse provinsie onder die beheer van ’n ambisieuse Turkse militêre offisier, Mehmed Ali Pasha, geplaas. In sy pogings om Egipte uit die wentelbaan van Istanboel te verwyder en ’n outonome dinastie vir homself en sy erfgename te vestig, het hy aktief nuwe ekonomiese bande met Europa gesmee. Om die koste van die weermag en sy ander staatsprojekte te finansier, het Mehmed Ali twee deurslaggewende besluite geneem, wat albei Europese belange in Egipte aansienlik sou versterk. Eerstens, met die erkenning van die groeiende vraag na rou vesel om die industriële meulens van Lancashire te voed, het Mehmed Ali sy weermag gebruik om kleinboere te dwing om katoen in plaas van ander gewasse te kweek. Oor die komende dekades, soos wat katoenverbouing oor die Nyldelta versprei het, sou daardie besluit die lot van Egipte se staatsprojekte al hoe meer aan die uitvoer van daardie enkele kommoditeit verbind, maar wat al hoe meer onstabiel geraak het namate Amerikaanse plantasie-eienaars gelyktydig groter oeste geproduseer het. Tweedens, as Mehmed Ali die belofte van hoër inkomste in nuwe gebruike van Egipte se ryk landbougrond gesien het, het hy ook probeer om op nuwe maniere voordeel te trek uit die land se eeueoue status as ’n geografiese verbinding tussen die Ooste en die Weste om daardeur Egiptiese grondgebied as die belangrikste deurgang vir verkeer tussen Europa en Asië te vestig en te verseker. Aan die begin van die 1820’s begin hy meer aandag daaraan skenk om hierdie roete oorland van die Middellandse See na die Rooi See te ontwikkel. Hoe meer skepe by Egiptiese hawens land en hoe meer verkeer oor Egiptiese grondgebied gegaan het, hoe meer fooie kon onttrek word uit die beweging van kommersiële goedere, pos, reisigers en soldate. Die doel was om Egipte aantrekliker te maak as die gevestigde seeroete om die Kaap die Goeie Hoop óf ook ander aanspraakmakers op ’n deurtog oor land deur Mesopotamië of Persië. In samewerking met ’n Britse entrepreneur genaamd Thomas Waghorn, het Mehmed Ali aansienlike hulpbronne bestee om die nodige infrastruktuur te ontwikkel om reistye oor land tussen Alexandrië na die hawe Suez by die Rooi See te verkort.

Ferdinand de Lesseps verskyn op die toneel

Dat hierdie roete uiteindelik deur 'n maritieme kanaal vervang is, was die gevolg van 'n onwaarskynlike sameloop van historiese wêreldgebeure aan beide kante van die Middellandse See. In 1847 bevestig 'n span navorsers uiteindelik dat daar geen ernstige verskil in vlakke tussen die Middellandse See en die Rooisee is nie. In 1854 begin die beplanning vir die Suezkanaal amptelik. Nadat hy Egipte vir meer as vier dekades regeer het, sterf Mehmed Ali die daaropvolgende jaar. In dieselfde jaar het 'n verwoestende ekonomiese krisis gehelp om steun aan te wakker vir die populêre stryd wat oor 'n groot deel van Europa uitbreek het. Daardie revolusionêre ambisies – wat beroemd deur Marx en Engels in die Kommunistiese Manifeste verwoord is⁷ – is vinnig en gewelddadig onderdruk en sou die werking van globale finansies en die verband daarvan met die uitbou van kolossale infrastruktuurprojekte regoor die wêreld totaal verander. Soos die stof van die rewolusies gaan lê het, het 'n nuwe generasie bankiers en entrepreneurs in Europa se groot finansiële sentrums voorsien dat politieke stabiliteit, sowel as winste, kan spruit uit die letterlike hervorming van die wêreld. Die manier om die herhaling van sulke bedreigings vir die sosiale orde te voorkom, het hulle aangevoer, was nie net om nuwe stedelike ruimtes te ontwerp wat minder kwesbaar is vir die magte van populêre opstand nie, maar om in die buiteland te soek na nuwe geleenthede om beskikbare kapitaal en arbeid te laat saamwerk. Egipte se vervoergeleenthede het dienooreenkomstig aandag getrek. Dit was in hierdie konteks dat Ferdinand de Lesseps se planne vir 'n gesamentlike aandeelmaatskappy om 'n maritieme kanaal deur die landengte van Suez uit te graawe en te bestuur begin het om vorm aan te neem.

Hy was geensins die eerste om die idee te propageer nie, maar daardie vroeëre voorstelle het hewige teenkating in Egipte sowel as in Europa ontken. Nadat hy aansienlike hulpbronne aan die ontwikkeling van die oorlandroete gewy het, was Mehmed Ali heeltemal gekant teen die idee van 'n kanaal, aangesien hy bang was dat 'n maritieme kanaal wat deur Franse beleggers gebou en geadmistreer sou word, moontlik Egipte se toe reeds lonende inkomste uit die transitohandel sou ondermyn. Sy Britse vennote het dié kommer gedeel. Lord Palmerston se regering in Londen het die kanaal ook beskou as die jongste Franse skema om die veiligheid van Britse belange na en in Indië te bedreig.⁸ De Lesseps was egter in staat om 'n ooreenkoms met Ibrahim Pasha, Mehmed Ali se seun en opvolger, te beding en die Suezkanaal-maatskappy is gestig.

Aangesien De Lesseps se voorgestelde kanaal die steun van die Franse keiser Napoleon III geniet het, was die Britse regering sterk gekant teen die bou daarvan. Baie Britse politici het die konstruksie daarvan beskou as 'n politieke skema wat daarop gemik was om die Britse oorheersing van globale skeepvaart te ondermyn. Die Britse ambassadeur in Frankryk het selfs aangevoer dat ondersteuning van die kanaal niks minder as 'n “selfmoorddaad” sou wees nie. Toe De Lesseps probeer om aandele in die kanaalmaatskappy te verkoop, het Britse koerante die projek bestempel as 'n flagrante poging om eenvoudige mense te beroof. De Lesseps was voorts in 'n openbare woordstryd met Lord Palmerston betrokke en het selfs die spoorwegingenieur, Robert Stephenson, tot 'n tweeveg uitgedaag nadat laasgenoemde die projek in die parlement veroordeel het. Dwarsdeur die Britse Ryk is voortgegaan om die bou van die kanaal af te kraak. De Lesseps het volhard om die projek se voordele te bemark

⁷ Crankshaw (1981), bl. 46.

⁸ Siegfried, bl. 609.

met die klem daarop dat dit universele voordele vir maritieme nasies sou inhou. Die kanaal sou die roete van Brittanje na Indië met 4 000 seemyl verkort, maar tog was Brittanje die kanaal se mees gedugte vyand.

De Lesseps was egter uitgeslape en sy vorige ervarings as diplomaat in Egipte het hom goed te pas gekom om sy plan vir 'n kanaal te bevorder. Hy het dus daardie ervaring en sy kontakte in Egipte behendig namens potensieële beleggers in die projek aangewend. Sy hartlike verhoudings met Said Pasha, wat hy ontwikkel het terwyl hy in die 1830's in Egipte gedien het, het hom in staat gestel om 'n toegewing vir die uitgrawe van 'n kanaal te verkry ten spyte van hewige teenkating van Said Pasha se ministers.

Die bepalings van daardie ooreenkoms was deurslaggewend. In ruil vir 15% van die kanaal se toekomstige winste, het Egipte aan die kanaalmaatskappy 'n 99-jaar-huurkontrak oor die grond waardeur die kanaal sou loop, toegestaan. Om beleggers regoor Europa te lok om aandele in die maatskappy te koop en die kapitaal bymekaar te maak wat nodig was om die reuseonderneming te finansier, het Said hom daartoe verbind om Egiptiese gedwonge arbeid beskikbaar te stel vir die sielodende werk om deur soveel sand en modder te graawe. Dit het massiewe arbeid vereis. Die Egiptiese regering het aanvanklik die meeste arbeiders voorsien deur armes te dwing, soms onder dreigemente van geweld, om teen nominale betaling te werk. Vroeë gedeeltes van die kanaal is met die hand gegraawe. Vordering was dus pynlik stadig. Die projek het 'n probleem geword toe die Egiptiese heerser, Ismail Pasha, die gebruik van dwangarbeid in 1863 skielik verbied. Gekonfronteer met 'n kritieke tekort aan werkers het De Lesseps en die kanaalmaatskappy hul strategie verander en 'n paar honderd stoom- en steenkoolaangedrewe graawe en baggerbote begin gebruik om die kanaal te graawe. Dit het die projek die nodige hupstoot gegee en die maatskappy het vinnig vordering gemaak tydens die laaste twee jaar van konstruksie. Van die 75 miljoen kubieke meter sand wat uiteindelik verwyder is, het swaar masjinerie sowat driekwart daarvan hanteer.

Ten spyte van die buitengewoon ruim bepalings van die konsessie-ooreenkoms, het De Lesseps uiteindelik gesukkel om kopers vir aandele in sy *Compagnie Universelle du Canal Maritime de Suez* te kry. Die doel van die Suezkanaal wat hy aan voornemende beleggers voorgedhou het, was nie bloot groter onderlinge verbinding om internasionale vervoer doeltreffender te maak nie, maar om transitogelde te hef vir die skepe wat deur die kanaal beweeg. Nadat hy deur Europa getoer het om die kanaal as 'n voordeel vir die hele mensdom te bevorder, het De Lesseps gehoop om duisende beleggers te bekom in sy "universele maatskappy". Hierdie metode om kapitaal bymekaar te maak deur 'n massa-intekening van klein aandele was so nuut soos die ingenieursprestasie self. Die meeste mense wat dit wel aangehoor het, het dit as te duur en te riskant beskou. Ander buite Frankryk het dit steeds gesien as 'n duidelik Franse projek wat eng Franse belange sou dien.

Gevolge van Egipte se finansiële verknorsing

Met vertroue in De Lesseps se talente as 'n verkoopsman, het Said hom egter daartoe verbind om enige onbetaalde aandele te koop. Toe De Lesseps te kort skiet, is Said gedwing om die ooreenkoms na te kom en die res te koop. Daardie groot onvoorsiene uitgawe aan die kanaal was gou baie meer as wat die Egiptiese regering kon dek ten spyte van drakoniese pogings om meer inkomste uit die platteland te verkry. Dit het die finansiële balans in Europa se guns geswaai wat 'n rampspoedige politieke gevolg vir Egipte ingehou het. Said en sy opvolger moes 'n reeks lenings by vooraanstaande banke in belangrike finansiële sentrums in Europa aangaan om die groot begrotingstekort aan te vul. 'n Kortstondige oplewing in globale

katoenpryse tydens die Amerikaanse Burgeroorlog (1861–1865) het Egipte in staat gestel om teen die opgeblase inkomste van sy katoenoeste te leen. Toe daardie oorlog verby is, het katoenpryse gedaal, wat die las ondraaglik gemaak het vir Egipte. Teen die laat 1860's het Ismail se regering verdere lenings op toenemend onvolhoubare voorwaardes aangegaan om al daardie vroeëre skuld te dek. Nóg later, om tyd te probeer wen, het Ismail Egiptiese aandeelhouing in die kanaal aan die Britse regering verkoop in 'n desperate poging om met die betalings tred te hou.

The Suez Canal shares were the only saleable assets. ... In the eighties, British shipping totalled 75 per cent. of all tonnage passing through the Canal.⁹

Die Britte wat teen daardie tyd bewus was van die dwaasheid van hul lang opposisie teen die kanaal het 'n geleentheid gesien om te herstel. Vir vier miljoen pond (ongeveer 20 miljoen dollar toe dit baie meer werd was as nou) kon hulle die Egiptiese aandeel koop – en in werklikheid die kanaal. Die Britte het uiteindelik wel 'n belang van 44 persent in die kanaal-maatskappy bekom en het sodoende in 1875 'n groot aandeelhouer in die Suezkanaal-maatskappy geword.

The Government has recovered by a single act of far-sighted courage the reputation damaged by the many failures of the present Recess. The purchase of the Khedive's shares in the Suez Canal on behalf of the British Government is a most important step, and one which it required no small courage and decision to adopt. It is no light thing for a British Minister to promise £4,000,000 sterling, and engage in an enterprise which may cost millions more, without consulting Parliament, and that the Cabinet has ventured to do this is an evidence of energy which is as unexpected as it is agreeable. The negotiation, moreover, has been managed in the most reassuring way. Its entire history, its suddenness, its complete success, its audacity – for the news will fall like a thunderbolt both in Paris and Constantinople – serves to show that on some points at least there is firmness in British counsel; that our Government can still ensure perfect secrecy in a most important transaction; and that our statesmen have not forgotten that national wealth, though sometimes an embarrassment, can sometimes also be used as a most potent weapon.¹⁰

Met die Britse regering, wat self die sekuriteit gewaarborg het, is die geld byna van die een dag op die volgende deur die Rothschild-bankfamilie ingesamel. Die aankoop het wêreldwye konsternasie veroorsaak en in 1888 het nege groot lande vergader om die internasionale status van die kanaal vir alle tye te bevestig. Dit was egter te min te laat. Die volgende jaar het Egipte versuim om sy leningsverpligtinge na te kom en verteenwoordigers van die buitelandse effekthouers het beheer oor die staat se finansies verkry en besparingsmaatreëls ingestel. Die besnoeiings was baie ongewild en teen die vroeë 1880's het openbare verontwaardiging oorgegaan in 'n beweging vir grondwetlike heerskappy en 'n terugkeer na fiskale soewereiniteit. In 1881 het Egipte groot omwentelinge ondergaan. Die regering van Tewfik Pasha het protesopstande ervaar wat deur Islamitiese nasionalisme aangevuur is om hom en daarmee ook Europese invloed te verwyder. Uit vrees dat die nasionaliste volle beheer oor die land en dus ook die Suezkanaal sou verkry, moes die Britte noodgedwonge militêr ingryp om Tewfik Pasha se bewind te herstel. Die Britte het blykbaar opgetree (of so is beweer) om Britse

⁹ Wilson (1939).

¹⁰ "Topics of the Day: England and the Suez Canal" (1875), bl. 4.

finansiële en strategiese belange te beskerm. Alhoewel die Franse ook aansienlike ekonomiese belange in Egipte gehad het en ook reeds saam met Brittanje opgetree het om beheer oor Egipte se finansies uit te oefen, was Frankryk nie bereid om aan die besettingaanval deel te neem nie.¹¹ Die Anglo-Egiptiese Oorlog het van Julie tot September 1882 geduur. Die Britte het die Egiptiese nasionaliste maklik verslaan en Tewfik Pasha se bewind is herstel, maar die oorwinning het terselfdertyd meegebring dat Brittanje beheer oor die Suezkanaal geneem het.

Egypt became a protectorate of the British Empire, which meant that while Egypt had its own government it was still heavily influenced and controlled by the British. As such, the British considered Egypt to be under its “protection” and guided the African nation in ways that best suited the British.¹²

Hierdie laasgenoemde gegewe het die Britte dekades later duur te staan gekom.

Opening van die kanaal

Toe die Suezkanaal in 1869 voltooi is, het die Franse beeldhouer Frédéric-Auguste Bartholdi probeer om De Lesseps en die Egiptiese regering te oortuig om hom te kry om ’n beeldhouwerk genaamd “Egipte wat lig na Asië bring” te skep wat by die kanaal se ingang vanaf die Middellandse See opgerig kon word. Geïnspireer deur die antieke Kolossus van Rhodes het Bartholdi ’n standbeeld van 27 meter hoog van ’n vrou in Egiptiese drag wat ’n massiewe fakkel vashou, voorgestel. Dit sou ook as vuurtoring vir skepe in die kanaal kon dien. Alhoewel hierdie projek nooit gerealiseer het nie, het Bartholdi tog voortgegaan om die standbeeld te voltooi. In 1886 is dit uiteindelik amptelik by die ingang na New York se hawe onthul as “Liberty Enlightening the World” as ’n geskenk van die Franse aan die VSA om honderd jaar van onafhanklikheid te herdenk. Later het dit beter bekend geword as die “Statue of Liberty” wat op Vryheidseiland staan.¹³

Die kanaal is op 17 November 1869 geopen en beskryf as een van die mees glansryke gebeurtenisse van daardie eeu. Die Egiptiese Khedive, Ismail, het koninklikes genooi, waaronder die Sultan van Turkye, die Franse keiserin Eugénie, vrou van Napoleon III wat ’n belangrike invloed op haar man se buitelandse beleid gehad het en haar persoonlike betrokkenheid om Franse steun vir De Lesseps se projek te werf, die Oostenryk-Hongaarse keiser Franz Joseph en die kroonprins van Pruise en Nederland.¹⁴ Die Suezkanaal is feestelik en formeel geopen deur ’n konvooi van 46 skepe wat die keiserlike Franse seiljag *L’Aigle* met die keiserin aan boord ingesluit het.

As gevolg van die uitgestrekte Britse Ryk en sy oorweldigende vlootmag was dit vir Brittanje van kardinale belang om die Suezkanaal te beheer. Trouens, Britse imperialisme in Indië was ’n kernrede vir Britse belangstelling in Egipte, aangesien die kanaal Brittanje ’n vinniger en meer direkte roete na sy kolonies in die Verre Ooste en die Indiese Oseaan gegee het. Aldus het die Britte die Suezkanaal beskou as die reddingsboei van die Britse Ryk met die verbeterde en sneller toegang tot Indië. Bowendien het Indië al meer onder die aandag van die wêreld gekom en het die lang seereis om die Kaap die Goeie Hoop onnodig geword.¹⁵

¹¹ Thomas & Toye (2015), bl. 1082.

¹² <[https://www.historycrunch.com/egypt-and-the-suez-canal-in-the-age-of-imperialism.html#/>](https://www.historycrunch.com/egypt-and-the-suez-canal-in-the-age-of-imperialism.html#/)

¹³ Harris (1985). <https://oi.uchicago.edu/sites/oi.uchicago.edu/files/uploads/shared/docs/danh_vo_labels.pdf>

¹⁴ <[https://dawlischchronicles.com/2018/02/02/opening-the-suez-canal-1869/>](https://dawlischchronicles.com/2018/02/02/opening-the-suez-canal-1869/)

¹⁵ “England in India” (1869), bl. 787.

Direkte Britse betrokkenheid

Verdere uitbreiding van handel was gevolglik moontlik en dit het gelei tot 'n omwenteling met die hoeveelhede en verskeidenheid goedere wat tussen Brittanje en sy kolonies, veral Indië, verskeep is.

It is estimated that about half the whole foreign trade of India has taken the route of the Suez Canal.¹⁶

Britse adviseurs het nou gesorg dat ongeveer die helfte van Egipte se jaarlikse belastinginkomste stiptelik aan buitelandse verbandhouders oorbetal moes word. Die Britse Tesourie het intussen die enkel grootste aandeelhouer in die kanaalmaatskappy geword, en Brittanje het die groeiende winste op verkeer deur die kanaal aangewend om begrotingskoste aan belastingbetalers in Brittanje te dek. Egipte en sy inwoners het weinig voordeel hieruit getrek.

The British Government, after a deliberation almost needlessly long, has agreed to propose to the Powers that the Suez Canal shall be declared a free water-way for the world, an arm of the sea, to be traversed at discretion by the navies and commercial steamers of all Powers wishing to use it. Those who pass must pay duties for the privilege.¹⁷

Die geskiedenis van Egipte onder die Britte het geduur vanaf 1882 – toe dit deur Britse magte tydens die Anglo-Egiptiese Oorlog beset is – tot 1956 toe die laaste Britse magte ingevolge die Anglo-Egiptiese ooreenkoms van 1954 onttrek het. Gedurende die eerste tydperk van Britse bewind (1882–1914) het die Khedivate van Egipte 'n outonome provinsie van die Ottomaanse Ryk gebly. Die Britse besetting het geen regsgrondslag gehad nie en gesamentlike beheer saam met die Franse is oor die Suezkanaal uitgeoefen. Alhoewel Brittanje Egipte as 'n *de facto* protektoraat bestuur het, is dikwels daarna verwys as die “verskuilde protektoraat” en was Egipte nooit deel van die Britse Ryk nie. Vanuit 'n Britse perspektief beskou, was hulle in Egipte nie ter wille van Egiptenare nie, maar eerder ter wille van Europa in die algemeen en Brittanje in die besonder. Alhoewel Egipte nie 'n formele Britse kolonie was nie, het dit nietemin baie van die eienskappe van 'n Britse kolonie gehad. Hierdie feit laat Louis met die volgende stelling: “As with colonization, so with the Suez Crisis: Egypt became the ‘driveshaft in a vast geopolitical machine’”.¹⁸ Die kanaal en die Ryk se buiteposte oos van die kanaal was strategies van deurslaggewende belang vir Brittanje.

In proportion to the growing importance of our Indian empire and Eastern trade, the desire of more frequent and speedy intercourse with India increases. At present a general “pressure from without” is brought to bear upon the Government and East India Company by the mercantile interests, joined by that numerous portions of the public who have friends and connexions in the civil or military service.¹⁹

Volgens Robinson het die kanaal se vroeë werking ook 'n bepaalde uitwerking op die kolonisasie van Afrika gehad: “Occurring at precisely the same time as the ‘Scramble for Africa’”.²⁰

¹⁶ “Home and Foreign Gossip” (1874), bl. 274.

¹⁷ “The British Proposal for the Suez Canal” (1883), bl. 16.

¹⁸ Louis (2006).

¹⁹ “The Acceleration of the Indian Mail” (1843), bl. 14.

²⁰ Robinson *et al.* (1978).

Toe die Ottomaanse Ryk aan die kant van die Sentrale Moondhede by die Eerste Wêreldoorlog aangesluit het, het Brittanje wel 'n protektoraat oor Egipte verklaar. Die regerende Khedive is afgesit en sy opvolger, Hussein Kamel, was verplig om homself in Desember 1914 tot Sultan van Egipte onafhanklik van die Ottomane te verklaar. Die formele protektoraat oor Egipte het die oorlog oorleef.

The Treaty of Versailles Germany consented to the transfer to the British Government of all powers conferred upon the Sultan by the Convention of 1888 relating to the Suez Canal. Also it recognized the British protectorate in Egypt as of August 4, 1914.²¹

Hierdie bepaling het egter verval toe die Britse regering Egipte onafhanklik verklaar het op 28 Februarie 1922. Ten spyte van Sultan Fuad I wat homself kort daarna tot koning van Egipte verklaar het, het die Britse besetting voortgegaan ooreenkomstig verskeie bepalings in die verklaring van onafhanklikheid. Die situasie is later genormaliseer in die Anglo-Egiptiese verdrag van 1936 wat aan Brittanje die reg verleen het om troepe in Egipte te plaas vir die verdediging van die Suezkanaal om sodoende sy bande met Indië te beskerm: "It was England's chief interest to keep the waterway to India open."²²

Met die koms van die Suezkanaal het die Middellandse See gou die hoofslagaar²³ van die Ryk geword vir die vervoer van goedere en troepe na en van die kolonies. In die Middellandse See was daar 'n sterk Britse teenwoordigheid as gevolg van die vloot se onversadigbare vraag na basisse. Almal het ten doel gehad om die noodsaaklike kommunikasielyne na Indië te beveilig en hierdie buiteposte van die Ryk was van besliste strategiese waarde vir Brittanje.²⁴ Die muitery in Indië in 1857 het die strategiese belangrikheid daarvan genoodsaak om inligting en troepe so vinnig as moontlik na hierdie kolonie te verskuif. Verder het die voltooiing van die kanaal ook gehelp om 'n verskuiwing in die tegnologie van wêreldwye skeepsvervoer te weeg te bring. Onvoorspelbare winde en die smalheid van die kanaal het beteken dat seilskepe nie sonder probleme daardeur kon vaar nie.

The Suez Canal, owing to the tortuous, rocky navigation of the Red Sea, together with its variable winds and terrific heat, is practically useless for sailing ships, which, therefore, in order to reach the Indies, China, and Australia must sail around the Cape of Good Hope.²⁵

Die Suezkanaal het met ander woorde 'n nuwe generasie skepe geakkommodeer wat deur fossielbrandstowwe aangedryf is.²⁶ In die laaste helfte van die 19de eeu was daar steeds redes om wind as die dryfveer vir seereise te verkies omdat dit niks gekos het nie, geen vragspasie opgeneem het nie, nie ontplof het nie en ook die noodsaak van gereelde brandstofname uitgeskakel het. Maar omdat die enorme voordele van die roete om die Kaap hoofsaaklik vir seilskepe beskikbaar was, het die Suezkanaal 'n beduidende rol gespeel om gouer meer aandag te skenk aan skepe wat steenkool verbrand het.

The completion of the Suez Canal has already affected the rate of freights to and from India and China around the Cape of Good Hope.²⁷

²¹ Hoskins (1935), bl.99.

²² Siegfried, bl. 611.

²³ <<https://www.nationalarchives.gov.uk/cabinetpapers/help/glossary-s.htm>>

²⁴ <<https://www.britishempire.co.uk/maproom/europe.htm>>

²⁵ "Nicaragua Canal" (1889), bl. 52.

²⁶ Siegfried, bl. 607.

²⁷ "Foreign News" (1869), bl. 787.

Die wedywering tussen Brittanje en Frankryk oor Egipte en die Suezkanaal het in die laaste deel van die 1800's steeds voortgeduur.

Otto von Bismarck en Duitsland se benadering tot Egipte

Hierdie stigter en eerste kanselier van die Duitse Ryk het 'n bepaalde benadering tot Egipte ingeneem en dit as 'n integrale deel van sy buitelandse beleid beskou. Egipte se geostrategiese ligging het dit 'n gesogte voorwerp van Europese imperialisme gemaak. Dit was hoofsaaklik Brittanje en Frankryk wat meegeding het vir groter invloed in Egipte. Beide was ongerus oor die moontlikheid dat nog 'n party in Egipte betrokke sou raak. Bismarck was allermins van voorneme om direk by enige aktiwiteit in Egipte betrokke te raak.²⁸ Hy het nie eintlik 'n politieke doel daar nagestreef nie. Vir hom was dit noodsaaklik om ander lande aanhoudend oor en in die Midde-Ooste te laat stry. Verder het hy Egipte bloot gebruik om Duitse belange elders te bevorder. Die koloniale droom het hom baie nuttig te pas gekom. So het hy die Franse en die Britte teen mekaar afgespeel²⁹ en hul wedersydse wedywering berekend uitgebuit om sy land se belange te bevorder.

Let the Maritime Powers play with Africa and Asia to their hearts' content, had been his line; it will keep them out of mischief nearer home and also, with a stroke of luck here and a cunning nudge there, put them at each other's throats. Italy could be set against France in Tunis; Britain and France against each other in Egypt.³⁰

Pakenham noem een so 'n voorbeeld: "Bismarck was egging on the French ... [And the British asking why they] had fallen for Bismarck's malevolent game?"³¹ Hieroor merk Kissinger ook op:

Bismarck did his utmost to satisfy French colonial expansion ... [and] to embroil France with colonial rivals, especially Great Britain.³²

Kissinger beskryf Bismarck se diplomاسie as "intricate and subtle",³³ terwyl Crankshaw 'n insiggewende uiteensetting van Bismarck se geheime diplomاسie gee.³⁴ Om hierdie diplomاسie van Bismarck te begryp, is dit belangrik om die voorgeskiedenis van gebeure in gedagte te hou. Vanaf die begin van Brittanje se besetting van Egipte in 1882 tot die begin van 1884 was die verhoudinge tussen Duitsland en Brittanje uiters gemoedelik. Die besetting van Egipte het Brittanje met 'n magdom internasionale probleme gelaat. Frankryk, wat tot op daardie stadium met Brittanje in Egipte saamgewerk het, het egter geweier om aan 'n gewapende ingryping deel te neem. Wat die Egiptiese vraagstuk so belangrik en deurslaggewend gemaak het, was dat hierdie besetting die Anglo-Franse *entente* waarvolgens sake in Egipte voorheen gereguleer is, beëindig het. Gevolglik was Frankryk nie meer 'n bondgenoot nie maar eerder 'n kritikus.³⁵ Elkeen moes nou sy eie terme met Bismarck bereik. Finansiële belange was nie 'n kwessie nie: Bismarck het die ekonomiese uitbuiting van Egipte aan andere oorgelaat. Daarom het hy

²⁸ Aydelotte (1974), bl. 115.

²⁹ <<https://en.qantara.de/content/bismarcks-egypt-policy-the-ulcer-of-the-orient>>

³⁰ Crankshaw, bl. 369.

³¹ Pakenham (1991), bl. 123.

³² Kissinger (1994), bl. 159.

³³ *Ibid.*, bl. 135.

³⁴ Crankshaw, bl. 369.

³⁵ Aydelotte, bl. 1.

nie geaarsel om die spanning tussen die twee magte wat reeds in Egipte betrokke was, te verhoog nie. Hiermee het hy 'n fyn spel gespeel en Brittanje by feitlik elke geleentheid aangemoedig om nog meer in Egipte betrokke te raak, welwetende dat enige sodanige aktiwiteit onvermydelik tot konflik met Frankryk sou lei en Britse aandag aan sy belange elders sou verminder. Retrospektief beskou was dit dus nie verbasend dat Bismarck die Britte oorreed het om Egipte in 1882 te beset nie. Hy het op behendige wyse, sommige sal reken dat dit eerder slinks was, Egipte eintlik as niks meer as 'n verdelingsmeganisme en -strategie aangewend nie.

By 1887 the Egyptian entanglement was getting worse and Salisbury [Gladstone se opvolger as eerste minister] found British imperialism there “very inconvenient and somewhat humiliating”. The right of the French to block Egyptian finance still threatened to sabotage the government. Worse, out of spite over Egypt, the French were trying to make it hot for British interests the world over. This in turn gave Bismarck the power of blackmail. He threatened to patch up relations with France and attack Britain in Egypt – unless he was paid his price, which was to force Britain into a “downright quarrel” with France.³⁶

Bismarck was Brittanje se enigste steun in Europa gedurende die moeilike eerste twee jaar van die Egiptiese besetting. Hy het met takt en vriendelikheid Britse optredes daar aangemoedig en ondersteun en in alle opsigte vermy om probleme vir die Britse regering te veroorsaak. Die Britte was buitengewoon dankbaar teenoor Bismarck vir die vriendelike gesindheid en welwillendheid van Duitsland wat hulle met 'n vry hand in Egipte gelaat het.

He refrained from interfering in the trouble that Great Britain and France stirred up in Egypt. ... the Liberal Government were beholden to him for services rendered in the Egyptian trouble ... throughout the whole of the Egyptian crisis. ... Good will or sheer convenience – the old Emperor saw no reason to fire a bullet to aid England in occupying Egypt! ... Still, it must be conceded that no matter what the German reasons were for keeping out of the broils of other nations during this period, her actions made a deep impression upon statesmen in England.³⁷

Brittanje wou ten alle koste 'n nuttlose rusie met Duitsland vermy. Hulle het genoeg op hande gehad in Egipte. Dus was Eerste Minister Gladstone vasbeslote dat Bismarck moes kry wat hy wou hê³⁸ en Eerste Minister Disraeli was op sy beurt betower met die magiese aura wat Bismarck projekteer het.³⁹

The Cape might complain of the “crippling effect” of a German presence on its borders. But, if only because he needed Bismarck’s support in other parts of the world and more particularly for Britain’s new role as the protector of Egypt, Gladstone could not afford to quarrel with Germany over a “waterless waste” in South-West Africa.⁴⁰

Maar in 1884 het die situasie dramaties verander. Die ondersteuning wat Bismarck aan Brittanje ten opsigte van Egipte gegee het, het verdwyn en die betrekkinge tussen die twee lande was

³⁶ Pakenham, bl. 339.

³⁷ Neilson (1950), bl. 302.

³⁸ Crankshaw, bl. 397.

³⁹ Ibid., bl. 350.

⁴⁰ Nutting (1970), bl. 116.

skielik problematies. Die oorsaak van die vervreemding was die dispuut oor Suidwes-Afrika, die eerste Duitse kolonie. Toe Bismarck sy Egiptiese troefkaart uiteindelik speel, was dit hoofsaaklik teen Brittanje gemik om sodoende vir homself beweegruime te skep om sy eie bepaalde doelwitte elders na te streef.⁴¹ Die hoogtepunt van die koloniale opwindings wat laat in 1884 gekom het, het gesorg dat Bismarck belangrike doelstellings van Duitsland se koloniale beleid bereik het. Dit het geslaag omdat hy die wig tussen Duitsland en Brittanje net dieper ingedryf het. Bismarck het sy bes gedoen en daarin geslaag om woedende reaksie by die Britte uit te lok, en daarvoor het hy doelbewus een besonder sensitiewe area gekies: Suidwes-Afrika.⁴² Senior Britse ministers was lugtig vir nuwe anneksasies en was oortuig daarvan dat opposisie teen Duitse kolonisasie geen werklike Britse belang sou dien nie. Die klaarblyklike rede vir hul ontevredenheid was eerder toe te skryf aan die druk wat Bismarck met betrekking tot Egipte begin uitoefen het.

The time was propitious for a German colonial policy, and once Bismarck had determined on this objective Franco-British hostility in Egypt assured his success.⁴³

Sy erkenning van Egipte se politieke en strategiese betekenis vir die Duitse Ryk het dus meer daarop gegaan om onder andere sy land se eie koloniale beleid te bevorder en prakties uit te voer.

Gebeure gedurende die 20ste eeu

In 1898 is Frankryk en Brittanje byna in 'n oorlog oor Egipte gewikkel.⁴⁴ Teen 1902 het die Anglo-Boere-oorlog ook sy merk op Brittanje gelaat. Twee jaar later het Brittanje en Frankryk die *Entente Cordiale* op 8 April 1904 gesluit wat 'n beduidende verbetering in Anglo-Franse betrekkings meegebring het. Die belangrikste kenmerk van hierdie ooreenkoms was die wedersydse erkenning dat Egipte ten volle in die Britse invloedssfeer bly en eweneens Marokko in Frankryk s'n. Die Franse het onderneem om nie Britse optrede in Egipte te bemoeilik en Britse beheer oor Egipte uit te daag nie. Daarenteen het die Britte die Franse toegelaat om die orde in Marokko te bewaar. Gevolglik is vrye deurgang deur die Suezkanaal gewaarborg wat die Konvensie van Konstantinopel – ook bekend as die Suezkanaalkonvensie – uiteindelik in

⁴¹ Hieromtrent vervolg Pakenham soos volg:
[It gave] Bismarck a real grievance, and to provoke him to play his Egyptian card. ... It was as effective – and as humiliating for the British – as Bismarck could have hoped in his most bloody-minded mood. Bls. 210-212.

⁴² Gall (1986), bl. 140 en Aydelotte, bl. 132. Pakenham beskryf ook oor hoe Bismarck die Britte in Suidelike Afrika uitoorlê het:

Bismarck could put his cards on the table, and trust the British to respect his right to an African empire. Or he could deceive them about his intentions. It was natural that Bismarck, who trusted no one, ... should assume the worst of the British. Realpolitik was not a parlour game. To practise, but never to admit, deceit was part of the rules. ... the deception was to assure the British that they need not pay much attention to Angra Pequena [now Lüderitz]; Bismarck had no intention of founding a colonial empire. ... It had simply never occurred to them that Bismarck was interested in colonies. On the contrary, they believed, up to the last moment, that all the Germans required was that the British should take responsibility for protecting Germans. ... the British Foreign Office had been completely gulled by Bismarck. ... In fact the British were too vulnerable in Egypt to deny Bismarck anything so worthless as Angra Pequena.

⁴³ Aydelotte, bl. 135.

⁴⁴ Kissinger, bl. 171.

werking gestel het om die gebruik van die kanaal te formaliseer. Dit is op 29 Oktober 1888 onderteken en die ondertekenaars was Brittanje, Duitsland, Oostenryk-Hongarye, Spanje, Frankryk, Italië, Nederland, Rusland en die Ottomaanse Ryk wat destyds die magtigste akteurs in die maritieme politiek verteenwoordig het. Die konvensie het die konsep van die kanaal as 'n internasionale waterweg geskep wat altyd vry en oop sou wees in tyd van oorlog en van vrede vir elke handels- of oorlogvaartuig sonder onderskeid van die vlag waaronder gevaar word. Alle skepe het 'n gewaarborgde reg van vrye vaart tydens oorlog en vrede verkry. Hierdie konvensie het Britse oorheersing van Egipte gekodifiseer en gedien as 'n wetlike regverdiging vir hul betrokkenheid in Egipte vir die grootste deel van die volgende sewe dekades. Belangrik om daarop te let dat ingevolge die Anglo-Egiptiese Verdrag van 1936, Brittanje beheer oor hierdie belangrike waterweg bekom het. Met daardie verdrag het Brittanje sy houvas op Egipte vanaf Augustus 1936 nog verder verstewig deurdat betrekkinge tussen die twee state tot en met die onttrekking van Britse troepe in 1954 georden is. Ook is die Suezkanaalsone geskep ingevolge waarvan Britse troepe toegelaat is om in die omgewing van die kanaal gestasioneer te word. Namate Brittanje hulself verder in Egipte ingegrawe het, het hulle hul spiere begin bult. Hierdie hoëprofiel-uitoefening van imperiale mag het die psige van die Egiptiese bevolking diep getref. In die 1950's toe die Britte Egiptiese samewerking gesoek het, het Egiptenare vroeëre Britse optredes nie vergeet nie.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog het hierdie beheer oor die Kanaal 'n uiters belangrike rol gespeel. Dit is herbevestig toe Italië en Duitsland probeer het om dit oor te neem. In hierdie verband het Sir Winston Churchill, Eerste Minister van Brittanje van 1951 tot 1955, die volgende op verskeie plekke in sy memoires beklemtoon:

The defence of Egypt were duties compulsive upon us. ... Additional to present anxiety is the menace of mines to the Suez Canal. ... For a time [it was] completely blocked by mines. ... The Luftwaffe were already attacking the Suez Canal from bases in the Dodecanese. ... With the Germans in control of Syria, Egypt, the vital Canal Zone, and the oil refineries at Abadan would come under direct threat of continuous air attack. ... There might well be political repercussions in Egypt.⁴⁵

Ten spyte van die veronderstelde neutrale status van die kanaal, is Axis-skepe vir 'n groot deel van die oorlog toegang daartoe verbied. In 1951 het Egipte aan die Anglo-Egiptiese Verdrag onttrek.⁴⁶

Toe Japan Singapoer in Februarie 1942 oorneem, het Brittanje 'n baie strategiese en imperiale buitepos verloor wat op die begin van die ineenstorting van die Britse imperiale mag ná die oorlog gedui het en wat die globale politiek verander het. Die groot ketting van oorsese militêre buiteposte wat Brittanje onderhou en sterk op gesteun het, het van die Suezkanaal tot Singapoer gestrek. Die begrip "Oos van Suez" het dan ook na hierdie ketting verwys. Britse leiers het uiteindelik besluit om hierdie netwerk van basisse te laat vaar. Toe Indië in 1947 onafhanklik word, het Brittanje die kolonie wat baie van sy militêre slaankrag oos van Suez verskaf het, verloor. Dit was 'n verbysterende slag vir Brittanje se aansien as 'n wêreldmoondheid. Minder as 'n jaar later is 'n gewelddadige veldtog geloods om Brittanje uit Malaya te dwing. So is Brittanje se imperiale aansien en gesag nog verder geknou; om nie eens te praat van sy rykdom

⁴⁵ Churchill (1950), bls. 5, 71, 101, 321 en 322.

⁴⁶ < <https://www.history.com/topics/africa/suez-canal#suez-canal-during-wartime> >

wat ernstig verminder het nie.⁴⁷ Die las van die ryksverdediging het na Brittanje self, wat teen daardie tyd beide swakker en armer was as wat dit voor 1939 was, teruggeval.⁴⁸ Brittanje was net nie meer in staat om sy imperiale visie vol te hou nie. Sy finansiële en militêre swakhede is nou blootgelê vir almal om te aanskou.⁴⁹

Britain was teetering on the brink of bankruptcy. The newly installed Labour government was preoccupied with problems of postwar transition and was under pressure to bring home the remaining British troops abroad.⁵⁰

Vir die Britte het dit duidelik geword dat die son besig was om oor hul eens glorieryke Ryk te sak. Bronne van die aanvangstydperk van die 1950's het gedui op groeiende kommer oor die verdwyning daarvan. Sir Anthony Eden het in 1952 'n brief in sy hoedanigheid as Adjunk-Eerste Minister en Minister van Buitelandse Sake geskryf waarin hy na Brittanje se uitgebreide globale verpligtinge verwys. Daarin meld hy:

The essence of a sound foreign policy is to ensure that a country's strength is equal to its obligations. If this is not the case, then either the obligations must be reduced to the level at which resources are available to maintain them, or a greater share of the country's resources must be devoted to their support.⁵¹

Teen daardie tyd was dit vir Eden en baie partygenote duidelik dat die Britse Ryk nie meer dieselfde was as wat dit voorheen was nie. In dieselfde brief stel Eden dit verder:

If, on a longer view, it must be assumed that the maintenance of the present scale of overseas commitments will permanently overstrain our economy, clearly we ought to recognize that the United Kingdom is over-committed, and reduce the commitment. ... It is clearly beyond the resources of the United Kingdom to continue to assume the responsibility alone, for the security of the Middle East.⁵²

Soos Eden dit beskryf het, was dit duidelik dat die Britse Ryk nie meer selfvolhoubaar was nie.

Europa het weldeeglik kennis geneem van hierdie agteruitgang. Hierdie feite en veral Brittanje se gepaardgaande politieke swakheid wat net vermeerder het, het ook nie ongesiens by Egiptenare verbygegaan nie. Aan die begin van die 1950's was Brittanje 'n skadu van die land wat 'n paar dekades vroeër militêre en diplomatieke hoogty in Egipte en dan veral met betrekking tot die Suezkanaal gevier het.

The largest part of the tonnage is under the British flag – 33.3 percent of the total in 1952. Even so this represents a great falling-off from the figures of 51.4 percent in 1939 and 76.1 percent between 1870-80. England still uses the Canal a great deal more than any other nation, and is therefore the Power most directly interested, from both a political and a commercial point of view, in its efficient functioning.⁵³

⁴⁷ < <https://www.iwm.org.uk/history/the-end-of-the-british-empire-after-the-second-world-war> >

⁴⁸ Fettweis (2022). Hy hanteer die agteruitgang van die Britse Ryk besonder gepas.

⁴⁹ Darwin (1991).

⁵⁰ Spector (2022), bl. 14.

⁵¹ Gorst (1997), bl. 29.

⁵² Ibid., bl. 30.

⁵³ Siegfried, bl. 613.

Die einde van die Tweede Wêreldoorlog het ook Brittanje se plek in die wêreld drasties verander. Die internasionale stelsel het die opkoms van 'n bipolariteit tussen die kapitalistiese VSA en die kommunistiese Sowjetunie ingelui. Brittanje en Frankryk het belangrike bondgenote van die VSA geword, maar hul invloed op die wêreldtoneel het gekwyn. Dit was veral merkbaar met die beëindiging van die eens uitgestrekte Britse en Franse Ryke. Brittanje het in 1947 uit Indië onttrek en die mandaat oor Palestina is in 1948 beëindig. Teen daardie tyd het sterk onafhanklikheidsbewegings in Egipte en Maleisië tot stand gekom. Terwyl die Britse dekolonisasie grotendeels vreedsaam was, het die Franse te kampe gehad met ongelooflike bloedvergieting in pogings om rebellies in hul kolonies, Algerië en Indo-China, te beheer. Die einde van die oorlog het ook Brittanje se finansiële vooruitsigte drasties verander.

Britse denke oor oorsese basisse het fundamentele veranderinge ondergaan. Tot en met die Tweede Wêreldoorlog het slegs enkele die noodsaaklikheid van die instandhouding van gebiede oorsee bevestig. 'n Verandering van houding het egter ontwikkel as gevolg van die voortdurende druk van die verswakkende ekonomie, die ontstaan van die Koue Oorlog en die opkoms van nasionalisme in die Midde-Ooste. In Egipte het nasionalisme 'n wesentlike rol gespeel. Nietemin blyk dit dat die inherente waarde van hierdie basisse ná die Tweede Wêreldoorlog drasties verander het. Britse leiers, en veral Churchill, het nie meer groot belang aan hulle gehad nie, maar die toekomst van die militêre basisse was nie die enigste aspek van Britse buitelandse betrokkenheid wat aandag geveer het nie.

The financial crisis forced both the Labour and Conservative governments to review all colonial policy because many colonies and dependencies had ceased to pay their own way and had thus become a direct burden on the British budget. The maintenance of overseas bases after the war also proved to be a critical waste.⁵⁴

Selwyn Lloyd, wat verskeie senior ministeriële portefeuljes in die Konserwatiewe partyregering beklee het, het opgemerk dat die Tweede Wêreldoorlog Brittanje verander het van die wêreld se grootste skuldeiser tot die wêreld se grootste skuldenaar.⁵⁵ Die strikvraag vir Brittanje was hoe invloed in die wêreld behou word, terwyl 'n onnodige en onbekostigbare buitelandse beleid vermy moet word. Onttrekking uit onder andere Egipte is voorgestaan, maar veral lede van die Konserwatiewe Party het swaar gesluk aan die gedagte om die Ryk te ontbind en die houvas op Egipte te verslap, wat nog van prysgee! Brittanje moes noodgedwonge begin vrede maak met sy politieke en finansiële beperkings binne die raamwerk van die Koue Oorlog en die nuwe internasionale orde. 'n Oplossing vir hul Egiptiese probleem moes doodeenvoudig gevind word.

Die einde van die Arabies-Israeliese Oorlog van 1948 het die Midde-Ooste in 'n baie wisselvallige posisie gelaat. Die grootste gebeurtenis sekerlik in Egipte se moderne geskiedenis het op 23 Julie 1952 plaasgevind toe generaal Muhammad Neguib en 'n groep hooggeplaaste militêre offisiere wat Nasser ingesluit het die regering oorgeneem het. Verhoudinge met Brittanje het hierna handomkeer verander. Egipte het meer en meer gegrief geraak oor die voortslepende koloniale invloed en in plaas daarvan om in harmonie met Egipte saam te leef, het Brittanje steeds aangehou om die land te oorheers. Dit het gelei tot verhoogde armoede, inflasie en sosiale onrus; en politieke partye wat die bevolking ingelig het oor hoe hulle deur die Britte behandel behoort te word. Weersin teen Brittanje het vinnig begin toeneem en Egipte

⁵⁴ Abadi (1982), bl. xvi.

⁵⁵ Lloyd (1976), bl. 42. Britse Minister van Buitelandse Sake van 1956 tot 1960.

het op verskeie maniere die lewe vir die Britte moeilik begin maak. Die politieke toneel is toenemend oorheers deur nasionalisme en anti-kolonialisme wat onder die charismatiese Nasser saamgesmelt het tot 'n ideologiese pan-Arabisme en 'n onverbonde benadering tot Koue Oorlogverhoudinge met die supermoondhede. In sy verhoudinge met Egipte is Brittanje met vier kernbelangrike buitelandse beleidsaangeleenthede gekonfronteer.

Die onvermoë van die Egiptenare om hul leër so kort na die verpletterende nederlaag teen Israel te herbou, het die Egiptiese leiers ongetwyfeld bekommer. Brittanje het eenvoudig opgehou om Egipte van enige groot wapentuig te voorsien. Die heronderhandeling van die 1936-verdrag het reeds sleg vir die Britte verloop en die vermoë om wapens te verskaf was een van hul belangrikste bedingingspunte. Deur wapentuig te ontnem, wou Brittanje poog om gunstige onderhandelingsvoorwaardes af te dwing. Uiteindelik het hierdie strategie klaaglik misluk toe die Egiptenare in September 1955 die verkryging van 'n groot bestelling Sowjet-vervaardigde offensiewe wapentuig uit Tsjeggo-Slowakye aankondig. Om sake nog meer sorgwekkend vir die Britte te maak, het Egipte hierdie wapens teen 'n reuse- gunstige koers bekom. Hulle het talle waarskuwings in die voorafgaande jare gekry dat Egipte dit nie sal duld dat hulle van wapentuig ontnem word nie. Die Britte kon net hulself blameer indien hulle verras was met hierdie verwickelinge. Die Tsjeggiëse wapentransaksie het die politieke toneel van die Midde-Ooste heeltemal verander en Brittanje in 'n baie moeilike posisie geplaas. Egipte was van deurslaggewende belang vir Britse oogmerke in die Midde-Ooste, soos wat die Kabinetverdedigingskomitee se gevolgtrekking in Mei 1950 gelui het:

Egypt is the key strategic area of the Middle East. Not only is she the gateway to Africa, whose penetration by Communism would be a disaster to Western civilisation, but she forms a vital link in the communications between Atlantic Powers and their allies in the Indian and Pacific Oceans. Furthermore, Egypt is the only country in the Middle East possessing the facilities and resources for the conduct of a major war and on which the defence of any part of the Middle East can be based. Without a fully prepared base in Egypt, the defence of the Middle East (including Egypt) cannot be attempted.⁵⁶

Brittanje was begerig om Egipte as 'n vaste bondgenoot en 'n sleutelspeler in die verdediging van die Midde-Ooste te verseker, maar dan op Britse terme. Egipte was egter nie bereid tot 'n alliansie gebaseer op vriendskap nie. Na meer as twee jaar se onderhandelinge is geen sukses behaal nie en in die loop van 1951 het drie belangwekkende verwickelinge plaasgevind: Die Britse parlement het ontbind en 'n algemene verkiesing het gevolg; die Egiptiese eerste minister het die Verdrag van 1936 eensydig opgeskort;⁵⁷ en die Iranese nasionalisering van die Anglo-Iranian Oil Company (AIOC) het plaasgevind. 'n Konserwatiewe regering onder leiding van Churchill met Eden as Minister van Buitelandse Sake het gevolg en anders as die vorige Arbeidersregering was hierdie nuwe regering erg verdeeld oor wat die beste beleid ten opsigte van Egipte en die Midde-Ooste moes wees. Beide die Arbeider- en Konserwatiewe regering was geskok dat Egiptenare geen belangstelling in onderhandelinge getoon het alvorens die mees verdelende kwessie tussen die twee opgelos was nie – die toekoms van Soedan. Egipte het Soedan as 'n integrale deel van Egipte beskou,⁵⁸ terwyl Brittanje ten volle daartoe verbind was om selfbeskikking aan die Soedannese mense te verleen. Toe die kabinet in April 1951 besluit dat daar geen sprake kan wees om Britse beleid teenoor Soedan te laat vaar as die prys

⁵⁶ TNA; PREM 8/1359 19 Mei 1950.

⁵⁷ Lloyd, bl. 8.

⁵⁸ Reeds vanaf 1936 was Koning Faroek die koning van Egipte en Soedan.

vir 'n ooreenkoms met Egipte oor verdediging nie, het hierdie kwessie 'n algehele stilstand in onderhandelinge veroorsaak. Vir albei kante was dit onmoontlik om 'n formule te vind wat vir beide aanvaarbaar sou wees met betrekking tot die Egiptiese eis. Hierdie dooie punt is op 23 Julie 1952 verbreek toe koning Faroek gedwing is om te abdikeer.

Die nuwe Egiptiese regering het steeds volhard en volle Britse onttrekking uit die Kanaalsone geëis sodat die Britse besetting van 70 jaar daarmee beëindig kon word. Om te verseker dat beheer van die kanaal behoue bly, het Brittanje sy teenwoordigheid in Egipte vergroot deur 'n enorme reeks basisse in die Suezkanaalsone te bou wat op 'n stadium 80 000 manskappe gehuisves het. Dit het 'n uitdagende las vir Brittanje geword. Die Tesourie het sedert 1951 reeds gewaarsku dat weens die herbewapeningsprogram wat met die uitbreek van die Koreaanse Oorlog aanvaar is die hulpbronne wat uit uitvoere en beleggings afkomstig was, uitgeput mag word – 'n situasie wat op sy beurt tot nadeel van die betalingsbalans en die doeltreffendheid van die ekonomie mag wees. Die ministeriële hersiening van verdedigingsbeleid in 1953 was radikaal en daarop gemik om die gewapende magte te verminder tot wat nodig was om Brittanje se posisie as 'n wêreldmoondheid in vrede te handhaaf of wat in die eerste ses weke van 'n kernoorlog aangewend kon word. Die militêre stafhoofde het egter die belange van hul dienste verdedig en daarop aangedring dat konvensionele magte nodig mag wees vir 'n langer oorlog.⁵⁹

Brittanje se aansien is 'n verdere gevoelige slag toegedien deur sy onvermoë om die Irannese nasionalisering van die AIOC te verhoed, waarin, soos die geval was met die Suez Canal Company, die Britse regering 'n groot aandeelhouer was. Die VSA was deeglik bewus van Iran se potensiele waarde as 'n bondgenoot in die Koue Oorlog en het die gebruik van geweld teengestaan. Die ontruiming van AIOC-personeel uit Abadan is deur die Britse pers gesien as 'n nasionale vernedering in baie dieselfde terme as wat oor Suez gebruik sou word. Binne dae is die Britse regering gekonfronteer met sowel Egipte se veroordeling van die Anglo-Egiptiese verdrag van 1936, as gewelddadige betogings teen die Britse militêre teenwoordigheid in die kanaalsone.⁶⁰

Teen hierdie tyd het Eden begin besef dat om 80 000 troepe in die Kanaalsone te behou, nie meer finansiëel volhoubaar was nie. Britse militêre uitgawes oorsees het van 160 miljoen pond in 1950 tot 222 miljoen pond in 1952 gestyg. Brittanje kon nie langer bekostig om daardie getal troepe onbepaald in die Kanaalsone te ontplooi nie. Brittanje se onderhandelingsvermoë het boonop verswak en die Egiptenare het dit doodgewoon uitgebuit. Na 'n verdere jaar van onderhandelinge is 'n ooreenkoms wel op 28 Julie 1954 gesluit: volledige onttrekking van Britse troepe binne twintig maande en die erkenning van die Suezkanaal as 'n internasionale waterweg. Eden het vir Brittanje uiteindelik 'n posisie in Egipte beding vir veel minder as wat hy oorspronklik geëis het. Hiermee het Brittanje nie net 'n sleutelstrategiese gebied in die Midde-Ooste verloor nie, maar Eden het baie lede van sy party, insluitende Eerste Minister Churchill, ongelukkig gestem en 'n reputasie verwerf dat hy 'n swak internasionale onderhandelaar is. Inderdaad was Churchill erg krities oor Eden se optrede:

⁵⁹ Geiger (2004).

⁶⁰ Peden beklemtoon die volgende aspekte wat later na vore tree:

In 1953 Eden circulated a cabinet paper stating that Britain's position in the Middle East could not be maintained by nineteenth-century methods, and that future policy must be to harness nationalist movements. In particular, while Britain could continue to hold its base in the Canal Zone by force, the base would be of little use without local labour to maintain it. In the event Eden's agreement with Nasser in 1954 for the withdrawal all British forces from Egypt did not dissuade the Egyptian dictator from spreading anti-British propaganda.

Peden (2012), bl. 10.

In 1953, when Churchill felt that Anthony Eden, his Foreign Secretary, was taking an insufficiently tough line in negotiations with Egypt over the future of the Suez Canal base, he became enraged, “speaking of ‘appeasement’ and saying he never knew before that Munich was situated on the Nile.”⁶¹

Die finale Britse onttrekking het op 13 Junie plaasgevind; ses weke later het Nasser die kanaalmaatskappy genasionaliseer, iets wat baie beweer in stryd met die Konstantinopel-konvensie van 1888 sou gewees het. Die beheer wat die Britte oor die kanaal wou uitoefen, is op allerlei maniere deur die Egiptenare teëgestaan. Gedurende die 74 jaar van Brittanje se militêre teenwoordigheid in Egipte, 1882 tot 1956, was die Britte vir alle praktiese doeleindes in beheer van die kanaal.⁶²

Egyptian nationalists, however, embittered by the occupation of their homeland by foreign troops, launched a campaign of negotiation, diplomacy and violence to expel the British. American officials were confronted with a choice between endorsing British base rights in Egypt or approving the aspirations of Egyptian nationalists.⁶³ The British domination of Suez rested on three foundations: defence capabilities; a subservient Egypt; and a compliant Canal Company. Time and again the British authorities used the fig-leaf of Egyptian authorization to act in their own interests: in 1882 it was in the name of the Khedive, the nominal ruler of Egypt who owed his position entirely to Anglo-French support, that the Royal Navy took control of Suez; and during the Great War action in the Canal Zone was undertaken on behalf of the Egyptian government. The Canal Company, meanwhile, had a vested interest in working closely with the British military authorities to ensure canal security.⁶⁴

Hierdie was die voorspel tot die dramatiese gebeure van 26 Julie 1956 en daarna. Wat alles bygedra het tot hierdie gebeure en hoe diep die weersin van Egiptenare in die Britte se teenwoordigheid was, word deur Abou-El-Fadl saamgevat:

Nasser developed a distinctive form of anticolonial nationalism that emphasised social justice and invoked overlapping Egyptian and Arab identities. His aspirations for liberation thus entailed a connected foreign policy and nation building programme in which pan-Arabism was a prime – and early – component. ... The profound impact of British colonialism on the political formation of the Free Officers is difficult to exaggerate. Their memoirs describe their feelings of humiliation at the indignity of “the occupation” and the complicity of Egypt’s political elite, while the first of their conspiratorial Free Officers Pamphlets published in 1946 begins clearly: “The Free Officers Council demands that the army’s mission be the independence of the country”. For these young patriots, with Britain still in control of Egyptian defence, its troops still at the Canal, and with most Egyptians experiencing either economic exploitation in a one-crop economy, or blocked opportunities at work or in politics, Egypt’s recognition as an independent sovereign state was meaningless.⁶⁵

⁶¹ Toye (2008), bl. 367.

⁶² News of the Week (1904), bl. 1.

⁶³ Hahn (1991), bl. 3.

⁶⁴ Morewood (2006), bl. 42.

⁶⁵ Abou-El-Fadl (2015), bls. 289 en 292.

Britse onderhandelaars het Egiptiese erns van die vyandigheid teenoor hulle as die onderdrukkers totaal verkeerd beoordeel. Indien die Britte sou opgetree het vanuit 'n posisie van gelykheid eerder as uit een van meerderwaardigheid en kragdadigheid, sou Brittanje 'n strategiese alliansie met Egipte kon beding het wat hul belange in die kanaal veilig sou gelaat het. Verhoudinge met Nasser sou in alle waarskynlikheid baie vriendeliker gewees het en dit sou dalk sy besluit om die kanaal in Julie 1956 te nasionaliseer, kon verhoed het. Egiptenare wou met die Britse verlede breek en uiteindelik vry wees van Brittanje. Teen die tyd dat die Britte bereid was om op te hou om as imperiale heersers op te tree, was dit te laat en kon hulle hul latere beleid in die Midde-Ooste nie red nie. Met Nasser op die toneel het die Britte se boelie-taktiek nie weer gewerk nie.

'n Ander krisis wat Brittanje in die gesig gestaar het, was die Bagdad-verdrag. Terwyl die onderhandelinge om die Suezkanaalsone-basisse te ontruim nog aan die gang was, het Turkye lid geword van die Noord Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) en onderteken hulle en Irak die verdrag op 24 Februarie 1955 in Bagdad. Op Eden se versoek het Brittanje lid daarvan geword op 4 April 1955 en later dieselfde jaar het Pakistan en Iran lede geword. Die Britte se voorneme was om die verdrag aan te wend om hul kwynende invloed in die Midde-Ooste te verseker, maar eintlik het dit 'n bron van onherstelbare skade aan Brittanje se reputasie in die streek geword. Hulle het nie net Nasser se besware teen die verdrag totaal onderskat nie, maar ook die mate waartoe hy sou oorgaan om verdere toetredes daaromtrent te keer. So byvoorbeeld het hy Jordanië verhinder om by die verdrag aan te sluit en Koning Hoessein van Jordanië aangemoedig om van die Britse generaal Bagot Glubb ontslae te raak.⁶⁶ Nasser het nou Brittanje se vyand nommer een in die Midde-Ooste geword en hy sou nie rus voordat hy die Britte se vriende vernietig en die laaste oorblyfsels van Britse invloed uitgeskakel het nie. Brittanje het besef dat indien Nasser daarin sou slaag, sou dit die einde van Eden beteken. Daarom moes Nasser dus self vernietig word. Gevolglik het Eden 'n persoonlike vendetta gevoer teen die man wat hy verantwoordelik gehou het vir Glubb se afdanking. Vir Eden kon daardie afdanking, ter wille van Brittanje se kwynende aansien, nie toegelaat word om ongestraf te bly nie. Dit was vanaf daardie oomblik dat die Suezkrisis verander het na 'n onafwendbare konflik tussen Brittanje en Egipte. Eden het sy verhouding met Nasser as 'n alles-of-geen-uitdaging beskou. Wat belangrik is, is wat Nutting, wat Minister van Buitelandse Sake in Eden se kabinet was, oor Eden opgemerk het: vanaf daardie tydstip het Eden heeltemal sy aanvoeling, besef van tydsberekening en behendige onderhandelingsvermoë verloor. Gedryf deur die impulse van trots en aansien en gekwel deur toenemende ongesteldheid, het Eden hom soos 'n verwoede olifant begin gedra.⁶⁷ Samevattend verwoord Abadi Eden se standpunt oor Nasser in die betekenisvolle stelling: "Nasser's power had to be undermined".⁶⁸

Verder het die politieke skade wat Eden opgedoen het tydens die onderhandelinge oor die ontruiming van die kanaalsone by hom begin spook. Eden het min politieke beweegruimte gehad. Tekens van swakheid sou nie deur sy party geduld word nie en hy was in 'n hoek. Op 26 Julie 1956 het Nasser die Suezkanaal genasionaliseer en die volgende dag het Eden sy kabinet vir 'n noodvergadering ontbied. Ten spyte van sy power rekord wat hy met betrekking tot Egipte gehad het, was hy nou die eerste minister wat hy op 6 April 1955 geword het. Die kabinet het besluit om Britse belange, indien nodig, met militêre optrede te beskerm. Dit het

⁶⁶ Glubb het as bevelvoerende generaal Transjordanië se Arabiese Legioen vanaf 1939 opgelei.

⁶⁷ Nutting (1967), blds. 27 en 31. Britse Minister van Buitelandse Sake vanaf 1954 tot 1955.

⁶⁸ Abadi, bl. 224.

aan Eden die voorwendsel gegee wat hy later nodig gehad het om die omverwerping van Nasser te beplan. Oor Eden se optrede in hierdie kritieke dae merk Abadi die volgende op:

In 1954 the new Egyptian regime seemed cooperative. The British government believed that no danger was imminent in the Middle East. The act of nationalization dramatically changed that belief. From that moment on, there was a danger that the canal might be closed at any time. As Eden saw it, the inability to use the canal route meant that Britain might suddenly be compelled to shift all trade to the Cape route an expensive and most inconvenient undertaking which Britain could not afford to assume.⁶⁹

Die rolspeler wat sekerlik die swakste uit die reeks gebeure gekom het, was Eden:

In 1956, after a long apprenticeship as Winston Churchill's foreign secretary and heir apparent, Eden was widely regarded as the most accomplished diplomat of his day. And yet there was something fundamentally flawed beneath his urbane demeanor. An immensely able number two, Eden lacked some basic intangible that would ensure success in his country's highest office. He possessed ... a great "capacity for self-deception", which allowed him to see what he wished to see. He was blind to how seriously the western position in the Arab world had deteriorated, and utterly failed to understand that British aspirations in the Middle East were irreconcilable with Arab demands for independence and national dignity. His Middle East diplomacy ... reflected "the illusions of a passing age".⁷⁰

Later met die inval saam met Frankryk in November 1957 het Eden aangehou om toe te laat dat sy griewe teen Nasser hom verteer het en Britse beleid te beïnvloed en te bepaal.

Gevolge van Brittanje se mislukte buitelandse beleidsoptredes

Vanaf 1950 tot 1956 het Britse buitelandse beleid in die Midde-Ooste die een mislukking na die ander opgelewer. Hierdie buitelandse beleidsmislukkings het nie onafhanklik van mekaar plaasgevind nie. Die een was so erg soos die volgende een. Mislukking het 'n herhalende tema geword. Alhoewel die Britte 'n aantal pogings aangewend het wat, indien hulle suksesvol was, spanning in die streek sou stabiliseer, was geeneen suksesvol nie. Trouens, daar kan tereg beweer word dat Britse teenwoordigheid gedurende hierdie periode net met vyandigheid begroet is wat oor tyd toegeneem het. Brittanje het selfsugtig gepoog om eie doelwitte te verseker en daarmee is baie meer skade as goed aan Brittanje se aansien in die Arabiese wêreld gedoen. Die weiering om aan Egipte wapens te voorsien, is as onderhandelingsstaktiek swak deur die Britte toegepas. Die onsuksesvolle verdedigingsonderhandelinge het Eden se reputasie tuis so benadeel dat hy nóg die ondersteuning nóg die geneigdheid gehad het om met 'n oop gemoed en objektief met Nasser te onderhandel as gevolg van laasgenoemde se optrede in Jordanië. Brittanje se ondersteuning van die Bagdad-verdrag was teenproduktief. Die gevolge van al hierdie mislukkings was katastrofies vir Brittanje.

Op elke aspek van beleid in die Midde-Ooste het Brittanje telkens getrag om dalende invloed binne die streek weer op koers te kry en gesag af te dwing. Die einde van die Tweede Wêreldoorlog en die begin van die Koue Oorlog het die VSA en die Sowjetunie as die twee dominante rolspelers gelaat. Brittanje wou steeds 'n groot moonheid bly, maar het dit moeilik

⁶⁹ Ibid., bl. 225.

⁷⁰ Hathaway (1994), bl. 362.

gevind om homself op die wêreldtoneel te handhaaf. Brittanje se plek in die wêreld het vinnig verander en die land is genoodsaak om afstand van voorheen belangrike dele van die Britse Ryk te doen. Die Britte se toepassing van buitelandse beleid het om verskeie redes nie daarin geslaag om die Suezkrisis te verhinder nie. Dwaasheid en om eiebelang ten alle koste voorop te stel en te probeer bevorder, het die streek meer onstabiel gelaat. Teen 26 Julie 1956 was die Midde-Ooste 'n kruisvat. Lloyd merk korrek op dat slegs 'n vonk nodig was vir 'n groot brand.⁷¹ Die mislukkings met sy buitelandse beleid het veroorsaak dat Brittanje geensins in staat was om 'n konflik te verhoed nie – dit is eerder daardeur aangehelp. Die volkskaalse Suezkrisis wat uiteindelik gevolg het, het op 'n nog groter ramp vir Brittanje afgestuurd. Stockwell som hierdie toedrag van sake soos volg op:

From different perspectives and at every twist and turn in the saga, the British fulminated against the moral bankruptcy of government. Indeed, each contradictory aspect of Britain's role in the affair provoked outrage in some quarter or another, be it the initial appeasement of Nasser, or the resort to force, or the ultimate retreat.⁷²

Met Nasser wat die stryd teen hulle gelei het, het die Britte hul moses in Egipte teëgekrom.

Betrokkenheid van die VSA

Ná die Tweede Wêreldoorlog is Brittanje oorskadu deur twee nuwe supermoondhede, die VSA en die Sowjetunie. Sy binnelandse ekonomie het ernstig verswak as gevolg van die Arbeidersregering se groot en duur program van maatskaplike hervorming. Die VSA het ook nou begin om die kanaal meer te gebruik.

Until 1939, hardly any traffic went under the American flag (0.15 percent of the total). The Second World War brought a considerable increase, however, and in 1952, 7.3 percent of the tonnage travelled under the American flag. ... The United States is present, now, in the Near East with an accumulation of economic and political interests. As a result, no problem concerned with the Suez Canal can be solved without American cooperation.⁷³

Die VSA het minimale kontak met Egipte gehad toe dit eers deur die Ottomaanse Ryk en daarna Brittanje beheer is. Egipte het eers ná die Tweede Wêreldoorlog prominent in die VSA se buitelandse beleid met betrekking tot die Midde-Ooste begin figureer toe die strategiese, politieke en ekonomiese belangrikheid van die land al hoe meer toegeneem het. Peter Hahn⁷⁴ ondersoek die driehoekige verhouding tussen die VSA, Brittanje en Egipte om die regverdigings en implikasies van die VSA se beleid in die streek en binne die konteks van 'n breër strategie te ontleed – iets wat genoodsaak is in die konteks van die Koue Oorlog. Hahn wys hoe die VSA probeer het om stabiliteit in Egipte en die Midde-Ooste te vestig, asook om Westerse belange te bewaar, die hulpbronne van die streek aan die Sowjetunie te ontsê en die uitbreek van oorlog te voorkom. Hy verduidelik die VSA se begeerte om Egiptiese nasionalistiese aspirasies wat beperk is deur hul strategiese imperatiewe in die Midde-Ooste en die eise van die Anglo-Amerikaanse alliansie te erken. Hy steun baie op gedeklassifiseerde Amerikaanse en Britse politieke en militêre dokumente om 'n omvattende siening van die ingewikkeldhede

⁷¹ Lloyd, bl. 1.

⁷² Stockwell (2006), bl. 49.

⁷³ Siegfried, bl. 613.

⁷⁴ Hahn.

van alliansie-diplomasie en multilaterale betrekkinge te lewer. Hy skets die VSA se groeiende betrokkenheid by Egiptiese aangeleenthede en die gepaardgaande verbintenis tot veiligheid en stabiliteit in die Midde-Ooste. Hy beklemtoon dat hierdie gebeure beskou moet word teen die agtergrond van die afname van Britse invloed in die streek.

Egypt was also important in American thinking because of the perpetual state of confrontation between Egypt and Britain. The primary Anglo-Egyptian dispute centered on the Canal Zone military base. Britain had relied on this base through two world wars and was determined to retain access to the canal also in facilities for strategic reasons. ... Other conflicts involving Suez Canal transit rights and British supply of weapons to Egypt further embittered Anglo-Egyptian relations. American officials were frequently caught in the middle of such disputes.⁷⁵

In 1947 is Brittanje se invloed in Griekeland vervang deur dié van die VSA. Washington het verder ook die Britse regering aangemoedig om die gebied bekend as Palestina te verlaat. Ná die nasionalisering van die Anglo-Iranian Oil Company in Iran was die Amerikaanse-gemanipuleerde staatsgreep teen premier Muhammad Musaddiq 'n nuwe terugslag vir Britse status aangesien Iran 'n voormalige kliëntstaat van Brittanje was. Nou het Iran binne die invloedssfeer van die VSA geval. Die finalisering van die ooreenkoms in 1954 oor die Britse ontruiming van die Suezkanaalsone het saamgeval met groot vyandigheid deur die nasionalistiese Egipte en sterk druk van die VSA.

The United States bore considerable responsibility for Britain's deteriorating position in the Middle East, mainly because it did not back Britain in its conflicts with Egypt and Saudi Arabia, or in the construction of a regional defence organization. Furthermore, Anthony Eden's suspicions about American aims in the world made close collaboration difficult.⁷⁶

Hieroor merk Louis die volgende oor Eden op: "One suspects he was also driven to reassert British power in an era of American ascendancy."⁷⁷

In sy beskrywing van die gebeure wat tot die Suezkrisis aanleiding gegee het, wys Kingseed⁷⁸ op 'n hoofaanleidende oorsaak daarvoor, naamlik die feit dat die VSA en Brittanje bereid was om onderskeidelik 54 en 14 miljoen dollar aan Egipte toe te staan om te help met die bou van die Aswandam in die Nylrivier. Die samesprekinge hieroor tussen die twee lande en Egipte het op 21 November 1955 begin. President Ike Eisenhower wou die Sowjetunie uit die Midde-Ooste hou en was daarom bereid om daardie fondse beskikbaar te stel. Nasser het die situasie uitgebuit en 'n geleentheid gesien om die een supermoondheid teen die ander een af te speel. Ná baie kritiek van Nasser het die VSA op 19 Julie 1956 besluit om sy aanbod aan Egipte vir die Aswandam-projek terug te trek. Die werklike krisis het ontstaan toe Nasser 'n week later sy besluit aankondig om die kanaal te nasionaliseer. Een van sy beweegredes daarmee was om fondse uit ander bronne te bekom sodat die dam wel gebou kon word. In sy memoires maak Eden die opmerking dat Brittanje ingelig was oor die VSA se eensydige besluit oor die fondse, maar nie geraadpleeg is nie en gevolglik was daar geen vooraf geleentheid vir kritiek of kommentaar daarvoor nie. Die groei van 'n anti-Amerikaanse sentiment in die Britse

⁷⁵ Ibid., bl. 3.

⁷⁶ Bernard (2009), bl. 42.

⁷⁷ Louis.

⁷⁸ Kingseed (1995).

kabinet, soos Stockwell dit stel as synde die VSA se vooroordeel teen die Britse Ryk,⁷⁹ het nie ongesiens in Washington verby gegaan nie.

Met die Brits/Frans ondersteunde inval van einde Oktober 1956 het die VSA 'n belangrike rol gespeel om die gevolge van daardie krisis te beperk. Uiteindelik was Suez veel meer as bloot 'n ongelukkige hoofstuk in die vennootskap tussen die VSA en Brittanje. Soos Hathaway opmerk: "The single word 'Suez' remains synonymous for disaster in the annals of the Anglo-American 'special relationship'."⁸⁰

Nasser se teenwoordigheid en rol

Nasser se opkoms as die ongeëwenaarde leier van die Egiptiese rewolusie was verweef met sy pogings om 'n einde aan Britse betrokkenheid by die Suezkanaalsone te bewerkstellig. Alhoewel daar niks nuuts was oor die langdurige onderhandelinge met Brittanje wat Egipte se interne politiek beïnvloed het nie, is dié belange nogtans aansienlik verhoog ná die militêre staatsgreep op 23 Julie 1952. Deur gebruik te maak van die noodsaaklikhede om 'n ontruimingsooreenkoms te probeer beding, het Nasser Egipte beslissend van pluralisme na outoritarisme gestuur. Teenstanders – sommige van binne die regime – is óf gearrester of uit die politieke lewe verban. Amptenare van die VSA se ambassade in Kaïro het 'n deurslaggewende rol in hierdie proses gespeel tot groot frustrasie van hul Britse eweknieë. Wat Thornhill ondersoek en uiteensit, is om eerstens te fokus op die ineenstorting van Egipte se ou orde en tweedens om die diplomatieke konteks van die opkoms van Nasser te beskryf.⁸¹

Nasser was henceforth able to present himself as the Arab leader who had kicked out the British. Within six weeks of the last troops being evacuated, he completed the process of freeing Egypt from foreign interference by nationalizing the Anglo-French Suez Canal Company. The international crisis that followed made him the dominant figure in Middle Eastern politics, as well as one of the main champions of Third World nationalism — mantles that shaped Egypt's external policies until his death in 1970.⁸²

The rise of Nasser was ultimately a victory of power politics over grass-roots movements, of authoritarianism over pluralism. In the preceding thirty years Egypt's civil society had been dominated by one issue — national liberation.⁸³

Nasser was uitgesproke radikaal in sy benadering tot beide binnelandse en buitelandse aangeleenthede. Van die begin af het Suez die kern gevorm van Nasser se buitelandse beleid. Egipte het begin om 'n meer prominente en toenemend belangrike rol in internasionale aangeleenthede te speel. Nasser het bewys dat buitelandse beleid nie in 'n vakuum geformuleer en uitgevoer word nie. Dit ontstaan uit, groei en word gevoed deur binnelandse beleid. Buitelandse beleid is eintlik 'n neweproduk van binnelandse beleid.⁸⁴

Ná uitgerekte onderhandelinge het hy op 27 Julie 1954 'n ooreenkoms met Brittanje geteken wat 'n einde aan sewe dekades van Britse teenwoordigheid in die Suezkanaalgebied gemaak het. Daarvolgens moes Britse troepe binne 20 maande uit die kanaalsone onttrek word.

⁷⁹ Stockwell, bl. 50.

⁸⁰ Hathaway, bl. 361.

⁸¹ Thornhill (2004).

⁸² Ibid., bl. 892.

⁸³ Ibid., bl. 920.

⁸⁴ Eksteen (2019), 400.

Nog belangriker was die erkenning daarin van die internasionale status van die kanaal en dat dit 'n integrale deel van Egipte vorm. Vir Nasser was Egipte tot vier sferes verbind: die Islamitiese, Afrika, Arabiese en die groep van onverbonde lande. Laasgenoemde het 'n al hoe groter rol begin speel nadat Nasser die Bandung-konferensie in April 1955 bygewoon het en skouer geskuur het met leiers van die Derde Wêreld, soos Nehru van Indië, Tito van Joegoslawië en Sukarno van Indonesië. 'n Jaar later het Nasser die Suezkanaal genasionaliseer, wat grondverskuivende gevolge meegebring het vir Egipte, asook die kanaal, Brittanje, Frankryk, Israel en die VSA.

Slot

Selfs in sy verswakte toestand onmiddellik ná die Tweede Wêreldoorlog het Brittanje homself steeds as die vooraanstaande moondheid in die Midde-Ooste beskou. Dit het op twee kernbeginsels berus: Iran, wat olie verskaf het deur 'n gesamentlike Anglo-Iranese maatskappy; en Egipte, wat as die strategiese basis gedien het.⁸⁵ Brittanje is egter gedwing om daardie illusies oor die Midde-Ooste te laat vaar. Sy militêre basisse in die Suezkanaalgebied was van sy laaste beduidende buiteposte. In 1954 het Brittanje al sy basisse gesluit.⁸⁶ Die verslaggewer van *The New York Times* het hierdie gebeure en die onvermydelike gevolge daarvan soos volg verwoord:

For the past three-quarters of a century Suez and Egypt have been a military, political and psychological cornerstone of the British Empire tradition. ... The impending British evacuation of the Suez bases has, therefore, not only great strategic significance but also political and psychological importance. It heralds the end of a vanishing era. ... Superficial relations between Britain and Egypt, which have been at times exceedingly strained, and between Egypt and the United States will improve. But the basic strategic fact about the impending withdrawal of British power is that it will create another vacuum of power in an area – the Middle East – already distinguished for its lack of power. ... The “solution” in Egypt may indeed breed more problems than it solves. ... The thin red line of Empire may have outlived its day but it will not be replaced in Suez without a long period of Middle-Eastern instability and convulsions.⁸⁷

Hierdie was inderdaad profetiese woorde! Maar, dit was te verwagte. Die Britte het die realiteite van hul betrokkenheid in Egipte traag aanvaar en steeds bly glo in die eens magtige Ryk wat toe al hoe meer in feitlik elke opsig gekrimp of verdwyn het.

Still, there were powerful figures in the “establishment” – a phrase coined in the early 1950s – who could not accept that Britain was no longer a first-rate power. Their case, in the context of the times, was persuasive: we had nuclear arms, a permanent seat on the UN security council, and military forces in both hemispheres. We remained a trading nation, with a vital interest in the global free passage of goods. But there was another, darker, motive for intervention in Egypt: the sense of moral and military superiority which had accreted in the centuries of imperial expansion. Though it may now seem quaint and self-serving, there was a widespread and genuine feeling that Britain had responsibilities in its diminishing empire, to protect its peoples from communism and other forms of

⁸⁵ Kissinger, b. 523.

⁸⁶ Ibid., bl. 526.

⁸⁷ Baldwin (1954).

demagoguery. Much more potently, there was ingrained racism. When the revolutionaries in Cairo dared to suggest that they would take charge of the Suez canal, the naked prejudice of the imperial era bubbled to the surface. The Egyptians, after all, were among the original targets of the epithet, “westernised (or wily) oriental gentlemen”. They were the Wogs.⁸⁸

Terwyl hulle voordeel uit Egipte en die kanaal getrek het, het die Britte min gedoen om hulself gewild onder die plaaslike bevolking te maak. Mansfield verwys na die “ingrained British attitude towards the Egyptian people”.⁸⁹ Hulle het gefaal om die tegnologieë en maatskaplike voordele wat die industriële rewolusie ontketen het na Egipte te versprei. Die Britte se ingesteldheid om kolonialisme te bevorder, het hulle net so min laat belangstel, net soos die Ottomane voorheen, om welvaart in Egipte te bevorder.⁹⁰

The immense profits on the relatively small original investment in the Canal had gone almost entirely abroad. Less than 5 per cent of the shares were held in Egypt, and although an agreement in 1949 increased Egypt’s revenues they were still only 7 per cent of the gross profits. The Canal was a symbol of exploitation by the rich developed world.⁹¹

Op die tuisfront in Brittanje was daar ook agteruitgang. Hieroor maak Johnson die volgende opmerking:

The rate of decline, however, was determined by its own national will. Post-war events had suggested the will was virtually non-existent. Relative industrial decline had also been resumed, with a vengeance.⁹²

En dan het die Britte steeds aan Egipte verknog gebly en wel om selfsugtige beweegredes.

There was always some compelling reason to stay a bit longer. As Lord Cromer⁹³ put it, “England did not want to possess Egypt, but it was essential to British interests that the country should not fall into the hands of any other European power British diplomacy, which may at times have been mistaken, but which was certainly honest, did its best to throw off the Egyptian burden. But circumstances were too strong to be arrested by diplomatic action.”⁹⁴

Gedurende die jare wat die Suezkrisis voorafgegaan het, het die Britte vier belangrike buitelandse beleidsinisiatiewe gevolg wat, indien hulle suksesvol was, Brittanje se belange in die Midde-Ooste, veral in Egipte, beter sou gedien en verseker het. Elkeen het egter misluk met die gevolg dat spanning in die streek met elke mislukking toegeneem het. Elkeen het ook ’n bepaalde uitwerking op Brittanje se verhouding met Egipte gelaat omdat al vier selfdienend en kortsigtig was en min kans op sukses gehad het. Hierdie mislukkings in Britse buitelandse beleid het die basis vir die steeds groeiende en veelvlakkige konflik tussen Brittanje en Egipte

⁸⁸ Brown (2001). <<https://www.theguardian.com/politics/2001/mar/14/past.education1>>

⁸⁹ Mansfield (1976), bl. 294.

⁹⁰ Acemoglu and Robinson (2013), bl. 4.

⁹¹ Mansfield, bl.299.

⁹² Johnson (1991), bl. 490.

⁹³ For many Englishmen Lord Cromer was the embodiment of the British imperial tradition. As one who had spent the greater part of his lifetime in the East representing British power and had crowned his career by being virtual ruler of occupied Egypt from 1883 to 1907, he had come increasingly to symbolise the proconsular tradition in British imperialism. (Tignor, 1963: bl. 142.)

⁹⁴ Polk (1975), bl. 97.

gevorm en aangevuur. Die nasionalisering van die kanaal was uiteindelik die katalisator. Die kern van Brittanje se buitelandse beleid met betrekking tot Egipte was die besef dat die Suezkanaal 'n onskatbare bate is in die instandhouding van die Britse Ryk. Vir Egipte het alles weer om een aspek gedraai: buitelandse troepe wat op hul grondgebied teenwoordig was en 'n groot, indien nie die deurslaggewende nie, invloed op Egiptiese politiek gehad het. Die einde van Brittanje se prominensie as wêreldmoondheid was op hande, maar netso belangrik was die feit dat die krisis ook tydens die Koue Oorlog plaasgevind het en gevolglik belangrike betrekkinge tussen die Weste en die Sowjetblok geraak het.

Die ontevredenheid met Britse teenwoordigheid in en optredes teenoor Egipte, asook omstrede buitelandse beleidsbesluite in die Midde-Ooste was die teelaarde vir Nasser se besluit om die Suezkanaal te nasionaliseer. Later, ná Brittanje se mislukte militêre optrede saam met Frankryk en Israel in November 1956, het Egiptenare nog minder simpatie met die Britte gehad. Daarmee het Suez die finale waterskeiding geword wat die einde van Brittanje as 'n imperiale mag meegebring het.

From a British perspective 60 years after the crisis, Suez has an almost iconic status, often used as a short hand for everything “wrong” in foreign policy and decision making. It is said to be the moment when Britain’s status and reputation as a global power ended and with it a decline of British moral power and prestige.⁹⁵

Die Suezkrisis van 1956 was die oomblik toe Nasser met sy optrede persoonlik aan sy land se identiteit gestalte gegee het nadat hy 'n nasionalistiese weerstand byeengebring het in 'n poging om imperialistiese oorheersing te beëindig. Aldus het hy die waardigheid van die individuele Egiptenaar herstel ná dekades van buitelandse heerskappy.⁹⁶

BIBLIOGRAFIE

Boeke en Artikels

- Abadi, Jacob. 1982. *Britain's Withdrawal from the Middle-East, 1947–1971: The Economic and Strategic Imperatives*. Princeton, New Jersey: The Kingston Press, Inc.
- Abou-El-Fadl, Reem. 2015. Early pan-Arabism in Egypt's July revolution: the Free Officers' political formation and policy-making, 1946-54. *Nations and Nationalism*, 21(2):289.
- Acemoglu, Daron & James Robinson. 2013. *Why Nations Fail: the Origins of Power, Prosperity, and Poverty*. Profile Books.
- Aydelotte, William. 1974. *Bismarck and British Colonial Policy: The Problem of South West Africa 1883-1885*. New York: Octagon Books.
- Baldwin, Hanson. 1954. Suez Marks End of Era. *The New York Times*. 18 July 1954.
- Bernard, Jean-Yves. 2009. Disregarding the Atlantic 'Special Relationship': The Eden Cabinet in the Lead-up to the Invasion of the Suez Canal Zone. *Canadian Journal of History*, 44(1):39.
- Blumenthal, Ralph. 1975. The Suez Canal: A Focus of Rivalries in the Middle East. *The New York Times*, 6 June 1975.
- British Prime Minister's Document: TNA: PREM 8/1359, 19 May 1950. "Defence co-operation with Egypt: visit by Chief of the Imperial General Staff to Egypt to discuss UK-Egypt defence problems; political and military talks on participation of Egypt in Middle East Command; rejection by Egypt of these proposals."

⁹⁵ <<https://defenceindepth.co/2016/11/16/the-significance-of-suez-1956-a-reference-point-and-turning-point/>>

⁹⁶ Crowcroft (2016), bl. 254.

- Brown, Derek. 2001. 1956: Suez and the end of empire. *The Guardian*. 14 March 2001.
- Churchill, Winston. 1950. *The Second World War: The Grand Alliance*. Cambridge: The Riverside Press.
- Crankshaw, Edward. 1981. *Bismarck*. London: Macmillan.
- Crowcroft, Barnaby. 2016. Egypt's other Nationalists and the Suez Crisis of 1956. *The Historical Journal*, 59(1):253.
- Darwin, John. 1991. *The End of the British Empire: The Historical Debate*. Oxford: Basil Blackwell.
- Eksteen, Riaan. 2019. Die uitwerking van binnelandse aangeleenthede op buitelandse beleid, met spesifieke verwysing na hedendaagse gebeure in die Verenigde State van Amerika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(3):398.
- England in India. 1869. *Harper's Weekly*, XIII(676):11 December 1869.
- Fettweis, Christopher. 2022. *The Pursuit of Dominance: 2000 Years of Superpower Grand Strategy*. Oxford University Press.
- Foreign News. 1869. *Harper's Weekly*, XIII(676):11 December 1869.
- Gall, Lothar. 1986. *Bismarck: The White Revolutionary – Volume 2 1871–1898*. London: Allen & Unwin.
- Geiger, Till. 2004. *Britain and the Economic Problem of the Cold War: The Political Economy and the Economic Impact of the British Defence Effort, 1945–1955*. New York: Routledge.
- Gorst, Anthony, and Lewis Johnman. 1997. *The Suez Crisis*. London: Routledge.
- Hahn, Peter. 1991. *The United States, Great Britain, and Egypt, 1945–1956: Strategy and Diplomacy in the Early Cold War*. Chapel Hill: The University of North Carolina Press.
- Harris, Jonathan. 1985. *A Statue for America: The First 100 Years of the Statue of Liberty*. New York: Simon & Schuster.
- Hathaway, Robert. 1994. Suez, The Perfect Failure: A Review Essay. *Political Science Quarterly*, 109(2): 361.
- Home and Foreign Gossip. 1874. *Harper's Weekly*, XX(1005): 1 April 1874.
- Hoskins, Halford. 1935. Suez Canal in Time of War. *Foreign Affairs*, 14(1):93-101.
- Johnson, Paul. 1991. *History of the Modern World: From 1917 to 1990s*. London: Weidenfeld & Nicolson.
- Kingseed, Cole. 1995. *Eisenhower and the Suez Crisis of 1956*. Baton Rouge: Louisiana State University Press.
- Kissinger, Henry. 1994. *Diplomacy*. New York: Simon & Schuster.
- Lloyd, Selwyn. 1978. *Suez 1956: A Personal Account*. London: Jonathan Cape.
- Louis, William. 2006. *The Ends of British Imperialism: The Scramble for Empire, Suez and Decolonization*. London: I. B. Tauris Publishers.
- Mansfield, Peter. 1976. *The Arab World: A Comprehensive History*. New York: Thomas Y. Crowell Company.
- Morewood, Steve. 2006. Suez: The Canal before the Crisis. *History Today*, 56(11):38-45.
- Neilson, Francis. 1950. Bismarck's Relations with England. *American Journal of Economics & Sociology*, 9(2):293.
- News of the Week. 1904. *The Spectator*, 16 April 1904.
- Nicaragua Canal. 1889. *Harper's Weekly*, XXXII(1674):19 January 1889.
- Nutting, Anthony. 1967. *No End of a Lesson: The Story of Suez*. London: Constable.
- Nutting, Anthony. 1970. *Scramble for Africa: The Great Trek to the Boer War*. London: Constable and Company.
- Pakenham, Thomas. 1991. *The Scramble for Africa: 1876-1912*. Johannesburg: Johathan Ball Publishers.
- Peden, George. 2012. Suez and Britain's Decline as a World Power. *The Historical Journal*, 55(4):1073.
- Polk, William. 1975. *The United States and the Arab World*. Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press, Third Edition.
- Reynolds, David. 1991. *Britannia Overruled: British Policy and World Power in the 20th Century*. New York: Routledge.
- Robinson, Ronald and John Gallagher with Alice Denny. 1978. *Africa and the Victorians: The Official Mind of British Imperialism*. Second Edition. Palgrave Macmillan.
- Siegfried, André. 1953. The Suez: International Roadway. *Foreign Affairs*, 31(4):605-618.
- Smith, Rupert. 2022. Geography, Geostrategy and Military Operations. *Mackinder Forum – A Forum for Geopolitics*, 15 November 2022.

- Spector, Ronald. 2022. *A Continent Erupts: Decolonization, Civil War, and Massacre in Postwar Asia, 1945-1955*. New York: W. W. Norton & Company, Inc.
- Stockwell, Anthony. 2006. Suez and the Moral Bankruptcy of Empire. *History Today*, 56(11):48.
- The Acceleration of the Indian Mail. 1843. *The Spectator*, 7 October 1843.
- The British Proposal for the Suez Canal. 1883. *The Spectator*, 6 January 1883.
- Thomas, Martin and Richard Toye. 2015. Arguing about intervention: a comparison of British and French rhetoric surrounding the 1882 and 1956 invasions of Egypt. *The Historical Journal*, 58(4): 1081.
- Thornhill, Michael. 2004. Britain, the United States and the Rise of an Egyptian Leader: The Politics and Diplomacy of Nasser's Consolidation of Power, 1952-4. *The English Historical Review*, 119(483):892.
- Tignor, Robert. 1963. Lord Cromer: Practitioner and Philosopher of Imperialism. *Journal of British Studies*, 2(2):142.
- Topics of the Day. 1975. England and the Suez Canal. *The Spectator*, 27 November 1875.
- Toye, Richard. 2008. The Churchill Syndrome: Reputational Entrepreneurship and the Rhetoric of Foreign Policy since 1945. *British Journal of Politics & International Relations*, 10(4):364.
- Wilson, Arnold. 1939. The Suez Canal and its future. *The Spectator*, 13 January 1939.

Webbladsye

- <<https://dawlischronicles.com/2018/02/02/opening-the-suez-canal-1869/>>
- <<https://defenceindepth.co/2016/11/16/the-significance-of-suez-1956-a-reference-point-and-turning-point/>>
- <<https://en.qantara.de/content/bismarcks-egypt-policy-the-ulcer-of-the-orient>>
- <<https://learn.culturalindia.net/french-in-india.html#>>
- <https://oi.uchicago.edu/sites/oi.uchicago.edu/files/uploads/shared/docs/danh_vo_labels.pdf>
- <<https://www.britishempire.co.uk/maproom/europe.htm>>
- <<https://www.history.com/topics/africa/suez-canal#suez-canal-during-wartime>>
- <<https://www.iwm.org.uk/history/the-end-of-the-british-empire-after-the-second-world-war>>
- <<https://www.nationalarchives.gov.uk/cabinetpapers/help/glossary-s.htm>>
- <<https://www.thecanadianencyclopedia.ca/en/article/canada>>
- <<https://www.theguardian.com/politics/2001/mar/14/past.education1>>
- <<https://www.whipplelib.hps.cam.ac.uk/special/exhibitions-and-displays/conflicting-chronologies/britain-egypt>>

Addisonale Bronne geraadpleeg

- Arnstein, Walter. 2000. *Britain Yesterday and Today: 1830 to the Present*. Boston: Houghton Mifflin.
- Ashton, Nigel. 1996. *Eisenhower, Macmillan and the Problem of Nasser: Anglo-American Relations and Arab Nationalism, 1955-59 (Studies in Military and Strategic History)*. London: Palgrave Macmillan.
- Beloff, Max. 1969. *The Future of British Foreign Policy*. New York: Taplinger Publishing Company, Inc.
- Charlwood, David. 2019. *Suez Crisis 1956: End of Empire and the Reshaping of the Middle East*. South Yorkshire: Pen and Sword Military.
- Darby, Phillip. 1973. *British defence policy east of Suez, 1947-1968*. London: Oxford University Press.
- Darwin John. 1988. *Britain and Decolonisation: The Retreat from Empire in the Post-War World*. London: The Macmillan Press.
- Frankel, Joseph. 1975. *British foreign policy, 1945-1973*. Oxford University Press.
- Goldsworthy, David. 1971. *Colonial Issues in British Politics, 1945-1961: From Colonial Development to the Winds of Change*. Oxford University Press.
- Kissinger, Henry. 1969. *American Foreign Policy*. New York: W.W. Norton & Company.
- Schuckburgh, Evelyn. 1986. *Descent to Suez: Foreign Office Diaries 1951-1956*. New York: W. W. Norton & Company.

Om te *ge-* of nie te *ge-* nie

I

Onlangs het die kop van ’n hoofartikel in ’n bekende Afrikaanse dagblad gelui: “Nehawu moet sy staking dadelik aflas in SA belang”.

Dis ’n vreemde woord, dié “aflas”. In hedendaagse Afrikaans ken ons die werkwoord *las*, *gelas* hoofsaaklik in die betekenis van byvoorbeeld ‘stukke, dele (van iets) weer aan mekaar vasheg’, en die selfstandige naamwoord *las*, *laste* is dan die plek of punt van vashegting. Daarom is die idee van “aflas”, as ’n samestelling van *af* en *las*, moeilik om te konsipieer, want hoe “las” ’n mens iets “af, weg, tot niet, ondertoe”?

Nederlands, volgens die WNT, ken wel die werkwoord *lasten* in die betekenis van ‘Aan iemand een last of opdracht geven, hem iets belasten; of ook, in eene iets sterkere opvatting, iemand iets gelasten, bevelen’, maar so selfstandig gebruik, is *lasten* skynbaar nie baie algemeen nie. Vir alle praktiese doeleindes word *las* in dié betekenis nie in hedendaagse Standaardafrikaans gebruik nie, hoewel die WAT dit aanteken as “**ww.** het gelas. (*ongewoon*) Gelas”.

Verskeie Afrikaanse en Nederlandse bronne merk *aflas/aflasten* eenvoudig as onjuis, minder juis, verkeerd, nie korrek nie, nie standaardtaal nie of iets dergeliks.

Die ooreenstemmende selfstandige naamwoord *las* word egter wel nog in Afrikaans gebruik, veral in die veel voorkomende (en meestal onnodig gebruikte) uitdrukking “Op las” onderaan allerlei kennisgewings, of saam met *gee*, bv. “Die hof het *las gegee* dat ...”, wat ook nie juis algemeen is nie.

Die werkwoord wat vandag verreweg die meeste in Afrikaans en Nederlands in hierdie betekenis van ‘beveel, opdrag gee’ gebruik word, is onderskeidelik *gelas* en *gelasten*. As iets dus *afgelas* word, dan beteken dit dat *gelas* of *beslis* word dat iets nie meer voortgaan nie en dus afgestel (moet) word.

In bogenoemde hoofartikelopskrif is die bedoeling dus dat die bestuur of ’n gesagsorgaan van Nehawu moet beslis of opdrag moet gee dat die beplande staking nie moet of mag voortgaan nie. As ek dit moes redigeer, sou ek geen oomblik gehuiwer het om dit te wysig tot “Nehawu moet sy staking dadelik **afgelas** in SA belang” nie.

Hoewel die voorvoegsel *ge-* so dikwels gebruik word om die verlede tydsvorm van ’n werkwoord aan te dui, is dit nie altyd so nie, soos juis in die geval van *gelas*, want dié werkwoord behou in al drie tydsvorms die *ge-*:

- Die vakbond **gelas** die staking **af**.
- Die vakbond **het** die staking **afgelas**.
- Die vakbond **sal** die staking **afgelas**.

Werkwoorde met *ge-* wat nie die verlede tyd aandui nie, is natuurlik nie tot *gelas* beperk nie. Dit is nogal vreemd dat *gelas*, volgens my ondervinding, die enigste werkwoord in dié groep is waarby dié *ge-*afkapping voorkom. Dink maar aan gevalle soos die volgende:

- *gebeur* (dit **gebeur**; dit **het gebeur**; dit **sal gebeur**)
- *gebied* (die hof **gebied** jou; die hof **het** jou **gebied**; die hof **sal** jou **gebied**)
- *gebruik* (ek **gebruik** dit; ek **het** dit **gebruik**; ek **sal** dit **gebruik**)

- *gedenk* (ons **gedenk** die gebeure; ons **het** die gebeure **gedenk**; ons **sal** die gebeure **gedenk**)
- *gedoog* (ons **gedoog** die toestand; ons **het** die toestand **gedoog**; ons **sal** die toestand **gedoog**)
- *gedra* (hulle **gedra** hulle; hulle **het** hulle **gedra**; hulle **sal** hulle **gedra**)
- *gedy* (kinders **gedy** in 'n goeie skool; kinders **het** in 'n goeie skool **gedy**; kinders **sal** in 'n goeie skool **gedy**)
- *geluk* (dit **geluk** haar; dit **het** haar **geluk**; dit **sal** haar **geluk**)
- *genees* (die wond **genees**; die wond **het** **genees**; die wond **sal** **genees**)
- *geniet* (hulle **geniet** dit; hulle **het** dit **geniet**; hulle **sal** dit **geniet**)
- *geraak* (daar **word** tot die gevolgtrekking **geraak**; daar **is** tot die gevolgtrekking **geraak**; daar **sal** tot die gevolgtrekking **geraak word**)
- *gesels* (ons **gesels**; ons **het** **gesels**; ons **sal** **gesels**)
- *geskied* (dit **geskied** so; dit **het** so **geskied**; dit **sal** so **geskied**)
- *getroos* (jy **getroos** jou die moeite; jy **het** jou die moeite **getroos**; jy **sal** jou die moeite **getroos**)
- *getuig* (sy **getuig** in die hof; sy **het** in die hof **getuig**; sy **sal** in die hof **getuig**)
- *geval* (dit **geval** hulle nie; dit **het** hulle nie **geval** nie; dit **sal** hulle nie **geval** nie)

Volgens die WNT versterk die voorvoegsel *ge-* die betekenis van die grondliggende werkwoord wat deur *ge-* afgelei word, maar soms het die grondwoord in onbruik geraak, byvoorbeeld by *gebruik, gedoog, genees* en *geniet*.

II

Baie mense het op skool geleer dat werkwoorde wat op *-eer* uitgaan, nie *ge-* in die verlede tyd kry nie. Dit is gedeeltelik waar, maar die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (2017) sit in sy reëls 19.3 tot 19.5 die ware situasie mooi uiteen, naamlik:

- Werkwoorde wat op *-eer* uitgaan, wat twee lettergrepe het en wat die hoofklem op die tweede lettergreep het, vorm die verlede tyd **met of sonder** *ge-*, bv. *groepeer*: *het gegroepeer* OF *het groepeer*; *hanteer*: *het gehanteer* OF *het hanteer*; *waardeer*: *het gewaardeer* OF *het waardeer*.
- Werkwoorde wat op *-eer* uitgaan en wat drie of meer lettergrepe het, vorm die verlede tyd **met** *ge-*, byvoorbeeld *fotografeer*: *het gefotografeer*; *herstruktureer*: *het geherstruktureer*; *identifiseer*: *het geïdentifiseer*; *restoureer*: *het gerestoureer*.
- Die verledetydsvorme van die werkwoorde word voltooide of verlede deelwoorde genoem en kan as byvoeglike naamwoorde voor selfstandige naamwoorde gebruik word. Dan word **slegs die ge-vorme** gebruik, ongeag die aantal lettergrepe, byvoorbeeld *gegroepeerde dokumente*; *gehanteerde probleme*; *gewaardeerde vriend*; *geïllustreerde boek*; *gefotografeerde landskap*; *geïdentifiseerde patoëen*.

JD (Tom) McLACHLAN

E-pos: tommcl@whalemail.co.za

BRONNE GEBRUIK

- Philippa, M. e.a. (red.). 2004-2009. *Etymologisch Woordenboek van het Nederlands [A-R]*. Amsterdam: AUP.
- Instituut voor de Nederlandse Taal. 2007-2018. *Woordenboek der Nederlandsche Taal [aanlyn]*.
- Botha, WF (hoofred.). 2009. *Aanlyn Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Stellenbosch: Buro van die WAT.
- Taalkommissie van die SAAWK. 2017. *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*. Kaapstad: Pharos.

Boekbesprekings / Book Reviews

Outeur: ELP Stals
Titel: *Jagters, Slagters en Wildwagters in Suidwes-Afrika: Kroniek van Mens en Wild: Die verhaal tot 1960.*
Plek en uitgewer: Windhoek: Padlang Publications, 2022.

Ernst Stals doen oor die afgelope ongeveer sestig jaar navorsing oor die geskiedenis van Suidwes-Afrika/Namibië. Sy werke getuig van 'n besondere aanvoeling vir die land, wat hy van hoek tot kant deurreis het, en sy mense. In sy navorsing laat hy hom nie lei deur die politieke gees van die tyd nie en gee hy erkenning aan elke volksgroep wat hierdie besondere land se geskiedenis help vorm het.

Stals se navorsing is geskoei op die lees van die Stellenbosse Geskiedenis-departement se tradisie van omvangryke primêre argivale navorsing. 'n Tradisie wat hy ook in hierdie publikasie voortsit.

Die 13 hoofstukke waarin *Jagters*, ens. ingedeel is, volg logies op mekaar en toon Stals se insig in die tema. Dit dek kortliks die volgende:

- Van die voor-Duitse tyd toe die inheemse volksgroepe vir oorlewing gejaag het, tot die fase waarin die gejaag na wins gedreig het om die wildbevolking uit te roei
- Die Duitse bewind wat ten spyte daarvan dat dit eers sy voete in die koloniale wêreld moes vind, die eerste stappe – al was dit aanvanklik net op papier – geneem het om die land se wildstapel te beskerm
- Die tydperk van militêre bewind ná die Eerste Wêreldoorlog toe 'n raamwerk vir toekomstige wildbewaring daargestel is
- Die Suid-Afrikaanse bewind tot die Tweede Wêreldoorlog toe wetgewing vir wildbewaring in meer besonderhede uitgevaardig is wat onder andere gelei het tot die skep van wildreservate waarvan dié by Etosha die belangrikste was
- Die politieke binnegevegte om te besluit watter departement eintlik vir wildbewaring verantwoordelik moet wees en die probleme wat dit geskep het
- Die rol van persoonlikhede in die stryd om en die omskepping van wildbewaring tot 'n toeriste-aantrekkingskrag

Die wyse waarop Stals sy materiaal aanbied deur eers 'n kort hoofpuntsgewyse oorsig van die hoofstuk te gee; dit op te volg met 'n feitelike uiteensetting; en dit daarna af te sluit met 'n samevattende oorsig, dra baie daartoe by om die leser deurgaans betrokke te hou.

Die skrywer verskaf nie slegs feite oor *wat* gebeur het nie maar toon sy insig in *waarom* dit gebeur het.

In hierdie opsig verduidelik hy die rol van die land se geografie en demografie; die stryd tussen jag, uitwissing en handel; asook die konflik tussen die inkomende blanke boere, wat telkens weens die droogtes in 'n oorlewingstryd was, en die bewaring van die land se wildstapel. Tesame daarmee beskryf hy die mate waarin amptenaar en boer na oplossings vir hierdie probleem gesoek het. Terselfdertyd verwys die skrywer na die mate waarin die regering van die dag óf in die gees van internasionale standpunte opgetree het óf as gevolg van plaaslike omstandighede daarvan verskil het.

Jagters, ens. is ryklik geïllustreer met foto's en insette van byvoorbeeld oorspronklike briewe wat die gehalte van die publikasie aansienlik verhoog.

Wat die teks betref, is daar enkele opmerkinge.

- Die skrywer het verkies om die gedetailleerde beskrywing van die wildsoorte in die teks te plaas (pp. 4-9). Sou dit die gang van die teks versteur het indien dit as 'n aanhangsel aangebied is?
- Waarom sou “rietbokke” as grootwild én kleinwild aangedui word?
- Waar die grense van die wildreserwes bespreek word, sou enkele kaarte ongetwyfeld die leser gehelp het om die probleem beter te verstaan (pp. 84,190).
- Die drukkersduiwel het ook sy rol gespeel ten opsigte van paragrafering (pp. 13, en 94) en sinsnede-spasiëring (pp. vi en 112).

Met hierdie publikasie lewer Ernst Stals 'n gesaghebbende en noodsaaklike bydrae ten opsigte van die wetenskaplike navorsing en skrywe van Namibië se kleurrike geskiedenis en is 'n belangrike gaping in die land se geskiedskrywing gevul.

DR. G POOL

E-pos: docpool@mweb.co.za

Maart 2023

Titel: *Petra Müller: Die skerpgevyldde oomblik: 'n Huldiging*
Outeur: Karen de Wet (redakteur)
Plek: Pretoria
Uitgewer: SA Akademie vir Wetenskap en Kuns; Naledi

Hierdie bundel is die elfde in die SA Akademie se reeks wat hulde bring aan Hertzogprysweners en sodoende hulle werk lewend wil hou. Daarby neem die bundels bestek op van die skrywers se werk en bied 'n soort dwarsdeursnit deur hoe hulle werk tans verstaan word of verstaan kan word met nuwe insigte en benaderings wat tans gangbaar is. Dit kom neer op 'n soort monsterring van die kragte van die huidige geslag (akademiese) lesers van Afrikaans rondom die gekanoniseerde figure. Kan hulle 'n greep kry op die werk en aan die werk reg laat geskied? En kan nuwe maniere van kyk tot nuwe insigte in die gekanoniseerde werke lei? Daaruit spruit 'n derde doel, naamlik om verdere navorsing oor die skrywers se werk te stimuleer.

Die skerpgevyldde oomblik is 'n ryk en omvattende bestekopname van Müller se werk uit verskeie hoeke. Dit bevat agt indringende analyses van haar werk, sewe essays oor Müller en haar werk, 'n bygewerkte profiel van Müller deur Erika Terblanche e.a., 'n foto-essay, 15 huldigingsgedigte deur gerekende digters en 'n uitgesoekte bibliografie. Vir my, wat hoofsaaklik op haar poësie gefokus het, is dit 'n openbaring om te sien hoe uitgebreid en geskakeerd Petra Müller se bydrae as skrywer, joernalis, digter, resesent, radiopersoonlikheid en literêre meningsvormer inderdaad was. En hoe stimulerend dit is om haar werk saam met hierdie kommentatore te lees.

Wat veral stimulerend is, is dat die skrywers Petra Müller se werk uit 'n reeks nuwe hoeke bekyk; met baie byderwetse benaderings aanpak – van Posthumanisme tot by die sosiologie van skrywersname. In 'n sekere sin verrig hulle baanbrekerswerk – oefeninge in nuwe, nog half ongetoetste paradigmas.

Posthumanisme figureer prominent in Louise Viljoen se artikel. Sy betoog dat die subjektiwiteit in Müller se vooruitwys na wat as posthumanisties beskryf word, omdat dit die mens voorstel as 'n entiteit tussen ander, daar 'n sterk gevoel van interkonneksie met ander wesens en maaksels is, natuurdinge dikwels 'n soort menslike agentskap verkry, en omdat die verteller en haar karakters 'n aanvoeling het “vir die aarde as materie” en in voeling is met die ritmes van die natuur (13). Sy lees Müller se bundel *In die omtes van die hart* (1995) speels so as heenwysend na posthumanistiese opvattinge en fokus veral “op die soort huis wat die posthumanistiese subjek sou bewoon” (13). Wonings waarin die posthumanistiese subjek tuis sou kon voel, beskryf sy as “mobiel, chaoties en wanordelik”. Dit is ruimtes wat “oop is vir transformasie” en vir “veelvuldige wordinge (‘becomings’)” (20).

Viljoen fokus op die baarmoeder, die vier-kamer-hart en die huise op die bergplasiae as sulke posthumanistiese wonings. Sy wys op die meerduidigheid van die titel van die verhaal “Die duimsuiger” en dat die baarmoeder juis as 'n ruimte van groeiende en transformerende selfskepping uitgebeeld word, o.a. weens die ontwikkeling van die fetus beskryf met metafore ontleen aan menslike en niemenslike domeine.

Die vier-kamer-hart kom in verskeie verhale in die bundel as woning ter sprake. Viljoen wys op die “verstrengeling van figuurlike en letterlike harte” en op die “opheffing van die hiërargiserende dualisme gees-liggaam” (26). Sy toon aan hoe Müller die Chinese voorstelling

van die vier kamers van die hart ontgin as ’n soort woning wat oop is en waarin aarde, water, klip en vuur kan inbeweeg.

In die ses vertellings oor die bergplasia in *Omtes van die hart* ontdek Viljoen ook verskillende fasette wat vooruitwys na ’n posthumanistiese opvatting. Dit sluit in die idee van ’n “nomadiese, oop en kollektiewe huis” (31) wat uitnoui tot mede-bewoning en ’n “ingebedheid in die omgewing en respekvolle samesyn met die niemenslike” (32). Dit wys vooruit na ’n posthumanistiese subjektiwiteit en word gekontrasteer met die pa se humanistiese benadering van die mens in die sentrum.

Viljoen se lesings is indringend maar lig van aanslag en ondogmaties. Sy maak ’n sterk saak uit vir haar tese dat Müller se werk heenwys na ’n subjek wat haar “op nuwe en ander maniere begin verbeeld” en ’n woning op ’n nuwe manier begin voorstel “as nomadies, oop, kollektief, ’n ruimte vir verandering en transformasie” (40).

Francois Smith se artikel is ’n besonder interessante beskouing van dierbeelde as totems in die werk van Müller. Hy meen dat “verdielike verbeelding” (45) soos in “Die luiperd” en die verhale oor slange tipies is van Müller se werk en haar werk ook plaas in die oeroue tradisie van totemisme. Hy meen mens-dierpare is ’n leitmotief in Müller se werk en dat sy, soos baie kunstenaars, ’n soort sjamaan is wat visionêr uiting kan gee aan die mens se diere-aard en die ko-essensie van mens en dier. Smith herinner ons aan Lévi-Strauss se uitspraak dat om met dierbeelde (of totems) te dink ’n oeroue manier is om die wêreld te verstaan en aan Heisenberg se onsekerheidsbeginsel wat die streng skeiding tussen mens en natuurwêreld opgehef het.

Müller se kunstenaarsverbeelding, meen Smith, word deur twee bronne gevoed, nl. ’n voorganger/tussenganger en ’n dier. Hy sien in haar werk ’n “verdielike verbeelding” (51), op die spoor van Bachelard, ’n totemistiese verbeelding waarin “die dier die mens droom” (52). Hy haal vir Bachelard aan wat die verbeelding as ’n bestiarius beskryf, as’t ware vol dubbelsinnige beelde-in-beweging. Dit is die soort animerende dierbeelde wat Smith ook in Müller se werk herken, met name in die verhale wat hy nader beskou, nl. “Die luiperd”, “Die slangvanger” en “Die slang wat skaduwee gesoek het”. Die luiperd, die slang, die kraai is almal meerduidige, primordiale beelde; oersimbole van lewe en dood, van transformasie en van chaos. Hulle is boodskappers tussen die bewuste en die onbewuste; simbole met metafisiese betekenis. Hy meen ten slotte dat die mens-dierverbintenis in Müller se werk herverbeel word “op ’n wyse wat so oud is soos die menslike bewussyn self en terselfdertyd aan die snykant is van nuwe maniere om oor die verhouding tussen mens en dier te besin” (59). Daarin lê vir hom die durende waarde van Müller se werk.

Diere staan ook sentraal in Sonja Loots se ondersoek van twee kortverhale van Müller, nl. “Maria se oë” en “Die oë, die oë” uit die oogpunt van dierestudies. Haar ondersoek fokus op die interverbondenheid van mens en dier en stel die subjektiwiteit van diere as metgeselspesies sentraal. Sy plaas haar ondersoek ook in ’n raam van “die eggo’s van koloniale en apartheidsdenke” uit ’n bepaalde era. Sy wys op die verknooptheid van Maria en haar hond – so nou dat die hond “haar emosionele lewe deel” (69) – en dit suggereer dat die hond ’n bewuste subjek met ’n gevoelslewe is. Vir Loots is die kern van die saak, in lyn met Derrida se opvatting, “dat diere etiese en politieke wesens is omdat hulle die vermoë het om etiese en politieke ontmoetings teweeg te bring” (71). Loots vul hierdie eties-politieke implikasies verder in deur te argumenteer dat Maria en Jakkals “antikoloniale weerstandsfigure” (72) is, o.m. omdat Jakkals geassosieer word met die Khoi- en Nama-verhale van Jakkals en Wolf en omdat Maria afstam van die Witboois, die nakomelinge van Hendrik Witbooi, wat ’n lang geskiedenis van weerstand teen koloniale oorheersing het. Loots wys ook daarop dat honde

in Suid-Afrikaanse fiksie dikwels die teenstellings tussen wit en swart en raseg en onsuiver eggo. Hoewel Maria en Jakkals die onderspit delf, maak hulle die setel van “die politieke betekenis en die emosionele trefkrag” van die verhaal uit. Ook in “Die oë, die oë” sien Loots ’n versmelting van mens en metgeseldier waardeur “die blik van ’n dier die mens tot etiese verantwoordings kan roep” (90).

Hoewel Loots se aansprake dat mens en dier daarin versmelt word dalk ’n raps te ver gaan, gee sy nuwe politieke en etiese betekenis aan hierdie verhale deur o.a. aan te toon hoe hulle diere “se bestaan as etiese, bewuste subjekte bevestig” (91).

Marius Crous se artikel is ’n prikkelende analise van Müller se gedig “Oor die onmoontlikheid van pornografie” (uit *Om die gedagte van geel*, 2012). Hy onderneem saam met die digter ’n ondersoek na pornografie, erotiek en die bevatlikhede en sensitiwiteite van vel. Hy wys daarop dat die vel as “membraan, grens en kommunikatiewe oppervlak”, ’n soort teks is. Ten spyte van die titel, herken hy in die gedig sowel ’n erotiese as ’n pornografiese diskoers, en probeer, ook saam met die digter, pornografie herdefinieer. Haar herdefinisie vervang ’n eksplisiet pornografiese diskoers met ’n diskoers ryk aan suggesties en innuendo’s wat “spore bevat van ’n pornografiese diskoers” (103). Ander sulke spore is die “skopofiliese blik” van die spreker op die vel, die prikkelende verkenning van die interaksie tussen spreker en vel en ’n sensuele sintuiglike waarneming van die vel. Al roep ’n woord soos “strooptog” die gewelddadige kant van pornografie op, lees Crous die gedig eerder in ’n seks-positiewe sin as inklusief, gevoelig vir aanraking, intiem en daardeur as ’n deurbreking van die bourgeois norme oor pornografie. Crous se lesing word kortom ’n lang glos op die frase “die vel is liefde se moerland” in die slotstrofe van die gedig. Hy lees die gedig ten slotte as *aporia*: “die retoriese strategie wat twee uiteenlopende wedersyds opponerende standpunte toelaat” (113). Die gedig stel naamlik dat pornografie onmoontlik is, maar illustreer tekstueel die teenoorgestelde.

In haar bydrae ondersoek Adèle Nel die woord-(of sin-)beeld-verhoudings in *Die aandag van jou oë* (2002), die bundel waarvoor Müller die Hertzogprys ontvang het, in *Om die gedagte van geel* (2012) en die verhaal “Die dwerg van die Infanta”. Sy ondersoek dus die komplekse verhoudings tussen woorde of sinne en beelde, die verband tussen die visuele en die verbale, of, soos sy dit stel, “die verhouding tussen die sigbare en die segbare” in hierdie tekste van Müller. Die oog, kyk, is ’n opvallende element in Müller se werk, soos Nel ook in die drie gevalle aantoon. Sy toon verbande tussen kyk en liefde, ken, die geheue, ruimtelike bewussyn, en kreatiwiteit in hierdie werke van Müller aan. Sy verken die kleurassosiasies en die kleursimboliek in *Om die gedagte van geel* en betoog dat die woordkuns ook ’n vorm van denke is. Sy verken ook die verwoording van Velazquez se skildery *Las Meninas* in Müller se verhaal oor die dwerg van die Infanta. Haar artikel is kortom ’n deeglike verkenning en beskrywing van woord-en-beeld-verhoudings in die genoemde werke. Sy sien in dat hierdie verhoudings ’n visuele bindingselement in Müller se tekste is en meen dat hulle bevestig dat die skrywersoog ’n sentrale kreatiewe orgaan in Müller se werk is. Woord-en-beeldrelasies speel onteenseglik ’n belangrike rol in Müller se werk, maar Nel slaag nie daarin om hierdie rol nader te omskryf of te ontleed nie. Sy toon ook nie aan wat uniek of eiesoortig aan Müller se hantering van die verhouding tussen die sigbare en die segbare is nie. Ten spyte van al die voorbeelde wat Nel beskou, laat die artikel my ’n bietjie onvergenoeg; verlangend na ’n bietjie meer insig in die aard, rol en betekenis van woord-en-beeldrelasies by Müller.

Susan Meyer ondersoek ses verhale in *Omtes van die hart* waarin die interkonneksie van mens en natuur saam met sterk outobiografiese elemente op ’n poëtiese wyse uitgedruk word. Dit is ’n ekokritiese lesing gefokus op die estetiese uitbeelding van die verstrengeling van mens en natuur. Meyer fokus dan op veral op digterlike elemente in die gekose verhale – op

verskillende soorte taalintensiteit, soos klankherhaling, woord- en beeldherhaling, “poëtiese skakerings” en suggestie. Sy meen ten slotte dat sy aangetoon het dat die menslike geskiedenis in Müller se werk “geïmpliseer is in dié van die natuur” (168).

Meyer se lesings is goed en deeglik, maar ek meen tog dat ’n ryker opvatting van poësie wat ook klankkontraste, die verband tussen klankherhaling en betekenis, die morfologie, sintaksis en ritme, asook die globale strukturering van ’n teks in aanmerking neem, oortuigender sou gewees het. Daar is nog ’n effense gaping, want vir my het die analyses die ekokritiese gevolgtrekkings nog nie oortuigend genoeg onderbou nie. Dit is egter ’n uitstekende bydrae tot die aard van Müller se natuurbeelding.

In haar artikel benader Riëtte Botma Müller se elegiese poësie uit vier hoeke: die klassieke retoriese tradisie soos dit vergestalt is in die Nederlandse funereë poësietradisie van die Renaissance, Freud se opvatting oor die treurwerk wat nodig is om ’n verlies te verwerk, Van Gennep se idees oor liminaliteit as deel van oorgangsrites, en die fasebeskouing van die rouproses. Sy ontleed dan hiervolgens die nege gedigte wat Müller oor die dood van haar broer, Nico, geskryf het, die elegiese gedigte in *Swerfgesange vir Susan en ander* (1997), en die rougedigte oor die afsterwe van die geliefde in *Die aandag van jou oë* (2002).

Uit hierdie vier hoeke spoor sy die ontwikkeling in Müller se elegiese poësie na. Sy wys op belangrike funksies van elegiese poësie, nl. dat die verwoording deel is van die treurwerk, die verwerking van die verlies, dat verskillende soorte gesprek tussen die gestorwene, die spreker en die leser aan die gang gehou word, en dat die proses lei tot insig en verheldering. Een interessante ontwikkeling wat sy in Müller se werk raaksien, lê in die aard van die *consolatio* (vertrouing) in die drie gevalle. Die aanvanklike teen die dood in bly inpraat as troos word later ’n oproep van mistieke tradisies van transformasie. In *Die aandag van jou oë* gaan dit oor in ’n meer universele besinning oor verlies en ’n sterk bewustheid van die mistiek en van vuur “as simbool van loutering, transformasie en herlewing” (196). Hoewel sy meer aandag kon gegee het aan die unieke verwoording daarvan, onderstreep haar artikel hoe belangrik die elegiese as grondtoon van Müller se werk is.

Karen de Wet ondersoek in haar artikel die verskillende skrywerstemme en skrywersname wat Petra Müller in haar wyd-uiteenlopende oeuvre gebruik het. Haar heel eerste werk as enkelouteur, die populêre roman *Verlore vallei* (1962) is onder haar getroude naam, Petra Grütter, gepubliseer, maar daarna het sy Petra Müller gebruik vir haar literêre werk – haar poësie en kortverhale en haar kritiese skryfwerk. Vir haar joernalistiek en ander beroepswerk het sy die naam Petra Grütter gebruik, terwyl haar vroeë populêre werk verskyn het onder die name Magriet Smalberger en A.M.L. (1963–1976). Vir kinderboeke en vertalings van kinderboeke het sy Petra Grütter en Petra Müller gebruik. Die verskillende name en skrywerstemme wat sy gebruik het, beklemtoon vir Karen de Wet die “veelsydigheid en rykheid van haar oeuvre en werp lig op haar werkwyse” (226). Dit is kortom ’n studie van Müller se skrywerspostuur en -beeld en van haar bewuste literêre beeldvorming en posisionering. De Wet gebruik hoofsaaklik genrekenmerke vir haar klassifikasie, maar dit sou ook besonder interessant wees om te bepaal of Müller se verskillende skrywerstemme ook stilisties van mekaar verskil.

Al hierdie lesings is heel boeiend en nuut, maar dit is tog asof al hierdie kyke nie heeltemal reg laat geskied aan Müller se werk nie; asof iets die greep bly ontglip. Dit is seker soos dit hoort by goeie literêre werke. Of miskien is al hierdie eietydse maniere van kyk nie heeltemal geskik vir Müller se werk nie. Die lesings is almal byderwets en goed ingelig, maar voel hier en daar ’n bietjie gemaak, asof die werk ’n bietjie gerek word om in die raam in te pas, asof die afleidings wat gemaak word, nie heeltemal op pote staan nie. Hulle bestaan meestal uit

teoretiese uiteensettings en insigryke toepassings van die teorie, maar ’n soort terugskryf na die teorie vanuit die teks bly agterweë. Hulle bied egter genoeg suggesties en gapings vir baie nuwe navorsing.

In die sewe essays val die lig veral op Petra as mens – eiewillig, uniek, selfs wild, ryk aan menslikheid, in simpatie met die mense en die wêreld om haar, ryk belese. Die essays van Joan Hambidge en Melanie Grobler getuig veral van innige vriendskap en ’n sterk inspirerende invloed op ander skrywers. Müller se invloed was bv. heel beslissend op Gert Vlok Nel. Wat die essays ook beklemtoon, is hoe belangrik die blik, die manier van kyk, as metode en as tema by Müller is. Wat opval in die commendatio’s wat hier opgeneem is, is Müller se gulheid en vitaliteit en ook die “vormveelvuldigheid” van haar werk.

Die samesteller en skrywers moet gelukkigewens word met hierdie bundel. Dit is ’n mooi uitgawe wat baie goed versorg is (afgesien van ’n paar kleiner foute en verskrywings). Dit bring baie inligting oor Müller handig bymekaar. Dit bied perspektiewe wat haar werk na waarde skat en ook in ’n nuwe lig stel – en dus ook lewend sal hou. Dit daag die leser uit. Boonop is hierdie bundel (en die ander huldigingsbundels) ’n tasbare monument vir Jacques van der Elst, wat die inspirator en dryfkrag agter die reeks was. Die hele reeks is ook ’n huldiging van sy visie en sy harde werk aan hierdie groot en lofwaardige projek.

Hierdie projek in kanoniserings en kritiese bestekopneming is groots en belangrik, maar dit dreig om irrelevant te word as die primêre tekste, die werke van die skrywers self, nie meer maklik bekombaar is om saam met die kritiese analyses geles te word nie, soos Kerneels Breytenbach in sy LitNet-resensie betoog het.

Die huldigingsbundels vra dus vir ’n nog groter projek om die werk van skrywers in die kanon te versamel, te redigeer, weer uit te gee en veral ook digitaal te bewaar en vrylik beskikbaar te stel. Die Akademie en al die Afrikaanse kultuurorganisasies behoort saam te werk om nie net die Afrikaanse nie maar AL tien die Suid-Afrikaanse letterkundes te digitaliseer en beskikbaar te stel. Die Digitale Bibliotheek voor de Nederlandse Letteren (dbnl – kyk <https://www.dbnl.org/>) bied ’n model vir so ’n digitale biblioteek. Om so ’n digitale biblioteek van die Suid-Afrikaanse letterkunde tot stand te bring en in stand te hou: dit is die groot en belangrike taak en uitdaging vir die toekoms. As die uitgewers nie wil saamwerk nie, moet die samestellers maar direk by die skrywers of hulle erfgename aanklop.

HEIN VILJOEN

Noordwes-Universiteit

Mei 2023

Oproep om bydraes: *Afrikaans 100: 1925–2025*

Op **8 Mei 2025** vier Afrikaans, as een van die jongste tale in die wêreld, die eerste eeu van die erkenning en wetlike verordening daarvan as een van die amptelike tale van Suid-Afrika.

Dit is ongetwyfeld ’n gebeurtenis wat gevier behoort te word en dit is presies wat beoog word met ’n spesiale **temanommer** van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* in Maart 2025.

Enersyds is daar verskeie *mylpale* wat herdenk kan word in die aanloop tot en die ontwikkeling van Afrikaans (byvoorbeeld as volwaardige wetenskapstaal) sedert die amptelike erkenning daarvan as volwaardige taal in eie reg in Mei 1925. Andersyds is daar ook bepaalde *uitdagings*, of dalk eerder *bedreigings*, waarmee rekening gehou moet word op hierdie tydstip in die geskiedenis van Afrikaans. Dit kan uiteraard ook tot geleenthede vir groei vir Afrikaans lei.

So het byvoorbeeld die tersiêre landskap in die afgelope dekades onherroeplik verander en Afrikaans as wetenskapstaal is as gevolg daarvan ongetwyfeld onder druk. Besluite wat in die verlede oor taal geneem is, het duidelik ’n impak op die hedendaagse konteks. Dat die “*akademiese onderbou van Afrikaans*” (kyk dr Edwin Hertzog se stuk in die TGW, Septembernommer 2022) se momentum sedert 1994 gestuit is, is baie sigbaar vir diegene wat hulle daagliks met Afrikaans as akademiese taal en as vaktaal besig hou. So is daar minder publikasies in vaktydskrifte, selfs minder vaktydskrifte in Afrikaans, min verhandelinge en proefskrifte word nog in Afrikaans geskryf, Afrikaans word stelselmatig aan universiteite afgeskaal, Afrikaanse studente wat hulle kursusse in Afrikaans wil volg, word minder en die aanbod kleiner, Afrikaanssprekende dosente aan universiteite word minder, ens. – om slegs enkele voorbeelde te noem van die gevolge van hierdie druk.

Ten spyte hiervan is daar die afgelope jare ook verskeie inisiatiewe onderneem waardeur Afrikaans op verskillende terreine bevorder is. Die stigting van Akademia in 2011, ’n onafhanklike Afrikaanstalige tersiêre instelling, is onteenseglike getuie van ’n voortgesette betrokkenheid by die uitbouing van Afrikaans as wetenskapstaal. En Aros as instelling wat Afrikaanse onderwysers oplei, doen ook goeie werk. Aan sommige openbare universiteite in SA word Afrikaans wel nog ’n plek gegun.

Maar is dit genoeg om Afrikaans die toekoms in te dra? Wat sal gebeur as Afrikaans nie meer aan openbare universiteite as onderrigmedium gebruik word nie? Sal Akademia, Aros, selfs Sol-Tech, en ander private instellings, voldoende wees om aan die Afrikaanse gemeenskap se behoefte aan naskoolse opleiding te voldoen? Wat is die risiko as Afrikaanse naskoolse opleiding slegs by private instellings moontlik is? Wat is die werklike stand van sake rakende Afrikaans in die onderskeie gebruiksterreine? Gaan Afrikaans vorentoe of stagneer dit? Wat van Afrikaans as volhoubare taal van die wetenskap?

Hierdie – en talle ander moontlike vrae – kan in so ’n beoogde **temanommer** teregkom. Die groot vraag vir die tyd waarin ons nou leef, is hoe ons te werk moet gaan om Afrikaans binne ’n meertalige bedeling (waarvan mense die aard en implikasies nog nie regtig begryp nie) in Suid-Afrika se breë onderwysopset (van tersiêr, sekondêr, primêr tot preprimêr) nie net te behou nie, maar ook uit te brei. Dit is ons groot uitdaging en ook ons werklikheid.

Die tema bied ruimte vir heelwat insette oor ’n verskeidenheid toepaslike onderwerpe, soos:

- Afrikaans in die 20ste eeu vs. die 21ste eeu
- 'n Bestekopname van suksesse en mislukkings die afgelope 100 jaar
- 'n Bestekopname van suksesse en mislukkings sedert 1994
- Hoe Afrikaans se demografiese profiel lyk: wat daaruit afgelei kan word
- Wat gelei het tot die wegkalwing van die posisie wat Afrikaans geniet het in die 'tradisionele' taallandskap in Suid-Afrika
- Afrikaans as taal aan universiteite
- Afrikaans en die onderwys
- Die gebruik van Afrikaans in talle sektore, soos gesondheid, ekonomie, regte, godsdiens, e.a.
- Afrikaans as wetenskapstaal
- Afrikaans se funksies
- Afrikaans en taalregte
- Strategieë vir Afrikaans op die pad vorentoe
- Meertaligheid en Afrikaans
- Is moedertaalonderrig in Afrikaans volhoubaar?
- Afrikaans as vaktaal
- Afrikaans as akademiese taal
- Afrikaans en die tegnologie
- Die variëteite van Afrikaans

Uiteraard is daar nog talle ander onderwerpe as die paar wat hier bo genoem is.

Hiermee nooi die redaksie van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* u vriendelik uit om betrokke te raak by die temanommer ter viering van 8 Mei 1925.

Nader gerus die twee gasredakteurs of die redakteur van die TGW met 'n voorstel oor 'n onderwerp sodat hulle seker kan maak dit val in die breë tema. Die nodige skryfriglyne sal mettertyd aan medewerkers verskaf word.

Die plan is dat die temanommer as deel van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se herdenkingsprogram vir Afrikaans 100 (2025) in Maart 2025 sal verskyn.

Ten einde die produksieproses vir die temanommer te kan beplan, moet ons as gasredakteurs al teen 31 Augustus 2023 weet wie wil meewerk aan hierdie projek. Nader ons derhalwe spoedig met u tema. Die sperdatum vir die inhandig van die finale manuskrip is 30 Junie 2024.

Gasredakteurs:

PROF. WANNIE CARSTENS

Buitengewone professor in Afrikaanse taalkunde, NWU

E-pos: Wannie.carstens@nwu.ac.za

PROF. NERINA BOSMAN

Navorsingsgenoot, Departement Afrikaans, UP

E-pos: Nerina.bosman@up.ac.za

Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, die kunste en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, word nie vir publikasie oorweeg nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, word gratis aan die outeur verskaf. Indien 'n outeur meer eksemplare verlang, kan dit teen die heersende prys van die Akademieskantoor bestel word.

Die volgende **algemene voorskrifte** geld vir voorgelede manuskripte:

- Stuur 'n **elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word in skrifgrootte Arial 12-punt met 'n 25 mm-linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n **erkende taalversorger** geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans of Nederlands geskryf wees en beperk wees tot tussen **8 000 en 10 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort *curriculum vitae* in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en 'n foto(s) van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Die bydrae moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1 000** woorde in Engels. 'n Opsomming in 'n ander taal as Afrikaans moet 'n **vertaling van die titel** as opskrif hê.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels net ná die Engelse opsomming verskaf.
- **Illustrasies of grafika** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.

Opskrifte in die *Tydskrif* lyk soos volg:

1. Hoofopskrifte is in hoof- en kleinletters en vetdruk. Daar is 'n lynspasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 Opskrifte is in hoof- en kleinletters en kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 Subopskrifte is kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte kan soos bo genommener word indien 'n outeur dit verkies. Daar is geen punte ná opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

Figuur 3: *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: Die waardestruktuur.*

Indien 'n opskrif of onderskrif 'n **subtitel** bevat, volg die subtitel ná 'n dubbelpunt en begin dit met 'n hoofletter, met inagneming van die gewone Afrikaanse patroon, byvoorbeeld die konvensie rakende die lidwoord 'n.

Plaas asseblief tabelle en figure op die regte plek in die teks.

Aanhalings en verwysings

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale as Afrikaans is nie. Aanhalings wat langer as **drie reëls** is, word geïndenteer en nie tussen aanhalingstekens geplaas nie. Enige invoeging in 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Alle bibliografiese besonderhede word verstrek in die taal van die geraadpleegde bron, mits dit in die Romeinse alfabet is.

Voorbeelde:

- **Boek:** Olivier, DV. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.
- **Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.
- **Hoofstuk in 'n boek:** Verhoef, G. 2012. 'n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu. In Pretorius, F (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortyde tot nou*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 201-217.
- **Internetbron:**
Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

In Afrikaans:

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan, 1996:45) ...

OF: ... (Swan, 1996:45). [aan sinseinde]

Bladgeld

Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen om bladgeld. Die *Tydskrif* is nasionaal geakkrediteer en opgeneem in internasionale indekse. Navorsingsartikels gepubliseer in die *Tydskrif* kwalifiseer dus vir staatsubsidies.

Outeursreg

Outeur(s) behou outeursreg in 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

Guidelines for authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the subject fields of theology, languages, arts and culture, and social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions published elsewhere will not be considered for publication in the *Journal*. An author will receive two complimentary copies of the edition in which his/her contribution appeared. More copies may be ordered from the publications office at the current price.

Submitted manuscripts should meet the following requirements:

- Contributions are to be submitted electronically by email to publikasies@akademie.co.za. Manuscripts should be typed in double spacing in Arial 12 point, leaving a 25 mm left margin.
- Manuscripts have to be **edited and be ready for printing**. Authors have to submit proof in writing that their text has been language edited by a **recognised text editor/language practitioner**.
- Contributions should be submitted in Afrikaans or Dutch and be limited to **8 000-10 000** words.
- An abridged *curriculum vitae* in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG format) of each author should be submitted along with the contribution.
- Manuscripts should be accompanied by an abstract of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1 000** words. An abstract in a language other than Afrikaans should be headed by a **translation of the title**.
- The English abstract should be followed by a list of approximately **10-20 keywords** in English and Afrikaans.
- **Illustrations or graphics** should be provided with suitable captions placed below them, and their size should be appropriate for the format of the *Journal*.

Headings in the *Journal* are styled as follows:

1. **Main headings** are in upper and lower case, and bold. Leave a line space between the heading and the text.

1.1 *Headings* are in upper and lower case and italics. Leave a line space between the heading and the text.

1.1.1 *Subheadings* are in italics. Leave a line space between the heading and the text.

Headings may be numbered, if preferred. There are no full stops after headings.

Table headings are styled as follows:

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: *Systemic interdependence: The value structure*

If a **subtitle** occurs in any heading or caption, it is preceded by a colon and begins with an upper-case letter.

All tables and figures are to be inserted at the correct place in the text.

Quotations and references

- **Quotations** are not italicised – not even when in a foreign language. Quotations that exceed **three lines** are indented and are not placed in quotation marks. Anything inserted in a quotation is placed in square brackets. See examples in the printed *Journal*.
- **Abbreviations** should be avoided as far as possible.
- **Bibliographic references** follow the abbreviated Harvard method, with some variation allowed for specific subjects.

All bibliographic details are given in the language of the source used, provided the source is in the Roman alphabet.

Examples:

- **Book:** Quirk, R. & Greenbaum, S. 1973. *A university grammar of English*. Essex, UK: Longman.
- **Article in a journal or magazine:** Paterson, A-M. 2013. Inspired by fellowship: How Poet's Corner in Westminster Abbey brought Burns lovers together. *The Scots Magazine*, 178(1):36-38.
- **Chapter in a book:** De Gruchy, JW. 1984. Jung and religion: A theological perspective. In Papadopoulos, RK & Saayman, GS. (eds). *Jung in modern perspective*. London: Ad Donker, pp. 193-203.
- **Internet source:** Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

In Afrikaans:

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Citations in the text:

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan, 1996:45) ...

OR: ... (Swan, 1996:45). [at the end of a sentence]

Page fees:

A fee of R300 per printed page (+VAT) is charged to help cover printing costs. It is the responsibility of the author to apply for payment of these fees by his/her university/research institution. The *Journal* has been accredited nationally and is included in international indices. Research articles/papers published in the *Journal* therefore qualify for government subsidies.

Copyright:

Copyright of articles published in the *Journal* vests in the author(s).



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sferes te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.

This title is
now indexed
in Scopus

refine your research
SCOPUS

*Sedert Maart 2009 geïndekseer in
die Social Sciences Citation Index*

VOORBLADFOTO:
Engelenburghuis: Gister en vandag